


DRAMA EN TONEEL
IN SUID-AFRIKA



(Foto A. ELLIOTT, Kaapstad).

Die Afrikaanse Skouburg, Kaapstad.
(1800—1839).


29150

DRAMA EN TONEEL IN SUID-AFRIKA

DEUR

Dr. F. C. L. BOSMAN

DEEL I: 1652—1855



MIJ. DER NED.
LETTERKUNDE
TE LEIDEN

VOORWOORD.

Twee dinge het ons jong Afrikaanse kultuur broodnodig: 'n grondige, diepgaande beskawingsgeskiedenis van ons Dietse verlede, 'n deeglike, volledige geskiedenis van Dietse letterkunde in Suid-Afrika. Om die paaie wat naar die toekoms voer te sien, moet 'n mens die paaie ken wat uit die verlede kom. Die verlede is die anker van die hede, maar die kompas van die toekoms. Te weinig ken ons ons kulturele verlede in Suid-Afrika. Vandaar die onvastheid (neiging tot verengelsing), die heers van wanbegrippe (Langenhoven se „Dietse Sappery”), ten opsigte van die bestaande Afrikaanse kultuur. Vandaar ook, oor die algemeen, die onsekerheid en onverskilligheid wat betref die toekoms van die Afrikaanse kultuur (noodsaaklikheid van noue aansluiting by die Nederlandse kultuur); die so weinig positiewe vraagstelling by ons Afrikaners: wat verstaan ons onder 'n volwaardige Afrikaanse kultuur, langs watter lyne moet ons ontwikkel om dit te bereik?

Ons Afrikaanse kultuur verkeer nog in sy eerste kinderjare. Ons vernaamste kulturele besit is ons taal, ons Calvinistiese godsdiens, 'n bietjie letterkunde, en, as erfstuk uit die verlede, ons ou-Hollandse boustyl. Verder besit ons 'n enkele verdienstelike beeldhouer; 'n paar verdienstelike skilders; 'n bietjie Afrikaanse liederes (meestal deur Nederlanders of Vlaminge op musiek geset); 'n ontluikende Afrikaanse toneel; en miskien 'n ontluikende Afrikaanse wetenskap op Stellenbosch.

Seker dis 'n bemoedigende begin. Maar hoe ver staan ons nog nie af van die internasionale peil nie? Waar is ons moderne Afrikaanse boustyl wat kan vergelyk met die ou-Hollandse? Waar is ons Rembrandt, ons Shakespeare, ons Beethoven, ons Michel Angelo?

'n Jong volk leef vorentoe, word gesê. Ons moet vorentoe lewe: vurig, bewus, onkeerbaar. Ons moet wakker word uit die halwe slaap waarmee ons bevange is, ons moet skouers aan die wiel sit in eensgesinde sterk-bewuste krag om ons Afrikaanse ideaal te bevorder. Ons is kinders, in die eerste plek, van die Holland van die 17de eeu. Ons wil, soos ons broers in die Holland van die hede, ook 'n volk word, gesien in die raadsale van die wêreld. Gesien, nie om sy krag naar getal nie, maar om sy krag naar die gees, sy prestasies op gebied van wetenskap, kuns, ens.

Hoe moet ons kom tot hierdie toestand? Hiervoor is nodig in die eerste plek self-kennis. Ons moet weet wat ons is; ons moet weet hoe ons dit geword het. Ons moet m. a. w. grondig op hoogte wees van ons beskawingsgeskiedenis.

In die tweede plek is nodig bewustheid van en vertrouwe in eie krag. Onwrikbaar moet ons glo in ons Afrikaans-Dietse toekoms; onwrikbaar en onverflou moet ons ons ideaal nastreef.

Ten derde moet ons aanvulling hê uit, vrugbare aansluiting vind by, 'n vergelykingsbasis vind in 'n ander kultuur (of kulture). Hierdie kultuur (of kulture) moet internasionaal van peil wees, en by voorkeur, so naverwant moontlik aan ons Afrikaans-Dietse. Dit is nodig deels om verengelsing te voorkom, deels om ons eie karakter suiwer te bewaar; deels om verstumpering te verhoed.

Dit lê voor die hand dat die Nederlandse (ook Vlaamse) kultuur die aangewese is hiervoor. Ook met die res van die wêreld mag en moet ons vrugbare aanraking soek. Maar Nederland moet die eerste plek beklee: om ons taal aan te vul, vrugbaar op ons in te werk op ander gebiede van kuns en wetenskap.

In hierdie lig moet die skryf van hierdie proefskrif gesien word. Dis geskryf as 'n eerste bydrae tot die Hollands-Afrikaanse beskawingsgeskiedenis van Suid-Afrika. Afgesien van die voorafgaande tyd, hoop ek in hierdie werk reeds aan te getoon het, hoedat die Hollandse kultuur van oorwegende invloed gewees is op die beskawingsgeskiedenis van Suid-Afrika ook gedurende die 19de eeu; hoe, in besonder, die Hollandse toneel een van die belangrikste faktore vir die behoud van Dietse kultuur aan die Kaap gewees is. Uit die Nederlandse kultuur is die Afrikaanse voortgekom. Veel het die Nederlandse vir ons in die verlede beteken. Nog veel kan dit, naar my oortuiging, vir ons in die toekoms doen.

Intussen om dit te begryp, om ons tot kennis van ons verlede en ons hede te bring, hoop ek, sal hierdie boek sy deel bydra. Ek herhaal, dis 'n begin en nie die einde nie. Self hoop ek om op die ingeslae weg voort te gaan. Ek hoop dat ander nie sal agterbly nie.

F. C. L. BOSMAN.

Amsterdam, Maart 1928.

I N H O U D.

	Bls.
INLEIDING	I
HOOFSTUK I. 1652—1795. VOORTEKENS	II
HOOFSTUK II. 1795—1855. KULTUURTOESTANDE	33
§ 1. 1795—± 1925. Algemene Samehang.	33
§ 2. Nederlandse en Afrikaanse Renaissance	34
§ 3. Besondere Kenmerke.	36
HOOFSTUK III. 1795—1855. TONEEL: BLOEI EN KWYN	56
§ 1. Algemene Kenmerke	56
§ 2. Indeling	58
HOOFSTUK IV. 1800—1808. ENGELSE EN HOLLANDSE TONEEL	
AAN DIE KAAP	60
§ 1. Algemeen.	60
§ 2. Engelse Toneel	60
§ 3. Hollandse (w. o. Duitse en Franse) Toneel	78
a. Duitse Toneel	78
b. Hollandse Toneel	81
c. Franse Toneel	83
(Lewe C. M. VILLET).	86
§ 4. Die Opvoering	94
a. Skouburge	94
b. Dekors en Kostuums.	95
c. Bestuur.	95
d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse	96
e. Tyd	101
f. Sensuur	102
g. Publiek.	104
h. Kritiek	107
i. Spelers en Stukke	107
Tabelle A en B.	113
HOOFSTUK V. 1809—1839. HOLLANDSE EN ENGELSE TONEEL	
AAN DIE KAAP.	118
Samehang; Indeling	118
A. 1809—1821	119
§ 1. Algemeen.	119

	Bls.
§ 2. Hollandse (w. o. Franse) Toneel	119
a. Franse Toneel.	119
(Lewe C. E. BONIFACE)	119
b. Hollandse Toneel	129
1. Jeugtoneel	129
2. Tot Nut en Vermaak	130
3. Men Doet Wat Men Kan	133
4. Honi Soit Qui Mal y Pense	137
§ 3. Engelse Toneel (Garnisoen)	141
§ 4. Die Opvoering	157
a. Skouburge	157
b. Dekors en Kostuums	158
c. Bestuur.	159
d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse	160
e. Tyd	164
f. Sensuur.	165
g. Publiek	166
h. Kritiek	169
i. Spelers en Stukke	169
Tabelle C en D	173
HOOFSTUK VI. 1809—1839. ENGELSE EN HOLLANDSE TONEEL	
AAN DIE KAAP (Vervolg)	178
B. 1822—1839	178
§ 1. Algemeen.	178
§ 2. Engelse Toneel	179
a. Garnisoenstoneel	179
b. Geselskappe uit die Burgery.	196
1. English Theatricals (Engelsche Komedie)	196
2. Cape Town Amateur Company	202
3. English Theatricals	203
4. All the World's a Stage.	208
5. Sporadiese Geselskappe	229
c. Beroepstoneel	230
§ 3. Hollandse Toneel	233
a. Tot Nut en Vermaak.	233
b. Tot Oefening en Vermaak	249
c. Door Yver Vruchtbaar	251
d. Stellenbossche Liefhebbery Toneel	253
e. Kindergeselskappe	256
1. Tot Oefening en Smaak.	256
(Lewe J. SUASSO DE LIMA)	257
2. Kunst en Smaak	270

	Bls.
f. Honi Soit Qui Mal Y Pense	274
g. De Temperantisten	299
h. Door Yver bloeit de Kunst	320
i. Vlyt en Kunst.	321
(<i>Clasius</i>)	323
§ 4. Bestryding van Toneel	343
§ 5. Die Opvoering	358
a. Skouburge	358
b. Dekors en Kostuums	362
c. Bestuur	363
d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse	364
e. Tyd	365
f. Publiek	365
g. Kritiek	369
h. Spelers en Stukke	370
Tabelle E—J	376
HOOFSTUK VII. TONEEL WEG VAN DIE KAAP	388
§ 1. Grahamstad	388
§ 2. St. Helena	390
HOOFSTUK VIII. 1840—1855. ENGELSE EN HOLLANDSE TONEEL	
AAN DIE KAAP	392
§ 1. Algemene Kenmerke	392
§ 2. Engelse Toneel	393
a. Garnisoenstoneel	393
b. Geselskappe uit die Burgery.	413
1. All the World's A Stage	413
2. Private Amateur Company.	416
3. Parker se Geselskap	417
4. Lycett se Geselskap.	423
5. City Amateur Theatrical Society	426
6. Parry se Geselskap	428
c. Beroepstoneel	434
§ 3. Hollandse Toneel	441
a. Tot Nut en Vermaak.	442
b. Door Yver Vruchtbaar	443
c. Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar	445
d. Hoop en Trouw (later Tot Oefening en Vermaak)	453
e. Door Yver bloeit de Kunst	455
§ 4. Bestryding van Toneel	464
§ 5. Die Opvoering	474
a. Skouburge	474
b. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse	487

	Bls.
c. Dekors en Kostuums	487
d. Tyd	488
e. Publiek	489
f. Kritiek	491
g. Spelers en Stukke	492
Tabelle K—M	499
HOOFSTUK IX. TONEEL WEG VAN DIE KAAP	506
§ 1. Grahamstad	506
§ 2. Port Elizabeth	508
§ 3. Kingwilliamstown	509
§ 4. Pietermaritzburg	509

BYLAES.

BYLAE I. Wedrenne	513
„ II. Sossieteite	515
„ III. Bals	517
„ IV. Musiekkonserte.	520
„ V. Koerante, Tydskrifte en Almanakke	523
„ VI. Verengelsing van die Kaap.	525
„ VII. Zamenspraak tusschen Limaçon, een Dichter, en een Prozaisch Gaskonjer.	527
„ VIII. De Twee Slakken. Alleenspraak	533
„ IX. Afrikaanse Samespraak van Teenstra (1825).	539
„ X. Kaatje Kekkelbek.	541

LYSTE EN REGISTERS.

Lys van Geraadpleegde Werke.	544
Skrywers en Vertalers, met Stukke tot 1855 in Suid-Afrika gespeel.	550
Personeregister	559
Sakeregister	569

AFBEELDINGE.

Die Afrikaanse Skouburg, Kaapstad.	Teenoor: Tietelblad	
Karikatuur J. SUASSO DE LIMA.	„	Bls. 256
Portret J. SUASSO DE LIMA in Vrymesselaarsdrag	„	257
Tietelblad van <i>De Temperantisten</i>	„	299
Spottekening J. SUASSO DE LIMA in <i>Clasius</i>	„	323

AFKORTINGE.

All the World = All the World's a Stage.

Alm. = Almanak.

Argus = The Cape Argus.

Bed. = Bedryf.

Bs. = Blyspel.

Burg. = Burgerlike (Eng. "Domestic").

Burger = Die Burger.

C. Adv. = South African Commercial Advertiser.

C. I. M. = Cape Illustrated Magazine.

C. Merc. Adv. = Cape Mercantile Advertiser.

C. T. = Cape Town.

C. Times = Cape Times.

C. T. Mail = Cape Town Mail.

Chron. = South African Chronicle.

Chr. Mag. = The Cape of Good Hope Christian Magazine.

Co. = Company.

Col. = The Colonist.

Com. Adv. = Sien *C. Adv.*

Dr. = Drama.

D. Y. b. d. K. = Door Yver bloeit de Kunst.

D. Y. V. = Door Yver Vruchtbaar.

Exc. Gaz. = Cape of Good Hope Exchange Gazette.

G. G. = Government Gazette.

Ges. = Geselskap.

Gowr. = Goewerneur.

Gov. Gaz. = Sien: *G. G.*

Hist. = Histories.

H. en T. = Hoop en Trouw.

Honi = Honi Soit Qui Mal y Pense.

Interl. = Interlude.

K. C. = Kaapsche Courant en Afrikaansche Berigter.

K. en S. = Kunst en Smaak.

Katal. = Katalogus.

Kl. = Klugtig.

Kom. = Komedie (Eng. Comedy).

Kps. = Kaapstad.

Ks. = Klugspel.

Lit. Gaz. = Cape of Good Hope Literary Gazette.

Med. = De Meditator.

Melo-dr. = Melodrama.

Men doet = Men doet wat men kan.

Mod. = The Moderator.

Mus. = Musikale.

Ned. Z. A. Ts. = Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift.

O. L. = Ons Land.

O. T. = Ons Tydschrift.

Openb. Bibl. = Openbare Biblioteek.

Pant. = Pantomiem.

Rom. = Romanties.

S. A. Chr. = Sien: *Chron.*

S. A. Chr. Mag. = South African Christian Magazine.

S. A. Chr. Recorder = South African Christian Recorder.

S(am) S(ly) = Sam Sly's African Journal.

Sam Sly = Die persoon W. L. S a m o n s.

See-dr. = See-drama (Nautical drama).

T. N. en V. = Tot Nut en Vermaak.

Tot Oef. en Sm. = Tot Oefening en Smaak.

Tot Oef. en Verm. = Tot Oefening en Vermaak.

Trs. = Treurspel.

Ts. = Toneelstuk.

Tsp. = Toneelspel.

Uniw. = Uniwersiteit.


V. en K. = Vlyt en Kunst.

Vbd. = Het Volksblad.

Verz. = De Verzamelaar.

Z. A. = De Zuid-Afrikaan.

Z. A. Ts. = Het Zuid-Afrikaansch Tydschrift.



VERBETERINGE.

(N.B. Alleen sinstorende foute is verbeter.)

Bls.	reël	staan	lees
4	vtn. 4	opinisiatief	— op inisiatief
6	6 v. b.	Nederlandsche	— Nederlandsch
35	25 v. b.	bestaan	— gestaan.
43	7 v. o.	Society	— Society
45	22 v. b.	1885	— 1835
54	2 v. b.	Africaansch	— Afrikaansch
59	2 v. b.	egter	— egter,
	3 v. b.	non-Engelse	— non-Engelse,
72	10 v. b.	Chiet	— Chief
	20 v. b.	te	— to
73	6 v. b.	Brillant	— Brilliant
	7 v. b.	ot	— of
	15 v. b.	kant op	— kant om op
76	16 v. b.	<i>Snrprise</i>	— <i>Surprise</i>
	17 v. b.	<i>Engeland</i>	— <i>England</i>
	12 v. o.	<i>Medeminnars</i>	— <i>Medeminnaars</i>
80	vnt. 1	<i>Volkens.</i>	— <i>Volk ens.</i>
86	23 v. b.	sels	— selfs
91	1 v. b.	<i>Blephégor</i>	— <i>Belphégor</i>
95	8 v. o.	6 (5)	— 6 (of 5)
104	20 v. b.	hulle self	— hulleself
106	11 v. b.	gewees	— gewees het
	21 v. b.	kennise	— kennisse
111	4 v. o.	Veleer	— Veeleer
116	17 v. b.	n	— 'n
120	5 v. o.	eu	— en
123	13 v. o.	thc	— the
	12 v. o.	he	— be
124	2 v. b.	1849	— 1809
		id. voeg in (onder <i>Robert</i>): <i>Eopipore, ou La Resurrection</i> (BARAGO), 1809.	
	3 v. b.	1819	— 1815.
		id. voeg in (onder <i>Dago</i>): <i>Jocrisse Corrigé</i> (SEURIN), 1815.	
	17 v. b.	1825	— 1815.
142	2 v. b.	nie.	— nie?
	18 v. o.	onbekendes	— onbekende
150	14 v. o.	39	— 30
152	19 v. b.	voorgesit	— voortgesit
	7 en 3 v. o.	te	— to
153	1 v. o.	te	— to
156	7 v. b.	Komedie	— komedie
163	6 v. b.	bestaan uit	— bestaan het
171	2 v. o.	MARIVAX	— MARIVAUX
175	BES. AANM.	Difandt	— Disandt
182	14 v. b.	<i>Frishman</i>	— <i>Irishman</i>
190	15 v. b.	gevoelein nnerlike	— gevoel en innerlike
210	13 v. o.	soms	— some
213	12 v. b.	play	— play."
	20/21 v. b.	strik-king	— strik-ing
217	vnt. 2	heers in	— heers
221	8 v. o.	vasstsel	— vasstel
224	12 v. b.	muscal	— musical
238	10 v. o.	de <i>De</i>	— <i>De</i>
246	vnt. 9	G.	— J. G.
248	9 v. o.	skwyer	— skrywer
Afb.	t/o bls. 256	Karkatuurvoorstelling	— Karikatuurvoorstelling
260	1 v. b.	Neaerauitsch	— Nederduitsch
270	12 v. o.	steun	— seun
	1 v. o.	gevolg	— gevolgd

Bls.	reël	staan	lees
273	13 v. o.	GRIMALDI... TOM KING	— Grimaldi... Tom King
274	1 v. b.	T. N.	— T. N. en V.
279	25 v. b.	ae	— de
284	2 v. b.	taalfoutjies werklik,	— taalfoutjies, werklik
293	9 v. o.	is.	— is."
300	19 v. b.	Zuid-Afrikaanse	— Zuid-Afrikaansche
309	8 v. o.	eitlik	— eintlik
319	14 v. b.	tenoor	— teenoor
324	12 v. b.	stoele	— stoelen
326	8 v. o.	absoluut	— absoluut
330	2 v. o.	hnnne	— hunne
335	9 v. o.	aan	— van
340	12 v. o.	Jacobine	— Jakobine
345	10 v. o.	om	— hom
346	10 volg. v. o.	„serieus"	— „Serieus"
348	16 v. b.	slawehandel	— slawehande
350	21 v. b.	ladys	— lady's
353	16 v. b.	simpel	— simple
356	23 v. b.	strykgela	— strykgeld
357	vnt. 3, r. 2	1848	— 1847
358	vnt. 1	I	— J.
361	19 v. o.	Thay	— They
363	13 v. b.	tensotte	— tenslotte
366	2 v. b.	hier die	— hierdie
373	11 v. b.	J. STEGMANN ens.	— en J. STEGMANN.
396	10 v. o.	disquised	— disguised
400	1 v. o.	temporay	— temporary
414	18 v. b.	night	— might
415	3 v. b.	gentlemen	— gentleman
431	3 v. b.	to	— too
432	19 v. o.	abibity	— ability
437	vnt. 2, r. 2	Signora	— Signor
438	13 v. o.	te	— to
453	10 v. o.	H. en T.	— „H. en T.
455	10 v. b.	vertral	— vertaal.
466	5 v. o.	Roelandstreet;	— Roelandstreet,
488	4 v. b.	ets	— iets
492	11 v. b.	insiatief	— inisiatief
493	11 v. b.	M. DONALD	— M' DONALD
497	8 v. o.	Adelheia	— Adelheid
516	1 v. o.	he	— the
521	7 v. o.	1835	— 1855
544	14 v. o.	Vayage	— Voyage
545	23 v. o.	1887	— 1787
547	12 v. b.	Fraçois	— François
549	27 v. o.	1864	— 1674
553	2e kol. 2 v. o.	The Stoops	— She Stoops
554		Korner	— Körner
555	2e kol. 22 v. b.	,	— is
	1e „ 33 v. b.	Veldkonyn	— Veldkomyn
558	2e „ 25 v. b.	Maria:	— Maria von:
559		Barrago	— Barago
560		Cloote	— Cloete
561		Na Dreyer volg Dring, 391. Lees Difandt onder Disandt. Fallée moet een keer verval.	
563		King. T., 373 moet verval.	
565	3 v. o.	Penley moet verval. Voeg in na Pinckney: „Pit", 394.	
571	1e kol. 4 v. b.	ever your	— ever send your
578		Verengelsing a/d.	— Verengelsing v/d.

Inleiding.

Ek hoop om in die volgende bladsye 'n brok Hollands-Afrikaanse kultuurgeskiedenis te gee, wat byna heeltemal onbekend is, in Suid-Afrika miskien nie minder as in Nederland nie.

Die wortels van ons huidige Afrikaanse kultuur reik veel dieper in, en sit veel vaster aan ons Hollandse verlede as wat in die algemeen bekend is. Hierdie Hollandse verlede reik, globaal gesproke, tot die end van die 19^{de} eeu. Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875—± 1900) bly, in sy werking, gelokaliseer en beperk; sy grootste waarde kry hy eintlik as voorloper van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Ewens is die oorblyfsels van Hollandse kultuur na 1900 betreklik onbelangrik en word spoedig oorvleuel deur die snel opkomende Afrikaanse kultuur.

In hoeverre hierdie Afrikaanse kultuur, veral op gebied van toneel, gegroei is uit sy Hollandse verlede, hoop ek in 'n voortsetting van hierdie werk aan te toon. In hierdie inleiding en elders in hierdie werk, kan ek alleen terloops op 'n paar kante van die saak wys.

Hoe staan dit egter met die periode van Hollandse kultuur? Praat ons in die algemeen van Dietse kultuur in Suid-Afrika, en gaan ons na hoe hierdie kultuur homself gehandhaaf het, ten spyte van 'n „Eeu van Onreg” en van meer as honderdjarige stelselmatige poginge tot verengelsing, dan wêk so'n studie hoe langer hoe meer ons bewondering.

In besonder staan die handhawing van Hollandse kultuur in Kaapland op die voorgrond; en, weer op sy beurt, die rol wat die Hollandse toneel in hierdie handhawing gespeel het. In hierdie werk hoop ek om die vernaamste deel van hierdie Hollandse toneelgeskiedenis te behandel. Dit sal egter steeds my strewe wees, om, naas 'n so trou moontlike mededeling van feite, die samehang van die toneel met die groter kultuurlewe duidelik uit te bring, en om, in besonder die belangrikheid van die Hollandse toneel vir die Hollandse kultuur — 'n tot dusver vrywel ongerekende faktor — aan te toon. In hierdie werk kom ek nie verder as 1855 nie. Ek hoop om die oorblywende gedeelte in 'n volgende deel te voltooi.

Vanself verval die periode van Dietse kultuur in Suid-Afrika in twee gedeeltes: die tydperk van regstreekse verband

met Holland, 1652—1795 (die Bataafse tussenregering van 1803—1806 het in hierdie opsig minder te beteken); die tydperk van onregstreekse verband, sedert die Engelse inbesitname van die Kaap in 1795.

Dat hierdie kultuur tot 1795, solank die Hollandse verband bestaan, by uitstek Hollands bly, spreek vanself. Dat hy na 1795, as die verband gebreek is, nog solank, en in die mate wat hy dit doen, voortbestaan, kan, gesien die teenwerking van Engelse kant, alleen verwondering wek. Die vraag is nou: in hoeverre is die handhawing van hierdie kultuur 'n handhawing uit eie krag, 'n selfstandige voortbouing op die basis van die bestaande, die gevestigde? In hoeverre is dit 'n handhawing deur gestadige versterking uit die moederkultuur in Holland? Ongetwyfeld was hierdie versterking van veel groter omvang as gewoonlik aangeneem word. Die bande wat Suid-Afrika aan Nederland bly bind het was sterker en menigvuldiger as vermoed word. Dit is nodig om 'n so helder moontlike idee van hierdie bande te kry, voor ons die gang van Dietse kultuur, of 'n deel daarvan, in Suid-Afrika probeer bepaal. Dit wil ek kortliks probeer doen. Ek wil egter nie voorgee om volledig te wees nie, veral nie vir die tweede helfte van die 19^{de} eeu nie.

Die verbreking van die verband tussen Nederland en Suid-Afrika in 1795, was eintlik alleen 'n staatkundige verbreking, d.w.s. vir sover Suid-Afrika betref. Nederland het nagenoeg alle belangstelling in Suid-Afrika tot die Eerste Vryheidsoorlog van 1880—1881 verloor; nie daarenteen Suid-Afrika in Nederland nie. Dis nog geen geslag gelede nie, wat "Hollands" die algemene aanduiding van die Afrikaner vir homself, sy taal en kultuur was. Nederland was die bron waaruit die Afrikaner vir sy Dietse wese bly put het, en tot vandag toe bly doen, al het die doel homself gewysig van 'n strewe naar vernederlandsing tot 'n strewe naar verdietsing, in die sin van verafrikaansing.

Onteënseggelik was die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika een van die vernaamste faktore, indien nie die allervernaamste nie, in die behoud van Dietse kultuur in Suid-Afrika.

Tot 1859, toe die Teologiese Kweekskool in Stellenbosch gestig is, het die vorming van *alle* Hollandse predikante in Holland plaasgevind. Predikante van Nederlandse of Afrikaanse afkoms moes natuurlik hulle volle opleiding daar ontvang; predikante van ander afkoms — ek dink aan die Skotse — tenminste 'n gedeelte van hul opleiding daar, al was dit net om die Hollandse taal magtig te word. Die Kweekskool self in 1859 was volkome op Hollandse akademiese

lees geskoei. Maar ook na die stigting daarvan het nog menige predikant Holland vir studie besoek, Utrecht by voorkeur. Uit vroeëre en latere tyd noem ek 'n paar bekende name soos ds. A. FAURE, ds. VAN DER LINGEN, professor HOFMEYR.

By die kerk moet ek in besonder wys op die rol van die Bybel: die Nederlandse Statevertaling. Die Boer — dis 'n bekende gesegde — het die wildernis ingetrek met 'n Bybel in die een hand en 'n roer in die ander. Die invloed van die Bybel word dan gewoonlik bepaal tot sy rol in verband met die behoud van die Calvinistiese godsdiens; die behoud van die Afrikaanse sedelikebesef en die verband daarvan weer met die behoud van die Afrikaanse volk as 'n blanke volk; die behoud van die Hollandse taal. Maar op nog 'n besondere kultuurinvloed moet ek wys. Die merkwaardige feit dat die Afrikaanse volk nooit analfabeties geword het nie, is ook voor alles aan die Bybel te danke. Om as lid van die Kerk aangeneem te word — 'n maatskaplike noodsaaklikheid vir huwelik ens. —, moes die Afrikaner o. a. sy Bybel kon lees. Op die manier, by gebrek aan ander geleenthede, het die Boere so menige verlope of ontslae Hollandse matroos of soldaat tot die baantjie van onderwyser verhef. Dit moet egter gesê word dat lang nie alle Hollandse onderwysers uit hierdie klas bestaan het nie. Daar was baie goeie tiepes onder hul, Nederlandse onderwysers van huis uit. Die verdienstes van hierdie vroeëre skoolmeesters van die Afrikaanse volk word m.i. veels te veel geringskat. Ook in die mense wat vir homself miskien waardeloos was het Nederland die Dietse bevolking van Suid-Afrika groot dienste bewys.

Nie alleen op teologiese gebied nie, ook op ander gebiede van geleerdheid en beskawing, bly die bande met Nederland bewaar. Leiden, vir juriste en medisie bly, vir eersgenoemde veral, tot ver in die 19de eeu die plek waar Hollandse Afrikaners hulle hoëre opleiding ontvang. Sodaniges was hoofregter sir JOHN TRUTER, advokate soos die CLOETES, BRANDS, DE WETS, e.a., klinkende name aan die Kaap, juriste, wat die Hollands-Romeinse reg met ere bly handhaaf het; sodaniges, mediesie aan die Kaap, soos dre. BERRANGÉ, FLECK, SMUTS e.a. Trouens die Afrikaanse studente in Leiden het selfs deelgeneem aan die Tiendaagse Veldtog in 1830¹⁾. Vir die tydperk 1841-'43 vind ons 'n berig²⁾ dat „niemand meer dan de Kapenaars er (Leiden) den toon aangaf”, en KLIKSPAAN kan hierdie „ferm ras” nie genoeg lof toeswaai nie³⁾. So bly die aanraking, soms meer, soms minder ge-

¹⁾ Z. A. 11 Maart 31.

²⁾ Z. A. 7s. 1878, bls. 6.

³⁾ *Studentenleven*, Dl. II, 3e dr. 1841-'44.

durende die 19de eeu¹⁾. So neem die getalle Afrikaanse studente wat in Nederland, na die Tweede Vryheidsoorlog, studeer enorm toe; so vind daar tot vandag toe 'n gestadige deursyfering van Afrikaanse studente deur Nederlandse Universiteite plaas.

Eweneens op gebied van opvoeding aan die Kaap self, het Suid-Afrika veel aan Nederland te danke. Daar was om mee te begin, die kostelike erfenis uit DE MIST se tyd, die „Tot Nut van 't Algemeen” skool²⁾, wat van 1805 tot 1870 nie alleen die skool met die beste naam vir voorbereidende onderwys aan die Kaap was nie, maar dit in Hollands was. Hierdie skool was gedurende die grootste deel van die 19de eeu een van die magtigste middels aan die Kaap om die Hollandse jeug Hollands te hou teen die Engelse rigting van die offisiële regeringsonderwys. Eintlik as aansluiting by hierdie inrigting, om hoër onderwys te verskaf, was die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum”, wat in 1829 gestig is op Amsterdamse model. Die Kerk, onder die voorgang van ds. A. FAURE, het die leiding geneem in hierdie saak. Later het die „Zuid Afrikaansche Athenaeum” tot „South African College” verengels. Vandag is dit die Universiteit van Kaapstad.

Dit was om as Professor aan die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum” te dien, wat dr. A. N. E. CHANGUION³⁾ in 1831 uit Holland naar die Kaap gekom het. Dr. CHANGUION word 'n man van die allergrootste belang vir Hollandse onderwys en kultuur in die eerste helfte van die 19de eeu. Hy stig later — ontevrede met die Engelse rigting wat die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum” opgaan — 'n eie „Instituut”, met kosskool daaraan verbonde, vir voorbereidende en meer gevorderde onderwys, 'n inrigting wat in sy tyd beroemd was vir sy goeie Hollandse (naas Engelse) onderwys. Ook as medewerker en later redakteur van die ou *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* (1824—'43)⁴⁾, die besonder invloedryke Hollandse tydskrif van die tyd, het CHANGUION kulturele arbeid van die grootste waarde verrig. Omstreeks 1850 het hy belangrike Hollandse kunsaaende georganiseer om voordragkuns en welsprekendheid te bevorder⁵⁾.

Op kultuurgebied wil ek verder wys, gedurende die eerste helfte van die 19de eeu, op die belangrike figure van J. SUASSO DE LIMA, L. L. D., vertaler, joernalis, literator, en

1) *Z. A.* 30 Aug. '58; Vgl. *bls.* 3, vtn. 3.

2) V. d. Merwe, *Die Kaap ens.* bls. 189; Malherbe: *Educ. ens.*, bls. 53.

3) Vgl. *O. T.* 1898, bls. 193.

4) *O. T.* 1898. bls. 7. e.v. In 1824 opinisiatief van Ds. A. Faure opgerig, wat om hierdie rede soms genoem word die „Vader der Zuid-Afrikaansche Literatuur”.

5) Vgl. *C. Adv.* 12 Aug. '46, 9 Okt. '50 e.v.

dramaturg (1818—1858 aan die Kaap), en C. E. BONIFACE van dieselfde veelsydigheid as DE LIMA, maar veral beroem as dramaturg (1809—1854 in Suid-Afrika). Van Franse afkoms, vernederlands BONIFACE later heeltemal en word o.a. medeoprigter en eerste redakteur van die *Zuid-Afrikaan*, en skrywer van die oudste bestaande drama in Suid-Afrika. Hoewel dus nie Nederlander van oorsprong nie, verdien BONIFACE, deur sy werk, as 'n handhawer van Nederlandse kultuur aan die Kaap beskou te word.

Ook op ander gebiede sien ons die Hollandse verband bewaar.

In 1839 word S. K. H. Prins FREDERIK WILLEM HENDRIK VAN ORANJE op sy terugreis per S. N. M. S. *Bellona* naar Holland van die Ooste, baie geesdriftig aan die Kaap verwelkom¹⁾.

In 1855 het 'n groot watersnood in Holland geheers. Deur die lengte en breedte van Kaapland word 'n insameling van geld gehou vir die noodlydendes deur konsul-generaal TRUTER. Die kerk staan hom trou by en nie minder as £ 1103.0.10^{1/2} word opgebring nie²⁾, 'n groot som in die dae. Origenes was TRUTER jarelank agent vir die „Nederlandsche Handelmaatschappy” aan die Kaap.

Tussen 1845 en 1861 bestaan 'n skema vir jeugemigrasie, veral op Afrikaanse inisiatief, waardeur meer as 664 persone uit Nederland naar Suid-Afrika gekom het en onder die landelike bevolking versprei is³⁾.

Vir die tweede helfte van die 19de eeu — vir sover een en ander reeds genoem nie daaronder val nie — wil ek alleen op 'n paar dinge wys om aan te toon hoe die verband met Nederland voortduur, en van die onberekenbaarste waarde vir die Dietse kultuur in Suid-Afrika is.

Ek noem in die eerste plek ds. VAN DER LINGEN van die Pêrel. Die seun van 'n Hollandse sendeling aan die Kaap, word hy opgevoed in Holland, word predikant en keer naar Suid-Afrika terug. Hy word die stigter van die Gimnasium aan die Pêrel, op Hollandse model, in 1860, 'n voorbeeld wat deur STELLENBOSCH nagevolg word met sy Gimnasium in 1864. Op hierdie Pêrelse Gimnasium was later die Hollander A. PANNEVIS onderwyser, PANNEVIS wat die geestelike vader geword het van S. J. DU TOIT en die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Die stigting van hierdie Hollandse inrigting van onderwys beteken verder die begin van die verlegging van die swaartepunt van Dietse kultuur in Suid-Afrika van

¹⁾ Vgl. bls. 339.

²⁾ *Z. A.* 20 Des. 1855.

³⁾ *Theal* 1795 *ens.* Vol III. (1908) bls. 163.

die stad naar die platteland; van Kaapstad eers naar die Pêrel en later naar Stellenbosch.

Sedert die Vryheidsoorlog van 1881 word die belangstelling tussen Suid-Afrika en Nederland nie alleen veel lewendiger nie, maar ook allesins wedersyds. Van alle kante word die bande nouer aangehaal. Die „Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging” word gestig en gaan voor in hierdie opsig. Die Republieke in die Noorde, veral die Suid-Afrikaanse Republiek, geniet die meeste aandag. Vandag nog is Pretoria die mees Hollandse stad van Suid-Afrika. Talryke Hollanders kom naar Suid-Afrika en verrig dienste vir die Afrikaanse volk van die allergrootste waarde. Ek hoef enkel 'n naam te noem soos die van prof. MANSVELT, eers Professor in Stellenbosch, later Superintendent van Onderwys in Transvaal; 'n naam soos die van dr. W. J. LEYDS, Staatssekretaris van Transvaal.

In Kaapland verder, word die „Zuid-Afrikaansche Taalbond” in 1890 opgerig. Die doel was die handhawing van die Hollandse taal en kultuur, en ongetwyfeld het hierdie liggaam ontsaglik veel tot stand gebring. Dit was tot op sekere hoogte 'n teenhanger van die Afrikaanse strewe van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Die inisiatief gaan veral uit van gebore Afrikaners soos ds. (later prof.) A. MOORREES, J. H. HOFMEYR, „Onze Jan”, e.a., maar ook van 'n Hollander soos prof. MANSVELT. Hollanders soos M. J. STUCKI en C. P. HOOGENHOUT was 'n groot steun vir die Taalbond. Dr. W. J. VILJOEN, 'n gebore Afrikaner, wat o.a. in Holland gestudeer het, was dit eweneens. Dr. VILJOEN verdien ook verder vermelding as pro-Hollandse werker en as jarelange Professor in Nederlands in Stellenbosch, waar hy bekend was vir sy besielende onderwys, en vir sy literêre werk in Hollands, veral op gebied van toneel.

Tenslotte bly daar gedurende die hele 19de eeu en selfs daarna, die band van Hollandse toneel in Suid-Afrika, om as 'n magtige invloed in die handhawing en behoud van Dietse taal en kultuur te dien.

Dit is my besondere onderwerp en ek gaan daartoe oor om kortliks 'n algemene oorsig daarvan te gee, teneinde die verdeling en behandeling van my stof te verduidelik.

Die Hollandse toneel aan die Kaap is eienaardig in meer as een opsig. Ten eerste is dit eienaardig hierin dat so'n gewoonte as dit is sedert die koms van die Engelse, byna so'n uitsondering is dit in die tyd daarvoor.

Onder die Hollandse regime self is van Hollandse toneel (ek sonder 'n korte Franse periode uit) al weinig sprake. Ternouernood egter, is die Engelse aan die Kaap, of die Hollandssprekendes begin met komediespel. Die rede daar-

voor het gelê in die prikkel wat van Engelse inisiatief in hierdie opsig uitgegaan het. Moontlik was die Hollandsprekendes tot beoefening van toneel gekom, ook sonder Engelse voorgang. Maar of dit op hierdie tydstep of in dieselfde mate sou gekom het, is 'n ander vraag.

Ten tweede is die Hollandse toneel eienaardig hierin dat al begin dit onder prikkel van die Engelse, is dit van meet af deur en deur Hollands. Nie alleen is die taal en die stukke Hollands nie (d.w.s. gangbare stukke in Holland), maar die hele wyse van inrigting is dit eweneens. Die Hollandsprekendes speel vir die grootste deel van die tyd as liefhebberyseselskappe, met vaste lede (hoewel die groot publiek ook toegelaat word), en onder allerlei sinspreuke, wat voor alles die broederskap van nut en vermaak en die noodsaaklikheid van vlyt vir kuns verkondig. Die voorstelling bestaan gewoonlik uit 'n ernstige voorstuk en 'n klugtige nastuk. Die geheel was 'n vorm van liefhebberytoneel wat veral sedert 1750 op die oorblyfsels van die ou Rederykerskamers in Holland verrys het¹⁾. Vir sover die Hollandssprekendes nie in sulke liefhebberyseselskappe georganiseer is nie, is hulle dit in die vorm van rasegte Rederykerskamers. En die seldsame van die geval is dit, dat die Rederykerskamers volg as die liefhebberyseselskappe hulle hoofrol uitgespeel het. Die Rederykerskamers maak hulle vertoning eers goed in die tweede helfte van die 19de eeu, — as kersverse nuwe invoerartikkel uit Holland! Origens bereik die Hollandse toneel sy hoogste luister en grootste belangrikheid in die periode voor 1855.

Die toneel aan die Kaap, Hollands en Engels, tot 1855 is verreweg oorwegend liefhebberytoneel. Vir sover dit anders is, d. w. s. beroepstoneel deur beroepspelers, toon die professionele element homself in die Engelse toneel. Dis moontlik dat professionele elemente by uitsondering in die Hollandse toneel voorgekom het²⁾, maar dan is dit van 'n heel andere soort as die Engelse gewoonlik is. By die Engelse bestaan die beroepselement gewoonlik uit verbygaande Engelse akteurs, op weg naar of van Voor-Indië of Australië. Hulle vertoef 'n tydlang aan die Kaap -- soms selfs 'n paar jaar -- en gee opvoeringe in samewerking met amateurspelers. Die meeste periodes van bloei op gebied van Engelse toneel is aan die aanwesigheid van sulke elemente te danke. Tog is die Engelse toneel oorheersend amateurstoneel tot 1857. Dan begin SEFTON PARRY, wat tevore op sy eentjie in Kaapstad was en die gewone soort beroepstoneel met amateurs uitgeoefen

¹⁾ Worp II, *Drama ens.*, bls. 253—255.

²⁾ B. v. Villet, Boniface.

het, met 'n professionele geselskap. Hiermee begin die Engelse toneel aan die Kaap 'n oorwegende beroepskarakter aanneem, wat hoe langer hoe meer word en tenslotte die Engelse liefhebberytoneel volkome in die skadewee stel. Uitsterf doen dit natuurlik nie.

Ook die Hollandse toneel wat tot 1855, oor die geheel genome, die Engelse oortref het, kom hierdeur mede in die verknorsing. Die verengelsing van die Kaap het reeds die lewe van die Hollandse toneel begin moeilik maak. Toe die Engelse toneel sulke kragtige vorme aanneem, het die Hollandse toneel selfs 'n tydlang tot 'n end gekom. Eers in die jare om 1865 kom dit tot nuwe lewe, gebore uit die opkomende Hollands-Afrikaanse nasionale bewussyn in Suid-Afrika. Maar dan word dit byna uitsluitlik groepstoneel, in hierdie geval vir die Hollandssprekendes. In die grote maatskappy beklee die Engelse beroepstoneel verreweg die oorheersende plek.

Die Hollandse toneel het nooit sulke beroepselemente soos die Engelse ryker geword nie. Die Nederlandse Koloniale Ryk het nie die Nederlandse spelers tot dieselfde voordelige swerwerslewe uitgelok soos die Engelse Koloniale Ryk die Engelse spelers nie. Selfs in Nederlands-Indië was die toneel enkel een van liefhebbers, tot die reis van BRONDGEEST daarheen, d. w. s. tot in 1904¹). Soms het die Hollandse toneel wel besondere baat van professionele elemente ondervind. Hierdie elemente het bestaan uit dans- en musiekmeesters aan die Kaap. In besonder het hul hul dienste verleen by die ballette wat steeds 'n uitstaande kenmerk van die Hollandse toneel was. Eienaardig is die oorwig van Franse onder hierdie meesters. Hiervoor sal die nabyheid van Mauritius grotendeels verantwoordelik gewees het. Ek noem hierdie elemente professioneel omdat hulle waarskynlik soms persoonlike voordeel uit die opvoeringe getrek het — vermoedelik in verband met die ballette. BONIFACE, die „Cape dramatiser”, was o. a. 'n dans- en musiekmeester. Reg in die begin van die 19de eeu bestaan selfs 'n hele paar jaar Franse liefhebberytoneel aan die Kaap. Hierdie toneel egter (saam met 'n bietjie Duitse) kry sy ondersteuning veral van die Hollandssprekendes, en sy medewerkers verholands later. Die hele inrigting van hierdie toneel was ook op Hollandse grondslag. Daarom reken ek hierdie toneel, in die algemeen, by die Hollandse toneel as 'n besondere onderdeel van Hollandse kultuur. In die tweede helfte van die 19de eeu egter is heeltewel geen sprake van beroepselemente in die Hollandse toneel nie.

¹) Worp, *Drama ens.*, II, bls. 418 e.v.

In hoever was daar wisselwerking tussen Hollandse en Engelse toneel? Met die oog op die aanleidende oorsaak tot Hollandse toneel sou mens allig groot invloed van die Engelse toneel op die Hollandse verwag. Dit is nie so nie. Dit is selfs weinig te noem. In hoofsaak bly dit beperk tot stimulerende voorgang, by tussenpose, ten opsigte van 'n nuwe soort stuk, nuwe dekors, of 'n nuwe varieté-element. Daarenteen beïnvloed die Hollandse toneel die Engelse ook: in besonder ten opsigte van die wyse van inrigting. Een van die beroemdste Engelse geselskappe was 'n suiwere navolging van die Hollandse liefhebberigeselskappe.

As ons praat van toneel in Suid-Afrika beteken dit, tot 1855, vrywel uitsluitlik toneel aan die Kaap. Ook vir die res van die 19de Eeu is Kaapstad, vir Hollandse toneel, verreweg de vernaamste plek. Eers teen die end van die 19de eeu sal 'n Toneelvereniging *Onze Taal*, pragtige werk in Pretoria lewer. Ander plekke is van minder belang.

In die jare om 1870 word verder die Afrikaanse toneel uit die Hollandse in Kaapstad gebore. Dit begin met die werk van MELT BRINK. Hy skrywe klugtige nastukkies in „Kaaps-Hollands” vir die Rederykerskamer *Aurora*. MELT BRINK se werk word baie populêr en veral op die platteland gespeel na 1900. Die res van die Afrikaanse toneel is 'n ontwikkeling uit hierdie kern. Sedert 1926 bestaan 'n reisende Afrikaanse beroepstoneelgeselskap: die *Paul de Groot Geselskap*.

Origens sien Kaapstad (b.v. in 'n herleefde *Aurora*) en Stellenbosch (b.v. in *Ons Spreekuur*) in besonder die laaste reste van Hollandse toneelkuns na 1900 in Suid-Afrika, tenminste tot 1927¹⁾. Want sedert hierdie jaar is o.a. ANTON VERHEYEN besig met Hollandse toneel in Suid-Afrika, en het selfs met *Adam in Ballingschap* groot sukses gehad.

Hoe staan dit met die Engelse toneelkuns na 1855? SEFTON PARRY was reeds tiepies vir die vaste Engelse beroepstoneel in Suid-Afrika. Dit bestaan gewoonlik uit reisende toneelgeselskappe wat na 'n „season” in Londen die verskillende dele van die Britse Ryk afreis. Gewoonlik is die geskiedenis van Engelse toneel, in Suid-Afrika, sedert die vestiging van beroepstoneel en sedert die opkoms van die verskillende groot stede (in besonder sedert die ontdekking van diamante in 1856 en goud in 1886), eintlik die geskiedenis van hierdie reisende toneelgeselskappe. Die toneelgeskiedenis van een stad is vrywel die geskiedenis van 'n ander. Met die oog

¹⁾ Interessant is ook dat Louis de Vries in 1916 op sy tuisreis van Nederlands-Indië naar Holland die *Familie Lehmann* in Durban opgevoer het. *Neerlandia*, Des. 1916.

op hierdie uiteensetting stel ek my voor om hierdie hele gebied af te werk in twee dele.

Deel I: 1652—1855.

Deel II: 1856 tot die hede.

Deel I — hierdie werk — verval vanself in:

a. 1652—1795. Tydperk van Hollandse regime. Voorbereiding vir, en eerste spore van toneel.

b. 1796—1855. Koms van die Engelse. Periode van liefhebberytoneel, Hollands en Engels, aan die Kaap. Grootste bloei van Hollandse toneel. Eerste spore van toneel weg van die Kaap.

Deel II verval in:

a. Engelse toneel sedert 1855, onderverdeel in beroeps- en amateurstoneel.

b. Hollandse liefhebberytoneel sedert 1855.

c. Opkoms van Afrikaanse toneel.

HOOFSTUK I.

1652-1795. Voortekens.

Op 6 April 1652 het JAN VAN RIEBEEK in Tafelbaai ge-
anker; in 1795 is die Kaap vir die eerste maal (en uitgesonderd
1803—'06 vergoed) in die hande van die Engelse oorgegaan.
Met 116 man „volk” het VAN RIEBEEK sy taak aanvaar om
'n „Zeeherberg, De Goede Hoop”, op die weg naar die Ooste
op te rig; 'n “Kolonie”, in die volste sin van die woord, met
'n Hollands-Afrikaanse volk van \pm 20,000 het die Engelse
in 1795 in besit geneem.

Nederland was dus in die volle bloei van sy „Goue Eeu”
toe die Kaap gestig is. Op gebied van handel was dit die
voerste in die wereld; op gebied van staatkunde was dit
deur die Vrede van Münster as een van die gewigtigste moond-
hede van Europa erken; en op gebied van geleerdheid was
Leiden waarskynlik die vernaamste middelpunt van wetenskap
in Europa. Maar veral op gebied van kuns het Nederland
haar onverwelklikste glorie verwerf; internasionaal, by uitstek,
deur haar skilderkuns: REMBRANDT; nasionaal, by uitstek, deur
haar letterkunde: VONDEL, BREDERO, HOOFT.

Bowendien het die letterkunde sy hoogste uitbloeï in die
drama gevind: VONDEL se *Lucifer* as treurspel, BREDERO
se *Spaansche Brabander* as blyspel¹⁾, TH. ASSELYN se *Jan
Klaaz* as klugspel. As geheel, ook as uiting van die mees
tiepiese Hollandse karaktertrek, realiteitssin, is die bly- en
klugspel miskien die volkomenste letterkundige uiting van
hierdie tydperk.

So 'n bloei op gebied van toneelliteratuur veronderstel
ook 'n groot bloei op gebied van toneelspel. Toneelkuns
vereis nou eenmaal as onmisbare bestanddeel ook toneelspel.
Die Rederykerskamers²⁾ het na die eerste jare van die
Tagtigjarige Oorlog tot nuwe bloei gekom en was soos altyd

¹⁾ D.w.s. volgens algemene beskouing. Vgl. in verband hiermee die mening
van prof. Prinsen in sy *Handboek* en sy biografie oor G. A. Bredero,
Meulenhoff Uitgawe, 1919.

²⁾ W o r p, *Drama ens.* II. Bls. 20 e.v.

die vernaamste toneelliggame; uit hulle kom trouens, later in die 17^{de} eeu, die professionele spelers voort ¹⁾. Die eerste Nederlandse skouburg word in 1638 in Amsterdam geopen; ander stede volg, hoewel betreklik veel later.

Die opkoms van skouburge, van vaste en reisende beroepspelaars, het begrypelykerwyse die Rederykerskamers mettertyd agteruitgedring ²⁾, veral in die groot stede.

Aan die begin van die 18^{de} eeu vind ons die Rederykerskamers reeds teniet in die meeste groot stede; maar op die platteland bestaan nog enkele. Daar was hulle toneelbedrywigheid in hoofsaak tot opvoeringe by kermisse beperk. In die tweede helfte van die 18^{de} Eeu egter sien ons 'n groot opbloeï van liefhebberigeselskappe, wat in baie opsigte die Rederykerstradiesies ³⁾ voortsit. Kenmerkend in elk geval vir die hele 17^{de} eeu is 'n geweldig „reges Leben” ⁴⁾ op toneelgebied in Nederland, kenmerkend ook is die mate waarin dit egte volkstoneel is en bly.

Die publiek by opvoeringe van Rederykers of beroepspelaars ⁵⁾, het vernaamlik bestaan uit „de gemeente en 't slechte volck” ⁶⁾. By beide soorte spelers bly die klug in ere. By Rederykersopvoeringe word die klug as nastuk behou, 'n voortsetting van die middeleeuse tradiesie; by beroepspelaars word klug- en blyspel die oorheersende vorm van toneel. Dit is begrypelyk uit die feit dat beroepspelaars, veral rondreisende, hul bestaan moes vind; kermisse was vir hul die mees aangewese geleentheid om hul komedies ten gehore te bring.

Hierby kom dat die 17^{de} eeuse volk kragtig maar ru was; sy werklikheidsin sou nog later as „onkies” bestempel word. By so 'n smaak om te bevredig, by so 'n uitgebreidheid van volkstoneel, is dit geen wonder dat klug- en blyspel moes bloei nie; ewenas wat dit moes kwyn in die slapper en vlakker 18^{de} eeu, toe gekunstelde verfyndheid in die plek van bruisende lewensin gekom het.

Vanself kom die vraag by ons op: In hoeverre het hierdie toestande van Rederykers- en volkstoneel, toestande wat selfs invloed uitgeoefen het op ander lande ⁷⁾, hul weerklank aan die Kaap gevind? Die vraag word makliker en verklaarbaarder beantwoord as ons eers die toestande aan die Kaap kortliks nagaan.

Die Kaap was eenvoudig bedoel as 'n verversingstasie op die weg naar Indië; as 'n noodsaaklike geldbelegging om die doeltreffendheid, uit direkte gesondheidsoogpunt, van die

1) Worp, *Drama ens.* II, bls. 28.

2) Id. II, bls. 28. 3) Id. II, bls. 252 e.v.

4) Id. II, bls. 51. 5) Id. II, bls. 85.

6) Id. II, bls. 28 e.v. 7) Id. II, bls. 52.

Oosindiese vaart te verhoog. Om die rede het VAN RIEBEEK met Kompanie se volk, geen „emigrante” nie, gekom, ten-einde ’n dergelike pos op te rig. Om die skepe van die nodige te voorsien, om die siekes geleentheid tot herstel te gee, was die bedoeling. Die eerste werk van stigting was swaar; eksploitasiekoste het hoog geloop. ’n Wisselvallige klimaat en onbetroubare Hottentotte het veel moeilikhede veroorsaak. Aan die vereistes van groente, koring, wyn en veral vleis kon die pos nie voldoen nie. Uit hierdie toestande word die eerste ware „koloniste” van die Kaap gebore, ontstaan ’n burgery wat eers ’n aparte gemeenskap, en in die volheid van tyd ’n aparte volk word. In 1657 kry die eerste „Vryburgers”, oudgediendes van die Oosindiese Kompanie, grond naby die Kaap. Hiermee begin die skeiding tussen regerendes en geregeerdes, tussen O. I. K. en burgery en, sosiaal, veral tussen garnisoen en burgermaatskappy; ’n skeiding wat spoedig sy uitwerking op die kultuurtoestande van die tyd sal laat sien, nie die minste ten opsigte van die weinige toneellewe van die tyd nie.

Die Kasteel, die setel van die O. I. K.,¹⁾ was in die eerste plek die leërplaas van sy garnisoen. Bewoon alleen deur beamptes en bediendes van die O. I. K.,²⁾ tydelike verblywers aan die Kaap, voer dit uit die aard van die saak ’n eie, aparte lewe. Hierdie lewe kan in sekere sin meer bepaald „Hollands” heet as die lewe van die burgermaatskappy, wat hom daarnaas ontwikkel, ’n lewe wat hoewel dit ontspring uit Hollandse bron en daar gedurig aanvulling uit kry, hom aan die land aanpas, die lewe word van ’n ingebore landsbevolking; kortom van ’n Hollands-Afrikaanse gemeenskap.

Bowendien die burgermaatskappy gegrondves op meer seleksie en hoër maatskaplike beginsels, ’n natuurlike gevolg van sy duursamer en verantwoordeliker karakter, sou in sy ontwikkeling kultureel en sosiaal spoedig op ’n hoër sowel as ander plan kom te staan as die kasteelsamelewing. Werklike aanraking en omgang is alleen tussen die Kompanie se hoëre amptenare en die burgery gewees. Die eintlike „volk” het daarbuite gebly.³⁾ Dis hulle wat ek verder wil aandui as die kasteel- of garnisoensgroep.

Die lewe van hierdie groep, byna uitsluitlik soldate, verder matrose, wat vir herstel aan die Kaap verkeer, was nie te gemaklik of aangenaam nie⁴⁾. Dit het, in natuurlike reaksie, allig in losbandigheid ontaard. Die omgang b.v. van die

1) Kolbe, *Beschr. ens.* II bls. 207.

2) Kolbe, *id.* II, bls. 322 e.v.

3) Kolbe, *id.* II, bls. 253. (Oor samestelling van besetting aan die Kaap).

4) Mentzel, *Desc.* II, bls. 61, 66 e.v.

soldate en matrose met slawemeide¹⁾ (sedert 1658 bestaan slawerny aan die Kaap) en ander kleurlinge was 'n gemeenplaas. Hier moet ek egter byvoeg, dat die gedrag van die soldate, onder meer tug en met 'n langer plaaslike verblyf, merkbaar beter was as die van die matrose²⁾.

Ons moet dus duidelik in die oog hou, dat reeds gou in die geskiedenis van die Kaap, twee parallelgroepe naas mekaar kom te staan: 'n burgermaatskappy wat min of meer tred hou met die gang van Europese (Hollandse) beskawing, veral op sosiale en kulturele gebied, maar homself plaaslik adapteer en 'n eie karakter ontwikkel — ons sou dit kan noem 'n „inlandse” groep; daarnaas die kasteelmaatskappy, waarvan die samelewing en gewoontes uit die aard van die saak dieselfde bly, maar in sekere sin as direkte oorplanting uit Europa, die meer „Europese” (Hollandse) kan heet — ons sou dit kan noem 'n „uitlandse” groep. Hierdie meer „Europese” eienskap sal veral in later tyd blyk, en van belang wees in sover daar aanraking tussen die twee groepe bestaan³⁾ en vrugbaarmaking uitgegaan het van die garnisoensgroep op die burgermaatskappy.

Van 'n enigszins homogene burgermaatskappy is voor die begin van die 18^{de} eeu egter beswaarlik sprake. Van toneel in⁴⁾ hierdie maatskappy gedurende die 18^{de} eeu is waarskynlik geen sprake nie.

Intussen is die tydperk nie heeltemal ontbloot van toneel nie. Hierdie toneel gaan uit van die mees „Hollandse” groep aan die Kaap: die garnisoensgroep. Verwant aan hulle is die seemanstoneel van Hollandse matrose wat om die Kaap vaar. Ook afgesien hiervan het ons vermelding van toneel. Al hierdie spore wil ek nagaan voor ek die burgermaatskappy en sy verhouding tot toneel bespreek.

Die oudste vermelding van drama in Suid-Afrika is uit die jaar 1635, toe by die Fees van St. Francisus Xavier, die gereddes van die Portugese skip *Nossa Senhora de Belem*, wat op die Natalse kus ten noorde van die Oemzimvoeboerivier gestrand het, die geleentheid vier met 'n stiergeveg in 'n spesiaal daarvoor geboude omheining, en 'n komedie opgevoer het en baie ander stukke waardeur almal baie opgebeur is⁵⁾.

Dan sou een van die vroegste toneelopvoeringe aan die Kaap nie op land nie, maar aan boord van een van die skepe in die baai plaasgevind het, wat „extremely appropriate to a sea-port town” was. „Nothing more natural than that

¹⁾ Kolbe, *Beschr. ens.* II, bls. 259. ²⁾ Mentzel, *Desc. ens.* II, bls. 116.

³⁾ Sien bls. 27 e.v. ⁴⁾ D. w. s. ook „uitgaande van”. ⁵⁾ Laidler, *Annals ens.* bls. 8.

the ships which brought supplies and news from distant lands, should also import the latest plays" ¹⁾).

Dat daar inderdaad op skepe vanaf heel vroeë tyd komedie gespeel is, is heel waarskynlik, en word in elk geval vir latere tyd deur verskillende reisbeskrywers bevestig. VALENTYN vertel ²⁾ b.v. van Engelse koningskepe in die Noordsee wat vir skepe van die O.I.K. se retoervloot in 1695, „niet alleen veel spys en drank van hunne bodems tot onze verkwikking (medebrachten), maar ook al hunne speellieden tot onze vroolyking”.

Dat met „speellieden” inderdaad akteurs bedoel word, blyk uit die volgende:

„Terwyl deze speellieden . . . 's middags na den eten wat voor ons op 't halfdek speelden”, kom daar 'n buitengewoon onhebbelike „seur” of onderkoopman, wat hulle al baie las veroorsaak het, by, en „De Seur niet kunnende rusten zonder iets kwaads aan te richten, vraagde aan deze Engelschen, of zy de onthoofding van Koning Karel den Eerste niet spelen konden, wel wetende dat hy de Engelschen nergens doller mede maken kon.”

Vir iets later word komediespel vir Hollandse skepe duidelik bevestig deur KOLBE. Hy vertel van die heenreis naar die Kaap, in geselskap van 'n klein vloot van O.I.K.-skepe, begin 1705, in verband met „scheeps-spulletjes en vermakelykheden”, dat, afgesien hiervan en die vele musiek aan boord, „op een schip, als het mooi weer is, meer vrolykheid bedreven werd, ³⁾ als op het vrolykste gastmaal op het vaste land, aangezien men er zoo wel by danst en springt, eet en drinkt als op een boere bruiloft; zelfs worden er op de schepen in gevalle bequame perzonen daar op gevonden worden, zomwylen gansche Komediën gespeelt”. ⁴⁾

Ook vertel hy dat op die terugreis met die retoervloot van die O. I. K. naar Holland in Mei 1713: „Doordien nu de Zuid-oostewind nog gestadig onze zeilen deed zwellen, ons schip een goede vaart maakte, en 't bootsvolk weinig arbeid verschafte; zoo gaven zy zich zelve arbeid, speelden nu en dan een Comedie en hielden zich aldus in bestendige beweging, ten einde om de scheurbuik . . . t'ontgaan”. ⁵⁾

¹⁾ Treble Violl, *Cape Times* 12-8-1913. Waar die skryfster voortgaan om te sê, dat op hierdie manier „*Hamlet* . . . to residents at the Cape during Shakespeare's lifetime” gekom het, moet daar êrens 'n ernstige vergissing skuil, aangesien Shakespeare al in 1616 dood en die Kaap eers in 1652 gestig is!

²⁾ Stellwagen *Van en naar Indië, ens.* 1882 bls. 116.

³⁾ Valentyn bevestig hierdie skeepsgeelligheid en meld die oor en weer besoeke ens. by retoer-vlote. Stellw., *id.* bls. 105.

⁴⁾ *Beschr. ens.* Dl. I bls. 13.

⁵⁾ *Id.* Dl. II, bls. 444.

Trouens die Neptunusfeeste, by die passeer van die Lienie, wat eintlik niks anders as „dramatiese vertoonings” was nie, wys ook in hierdie rigting, ofskoon volgens KOLBE: „Is de mode van vreemdelingen onder de linie te doopen, door de Nederlandsche O. I. C. t’eenemaal afgeschaft, schoon die langen tyd in zwang geweest is, zooals meest alle Reisbeschryvingen daar van melding maken”¹⁾. Ongetwyfeld is dit by ander seevarendes die geval gewees, soos LEGUAT in 1690²⁾, SPARRMANN in 1772³⁾, mev. PARKER in 1791⁴⁾ en ander reisbeskrywers tot vandag toe vermeld.

Die volk van KOLBE en die volk van VAN RIEBEEK was in wese dieselfde slag van mense, verteenwoordigende elemente van die Nederlandse volk van die tyd. As ons dus volkstoneel, die toneel van kermis ens., klug- en blyspel, by die een groep kry (al skryf KOLBE ongeveer vyftig jaar na die koms van VAN RIEBEEK), lyk dit redelik om dit ook by die ander te verwag. Matroos en soldaat sal hulle komedie ewe lief gehad het. Inderdaad vind ons toneel vermeld onder die soldate aan die Kaap in die tweede kwart van die 18de eeu; daarvoor egter nie. Sal daar dan geen toneel onder die „volk” aan die Kaap hiervoor gewees het nie? Tot ongeveer 1713 glo ek nie, voor die eerste keer van vermelding glo ek egter wel.

Op watter gronde berus my mening?

Neem ons eers die tydperk tot 1713. In die algemeen pleit die groot moeilikhede van die eerste tyd van bestaan van die nuwe neersetting teen die moontlikheid van komediespel. Hoe weinig ook, vereis hierdie vermaak altyd ’n sekere mate van voorbereiding en vrye tyd. Hiervoor sal, in die begin van die stigting, stellig geen tyd of geleentheid bestaan het nie.

In die besonder egter pleit die feit dat VAN RIEBEEK in sy *Dagverhaal* van 1652—1662 komediespel nooit noem nie, daarteen. Hierdie feit is buitengewoon sprekend, want VAN RIEBEEK is volledig tot in die kleinste besonderheid. Hy vermeld dus ook die vermake. So vertel hy van ’n „Caepse kermis”⁵⁾, wat jaarliks na die vertrek van die retoervloot naar Holland plaasvind, en direk gaan ’n mens aan komedie dink as jy van hierdie ou Hollandse gebruik hoor. Maar VAN RIEBEEK lig ons kennelik anders in⁶⁾: „Alsoo ’t jegen-

¹⁾ *Beschr. ens.* Dl. I, bls. 37.

²⁾ Leguat: *Reyzen ens.* bls. 12.

³⁾ Sparrmann: *Reize ens.* Dl. I, bls. 6. ⁴⁾ M. A. Parker: *Voyage ens.* bls. 24.

⁵⁾ *Dagverhaal*, van Riebeek. 10 Jun. 1657. Aanvanklik het dit die „Amsterdamsche Kermis” geheet, vgl. Schonken, *Overleveringen ens.* bls. 35. Hoe lang hierdie kermis voortbestaan het, weet ek nie. Reeds in sy latere jare vermeld van Riebeek dit nie meer nie. ⁶⁾ *Dagverh.* 9 April 1656.

woordigh — is den eersten sondagh na 't vertreck van de retourschepen, soo hebben de luyden heden na de jaarlixte gewoonte haer kermis laten houden, ende ten dien eynde vereert met $\frac{1}{2}$ legger Spanse wyn, tabacq ende diverse vruchten uytte thuyne en om haar herte eens te laten op halen." 'n Drink- en smulparty dus, en op Sondag as vrye dag 1)!

In 'n verbod in verband met die siekehuis, „opdat er stilte en rust zou zyn, (worden) geraas, zingen, spelen, (dobbelt—F.B.) zich dronken drinken en vloeken er ten strengste verboden" 2). Van komediespel geen sweem nie; hoewel in die Engelse tyd een van die eerste opvoeringe juis in die hospitaal sal plaasvind.

VAN RIEBEEK se tyd loop alleen tot 1662. Wat van die tyd tot 1713? Ook hier kan ons alleen negatief te werk gaan. Daar is niks wat ons wettig, om toneel onder die garnisoensgroep te veronderstel nie.

Ten eerste maak hulle geskiedenis dit onwaarskynlik. Tot 1713 neem oorlogsrumoer en uitbreidingswerk — die besetting moes vir alle werk klaar staan — aan die Kaap die garnisoen druk in beslag. Dieselfde faktore was verantwoordelik vir 'n aansienlike uitbreiding van die garnisoen. Die strategiese ligging van die Kaap op die weg naar Indië, afgesien van binnelandse vereistes vir die handhawing van wet en orde ten opsigte van Hottentotte, slawe ens., het 'n sterke garnisoen nodig gemaak. Reeds in 1660 3), in VAN RIEBEEK se tyd, gedurende die oorlog met Engeland, word die besetting met 300 man vermeerder, en hierdie geskiedenis sal hom meermale herhaal 4). Spoedig blyk ook die ou fort van VAN RIEBEEK beide uit die oogpunt van verdediging en doelmatigheid onvoldoende te wees. 'n Nuwe word gebou en in 1679 in gebruik geneem. Dit is die Kasteel wat vandag nog bestaan. Hiermee is verder die eerste vestigingsperiode verby. Onder SIMON VAN DER STEL (1679—1699) volg 'n periode van grote uitbreiding en opbou van die Kolonie. Die regering van sy seun, W. A. VAN DER STEL (1700—1707), sien 'n tydperk van groot politieke woeling en stryd; tegelykertyd 'n groot gebruik van Kompaniesdienaars vir persoonlike doeleindes. Tenslotte was daar die Europese oorlog van 1701—1713. Die Kaap moes gedurig op sy hoede wees. Eers na die Vrede van Utrecht in 1713 tree allerweë 'n tydperk van rus en

1) 'n Jaarlikse kermis onder die burgery op Stellenbosch (1686—1706, vgl. Dominicus, *Huizelik ens.* bls. 66) by geleentheid van die verjaarsdag van die stigter Simon van der Stel, sien wapenmonsteringe, skyfskiet na 'n houtse papegaai (vgl. Papegaaisberg) ens. maar geen komedie nie.

2) G. Molsbergen, *De Stichter, ens.*, bls. 143.

3) Gie, *Gesk. ens.* bls. 87. 4) Sien bls. 27.

vrede aan die Kaap in, 'n tydperk wat baie lank sal duur, en waarin soiets soos garnisoenslewe die volste geleentheid sal kry om homself op die weg van roetiene, en stellig vermaak, in vaste bane te laat lei.

Ten tweede maak KOLBE se gebrek aan vermelding van komedie onder die garnisoen die bestaan daarvan uiters onwaarskynlik. KOLBE was aan die Kaap 1705—1713, en hy beskrywe die hele samelewing tot in die fynste besonderhede. Dat sy oë oop was vir komedie bewys sy vermelding daarvan onder die matrose op die skepe. 'n Des te sterker bewys vir die afwesigheid van toneel, word dus hierdie gebrek aan enige vermelding deur hom.

Maar na 1713 kan komedie onder die garnisoen begin het. Ek het reeds gewys op die rus en vrede wat toe ingetree het. KOLBE getuig van komedie onder skeepsvolk teen hierdie tyd. In die volgende kwarteeu kom MENTZEL met definitiewe vermelding van komedie onder die garnisoen, en sy mededelings is van so'n aard dat dit ook toneel laat vermoed voor die tyd waaroor hy skrywe. Die garnisoenslewe toon vir die grootste deel van die 18de eeu 'n baie vaste en goedgeorganiseerde vorm, 'n vorm wat deur KOLBE ¹⁾ en MENTZEL haarfyn beskrywe word. Gedurende hierdie tydperk was daar gemiddeld 200 man in gereelde diens in die Kasteel. As ambagslui op die buiteposte, as skoolmeesters, knegte ens. by die boere, het ongeveer 400 man diens gedoen. Die was eintlik 'n reserwe in tyd van nood. Die soldaat aan die Kaap was gewoonlik 'n Jantjie-van-alles. Die garnisoen was vol van die mees verskeie elemente op elke gebied. Dit word begryplicher as ons bedink dat vir die teleurgestelde sowel as die verlopene die Ooste nog altyd 'n laaste kans om weer op die bene te kom, gebied het. Dis duidelik ons het allesins 'n gemeenskap wat vir volkstoneel geskik is.

MENTZEL, wat self solank soldaat aan die Kaap was (\pm 1733—1741, waarvan hy tot 1736 aktiewe soldaat was) ²⁾, deel mee, hoedat die eerste van elke maand vir die hele wag 'n feesdag is van fuif, drink en vrolikheid. Ete en drank word mild uitgedeel, die musiekkorps speel, daar word gedans. Selfs die Goewerneur staak offisiële besoeke en sien af van die daaglikse lyfwag, sodat byna die hele wag aan die feestelikhede kan deelneem. „Soms”, vervolg hy, „word ook 'n mommery opgevoer deur die persone van die garnisoen, wat met histrioniese vermoëns begaaf is. Die spelers trek hulself op lagwekkende manier aan, maar die voorstelling is

¹⁾ Kolbe, *Beschr. ens.* II bls. 253—254, 258 e.v.; Mentzel, *Desc.* I bls. 161 e.v.; II bls. 57 e.v.; Mentzel, *Life of ens.* bls. 149, e.v.

²⁾ Vgl. Mentzel *Desc.* ens. II bls. 7 e.v.

dikwels goed; gifte wyn word aan hul opgedring, dikwels meer as wat hul kan drink" ¹⁾).

Dat die koloniste hierdie klugtige voorstellinge sou byge-
woon het is hoogs onwaarskynlik. MENTZEL vermeld dit
nie, en dit is eintlik afdoende bewys genoeg. Trouens die
hele gees van sy mededeling maak m. i. duidelik dat ons
eenvoudig met vermake onder en vir soldate te doen het.
Hoe lank hierdie soort toneel aangehou het val nie te bepaal
nie. Dit lê egter voor die hand om 'n voortbestaan daarvan
te vermoed, solank hierdie garnisoenstoestande voortduur.
Dan sou die voortbestaan allig tot 1780 kan gewees het,
toe Nederland in die Engels-Amerikaanse oorlog betrokke,
en 'n hele verandering in die garnisoenstoestande teweeg
gebring is, 'n verandering waaruit 'n nuwe soort toneel
voortkom en wat die Kapenaars waarskynlik vir die eerste
keer met toneel laat kennis maak. Maar voor ons tot 'n
beskouing van hierdie saamgaan van garnisoen en burgery
oorgaan, is dit nodig om die burgermaatskappy en sy ver-
houding tot toneel te bespreek.

Die ontstaan van die burgery as aparte groep in die Kaapse
samelewing het ek reeds bespreek ²⁾. Ek het ook gesê:
enigsins homogeen kan hierdie burgermaatskappy nie heet
voor die begin van die 18^{de} eeu nie, en dat toneel, vir
sover dit van hierdie maatskappy uitgaan, waarskynlik vol-
kome afwesig bly gedurende die hele 18^{de} eeu. Dit is 'n
toestand wat bevreemding kan wek, en nadere beskouing
verdien. Intussen is hierdie bespreking ook nodig om te
laat sien hoe die maatskappy ryp word vir toneel in die
volgende periode.

Die Kaapse burgermaatskappy wat in 1657 sy ontstaan
vind, kry eers sedert ongeveer 1707 'n eie karakter. In
hierdie tyd word die grondslae gelê van die toekomstige
Afrikaanse volk. Die suiwer ekonomiese basis van die Kaapse
stigting was nie alleen verantwoordelik vir die snelheid (of
andersins) van sy ontwikkeling nie, maar ook vir die aard
daarvan.

Die beperkte mark vir die Kaap van die Oosindiese handel,
naas die algemene welvaart in Holland, het emigrasie naar die
Kaap teengehou. Die gang van ontwikkeling derhalwe tot 1795
kan uit suiwer „koloniale” oogpunt beskou, langzaam heet.
Afgesien egter hiervan en met die oog alleen op die kleine
kern bevolking wat hom aan die Kaap hoofsaaklik tussen
1657 en 1707 gevestig het, kan die ontwikkeling buiten-
gewoon vinnig heet. Die vrugbaarheid van die Afrikaanse

¹⁾ Vgl. Mentzel, *Desc. ens.* II bls. 71.

²⁾ Sien bls. 13 e.v.

vrouens is trouens steeds 'n dankbare onderwerp van kommentaar by byna alle reisbeskrywers gewees. Hierdie kern het uit weinig anders bestaan as Vryburgers, 'n klompie Hollandse emigrante in 1685, 'n keer of twee weesmeisies uit Amsterdam om die neersetting van vroue te voorsien, en as die belangrikste groep, as sulks, die betreklik klein aantal Hugenate¹⁾ wat in 1688 uitgekom het. VAN RIEBEEK was die hegte stigter van die Kaap; onder SIMON VAN DER STEL het die eerste wyse sistematiese uitbreiding gekom van die neersetting, weg van die Kaapse Skiereiland oor heel Suid-Afrika. So het Stellenbosch ontstaan. Ander plekke het gou gevolg. Die politieke stryd van die burgery met sy opvolger W. VAN DER STEL het die samesmelting van die verskillende elemente onder die bevolking ten seerste bevorder. Vandaar dat ons sedert ± 1707 van 'n vrywel homogene samelewing kan praat.

Ook die aard van stigting het in die eerste plek van sy doel afgehang. Groente, wyn, koring en vleis was die hoofbenodigdhede vir die skepe. Gevolglik was die nuwe koloniste by uitstek boere — die begin van die Boerevolk van Suid-Afrika. Bowendien goeie grond was skaars dig by die Kaap. Dit was 'n groot rede vir uitbreiding verder die binneland in. Wyn, koring, maar veral veeteelt eis ekstensiewe boerdery; dit, tesame met die beperkte mark en die toename van veeboerdery — tegelykertyd 'n maklike en baie voordelige bedryf — het gelei tot 'n klein en verspreide bevolking. Van hierdie groot maar dunbevolkte platteland is en bly Kaapstad die middelpunt by uitstek; die handels- en administratiewe sentrum. Maar wat 'n klein stadje — of liever grote dorp — dit moet gewees het, leer ons reg begryp, as ons bedink dat al vier „Colonien” aan die Kaap: die stad en omgewing, Stellenbosch en distrik, Drakenstein en die Land van Waveren, nie meer as 2000 blankes en 1500 slawe aan die begin van die 18de eeu getel het nie! Die aanraking tussen stad en land was gedurig en dis eers later dat die skeiding tussen hierdie twee geprononseerd word. Intussen waar ek van die Kaap praat, bedoel ek, tensy die verband anders aantoon, Kaapstad en omgewing.

Wat sou die karakter wees van 'n samelewing, gesprote uit so'n bodem? Hoe sou sy ontwikkeling gaan? Sou daarin plek wees vir toneelkuns?

Goed sou dit wees om in hierdie verband eers enkele eise aan te dui wat toneelkuns stel. Toneelkuns, d.w.s. toneelkuns van enige waarde en as iets wat enigins blywend beoefen

¹⁾ Gie, *Gesk. ens.* bls. 100 e.v.

word, vereis allereers 'n sekere mate van rus, welvaart en beskaafde publiek. Rus, nie alleen om die nodige tyd te verskaf vir toneelopvoeringe nie, maar veral ook om die behoefte tot tydverdryf te versterk; welvaart om sulke vermake materiëel moontlik te maak deur ruime ondersteuning van die kant van die publiek, ook b.v. wat betref die oprig van geskikte lokale; beskaafde publiek by wie die behoefte naar kunsgenot, naar kunsvorme soek, en deur wie kunseise gestel word. Byna onnodig om te sê, moet die publiek ook talryk genoeg wees om duursame toneelkuns moontlik te maak. Die Rederykerskamers, en later die liefhebberyselskappe ¹⁾ van die Nederlandse burgermaatskappy in die 17de en 18de eeu, het op hierdie grondslae hul grootste bloei bereik. Hoe was dit egter aan die Kaap gestel? Kon die aan sulke eise voldoen?

Die samelewing aan die Kaap, in die begin van die 18de eeu, bevat reeds die kieme van hierdie vereistes in hom. Tog sou dit byna 100 jaar duur voor tooneelkuns 'n integrale deel van die Kaapse samelewing word. Dan gebeur dit nog onder 'n vreemde prikkel; hoewel in direkte aansluiting by die Hollandse toneeltradities — liefhebberyselskappe en Rederykerskamers.

Interessant is dit om die groei en ryping van hierdie maatskappy in die 18de eeu na te gaan; om die verklaring te vind van die tog bevreemdende lang wegbly van toneel. Gelukkig is die 18de eeu nogal ryk aan reisbeskrywinge. Vyf van die vernaamste is: KOLBE, MENTZEL, BERNARDIN DE ST. PIERRE, DE JONG en LE VAILLANT. Die eerste vier staan, in die orde wat ek hul noem, iedereen vir ongeveer 'n kwart van die verloop van die 18de Eeu. LE VAILLANT staan op homself. Hy beskrywe 'n buitengewone fase in die tagtiger jare.

Die Kaap self het uit ongeveer twee honderd huise bestaan aan die begin van die 18de eeu ²⁾. KOLBE vertel ons daar alles van. Die vernaamste geboue was die kasteel, die Nederduitse Hervormde Kerk (kerkbesoek was baie gereeld en baie vormlik), die groot siekehuis (dit was nog in die dae van skeurbuik), en die slawelosie vir die Kompanie se slawe. Van openbare plekke van vermaak is daar geen melding nie, daargelate 'n skouburg. Vóór 1800 het vermoedelik ook geen bestaan nie ³⁾. Die trots van die Kaap onder die O. I. K. is altyd sy „Thuyn” gewees, en ons kan aanneem tereg. Vandag na tydperke van verwaarlosing onder Engelse regime is dit weer een van die sierade van die Kaap. Hier het herstellende siekes verkwikking gesoek; hier was die wandelplaas by uit-

¹⁾ Sien bls. 12. ²⁾ Kolbe, *Beschr. ens.* II bls. 207. ³⁾ Sien bls. 60 e.v.

nemendheid vir die bedaarde deftige burgers van Kaapstad met hul gesinne saans en veral Sondags.

Oor die algemeen het welvarendheid aan die Kaap geheers. Die skepe was die vernaamste bron van inkomste, beide deur die handel daarmee en deur die algemene inneem van verbygaande vreemdelinge as loseergaste, selfs by die deftigste famielies. Hierdeur het die Kaap grotendeels sy reputasie vir geselligheid en gasvryheid gekry; ofskoon ook soms die beskuldiging in hierdie tyd deur VALENTYN geuit: „De Kaap heet niet tevergeefs *de Kaap*”¹⁾, nie ontbreek het nie. Maar kultureel moes so 'n noue aanraking met Europese persone van groot belang gewees het, veral as 'n mens in aanmerking neem, hoeveel waarlik beroemde manne die Kaap in hul tyd besoek het: DE LA CAILLE, BERNARDIN DE ST. PIERRE, COOK ens. By 'n beoordeling van die beskawingstoestande van die Kaap, word m.i. met hierdie gebruik nie genoegsaam rekening gehou nie, 'n gebruik wat tot ver in die 19^{de} eeu nog algemeen aan die Kaap was²⁾.

Die vroue sou veral op rang en stand gelet het b.v. by besoeke, kerkgang ens³⁾. Desnietemin was die oor en weer besoeke, 's middags gewoonlik, maar ook saans, die veelvuldigste vorm van vermaak, soos nog lank daarna vermeld word. Dan word daar tee geskink, 'n glasier wyn gedrink, gerook en gesels, allerlei lekkernye gepresenteer en dikwels kaart gespeel: ombre en klaverjas (gravejas) — laasgenoemde veral. Buitengewoon gelief, en ongedwonge, was die sit op die stoep in die koelte van die aand, veral in die somer, en dieselfde oor en weer besoeke. Selde het die samekomste later as neënuur geduur. As die slaweklok lui, was dit tyd vir goeie burgers om naar bed te gaan. Onderlinge feestelikhede was volop. Selfs 'n begrafnismaal was heelwat.

Veral by huwelike het die maat oorgeloop. Die het meer uit 'n reeks feeste as iets anders bestaan. Eet, drink, musiek en dans het daarby nie ontbreek nie. KOLBE verhaal van die

¹⁾ Stellw., *Van en naar ens.* bls. 180. ²⁾ Vgl. *Four Months in Cape Colony*, (1846) e. a.

³⁾ Kolbe, *Beschr.* Dl. II. bls. 302, e.v. Die *Dagboek* van Adam Tas gee ons veral eerstehandse kennis van die landelike sosiale lewe uit hierdie tyd — in grondslag dieselfde as die stedelike. Adam Tas woon naby Stellenbosch. Hy vertel van heen en weer kuier by bure, van lekker gesels. Goeie waardering van 'n „sopie” ontbreek nie. Geen geringe belangstelling word in die „politiek” gestel nie. Gereelde kerkbesoek, publieke vandiesies, verjaars- en huweliksfeeste vermeld hy. — Is dit, met weinig nuwe, nie vandag nog die hoofelemente van die Afrikaanse samelewing in dorp en op platteland nie?

Alleen het in die stad natuurlik in sommige dinge meer vormlike en verfynde elemente ingetree, wat te verwagte is in 'n sentrum van regering en opvoeding.

nahuwelikse fees: ¹⁾ „En op zulke wys word de avond met allerhande vrolykheden, (*daaronder somtyds ook masqueraden*) ²⁾ en 't grootste gedeelte van de nagt doorgebragt” ens. Sou „masqueraden” hier toneelopvoeringe beteken? Waarskynlik nie; dan sou KOLBE veeleer van „komedies” gepraat het ³⁾. Maar onmoontlik bly dit nie. Musiek d.w.s. beroepsmusiek, en dans is trouens altyd 'n hoofbestanddeel van die Kaapse samelewing gewees. Die goewerneurs met hul ontvangste, dinees en bals het hiertoe veel bygedra; ⁴⁾ om die jaarlikse miliesieoefeninge ⁵⁾ nie te vergeet nie.

In verband met opvoedingstoestande aan die Kaap was KOLBE kwalik te spreek ⁶⁾. Hy het dit allerweë sleggevind. Maar vir die natuurlike verstand van die kinders het hy alle lof. Lees-, skryf- en syferkuns was die hoofsaak in die onderwys. In besonder het sy kritiek die kindertug gegeld: die kinders sou, in die eerste plek te veel aan slawe toevertrou wees; die sieketroosters of voorlesers, wat ook gewoonlik die skoolmeesters was, sou te lui wees.

MENTZEL ⁷⁾ noem KOLBE baie misleidend; en sonder twyfel is MENTZEL veel vertroubaarder as KOLBE ⁸⁾. Maar MENTZEL verloor uit die oog, dat hy ongeveer dertig jaar na KOLBE praat. Sodat 'n mens met sy kritiek op KOLBE ook versigtig moet wees. MENTZEL weerspreek die bewering dat kinders so veel aan slawe toevertrou sou wees, intendeel hul geniet besonder veel ouderlike sorg. Onderwys was natuurlik alleen laer onderwys, waar „die lewe nog primitief was en die Kompanie se bestuur wet”. Tog was dit algemeen en taamlik goed. Meer aandag word aan jongetjies as aan meisies gewy; laasgenoemde ontvang weer gouer huishoudelike en sosiale opvoeding tuis. Vermoënde ouers het hul seuns dikwels naar Batawië of Holland gestuur vir hoëre opvoeding. Verder kan MENTZEL nie woorde genoeg vind om die meisies te prys vir hulle goeie smaak, maniere en intelligensie nie. „Models of deportment” noem hy hulle. Hulle is aantreklik, en van nature elegante danseresse. Hulle hou nie te veel van wandel nie. Selfs toe was al 'n soort piekniek — nog altyd 'n geliefkoosde vorm van vermaak in die verlokkeende klimaat van Suid-Afrika — gebruiklik.

Met hierdie sosiale karakter van die Kaap gedurende die eerste helfte van die 18^{de} eeu in die oog, is dit duidelik, dat waar geen van die reisbeskrywers melding maak van

¹⁾ Kolbe, *Beschr. ens.* II, bls. 307. ²⁾ Kursivering van my.

³⁾ Sien bls. 15.

⁴⁾ Mentzel, *Desc.* ens. II, bls. 69.

⁵⁾ Theal 1691—1795 (1888) Vol. II, bls. 55.

⁶⁾ Kolbe, *Beschr.* II, bls. 317 e.v.

⁷⁾ Mentzel *id.* bls. 108 e.v.

⁸⁾ Vgl. Mendelssohn, *Bibl.*

drama en toneel nie, daar ook weinig rede is om die bestaan van toneel te veronderstel.

Afgesien van die kleinheid van die maatskappy, maak veral die gebrek aan hoëre geestelike beskawing en kunsbehoefes toneel onwaarskynlik. Die praktiese sorg vir 'n aangename lewensbestaan het die gedagtes van die burgery heeltemal in beslag geneem.¹⁾ Daarbuite het hul geestelike belangstelling selde gereik. Hulle vermake, vir sover hul tydverdryf gesoek het, was in hoofsaak sintuiglik en vir hulle genoeg: eet, drink, dans ens. Dat hul weinig lees, was toe al 'n algemene klagte, maar hierby moet steeds in die oog gehou word, dat die Kaapse klimaat vanself lei tot 'n meer opeluglewe, tot die buitegeselligheid van stoeplewe — die so tiepiese karaktertrek van die Kaap. Behalwe vir die "Kaapse dokter", die suidoostewind, en volgens VALENTYN, vlieë in die somer²⁾, is inderdaad, in die woorde van 'n latere skrywer, selfs "the Cape winter like a mild English summer". Die Kapenaars het ook nie stil gestaan nie. By MENTZEL kon ons reeds die vooruitgang op KOLBE se tyd sien: hy stel o. a. die aantal huise reeds op vyfhonderd³⁾. Ons volgende getuie, besonder belangrik ook omdat hy juis die vraagstuk van toneel in hierdie maatskappy bespreek, is BERNARDIN DE ST. PIERRE⁴⁾, die beroemde skrywer van *Paul et Virginie*. In 1771 was hy aan die Kaap, op sy heenreis naar Mauritius. Ons moet egter in die oog hou, soos BUSKEN HUET reeds aangetoon het⁵⁾, dat BERNARDIN geneig is om sy beskrywing deur die idilliese van sy Rousseauaanse opvattinge te veel te laat kleur. BERNARDIN DE ST. PIERRE het weinig anders as lof vir die Kaap oor.

Hy prys die buitengewone gasvryheid, "selfs aan diere"⁶⁾, en noem met verrukking die "gelukkige mense" en „geseënde aarde (terre abondante)". Die inwoners sê hy⁷⁾, speel (dobbel) nie, en heg weinig aan staatsiebesoeke.

Die vrou hou haar aan haar huislike taak, die man wy hom aan sy sake. Saans in die koelte gaan die gesin graag wandel. Grote gehegtheid bestaan tussen bloedverwante en daar is nog geen aanstellerigheid van die deftiger stad teenoor die eenvoudiger land nie. Jongmeisies is fluks en huislik. "Hierdie mense" vervolg hy,⁸⁾ tevrede met die huislike geluk wat uit deug voortvloei, het dit nog nie in romans of op die toneel leer soek nie. Daar is geen toneelvoorstellinge aan die Kaap

¹⁾ Mentzel, *Desc. ens.* I, bls. 2; Stavorinus, *Reize ens.* II, bls. 140 e.v.

²⁾ *Keurl. Beschr.* Dl. V. *Stuks* II, bls. 51. ³⁾ Mentzel, *Life ens.* bls. 147.

⁴⁾ *Voyage à l'Isle de France (Oeuvres Complètes.* Paris 1820). Tome II, bls. 64 e.v.

⁵⁾ *Oude Romans* I, bls. 222 e.v.

⁶⁾ *Oeuvres ens.* II, bls. 28 e.v. ⁷⁾ Id. II, bls. 64 e.v. ⁸⁾ Id. II, bls. 66

nie en die mense verlang ook nie daarnaar nie; iedereen sien reeds in sy eie huis die aandoenlikste (fort touchants) tonele." Die Kapenaar besit reeds die vreugdes wat 'n mens tevergeefs in die ryk van die verbeelding soek. Daar word nie veel gepraat nie, want die maatskappy as sulks lewer nie veel stof tot onderhoud op nie. Die liefde by die meisies is 'n natuurlike gevoel, waarvoor hulle uitkom; hulle bepaal hul eie keuse. Ook die jonkmans is net so rond en openlik. Hulle bly getrou selfs as hul naar Europa gaan. Gewoonlik volg dus ook gelukkige huwelike.

Hul liefde vir Holland, die „patria", bly groot. Selfs vreemdelinge praat van „vaderland". Die Kaap het 'n nette kerk met ordelike diensviering. Die Hugenate is gelukkig, ofskoon hul nog heimwee naar Frankryk het.

Groot respek en liefde bestaan vir die goewerneur, RYK TULBAGH. Hy gee geen publieke feeste nie, voer 'n eenvoudige lewenswyse, verleen vrye toegang aan almal. Hy is 'n eerlike en rondborstige man, gasvry vir vreemdelinge, belese. BERNARDIN DE ST. PIERRE se laaste woorde is: „bons Hollandais du Cap!"¹⁾

Kapt. JAMES COOK in sy reise — en watter reisbeskrywer was betroubaarder as COOK? — van 1768—1779, was viermaal aan die Kaap en het weinig anders as goeds daarvan te sê; in hoofsaak dieselfde as BERNARDIN. In sy eerste besoek in 1771 prys hy die stad, aanleg, klimaat, beleefdheid van die inwoners ens., en veral die vlyt en deursettingsvermoë van die Hollanders wat uit so'n „barren country" so'n lushof kon maak. Verder bevestig hy dat daar „de beste huisvrouwen van de waereld" (ook as moeders) is²⁾. Hylaag volg:³⁾ „Daar zijn geen openbaare vermaaklikheden, en die welke afzonderlijk gehouden worden, bij welke fatsoenlijke vreemdelingen altoos worden toegelaaten, waren opgeschort terwijl wij er waren door het uitbreken van de mazelen." In 1772 meld hy nog, dat in Kaapstad „de beste lufferschap meest al niet onbevallig (is, en) gemeenlijk goed zingt, danst en op de luit speelt en daardoor vergoeding maakt voor 't gebrek van beschaafde manieren en kiesheid van gevoelens" —⁴⁾ waaruit ons sien dat musikale opvoeding ook al 'n essensiële element vir meisies geword het. Kulturele vooruitgang dus.

Hoe moet by dit alles, die volgende nou rym? In 'n boek *The Cape Peninsula* deur René JUTA (1910) vind ons die volgende⁵⁾ oor die Kaapse samelewing teen hierdie tyd: „Not a decent school in the town, not a sign of a library,

1) *Oeuvres ens.* II, bls. 130. 2) *Cook's Reizen*, Pasteur, Dl. III, bls. 465.

3) *Id.* bls. 470.

4) *Reis ens.*, P. L. Paris, Dl. IV, bls. 35.

5) *Cape Town*, 1910. bls. 16.

only a theatre whose productions bored them intolerably.”
 “ ‘Ach, foei toch, Mijnheer COOK’, says the lady with the smallest feet in all Kaapstad to the famous sailor COOK, who was the guest of her father, Mijnheer LE ROUX, ‘go to the theatre? To listen for three hours to a conversation?’ ”
 Hierdie gesprek sou plaasgevind het by COOK se tweede besoek in November 1772.

Ten spyte van die noukeurigste ondersoek in alle moontlike bronne, gedruk sowel as manuskripte van en omtrent COOK, het ek geen nadere bewys of andere bronvermelding van hierdie bewering kon vind nie. Dit staan dus uitsluitlik op die gesag van mej. JUTA ¹⁾.

Hoe dit sy, 'n jaar tevore het COOK nog verklaar: “There are no public amusements at the Cape”. Alle geskrifte daarvòr, daartydens en daarna staaf bowendien hierdie bewering. STAVORINUS ²⁾, wat aan die Kaap in 1768 en 1771 was, vermeld geen toneel nie, hoewel hy 'n vry volledige beskouing oor die Kaap gee, en 'n oop oog vir toneel blyk te hê ³⁾. Hy lê o. a. veral nadruk op die gemaklikheid van die Kaapse lewe ⁴⁾.

Dieselfde is die geval met THUNBERG, wat tussen 1770 – 1779 aan die Kaap was. Baie wetenswaardighede deel hy oor die Kaap mee; die volksvermake ⁵⁾ ens. vermeld hy, maar van komedie praat hy geen woord nie, hoewel hy dit elders op sy reis ⁶⁾ wel doen. Ek kan nie anders as tot die slotsom kom nie, dat die mededeling van mej JUTA 'n vergissing of onjuistheid is.

En so het die lewe aan die Kaap sy gemaklike gang bly gaan, met sy besoeke, slaap, gesêls en dans — tot daar

¹⁾ Mej. Juta was so vriendelik om op 'n brief van my oor hierdie saak te antwoord. Haar oorspronklike bronne kon sy nie meer presies opnoem nie. Sy erken dat sy soms haar fantasie oor die feite laat speel het. Op 'n suggestie van my dat die feit in hierdie geval op 'n mededeling van BARRROW (*Reizen ens.* Dl. 4, 1805, bls. 207), ten opsigte van toestande in die Engelse tyd, begin 19de eeu, dus meer as 'n kwarteeu later, berus, het ek van mej. Juta nog steeds geen antwoord ontvang nie. Barrow praat hier o.a. van die Skouburg en van Hollandssprekendes wat die aanhoor van stukke 'n drieuurlange verveling vind. (Vgl. bls. 105). Ek glo mej. Juta het toestande meer as 'n kwarteeu vooruitgeloop.

²⁾ *Reize ens.*, Dl. I bls. 25–32; Dl. II, Boek IV, bls. 132 e.v.

³⁾ Hy vermeld komedie „deur liefhebbers onder die Franse in Voor-Indië”, Dl. I, bls. 115, en vertel van 'n *Comedie* in Batawië, Dl. I, bls. 266.

⁴⁾ As wetenswaardigheid alleen deel ek hier sy spesiale vermelding van die neiging tot gemaklikheid, veral by die manne, mee. Origens smiddags gaan die mense slaap „naar de Indische gewoonte.” (Dl. I, bls. 266.)

⁵⁾ *Travels, ens.* (Dl. II, bls. 127.)

⁶⁾ In Japan beskrywe hy spele en skouburge in besonderhede, en moraliseer daarby dat hulle meer bereken is om die ydeles te vermaak as om die sedes van die volk te verbeter! (Dl. IV, bls. 46.)

in Junie 1781 skielik 'n hele omwenteling kom, die eerste saamgaan van burgery en garnisoen op gebied van toneel.

Dit was die tydperk van die Anglo-Amerikaanse oorlog wat in 1776 uitbreek het; en waarin Frankryk in 1778 en Nederland in 1780 as bondgenote teen Engeland betrokke raak. Dit het beteken dat die Kaap, die sleutel op die weg naar Indië, weer in gevaar gekom het van 'n Engelse aanval. Aangesien Nederland self nie voldoende mag te land of te see besit het om haar oorsese geweste te beskerm nie, het die Franse bondgenote, wat per slot van rekening ook groot belange in die Ooste gehad het, bygespring, en 'n vloot en soldate uitgestuur om die Kaap teen die Engelse te beskerm. Hoe dringend die gevaar was, blyk uit die feit, dat die Engelse alreeds 'n vloot uitgestuur het. Na 'n geveg onderweg, geluk dit die Franse om die Kaap eerste te bereik en dit te vrywaar teen 'n Engelse aanval. Die vloot is later weg, maar 'n aansienlike getal Franse troepe moes agterbly as versterking van die Kaapse garnisoen. Op die manier bereik die garnisoen 'n getal van 2000 tot 3000 man, waarvan selfs na 1783, toe vrede gesluit is 'n regiment tot 1784 aan die Kaap gebly het. Trouens, die besef van die belangrikheid van die Kaap het ook na 1784 gemaak dat steeds 'n garnisoen van by die 2000 man daar gelaat is, regimente grotendeels bestaande uit Switserse en Duitse huursoldate¹⁾. Hierdie regimente word veral vir later tyd belangrik²⁾. Die netto gevolg van hierdie nuwe toestand was 'n skielike verandering van die rustige, deftige Kaap in 'n „Klein Parys”, en 'n direkte oorplanting van die swier en verfyning van die Paryse „Pruiketyd” naar die Kaap. Die groot welvaart wat insgelyks skielik aan die Kaap ontstaan het uit hierdie vermeerderde handel en bedryf, het die Kapenaars spoedig in staat gestel om lustig in alles mee te doen en om te laat sien dat die Kaap in niks vir Europa hoef agteruit te staan nie! Kortom 'n hele ekonomiese, sosiale en kulturele omwenteling het plaasgevind. Die bietjie politieke agitatie wat alreeds aan die Kaap ontbrand het, as refleks van Europese gebeurtenisse uit die tyd, het heeltemal verdwyn.

Op kulturele gebied, het hierdie tyd sy duursaamste uiting gevind in die pragtige ou-Hollandse boustyl³⁾, wat onder ANTON ANREITH en LOUIS THIBAUT tot sy hoogste bloei gekom het⁴⁾. Die tydsinvloede sien ons in die veelvuldige barok- en rokoko-elemente daarin.

Verder kom daar op toneelgebied 'n skielike oplewing.

¹⁾ Gie, *Gesk. ens.* bls. 212. ²⁾ Met die koms van die Engelse (1795).
Vgl. bls. 60 e. v. ³⁾ Vgl. *Burger Nuwejaarsnommer*, 1922, bls. 25.

⁴⁾ Vgl. De Jong, *Reizen ens.* bls. 139.

LE VAILLANT¹⁾ sê immers dat waar Franse gaan, skyn die toneelkuns hulle altyd te vergesel! Hierdie oplewing skyn eweneens skielik dood te gaan. In waarheid is dit alleen die voorteken, en miskien in sekere mate die vrugbaarmaking, van 'n lewe wat twintig jaar daarna weer sal begin, maar om dan waarskynlik nooit meer dood te gaan nie.

Hierdie fase in ons kultuurgeskiedenis het LE VAILLANT, die Franse reisiger wat aan die Kaap van 1781—'85 was, vir ons beskrywe. Dis 'n fase wat uit algemene, kulturele oogpunt nog lank bly deurwerk aan die Kaap, en dit verdien dus ons besondere aandag. LE VAILLANT keer van 'n binnelandse reis terug.

Hy vind die Kaap van 'n bekoorlike, sierlik-geklede maar ingetoë jong meisie tot 'n grillige modepop verword. Die sedige Hollandse nooientjie wil haarself as 'n Franse nuffie aanstel. Ja, tot selfs in die boerewoning van die omgewing, sê hy, het hierdie „dwaze drift” oorgeslaan. Die mooiste volstruisvere wat hy meegebring het, verdwyn weldra in geskenke — onmoontlik vir die gevoelige Fransman om aan vroueskoon iets te weier! Hy erken ronduit dat waar hy die kans skoon gesien het om verskillende offisiere en galante Kapenaars op die manier uit te stof, hy sekerlik van sy kans gebruik gemaak het om „zig in de goede gunst van de schoonen in te dringen”. LE VAILLANT kan dan ook nie help om te moraliseer nie oor die oorwig wat die Franse en hul kultuur, bo alle andere nasies, orals waar hul kom, skyn te verkry; in besonder sou hul die voorkeur by die vrouens geniet, deur hulle innemendheid en beslissende toon.

Ook die komedie maak sy verskyning en veroorsaak gou-gou geweldige gisting. LE VAILLANT vertel — die tyd is so begin 1783²⁾ — dat die Franse regimente aan die Kaap, die van Pondicherry, die Switserse van MEURON, en die legioen van Luxemburg was. Onder laasgenoemde het hy selfs ou kennisse gehad, wat pleit vir sy noue aanraking met en kennis van hierdie gebeurtenisse. Hy verhaal: „Schoon de stad zig enkel met oorlogs-toebereidzelen bezig hield en men elken dag verwagtede door de Engelsche vloot aangetast te zullen worden, hadden de Fransche officieren, er egter reeds den smaak voor de vermaakken ingevoerd. De soldaaten exerceerden 's morgens en speelden 's avonds de comedie. Een gedeelte van de barakken wierd door hen in een comedie-zaal veranderd. Vermits zy in de stad geene vrouwen hadden kunnen vinden, die in staat

¹⁾ *Reize ens.* Dl. III, bls. VII e.v. Van die Engelse sou mens dit, met die oog op die Kaap, ook kan sê. — F. B.

²⁾ Vgl. Theal 1691—1795, bls. 252, 256.

waren de vrouwen-rollen te vervullen, lieten zy die spelen door die van hunne makkers, die door hunne jongheid, door hun zagt gelaat en frisheid van kleur best voor de kleding pasten. Dat nieuw slag van actrices maakte het spel nog belangrijker en vrolyker. Wat de acteurs belangt, daar waren er onder hen die veel talent voor die kunst hadden en ik herinner my dat een van hun de *Figaro* in de *Barbier van Seville* zoo uimuntend speelde, dat men hem aan de Kaap en in zyn regiment niet anders dan ‚Figaro’ noemde.

Deze geestige tydkortingen vermaakten my ongemeen, dat moet ik bekennen; maar wat er my het meest van behaagde was dezelfde in Afrika voortgeplant te zien, dat is in de nabuurschap van de leeuwen, de panthers en hyenas. Wat de creolen aangaat, die tot hier toe nooit iets dergelyks gezien hadden, zy waren in verrukking. De gesprekken in de gezelschappen in de stad liepen voornamelyk over niets anders meer dan over de fransche comedie; men dagt niet meer dan aan fransche comedie; een ieder was ‚er verzot op.’

Maar nie altyd het dit suiwer vermaak en kuns gebly nie. „Om het algemeen vermaak nog grooter te maken, maakten de fatsoenlikste vrouwen het zich tot eene plicht den soldaaten, zoo acteurs als actrices, alles wat zy hadden van kanten, kleynodiën, ryke stoffen en kostbaaren opschik te leenen; maar enige hadden ook reden om het zich te beklagen en het gebeurde meer dan eens dat de edele Gravinne van *Almaviva* haaren geleenden opschik by de zoetelaars verpand gelaaten hebbende, de vrouwen, die haar dien geleend hadden, verplicht waren, om denzelven wedertekrygen, de tabak, de brandewyn en alle de verteeringen van de heldin te laten betaalen.”

En Cupido het natuurlik sy neus in die saak gesteeke tot grote onrus van sorgsame moeders en deftige vaders: „In het midden van die verrukking en de gisting, welke deeze tydkortingen veroorzaakten, speelde de liefde ook haare rol en daar kwamen van tyd tot tyd zekere ergerlyke liefde-gevallen aan den dag, die de kwaadsprekendheid stof verschaften en de huisgezinnen in onrust bragten. Het is waar, dat midden onder die gevalletjies hymen ook dikwyls de dwaasheden van zynen broeder kwam verhelpen en dat ‚er uit zynen stroperyen veele huwelyken sprooten, die alles weder te regt hielpen. Maar die klagten, schoon gesmoord en geheim gehouden, waren ‚er egter. De waakzaamheid der moeders was buiten raad. De mannen, des te meer verbitterd omdat zy genoodzaakt waren hunne jaloezy te verbergen, vervloekten in het geheim toneel en acteurs, terwyl de oude mamas die zich zoo niet inhielden tegens de wan-

orden raasden en openlyk de comedie de schuld gaven.”

Per slot van rekening gebeur die onvermydelike — in die kern van die saak was hierdie paddestoeltoestande tog ongesond —: „Eindelyk, tot groot verdriet van de jonge lieden, maar tot groote blydschap van de mannen en oude vrouwen, nam de comedie eensklaps een einde en het kwam door een vreemde oorzaak, welke men niet had kunnen voorzien.

Schoon de Kaap niet aangetast was en zelfs niet aangetast is geweest zoo lang de vyandlykheden duurden, had zy egter reeds enige der plaagen van den oorlog ondervonden. De vrees voor de Engelsche vlooten had belet, gemunt geld daar henen te zenden. In weinig tyds was 'er gebrek aan gereede penningen; de eetwaren steigerden in prys en de verlegenheid wierd algemeen. In dit gebrek meende de Hollandsche maatschappy papieren geld te moeten maaken. Maar deeze nood-munt, die geene andere borgtogt of zekerheid had dan het vertrouwen in de teekenaars, was een kwaad by een ander kwaad gevoegd. De meeste inwoners van de binnenlanden weigerden die halstarrig en veele van hun vreezende in papier betaald te worden, bragten geene eetwaren meer in de stad. Hierdoor wierd alles duurder en het gebrek kwam weldra tot het uiterste.

In die omstandigheden geraakten onze acteurs, die misschien hunne soldy niet al te naauwkeurig ontvingen, of die ten minsten zoo veel niet ontvingen als zy verteerden, in groote verlegenheid. Twee hunner bedagten, om zig te redden, het papieren geld natemaaken en hunne noodmunt ook aan den man te brengen. Ongelukkig gongen zy daar zoo ruw mede te werk en waren zoo onbeendig, in het namaaken van het schrift, dat zy weldra ontdekt wierden. Toen nam 'er de Justitie kennis van, de zaak nam zelfs eene ernstige keer en men vreesde langen tyd dat onze twee toneel-helden droevig aan hun eind zouden komen; maar het schikte nog en, hetzy dat men hunne persoonen of hunne regimenten ontzien wilde, hetzy men enige erkentenis wilde betoonen voor het vermaak, dat zy verschaft hadden, men hield zich tevreden met hen te bannen en hen in een schip intescheepen, dat naar Europa vertrok. Ik zag hen vertrekken. De troep bleef gebrekkig: beschaamd over dat geval durfde men geene opvolgers zoeken of weder beginnen te spelen.”

So het hierdie toneel jammerlik genoeg tot 'n einde gekom. Kenmerkend was, dat dit onder die garnisoen begin het; die mees “Europese” deel van die samelewing¹⁾. Merkwaaardig

¹⁾ Sien bls. 13 e.v.

is dat die burgery daar nou lewendig in betrek word. Eers onder Engelse bestuur in 1800, sou ons onder soortgelike toestande, 'n herlewing van die toneel onder die Hollandse burgery kry. Maar terselfdertyd sal dit ongetwyfeld in enkele opsigte 'n uitbotting wees van sommige sade deur hierdie wonderboom laat val. In hierdie verband is reeds die keuse van stukke waarskynlik 'n aanduiding.

Seker is dat, wat ook die lot van die toneel mag gewees het, dit moet veel goeds bevat het. Nuwigheid alleen is nie genoegsaam om so'n belangstelling te wek nie. Ook die keuse van die stukke het waarlik nie veel te wense oorgelaat nie, stellig nie wat betref moderniteit nie. Immers *Le Barbier de Séville* is op 23 Februarie 1775 in Parys vir die eerste keer opgevoer, het spoedig die hewigste opskudding gewek, en was ook inderdaad 'n gebeurtenis. Die hertogin van Almaviva bestaan as sulks nog nie in die *Barbier* nie; wel in *Le Mariage de Figaro*. Is die *Mariage* dus ook aan die Kaap gespeel? In geval van wel, moes dit begin 1783 plaasgevind het d.w.s. nog voor die eerste opvoering in Frankryk toegelaat is op 27 April 1784. Die moontlikheid bestaan, want in 1781 het die stuk reeds verskyn¹⁾. Wat 'n eer dan vir die Kaap, om selfs Parys voor te wees in "moderne" stukke!

Dit is seker dat hierdie verblyf van die Franse nog lank sy invloed nagelaat het. Nie ineens — en nooit volkome nie — het die Kaapse juffer teruggekeer tot die ou lewenswyse nie. DE JONG, Kommandant van 'n Hollandse fregat, wat in 1791 en 1794—'95 aan die Kaap was, en ook met 'n Kaapse meisie getroud is, skrywe: „De Franschen bedierven de eenvoudige zeden. . . . men kleeedde zich prachtiger en leefde rykelyker.” Ook DE MIST bevestig dit in 1803²⁾. „Het lang verblyf der fransche Vlootelingen, in den oorlog 1781—1784, en de vreemde Regementen, aldaar in bezetting, heeft de gehele wyze van leven aldaar verbasterd, en de luxe, en de zucht tot onafgebroken divertissementen in top doen stygen. De vrede heeft de toenmaalige bronnen van groote winsten opgedroogd, doch de lust tot pracht en *fainéantise* is gebleven”.

Wat hierdie “divertissementen” in hoofsaak was, in elk geval na 1785 en tot 1795, toe die Kompanie sy laaste asem uitgeblaas het, vertel DE JONG ons. Behalwe die wandeling in die Tuin, die besoeke, die kaartpartytjies, die hartstog vir dans (ja selfs die Boerenooiens dans “wezenlik contradansen en menuetten”)³⁾, ens., is bygekom, onder die mans, die liefde tot “ryden en schieten” (jag)⁴⁾. Hy bevestig⁵⁾ LE VAILLANT,

1) Lanson, *Hist. ens.* bls. 812. 2) *Mem.* § 41, bls. 47—48.

3) De Jong, *Reize ens.* Dl. I, bls. 99. 4) *Id.* I, bls. 135. 5) *Id.* I, bls. 130.

dat klavierspeel tot die algemene opvoeding van die meisies behoort — ofskoon die opvoeding origens maar op 'n lae peil staan. By publieke feeste is al illuminasies bekend¹⁾. In hoofsaak bly die lewe egter sy gang gaan van lekker eet, drink ens., en om tienuur is haas almal reeds te bed: “Koffiehuizen, nuwstydinger of publieke vermakelykheden heeft men niet; en het eentonige grenst gemeenlyk vry na aan het vervelende”²⁾).

Alweer dus ten spyte van alle vooruitgang, geen toneel aan die Kaap nie. Elders blyk dit duidelik dat DE JONG onder „publieke vermakelykheden”, ook toneelkuns verstaan³⁾.

Sedert 1791 het trouens 'n ekonomiese depressie aan die Kaap ingetree wat hom lank en skerp sou laat voel; wat 'n grootskeepse skema om opvoeding aan die Kaap te verbeter sou laat misluk⁴⁾; en wat selfs tot ongereeldhede onder die oostelike grensbewoners sou lei. Sulke toestande sou seker hulle deel bygedra het in die kulturele agterstand van die Kaap aan die end van hierdie tydperk.

¹⁾ De Jong, *Reize ens.* I, bls. 65. ²⁾ Id. II, bls. 147.

³⁾ So noem hy in Cork, onder hierdie hoof die „*Schouwburg*”. (I, bls. 236). Dat hy origens 'n oop oog gehad het vir liefhebberytoneel, blyk uit sy beskrywing van 'n diletanteopvoering in Noorweë in 1795. (II, bls. 315).

⁴⁾ De Mist. *Mem.* § 41.

HOOFSTUK II.

1795—1855. Kultuurtoestande.

§ I. 1795 — ± 1925: Algemene Samehang.

„Men zal jaaren werk hebben, eer men de Caabenaars weder *Nederlanders* kan maaken, en zonder de wedergeboorte van eene nationaalen geest, en smaak tot voorkeur van nationaale zeden, gewoonte, klederdragt, manufactuuren, enz., enz.: durft men zich van alle politike veranderingen, weinig goeds belooven.” Aldus die skerpsinnige DE MIST in 1802¹⁾, op die vooraand van die kortstondige weerinbesitname (1803—1806), nog geen drie jaar nie, van die Kaap deur die Hollanders; hierdie keer onder die Bataafse Republiek.

In hierdie woorde lê eintlik die sleutelwaarheid van die hele Hollands-Afrikaanse kultuurgeskiedenis opgeslote. DE MIST erken dat die Kapenaars geen Nederlanders meer is nie; dat van 'n nasionale kultuur sonder die wedergeboorte van 'n nasionale gees geen sprake kan wees nie. Onder „nasionaal” moet ons natuurlik vir die grootste deel van die 19de eeu „Hollands” verstaan, (soos DE MIST dit bedoel); vir daarna „Afrikaans”.

In die periode onder behandeling (1795—1855) sal ons die eerste kultuuropbloei van so'n wedergeboorte aan die Kaap sien. Dit kom nog voort uit 'n „Nederlandse” nasionale gees, gebore uit *gelykwaardigheidsgevoel* met die Engelse; uit wedywer met die Engelse kultuur, wat hom naas die „Nederlandse” kom vestig. Hierdie „Nederlandse” kultuur is natuurlik nie volkome suiwer nie. Daar is 'n „Afrikaanse” element in. Maar die is toevallig en onbewus en is beperk tot 'n bietjie plaaslike kleur:


Die volgende periode (1856— ± 1900) begin met 'n korte poos van inslaap. Dan kom 'n nasionale herlewing, voor alles deur politieke botsing en vyandskap in die lewe geroep. Stryd en verset teen verengelsing word die groot spoorslag tot die beoefening van nasionale kultuur, d.w.s. die Hollandse Afrikaner weier om homself en sy kultuur as *minderwaardig*

¹⁾ *Mem.* § 41, bls. 47 e.v.

aan te sien. Hy gryp weer naar die Nederlandse kultuur om homself te handhaaf — nog steeds voel hy homself „Hollands” — maar kom nou *ook* vir die eerste keer, ofskoon in beperkte kring (1875 die Eerste Afrikaanse Taalbeweging), tot die klare ontdekking dat hy „Afrikaner” geword het, en dat sy heil lê nie in 'n Nederlands-Afrikaanse kultuur nie, maar in 'n Afrikaans-Dietse. Hierdie periode kan gevoeglik die oorgangsperiode genoem word.

Die daaropvolgende periode is die periode van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, van, globaal gesproke, die eerste kwart van die 20ste eeu. Die besef van 'n Afrikaans-Dietse kultuur dring orals deur. Die Afrikaanse kultuur lewer sy eerste voldrae vrugte op. In die „Taalbond”, in middelpunte soos Kaapstad (Algemeen Nederlands Verbond) met b.v. die herleeft Rederykerskamer *Aurora*, en Stellenbosch, *Ons Spreekuur*, sal die Nederlands-Afrikaanse kultuurpoginge 'n laaste mooie opflikkering sien. Die minderwaardigheidskompleks van die Afrikaner, die miskenning van eie Dietse wese, wat sy hoogtepunt bereik het in die tien- tot twintigtal jare voor en in die eerste tiental jare na 1900, as gevolg van die jarelange oorheersing van die Engelse op regeringsgebied en van die stelselmatige gesuggereer van Engelse kant van die onvergelyklike voortreffikhede van die Engelse taal en kultuur, begin uiteindelik wyk vir 'n nuwe gelykwaardigheidskompleks, gebore uit eie politieke magsbesit en uit die opkoms van 'n eie Afrikaanse kultuur.

Van vernederlandsing is die swartepunt naar verafrikaansing verskuiwe, maar op Dietse grondslag. Grafies voorgestel lyk die hele verloop van die ontwikkeling ongeveer as volg:



§ 2. Nederlandse en Afrikaanse Renaissance.

Ons praat dikwels van die „Afrikaanse Renaissance” vir die kultuurontwikkeling uit die jongste tyd. Laat ons die term goed begryp. In sy handboek stel professor PRINSEN duidelik in die lig, die grondverskil tussen die Eerste (van die 15de en 16de Eeu) en die Tweede (of Nuwe) Renaissance

(van die 18^{de} eeu) in Europa. Hierdie twee fases van Renaissance kan as parallel uitstekend dien om Afrikaanse toestande te verklaar. Die eerste Europese Renaissance het naas gelykwaardigheid met die ou Klassieke gesoek, bowenal deur troue navolging, deur naas vorm en inhoud, selfs naas die taal, so gelyk moontlik aan die Oues te wees. Dit het dus grotendeels verloop in vormlike nabootsing en kunsmatigheid. Die nuwe Renaissance het egter in eie oorspronklike skoonheid, in eie wese, in eie taal, gelykwaardigheid aan die Oues gesoek en dit gevind.

So ook het die „Nederlandse” oplewing in Suid-Afrika in die 19^{de} eeu naas gelykwaardigheid gestreef met die Nederlandse kuns deur navolging en vormlike gelyksoortigheid, deur gebruik van die Nederlandse taal. Daarmee is veel goeds bereik, maar, behoudens miskien ’n enkele uitsondering, nooit eie, grote kuns nie, sodat die beweging, deur sy inherente swakheid, deur sy kunsmatigheid, tenslotte in die stryd teen die Engelse kultuur moes faal. Die „Afrikaanse” oplewing is egter een wat uit eie aard ontspring, wat die landstaal besig en wat in eie oorspronklike waarde naas die Nederlandse kuns wil kom te staan, en belangriker nog, naas die Engelse. Daardeur is dit juis aangewese om die oorwinning te behaal, waar die Nederlandse kultuur gefaal het.

Verder: net soos die Eerste Renaissance buiten die lewe van die eintlike volk bestaan het, was dit ook met die „Nederlandse” oplewing in Suid-Afrika. Die Nederlandse oplewing was in hoofsaak tot die Kaap en (later) enkele andere kultuursentra beperk, en tussen hierdie en die platteland, waar die eintlike Afrikaanse volk gewoon het, het ’n groot kloof bestaan. Op die platteland weer, in teenstelling, het die groot krag van die „Afrikaanse” oplewing, die Eerste Taalbeweging, berus. Die „Afrikaanse” oplewing het gesteun op die volk in sy oerkrag. Dit het opgebloei uit die volk se eie aard en wese. Tenslotte verower dit in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging ook die intellektuele en kulturele sentra. Met so veel Engelse elemente in die stede, resp. weinig Afrikaanse, by so ’n klein volkie as die Afrikaanse, sal organisering van en samewerking met die platteland ongetwyfeld nog lang ’n eerste vereiste vir die Afrikaanse kultuur bly.

Tegelykertyd was die Nederlandse oplewing — ewenas die eerste Renaissance vir die Tweede — die vernaamste leerskool, waarin die wete en ryping verkry is, wat sou lei tot selfkennis en persoonlike, oorspronklike begrip, m. a. w. tot die grondslag van selfstandige kultuurofbou, tot die „Afrikaanse” kultuur. Die „Nederlandse” fase was dus essensieel vir die „Afrikaanse”.

§ 3. 1795—1855. Besondere Kenmerke.

Die koms van die Engelse, voorlopig 1795—1802, blywend sedert 1806, met die meebring van hul eie beskawing, word die prikkel wat die Kapenaar noop om met sy eie kultuur voor die dag te kom, tensy hy hom in 'n minderwaardige lig wil stel. Hierdie prikkel — dis tegelykertyd 'n bewys van hoe skerp die verskil gevoel word — geld aanvanklik alleen sosiaal en kultureel; weldra ook politiek, op sy beurt groten-deels ingegee deur ekonomiese toestande.

Die inherente verskil van opvatting tussen „Afrikaner” d. w. s. iemand met 'n suiwer inheemse en plaaslike opvatting van landsbelang, en „Engelsman” d. w. s. iemand met 'n uitheemse en „Britse” — ondergeskik aan Groot-Brittanje — opvatting van landsbelang, laat hom spoedig blyk en lei tot velerlei botsings. Ek dink hier aan die bekende reeks gebeurtenisse: Swarte Ommegang (1812), Slagtersnek (1815), Hottentot-verordening (1828), Slaweafskaffing (1834), Grote Trek (1836), grootliks as gevolg van die Engelse Kafferpolitiek; Anti-Bandiete Agitasie (1849), die enigste geleentheid waar Hollands- en Engelssprekendes gemeenskaplike weerstand teen die Imperiale Regering gebied het. Hierby kom dat die geleidelike verengelsing deur middel van 'n versoeningpolitiek nie vinnig genoeg naar die sin van die Engelse owerheid gegaan het nie. Dit lei tot allerlei kragtige maatreëls van regeringsweë om die doel te bereik, soos Cradock se onderwysstelsel (1810)¹⁾; Somerset se anti-Hollandse taalverordening ten opsigte van regspleging, ens., maar veral van onderwys (1822); die koms van die „British Settlers” (1820) ens.

Ons moet, wat betref al hierdie faktore — sosiale, kulturele, politieke — van die staanspoor uit 'n onderskeid trek tussen die invloed wat daarvan uitgegaan het op die Kaap (Kaapstad en naaste omgewing) en tussen die op die platteland.

Op die platteland onder die Boerebevolking, het die politiek-ekonomiese faktore die grootste invloed uitgeoefen, het aldaar soos te begrype val, die sosiale en kulturele faktore — essensieël attribute van die stad — verreweg oorskadu. Hierdie faktore het die Hollands-Afrikaanse nasionale gees sterk aangewakker, en het per slot van rekening die vernaamste dryfveer geword tot die Grote Trek wat tot die opening van die Noorde gelei het, en tot die stigting van Hollands-Afrikaanse politieke groepe in die Oranje-Vrystaat en Transvaal na 1850. Hierdie stigting sal in die volgende periode sy

¹⁾ Malherbe, *Educ. ens.*, bls. 56 e.v.

terugslag sterk aan die Kaap laat voel: nasionale samehorigheidsgevoel lei tot hernude kulturele, in besonder dramatiese, opbloeï¹⁾. Uit algemene oogpunt sou ons die verloop van Afrikaanse volkswording kan indeel as volg: 1806—1836 is die negatief-bewuste periode; 1836—1902 is die positief-bewuste. Die oorlog van 1899—1902 voltooi die ontwikkeling²⁾.

Byna net andersom as op die platteland het die verskillende faktore invloed uitgeoefen op die Kaap. Politiek-ekonomiese faktore laat hulself natuurlik geld b.v. die slaweafskaffing in 1834. Die vernaamste rol speel egter sosiale en kulturele faktore.

Hierdie faktore is nie altyd suiwer nie. Kultureel-politiek sou ons kan noem die oprig van private Hollandse onderwysinrigtinge as gevolg van die regering se verengelsingstelsel van onderwys³⁾; die oprig van 'n blad soos die *Zuid-Afrikaan* in 1830 om 'n suiwer Afrikaanse politiek te voer, soos sy naam reeds aandui. Kultureel-sosiaal sou ons kan noem die verskyning van Boniface se drama: *De Temperantisten* in 1832 as gevolg van die matigheidsbeweging ten opsigte van drankgebruik.

Al neem ons egter net die suiwer sosiale en kulturele faktore, bly hul nog die vernaamste invloede in die Kaapse samelewing. Onder hierdie faktore is natuurlik godsdiens inbegrepe. Die Kaapse samelewing was, in die grond van die saak, die voortsetting van 'n maatskappy, nog te kragtig, bewus van homself en homogeen, om hom somar voetstoots aan 'n ander kultuur gewonne te gee.

'n Gesonde wedywer ontstaan as die Engelse hul kultuur tot die algemene wil verhef. Die Hollands-Afrikaanse kultuur is soos 'n slapende wat wakker word. Nou ontplooi hy homself in sy volle krag, en sal in die eerste worsteling met die Engelse kultuur segevierend en met veel louere daarvan afkom, nie die mins op dramatiese gebied nie. Daarna egter sal lis hom verskalk, waar mag misluk het.

Hollands-Afrikaanse kultuur, maar ek het reeds daarop gewys, verreweg meer Hollands as Afrikaans. DE MIST⁴⁾ e. a. praat van verbastering en verval van sede (Nederlandse) aan die Kaap. Beter kon hul hier van „verandering” gepraat het, en daarmee die Afrikaanse element bedoel het. By uitstek was die Kapenaar egter nog Hollands: in karakter,⁵⁾ in taal-

1) Sien bls. 463—464.

2) Vgl. *Christ. Letterk. Studien 1*. Tazelaar. Artikel van skrywer.

3) Godsdienstige oorweginge speel hier ook 'n rol; onderwys was nog grootliks die dienaar van die kerk. 4) *Mem.* § 41 e.v.

5) Die Engelse smaal graag op „Dutch phlegm”. Origens is godsdienssin, sakeges en 'n dikwels aangetroffe sug tot navolging, tiepiese kenmerke.

en kultuurstrewewe. Daarom kan ons hier praat van 'n „Nederlandse” Renaissance.

Hoe was dit met die Kaapse samelewing in hierdie tyd gestel? Die neersetting aan Tafelbaai het teen die begin van die 19de eeu werklik 'n stadje van belang geword. Waar vandag die hart van die sakewêreld is, was toe nog die hart van sakewêreld en samelewing: die Keisers- en Heregragte, sedert verdoop tot Adderley- en Darlingstrate. Die bevolking¹⁾ het in 1805 bestaan uit 6.273 Europeane en 10.711 gekleurdes, waarvan die grootste deel slawe was. Afgesien van openbare geboue was daar 1258 ander, en volgens PERCIVAL²⁾, anders ongunstig genoeg in sy oordeel, was die Kaapse huise gemiddeld beter as die Engelse. Tot byna³⁾ die eind van ons tydvak is die vermeerdering in al die genoemde getalle gestadig, sodat teen 1855 die hele bevolking ongeveer uit 24.000 bestaan het⁴⁾: in vyftig jaar dus met $\pm 50\%$ vermeerder. Op sosiale gebied vertoon die Kaap in die meeste opsigte dieselfde kenmerke soos voorheen. Dieselfde gesellige „onder ons” gees oorheers; dieselfde stoepsittery smiddags met sy teepartytjies vir die dames, rook- en geselspartytjies vir die here, bestaan voort. Die wandeling in die Tuine, later op die Parade by voorkeur⁵⁾, duur voort. Hierdie plesiertjies word egter vermeerder met „Straatlopen” op maanskynnagte in die somer⁶⁾ of met rytoertjies oordag. Erg in trek is die aandpartytjies tussen die famielies onderling. Die here sit aan die een kant en gesels of speel kaart, die dames sit aan die ander met handwerk en eweneens te gesels⁷⁾. Verjaars- en ander feesdae word op die gebruikelike wyse gevier. Vroeg in die môre koffiedrink en opstaan was die reël; so ook was die middagslapie. Saans om neënuur, na die kasteelskot, was slapenstyd. Hierdie gewoonte verklaar die vroeë aanvangstyd van vermake. Die dagindeling is origens nog hede die mees algemene in Suid-Afrika buitekant die stede. Die Kaap het nog geen straatverligting gehad nie; vir die stadsvervoer het dus saans lantern- en draagstoeldraers bygekom, gewoonlik slawe⁸⁾.

¹⁾ Theal 1795—1834 (1891) bls. 3.

²⁾ *Acc. ens.*, bls. 116; vgl. Craufurd, bls. 50 e.v.; Renshaw, *Voyage ens.*, bls. 29. Hy prys „die mooie blanke geboue”.

³⁾ In die laaste paar jaar begin dit veel vinniger gaan. *Alm.* 1855 bls. 176.

⁴⁾ Vgl. *Alm.* 1853, toe 23.749; *Notes on the Cape ens.*, by a Bengali in 1842. Hy gee op 21.840, waarvan 9359 blankes.

⁵⁾ Teenstra, *Vruchten ens.* I, bls. 299.

⁶⁾ Semple, *Wandelingen ens.*, bls. 27.

⁷⁾ Borchers, *Bladen ens.*, bls. 191; Barrow, *Reizen ens.* I, bls. 64, e.v.

⁸⁾ Burchell, *Travels ens.*, bls. 20 e.v.

Die samelewing bly dus een van baie noue onderlinge aanraking. Huislikheid is die kern, gasvryheid en geselligheid die oorheersende kenmerke daarvan, soos trouens te verwagte val in 'n klein gemeenskap waar mense op mekaar in hoofsaak vir hul genoegens aangewys is.

Die lewenswyse is gemaklik. Teen swaar werk het die klimaat en volop goedkope arbeid van slawe seker veel bygedra. Die beskuldiging van „luiheid” deur die Engelse was egter ongegrond ¹⁾.

In baie opsigte het dus alles min of meer by die oue gebly. Hiernaas sluip allerlei nuwe gebruike in, bo alles onder Engelse invloed. Die bittertjie van 11 tot 12 smôrens op die sosieteit — die hoofdete was smiddags —, sal nog 'n goeie Hollandse gebruik gewees het, hoewel miskien uit later tyd; die sosieteit was egter iets nuuts en waarskynlik aan die Engelse te danke. Vóór 1795 in elk geval het ek daar geen melding van kon vind nie ²⁾.

So sal ander Engelse gewoontes, voor alles op gebied van vermaak en sport, in meer of minder mate die Hollandse samelewing beïnvloed. Onder Engelse moet ons hier verstaan, vóór 1803, die garnisoen en amptenaregroep; na 1806 die garnisoen, die amptenaregroep, 'n opkomende Engelse burgery, en, vir lange tyd, 'n belangrike groepie „Indian Visitors”. Hierdie Indiese besoekers was Engelse op verlof uit Voor-Indië. Voor die opening van die Sueskanaal was die Kaap 'n geliefkoosde vakansieoord vir hulle. Hulle was, in besonder, 'n steun by alle vermake, soos byna vanself spreek.

Die onskeidbare samehang van die vermaakslewe in die algemeen en die toneel in die besonder; die invloede hiervan op die Hollandse samelewing wil ek nou nader beskou.

Die Engelse garnisoen aan die Kaap van 1795 tot 1803 was 'n groot garnisoen, gemiddeld 5000 man ³⁾, en pure garnisoen, nie met allêrhande ander elemente vermeng soos in die dae van die O. I. K. nie. Bowendien was dit 'n beroepsleër, waarvan die offisiere byna uitsluitlik uit die hoëre kringe in Engeland gekom het ⁴⁾. Hulle was dus mense, gewoon

¹⁾ Barrow, *Reizen ens. IV*, bls. 199; Percival, *Acc. ens.*, bls. 255; *Gleanings in Africa*, bls. 20 e.v. Hierteenoor: Theal, bls. 4, 1795—1834 (1891); Lichtenstein, *Reizen ens. I*, bls. 182; Teenstra, *Vruchten ens. I*, bls. 141 (vgl. egter ook bls. 374); A. W. Cole, *The Cape ens.* bls. 63; Carmichael: *Biogr. Sketch II*, bls. 54 e.v.

²⁾ sien Bylae II.

³⁾ Vgl. Borchards. *Bladen ens.*, bls. 154; Theal 1795—1834. (1891) bls. 18.

⁴⁾ Immers vir die Engelse „gentleman” was daar vroeër alleen beroepskeuse tussen: „The Church, the Army and the Navy” of „Politics”.

aan die beste wat die Engelse sosiale en kulturele wêreld toentertyd kon bied en oor die algemeen ruim met geldmiddele bedeel. Dit spreek vanself dat 'n lange inkwartiering in 'n plek soos die Kaap met sy klein bevolking en sy gebrek aan vermaaklikhede, waarby nog kom sy oorwegende Hollandse karakter, met die gepaardgaande deeglikheid en huislikheid, tot verveling aanleiding moes gee en moes aanspoor tot die op-tou-sit van eie vermake ¹⁾. Om „Clubs”, „Races”, „Fox-hunting”, „Balls”, „Theatres” het die Engelse sosiale lewe van die tyd gedraai; gou maak dus hierdie dinge hul verskyning aan die Kaap — Engelsman bly Engelsman altyd — onder die inisiatief, in die eerste plek, van die garnisoen. Natuurlik was die outoriteite nie blind vir die heilsame van gesonde vermake vir sulke troepemassas nie en het aan sommige dinge, b. v. 'n skouburg, dikwels alle moontlike hulp verleen ²⁾. Een van die eerste dinge deur die Engelse, die garnisoen, ingevoer was die „Races” ³⁾, reeds ± 1796.

Die wedrenne hang weer nou saam met die opkoms van die sosiëteitswese. Ander vermake wat die wedrenne in sy sleep meegevoer het, was gereelde „Raceballs” en soms 'n toneelvoorstelling. Die renbaan was op Groenpunt; die samekomste tweemaal per jaar: April en September gewoonlik, die najaars- en voorjaarsbyeenkomste. By beide geleenthede heet dit „Raceweek”. Die wedrenne het ook oorspronklik 'n volle week geduur; later duur dit gewoonlik vier dae. Van die staanspoor uit het die Hollandssprekendes baie deelgeneem, d. w. s. in die eerste tyd vir sover dit die bywoning betref, veral as deel van „society”. Egter hier reeds moes hulle in onaangename aanraking met Engelse spot en aanmatiging kom; tiepiese Engelse eienaardighede wat baie bydra om die rasseverskil te verskerp. Kenmerkend by wyse van vergelyking, is die verdwyn van die wedrenne onder die Bataafse Republiek; daarenteen die grotere omvang van konsert- en toneellewe. Inderdaad die Hollandse aard verskil van die Engelse.

Met die tweede Engelse besetting kom die wedrenne natuurlik terug, neem die Hollandssprekendes weer aktief deel daaraan. Trouens sedert ongeveer 1814 is die leiding op hierdie gebied hoofsaaklik in hande van Afrikaners, o. a. die CLOETES, VAN DER BYLS, MYBURGHES, THEUNISSENS e. a. By hulle was dit natuurlik in die eerste plek 'n kwessie van perdeteelt. Ook buiten Kaapstad word die wedrenne algemeen. Sedert 1810

¹⁾ Vgl. Lady Anne Barn. bls. 188 e. v. (1913); *Transport Voyage to Mauritius*, bls. 273.

²⁾ Lady Anne Barn. bls. 297 (1913). ³⁾ Sien Bylae I.

vind hul al op Elsenburg plaas; sedert 1817 op Stellenbosch ¹⁾; daarna ook b.v. op Pêrel, Swellendam, Graaff-Reinet, Cradock ens. met die gewone nasleep van dinees en bals. Die groot dryfveer vir die wedrenne was in die eerste plek die uitvoer van perde naar Indië. Plaaslik, vir Kaapstad en omgewing, was ook die aanwesigheid van die „Indian Visitors” van invloed. Hul was sterk ondersteuners daarvan uit die oogpunt van vermaak. Dit kan nie ontken word nie dat die wedrenne op die lange duur ’n element tot verengelsing was. Sommige van die Afrikaanse name hierbo genoem het teen die end van die 19de eeu byna spreekwoordelik geword as voorbeelde van verengelsing. Sodaniges het sosiaal baie onder die Engelse verkeer. Die invloed tot verengelsing van die wedrenne is dus kultureel van belang. Te groot was die invloed egter nie. Hy het hom tot enkele sentra beperk. Tot die grote gros van die Afrikaanse volk, soos b.v. by die volk in Engeland, het dit nooit deurgedring nie. Die verval van die perdeuitvoer en -teelt omstreeks 1850 het grootliks die belangstelling in die wedrenne verminder, en die Afrikaanse godsdienstige gevoel het ongunstig op die weddenskappe gereageer.

In intieme verband met die „Races” staan die opkoms, sedert 1807, van Jagklubs aan die Kaap: „Hunt-clubs”, wat jakhalse (i. p. v. vosse), met die gebruikelike „hounds” op die Kaapse vlaktes jaag ²⁾. Ek kan egter nêrens ontdek nie, dat Hollandssprekendes hier enigsins noemenswaardig aan deelgeneem het nie. Vir offisiere en andere besoekers mag dit sport gewees het; die Afrikaner het te veel van die ware jag ³⁾ gehou om sy tyd hieraan te gee.

¹⁾ Miskien dieselfde?

²⁾ Volgens die *K. C.* 12 Sept. 1807 bestaan daar ’n „Vriendelyke Jagt- en Speel Societeit aan de Kaap de Goede Hoop”, maar behalwe van dineer, verneem ons weinig van hul aktiwiteit. By 30 Jul. 1814 (*K. C.*) bestaan vas ’n jagklub, die „Afrikaansche Jagt Honden” of „Cape Hounds”, blykbaar met ’n groot „Kennel” (*K. C.* 29 Jan. 1814), en vermoedelik die skenkers van die „Jagt Beurs” by die wedrenne. (*K. C.* 25 Jun. 1814; 29 Jul. 1815 e. v.). Gedurende die seisoen (winter, vgl. *Notes on Cape of Good Hope* 1820 en *K. C.*) word tweemaal in die week geja; vergaderinge en kennisgewinge geskied in die Afr. Sos. Huis (*K. C.* 30 Jul. 1814 e. v.). Later hoor ons van ’n „Union Hunt” (*G. G.* 4 Apr. 28). By 1834 behoort die spanne honde aan die here Blair en v. Reenen. (*United Service Journal* 1834 II, bls. 339). Die klub heet „Cape Hunt Club”. Nog later is „Rathfelder’s Hounds”, by Diep Rivier, en by die Halfweghuis, Eerste Rivier, wyd en syd bekend. Offisiere en Indiese besoekers skyn die groot beoefenaars van hierdie sport te gewees het (vgl. die alreeds vermelde bronne; ook N. Polson: *A Sub.’s ens* bls. 77 e. v.; *Notes on Cape of Good Hope* by a Bengali 1847, bls. 61; Nicholson: *The Cape ens.* 1849, bls. 93; A. W. Cole: *The Cape ens.* 1852, bls. 89; Ook *C. Adv.* e. a. krante).

³⁾ Vgl. Teenstra, *Vruchten ens.* I, bls. 375; Polson, *A Sub.’s ens*, bls. 99 e. v.; Cole, *The Cape ens.*, bls. 122 e. v.

In noue samehang met die opkoms van "Races", is die sosieteitswese. Vir die offisiere van die garnisoen, amptenare ens., later vir die "Indian Visitors" of "Hindoos", was 'n lokaal waar hul gesellig tesame kon kom, vrywel vanselfsprekend; temeer waar die meeste van hul by die burgery ingewoon het ¹⁾. Bowendien was die Engelse "Clubs" by uitstek die middelpunte van waar allerlei op gebied van sport en vermaak gerêel word. So ook hier met wedrenne, bals, opvoeringe ens.

Die vernaamste sositeit ²⁾ in hierdie tydperk was die *Afrikaansche Societeits Huis*, of net *Afrikaansche Societeit*, Heregrag 22, 'n sositeit wat tot 1849 voortbestaan, en in die wandel bekend was as die „Herehuis”. By uitstek was dit die versamelplaas van offisiere en Indiese besoekers; die middelpunt van vermaak vir dans, wedrenne, en in sekere sin vir toneel- as bespreekplek vir plekke, by bowenal Engelse opvoeringe. Biljart, kaartspel, gesêls, lees, eet en drink was daar almal te doen. Alleen van 1803—1810 het dit 'n ander naam, onder die Bataafse bewind ontstaan, die *Bataafsche Harmonie* gedra.

Van 1797—1810 het sekere *Concordia Societeit* bestaan ³⁾ vir die burgery. Die lede dra hoofsaaklik Duitse name. Die doel was suiwer sosiaal; politiek word streng geweier; goeie gedrag was 'n vereiste. So word o.a. dobbelspel verbied.

Na 1810 het die Engelse element die oorheersende begin word in die Afrikaanse Sosieteit. Dit was waarskynlik die aanleiding tot die stigting van 'n Hollandse: *De Vriendschap*, ongeveer 1815.

Al hierdie sosieteite kom herhaaldelik voor as middelpunte van organisasie vir konserte, opvoeringe ens.

Ook ander klubs — maar sonder eie lokaal — verskyn, en verdwyn. So b.v. die *Cape (Colony) Club (Kaapsche Kolonie Klub)*, wat tussen 1806 en 1815 gebloei, dikwels in die Afrikaanse Sosieteit vergader, en daarna verdwyn het. Dit skyn 'n eetklub te gewees het, wat gereeld tesame gekom en uit Engelse, mees militêre, bestaan het. Uit die aard van die saak het 'n dergelike klub buiten die lewe van die huislike inheemse Afrikaners gestaan. Van invloed op die Hollandsprekendes val hier dus nie te spreek nie.

Anders is dit met die vrymesselaarsvereniginge gedurende die 19de eeu gestel. Hulle kom sterk op en beleef 'n periode van grote bloei. Die begin van vrymesselary was

¹⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 13; vgl. *Gleanings in Africa*, bls. 20; Borchers, *Bladen ens.*, bls. 195. ²⁾ Sien Bylae II.

³⁾ Lady Anna Barn. bls. 86, 91 (1924); 14 Des. 1816 (op Looyersplein) 3 Maart 1810 e.v.

egter nie aan die Engelse te danke nie. Inteendeel; miskien juis andersom. Maar miskien het die toenemende verengelsing in later tyd gehelp om die Hollandssprekendes nog meer saam te bring in sulke vereniginge.

In 1772¹⁾ is reeds die losie *De Goede Hoop* onder die ressort van die „Groot Oosten der Nederlanden”, opgerig. Sy grootste skrede vooruit was toe DE MIST op 7 Julie 1803, as Gedeputeerde Grootmeester vir Suid-Afrika die nuwe tempel in teenwoordigheid van ongeveer 200 lede ingewy het²⁾; 'n tempel wat tussen 1814 en 1816 verder uitgebrei word, om geselligheidslokale by te kry³⁾, en wat tot 1892, toe hy afgebrand is, een van die besienswaardigste geboue aan die Kaap was⁴⁾, en, in die eerste kwart van die 19de eeu veral, 'n vry belangrike sentrum vir Hollandse kultuur, in besonder vir musiekbeoefening was.

In 1816 vind ek die eerste vermelding van 'n *Britsche Loge*⁵⁾. Die naam verklaar reeds sy rede van bestaan. By 1833⁶⁾ bestaan daar *De Goede Hoop* en *De Goede Trouw* as Hollandse losies; die *Union*, die *British* (in die ou *Concordia*)⁷⁾, *L'Esperance* en *The Hope* as Britse. In 1843 is die getal onveranderd; interessant is alleen dat in Graaff-Reinet ook *De Vereeniging* bestaan. Sedert 1848 bestaan bowendien 'n soort half-masonieke vereniging, die *Odd Fellows' Society*.⁷⁾ In die "Odd Fellows' Hall" sal in die volgende periode nog dikwels opgevoer word. By 1853 bestaan alleen nog die twee Hollandse losies en die twee Engelse: *British Lodge, No. 419*, en *Hope Lodge, No. 473*⁸⁾.

Die rede van die agteruitgang van die Britse losies sal gedeeltelik gelê het in die feit, dat in besonder gedurende die tweede kwart van die 19de eeu, geweldig veel nuwe verenigings, meestal filantropies van aard, opgespring het: *Cape Town Friendly Society, Ladies' Benevolent Society, Temperance Society, Total Abstinence Society, Bible Society* ens; Hierdie vereniginge is tiepies as uiting van die toenmalige geestesstroming, en het byna uitsluitlik kleurlingverheffing tot doel gehad.

Veral tussen 1830 en '40 bereik hierdie filantropiese „genootskappery” sy hoogtepunt. Ons moet dit egter aansien as deel van 'n meer algemene filantropiese beweging⁹⁾, wat

1) *Alm.* 1853, bls. 179.

2) v. d. Merwe, *Die Kaap ens.*, bls. 371. Teenstra, *Vruchten ens.*, I, bls. 290.

3) *K. C.* 23 Jul. 1814, 14 Sept. 1816.

4) Selfs van die wêreld op gebied van losies, volgens Teenstra id. I, bls. 290.

5) *K. C.* 25 Sept. 1816.

6) *Alm.* 1833.

7) Teenstra, id. I, bls. 290.

8) *Alm.* 1853.

9) Sien bls. 350 e.v.

'n tydlang die heerskappy voer aan die Kaap, en homself op alle gebiede, sosiaal, politiek en kultureel, laat geld. Op sosiale en kulturele gebied word die stryd veral heftig gevoer teen die „wereldse” vermake van dans en toneel, toneel wat dan ook teen 1839 die stryd verlore moet gee.

Eers teen 1845 begin laasgenoemdes weer tot hul reg te kom. Natuurlik was daar verset teen hierdie dwepery, veral op politiek-ekonomiese gebied, b.v. ten opsigte van die slaweafskaffing, drankbestryding ens., in besonder deur die Hollandssprekendes, wat die meeste onder hierdie toestande te ly gehad het. So ontstaan daar b.v. die oudste bestaande Hollands-Afrikaanse drama, *De Temperantisten*, in 1832 deur C. E. BONIFACE¹⁾. Die stuk is teen hierdie „genootskappery”, en in besonder teen die drankbestrydingsaksie gerig. Ook andersins het die genootskappery 'n kulturele nasleep. Benefiese-toneelvoorstellinge word soms ten behoeve van hulle gegee²⁾.

Om terug te keer tot sosieteite en losies, nie alleen was hul van belang, as middelpunte vir vermake soos musiek, dans en konserte nie; hul was ook die bespreek- en reëlingsplekke vir toneelvoorstellinge en begryplikerwyse ondersteuners daarvan. Opvoeringe onder beskerming van vrymesselaarslosies was geen uitsondering nie.

In verband met die Hollandse losies, is daar nog 'n punt van belang, waarop sover ek weet nooit gewys is nie, nl. die rol wat hul moes gespeel het in die behoud en handhawing van Dietse kultuur in Suid-Afrika. Hul was immers 'n vaste band om die Hollandssprekendes as groep saam te hou en te versterk; om onderlinge samewerking, kennis en steun te bevorder. Vrymesselary was 'n lewende mag in daardie dae; byna iedereen het aan een of ander losie behoort; die koerante weerspieël hul veelvuldige bedrywigheid op meerderlei gebied: sosiaal (bals, ens.), en kultureel (konserte ens.) Ek is daar oortuig van, dat 'n man soos SUASSO DE LIMA nooit so keer op keer weer op sy bene tereg sou gekom het, as hy geen vrymesselaar was nie. In 'n volgende periode sal MELT BRINK nog baie op sy vrymesselaarskap gestel wees en dit gebruik om toneel te bevorder. Aan die kerk en die losies het die Hollandse samelewing aan die Kaap veel te danke vir die handhawing van sy eenheid en aard.

Behalwe vir opvoeringe, was bals en konserte die veelvuldigste vorm van vermaak. Dans, dit het al eerder geblyk, was 'n ou tradisie aan die Kaap. Dit word in hierdie tyd glansryk voortgeset, en oefen in besondere opsig direkte invloed op

1) Sien bls. 299. 2) Sien bls. 351; *Alm.* 1833.

die toneel uit. Musiek- en dansmeesters het dikwels gretig naar die toneel gegryp, nie alleen om 'n bietjie geld te verdien nie, maar sonder twyfel om in besonder deur die prestasies van hul leerlinge, in kinderballette, pantomiems, sangspele en ander jeugtoneel, reklame vir hulself te maak¹⁾. Dans en toneel gryp dus dikwels in mekaar; geen wonder dat by die bestryding daarvan, dans en toneel gewoonlik in één asem genoem word nie. In teenstelling is dit interessant om te sien hoe konserte, d. w. s. musiekbeoefening, met 'n hoogs seldsame uitsondering²⁾, steeds die hartlike ondersteuning van kerk en maatskappy ondervind. Wat dans, in besonder, hierdie periode betref, vind dit sy groot teenstelling met die vorige in die kragtige opkoms, onder Engelse invloed, van openbare danspartye. Die bals van owerheidsweë, deur die Goewerneur in die Kasteel of die Tuine, bly soos voorheen voorbestaan³⁾. Ander private danspartye bly natuurlik ook hul gang gaan. Die openbare danse egter⁴⁾, wat insonderheid na 1806 in die nouste samehang met die sosieteitswese opgekom het, en naas toneelvoorstellinge, die vernaamste vermaak gevorm het, speel verreweg die grootste rol. Vir lange tyd was die Afrikaanse Sosiëteitshuis die middelpunt van hierdie danse; sedert 1885 word dit die saal van die Koopmansbeurs. Die openbare danse het die vorm aangeneem van "Inteekenings Bals" vir die winterseisoen; soms heet hul ook "Winter Assemblies". Dit was natuurlik in navolging van die Europese gewoonte, waarin die winter die vernaamste tyd vir vermaak is. (Ook die toneelseisoen aan die Kaap was om dieselfde rede in die winter). Verder het die Turfklub soms spesiale bals gegee. Partikuliere, meestal vertrekkende persone, het ook dikwels spesiale bals gegee — of geniet.

Met 'n soepee het die bals gewoonlik besluit. Hier, soos by ander vermake, het 'n baie groot, miskien die grootste, deel van die ondersteuning van garnisoensoffisiere en Indiese besoekers uitgegaan. Die regeringsbeampies en „élite" onder die burgery het egter nie ver agtergebly nie.⁵⁾ Die skoonheid van die Kaapse meisies was bekend.

Gewoonlik het die Goewerneur of sy vrou beskerming

¹⁾ Sien bls. 127 e. v. Riaux, Agron, Meurant ens.

²⁾ In 1845, *Cape of Good Hope Chr. Mag.* bls. 684 e. v.; vgl. bls. 351, 470 e. v.

³⁾ Vgl. de Jong, *Reizen ens.* I, bls. 65 e. a.; Lady Anne Barn., bls. 31 (1924). Sien Bylae III.

⁴⁾ Sien Bylae III.

⁵⁾ Sien Bylae III; vgl. bls. 403; *Cape Quarterly Review*, Apr. 1882 bls. 572. *State of the Cape of Good Hope* by a. C. S. bls. 164. *Notes on the Cape ens.* by a Bengali 1820 bls. 97 e. v.; Rose, *Four Years etc.*; W. H. B. Webster: *Voyage ens* bls. 242 e. v.; Polson, *a Sub's etc.* bls 77 e. v. Nicholson: *Cape etc.* bls. 193 e. v.

verleen; Hollands- en Engelssprekendes het sonder onderskeid deelgeneem¹⁾. Twee kommissarisse, één Hollands en één Engels, het die reëlings getref en die persone het by iedere bal gewissel. Advertensies het tweetalig verskyn. As sentra van spesiale aanraking, het hierdie bals op die duur seker veel bygedra tot die verengelsing van Kaapstad — tenminste in die voorste kringe. Soortgelik sal die uitwerking gewees het van die gereëde bals van goewerneurswëe²⁾.

Wedrenne, sosietitslewe, bals — ook konser te³⁾, of liewer musiekbeoefening in die algemeen, vind in hierdie tydperk 'n grote bloei. Die konserte was gewoonlik vokaal en instrumentaal. Van twee soorte mense het dit uitgegaan: musiekleermeesters en deurreisende artieste. Die eerste soort oorheers in die eerste helfte van die periode en is meestal kennelik Duitsers; die tweede soort in die tweede helfte. Selde ook het die konserte sonder deelname, veelal die oorgrote, van liefhebbers, plaasgevind. Hieronder het soms, veral in die begin van die periode, sommige van die voorste lede van die maatskappy, hulle bevind. Vir lange tyd was reekse van intekenkonserte deur musiekgeselskappe — dieselfde stelsel soos by bals en opvoeringe — die gebruik. Een of ander musiekmeester het gewoonlik die leiding. In die later gedeelte van die tweede helfte van die periode maak suiwer koorgeselskappe hul verskyning⁴⁾.

Ander konserte was sporadies en het uitgegaan van leermeesters — dan gewoonlik aspirant — om hulself aan die publiek bekend te stel. Was hul eenmaal gevestig, was meestal alleen benefiese konserte vir een of ander goeie doel die motief tot verder publieke optrede. Filantropie en kuns was steeds boesemvriende aan die Kaap. Die filantropie het 'n menigte van sonde bedek. In die tweede helfte van die periode word konserte van deurreisende artieste die veelvuldigste. Sommige kom as artieste; maar bly as leerkragte.

As plekke van uitvoering het die Afrikaanse Sossietitshuis, en die *Goede Hoop* Losie veral gedien; later die Koopmansbeurs⁵⁾. Hierdie musiekbedrywigheid gryp, ewenas dans, diep die toneellewe in. Musiekmeesters, gee soms opvoeringe;

¹⁾ *State of Cape of Good Hope* by a C.S. bls. 167.

²⁾ Lady Anne Barn, bls. 34 (1924); bls. 83 (1913) "We should conciliate the Dutch here", deur o. a. bals en partye in oorfloed te gee, vgl. bls. 104, 189, ens. *State of the Cape of Good Hope*, by a. C. S. bls. 164 e. v.; Teenstra, *Vruchten* ens. I, bls. 373.

³⁾ Sien Bylae IV. ⁴⁾ Vgl. bls. 49.

⁵⁾ Laasgenoemde word in 1844—1845 beskrywe as 'n plek vir handelaars en „public orators, crazy craniologists, inspired musicians, nitromuriatic philosophers and chemists, and the gentle devotees of Terpsichore". (*Notes on the Cape* ens. by a Bengali, 1847, bls. 56.

dikwels help hul, met of sonder hul leerlinge, as orkes of kore by voorstellinge. In 1802 bestaan selfs 'n Duitse Musiek- en Toneelgeselskap. Verder het ballet, pantomiem, en sangspel, veral in die eerste helfte van hierdie tydperk, veel aan die musiekmeesters en hul leerlinge te dank. Gevalle waar hul oorspronklike musiek by stukke gekomponeer het (b.v. 1813, 1815) was selfs nie 'n uitsondering nie.

Hoe was dit met opvoeding en onderwys toentertyd gestel? Ek hoef ternouernood te wys op die oorwegende belang van hierdie vraagstuk in 'n samelewing van sulke teenstrewende kultuurstrominge. Goeie opvoeding is immers een van die noodsaaklikste voorwaardes vir 'n sterke, gesonde kultuur. Dit was trouens, toe hierdie bolwerk later ingeneem is, dat die Hollandse beskawing aan die Kaap die vinnigste verengels het: in kerk, kultuur, samelewing. Die kering van die gety kom eers as in die opvoedingstoestande 'n grondige verandering kom.

Alreeds teen die end van die Hollandse bewind in 1791, het die Hollandssprekendes 'n kragtige poging aangewend om die skoolopvoeding, wat uit weinig anders as lees, skryf en rekenkunde bestaan het, deur sieketroosters en rondtrekkende skoolmeesters onderwys, te verbeter. 'n Groot som geld is gekollekteer en 'n mooi skema uitgewerk — wat 'n baie gunstige lig werp op die Kaapse bevolking —, maar die uitvoering van die plan het grotendeels in duie geval: deels deur 'n dwase regulasie, deels deur die politieke ineenstorting van die O. I. K., en deels deur die besetting van die Kaap deur die Engelse¹⁾. Onder die eerste Engelse bewind het die toestand nagenoeg onveranderd gebly. Toe DE MIST in 1803 kom, vind hy o. a., afgesien van die gewone laer onderwys van nege Hollandse skole, ook 'n Latynse skool aan die Kaap, vermoedelik die voortbestaan van die poging tot beter onderwys²⁾ van 1791. BORCHERDS³⁾ vermeld ook 'n skool vir jonge dames, vermoedelik nog deur die Engelse opgerig⁴⁾, en 'n Franse skool, vermoedelik die „Fransche Jufferschool”, van sekere PAHUD en sy vrou⁵⁾. DE MIST het 'n pragtige sekulêre stelsel van opvoeding probeer invoer. Nasionale doeltreffendheid was sy doel. Teenstand van die bevolking op godsdienstige gronde, en die weerinbesitname van die Kaap deur die Engelse, het die uitvoering daarvan

¹⁾ Malherbe, *Educ. ens.* bls. 38 e. v. De Mist, *Mem.* § 49; Theal 1692—1795 (1888), bls. 297.

²⁾ Theal 1691—1795 (1888), bls. 297.

³⁾ *K. C.* 4 Sept. 1802; Borchers, *Bladen ens.*, bls. 199; v. d. Merwe *Die Kaap ens.*, bls. 161.

⁴⁾ De Mist *Mem.* § 41.

⁵⁾ v. d. Merwe, *id.*, bls. 162.

laat misluk. Alleen die Skool van „Tot Nut van 't Algemeen” bly, as erfstuk van hierdie tyd, van 1805—1870 die fakkel van goeie, verligte algemene Hollandse onderwys hooghou¹⁾, en het sedert omstreeks 1830 baie van sy bloei aan die kerk, in die persoon van ds. A. FAURE, te danke²⁾.

Die Engelse na hul terugkoms gryp al dadelik naar die skole om hul verengelsingsplanne te bewerkstellig³⁾, eers indirek deur die stelsel van „Kosterscholen” van sir JOHN CRADOCK (1810), daarna direk deur die van lord CHARLES SOMERSET (1822). Hy laat hoegenaamd geen Hollands in die Regeringskole toe nie, en stig selfs orals Engelse vryskole. Die onmiddellike verset teen hierdie maatreëls het hulle hopeloos laat misluk. Die Afrikaner se selfrespek, sy gevoel vir die taal van sy vadere, van sy godsdiens (van sy Bybel en erediens), het in opstand gekom. Private skole en skoolmeesters het meer as ooit gebloei. In 1834⁴⁾ begin egter die verandering wat tot heeltemal ander toestande sal lei: vryskole word nie verder gestig nie en Hollands word weer toegelaat in die onderwys. Allerlei praktiese omstandighede het die werking van hierdie reëling nog vertraag. Die aanstelling van 'n Superintendent van Onderwys in 1839 het tot 'n grondige reorganisasie van alles en tot die gewenste resultate (uit Engelse oogpunt) gelei.

Met die lokmiddel van 'n bietjie Hollandse onderwys word die Afrikaanse kinders in die byna uitsluitlike Engelse skole gehaal. Onder hierdie stelsel van 'n bietjie toegee en baie neem, bereik die Engelse owerheid veel meer as wat dit met magsuitoefening ooit kon doen. Die Hollandssprekende kinders het op die regeringskole teruggekeer: eers vry langsaam tot 1855⁵⁾, daarna hoe langer hoe vinniger. Teen 1842 is byna alle Hollandse skole uitgesterf ofskoon die plaasskoolmeesters nog lang voortbestaan. Baie belangrik vir die Dietse kultuur is dus die jaar 1839, want dan word die eerste vaste voet gesit op die weg van verengelsing. Teen 1855⁶⁾ merk ons ook duidelik die gevolg hiervan aan die Kaap. Die klagtes oor verengelsing word hoe langer hoe meer. Die volgende periode kry sy oorheersende kenmerke hierdeur. Inderdaad, die „Engelse” onderwys het sy werk deeglik gedoen. Immers, „Engelse” onderwys het nie alleen die byna uitsluitlike gebruik van die Engelse taal beteken nie, maar ook die

¹⁾ Op 15 Jan. 1802 gestig. In 1823 het die Vereniging as sulks opgehou om te bestaan. Die skool egter het tot 1870 voortgeduur. (Vgl. vtn. 2).

²⁾ Besselaar, *Z. A. ens.*, bls. 223; vgl. v. d. Merwe, *Die Kaap ens.*, bls. 189; Malherbe, *Educ. ens.*, bls. 53.

³⁾ Malherbe, *id.*, bls. 57 e. v.

⁴⁾ Malherbe, *id.*, bls. 66 e. v.

⁵⁾ Malherbe, *Educ. ens.* bls. 82.

⁶⁾ Sien bylae VI.

aankweek van die „Engelse” gees, d.w.s. die verheerliking van Engeland en al wat „Engels” is. Die verwaarlosing van Hollandse-Afrikaanse tradities spreek vanself. Geen wonder dat in latere tyd ’n minderwaardigheidskompleks by die Afrikaner ontstaan nie.

Ook ander instelling van onderwys sal die Engelse invloed ondergaan. Ek dink in die eerste plek aan die private instituut van dr. CHANGUION vir laer en middelbare onderwys, en aan die „Zuid-Afrikaansche Athenaeum” (1839 gestig) vir hoër onderwys in Kaapstad. Ten opsigte van laasgenoemde inrigting het veral ds. A. FAURE die inisiatief geneem, met steun van die Kerk ¹⁾. Dit was in die eerste plek bedoel vir die Hollandssprekende bevolking. Die koms van dr. CHANGUION uit Holland in 1831 was aan die Athenaeum te danke. Hy het gekom om professor aan die inrigting te wees. Die toenemende verengelsing daarvan — die regering het spoedig geweet om ’n groot seggingskap daarin te verkry ²⁾ — het dr. CHANGUION aanleiding gegee om sy eie Instituut in Strandstraat op te rig (1842—1860) ³⁾. Baie onderwysers het o.a. uit sy inrigting voortgekom ⁴⁾ en sy skool was ’n ligpunt vir hoogstaande Hollandse onderwys aan die Kaap in hierdie periode, ofskoon ook dit mettertyd teen die verengelsing nie meer voldoende bestand was nie ⁵⁾. Verder was daar natuurlik talryke ander private inrigtinge van onderwys, egter van minder belang. Franse en Engelse Jufferskole, Akademies vir onderwys van allerlei soort ens., vrywel almal Engels, kom en vergaan ⁶⁾.

Verder het die Kaap altyd sy musiek- en dansleraars en -leraresse gehad: RIAUX, AGRON, MEURANT, BERTRAND, BOONZAAIER, SCHULTZ ens. Van hierdie soort onderwys het veral die dames gebruik gemaak. Die liefde vir musiek en dans, in besonder onder die skone geslag, was trouens spreekwoordelik aan die Kaap ⁷⁾. Liefhebbery musiek- en sanggeselskappe het gewoonlik gebloei en verskillende het ’n bestaan van belang gehad b.v. die *Vriendschap* en *Harmonie en Eendragt* musiekgeselskappe; *Amateur Musical Society*, *English Church*

¹⁾ Theal 1795—1834 (1891) bls. 369; *Ned. Z.-A. Ts.* 1829, bls. 75 e. v.

²⁾ Malherbe *Educ. ens.* bls. 64, 105.

³⁾ *Z.-A. Ts.* III, bls. 194; *O. T.* 1898, bls. 193; *C. T. Mail* 6 Jan. ’49. *Z.-A.* 23 Jan. ’65, *Almanakke*.

⁴⁾ Mansvelt, *Betr. ens.*, bls. 17.

⁵⁾ Vgl. bls. 4.

⁶⁾ *K. C.* 1 Mei 1819 e. v.

⁷⁾ Vgl. Bylaes III en IV. O.a. Barrow, *Reizen ens.*, bls. 67; Teenstra, *Vruchten ens. I*, bls. 372; *State of C. of G. H. by a C. S.*, bls. 164; Howison, *Europ. ens. I*, bls. 327; J. C. Chase, *The Cape ens.*, bls. 209 e. v.; *Notes ens.* by a Bengali, bls. 61 e. v.; A. W. Cole, *The Cape ens.* bls. 160 e. v.

Choral Society ens¹⁾. Die samehang hiervan met toneel het ek alreeds aangedui²⁾.

'n Nuwe fase in die kultuurontwikkeling van hierdie tyd is die opkoms van 'n Hollands-Afrikaanse literatuur en joernalistiek³⁾. Die waarde hiervan, veral van laasgenoemde, as weerspieëling van die hele sosiale, kulturele en politieke lewe aan die Kaap, is natuurlik van die allergrootste belang. Veral sosiale en kulturele omstandighede sou hieronder 'n nooit behoorlik te kenne gebied wees nie. Die algemene aanmerkinge soos dikwels in reisbeskrywinge gevind, die weergawe van toestande in literatuur van die tyd, sou vir enige grondige en volledige studie ten enemale onvoldoende blyk. Sonder die koerante sou b.v. van die drama, al bitter weinig tereg kom. In advertensies en kritieke is nagenoeg die enigste reëlmatige mededeling van toneel aan die Kaap bewaar; teen die end van hierdie en in die volgende periode word die medewerking van koerante selfs 'n geprononseerde element in die bestaan van toneellewe. As die vernaamste van die koerante ens., in die genoemde opsigte, noem ek die volgende: die ou *Kaapsche Courant*, later *Cape Government Gazette* (veral vir die tydperk 1800—1826), eintlik 'n staatskoerant wat ook allerlei berigte en advertensies opgeneem het; die *South African Commercial Advertiser* (1824 en 1825—1853), eintlik die eerste koerant in die ware sin van die woord in Suid-Afrika, gewoonlik „suiwer” Engels in sy opvattinge; die *Cape Town Mail en Mirror* (1842—1853), van 1853—1867 met die *South African Commercial Advertiser* verenig, eweneens Engels van opvattinge; die *Zuid-Afrikaan* sedert 1830, met C. E. BONIFACE as eerste redakteur, die verteenwoordiger by uitstek van die „Hollandse” sienswyse, soos die blad se naam reeds aandui; die *Cape Monitor* (1850-1856), ultra-Engels van rigting maar wat betref kunskritiek van besondere waarde. Van belang ook, al was hul bestaan kort, was *The Moderator* (later *De Meditator*), van besadigde Hollandse sienswyse (1837—1838), en *Sam Sly's African Journal* (1843—1853),⁴⁾ 'n soort vermaaklike literêre blad, wat baie in sy tyd gedoen het om weer gesonde vermaak in die lewe te roep, na die Metodistiese geesdrywery van ± 1835. Uitgesonder die *Monitor* en *Sam Sly* was hierdie koerante tweetalig. Van tydskrifte, algemeen en literêr, staan eerste in orde van tyd en belangrikheid die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* (1824—1843), waaraan twee name in besonder verbonde is: ds. A. FAURE, die stigter, en dr. CHANGUION (A. N. E. C.)

¹⁾ Vgl. Borchers, *Bladen ens.*, bls. 195 e. v.; *K. C.* 27 Jul. 1817, eerste vermelde Mus. Ges.; *C. Adv.* 6 Sept. 48 e. v.

²⁾ Vgl. bls. 44-45.

³⁾ Sien Bylae V.

⁴⁾ Vgl. bls. 464 e. v.

as medewerker en later redakteur. Die *Cape of Good Hope Literary Gazette* (1830—1835) is van minder belang. Van groot betekenis ten opsigte van die bestryding van dans en toneel was die *South African Christian Recorder* (1836—1837).

Van veel minder betekenis is die *Cape of Good Hope Christian Magazine* (1845—1846).

Van besonder belang is verder die Almanakke uit die tydvak, vir persoonlike woon- en beroepsmededeling, vir statistieke gegewens ens., maar ook soms vir hul opsomming van gebeurtenisse.

In die genoemde koerante en tydskrifte moet, ook die oudste Hollands-Afrikaanse pennevrugte gesoek word¹⁾.

Die biblioteekwese begin 'n groter plek in die samelewing in te neem. Die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek aan die Kaap, bekend as die beste in die Suidelike halfrond²⁾, vind eintlik sy begin in die Hollandse tyd. In 1762 laat sekere JOACHIM VON DESSIN, 'n Kapenaar van Duitse geboorte, 'n uitstekende versameling boeke na, wat gestel word onder die kuratele sorg van die Kerkraad van die Nederduitse Hervormde Kerk van Kaapstad en in sy konsistorie tot 1824 berus. Daar was dus die eintlike bibliotheek³⁾ van die Kaap vir lange tyd. Toegang was egter moeilik en die leeslus van die publiek gering⁴⁾. Lord CHARLES SOMERSET het die eerste stappe geneem om 'n openbare biblioteek in die ware sin van die woord in 1818 te stig⁵⁾, teneinde die leeslus te probeer aanmoedig. Deur 'n wynbelasting sou in die onderhoud van so'n biblioteek voorsien word, en in 1822 word die biblioteek geopen in die ou slawelosie. In 1824 word die Dessiniaanse versameling daarheen oorgebring. In 1827 word die wynbelasting opgehef. Ander finansiële maatreëls word getref, en die biblioteek verhuis in 1828 naar 'n vleuel van die Koopmansbeurs, wat in 1819 opgerig was. Dit word nou 'n lees- en uitleenbiblioteek. In 1860 word die teenswoordige gebou geopen⁶⁾ en die biblioteek verryk met die kosbare versameling van sir GEORGE GREY. Die meeste gebruik van hierdie biblioteek in ons periode word deur Engelse en vreemdelinge gemaak, veral die Indiese besoekers.

1) Sien verderop.

2) Vgl. Chase, *The Cape ens.* bls. 209.

3) De Mist meld dit ook. *Mem.* § 43.

4) Schonken, *Overleveringen ens.* bls. 31; *Ned. Z. A. Ts.* 1834, bls. 95; Borchards, *Bladen, ens.* bls. 9; de Jong, *Reizen ens.* I, bls. 135; Barrow, *Reizen ens.* IV, bls. 198; Mendelssohn, *Introd. ens.* bls. LXIV; *State of C. of G. H.* by a C. S. bls. 151 e.v. ⁵⁾ Theal, 1795—1834 (1891) bls. 254 e.v.

⁶⁾ Theal 1795—1872 III, bls. 152.

Sedert 1823 dateer die Museum¹⁾ van die „South African Institution” met die *South African Quarterly Journal* as tydskrif²⁾. Hierdie museum groei veel later tot die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad uit³⁾.

Natuurlik het daar ook van vroeg af allerlei leesbiblioteke bestaan, gewoonlik terselfdertyd boek- en papierwinkels. Ons hoor ± 1800 al van ’n „circulating Library” gestig deur ’n „Society of English Gentlemen”⁴⁾. In 1806 berig sekere E. H. WEHDEMANN dat sy „Lees-Bibliotheek” met Engelse, Franse, Hoog- en Nederduitse boeke „heropen” is⁵⁾. Uit later tyd — die tweede kwart van die 19^{de} eeu — sal veral die name van JAMES HOWELL⁶⁾ hoofsaaklik vir Engelse boeke, en J. SUASSO DE LIMA hoofsaaklik vir Hollandse boeke bekend wees. Maar hul talryke verhuisinge en bankrotskappe pleit nie besonder vir betalende bedrywe nie⁷⁾. Bemoedigender is die vermelding van ’n leesgeselskap⁸⁾ „Scientia et Amicitia” met ’n eie tydskrif *Leesvruchten* in 1837. Inderdaad, lees is nog nooit, ewe weinig as vandag, die sterk punt van die Afrikaanse samelewing gewees nie. Die hele aard van die samelewing, met die sterke elemente van buitelewe en sport, wat uit die klimaat voortvloei, oefen ongetwyfeld in hierdie opsig ’n ongunstige invloed uit. Vir sover die lektuur gegaan het, uitgesonder in vooraanstaande en besonder intellektuele kringe soos in Kaapstad, was dit in hoofsaak stigtelike, en later, politieke lektuur. Die geweldige omset in Bybels, Gesangboeke, en stigtelike geskrifte⁹⁾, die gestadige bloei van die koerante (sedert 1830), getuig hiervan. BARROW¹⁰⁾ sê dat in

1) De Mist meld egter in 1802 ’n Museum, *Memor.* § 43. 2) Vgl. Bylae V.

3) Theal 1795—1834 (1891) bls. 25—27; *Ned. Z. A. Ts.* 1824 e. v.

4) *Gleanings in Africa*, bls. 258.

5) *K. C.* 22 Maart 1806 e. v.

6) *K. C.* 17 Jan. 1818 e. v.

7) Vgl. *K. C.* 17 Jan. 1818 e. v.; sien bls. 263.

8) *Ned. Z. A. Ts.* 1837, bls. 238.

9) Uit die *Cape of Good Hope Alm.* 1853 en 1855 haal ek die volgende. Die verspreiding van stigtelike lektuur het veral plaasgevind deur die (Hollandse) Bybelvereniging, in 1818 gestig. Tussen 1818 en Jun. 1854 het dit 28,005 Bybels en Testamente, 18,777 Psalm- en Gesangboeke versprei; afgesien van tallose traktaatjies van die Nederlandse „Traktaat-Vereeniging” afkomstig. Lede van die Bybelvereniging, ’n vereniging wat deur die hele Kaapprovinsie sy vertakkinge gehad het, het ook jaarliks ’n *Bybelalmanak* (in Holland uitgegee) ontvang. Hierdie bedrywigheid was vermoedelik as onderdeel van die „Zuid-Afrikaanse Bybelgenootschap” sedert sy oprigting in 1846, wat van toe tot Okt. 1854 in totaal nie minder as 34,705 Bybels en Testamente in allerlei tale in S. A. versprei het nie. Ook die Kaapse Traktaatvereniging het (1852) ongeveer 5000 eksemplare maandeliks van *De Maandelyksche Bezoeker* uitgegee. ’n Mens moet natuurlik in die oog hou dat dit destyds ’n periode van grote aktiwiteit op godsdienstige en filantropiese gebied — Metodisme en sendingwerk — was.

10) *Reizen ens.* I, bls. 108.

Boerehuise selde iets anders as „De Bybel en Sluiters Gezangen” gevind word. BORCHERDS,¹⁾ sprekende oor Stellenbosch en omstreke, sê dat behalwe die „Bybel.... gebeden.... gezangen.... en andere godsdienstige boeken.... ook Flavius Josephus en het boek der Martelaren veel voor kwamen.”

'n Ander bekende sangbundel was die van GROENEWEGEN. Verder was die stigtelike geskrifte van VAN BRAKEL en SMYTEGELT, die wêreldse van Vader CATS bekend²⁾. 'n Mens kan die invloede van hierdie lektuur, veral die Bybel, beswaarlik te hoog skat. Hierdeur bowenal, ten spyte van Grote Trek en verengelste onderwys, het die Afrikaner nooit analfabeet geword nie, het hy sy taal behou, is sy sede vir verwildering bewaar, het hy 'n sekere mate van geestelike lewe — ook in kulturele sin — gehandhaaf. Die Bybel was vir hom nie alleen 'n Sondagsboek nie; dit het sy hele geesteslewe deurdrink. Soggens en saans het hy daaruit voorgelees en het verder sy psalm of gesang weerklink³⁾. Naas sy *Trap der Jeugd* was die Bybel ook die vernaamste boek in sy onderwys⁴⁾. Kortom, die Bybel was die kern van die Afrikaner se hele bewuste denke en lewenswyse. Hierdie toestand word natuurlik weerspieël in die literêre produksie aan die Kaap.

Predikante was meestal die literatore; lering en vermaak die beweegredes. Die oudste letterkundige voortbrengsels aan die Kaap — behalwe 'n rym uit 1795⁵⁾ — was van ds. M. BORCHERDS, predikant op Stellenbosch. Dit was 'n lied in 1800 ter ere van die eerste drukpers aan die Kaap, en 'n gedig *De Maan*. Wat die laaste betref, sou die leeslus so gebrekkig gewees het dat „zelfs het papier voor den druk benodigd niet bekostigd werd⁶⁾.” In die *Kaapsche Courant* van 8 Desember 1804 vind ons 'n gedig om die „Edele Zuid-Africanen” tot grootmoedigheid op te wek om gawes te gee vir oorlogsgeteisterdes. Die kuns as diensmaag van weldadigheid is tiepies vir hierdie tyd, en lang daarna, op alle gebiede. As later die koerante meer en meer opkom, sal hierdie literêre verskynsel hom meer en meer herhaal, en menige brokkie eerste Afrikaanse literêre kuns (of kunsvaardigheid?) lê in die ou *Zuid-Afrikaan* ens. verstoek. Die be-

1) *Bladen ens.*, bls. 174.

2) Schonken, *Overleveringen ens.* bls. 30; Besselaar, *Z. A. ens.* bls. 29.

3) Vgl. Borchers, *Bladen ens.* bls. 174 e. v.; Schonken, id. bls. 33; Cowper Rose, *Four Years ens.*, bls. 68 e. v.

4) Schonken, id., bls. 29.

5) Vgl. Smith: in *Gedenkboek Gen. van Regte Afrikaners*, bls. 34. Die gedig van Jan de Marre 1746 *Eerekroon voor de Caab de Goede Hoop* kan beswaarlik 'n Afrikaanse voortbrengsel genoem word.

6) Borchers, *Bladen ens.*, bls. 9.

langrikste vir ons tydperk is egter die *Nederduitsch Zuid-Africaansch Tydschrift*. Ook hierin gaan 'n predikant voor, ds. A. FAURE. Oorspronklike werk op gebied van poësie en letterkundige prosa kom daarin voor; oorwegend word egter godsdienstige, sedekundige en historiese onderwerpe behandel. Die eerste bestyding van dans en toneel vind ons in hierdie tydskrif.¹⁾ Iets van buitengewone letterkundige gehalte het die blad nie opgelewer nie. Vir sover sy letterkundige werk gaan was dit in die skool van TOLLENS en BILDERDYK²⁾. Tenslotte moet ek nog twee belangrike skrywers noem: C. E. BONIFACE (1788-1854) en J. SUASSO DE LIMA (1791-1858). Hierdie twee persone word veels te veel verwaarloos in verband met die literêre geskiedenis uit hierdie tyd; trouens in verband met die hele Hollands-Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Afgesien van hul belangrikheid op dramatiese gebied — hul gedurige vyandskap met mekaar het hiertoe veel bygedra —, het hul veel ander werk geproduseer. Ongelukkig is daar baie van verlore gegaan. Maar DE LIMA in die algemeen op literêre gebied, BONIFACE in besonder op dramatiese gebied, het werk nagelaat, wat nie alleen as literêre kuriosum of uit kulturele oogpunt die aandag verdien nie³⁾. Wat betref Engelse literatuur, afgesien van wat in koerante ens. uit hierdie tyd te vinde is, sou ek eintlik alleen die talentvolle *Letters of Lady Anne Barnard*, om hul werklike fyne humor en rake skildering⁴⁾, en die gedigte van THOMAS PRINGLE wil noem. Onder laasgenoemdes is 'n paar egte juweeltjies⁵⁾.

Die inwerking van Engelse invloede — ek het dit reeds opgemerk — begin duidelik sigbaar word teen die end van hierdie periode. In hoever dit met onderwystoestande saamgehang het, het ek reeds aangetoon; ook in hoever met nuwe Engelse sosiale invloede. Laasgenoemde is vir hierdie periode seker nog van meer belang as eersgenoemde.

¹⁾ Sien bls. 343 e. v.

²⁾ Miskien sou hieronder kan val: *Dagboek* van Catherina Allegonde van Lier (1806), 'n soort Afrikaanse Hadewych wat allerlei Bybelse „meditatieën” geskryf het; en *Merkwaardig Verhaal* van M. C. Vos, Predikant ens., 'n outobiografie, wat miskien die eerste Afrik. roman in briefvorm kan heet. Vgl. Besselaar, *Z. A. ens.*, bls. 75 en 84.

³⁾ Sien bls. 124, 258 e. v.

⁴⁾ Miskien kan ek Robert Semple hier ook noem: *Wandelingen aan de Kaap* (1804). Hy verteenwoordig 'n stuk onvervalste sentimentalisme aan die Kaap. In stormagtige weer en in die grootse natuur naby Kaapstad gaan hy wandel met 'n vriend en „Wy stortten beiden traanen zonder te weten waarom” (bls. 99). Verder beklim hulle Pêrelberg in die maanskyn (bls. 154), ens. Trouens ook die vertaler praat van „sentimenteele treuzelaars” (bls. 102).

⁵⁾ Besselaar, *Z-A. ens.*, bls. 107 en 128.

Hierby en ook verder blyk dit dat die Engelse invloede nagenoeg uitsluitlik tot die Kaap beperk bly; en hier weer in hoofsaak beperk tot die elite van die Hollandse burgery, vir sover hierdie burgery tenminste hom by uitstek in Engelse sosiale kring, by wedrenne, op bals, ens. beweeg. Hierdie vermeniging sal 'n politieke, sowel as sosiale dryfveer gehad het. 'n Sosiale dryfveer omdat die Engelse op hierdie gebied die toon aangegee het. Demokratiese regering het nog nie aan die Kaap bestaan nie. Die Engelse regeerders was die absolute magsbesitters. Uit dieselfde toestand ontstaan die politieke dryfveer. Die hele regering moes in Engels wees. Sedert ± 1825 word kragtige maatreëls in hierdie rigting geneem. Die toestand het natuurlik 'n direkte premie op Engels gestel en het dit vir die Hollandssprekende onmoontlik gemaak om 'n bestuursfunksie te beklee, tensy hy Engels volkome magtig was.

Die duidelikste teken hierdie hele verengelsingproses hom af in sy aantasting van die Hollandse taalposisie. Ten opsigte hiervan verval die tydperk onder behandeling in twee dele: vóór ± 1825 en daarna. In die eerste ¹⁾ is die hegemonie van Hollands volkome; in die tweede ²⁾ begin hy dit so bietjie vir bietjie verloor. Intussen moet ons in die oog hou, dat die verengelsing van die Kaap, op lange na nie die verengelsing van *alle* Hollandssprekendes beteken het nie. Dit het alleen 'n betreklik geringe aantal gegeld, 'n bietjie elite. Die groot oorsaak van die verengelsing van die Kaap het gekom deur die toenemende aantal van die Engelse self deur immigrasie ens.

Hierdie immigrasie word veral sterk in die volgende periode, o. a. deur die ontdekking van allerlei minerale. Hierdie grote toestroming van nuwe bevolking ontnem die Kaap mettertyd sy Hollandse karakter. Tot die end van hierdie tydperk egter bly die Kaap oorwegend Hollands.

Wat die Hollandssprekende gemeenskap intussen bewaar het, was hulle oorheersende posisie naar getal; eweneens op sosiale, politieke, kulturele en ekonomiese gebied. Kerk, onderwys, ens. speel hul rol. In die oorheersing op kulturele gebied speel die toneel op sy beurt stellig die vernaamste rol.

Tot die behandeling hiervan gaan ek nou oor.

¹⁾ en ²⁾ Sien Bylae VI.

HOOFSTUK III.

1795—1855. Toneel: Bloei en Kwyn.

§ I. Algemene Kenmerke.

Die oudste bekende Hollandse geselskap (1803) speel onder die sinspreuk *Tot Leering en Vermaak*¹⁾, en in 1807 vertel die Engelse:

“To kill dull Time — to lighten Household cares —
To dry the Widow, and the Orphan’s tears,
In *such* a cause, who would not then engage
To tread the boards — since — *All the World’s a Stage!*”

In hierdie woorde, Hollands en Engels, word tegelykertyd die hoofdryvere van dramatiese kuns aan die Kaap uitgedruk: ²⁾ vermaak, lering en liefdadigheid; sowel as die grondverskil tussen Engelse en Hollandse toneel aangegee. Die kuns om die kuns was ’n onbekende begrip, soos dit vandag veelal nog in Suid-Afrika is. In die algemeen kan ons sê: by die Engelse volg in orde van belangrikheid, vermaak, liefdadigheid, en verreweg die minste, lering; by die Hollandssprekendes, ten spyte van die leuse, vermaak, lering — hoewel byna gelyk aan vermaak —, en die minste, liefdadigheid. Sedert ongeveer 1825 raak liefdadigheid ook by die Engelse op die agtergrond; lering kom by afwisseling, teoreties tenminste, veel meer op die voorgrond. Dikwels moet die een motief dien om die ander te regverdig b.v. liefdadigheid teenoor die groot publiek, om die spelers en geesgenote eintlik geleentheid tot vermaak te gee. Uit o.a. die verskil tussen Engelse en Hollandse toneel vloei voort dat die gehalte van die Engelse toneel, naar stukke en opvoering, oor die algemeen nie die hoogte bereik van die Hollandse nie. Die Engelsman ³⁾ wou eintlik alleen geamuseer word, ligte tydverdryf vind ⁴⁾. Die Hollandsprekende daarenteen het die toneel ernstiger opgevat. Die stuk moes hom ook iets „leer”, ’n sedelike les meegee vir sy hoër geestelike lewe. Vanselflei so’n opvatting tot ernstiger

1) Sien bls. 82. 2) Vgl. bls. 70 e. v. 3) Vgl. Art. *Cape Argus* 8 Jul. 1922.

4) Vgl. Se als Wood *Mag.*: “The Art of the Theatre is to amuse”; Lady Anne Barn. bls. 213, 219, 223 (1924).

stukke en ernstiger kuns. Dit is inderdaad kenmerkend van van die Hollandse toneel. Die Hollandse volksaard in sy deeglikheid en ernstigheid van lewensopvatting — aan die Kaap Calvinisties, hoe vormlik dikwels en verdraagsaam — weerspieël homself in sy toneel.

Deeglike organisasie, stukke van belang, vir die tyd tenminste, is kenmerkend daarvan. Maar aan die anderkant, ten opsigte van suiwer vermaak, bly die Hollandssprekende ook sy aard getrou. In die klugte, met hul suiwer Hollands-realistiese sin vir humor, sien ons die bewys hiervan. Hier kom by! Die Engelse opvoeringe het begin en vir die res van hierdie tydperk veral uitgegaan van die garnisoen: offisiere en manskappe¹⁾. Dit was, soos ek reeds aangetoon het, 'n onderdeel van die grotere 'vermaakslewe. Hulle het, in die reël, van die owerheid die volste steun gekry. Die owerheid het die waarde van 'n gesonde tydverdryf vir sulke troepemassas besef²⁾, het hulle beskerming gul verleen, en het 'n eie lokaal in die barakke aan die garnisoen gegee, wat onder die naam van „Garnisoens Theater (Garrison Theatre)” lank voortbestaan. Uit die aard van die saak egter was die spelers “birds of passage”: alleen aanwesig aan die Kaap solank hulle regimente daar bly, gewoonlik vier jaar³⁾. Op die manier was hul spel besonder afhanklik van toevallige omstandighede, b.v. oorlogsomstandighede, maar in besonder van die aanwesigheid of andersins van goeie speelkragte. Die “ups and downs” van die garnisoen se toneelbestaan is ook opvallend⁴⁾. Soiets as die vorming van 'n vaste toneeltradisie wat oor hele geslagte loop, was uitgesluit. Hierin het juis die krag van die Hollandse toneel geskuil. Verskillende geselschappe b.v.: *Tot Nut en Vermaak*, *Honi soit qui mal y pense*, *Door Yver bloeit de Kunst*, *Aurora*; en verskillende persone: VILLET, TREDOUX, BONIFACE, COMBRINK, BRINK staan as landpale op die weg van vaste Hollandse toneeltradisie van 1802 tot 1897⁵⁾.

Daar was wisselwerking en 'n heel enkele maal samewerking tussen Hollandse en Engelse toneel. Wat betref wisselwerking ontstaan die Hollandse toneel in die eerste plek onder prikkel van die Engelse⁶⁾, wat dit ook soms in meer of min ondergeskikte opsigte tot voorbeeld neem⁷⁾. Daarenteen is die Hollandse liefhebberytoneelorganisasie die

¹⁾ Lady Anne Barn. bls. 295 e. v. (1913); *Gleanings in S. Africa* ens.

²⁾ Sien vtn. 1 ³⁾ Laidler. *Annals* ens., bls. 18. ⁴⁾ Vgl. *Periodes*.

⁵⁾ Of 1910, as ons 'n laaste uitloper in die vorm van enkele opvoeringe van Combrink hierby wil reken.

⁶⁾ Vgl. Treble Violl. *C. Times*, 12 Aug. 1913 e. v.; *Cape Argus* 8 Jul. 1922.

⁷⁾ Vgl. *Honi*, bls. 137 e. v.

Engelse tot voorbeeld, veral as die Engelse burgery later begin deelneem aan toneelspel ¹⁾. So ontstaan, met sinspreuk en alles, 'n Engelse geselskap soos: *All the World's a Stage*, wat enkele jare 'n eervolle bestaan voer; so allerlei "Amateur Dramatic Companies". Eers in die volgende periode sou "Dramatic Clubs" op Engelse trant aan die Kaap in swang kom b.v. *Royal Alfred Dramatic Club* ens.

Die Hollandse voorliefde vir ballette sal die Engelse beïnvloed ²⁾, maar omgekeerd sal soms van die Engelse ook invloed in hierdie opsig uitgaan. Verder beïnvloed die Engelse toneel die Hollandse enigermate ten opsigte van nuwe stukke, dekors of variété-element ³⁾.

Samewerking word geprobeer 'n enkele maal by liefdadigheidsvoorstelling b.v. by geleentheid van die skipbreuk van *L'Eole* ⁴⁾; maar dit bly meer by poginge as iets anders.

Die Engelse en Hollandse publiek het mekaar se opvoeringe ondersteun. Natuurlik was die wedersydse ondersteuning nie eweredig nie. Die leueaandeel het van die Hollandsprekendes gekom ⁵⁾. Hulle was nie alleen die oorgrote meerderheid naar getal nie, maar die Engelse, veral in latere tyd, het hul nie in dieselfde mate ondersteun as hulle die Engelse nie. Hier sal die besondere geestesgesteldheid van die Engelse, wat hul afkerig maak van alles wat nie Engels is nie, tot verklaring in aanmerking kan kom. Natuurlik het die Engelse die bywoning van Hollandsprekendes by hulle voorstellinge graag gesien en aangemoedig. Deur sodanige sosiale aanraking word immers die verengelsing bevorder ⁶⁾. Dat die Hollandsprekendes spoedig hul eie lokale aanskaaf, kan gedeeltelik sy oorsaak gevind het in die feit dat die ondersteuning van Engelse kant reeds vroeg in die tydperk te wense oorgelaat het. Later hou dit byna heeltemaal op ⁷⁾.

§ 2. Indeling. ⁸⁾

Die geskiedenis van die toneel aan die Kaap laat homself vir hierdie tydvak beste in drie periodes verdeel:

a. 1800—1808. Die begin van toneellewe deur die garni-

¹⁾ Sien bls. 57, vtn. 5. ²⁾ Sien bls. 143 e. v. ³⁾ Sien bls. 243 e. v.

⁴⁾ Vgl. bls. 201. ⁵⁾ Vgl. Barrow, *Reizen ens.* IV, bls. 207; Burchell, *Travels ens.* bls. 20 e. v.; *State of Cape ens.* by a C. S., bls. 167; *K. C.* 22 Mei 1819, (Offisiere); vgl. bls. 72, 105, 157 e. v.

⁶⁾ *State of Cape ens.*, id. bls. 167; sien ook bls. 73. ⁷⁾ Vgl. bls. 445 e. v.

⁸⁾ Hier vat ek alleen die indeling saam, soos dit verder in die boek voorkom. Ek het dit praktieser geag om die breëre uiteensetting van die algemene kenmerke van die verskillende periodes, by die periodes self te behandel.

soen; die bou van 'n Skouburg op die Boereplein; die opkoms van allerlei liefhebberyseselskappe. Die spelers egter Engelse en non-Engelse is byna uitsluitlik uitheemse kragte: vreemdelingetoneel dus.

b. 1809—1839. Van die verskyning van C. E. BONIFACE en die begin van die geselskap *Tot Nut en Vermaak*, die twee faktore van die grootste belang vir die Hollandse toneel, d.w.s. ook vir die toneel in die algemeen aan die Kaap tot die einde van die eerste Skouburg op die Boereplein (1839). Die periode sien die opkoms en bloei van Hollandse toneel oorwegend deur inheemse kragte beoefen: ingeborenstoneel. Die leiding gaan egter nog uit van byna uitsluitlik uitheemse kragte. Die Engelse toneel bly in hoofsaak soos vroeër.

Die natuurlike verloop en ontwikkeling van hierdie periode maak die volgende verdere indeling miskien die beste.

Op gebied van Hollandse toneel:

1. 1809—1821. Tydperk van sporadiese spel. Uitheemse kragte oorweeg nog. Opkoms van inheemse toneelbeoefening onder leiding van uitheemse kragte.

2. 1822—1839. Uitheemse kragte op agtergrond. Volle bloei van ingeborenstoneel. Duursame spel. Byna uitsluitlik egter nog onder uitheemse leiding.

Op gebied van Engelse toneel:

3. 1809—1821. Sporadiese spel. Bloeiperiodes garnisoens-toneel, meestal met behulp van beroepselemente.

4. 1822—1839. Garnisoenstoneel soos gewoonlik. Opkoms en bloei burgertoneel daarnaas; dikwels in wedywering met burger-toneel. Bereik bloei veral met behulp van beroepskragte.

c. 1840—1855. Na tydelike agteruitgang deur toneelbestryding, weer opkoms van liefhebberytoneel tot 1855. Die Hollandse geselskappe bestaan oorwegend uit ingeborenes. Ook die leiding is oorwegend in die hande van ingeborenes. Die Engelse het miskien 'n iets groter ingeboreneselement in geselskappe uit die burgery as voorheen. Na 1855 tree 'n tydperk van volkome verval van Hollandse toneel in. Daarenteen kry ons die kragtige opkoms en vestiging van uitheemse Engelse beroepstoneel.

In die periode 1822—'39 kry ons ook die eerste toneel weg van die Kaap: Stellenbosch op gebied van Hollandse toneel (1833 - '38); Grahamstad op gebied van Engelse toneel, (1837 e.v.). In die periode 1840—'55 is Hollandse toneel weer beperk tot die Kaap; Engelse toneel, afgesien van Grahamstad brei hom uit tot Port Elizabeth en Kingwilliamstown.

HOOFSTUK IV.

1800—1808: Engelse en Hollandse Toneel aan die Kaap.

§ 1. Algemeen.

Hierdie periode sien die geboorte van duursame toneelkuns aan die Kaap. Dit begin by die Engelse garnisoen met liefhebberytoneel en met die bou van die „Afrikaansche Schouwburg” op die Boereplein in 1800¹⁾. Onder die Bataafse regime van 1803—1806 word die toneel voortgesit, en na hulle weer onder die Engelse. Engelse, Franse, Hoogduitse en Hollandse geselskappe speel, ’n verskeidenheid, wat in hoofsaak te verklaar is uit die talryke en veelsoortige troepemassas aan die Kaap aanwesig. Hierdie periode sou met enige reg ’n „internasionale” kan heet. Ongetwyfeld moes die aanwesigheid van soveel verskillende elemente vrugbaar en opbouend op mekaar ingewerk, en van waarde gewees het by hierdie grondlegging van ’n Kaapse toneelowerlewering; veral wat betref speelwyse en soort van stukke.

§ 2. Engelse Toneel.

Ek het al aangetoon hoe die Engelse toe hul in 1795 aan die Kaap gekom het, daar weinig of geen publieke vermaaklikhede gevind het nie.²⁾ Dit was ’n groot garnisoen wat daar in besetting was, gemiddeld \pm 5000 man, en hulle het ontspanning op allerlei maniere gesoek, deur wedrenne, bals, ens.³⁾ In besonder het hul dit ook deur toneel gesoek. Dit was ’n gesonde vermaaksoort en het dadelik die volle steun van die owerheid verkry⁴⁾. Lady ANNE BARNARD beskrywe vir ons taamlik volledig die geskiedenis van die geboorte van die Afrikaanse toneel, van die ontstaan van die Afrikaanse Skouburg.

Onder I Junie 1800 vertel sy:⁵⁾ „By the bye, there is a

¹⁾ Hierby verleen egter die hele bevolking, Hollands en Engels, hulle ondersteuning.

²⁾ Barrow *Reizen ens.* IV. Bls. 307; Semple *Wandelingen ens.* bls. 27; sien bls. 39 e. v.

³⁾ Vgl. vtn. (2).

⁴⁾ Vgl. *Transport Voyage to Mauritius* by Author of *Paddiana* bls. 273.

⁵⁾ Lady Anne Barn. bls. 295 — 298 (1913).

new scheme with which the Governor is bitten, and which (like the affair of the select concert) will probably fall to the ground from its not being on a well-judged plan. 'Tis a theatre, all boxes, no pit, each box to cost 24 £. a year, and to hold six subscribers, for twelve nights only; consequently it is on too dear a plan to suit the pockets of subalterns, and yet they look for the performers from amongst the military. We have a box, of course, but take no subscribers, giving away our tickets as we please to our friends. Thirty-two boxes are subscribed for; but large as this sum is for this small place, it is found too little to repair an old pottery belonging to Government for that purpose, which by estimate (the scale of Sir GEORGE'S ideas being always too much *en grand*) would cost 2,500 £.

His idea of a theatre was grounded on a little piece got up by Doctor SOMERS, physician to the Army, in the Military Hospital, which hospital his wife, who is a fine-spoken woman, will not call *hospital* but *Sea-line*! It was really very well, however, upon the whole. The piece was one of FOOTE'S called *Teasle*; the Doctor himself acted 'Lady Bentweazle' in a very Lady Bentweazle-like manner, Major GLEGG was 'Carmine', and Colonel BARLOW was inimitable as 'Puff'. I had an old shilling Paris-plaster horse which acted the equestrian statue of Marcus Aurelius, the figure only wanting; and a large bronze Venus in paper, out of my stores, was dug out of the Herculaneum for the occasion. The Doctor spoke an ode, rather of, than to, the passions, and Mrs. SOMERS spoke a prologue of her own composing. Altogether it was very good, innocent fun, and much more harmless than horse-racing, drinking, or any other amusement that could be introduced to bring people together in such a place as this. Sir GEORGE, enchanted, with the entertainment, instantly began to invent a mode for continuing it, arranged the plan of this theatre, and brought forth the bantling scheme, a full-grown arrangement. We all subscribed to it, though we foresaw the difficulties likely to present themselves. No sooner was the first point gained, and a prospect had of a sufficient number of male performers, than the gentlemen actors declared half off, unless ladies would join in the cause. This idea was secretly one of Sir GEORGE'S, too; and thus supported, he came forward with all his power and all his persuasion to prevail on us all to assist. Mrs. SOMERS, a pretty Mrs. KELSO, and one or two other ladies hinted themselves ready to act if I would, or if Mrs. DUNDAS or Mrs. BLAKE would. The last said she would if I would (knowing that I would not); the other said nothing. I told the Governor frankly that if he had a theatre

in his own house, and laid his commands on me to do anything to prove my desire of contributing to his entertainments, I was ready, providing the part given me was sufficiently insignificant, but that I had neither talents nor memory for more. As to acting on any theatre where money was to be paid for admission, or any theatre except one in his house, I whispered my fixed refusal. But everyone is at me on the score of my being able to sing; as to being able to act, I make no doubt I could if I were to try. But I am very sure that I *won't*, and that if I could suppose I was to start forward the first of actresses, it would not make me the less resolved against what it is want of sense to propose to me.

Whether this matter will fall to the ground altogether, or whether the Governor will fit up a little theatre in his own house (which in point of expense would be a twopenny matter), I can't tell. If he does the latter, all the ladies are ready to join me in offering to do something, to dance a cotillon between the acts, be chorus or orange girls, or anything to prove their good-humor. But we are in great hopes that the trouble this would give his Excellency (which he is not fond of taking except in his own way) will prevent our offers from being accepted".

Die eerste opvoering het dus van die garnisoen uitgegaan en in die hospitaal plaasgevind; en die goewerneur, sir G. YONGE wat teenwoordig was, kom daardeur sodanig in verrukking, dat hy planne op tou sit tot die oprig van 'n vaste Skouburg. Die planne tot ombou van 'n bestaande regeringsgebou, die steenmakery (pottery) uit subskripsiegelde val deur, op grond van onkoste, en ewe weinig kon die regering natuurlik regstreeks geld uit die skatkis tot 'n publieke vermaaklikheid bydra. Sir GEORGE het egter private inisiatief aan die werk weet te sit, en so vind ons onder datum 26 Junie 1800, die volgende brief aan die Goewerneur: ¹⁾

"Sir, — I am requested by the gentlemen whose names are subscribed to the accompanying proposals to lay the same before you for the approbation of Government in order that the necessary licence may be obtained for the purposes therein mentioned.

I am, Sir, with respect,

Your most obedient humble servant,

HENRY MURPHY.

Proposals for establishing a Private Theatre under the Direction of the following gentlemen: E. VAN NULDT ONKRUYDT, Esq., Director and Treasurer; S. A. WATERMEYER, Esq.; J.

¹⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 11.

DE VRIES, Esq.; Mr. HENRY MURPHY; Mr. S. E. HUDSON; Mr. P. H. FROUENGELDER.

The number of subscribers to be limited to 150 at 25 rix dollars for the season, each subscriber to be entitled to two tickets. There shall be twelve performances during the season, alternately Dutch and English, and the first performance will take place as soon as a sufficient number of subscribers are procured to defray the necessary expenses."

Die plan bly dus vir 'n private skouburg d. w. s. 'n skouburg alleen vir intekenaars. Dit was die gewone manier toentertyd, om beide van 'n uitgesogte gehoor en van voldoende ondersteuning seker te maak ¹⁾. Die plan beoog ook 'n groter aantal intekenaars teen minder intekengeld. Die kommissie en opvoeringsplanne blyk verteenwoordigend te wees vir die Hollands- en Engelssprekende dele van die bevolking.


As antwoord op hierdie brief volg die skenking van 'n stuk grond op die Boereplein ²⁾ vir die bou van so'n skouburg. Die voorwaardes in verband daarmee blyk uit die Akte van Transport wat in die Kantoor van Aktes berus. Dit is uitgegee onder datum 25 Nov. 1800 „Door Zyne Excellentie, Sir GEORGE YONGE, Baronet. . . . Gouverneur" (ens. ens.). Die stuk lui:

„Hoe wy aan de Heeren Lt. Col. JAMES COCKBURN, Majoor BIRKENHEAD GLEGG, EDMUND SUMMERS, OLOFF MARTH. BERG en JOS. BRAY, Leeden van het Commissie over de Schouburg alhier, zo aan hun als de overige leeden en eigenaars, zynde Zyne Excellentie SIR GEORGE YONGE, Bt., (ens.) WILLEM STEPHANUS VAN RYNEVELD, HENRY ERSKINE, JOHN PRINGLE, RICHARD BLAKE, JOH. ZORN, JOHN GRULSBONE (?) PRICE TUCKER, THOMAS WITTENOOM, CH. BIRD, MICHAEL HOGAN, JOHN RUXTON, JOH. GYS. BLANCKENBERG, ISAAC STROMBOM, HAINES WADE BATTERSBY, JAMES LOURIE, JOHN ELMSLIE, ALEXANDER MACDONALD, SIMON TUFTS en ALEX. TENNANT vergunde, toegestaan ende gegeven hebben tot het opbouwen van een Schouburg . . . zeker stuk lands geleegen in deze Tafelvalley en aldaar aan de Boeren Plein groot in Breedte zeven en veertig Voeten en vier Duimen, in lengte een honderd en zeven voeten en Vier Duimen mitsgs. Dertig Quadraat voeten gronds in elke directie ronde de ged: Schouburg" ens. Die juiste plaasbeskrywing volg en 'n kaart, waarvan ek die bygaande kopie gee.

¹⁾ Vgl. Teenswoordig nog die stelsel van Covent Garden Operahuis in Londen.

²⁾ Sogenoem omdat dit gewoonlik as mark- en uitspanplek vir boere wat met hul produkte naar die stad kom, gedien het; die Engelse noem dit gewoonlik „Hottentot-" of „van Riebeeck-Square".

Plan van grond.



167 vt. 4 dm., Rhyln. maat

Grond en gebou word aan eenaars oorgedra „met volkomen magt en autoriteit om hetzelve van nu af aan erflik te mogen bezitten mitsgaders ook naderhand des van zulks zynde met voorkennis van de Regering alhier te veralieneeren of te verkoopen”, altyd natuurlik met inagneming van bestaande wette. Die enigste beperkende voorwaarde eintlik gestel heet: „dat 't Gebouw welke tot een Schouburg word geappropriëerd altyd tot publieke divertisementen zal moeten dienen”. Kelders ens. onder die Skouburg mag egter vir ander doeleindes gebruik of verhuur word; evenwel nie afsonderlik van die hoofgebou verkoop nie. Eweneens mag nie oor die omringende grond sonder regeringsverlof beskik word nie. Daar word „wyders aan een ieder der bovengemelde Eigenaren verleend een Certifikaat van 't 24^{ste} aandeel in 't voorz. Stuk Land en de daarop geconstitueerde Gebouwen welke Certifikaat ten veralieneering transportabel zal zyn met een endorcement” by die Goewernementsekretaris geregistreer. — Die stuk is geteken deur sir GEORGE YONGE en A. BARNARD, Koloniale Sekretaris.

Die Skouburg het dus 24 aandeelhouers waarvan selfs die Goewerneur een is; die ander is verteenwoordigend van militêre, amptelike en burgerlike kringe, Hollands en Engels¹⁾.

Dit kan nie ontken word nie, dat dit werklik 'n prysenswaardige skouburg was vir 'n stadje soos Kaapstad in die tyd, met ongeveer slegs 6000 blanke inwoners, afgesien van die garnisoen²⁾.

Intussen blykens lady ANNE BARNARD word, voor die offisiële kantjies en randjies van die saak klaar was, met die bou van die nuwe Skouburg reeds 'n aanvang gemaak. LADY

¹⁾ As Semp. (*Wandelings ens.*, bls. 27), dus praat van „de Schouburg die de Engelschen gaan bouwen”, is hy alleen gedeeltelik korrek.

²⁾ Sien bls. 38.

ANNE vertel onder 28 Julie 1800¹⁾ — die Transport is uit November —:

“I suppose that we are all agog here with visions of future acting. The Governor is so bit with the idea . . . that he goes every day to the spot where they are digging the foundation, and sits there for hours with Mrs. BLAKE as I hear”. Wat, onderwyl, verder opvoeringe betref, sê sy: “A few days hence we are to have another piece at Doctor SOMER’S, viz. at the *Sealines*, for Mrs. SOMERS does not permit it to be called *Hospital* and as it is alledged the Doctor does not permit anybody to be sick in it, there is the more room for a theatre. It is very good innocent amusement however, that of acting and enchanted with it as SIR GEORGE is, I wonder why he would not fit up a theatre in his own house, where everybody could have acted. It would have been a twopenny expense, and better judged than to introduce this new amusement in a place which you wisely thought too young for a variety of dissipations or methods to be introduced of spending money.

I have a great mind to enclose you some stuff which no mortal existence but Mr. BARNARD knows I wrote. Col. BARLOW is to act Major Sturgeon. He sings pleasantly and Mr. BARNARD pop’d these verses slyly into the Post-office, with a few lines from the writer requesting him to shew them to the Doctor, and if he and the lot thought there was nothing offensive in the liberty a *poet* had taken with the *highest* and most respected characters, that they were at their service to introduce into the piece now in rehearsal, the last piece as the writer understood, to be acted. If they were not deemed worthy, the gentlemen had only to burn them, *no other copy should appear*”.

Die verse was van lady ANNE self, grappig maar absoluut onskuldig. Sy vertel verder: „Col. VANDELEUR I hear is writing a prologue for it. It will be dull enough, with a good deal of attempt. His last (when I saw the copy of it in Col. BARLOW’S hands) put me in mind of a beggar’s cloak, so interlined, cut out, and inserted, that the original was lost in the amendments. ‘Hush’, said Col. BARLOW; ‘we must not tell how much botching this has taken.’”

Onder 8 Augustus 1800 kry ons die verdere geskiedenis van hierdie versies. Hulle het baie „sensation” veroorsaak. Selfs die Goewerneur is verdenk as outeur, tot sy genoeë. Tog word kol. BARLOW die mees waarskynlike geag.

Wat lady ANNE vertel maak duidelik hoe groot die algemene belangstelling vir sulke opvoeringe moet gewees

¹⁾ Bls. 212—214 (1924).

het. Sulke persoonlike trekkies sal seker veel daartoe bygedra het om die belangstelling te wek.

Onder 18 Oktober 1800 skrywe lady ANNE¹⁾: "Flirting ('n doring in die oog van lady ANNE aan die Kaap! — F. B.) leads me to think of publick places, and publick places leads to the theatre here. It goes on merrily, the walls half way up, and the warehouses below finished." In die *Kaapsche Courant* van 15 November 1800 word ook die hoop uitgespreek dat „by het openen” van ons toneel alhier aan een stuk van „onzen onsterflyken Shakespeare” die voorkeur sal gegee word²⁾. Dit was egter vooruitloop.

Onder 22 Maart 1801³⁾ skrywe lady ANNE: "N.B. The theatre I think will never be opened now — two of the chief military actors are off on the expedition." Die gebou in elk geval was dan klaar. Ook verskyn onder 2 Mei 1801⁴⁾ 'n advertensie waarin: „De Respective Eigenaren van de Africaansche Schouwburg” tot vergadering opgeroep word namens die Komitee, by die huis van die heer J. BRAY, Strandstraat 26, om oor „de algemeene belangens te delibereeren.” Miskien hang dit saam met die a.s. vertrek van sir GEORGE YONGE, wat op aanklag van wanbestier skielik naar Engeland teruggeroep was⁵⁾. Ongelukkig was hierdie beskuldiging al te waar. Hoe weinig egter die Kaap aan sir GEORGE YONGE in ander opsigte te danke het, ten opsigte van toneel sal dit hom steeds dankbaar moet bly en sy naam in ere hou. Onder hom maak die toneel 'n vaste begin; hy bou die eerste skouburg. Ook lady ANNE moet getuig⁶⁾: "Sir GEORGE likes that the Place should have a *flourishing air*, by variety of amusements", maar tiepeer tegelykertyd sy swakke kant, "and flourishes away in reparations and improvements, without trying at the same time to increase the *funds*". Sir GEORGE het dit seker in baie

¹⁾ Bls. 233. (1924).

²⁾ *K. C.* 15 Nov. 1800. Editoriaal. Dis so 'n merkwaardige mededeling dat dit volledige weergawe verdien:

"By het openen van ons Toneel alhier, zal ongetwyfeld de gewoonlyke eer aan onzen onsterfelyken dichter worden beweezen, door aan een van zyne toneelstukken den voorrang te geeven; de Liefhebbers van de werken van Shakespeare zullen met genoegen hooren dat eenige werken van deezen Auteur op de verkooping van wylen den Heer Stevens, die daarop aantekeningen heeft gemaakt, zyn verkocht geworden.

De Kronyk van Hendrik de Vyfde. — £ 27.6.

Midsummer Night's Dream £ 25.0.

Merry Wives of Windsor £ 28.0.

Sou die verkoping aan die Kaap plaasgevind het? Dit klink haas ongelooflik!

³⁾ Bls. 274 (1924). ⁴⁾ *K. C.*

⁵⁾ Op 20 April 1801. Op 29 Mei het hy vertrek. *The al*, bls. 58. 1795—1834 (1891). ⁶⁾ Bls. 223. (1924).

opsigte goed bedoel met die Kaap, maar die uitvoering van sy voornemens was nie so suksesvol nie.

Sir GEORGE het 'n bal aan die rolle gesit wat nie meer sal ophou nie. Op 28 September 1801¹⁾ vind 'n vergadering van skouburgeienaars plaas, „om gewigtige redenen,” blykbaar in verband met die a.s. opening van die gebou. Dit vind in Oktober 1801 plaas. Lady ANNE beskrywe hierdie gebeurtenis. Tegelykertyd is haar verhaal ons oudste dramatiese kritiek²⁾: “Paintings make me think of the Theatre. It was opened for the first time a few days ago — a very pretty one indeed³⁾. We felt ourselves obliged to go and to pay a sum for our box, else we shoud have deen call'd stingy and ill-humoured. The scenes were very well done, some of them by young COCKBURN. Mrs. DUNDAS is also doing one for it — they now protect it, so all the old opposition is obliged to come round. It opened with an address to Apollo, spoken by DR. SOMERS, and wrote by MRS. Somers. It was too fine for anyone to understand it, and seem'd rather an index to pretty learning than any conversation which Apollo coud have liked to listen to — however the scene was good, and all was new. The piece was a dull one, the first part of *Henry the 4th*. The Doctor thought that he shone in Falstaff, we did not agree with him. Do you remember the soliloquy upon Honour? It was not a bad stricture on some people present, had they felt it so. What is honour? A Word. Who hath it? The man that died on Wednesday. Doth he feel it? No. Is it insensible then? Yea, to the dead. But will it not live with the living? No. Why? Detraction will not suffer it. Do you not think I had some virtue for not loudly clapping and looking certain folks in the face? But *reforming particles* are all, as Yorick says ‘Very dead in me’”.

Die persoonlike element bly sterk in die opvoeringe. Immers gen. DUNDAS was toe “the powers that be”, lady ANNE, helaas, “that have been”. Die dekorasies was beter as die spel 'n weinig bemoedigende begin. Dit sal die eerste van 'n reeks voorstellinge gewees het, waaromtrent ons in die *Kaapsche Courant* van 19 September 1801, die volgende mededeling vind:

„Het is ons tot genoegten te kunnen melden, dat, naa afbetaling der noodige onkosten, de inkomsten der zes eerste toneelspeelen, welke in het Afrikaansche Schouwburg zullen geheeven worden, bestemd zyn ten profyte der pryslyke

¹⁾ *K. C.* 26 Sept. '01. ²⁾ (Oct. 16th. 1801). Bls. 289. (1924).

³⁾ *Gleanings in Africa*, Bls. 258: „elegant theatre”.

Instelling „Tot Behoud en Onderstand van Kraamvrouwen, gehuud aan Militairen.”¹⁾

Die filantropie in die diens van die kuns — hier begin dit al! Die garnisoen gaan voor met opvoer soos lady ANNE en ander²⁾ genoegsaam getuig. Ongelukkig word die opvoeringe allesbehalwe gereeld in die koerant geadverteer; om van verslae vir lange tyd maar heeltemaal te swyg. So het ons dikwels onderbrekinge in ons gegewens, waardeur 'n getroue navertel van die hele geskiedenis onmoontlik word. Hier het ons reeds 'n eerste voorbeeld van so'n onderbreking. Al wat ons dus vir 1801 kan konstateer is dat die garnisoen minstens ses opvoeringe gegee het, met liefdadigheid as doel.

In 1802 word die mededeling 'n bietjie vollediger. Die eerstes wat begin advertteer het, was die Duitse geselskap³⁾, maar direk op hul hakke volg die Engelse: die garnisoens-geselskap. Die volgende jaar sal ook die ontstaan van Hollandse en Franse toneelgeselskappe sien, wat stellig die beriggewing ten goede sal gekom het.

In 1802 word gereeld deurgespeel. Die eerste vermeldde opvoering, op Woensdag 31 Maart⁴⁾, het saamgehang met die Najaarswedrenne⁵⁾. Die stukke heet: *The Prisoner at Large* (O' KEEFE) en *The Agreeable Surprise* (O' KEEFE). Die plek word eenvoudig vermeld as „De Schouwburg”. Die Bestuur is dieselfde as die van die wedrenne, al drie militêre.

Dan word meteens vir Maandag 10 Mei in die „Afrikaansche Schouwburg” reeds die vyfde vertoning aangekondig: „Het Blyspel *Three weeks after Marriage* (MURPHY) en na hetzelfde het Kluchtspel *The Devil to Pay*⁶⁾” (COFFEY).

Op Maandag 28 Junie volg die „Sesde Vertoning⁷⁾, Ter viering van de Verjaardag van Zyne Majesteit, Het Blyspel van *Little Hunchback, or A Frolic in Bagdad* (O' KEEFE), en na hetzelfde, *The Interlude of the Magic Zone.*” Op spesiale versoek word „gerepeteerd” *The Devil to Pay, or The Wives Metamorphi(o)sed* (COFFEY). „Waarna dadelyk . . . door de Heer PETERSEN en zyn Leerlingen Een Ballet-Pantomime, voerende ten Tietel *The Cunning Wife, or The Lover in a Sack.*” Nog was dit nie al nie. Daar sou volg 'n „Afscheids Reede”, en die aand word beslote met „*God Save the King* in Chorus”. Die advertensie sluit, soos die geleentheid hom laat aansien, met die woorde „Vivant Rex et Regina”. Dit was inderdaad 'n waardige viering van so'n geleentheid.

¹⁾ Dit was die reël vir getroude Engelse militêre, om hulle vrouens by hul in garnisoen te hê.

²⁾ *Gleanings in Africa*, bls. 258.

⁴⁾ *K. C.* 20 Maart 1802.

⁶⁾ *K. C.* 8 Mei 1802.

³⁾ *K. C.* 26 Sept. 1801.

⁵⁾ Sien bls. 40.

⁷⁾ *K. C.* 26 Jun. 1802.

Hier val op te merke die eerste vermelding van 'n ballet pantomiem¹⁾, uitgevoer deur 'n plaaslike leraar met sy leerlinge; iets wat 'n vaste tradisie sal word, veral by die Hollandse geselskappe, tot die end van die 19de eeu. Populêr moet *The Devil to Pay* (Coffey) gewees het. Die afskeidsrede, seker eie werk, sal ongetwyfeld op die aanstaande vertrek van die Engelse²⁾ in terme van die Verdrag van Amiens van 27 Maart 1802 slaan. Tegelykertyd kan dit verband hou met die feit dat die geselskap se offisiële reeks voorstellinge afgeloop was³⁾. Die teruggawe van die Kaap aan die Hollanders het egter bietjie gesloer, en so vind daar nog twee voorstellinge plaas. Hiervoor het heel besondere redes gegeld. Onder 28 Augustus 1803⁴⁾ word aangekondig: "Men heeft by het opmaaken der Reekeningen bevonden, dat de Onkosten voor de Zes Vertooningen de eerste berekening verre zyn te boven gegaan, zodat om dus het weldaadic oogmerk van het Thespiaansche Societeit⁵⁾ te beeter uittevoeren op Maandag Avond den Zesde September zal worden vertoond, *Three Weeks after Marriage* (MURPHY). En na hetzelfde de Opera *The Poor Soldier*" (O' KEEFE).

Op te merke val dat volgens hierdie advertensie ses vertoninge jaarliks die reël blyk te wees; dat die filantropiese leuse ook hier gevoer word; en dat die eerste operette (opera comique) aan die Kaap vermeld word.

Op Dinsdag 12 Oktober het die tweede Engelse voorstelling gevolg:⁶⁾ *De Sultan, of Een Kykje in het Serail* (*The Sultan, or A Peep in the Seraglio*) (BICKERSTAFFE) Toneelspel, en "De Historische Romance van *Koning Alfred of De Betoverde Banier*" (O' KEEFE) Dit sal die swanesang van die eerste Engelse besetting gewees het. Op 20 Februarie 1803 neem die Bataafse Republiek die Kaap weer in besit.

Op 18 Januarie 1806 is die Engelse aan die Kaap terug, om vergoed te bly. Die sorg van die nuwe magsvestiging kan die gebrek aan Engelse vermaaklikhede hierdie jaar verklaar, 'n jaar origens ryk genoeg aan konserte⁷⁾, wat mee die gebrek aan toneel kan verklaar,

Maar 1807 sien die begin van 'n seldsame opbloei 'n paar jaar lang op gebied van Engelse toneel⁸⁾. Die spelers

1) Vgl. bls. 110. 2) Vgl. Verkoop Clubhuis; sien Bylae II. 3) *K. C.* 28 Aug. 1802. 4) *K. C.* 5) Die vertaling uit Engels is duidelik.

6) *K. C.* 9 Okt. 1802. Hier vergis Laidler, *Annals ens.*, bls. 12, hom tog in verband met Forthorpe en „another occasion”.

7) Sien Bylae IV.

8) 'n Massa besonderhede van hul aktiwiteite in 1807 vind ons agterin die *African Court Calendar* vir 1808. Dit is 'n „Collection of Play Bills, Prologues, Epilogues, and Songs as performed . . . by the Officers of the Garrison.”

is: "Officers of the Garrison (Heeren van het Guarnisoen" ¹); plek: die Afrikaanse Skouburg; seisoen: die Kaapse winter, gemiddeld Junie tot September ²).

"Met permissie van Zyne Excellentie de Graaf van CALEDON" word vir Saterdag 20 Junie aangekondig ³): "Het Blyspel van *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), gevolg deur Het Klugtspel van *Taste* (FOOTE) in een Bedryf". GOLDSMITH en FOOTE: die begin belooft goed.

Van hierdie eerste opvoering is interessante besonderhede bewaar ⁴). Die heer MORGAN as Hardcastle, kapt. COLLINS as Marlow en kapt. FRAZER as Mrs. Hardcastle het die vernaamste rolle gevul. 'n Proloog vir die geleentheid, deur kapt. FRAZER geskrywe, is deur die heer MORGAN as "bestierder" van die geselskap voorgedra. Dis die oudste toneelvoortbrengsel van enige soort in Suid-Afrika wat ons besit ⁵), en is leersaam sowel as interessant:

"The Curtain's up—yet ere the play begins,
I'm here a Penitent for coming sins,
Which we, to-night, are likely to commit
Against the Boxes, Gallery and Pit.
But as our motive's good, you'll spare your fury —
We trust our cause rests with a *generous Jury*."

Want,

"Our recruits
Untaught to tread the boards, we are afraid
Of this night 's *drill*, before this *Grand Parade*
Of Female beauty, and of Critics too. —
But be indulgent — 'T is our *first Review*".

As hulle slaag

"We hope, at least, to gain the *Fair one's* smiles,
For whose dear sakes, *alone*, we here appear,
Each in *their* cause, a cheerful *Volunteer*".

Dan volg die reëls, reeds elders ⁶) aangehaal, waarin liefdadigheid en tydverdryf as hulle hoofdryvere tot opvoer vermeld word.

Dis 'n eerste voorbeeld van wat ons later nog soveel sal hoor: Krietisie, oordeel sag! — ons is Amateurs; en (dit hoor ons egter nie vir die eerste keer nie) Publiek, ondersteun ons! — ons motief is liefdadigheid; mense, bedink! — ons strewe is gemeenskaplike tydverdryf.

¹) Vgl. *Staatsalm.* 1808. By afsonderlike vermelding van offisiere word die range onder Kapitein nie aangedui nie, maar die predikaat „meneer” gebruik.

²) Vgl. bls. 45.

³) *K. C.*, 13 Junie 1807.

⁴) Laidler, *Annals ens.*, bls. 13 e. v.; *Court Calendar (Staatsalm.)* 1808.

⁵) Nie die oudsgeskrewe nie — soos Laidler beweer. Vgl. bls. 61.

⁶) Sien bls. 56.

Interessant is hoe die maat van die verse dieselfde as die van GOLDSMITH is.

In 'n selfgemaakte epiloog word deur kapt. COLLINS as Young Marlow o.a. weer 'n lamsie gebreek vir vermaak:

“Let us partake the pleasures of the Chace,
Frequent the Ball, the Concert, and the Race.
And, whilst these sports in turn our thoughts engage,
Oh! do not let us quite neglect the *Stage*.”

Die slegte toestand van die dak van die gebou word onder hande geneem.

“Let us to this forsaken Spot be just,
And cleanse these Walls from Cobwebs and from Dust:—
Nay, of our Patronage give stronger proof,
And stop yon horrid chasm in the *Roof*.”

Kapt. FRAZER het, in die persoon van lady Pentweazle, 'n selfgemaakte liedjie gesing. Dames neem as altyd nog geen deel aan die Engelse opvoeringe nie. Hierin kom egter, direk op hierdie opvoering, enige verandering¹⁾.

Hierdie Engelse geselskap het aanvanklik niks minder as „eene weekelyksche Comedie” voor oë gehad nie; maar „aan de Heeren Toneellisten vertoond geworden zynde dat er een verloop van 14 dagen meer aangenaam zoude zyn . . . aan de wenschen van het publiek”, kondig hulle aan²⁾, dat die „Comedie voor dezen avond (27 Junie) geen voortgang” sal hê nie. Trouens dit sal hul in staat stel iedere keer „een nieuwe Vertooning voor te stellen; en hopen, terwyl hun principaale oogmerk mildadigheid is, alle edelmoedige ondersteuning en aanmoediging te zullen ontfangen”. 'n Ou storie!

Vir, gevolglik, Saterdag 4 Julie word aangekondig: *The Rivals* (SHERIDAN), Bs., en *The Old Maid* (MURPHY), Ks. Hierdie opvoering word egter uitgestel tot Donderdag 9 Julie „uit hoofde van . . . het Heilige Avondmaal” op Sondag 5 Julie; iets wat meer sal gebeur³⁾. Weer word 'n selfgemaakte epiloog uitgespreek deur kapt. COLLINS, in die rol van Acres⁴⁾.

Hy dryf hierin op geestige wyse die spot met sy gebrek aan moed. By die eerste skot in 'n tweeveg het hy neergeval of hy dood is, en so verdere moeilikhede ontkom. Anders sou hy die volgende grafskrif verdien het:

“BOB ACRES — silly Fool — lies here to rot,
Who might have longer liv'd, and yet would not;
For know — he fought a Duel, and was Shot.
Take warning Traveller, from what you see,
And never be so great a Fool as — he.”

¹⁾ Sien bls. 75 ²⁾ *K. C.* 27 Jun. 1807.

³⁾ Sien bls. 142. Vandag nog word dit in S. A. geag dat die voorbereidings-tyd vermake ens. uitsluit.

⁴⁾ *Staatsalm.* 1808.

Die moderne tweegeveg, beweer hy, is veel barbaarser as die ou ridderlike stryd. 'n CERVANTES is nodig om dit met sy spot dood te maak. COLLINS gee blyke van 'n goeie literêre kennis.

Maar van vegtery gesproke, wat van die "cruel Ravages" van die "Gallic savages"! Hy trek te velde teen die Franse en NAPOLEON.

"Despair—Death—Famine—Rapine—Desolation—
Mark all the Progress of the Robber Nation.
Led by their Chiet, who runs his Murd'rous Course,
Uncheck'd by Treaty, Pity, or Remorse."

Wag maar! Die „tyrant” sal dit nog van die „Russian Bruin” kry, soos van die „British Lion”. Dan volg 'n bietjie pro-Britse propaganda. COLLINS spreek die Hollandssprekendes onder die gehoor toe. Hy wei uit oor die beklagenswaardige toestand van „wretched Holland” onder NAPOLEON. Handel en industrie is dood. Ook die Kaap moes daaronder ly onder die Bataafse regime.

“Scarce once a-year — one solitary Sail
Was seen — your scant supplies began te fail.
When England's Fleet rode proudly o'er the Wave,
And came to Conquer — yet still more to Save.
She fought your Ports to lend her Friendly Aid,
And Heal the Wounds French Tyranny had made.
Now Industry revives — the smiling Soil
Grateful repays the Cultivator's Toil.
Ships crowd your Ports, give all your Wants demand,
And scatter Plenty o'er the Happy Land.”

'n „Change” sê hy, val in hierdie „Joys” nie te vrees nie. Hy keer hom tot die Goewerneur en bevelhebber van die troepe. Die, sê hy, is waarborg daarvoor, maar sou die Franse iets probeer, selfs hy, Bob Acres, sal dan moed hê om te veg.¹⁾

Op Saterdag 25 Julie volg²⁾: *The West Indian* (CUMBERLAND), Bs., en „het Comique (burlesque) treurspel van *Tom Thumb*” (FIELDING).

Augustus sien nie minder as drie opvoeringe nie. Op 8 Augustus vind plaas³⁾: *The Beaux Stratagem* (FARQUHAR), Bs., en *The Old Maid* (MURPHY), Ks. Net voor die tweede stuk word 'n geestige adres van die hand van kapt. FRAZER, deur mnr. NAPIER as Cherry uitgespreek.

Allerlei toespelinge op *The Old Maid* kom daarin voor. 'n Epiloog⁴⁾ deur kapt. FRAZER as Mrs. Sullen (hy vervul o.a.

¹⁾ Interessant is die parallel tussen hierdie tyd en 1914.

²⁾ *K. C.* II, 18, 25 Jul. 1807. ³⁾ *K. C.* I Aug. 1807.

⁴⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 16.

weer 'n paar vrouerolle) volg. Hy maak dubbelsinnige aanmerkinge oor "wife" en "maid", en vervolg o.a. met:

"I love to see you crowd one top the to'ther!
To pass the time — the heavy hours to cheer:
To harmonize *John Bull* with *friend Mynheer*:
To gain the Plaudits of these Brilliant Rows,
Join'd with the smiles of the bewitching *Vrouws*.
To give to Charity one little Mite;
And in one bond of Friendship to unite —

.
Our faults and failings gently pass them o'er;
We do our *best* — the *best* can do no more.
I see you're pleas'd — I know it by your smirking¹⁾ —
The day's our own—so—Prompter—drop the curtain".

Interessant is hierdie vermelding as 'n bewys vir die poginge van Engelse kant op sosiale gebied die Hollandssprekendes vir JOHN BULL te win.

Op 15 Augustus²⁾ volg: die Treurspel van *Douglas* (HOME), en *The Mayor of Garratt* (FOOTE), laasgenoemde, in besonder, 'n stuk wat nog baie aan die Kaap gespeel sal word; op 29 Augustus³⁾: *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), vir die tweede keer hierdie jaar, en *Love à la Mode* (MACKLIN), Ks., i p.v. *Padlock* (BICKERSTAFFE), weëns die moeite om die gehele musiek daarvan in hande te kry; op Saterdag 12 September⁴⁾: *All the World's a Stage* (JACKMAN), Bs., en *The Upholsterer* (MURPHY), Ks. 'n Lied met die vyf laaste koeplette van homself, word deur die heer STUART gesing. Hiervan gee ek die laaste koeplet:

„Not liking her pranks, I tip't Kitty leg-bail,
And from sweet Ballahack to the Cape I let sail,
Where I've turn'd Strolling Player and strive to amuse
Both English and Natives, by murd'ring the Muse."

Op 26 September⁵⁾ vind plaas: *Abroad and at Home* (HOLMAN), "Comic opera", en *The Citizen* (MURPHY), "Entertainment". In 'n epiloog van die hand van kapt. COLLINS word die geleentheid te baat geneem om bietjie vrye grappe te maak en om te moraliseer oor „Be what you are".

Op 10 Oktober⁶⁾ volg „De laatste Avond Vertooning voor dit Jaargetyde" van *The Brothers* (CUMBERLAND), Bs., en *High Life Below Stairs* (TOWNLEY), Ks., "met nieuwe Schermen, klederen en verciersels" — as gevolg van 'n

¹⁾ *Staatsalm.* 1808. 'n Misleidende fout by Laidler is "smoking" i. v. p. "smirking".

²⁾ *K. C.* 15 Aug. 1807.

³⁾ *K. C.* 28 Aug. 1807.

⁴⁾ *K. C.* 5 Sept. 1807; *Staatsalm.* 1808.

⁵⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 17.

⁶⁾ *K. C.* 10 Okt. 1807; *Staatsalm.* 1808.

renowasie¹⁾ van die skouburg. Ook hierdie stuk sal nog dikwels die Kaapse publiek vermaak.

Kapt. COLLINS het 'n proloog, van homself, uitgespreek. Hy dank die gehoor „for all favors past.” Die geselskap het uit nuwelinge, wat toneel betref, bestaan. Tog kan hul van vriende afskeid neem vir die seisoen.

„Our ears' were ne'er alarm'd by hiss or groan;
No cat-call squeak'd — no Orange Peel was thrown;
But of the Laugh — the Clap's inspiring sound,
Again and yet again has echo'd round.
No wrinkled brow was clad in Critic terrors,
But all with smiles forgave our little Errors.”

As, na somer en suidooster, die winter weer kom (ons kry o. a. 'n baie goeie opsomming van die spelers):

„Then may the Vet'ran FRAZER to the Life,
Mimic a cross Old Maid, or wanton Wife;

.....
NAPIER, as blooming Cherry, grant me Kisses —
Mock all the Airs and Graces of young Misses —

.....
STRAWBENZEE — warble forth his tuneful Notes,
And tread the Stage array'd in Petticoats;
So much at ease, — that it would sore perplex
A skilful Matron to decide his Sex.

LOFTUS pourtray the virtues of *O'Neill*,

And all O'FLAHARTY'S warm generous zeal.

Whilst LONGLEY, — GLEADOWE — HAMILTON — and I —

WILSON and STOCK — to do our best will try;

And if the Ladies will but kindly urge on,

Perhaps once more, you'll see great Major Sturgeon.”

Alleen, as hulle weer begin, sal hulle „Manager”, die heer MORGAN, weg wees. Nie weer sal hy as *Scrub, Sir Anthony*, die *Quaker*, of *Norval*, sy „Comic Powers”, in besonder, op die planke laat blyk nie. Weëns swakke gesondheid keer hy na Engeland terug. Mag sy reis voorspoedig wees.

Die heer MORGAN self, as *Lady Dove*, spreek 'n korte waardering, deur Kapt. COLLINS geskrywe, aan die end van die eerste stuk uit.

Tenslotte volg Kapt. FRAZER met 'n epiloog, deur homself geskrywe en uitgespreek. Hy verskyn „habited in deep mourning”, want sy regiment sou die Kaap verlaat²⁾. Die stuk is nogal gevoelvol en getuig van 'n groot wedersydse liefde tussen hom en sy gehoor.

¹⁾ Laidler, *Annals* ens., bls. 16.

²⁾ Laidler, id., bls. 17. Blykbaar het hy tog gebly. In verband met opvoering, op 13 Mei 1809 (*K. C.*), word hy nog gemeld. Sien bls. 78.

In die klugspel het kapt. FRAZER 'n lied, deur homself gemaak, gesing waarvan die laatste versie gedeeltelik lui:

„Then come Brother Soldiers who round me now sit,
Let us drink to the Boxes, the Gallery, and Pit.

Then we'll fill up a Bumper, 't is a Toast from our Heart,
God bless this kind Audience with whom we're to part.”

In hierdie jaar het vir 'n uitsondering¹⁾ 'n dame, mev. KINNIBURGH, verskeie vrouerolle gespeel in *The Rivals* (SHERIDAN), op 4 Julie; *The West Indian* (CUMBERLAND), *Tom Thumb* (FIELDING), *The Beaux Stratagem* (FARQUHAR), *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH) en *The Upholsterer* (MURPHY) daarna. Waarskynlik was sy die vrou van 'n onderoffisier of burger aan die Kaap.²⁾ Die herespelers deur COLLINS genoem was natuurlik de bekendste. Major Sturgeon was sekere mnr. BYNG. Ander spelers was maj. LOMAX, die here TAYLOR, CARLOSS (as dame), STUART, YOUNG, HOPLEY, (as dame) „ROMEO”, sers. RAMSFORD.

En die liefdadigheid? In hoever het dit by hierdie bedrywigheid baat ondervind? Inderdaad aansienlik. „Een somma van 1339 1/2 Ryksd. (£ 268) na voldoening der nodige gemaakte Theater kosten”, word aan die Betaalmeester-Generaal oorhandig „tot verzagting voor Noodlydenden,” sodat „de moeite dier Heeren welke ... speel(d)en niet vrugteloos, noch de goedwilligheid van het Publiek,” gewees het nie³⁾.

Die bloei van 1807 word in 1808 voortgesit. Die seisoen⁴⁾ het geopen op Saterdag 21 Mei met *The West Indian* (CUMBERLAND) en *The Agreeable Surprise* (O'KEEFE). Die liefdadigheid was die vorige jaar meer of min 'n vrome leuse in die algemeen; hierdie jaar word dit 'n werklik grote dryfkrag, byna 'n manie, 'n raserny. Die opbrengste het allerlei militêre bestemminge gehad.

Op Vrydag 3 Junie⁵⁾ word opgevoer: *De Oude Meid* (sic!) vir *The Old Maid* (MURPHY) en *De Liegende Knecht* (*Lying Valet*) (GARRICK), Ks., „ten profyte van Weduwen en Weezen der Koninglyke Artillery en Ingenieurs of diergenen welke de Bevelhebbers van gem. Corpsen hier toe het meest gerechtigd zullen vinden”. „Comieke Gezangen” word tussendeur gegee.

Weëns vertrek van enige troepe word *The Road to Ruin* (HOLCROFT) uitgestel, (miskien is van die spelers mee), maar word vir die „Weduwen en Weezen van het 21. Regiment Ligte Dragonders” op dieselfde grondslag soos voorheen, op

1) Laidler, *Annals*, ens., bls. 28. 2) Vgl. bls. 107.

3) *K. C.* 28 Nov. 1807. 4) *K. C.* 7 Mei 1807. 5) *K. C.* 28 Mei 1808.

Saterdag 18 Junie¹⁾ opgevoer die ou gunsteling: *The Beaux Stratagem* (FARQUHAR) en *The Mayor of Garratt* (FOOTE). Die voorstelling moes 'n sukses gewees het, want as gevolg daarvan kan lt.-kol. PIGOT die „Theatraal Committee” vir 300 Rds. bedank²⁾.

Dan kom „de Invaliden die naar Engeland terugkeeren” aan die beurt, op Saterdag 2 Julie³⁾. Op besondere versoek word die Treurspel *The Gamester* (MOORE) vertoon; as nastuk volg *Taste* (FOOTE).

Ook hier word 300 Rds. afgedra, wat “tot het aankopen van verkwikking” moes dien³⁾.

Vervolgens kry die „Weduwen en Weezen van het 24^{ste} Regiment of zieken” hul beurt op Saterdag 16 Julie⁴⁾ met *All the World's a Stage* (JACKMAN), en *The Padlock* (BICKERSTAFFE); en hierna die weduwees ens. van die 72^{set} Regiment op Saterdag 20 Augustus⁵⁾ met *The Agreeable Surprise* (O'KEEFE) en die „aangename Klugtspeel” *The Tars of Old England*. Ook „zullen . . . tusschen de Bedryven vertoond worden Grond- en Lugtsprongen; benevens naarbootsingen van verscheiden vogels, door een leerling van ASTLEY”⁶⁾, die bekende sirkusbestierder in Engeland. Dit is die oudste bekende voorbeeld van variété op die Kaaps-Engelse toneel, nie egter op die Kaapse toneel as geheel nie⁷⁾. Die Franse geselskap was vòdr.

Die komedie van 10 September⁸⁾ vir die weduwees ens. van die 89^{ste} Regiment, word uitgestel tot Donderdag 22 September. Dan word gespeel:⁹⁾ *De Medeminnars (Rivals)* (SHERIDAN), en „het aangename Klugtspeel” *Het Meisje boven de Tien* (GARRICK). Tussen die bedrywe sal “verscheiden welluidende Liederens” gesing word, benewens “nieuwe en wonderbaare Houdingen, Sprongen enz.” uitgevoer deur die “leerling van ASTLEY”.

Hierdie opvoering het 400 Rds. vir die weduwees ens. in die kas gebring¹⁰⁾. Dit was dus 'n buitengewone sukses. Sou dit deels deur die variété gekom het?

Die volgende voorstelling op 8 Oktober¹¹⁾, was 'n herhaling van die voorafgaande wat betref die variété; verder was die opbrengs vir die weduwees ens. van die 83^{ste} Regiment

¹⁾ K. C. 11 Jun. 1808.

²⁾ K. C. 25 Jun. 1808.

³⁾ K. C. 3 Jul. 1808.

⁴⁾ K. C., 9 Juli 1808.

⁵⁾ K. C., 13 Aug. 1808.

⁶⁾ K. C., 20 Aug. 1808.

⁷⁾ Sien bls. 91; K. C., 14 Des. 1805. Afgesien van hierdie vergissing stel Laidler *Annals ens.* (bls. 20) dit voor asof dit al op 16 Jul. by die opvoering van *She Stoops to Conquer* plaasgevind het. Ek het egter vir die geleentheid *All the World's a Stage* (sien verderop) en verder niks nie. Of my K. C. is dus verkeerd, of Laidler.

⁸⁾ K. C., 10 Sept. 1808.

⁹⁾ K. C. 17 Sept. 1808.

¹⁰⁾ K. C., 1 Okt. 1808.

¹¹⁾ K. C., 1 Okt. 1808.

bestem. Daar word opgevoer *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), en *The Apprentice* (MURPHY), Ks.

Op 12 September¹⁾ volg „De Laatste tyd van Vertooning” (die Engelse oorsprong van die uitdrukking is duidelik²⁾ van die seisoen met *The Poor Gentleman* (COLMAN), „aangename Blyspel”, en *The Padlock* (BICKERSTAFFE). Volgens LAIDLER³⁾ help sekere BILLY PITT hierdie jaar mee. Hy was waarskynlik ’n mariene-offisier.

Ook 1809, vir solank daarin gespeel word, wil ek hier behandel, al val dit naar die tydsindeling onder die volgende tydperk. Logies egter behoort dit by hierdie tydperk.

Die werksaamhede van die medespelendes, of sommige daarvan tenminste, by sulke liefhebbery (of liefdadige!) voorstellinge, het nie altyd onerken, ook in materiële sin, verbygegaan nie. So vind ons „Ten profyte van de Onder-Officiere en Soldaaten, die voor de twee laatste Saisoenen aan de Schouwburg geholpen en niets voor hunne moeite erlangd hebben”, ’n voorstelling op Dinsdag 31 Januarie⁴⁾ 1809 met: *All the World's a Stage* (JACKMAN), en „het aangename nieuwe Klugtspel van *Raising the Wind* (KENNEY)” — later nog baie gespeel.

Onder die opskrif: „Liefdadigheid!!!” word „Ten profyte van de Zee- en Militaire-Invaliden in dienst van Zyne Majesteit en de Ed. O. I. Comp. aan Boord der Schepen, die thans op de Rhede leggen op hun te rug reis naar Engeland uit Indiën”, die voorstelling van Maandag 13 Februarie⁵⁾ aangekondig van *The Poor Gentleman* (COLMAN), en *Katharine and Petruchio, or The Taming of the Shrew* (SHAKESPEARE). Dit sal die eerste debuut in ’n volledige stuk van SHAKESPEARE⁶⁾ aan die Kaap gewees het. Spesiaal word vermeld: „Alle Rollen zullen door Heeren gespeeld worden”. Ons kan ons voorstel hoe hulle die grappige situasies sal uitgebuit het! Ook die deure gaan vroeg oop, wegens „de langduurigheid van de Comedie”. Die Goewerneur en ander vooraanstaande mense is aanwesig; soos trouens gewoonlik die geval is.

Kommanderende Offisiere van die Invalides op elke skip word versoek om die sieketalle op te stuur aan die „Theatrale (sic!) Commissie, Post Comptoir”.

Ook die swanesang van hierdie geselskap is gestem op die noot van liefdadigheid. „Tot profyt van een zeer onge-

¹⁾ K. C., 12 Nov. 1808.

²⁾ Tyd = time; Hollands: „maal” of „keer.”

³⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 19, noem hom ’n beroepsakteur. Maar in 1818 (Sien bls. 155) is hy nog aan die Kaap. Volgens Mendelssohn (II, bls. 169) was hy “an officer in the Civil Department of H. M. Navy”; wat ook veel meer klop met die feite.

⁴⁾ K. C. 21, 28 Jan .1809.

⁵⁾ K. C. 11 Febr. 1809.

⁶⁾ Sien bls. 67.

lukkig Persoon" word op Saterdag 29 April ¹⁾ gespeel: *De Bespotlyke Docter* (FIELDING) ²⁾, en „het aangename Blyspel *Katharina en Petruchio*, van SHAKESPEAR”.

Tenslotte volg in optima forma die saaklike afsluiting: ³⁾ „Alle vorderingen op het Engelsch Toneelgezelschap voor het laatste saisoen moeten ingezonden worden aan Capt. Frazer, geadresseerd ter Gouvernementsdrukkery voor 20 Mei.”

Hiermee sluit hierdie bloeiperiode af, en sal, deur invloede wat ek elders ⁴⁾ behandel, die Engelse nie voor 1811 weer speel nie. Ongetwyfeld verdien hierdie garnisoensvoorstelling baie lof. Die spelers moes veel tyd en toewyding aan die werk bestee het. Die veelvuldige opvoeringe, byna altyd met nuwe stukke, dikwels grote en belangrike, en die vele oorspronklike werk soos adresse, prologe ens., bewys dit. Die Kapenaars, met hul bals ⁵⁾ ens. daarby, moes 'n drukke tyd van vermaak beleef het.

§ 3. Hollandse (w.o. Duitse en Franse) Toneel.

Ek behandel hierdie drie uitinge van toneel in een verband omdat hul in die wese van die saak bymekaar behoort. Almal is uitinge van die „Hollandse” volksgroep aan die Kaap, van die „Hollandse” kultuur in die breedste sin van die woord. Hulle kom voort uit elemente onder die Hollandse gemeenskap; hulle geniet hulle ondersteuning veral van die Hollandsprekendes; hulle hele wyse van inrigting is Hollands.

Mettertyd verhollands hulle ook heeltemal vir sover hulle dit aanvanklik nie is nie. Ek behandel hulle in die tydsorde waarin hulle vermoedelik hul verskyning maak.

a. Duitse Toneel.

Hiervan het ek alreeds melding gemaak ⁶⁾. Onder 13 Februarie 1802 ⁷⁾ verskyn die volgende advertensie:

„Aanstaande week zal Het Hoogduitsch Gezelschap van het Liefhebbery Theater (Amateurs of the Stage), de *Schachmaschine oder Genie Streiche ueber Genie Streiche*, (BECK) vertoonen, ten voordeele van de Diaconiesarmen”.

Dit is die oudste advertensie van enige opvoering in Suid-Afrika wat ons besit. Daarna het ander direk gevolg ⁸⁾.

Duitse liefhebbers met filantropiese motief: ook hier vind

¹⁾ *K. C.* 22 en 29 April 1809.

²⁾ *The Mock Doctor*. Naar Molière: *Le Médecin malgré lui*.

³⁾ *K. C.* 13 Mei '09. ⁴⁾ *Sien* bls. 141. ⁵⁾ *Sien* Bylae III.

⁶⁾ *Sien* bls. 68. ⁷⁾ *K. C.* ⁸⁾ *Sien* bls. 68.

ons weer die kenmerke¹⁾ van vermaak en liefdadigheid. Op Saterdag 17 Julie²⁾ word aangekondig dat „de Liefhebbers van het Toneel en het Muziekgezelschap” sal uitvoer in die Skouburg *De (Der) Wildfang* (KOTZEBUE), Bs. in drie Bed., en daarna *De Moetwillige Jongen*, Tsp. in 1 Bed.

Dat dit die Duitse geselskap was blyk uit 'n advertensie onder 24 Julie³⁾ waarin 'n herhaling van bowestaande stukke aangekondig word vir dieselfde aand deur „Het Hoogduitsche Toneel-Gezelschap. . . . Op aanzoek van verscheidene goede, Vrienden⁴⁾, dewelke uit hoofde van de Beknophtheid des Schouwburgs, jongst gepasseerde Zaterdag met geen Lootjes hebben kunnen geriefd worden.”

Die Duitse Geselskap geniet blykbaar die volste ondersteuning. Tog word dit 12 Maart 1803⁵⁾ voor ons weer daarvan hoor. Moontlik het die politieke onrus van die Kaap se teruggawe aan die Hollanders sy invloed uitgeoefen, moontlik het die geselskap nie geadverteer nie. Dan kondig „Het Hoogduitsch Liefhebbery Toneel-Gezelschap onder de Zinspreuk *Consacré à la bien faisance Honi soit qui mal y pense*”, vir Dinsdag 15 Maart aan „het Toneelspel *Die Ueberrasschung*”, in 1 Bed., en daarna „*Das Friedens-feyer*⁶⁾ in twee Bedryven met zang”.

Hierna het die geselskap ongetwyfeld opgehou om te bestaan. Ek vind taal nóg teken meer daarvan, terwyl ander geselskappe hulself nie genoeg kan adverteer nie. In 1803 maak 'n Hollandse en 'n Franse geselskap — laasgenoemde veral het baie gespeel — hul verskyning. Moontlik was hulle in die eerste plek verantwoordelik vir die tot niet gaan van die Duitse geselskap. Laasgenoemde het ook ongetwyfeld nie alleen in Duits gespeel nie. *De Moetwillige Jongen* van 1802 was seker 'n Hollandse stuk, hoewel miskien uit die Duits *Der Muthwillige, oder Der Wirrwarr* van KOTZEBUE vertaal. Van hul kragte kon dus bes naer die ander geselskappe oorgeloop het⁷⁾).

Interessant bly die vraag: Vanwaar kom hierdie Duitse geselskap aan die Kaap? Was dit uit die garnisoen of burglary of altwee?

Dis bekend dat veral in die latere tyd — end 18de eeu — van die O. I. K. 'n baie groot persentasie, ongeveer die helfte, van sy bediendes uit Duitsers bestaan het. Van hierdie toestande merk ons natuurlik die terugslag op die Kaap. Sedert 1747 oortref die Duitse immigrasie die Nederlandse

1) Sien bls. 56.

2) K. C.

3) K. C.

4) Wat 'n weldoende gemoedelikheid! — F. B.

5) K. C.

6) Waarskynlik *Die Friedensfeier* (*Het Vredensfeest* „Landspel met zang en dans”, vertaal deur Fokke Simonsz in 1802); of *Das Friedensfeuer*?

7) Sien bls. 81.

selfs aanmerklik. Trouens, wat betref die bloedmenging van die Afrikaanse volk, word die Duitse aandeel op 27⁰/₁₀ gestel ¹⁾. Sedert 1780 — na lange stryd — bestaan ook die Lutherse Kerk aan die Kaap ²⁾. Die meeste van die Duitsers het gekom as soldate in die diens van die Kompanie. Hulle was nie alleen soldate in Hollandse regimente nie; hele Duitse hurregimente was dikwels aan die Kaap, soos reeds tevore geblyk het ³⁾. In 1795 was daar nog 'n klein afdeling Duitse manskappe van die regiment van Wurtemberg. Baie was daar ook in die infanterie, die sgn. „nationale bataillon”, en verskeie in die artillerie ⁴⁾. Of, en indien wel, hoeveel ⁵⁾ van hierdie Duitsers in Engelse diens oorgegaan het na die oorgawe in 1795, weet ek nie; maar in 1796 word 'n Hollandse vloot, onder admiraal LUCAS, tot oorgawe aan die Engelse gedwing. Onder hom was 2000 soldate en matrose, waarvan die meerderheid Duitse soldate was. Hulle het direk in Engelse diens oorgegaan. Die meerderheid van hulle het egter kort daarna naar Indië vertrek, sodat onder die Engelse garnisoen in 1802 beswaarlik van 'n belangrike Duitse element sprake kan wees. Natuurlik is die moontlikheid nie volstrek afwesig nie. Ek dink egter dat die meeste Duitse spelers onder die burgery moet gesoek word. Ek het reeds aange-
toon hoe die burgery uit die soldate afkomstig was. TURNBULL lê nadruk op die groot aantal Duitsers aan die Kaap in hierdie tyd ⁶⁾. Hoe sterk die Duitse inslag van die bevolking was, getuig ook die stigting van die *Concordia* Sosiëteit in 1797 ⁷⁾. Die lede dra hoofsaaklik Duitse name. Die beste bewys egter vir die juistheid van hierdie opvatting blyk uit die feit dat die geselskap nog in 1803 speel, toe die Engelse garnisoen al ver weg was huistoe. Hul het ewenwel enige medewerking gehad het van Duitse soldate onder die Engelse garnisoen ⁸⁾. Inisiatief of medewerking deur Duitsers van die garnisoen onder die Bataafse bewind val nie aan te neem nie. Wel was die 5^{de} bataljon van WALDECK aan die Kaap, maar dat hul reeds ses weke na hul aankoms sou gespeel

1) Boshoff, *Volkens*, bls. 28 e.v.; Colenbrander, *Afkomst ens.*, bls. 117, skat die getal manne tussen 1776 en 1795 op 233.

2) Spoelstra, *Bouwstoffen ens. I.* bls. 463; Theal. 1725—1834 bls. 269.

3) Sien bls. 17; Theal. 1691—1783 (1885) bls. 275; Gie, *Gesk. ens.* bls. 112.

4) Theal. 1691—1783 (1885), bls. 336, 337, 358; Borchers, *Bladen ens.* bls. 30.

5) Theal. Id., bls. 354; Borchers. Id., bls. 30.

6) Turnbull, *Reizen ens.* 1800—'04, bls. 20. “Uit elken Kreits van het Duitse Ryk.”

7) Sien bls. 42; Lady Anne Barn. bls. 86 (1924).

8) Barrow, *Reizen ens.* IV, bls. 207. Hy vertel van 'n ou Duitse soldaat wat deelneem aan die opvoering, sien bls. 105.

het, lyk my onmoontlik. Bowendien waarom speel hul dan nie verder nie, as die geselskap, geheel of vir die oorgrote gedeelte van die garnisoen was?

Hierdie Duitse tussentyd dra origens 'n paar interessante kenmerke. Onder 17 Julie waar dit „Toneel en Muziek Gezelschap” heet, die eerste geselskap van hierdie aard, kom die ware Duitse voorliefde vir musiek reeds voor die dag; ewenas by die konserte ¹⁾ waar Duitsers reeds die voortou neem sedert 1800. Sulke konserte neem weer gereeld, alle Woensdae, sedert April 1803 ²⁾ hulle aanvang. Hulle sal seker hul aandeel bygedra het tot die ondergang van die Duitse „Toneel”. Miskien het hul die toneelgeselskap verdring ³⁾; miskien het hul die, om die konserte uit te voer, omgeset in 'n suiwer musiekgeselskap.

Verder net soos by die Engelse, was die Duitse geselskap „consacré à la bien faisance” Dat die geselskap sukses gehad het, het ons gesien ⁴⁾. Ook JOHN BARROW bevestig dit, maar om allesbehalwe redene van kuns ⁵⁾.

So verdwyn hierdie geselskap, maar terwyl andere reeds aan opkom is.

b. Hollandse Toneel.

Die eerste vermelding van 'n Hollandse geselskap is onder Bataafse regime. Ek glo nie hulle het voor die tyd bestaan nie, want BARROW, waar hy die Engelse tyd in die oog het, vermeld wel andere geselskappe, maar geen Hollandse nie ⁶⁾.

In 1802 het Engelse en (veel minder) Duitse geselskappe die baan beheers. Die oorspronklike plan vir Hollandse en Engelse bespeling van die skouburg het dus blykbaar nie deurgegaan nie ⁷⁾. In 1803 vertrek die Engelse geselskappe, en Hollandse (minder) en Franse geselskappe neem hul plek in.

Tesame verdring hul vermoedelik die Duitse geselskap. Vanaf 1805 is blykbaar ook die Hollandse totaal deur die Franse verdring vir hierdie periode. Die eerste duidelik vermelde berig ⁸⁾ van 'n Hollandse opvoering in Suid-Afrika — waarskynlik het hul al op 29 Jan. *Zaire* van VOLTAIRE opgevoer ⁹⁾ — was as volg:

¹⁾ Sien Bylae IV. ²⁾ *K. C.*, 11 Apr. 1803. ³⁾ Vgl. vtn. 1.

⁴⁾ Sien bls. 79. ⁵⁾ Sien bls. 105. ⁶⁾ Sien bls. 105. ⁷⁾ Sien bls. 63.

⁸⁾ *K. C.* 26 Feb. 1803.

⁹⁾ Onder 29 Jan. '03 *K. C.* verskyn die volgende editoriale vermelding: „Het schoon Treurspel *Zaire* van Voltaire, het welk Heeden Avond op het Nieuwe Theatre zal vertoond worden, wierd in het Engels vertaald en de rol van Lubignan of schoon zeer kort, wierd door den onnavolgbren Garrick zoo overheerlyk uitgevoerd, datdaar over nog met onderscheiding wordt gesproken”. — Was hierdie opvoering van die Engelse? Onwaarskynlik, hul staan
(*Vervolg op volgende bls.*)

„Het Hollandsch Liefhebbery Genootschap tot Zinspreuk voerende (*Tot Leering en Vermaak*) zal de eer hebben op aanstaande Zaterdag den 5^{de} Maart in de Publieke Schouwburg, Alhier te vertoonen: *De Papegaay*, Toneelspel in Drie Bedryven door A. VON KOTZEBUE.

De Billetten tegens twee Ryksdrs. zyn te bekomen by de Heer A. BURNET in de Loopstraat, No. 87”.

Tot Leering en Vermaak: veelseggende sinspreuk! Waarskynlik het ons hier die begin van die geselskap *Tot Nut en Vermaak* wat in 1809 vir die eerste keer van hom laat hoor, en wat vir lange jare 'n roemryke loopbaan volg.

Vermoedelik het op Maandag 18 Julie ook 'n opvoering plaasgevind. Dit kon Frans gewees het, maar ek is geneig om dit as Hollands aan te neem, om rede van die haas ongelooflike groot tussenpoos wat anders tussen die Hollandse opvoeringe sou bestaan het ¹⁾.

Vir Saterdag 24 September (eers?) word die volgende voorstelling berig. In die Skouburg, soos tevore, vind plaas: *De Elfde Junius* ²⁾, Bs. in 5 Bed., deur LODEWYK HOLBERG. Vir plaasbespreking word naar „den burger J. G. BRINK” verwys.

Aardig is hierdie „burger BRINK”! Dit was immers die tyd van die Bataafse Republiek. Vir die res van die jaar verneem ons van geen Hollandse opvoeringe nie. Die Franse geselskap vier hoogty.

Vir Saterdag 19 Mei 1804 ³⁾ word aangekondig dat „Met permissie van den Procureur-Generaal, ⁴⁾ is een zeker Liefhebbery Gezelschap voornemens om (na aftrek der onkosten) ten profyte van de door den brand nood geledene Drostdye van Stellenbosch” in die Skouburg alhier te vertoon: *Bramarbas, of De Snoevende Officier*, Bs. in 4 Bed. door den Heer HOLBERG”. Gevolglik word „alle weldenkende en menschlievende Ingezetenen” tot bywoning uitgenooi.

Hier weer die liefdadigheid op die proppe en terwille van.... Stellenbosch se Drosdy. 'n Mooi voorbeeld van onderlinge maatskaplike belangstelling.

Dit is die laaste wat ons van die Hollandse geselskap

(*Vervolg van vorige bls.*).

ieder oomblik op vertrek en het hul bepaal tot kort lugtige stukke. Die Franse? Maar die nuwe garnisoen het pas aangekom en die Franse speel ook in die eerste tyd alleen kort vermaaklike stukke; bowendien die gees en inhoud van hul eerste advertensie sluit die moontlikheid eintlik totaal uit (23 Maart sien bls. 85). Die Duitsers? Moontlik — maar die aard van hul stukke in die algemeen spreek daarteen. Daar bly oor die Hollandse Geselskap. Waarskynlik: hul is die eerste wat hierdie jaar optree, 5 Maart reeds (sien bls. 82); en lang stukke van 'n „ernstiger” inhoud speel.

¹⁾ Sien bls. 103; *K. C.* 23 Jul. '03. ²⁾ *K. C.* 17 Sept. 1803; 24 Sept. 1803.

³⁾ *K. C.* 12 Mei 1804. — 18 Mei sal 'n setfout wees. ⁴⁾ Vgl. bls. 102.

verneem. 'n Nuwe geselskap sal nie voor 1809 van hom laat hoor nie. Wat sou die oorsaak van hierdie onderbreking wees? Die weeruitbreek van die oorlog in 1804 en allerlei voorbereidsels teen moontlike Engelse aanvalle; die oorgang inderdaad van die Kaap aan die Engelse begin 1806 ¹⁾; die bloei in besonder van die Franse toneel in hierdie tydperk; die bloei van die Engelse tooneel (1807—'08) en ander vermaaklikhede, dit alles sal medeoorzaaklik gewees het ²⁾.

Tog word Hollandse stukke nog 'n enkele keer gespeel deur die Franse geselskap wat sy loopbaan voortsit, ofskoon sedert 1805 ook met altyd verminderende vaart tot 1808.

c. Franse Toneel.

Byna gelyktydig met die Hollandse begin die Franse geselskap. Hulle begin dus ook onder die Bataafse Bewind, 'n tyd, van die nouste samewerking tussen Holland en Frankryk. Hiervan het die Kaap, uit die aard van die saak, die terugslag ondervind.

Vanwaar die Franse aldaar? Vermoedelik in die eerste plek van die garnisoen. Die Jagerregiment was 'n soort vreemdelingelegioen ³⁾. Ook onder die gewone Hollandse troepe kom talryke Franse name voor, soos blyk uit die promosielyste wat gereeld voorkom ⁴⁾. Ook Mauritius (Isle de France) was van invloed ⁵⁾. So was daar 'n Franse afdeling by die slag van Blouberg in 1806 waarvan die manskappe afkomstig was van 'n Franse brik die *Atalante*, wat op 3 November 1805 in Tafelbaai gestrand het ⁶⁾, en uit 'n kaper van Mauritius, die *Napoleon*, wat in Houtbaai aan strand geloop het ⁷⁾. BORCHERDS ⁸⁾ vermeld sekere kapt. PICARD uit Isle de France, en onder 14 Desember 1805 ⁹⁾ heet die opvoering selfs van „les Amateurs de l'Isle de France” ¹⁰⁾. In hierdie geval kan ons die begin sien van die Franse artieste wat nog lang daarna by tussenpose die Kaap aandoen op weg van en naar Mauritius en vermoedelik die

¹⁾ Theal, 1795—1834 bls. 111; sien bls. 69.

²⁾ Sien bls. 69 e.v.; ander vermaaklikhede, in besonder konserte, sien Bylae IV.

³⁾ Theal. 1795—1834, bls. 116.

⁴⁾ Vgl. *K. C.* o.a. 14 Jan., 28 Aug., 20 en 27 Okt. '04; 16 Nov. '05.

⁵⁾ Sedert 1810 onder Eng. bestuur, maar nog altyd Frans naar taal en kultuur. Vgl. Theal. id., bls. 101.

⁶⁾ Theal. id., bls. 111 en 116.

⁷⁾ Theal. id., bls. 113 en 116 (25 of 26 Des.).

⁸⁾ *K. C.*, 22 Febr. '06; Borchers, *Bladen ens.* bls. 210. ⁹⁾ *K. C.*

¹⁰⁾ Ook altyd 'n plek vol toneelbedrywigheid. Vgl. Prior, *Beschr. ens.* bls. 82; Campbell, *Travels ens.*, bls. 384; *Recoll. of Maur.*, by a Lady; *K. C.* 20 Jun. '18.

Ooste. Onder die Hollandse troepe kan ons veilig aanneem dat die offisiere goed met Frans sal bekend gewees het. Die besondere sosiale en politieke verhoudinge van toe het kennis van Frans meer as 'n gewone vereiste gemaak. Die betekenis van dergelike kulturele elemente vir „Franse” toneel is duidelik.

Verder „De militaire officieren gingen veel met de burgerij om, woonden bij de families in en werden daar familiare kennissen en vrienden”¹⁾, en sal ook seker hul belangstelling vir vermake aangewakker het.

Wat die burgery betref, die het ook 'n groot aandeel in die Franse toneel gehad; na die vertrek van die troepe in 1806, selfs 'n uitsluitlike. Maar dan kwyn die geselskap ook merkbaar; wel 'n bewys van die betekenis van die garnisoen daarvoor.

Vanwaar kom hierdie Franse onder die burgery? Hiervoor moet ons teruggaan ook tot vòòr die Bataafse tyd, tot die bondgenootskap van 1780 tussen Nederland en Frankryk. Ewenas by die Duitsers blyk die garnisoen 'n groot faktor te gewees het in die vermeerdering van burgers van Franse afkoms.

COLENBRANDER vermeld 'n aanwys van 10 persone ('n relatief groot getal in verhouding met die voorafgaande tyd) tussen 1778 en 1807²⁾. Sy opgawe is egter nie voltallig nie³⁾; daarby kom nog persone na 1807 Name o.a. soos VILLET (sedert 1803), wat eintlik die Franse toneel begin, en sedert 1807 J. RIAUX, J. A. ROUVIÈRE, J. G. TREDOUX, F. AGRON, C. E. BONIFACE, L. MEURANT, almal welbekende name in verband met Franse en Hollandse tooneel, noem hy nie.

Natuurlik kan die Hollandse burgery, en in die Bataafse tyd die amptenaarskringe, goeddeels as „Frans” aangereken word — al is dit alleen in die sin dat hul genoeg Frans geken het om 'n uiting in die taal te waardeer.

Immers aan die Kaap was dit, net soos in Holland, altyd enigsins 'n vereiste van goeie opvoeding om Frans te ken — die appel het nie ver van die boom geval nie! BARROW vermeld dit van die meisies⁴⁾ en daar was ook 'n Franse skool in 1803⁵⁾. Wat betref leermeesters in Frans⁶⁾ was o.a. VILLET en BONIFACE sodaniges. Frans het dus seker in die algemene opvoeding behoorlik die aandag geniet.

Dat die Franse toneel 'n tydlang kragtig aan die Kaap kon bloei, word begryplik. Hierby sal die aard van die

1) Borchers, *Bladen ens.*, bls. 195.

2) Colenbrander, *Afkomst ens.*, bls. 113.

3) C. bereken alleen volgens huwelike met vrug aan die Kaap gesluit.

4) *Reizen ens.* I, bls. 67.

5) Sien bls. 47; Borchers, *Bladen ens.*, bls. 199.

6) Borchers, *id.*, bls. 201.

Franse toneel, lugtig, kleurig, en veral „à la mode”, met sy operettes ens., seker 'n sterk aanbeveling gewees het. En wie weet hoever die voorstelling van 1783 nog in die geheue voortgelewe het¹⁾! Uniek is dat voorstelling vir liefdadigheid geen enkele maal by die Franse geselskap vòòr 1807 voorkom nie; gedurende die tyd wat dit onder VILLET se leiding staan. VILLET het stellig nie alleen uit liefde vir die kuns gearbei nie!

Die jaar 1803 was inderdaad 'n merkwaardige aan die Kaap. Die terugkeer van 'n Hollandse regering skyn algemeen 'n buitengewone opgewektheid te laat ontstaan het. Behalwe die bestaande Duitse toneel, neem die Hollandse 'n aanvang; maar op gebied van konserte en Franse toneel was die grootste bloei.

Soos BORCHERDS²⁾ vermeld: „Amateur concerten en tooneeluitvoeringen maakten hoofdzakelijk de publieke vermakelikheden uit”³⁾.

Op 19 Maart 1803⁴⁾ verskyn die volgende advertensie: „Een Fransch Gezelschap van Liefhebbers van het Theater⁵⁾ voornemens zynde op Woensdag den 23^{en} dezer in den Schouwburg alhier te vertoonen: *Les Prisonniers de Guerre*, Tooneelspel in twee bedryven, door J. J. ROUSSEAU. En na hetzelfde *Arlequin Afficheur* klugtspeel in een bedryf met zang, door DESFONTAINES (en BARRÉ)”, word 'n ieder wat die voorstelling wil bywoon, versoek om homself vir biljette by die heer S. J. DE BEER te vervoeg.

Vir Saterdag 11 Junie⁶⁾ om half sewe in die Skouburg kondig „zeker Fransch Liefhebbery Theater Gezelschap” weer aan: *Les Deux Jumeaux de Bergame* (DE FLORIAN), *Arlequin Afficheur* en *La Revanche Forcée*, aldrie klugspele in een bedryf, waarvan die laaste twee „met zang”. Die voorstelling het per slot van rekening op 18 Junie plaasgevind deur „indispositie van de musicanten”.

Die herhaling van *Arlequin Afficheur* wys op populariteit. Die sang-element neem toe. Die naam van C. M. VILLET, wat eintlik die draer word van die Franse toneel in hierdie tyd — hy heet elders „Entrepreneur” — verskyn hier vir die eerste maal. VILLET is die eerste naam van betekenis op gebied van toneel onder die Hollandssprekende bevolking. Hy is die eerste groot stigter van die tradisie van liefhebberytoneel. Immers, die Franse toneel was nie alleen by uitstek van die Hollandse bevolking vir sy bestaan afhanklik nie,

1) Sien bls. 27 e. v. 2) *Bladen ens.* bls. 195.

3) Sien bls. 46—47. 4) *K. C.*

5) Die Franse oorsprong van die vertaling is duidelik. — F. B.

6) *K. C.* 28 Mei, '03.

die Franse geselskap speel soms selfs Hollandse stukke¹⁾; dit gaan tenslotte onder BONIFACE volkome tot Hollandse toneel oor. VILLET verdien dus dat ons nader by hom stilstaan.

CHARLES MATHURIN VILLET was Fransman van geboorte en moes in 1803 onder die Bataafse Bewind naar die Kaap gekom het. Op 8 Junie 1856 is hy in Groenpunt oorlede in die ouderdom van 77 jaar²⁾, sodat hy op sy vroegste in 1778 kan gebore wees. Neem ons hierdie jaar aan, dan was hy 25 jaar by sy aankoms in Suid-Afrika. Hy moes iemand gewees het van energie en veelsydige talent op gebied van kuns, wetenskap, en veral sake, soos sy verdere loopbaan aan die Kaap uitwys. In besonder het hy sake en wetenskap weet te verbind. Hy het dit later tot besondere welgesteldheid en algemene bekendheid gebring.

Met die oog op hierdie karaktertrekke kan ons aanneem dat hy tussen sy tyd van aankoms en die aanvang van sy bedrywigheid, geen gras onder sy voete sou laat groei het nie.

Die eerste vermelding van hom vind ek onder 28 Mei 1803³⁾ in verband met die tweede Franse opvoering. Daarna bly sy naam onafgebroke met die Franse toneel verbind tot 1806. Ook verskeie kere in 1809 en 1810 word hy in verband daarmee genoem⁴⁾. Dat hy aan die toneel sou meegedoen het enkel of sels hoofsaaklik uit liefde daarvoor, glo ek nie. Sy latere lewenswyse waarin hy hierdie kuns heeltemaal vaarwel sê, pleit daar ook teen.⁵⁾ Hy heet gewoonlik „Entrepreneur”, wat nogal saaklik klink, en geniet af en toe benefises, miskien as ekstra vergoeding⁶⁾. Aan liefdadigheid maak die geselskap hulle onder hom nie skuldig nie. Hy sal dus stellig persoonlike belang in die opvoeringe gehad het. Tog was dit m.i. nie sy hoofdoel nie. Die was om homself aan die Kaapse publiek bekend te stel — ons sien dit ook by ander gebeur⁷⁾ — om 'n rede wat ons in die *Kaapsche Courant* van 14 April 1804 vind. Hy stel hom voor om 'n skool op te rig van nie meer as 12 leerlinge nie, en om onderwys te gee in die Franse, Hollandse en Engelse tale en in die „Rekenkunst.” Kosgangers word ingeneem; hulpmeester is die heer B. DE LA MOTTE⁸⁾. Naas so'n doel om reklame vir homself as onderwyser, in besonder in Frans, te maak, kan die toneel verder as byverdienste gekom het.

Onder 5 April 1806 berig hy: “VILLET (dus reeds 'n bekende naam — F. B.) heeft de eer aan 't Publiek bekend te maken,

1) Sien bls. 92, 93 (1806 en 1808).

2) *C. Adv. and C. T. Mail* 10 Jun. '56. Doodsberig.

3) Sien bls. 85.

4) Sien bls. 126 e. v.

5) Sien bls. 90.

6) Sien bls. 90, 106.

7) Sien bls. 46.

8) Vgl. vtn. 2 volg bls.

dat hy zyn Fransche en Hollandsche School weder opgerigt heeft, No. 7 op het Kerkplein ¹⁾ naast Juffrouw SWANENVELD". Miskien het die verstoring in sy onderwys gekom deur die politieke gebeurtenisse van begin 1806 en deur die feit dat hy en DE LA MOTTE uitmekaar gegaan het ²⁾.

Die baantjie van skoolmeester was egter nooit 'n voordelige nie. Konkurrensie was volop. Hier vind ons o. a. alreeds DE LA MOTTE, as onderwyser op sy eie (in Engels), en sedert 1809 BONIFACE as Franse onderwyser. Hy begin dus in 1809 ³⁾ 'n ander bedryf. Hy word „naturalist (of natuurkundige) en zaadhandelaar" met 'n winkel in die Langstraat ⁴⁾; menagerie en botaniese tuin in Somerset-weg, Groenpunt. In alle gedierte, opgesette en andersins, het hy handel gedrywe; van insekte en voëls tot leeus, lewend en dood — inderdaad 'n voordelige handel in daardie dae van ontluikende wetenskaplike bewussyn. Hy moes knap in sy vak gewees het en het besonder bekend geraak. Wetenskaplikes van naam en allerlei reisigers vermeld hom ⁵⁾. Tot op Mauritius laat hul van sy plante kom

¹⁾ Vgl. *K. C.* 8 Jan. '05. Toe al Kerkplein 7.

²⁾ In *K. C.* 25 Jan. '06 adverteer de la Motte homself as „gezwooren Translateur in de Engelsche, Fransche, Hoogduitsche en Hollandsche taalen"; maar 22 Feb. '06 weer — die vertalery was vermoedelik nie te voordelig nie — dat hy 'n Akademie open vir Engels-leergieriges (die Kaap het toe net weer Engels geword — F. B.), daar sy „zwakke gesteldheid" (blykbaar die sleutel tot al sy moeilikhede) hom nie toelaat om huisonderwys te gee nie. Geen kinders onder 12 jaar word opgeneem nie.

³⁾ *K. C.* 2 Sept. '09; Burchell (sien vtn. 5); *Alm.* 1845, bls. 471 e. v.; 1846, '52 e. v.

⁴⁾ *K. C.* 2 Sept. '09, *Alm.* 1827, 1832, 1846 e. v. Die nommer het gewissel tussen 71, 100, 43.

⁵⁾ Burchell, *Travels ens.* I, (bls. 23) sê van hom (1810) „Objects of natural history, such as birds, insects, seeds, and bulbs, the produce of the colony, are collected for sale by an ingenious Frenchman of the name of Villet".

In *Sketches of India* (1816, bls. 22) word „Villet's Museum" in Langstraat, genoem as „dedicated to Linnaeus Natural history, zoology and conchology" word daar beoefen. Boniface (Sien Bylae VIII) praat van M. Villet die natuurkundige. Maar die beste en volledigste beskrywing gee Teenstra (*Vruchten ens.* I, 1830, bls. 123) van „de kleine menagerie van den heer Villet, een Fransman van geboorte. Men houdt dezen man algemeen voor ryk", tog het hy 'n buitengewone „armhartig voorkomen". Sy eggenote was vriendlik, egter „alles gedwongen", om te oordeel naar haar „zuur gezigt". Die menagerie was vry volledig en Teenstra het alleen woorde van lof daarvoor. Ook prys hy die tuin. Die heer Villet maak van dit alles een „object van handel. In de stad heeft hy een winkel met opgezette vogels en viervoetige dieren; maar wacht U dat U aldaar niet onder zyne alles grypende arendsklaauwen vervalt!" Van sy merkwaardige onderwerpe het Villet dikwels tentoonstellinge gehou, teen betaling. Adv. *K. C.* 27 Okt. '21; *C. Adv.* 4 Apr. '29. So word van hom vertel „Villet, de naturalist, die half baviaan en half stokvisch tezamen naaide en dan als zee-meermin vertoonde". (*Z. A.* 23 Jan. 1868). (Vervolg volgende bls.)

en noem die met lof¹⁾. Hy was besonder welgesteld, maar vrekking. Hy het hom in die Hollandssprekende bevolking opgelos en het Protestant geword.²⁾

Die Franse opvoeringe solank dit onder VILLET se leiding staan, vind ewenas die ander in die Afrikaanse Skouburg plaas. Saterdag is die gewone speeldag, behalwe waar anders vermeld. Op 13 Augustus³⁾ het die Franse Geselskap opgevoer *Toinon et Toinette* (DESBOULMIERS) Ks. in 2 Bed., en *Le Tableau Parlant* (ANSEAUME), Ks. in 1 Bed.; op 15 Oktober⁴⁾ *Les Jardiniers* (DAVESNE), Bs. in 2 Bed., en *Le Tonnel(l)ier* (AUDINOT), Ks. in 1 Bed., almal met sang.

Hierna moes die Franse toneel 'n buitengewone aanwings gekry het in die persoon van die heer DELÉMERY, vermoedelik 'n beroepspeeler. Hy is in die geval die eerste akteur aan die Kaap wat spesiaal vermeld word.

Vir 29 Oktober⁵⁾ word aangekondig „*Pi(y)gmalion* (ROUSSEAU), en na 't zelve *Le Directeur de (la?) Comédie*, zullende de Heer DE LÉMÉRY in beide deze stukken de hoogste rol speelen". Die koerant vermeld hom spesiaal⁶⁾: "De heer DELÉMERY zal hedenavond op het Tooneel verschynen, wien men verneemt, dat buitengewone talenten bezit, en waarvan men niet twyffelt, dat de Schouwburg opgedrongen zal zyn met Toeschouwers." Vermoedelyk het die heer DELÉMERY met die plaaslike geselskap saamgespeel, en was hy op weg naar Mauritius. Hierna verdwyn hy plotseling en word nie weer vermeld voor 8 Junie

(*Vervolg vorige bls.*)

Origens was hy lid van die „Maatschappy ter Uitbreiding van Beschaving en Letterkunde" aan die Kaap (*Ned. Z. A. Ts.*, 1840, bls. 80), en het meermale geskenke van belang van natuurkundige aard aan die S. A. Museum gegee (*K. C.* 8 Jul. '23; *Chron.* 12 Sept. '26). Ongetwyfeld was hy vrekking. Selde of nooit sien ek sy naam op weldadigheidslyste ens. nie voor die end van sy lewe. Of hy toe 'n „staetveranderinge" ondergaan het, dan of dit deur die dwang van openbare mening of van sy kinders gebeur het, weet ek nie. Hy het 'n taamlike groot familie gehad: verskeie seuns en dogters. Hoeveel weet ek nie. Maar hy het drie seuns nagelaat (*Alm.* '53—57, Naamlyste). Berigte van oorlyde van dogters van hom kom verskillende kere voor. (*K. C.* 8 Jul. '25; *G. G.* 25 Apr. '28).

Dat hy inderdaad welgesteld was blyk uit die feit dat hy onder die eerste klas grondeienaars vir belastingdoeleindes in Groenpunt aangeslaan was. (*Alm.* '43, bls. 95).

Hy sou Protestant aan die Kaap geword het volgens familieoorlewering. (Fam. G. Villet, Langstraat, Kaapstad). Hy het hom in die Hollandssprekende bevolking opgelos; waarvan sy afstammeling vandag 'n deel vorm, o. a. skrywer.

1) *C. Adv.* 12 Okt. '36

2) Sien bls. 87, vtn. 5.

4) *K. C.* 1 en 13 Okt. '03.

6) *K. C.* 29 Okt. '03.

3) *K. C.* 30 Jul. '03.

5) *K. C.* 22 Okt. '03.

1805¹⁾ nie; dus byna 20 maande later. Dan tree hy in 'n hele reeks voorstellinge op van die „Liefhebbery Gezelschap”. Daar word ook gepraat onder 14 Desember 1805¹⁾ van „Amateurs de l'Isle de France”.

Intussen gaan die ou geselskap sy gang en speel op 10 Desember: *Le Fou Résonnable ou l'Anglais* (PATRAT), Bs. in 2 Bed., en *Les deux Chasseurs et la Laitière* (ANSEAUME), Bs. in 1 Bed., met sang.

Tot hierdie tydperk kan ook gereken word, hoewel dit in die volgende jaar val, die opvoering van 7 Januarie 1804²⁾, waarin „op versoek van veele Liefhebbers” vertoon word *Annette et Lubin* (FAVART), Bs. in 2 Bed., en herhaal word *Le Tonnelier* (AUDINOT), Ks., beide met sang. Ook word gesê dat die stukke is „de laatste Opera's die alhier vertoond zullen worden”. Eintlik word bedoel Opera Comique of Operette.

Veranderinge is dus op koms wat betref die Franse toneel. Dit sou kan samehang met die feit dat JANSSENS in Januarie 1804 sy beste regiment naar Java moes stuur³⁾, en die geselskap dus spelers verloor het. Inderdaad vind daar 'n hele omkeer ten opsigte van die Franse toneel plaas. Onder 14 April 1804⁴⁾ verskyn die volgende “Tooneel-Bericht”.

„Met Permissie van den Heer Procureur Generaal⁵⁾ zal een nieuw Fransch Blyspel-Gezelschap, 't welk zich met de ordinaire Fransche Tooneel-Liefhebbers alhier vereenigd heeft, de eer hebben op Zaterdag den 2den dezer maand in den Schouwburg (te) vertoonen: *Le Barbier de Seville* (BEAUMARCHAIS), Blyspel in 4 Bedryven benevens eene fraaye Pantomime, verçierd met verscheidene Militaire Evolutien.”

Die veranderinge dus wat die Franse geselskap ondergaan het is dat die vorige sangspele van die baan is; nuwe kragte het bygekom; die geselskap bepaal homself tot blyspele; dans skyn die plek in te neem van sang. Die „Militaire Evolutien” kan 'n aanduiding wees van die (militêre) aard van die geselskap en sy publiek.

Hierdie voorstelling was egter geen groot sukses, tenminste finansiëel, nie. Dus⁶⁾ “Het Fransche Liefhebbery Gezelschap, hebbende door hunne vertooningen op den 2den dezer maand, hun doelwit niet kunnen bereiken, namelyk om aan Mr. VILLET

1) K. C. 2) K. C. 24 Des. '03.

3) v. d. Merwe. *Die Kaap ens.* bls. 52; volgens Theal, 1795-1834 bls. 88, in Febr.

4) K. C.; ook 1 Apr. '04.

5) As gevolg van die Proklam. van 30 Jul. '03; sien bls. 104.

6) K. C. 28 Apr. '04.

eene redelyke innaame te verschaffen" om rede van die sware onkoste, het hom „eene tweede subscriptie vergunt . . . En daar hun aanstaande vertrek van hier naar Europa niet toegelaaten heeft eene nieuwe Comedie in zoo korten tyd te bewerkstelligen" sal hul op Maandag 30 April weer opvoer "*den Barbier de Seville*. . . van BEAUMARCHAIS, Gevolgt door *Arlequin Afficheur*", die ou gunsteling, Bs. in 1 Bed. „met zang, van Mrs. DESFONTAINES en BARRÉ (BARRÉ)". Deur „de beweegredenen van weldadigheid tegen den bovengen. Entrepreneur (en) de goedkeuring . . . by de eerste vertooning van zo veelen inwoonders dezer stad verkreegen" hoop hulle op 'n „gunstige uitkomst." 'n Benefiese dus vir VILLET met medespelendes, vermoedelik van 'n Franse vloot afkomstig¹⁾, wat terloops meedoen aan Kaapse toneel op hul deurreis naar Europa.

Die volgende opvoering vind plaas op 23 Junie met ²⁾ *Le Médecin malgré-lui*, Bs. in 3 Bed. deur "J. B. P. DE MOLIÈRE", en *Le(s) trois Africaines*, Bs. in 1 Bed.

Vervolgens word opgevoer op Maandag 23 Julie ³⁾: *Zaire*, Trs. in 5 Bed. deur „DE VOLTAIRE".

Van belang is hierdie opvoering, omdat nou vir die eerste keer 'n groot ernstige stuk gespeel word. Trouens die hoë peil het al met die vorige stuk, die *Barbier van Seville* (BEAUMARCHAIS), begin. Ons kan ons indink dat die publiek mettertyd genoeg van die gedurige opvoer van vaudeville en opera comique sal gekry het; en vir 'n keer — dis bowendien 'n *Hollandse publiek* — swaarder kos verlang.

Tot 8 Jun. 1805 ⁴⁾ verneem ons niks van die Franse geselskap nie. Vermoedelik was dit voorlopig uitgeput. Dan kom daar 'n skielike herlewing, heeltemal in die ou trant. Die heer DELÉMERY maak nogmaals sy verskyning.

Die Franse liefhebberigeselskap kondig vir Maandag 17 Junie ⁵⁾ weer aan: (*Janot, ou*) *Les Battus paient l'Amende*, (DORVIGNY), "comédie parade" in 1 Bed., en *Les Souldiers Mordorés, ou La Cordonnrière Allemande* (FERRIÈRES), "comédie lyrique", in 2 Bed. "*Mr. Delemery remplira le rôle de Janot et celui de Michel, il fera le compliment d'ouverture en vers.*" 'n Styging ineens van die toegangspryse pleit vir die heer DELÉMERY.

Vir Maandag 12 Augustus 1805 ⁶⁾ word vermeld "eene eerste

1) Theal, 1795—1834, bls. 101.

2) K. C. 2, 9 Jun. '04.

3) K. C. 14 Jul. '04;

4) K. C.

5) K. C.

6) K. C. 27 Jul., 10 Aug. '05.

vertooning van *Arlequin protégé par Blephégor* zynde eene Pantomime of Stommespel van onvoelbaare Schimmen, die men nog nooit in deze Stad gezien heeft met passende Muziek". Vooraf gaan: *Eraste, ou l'Enfant proscrit de (par) son Père*, zynde een Herderspel in één Bedryf." Tenslotte volg: „*Le Paysan, soldat malgré lui*,¹⁾ Blyspel in onrym" in 1 Bed. "Mr. DELÉMERY zal in dit Stuk de rol van Mr. *de la Branche* spelen, en alle de Krygsbewegingen doen uitvoeren.

In *Eraste* zal hy de Rol des Vaders spelen, en die van Hansworst in de Pantomime; dewelke zal vertoond worden door de volgende Persoonen namentlyk Cassandre, Colombine, vier Ruiters te paard, drie Dieven, twee Duivels, een Tovenaar, Harlequin, Pierrot, etc. etc." 'n Skimmespel, 'n herderspel, 'n blyspel, musiek, Mr. DELÉMERY en prysverlaging: inderdaad aantreklikhede genoeg om enige publiek te trek. Besonder verteenwoordigende 18^e eeuse toneelkuns is dit ook, terwyl die talent van die heer DELÉMERY aan veelsydigheid weinig te wense skyn oor te laat.

Reeds die volgende Maand, op 30 September,²⁾ volg: *La Clochette* (ANSEAUME), "Comédie", *La Meunière De Gentilly* (MONIER), *Le Mariage Forcé* (MOLIÈRE). Ieder in een bedryf.

Die heer DELÉMERY behou sy karakter van transformateur soos blyk uit die mededeling: "Mr. DELÉMERY zal de rol van *Jean le Blanc* in *La Meunière*, dezelve van NICODÈME in *La Clochette*, en die van de twee Docters, en de Broeder in *Le Mariage Forcé* speelen." Vyf rolle in één aand³⁾!

Op 23 Desember 1805⁴⁾ gee in die "Théâtre du (de la) Société (Societeitsschouwburg⁵⁾) . . . les Amateurs de l' Isle de France⁶⁾ au Bénéfice de Mr. VILLET": *Le Soldat Magicien* (ANSEAUME), Bs., en *On ne s'avise de tout*, "Comédie Melée d'Ariettes de Mr. SEDAINE". "Gezang" heet dit in Hollands. Hierna sal nog "deux amateurs feront quelque(s) tour(s) d'adresse(s) (lichemelyke behendigheden)": die eerste voorbeeld van variété op die Kaapse toneel⁷⁾.

Van begin 1806 was die Engelse terug aan die Kaap, en kwyn die geselskap. Advertensies verskyn nou in Engels en Hollands; ook verander die aanhef daarvan. So begin die aankondiging⁸⁾ vir die eerste opvoering van die jaar, op

1) Dieselfde as *Le Soldat malgré lui, ou Le Soldat Poltron* van Rosigmond of Chevalier, ± 1668?

2) K. C. 14, 28 Sept. '05.

3) Sien bls. 99.

4) K. C., 14 Des. '05.

5) Sien bls. 42.

6) Miskien van die *Atalante* afkomstig, sien bls. 83.

7) Sien bls. 76.

8) K. C., 24 Mei '06.

31 Mei, "Met Permissie van het Gouvernement." Stukke was die ou gunsteling *Pi(y)gmalion* (ROUSSEAU), Bs. in 1 Bed.; 'n "Lyrische Scene (Lyric Comedy)" deur DELÉMERY, en *Men doet wat men kan, maar niet wat men wil* (naar die FRANS VAN DORVIGNY, vertaal deur OGELWIGHT Jr.), Bs. in 1 Bed., klaarblyklik in Hollands. Ook "zal men eenige Arietten (Airs) zingen". Die opvoering geskied in die Skouburg.

Die skokkende gebeurtenisse van hierdie jaar, en die veelvuldigheid van konserte ¹⁾ kon die aktiwiteit van die geselskap hierdie jaar en die begin van die volgende nadelig beïnvloed het. Die waarskynlikste rede is egter: hul is besig om planne te maak vir 'n eie skouburg.

In 1807 verminder die konserte, maar 'n Engelse geselskap vang kragtig met speel aan. Van die Franse toneel verneem ons niks tot 5 Desember ²⁾ nie. Dan heet dit: "De Heeren Intekenaaren van het Fransche Liefhebberij Theatre worden verwittigd dat op Zaterdag den 12den dezer den 2den Representatie zal worden gegeven bestaande in *La Revanche Forcée* en *De l'Astronomie*. En zulks alle 14 dagen zal worden gecontinueerd in de nieuwe Schouwburg." Hieruit blyk: die geselskap het homself opnuut saamgestel as 'n intekenonderneming; hierdie voorstelling is al die tweede; die geselskap dink om alle 14 dae op te voer. Laasgenoemde sal naar Engelse voorbeeld gewees het ³⁾, miskien as teenprestasie van Hollandse kant. Verder het hul 'n eie lokaal ⁴⁾, 'n pakhuis wat as sodanig ingerig is ⁵⁾. Tenslotte — exit VILLET; solank tenminste die geselskap op hierdie voet bestaan. In hierdie jaar sal ook *L'Enragé* van BONIFACE gespeel gewees het ⁶⁾

Hier begin naar alle waarskynlikheid die tradisie onder die Hollandssprekendes om vry algemeen as geslote geselskappe in eie lokale — meestal verklede pakhuise of kelders — hul kuns uit te oefen.

By sulke onderneminge sal die verlange naar afgeslotenheid, naar "onder ons" wees, terwille van die samewerking en ter voorkoming van openbare kritiek ⁷⁾, naas miskien die wens tot afsondering van die Engelse, gegeld het. Moontlik was die Afrikaanse Skouburg ook te groot en te duur vir die Hollandssprekendes se doel; was hul in elk geval afhanklik van die

¹⁾ K. C., 4 Jan. '18. e. v., aanmekaar, soms tweekeer per maand.

²⁾ K. C.

³⁾ Sien bls. 71.

⁴⁾ Sien bls. 94.

⁵⁾ Of dit dieselfde was as die *Theatre du Société*, sien bls. 91 (1805), val moeilik te sê. Daarna speel die geselskap weer in die Skouburg, sien bls. 92. (1806); en hier word gepraat van "nuwe Schouwburg". Die nuwe organisasie dateer in elk geval van hier.

⁶⁾ Sien bls. 277.

⁷⁾ Sien Bylae IV; vgl. bls 492.

hele publiek om dit te vul. Hierby sou Engelse steun — bowendien in 'n tydperk toe die Engelse toneel self 'n bloeityd beleef het — allig ontbreek het; afgesien van die onaangenaamheid van Engelse kritiek¹⁾.

Hier ook reeds, jammer genoeg, begin die gewoonte van die Hollandssprekendes om allesbehalwe gereëld hul bedrywigheid aan te kondig, sodat veel van hul aktiwiteit op die manier waarskynlik vir altyd in duisternis gehul sal bly.

Die eerste aankondiging in 1808 is van 'n opvoering op Woensdag 18 Mei²⁾, en die voorstelling begin byna tegelykertyd met die Engelse winterseisoen. Stukke is "in 't Hollandsch": *De Snyder en Zyn Zoon* (FUSZ) en *De Dragonder te Thionville* (BOURLIN DUMANIANT), beide blyspele. Verder "zal het geene dat deze representatie mogte worden gebeurd, komen ten profyte van de armen dezer stede" Dis die eerste vermelding van weldadigheid van die kant van die Franse liefhebberytoneelgeselskap.

Die speel van Hollandse stukke is leersaam vir die invloede wat in die geselskap blyk werksaam te wees. "Hollandse" spelers en gehoor laat hul aanwesigheid duidelik voel.

Nog geen twee weke daarna nie, op 28 Mei³⁾, volg in Frans *Alexis ou l'Erreur d'un bon Père* (Marsollier en Vive-tières) en *L'Opéra Comique*⁴⁾. Die geselskap bly klaarblyklik hul voornemens van die vorige jaar⁵⁾ in die oog hou, en speel ewenas die Engelse om die veertien dae⁶⁾.

Stilte volg weer, ofskoon die geselskap waarskynlik intussen voortgespeel het. Die volgende vermelding van wat ongetwyfeld 'n ekstra voorstelling is, en die daaropvolgende vermelding van verkoop, wek hierdie vermoede.

Op 8 Oktober⁷⁾ word aan intekenaars en ander bekend gemaak, dat die stukke: *Le Petit Matelot, ou Le Mariage Impromptu* (PIGAULT LE BRUN), Ks. in 1 Bed., en *Le Jour de Fête, ou Le Pouvoir de la Bienfaisance*, Bs. in 2 Bed., met "een Ballet door Kinderen" — steeds 'n kenmerk van Hollandse toneel — op Dinsdag 11 Oktober "strekken zullen ten profyte van eene Weduwe".

Die algemene ondervinding van die geselskap uit hierdie tyd moes egter minder suksesvol gewees het. Op 26 Novem-

1) Vgl. bls. 130.

2) K. C., 14 Mei 1808.

3) K. C., 21 Mei 1808.

4) Dieselfde as *L'Opéra Comique Assiégré* (1730), deur LE SAGE en D'ORNEVAL?

5) Sien bls. 92.

6) Sien bls. 71 e.v.

7) K. C.

ber¹⁾ verskyn die volgende betekenisvolle berig: "The French Theatrical Company intending to leave off performing, present for sale by Private Contract in one lot all the Scenery, Dresses, Seats etc., belonging to their Theatre"; en so die goed nie voor 1 Desember van die hand gesit is nie, sal dit by publieke veiling op dië dag verkoop word "at the store appropriated for the Theatre".

Hier sal ons voorlopig die Franse toneel laat; want voor hy finaal sterf, sal hy onverwags 'n verjongingskuur ondergaan, waarin hy sy hoogste glorie van voorheen miskien oortref.

§ 4. Die Opvoering²⁾.

a. Skouburge.

Die eerste bekende opvoeringe in hierdie tydperk het, soos geblyk het, in die Hospitaal plaasgevind³⁾; in die barakke wat bestaan het uit die ou Kompanie se hospitaal en se nuwe pakhuse, aan die kant van die Parade waar nou Darlingstraat is⁴⁾. Sir GEORGE YONGE rig die „Afrikaansche Schouwburg" op die Boereplein op, wat ongeveer Oktober 1801 geopen word⁵⁾. Dit is 'n private skouburg met aanvanklik 24 aandeelhouders, en gelykop vir Hollands- en Engelssprekendes bedoel. Dit word die uitsluitlike plek van opvoering tot 1806; en bly die vernaamste vir die grootste deel van die tyd tot 1839. Vir konserte, bals, ens. het dit soms gedien⁶⁾.

Vir sy publiek was dit 'n ruim gebou⁷⁾, en uiterlik nie sonder artistieke pretensies, in Italiaans-klassieke styl, nie.

Die vlakverdeling van die symure toon 'n mooie eweredigheid. Die portiko verlewendig aanmerklik die voorkant. Die vase vorm 'n aangename onderbreking van die daklyn, sowel as mooie afsluiting van die stutte. Die eenvoud van die geheel is treffend.

Die kelders en pakhuse onderin moes dien om die ekonomiese kant van die onderneming te steun⁸⁾. Dit is tiepies van die Kaapse huise van vroeër, wat daardeur hul hoë stoepe gekry het. Ook die skouburg het sy hoë stoep. Die geheel is 'n suiwere voortsetting van die Nederlandse boutradisie.

Van binne moes die gebou smaakvol en mooi uitgesien het. Lady ANNE BARNARD praat van "a very pretty Theatre

¹⁾ *K. C.*

²⁾ Vgl. hierby Tabelle A en B.

³⁾ Sien bls. 61 e.v.; *Theal* 1691–1795, (1888) bls. 222, 252.

⁴⁾ Lady Anne Barn. bls. 20 (1924). ⁵⁾ Sien bls. 67 e.v.

⁶⁾ Sien Bylaes III en IV.

⁷⁾ Sien afbeelding by tittelblad.

⁸⁾ Dit word gewoonlik verhuur. Vgl. *K. C.* 19 Des. 1801, 5 Nov. 1803.

indeed", en prys die "scenes" as "very well done", sommige deur die jonge COCKBURN, 'n militêr¹⁾. Iemand anders noem dit 'n „elegant theatre", en sal vermoedelik aan die inwendige van die gebou gedink het²⁾. Op die gordyn het in 1807 die spreuk *All the World's a Stage* gestaan³⁾. Van 1807—'08 het die Franse geselskap 'n eie lokaal, 'n pakhuis as sodanig ingerig⁴⁾.

b. Dekors en Kostuums.

Hieraan is altyd besonder veel aandag bestee. Wat lady ANNE hierbo vertel wys reeds in die rigting. Die aard⁵⁾ van die stukke het dit trouens 'n eerste vereiste gemaak. Baie van hul sukses het daarvan afgehang. Veelvuldig is dus die vermelding dat „vertoningen" plaasvind met nuwe skerme, kostuums, ens. 6).

Hoeveel moeite inderdaad aan die dekors ens. gegee is, blyk uit die onkoste daarvoor gemaak. So moet in 1802 ekstra voorstellinge plaasvind om die gemaakte onkoste te dek en iets vir liefdadigheid oor te hou⁷⁾. Dit gebeur terwyl die seisoen blykbaar 'n groot sukses was en die pryse sekerlik nie gering nie. Hierdie geskiedenis herhaal homself meermale⁸⁾. Uit die innames moes natuurlik die huur afgaan, maar so groot was dit nooit nie.

c. Bestuur.

Die algemene bestuur van die Afrikaanse Skouburg was in die hande van 'n Skouburgkommissie, van wie die hoofpersoon die „Directeur en Thesaurier"⁹⁾ was. Die eerste persoon in hierdie funksie, nog voor die bou van die skouburg, was die heer C. VAN NULDT ONKRUYDT. Die kommissie is verteenwoordigend van Hollands- en Engelssprekendes.

In die Akte van Transport van 25 November 1800¹⁰⁾ bestaan die kommissie uit 6(5) lede waarvan twee Hollandsprekendes is, en die ander lede 'n sterk militêre element — die garnisoen — bevat. Die name verskil almal van die voriges. Hulle beheer die Skouburg namens die eienaars, wat vrywel volledige mag daarvoor besit¹¹⁾. Vermoedelik was die heer JOS. BRAY, een van die lede, toe reeds Direkteur en Tesourier. Op 2 Mei 1801, in elk geval, handel hy namens die Komitee¹²⁾, en op 26 September 1801 onder-

1) Sien bls. 67.

2) *Gleanings in Africa*, bls. 258. 3) *Staatsalm.* 1808; sien bls. 56.

4) Sien bls. 92.

5) B. v. by pantomiems, sangspele, romantiese stukke, en veral ballette.

6) Sien bls. 73.

7) Sien bls. 69.

8) Vgl. o. a. 403.

9) Sien bls. 62.

10) Sien bls. 63.

11) Sien bls. 64.

12) Sien bls. 66.

teken hy hom „Tresaurier” 1). In 1803 is die heer STROMBOM Tesourier 2). Hy is dit nog aan die end van hierdie tydperk 3).

Op 2 September 1807 vind 'n algemene vergadering van eienaars plaas 4) — vermoedelik in verband met die op hande synde renowasie van die Skouburg 5) — en die lede word gewaarsku om persoonlik of per gevolmagtigde teenwoordig te wees, tensy hul hul „extra privilegien” wil verbeur. Waarskynlik het hierdie privilegies saamgehang met die besit van „zilvere lootjes,” wat vrye toegang tot alle voorstellinge verleen het 6). Blykbaar was die geesdrif van eienaars om vergaderinge by te woon maar gering. Ondertussen blyk dat die hand aan die skouburg moet gehou word.

Die rekeninge word klaarblyklik jaarliks afgesluit, waarna die verdeling van diwidend plaasvind — of nie 7). So word vir 1808 8) aangekondig dat op 6 Januarie 1809 geleentheid vir die eienaars sal bestaan om in die Skouburg „de Rekeningen enz. te inspekteeren; na welke de verdeelingen in de volgende week ten Comptoire van de heeren STROMBOM & Co. op de Heerengragt No. 28 zullen betaald worden.”

d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse.

In hierdie opsigte skyn die huurders van die Afrikaanse skouburg volkome vry te gestaan het.

Die oorspronklike plan was om 'n skouburg enkel met loges te hê 9). Die loges sou wees teen £ 24 per jaar, met ses plekke elk, en vir twaalf voorstellinge. Parterre („Pit” 10), „Bak” 11)) sou nie bestaan nie. Die uitvoering van hierdie plan sou die skouburg baie eksklusief en duur maak het. Lady ANNE BARNARD vind ook die pryse onmoontlik, veral vir die junior offisiere 12).

Reeds spoedig word die plan ook gewysig soos blyk uit die prospektus 13). Die getal intekenaars word op 150 gestel, met twee kaarte per persoon. Die prys is 25 Rds. (ongeveer £ 5) per intekenaar vir twaalf voorstellinge. Met die oog op die grootte van die skouburg, moes, om vir 300 plekke voorsiening te maak, die parterre stellig bykom vir gebruik.

Ook hierdie plan het stellig nie ongewysig deurgegaan nie. Reeds by die opening van die skouburg het lady ANNE haar eie loge 14), met verskeie plekke. Verder sodra ons enige vaste

1) Sien bls. 67. 2) *K. C.* 5 Nov. 1803. 3) *K. C.* 31 Des. 1808.

4) *K. C.* 29 Aug. 1807. Ook 14 Mei 1808 heet dit „eigenaars of hunne agenten”. 5) Sien bls. 74. 6) *K. C.* 4 Nov. 1809.

7) Vgl. bls. 159. 8) *K. C.* 31 Des. 1808. 9) Sien bls. 61.

10) *K. C.* 24 Mei 1806 e.v. 11) *K. C.* 20 Jun. 1807 e.v.

12) Sien bls. 61. 13) Sien bls. 63. 14) Sien bls. 67.

berigte teenkom, merk ons van die ander bepalinge alleen dat alle plekke uit loges bestaan en dat alles by intekening gaan — per keer egter en nie per jaar nie. Ons eerste berigte is uit 1802 en ons eerste mededeling in verband met die Engelse en Duitse geselskappe.

By die Engelse hoor ons ¹⁾ van sekere „Sergeant FORTHORPE, opziender over de Logies” wat „Biljetten” teen 3 Rds. aflewer, en die geld mag ontvang by „afgaafte der Lootjes”. Vorige intekenaars het die keus om hul plekke te behou, aangesien dit ’n ekstra voorstelling is. Lyste tot intekening lê gereed, maar na ’n sekere tyd sal geen lootjies meer afgegee word nie, omdat „te dien dage de namen in het Registerboek der Logies zullen worden geïnsereerd”. Geen geld word aan die deur ontvang nie en lootjies mag nie „getransporteert” word nie ²⁾.

Die Duitse geselskap vermeld alleen afsonderlike „lootjes” wat „te bekomen zyn in voege als voren” teen 2 Rds. ³⁾ Miskien beteken die „in voege” dat hulle alleen op bepaalde tye „te bekomen zyn en uitgegeeven worden” ⁴⁾.

Die woorde „Biljetten” en „Lootjes” word hier deurmekaar gebruik ⁵⁾, soos nog dikwels, maar staan oor die algemeen tog duidelik vir verskillende begrippe. Die Engelse woord vir albei is gewoonlik „tickets”; ’n enkele maal „lots” vir „lootjes”. Verreweg die meesalgemene Hollandse woord is en bly, nog lang hierna, „lootjes”. ’n Hoogs enkele maal tref ons later in hierdie tydperk die woord „kaarten” aan.

„Billet” is die gewone woord vir ’n toegangsbewys deur direkte verkoop, sonder willekeurige bepaling van plek. Die Engelse voorstelling was by uitstek van ’n openbare karakter en ons vind hierdie stelsel van toelating meestal by hulle in gebruik. Te verwagte is dat die woord „biljet” meestal by hulle voorkom. Later kom „kaart” in die plek daarvan. „Lootje” is die gewone woord vir ’n toegangsbewys by intekening, met willekeurige bepaling van plek. Die bepaling vind plaas deur ’n „lootje” te „trekken”. „Lootje” word meestal deur die Hollandssprekendes gebruik, en hang saam met hul besondere stelsel van toneelorganisasie deur middel van liefhebberytoneelgeselskappe. Hierdie geselskappe was by uitstek — vir vreemdelinge was ook voorsiening gemaak — van ’n private karakter. Ondersteuners was lede daarvan en het ingeteken op die voorstelling. Dit spreek vanself dat as iedereen selfstandig sy eie plek kon bepaal, daar allig onenigheid

¹⁾ K. C. 28 Aug. 1802. Vgl. K. C. 9 Okt. 1802 — bevestig dit.

²⁾ Om ongewenste publiek uit te hou? ³⁾ K. C. 24 Jul. 1802.

⁴⁾ K. C. 12 Maart 1803.

⁵⁾ Hier „biljette” vir „lootjies.”

sou ontstaan. Gevoelens van rang en stand ¹⁾, van persoonlike nayswer, sou in die geding kom. Om moeilikheid van dergelyke aard te voorkom, word die toevlug tot lootjies-trekkery geneem. Daarby kan die wens gegeld het om aan iedereen gelyke geleentheid vir goeie plekke te verseker. Die lootjiestrekkery in hierdie periode (ook gewoonlik later) skyn alleen tot die loges beperk te gewees het. Vir ander plekke word gewoonlik „biljette” verkoop.

Om terug te keer tot ons uitgangspunt, in 1802 bestaan dus 'n stelsel van intekening en lootjies. Biljette word hier blykbaar in die sin van lootjies gebruik. Die skouburg het enkel loges, wat ongetwyfeld bestaan het uit sy(de)- en parterreloges, soos spoedig in elk geval blyk. By die Engelse lê die intekenlyste by die Fiskaal en die Sosiëteitshuis, waaruit reeds hul meer openbare karakter blyk. By die Duitsers lê dit by 'n private burger, wat weer sprekend is vir hulle meer geslote karakter. Hierdie verskil bly verder tiepies van die Engelse en non-Engelse (Duitse, Hollandse, Franse) geselskappe ²⁾.

Wat met die gaan (1803) en kom (1806) van die Engelse aan die Kaap, die ontstaan van Hollandse en Franse geselskappe (1803), tree allerlei wysiginge ten opsigte van bestuur, ens. in.

Die Hollandse geselskap (1803—'04) sluit hom in 1803 ³⁾ aanvanklik aan by die Duitse wat betref pryse, maar praat van „Biljetten”, blykbaar in die betekenis van „lootjes” ⁴⁾. Later in die jaar word loges „inhoudende 6 biljetten” teen 10 Rds. „te Huuren” aangekondig. „Enkelde Biljetten” kos 1 Rd. Van intekening is hier geen vermelding nie. Sou dit nie bestaan het nie of het ons met loges wat oorbly te doen? In hierdie nuwe manier van aankondiging, sowel as in die van 1804 ⁵⁾, moet ons die voorbeeld van die gelyktydige Franse geselskap sien. In 1804 heet dit dat „ordinaire en parterreloges” teen 10 Rds., en „Gaandery” loges teen 8 Rds. (vir 6 plekke) te kry is.

Met die Franse geselskap in 1803 maak eintlik die nuwe wysiginge hul verskyning. Tot 1806, onder VILLET, het die geselskap ongetwyfeld 'n sterk saaklike kant. Privaatheid word dus weinig nagestreef. Die hoofsaak is om 'n groot gehoor te trek. Reeds by die eerste voorstelling ⁶⁾ verneem ons dat „Loges tegens betaling van 15 Rds. ieder, en Billietten à 2 Rds. te bekomen zyn”. Ons kan veilig aanneem dat hiermee, naas die gewone sy- en parterreloges, afsonderlike parterreplekke bedoel word. Die sal die geringer plekke gewees het, van-

¹⁾ Vgl. Barrow, *Reizen ens.* IV, bls. 248. ²⁾ Sien Tabelle A en B.

³⁾ *K. C.* 26 Febr. 1803.

⁴⁾ *K. C.* 17, 24 Sept. '03.

⁵⁾ *K. C.* 12 Mei 1804.

⁶⁾ *K. C.* 19 Maart 1803.

daar die vermindering in prys. Dit sal dan die eerste keer wees wat in sulke plekke voorsiening gemaak word.

Dat onder „loges”, sy- en parterreloges moet verstaan word, blyk vir die eerste keer uit die aankondiging van die volgende voorstelling¹⁾. „Loges . . . à 10 Rds., parterre loges tegen 8 Rds. ieder, inhoudende 6 Billetten, en de enkele Billetten à 1 Rd.,” word verkrybaar gestel. Prysvermindering op die vorige! Ons sien dat die parterreloges nie heeltemal gelyk gestel word met die syloges nie. Besonder duidelik kom dit uit waar eenkeer²⁾ gepraat word van „Les premières loges” en „loges du parterre”, vertaal met „zyde loges en parterre loges” resp. Die benaming „zyde-Loges” kom vir die eerste maal begin 1804 voor³⁾.

By dieselfde geleentheid heet dit dat die syloges sowel „als de loges boven op het amphiteatre, ieder à 8 Rds. en de Parterre Loges à 10 Rds”, te kry is. Van besondere belang is hierdie mededeling omdat daaruit blyk dat die skouburg in die somer van 1803—1804 ’n „Gaandery”⁴⁾ of „Gallery”⁵⁾, soos dit elders heet, moet ryker geword het. Eienaardig is dat die parterreplekke hier die duurste kos. Begryplik is dit dat die gaanderyloges goedkoper is as die ander, maar ook die sydeloges? Die geval was trouens ’n uitsondering. Direk daarop is die ou verhouding herstel⁶⁾. Van gaanderyloges hoor ons heeltemal nie meer nie. Die gaandery sal volslae die engelebak geword het. Die gewone prys vir „enkelde lootjes” bly 1 Rd.⁷⁾ tot 1806. Hierdie biljette sal vir die plekke op die gaandery bedoel gewees het. So verneem ons eenkeer van „chaque billet d’ Amphitheatre à 1 Rd.,” wat vertaal word met „enkelde Lootjes à 1 Rd.”⁸⁾

Oor die algemeen was die pryse van die Franse geselskap (ook die Hollandse) van 1803—’04, 10—8—1 Rd(s). vir sy-, parterreloges en enkele lootjies resp.⁹⁾

Van 1805—’06 vermeerder die pryse. Dit val te begrype, M. DELÉMERY speel mee, en hy is ’n besondere aantreklikheid. Gemiddeld bedra die pryse 12—10—1 Rd(s).¹⁰⁾

Van 1803—’06 is, met uitsondering van die eerste keer, C. M. VILLET die man wat die lootjies in hande het¹¹⁾

1) *K. C.* 28 Mei 1803 e. v. 2) *K. C.* 4 Des. 1803. 3) *K. C.* 14 Apr. 1804.

4) *K. C.* 12 Mei 1804 e. v. Die woord word gebruik deur die Hollandse geselskap. Dis ’n pluimpie vir hul gebruik van suiwer Hollands.

5) *K. C.* 28 Apr. 1804. Hier vermoedelik onder invloed van die Franse woord „gallerie”.

6) *K. C.* 28 April ’04 e. v.

7) Sien voorafg. en *K. C.* 30 Jul. 1803, 28 Apr. 1804.

8) *K. C.* 4 Des. 1805.

9) Sien voorafg. en vgl. *K. C.* 28 Apr. 1804 e. v.

10) *K. C.* 8 Jun. 1805 e. v.

11) Sien Tabel B.

In 1804 hervat die Engelse hul toneeloptrede. 'n Hele ommekeer vind plaas in die toestand. Die indeling van die skouburg heet eenvoudig balkon, bak en gallery¹⁾; in 1808 boweloges, onderloges en gallery²⁾.

Die pryse is aanvanklik "Balkon en Bak: 3 Rds.; Gallery: 12 Schell." (1½ Rds.).

Dan ³⁾, „Terwyl het schynt dat het gevoel de overhand heeft voor een vermindering in de pryzen der Lootjes,” word die balkon, bak, en die twee voorste rye van die gallery, „dewelke ingerigt zullen worden als Bakken”, 2 Rds., gallery 1 Rd. in prys.

In 1801 is die onderloges (bak), 2 Rds.; boweloges (balkon), 1½ Rds.; gallery, 1 Rd. Die rede waarom die parterreloges beter geag word as die syloges is duister.

In 1807 kan die balkonplase op vasgestelde tye in die skouburg verkry word⁴⁾; in 1808⁵⁾ gebeur alle „Inschryvingen voor de plaatsen der loges” daar. Lootjies („Tickets”) word by allerlei adresse in die stad en selfs in Simonstad, verkrybaar gestel⁶⁾.

Duidelik blyk dit dat van vaste intekenaars of lootjiestrekkery by die Engelse geen sprake is nie. Hulle gee publieke voorstellinge sonder meer.

Hoe gaan die met die Franse geselskap na 1806? Dit slaan eweneens 'n heeltemaal nuwe weg in. Dit word die eerste private geselskap aan die Kaap met 'n eie lokaal⁷⁾. Ons verneem⁸⁾ dat vir plekke getrek en dat nuwe biljette uitgereik word op 'n bepaalde tyd voor elke voorstelling. Ou ongebruikte biljette van „voorleden Zaterdag” (die gewone aand van opvoering) is nie geldig vir 'n volgende keer nie, en die here intekenare moet hul terugstuur aan die „Directeuren NELSON of MARTIN”. In 1808⁹⁾ hoor ons van biljette teen 12 Skellings per stuk. Ook blyk daar later in die jaar parterre en gallery te bestaan¹⁰⁾. Die heer J. B. VERRUME is gewoonlik die man vir biljette¹¹⁾.

Met een algemene moeilikheid het die geselskappe gedurig te kampe: die vraagstuk van lootjes aan die deur verstrekk, geld vir toegang aanneem of nie. Gewoonlik word dit geweier¹²⁾. As die geselskappe dit toestaan moet hulle steeds

1) *K. C.* 20 Jun. '07 e. v. 2) *K. C.* 28 Mei '08 e. v. 3) *K. C.* 25 Jul. '07.

4) *K. C.* 20 Jun. '07 e. v. 5) *K. C.* 28 Mei '08 e. v. 6) Vgl. vtn. 4) en 5).

7) Sien bls. 92 8) *K. C.* 5 Des. 1807. 9) *K. C.* 14 Mei '08 e. v.

10) *K. C.* 8 Okt. 1808. 11) *K. C.* 18 Mei '08 e. v.

12) *K. C.* 28 Aug. '02 e. v.; 20 Jun. '07 e. v. (Eng. Ges.); *K. C.* 12 Maart '03 (Duitse Ges.); *K. C.* 14 Apr. '04 e. v. (Franse Ges.); *K. C.* 12 Mei '04 (Holl. Ges.). Vgl. Tabelle A en B.

weer op hul besluit terugkom ¹⁾. Allerlei misbruik en moeilik- hede ontstaan daaruit. Elders kom ek hier nader op terug ²⁾.

Hooggeplaatste persone het besondere loges gehad. Hulle word by die agterdeur (toneeldeur) binnegelaat ³⁾.

e. Tyd.

Die dag van speel by uitnemendheid, feitlik van die begin van toneel, was Saterdag. Onder die eerste Engelse besetting skyn die Engelse nog die voorkeur aan Maandag te gee ⁴⁾, maar vanaf 1807 seker nie meer nie ⁵⁾. Die Duitse en Hol- landse geselskappe begin van meet af met Saterdag ⁶⁾. Ook die Franse geselskap, behalwe in 1804, toe op Saterdags en Maandags afwisselend gespeel word, en in 1805 alleen op Maandag ⁷⁾. Op ander dae word soms gespeel, maar gewoonlik om een of ander besondere rede: as ekstra voorstelling, as gevolg van uitstel, ens.

Die aanvangstyd was oor die algemeen baie vroeg: immers 9 uur was eintlik slapenstyd, en straatverligting sou nog lank nie bestaan nie ⁸⁾. Oor die algemeen kan ons sê dat die non- Engelse geselskappe, bestaande uit die eintlike burgery, d. w. s. die meer gevestigde en deegliker volkselement, vroeër begin as die Engelse geselskap, bestaande uit die militêre en amptelike wêreld, d. w. s. die uitgaande wêreld by uitstek. Die aanvangsure hou ook rekening met die seisoen. Ge- woonlik word alleen in die winter gespeel, d. w. s. van Mei of Junie tot September. Voorstellinge buiten hierdie tyd vang later aan.

So is die aanvangsuur — gewoonlik heet dit „Het Gordyn zal opgaan” — van Engelse voorstellinge in 1802 om half- sewe; maar van September, d. w. s. byna lente, om 7 uur ⁹⁾. Die Duitse daarenteen is om 6 uur ¹⁰⁾ (opening half 6); ¹¹⁾, ook in 1803. Die Franse geselskap in 1803, Junie tot Augustus, vang aan om half 7; vir die tyd daarvoor (Maart) en daarna (September—Desember) om 7 uur ¹²⁾. Die Hollandse geselskap (September) doen dieselfde ¹³⁾. Hierdie toestand bestaan voort vir 'n deel van 1804 ¹⁴⁾. Daarna word dit halfsewe ¹⁵⁾. In 1805 en

¹⁾ Vgl. die Franse Ges. *K. C.* 14 Apr. '04 e. v.; Eng. Ges. *K. C.* 20 Jun. '08 en *K. C.* 22 Apr. '09. (Ook nie vir die Gallery nie?).

²⁾ Sien bls. 105.

³⁾ Sien bls. 106.

⁴⁾ Sien bls. 68

⁵⁾ Sien bls. 69 e. v.

⁶⁾ Sien bls. 79, 82.

⁷⁾ Sien bls. 85 e. v.

⁸⁾ Burchell, *Travels ens.* I, bls. 20 e. v. Slawe, met lanterns en draag- stoele moes hierin tegemoet kom.

⁹⁾ *K. C.* 20 Maart '02 e. v.

¹⁰⁾ *K. C.* 17 Jul. '02 e. v.

¹¹⁾ *K. C.* 24 Jul. '02.

¹²⁾ *K. C.* 19 Maart '03 e. v.

¹³⁾ *K. C.* 17 Sept. '03.

¹⁴⁾ *K. C.* 28 Apr. '04 e. v.

¹⁵⁾ *K. C.* 2 Jun. '04 e. v.

1806 word dit die hele jaar deur 6 uur¹⁾. Vir 1807 en 1808 word geen aanvangsure vermeld nie. Die Engelse begin in 1807 om half sewe (opening half 6); alleen in Oktober — lente — word dit half 8 (opening half 7)²⁾. In 1808 word dit nog later: aanvang 7 uur (opening 6)³⁾; so ook in 1809 behalwe vir die voorlaaste opvoering (Februarie), wat half 8 begin het (opening half 7), omrede van die buitengewoon lang voorstelling⁴⁾.

f. Sensuur.

Die owerheid het die toneel, vir sover hul dit nie direk aangemoedig het nie, onder vrywel nominale kontrole gelaat.

Die houding van die Engelse regering teenoor vermaaklikhede het ons alreeds gesien: gesonde vermake soveel moontlik aanmoedig, in besonder met die oog op die troepemenigtes aanwesig⁵⁾.

Die eerste skouburg het selfs onder die regstreekse inisiatief van die goewerneur, sir G. YONGE, tot stand gekom; en die Akte van Transport laat duidelik sien hoe besonder vry die besitters gelaat is⁶⁾. Trouens die motiewe: vermaak en liefdadigheid, en die aard: liefhebberytoneel van gangbare stukke, by voorkeur van die lugtige genre, kon beswaarlik aanleiding tot strenge toesig gee, gewoonlik alleen die geval as die tooneel hom laat verlei tot „onsedelikheid” of politiek.

Wat was dan die toesig wat bestaan het? Onder 19 Februarie 1800⁷⁾ proklameer sir GEORGE YONGE dat geen “Club or Society” mag bestaan sonder “sanction and approbation of Government” en ’n “annual License” van 15 Rds. nie, op gevaar van sware bestraffing.

Dat hierdie toesig baie slap moes gewees het, blyk uit die feit dat JANSSENS dit nodig ag, kort na die begin van die Bataafse bewind, om te proklameer „dat Goeverneur en Raaden, om zodanig gedoente⁸⁾ voor ’t vervolg voor te komen hebben goed gevonden en verstaan”, om die plakkaat van 1800 te hernuwe en aan te vul, te wete:

„Alle vaste Societeiten of Gezelschappen ’t zy dat dezelve alleen tot beoeffening strekken en opgerigt zyn, dan wel, in dezelve spys of drank voor geld genuttigd, eenig spel gespeeld, gedanst, of ander het zy publiek of privaat amusement

1) K. C. 8 Jun. ’05 e. v. 2) K. C. 13 Jun. ’07 e. v. 3) K. C. 28 Mei ’08 e. v.

4) K. C. 11 Febr. ’09. 5) Sien bls. 57, 60. 6) Sien bls. 63.

7) *Despatches* etc. W. O. 1/333; 1800 (2). Records Office, Londen. Interessant ook: geen “billiard-tables” sonder vergunning van 50 Rds. toegelaat nie. ’n Hoë liksens is nodig daar hulle “greatly contribute to the encouragement of Idleness and Dissatisfaction”.

8) Ek het ongelukkig nie die volle onder oë kon kry nie.

gehouden worden, zullen alvorens te mogen byeenkomst houden, het consent van den Procureur Generaal, Landdrost of ander Officier der Justitie in 't Distrikt residerende, moeten bekomen, die na onderzoek en bevinding, dat zodanige Societeit, Gezelschap of Byeenkomst geenzints aan de algemeene rust en welvaart van den Lande en der in- of opgezetenen schadelyk is, nog in deszelfs aard ongeoorloofd", hulle 'n sertifikaat sal verleen, wat dan nog verder aan Goewerneur en Rade moet voorgelê word, waarop „de vereischte licentie zal worden verleend by Ordonnantie geschreven op een zegel van 25 Rkxds.", jaarliks te vernuwe op boete van 500 Rkds. — dieselfde ook vir ander oortredings van „dezer ordre”.

Waarom hierdie verskerping en watter gedoente bedoel JANSSENS? Miskien kan die verklaring gedeeltelik gesoek word in die weeruitbreek van oorlog met Engeland op 12 Mei 1803¹⁾, en die wenslikheid om 'n strenge oog te hou op alle bedrywighede van verenigings ens., temeer waar nog 'n aansienlike getal Engelse aan die Kaap was²⁾.

Maar waarskynliker het meer praktiese redene gegeld. Dit het, tenminste wat die komediehuis betref (ook vir konserte ens. gebruik), nie altyd rustig toegegaan nie. Veelvuldig is die waarskuwinge wat betref toegang: geen geld aan die deur word aangeneem nie vanweë “desordres” ens.³⁾ En net voor die proklamasie verskyn twee sonderlinge advertensies in die *Kaapsche Courant* van 23 Julie 1803. In die eerste bied R. FETTEL 'n goeie beloning aan vir die vind van “een egte gebloemde Tjaal... op Maandag avond (d. w. s. 18 Julie)... in de Schouwburg verlooren”; in die tweede deel lt. KNORSIES van “'s Lands brik” 't *Haasje* mee, dat hy “by de laatste vertooning in 't Comedie-Huis zyn briefetas” met sy luitenantkommisjie, geld ens. daarin “vermist heeft”.

Op 30 Julie volg die proklamasie! Is my vermoede reg dat daar verband moet gesoek word tussen hierdie gebeurtenisse en die proklamasie, dan was dit inderdaad 'n heel uitsonderlike toestand. Daar moes in diè geval elemente aan die Kaap bestaan het, gelukkig absoluut uniek, en wat nooit weer hul verskyning maak nie.

Inteendeel die Kaapse publiek word juis besonder geroem vir hul gedrag⁴⁾, afgesien van wanordelikhede aan die deur ens⁵⁾.

Sedert 1804 begin, as gevolg van die proklamasie, alle

1) Theal (1798—1834), bls. 87.

2) Sien bls. 106

3) Sien bls. 105 e.v.

4) Theal, id., bls. 111.

5) Vgl., bls. 104, 166.

advertensies “Met Permissie van den Heer Procureur-Generaal¹⁾,” wat in 1806 sal word van die “Gouvernement²⁾” en daarna “Gouverneur³⁾.”

g. Publiek.

Die publiek wat die voorstellinge bygewoon het was veelsortig maar goed: Hollands- en Engelssprekendes, nl. militêre, hoë amptenare en die gewone burgers van Kaapstad en naaste omgewing; selfs die Mariene in Simonstad geniet mee van “Theatrale” plesier⁴⁾. Wat die burgers betref moet ’n mens in die oog hou dat dit ’n heel goeie gesete burgers was⁵⁾. Soos BORCHERDS, sprekende in die eerste plek oor toestande gedurende die Bataafse tydperk van 1803—1806, sê: “De meest respectabele lieden van de gemeenschap gingen daar heen.” Jan Rap en sy maat het bestaan, en bestaan vandag nog in Suid-Afrika, in die eerste plek uit die kleurlinge — toe meestal slawe en Hottentotte. Desulkes word streng afgesonder. Hulle kom nie in dieselfde openbare geboue ens. As daar af en toe rumoerige elemente onder die skouburgbesoekers was, veral in latere tyd, moet die gesoek word onder die jongeliede van die maatskappy⁶⁾, van wie dit nou eenmaal ’n tiepiese eienskap is om hulle self aan luidrugtigheid oor te gee⁷⁾ — in die goedkoopste plekke natuurlik. Miskien kan daar, onder Engelse bewind tenminste, garnisoenselemente bygereken word. Ook geld hierdie toestande alleen vir voorstellinge wat geheel of grootliks ’n publieke karakter het, soos b.v. by die Franse geselskap, 1803—1806; die Engelse vanaf 1807; en buitengewone voorstellinge. Voorstellinge in geslote kring val vanself daarbuite: uit die aard van die saak word alleen uitgesogte elemente toegelaat.

Lady BARNARD gee ons die eerste besonderhede oor die publiek van toe, tenminste van die Engelse opvoeringe van 1800—1802.⁸⁾ Militêre maak aanvanklik die grootste deel van die gehoor uit; “society” is voltallig aanwesig, tot die Goewerneur toe. Trouens die bywoning van Goewerneur ens. bly lank die gewoonte⁹⁾.

Ook ’n Engelse offisier vertel ons een en ander. Dit is egter meer merkwaardig vir die Engelse „meerderwaardigheidsbesef” wat daaruit spreek as vir iets anders¹⁰⁾. Maar dit

¹⁾ Sien bls. 89.

²⁾ Sien bls. 92.

³⁾ Sien bls. 70.

⁴⁾ Sien bls. 100; *K. C.* 28 Mei ’08 e. v.

⁵⁾ Barrow. *Reizen ens.* IV, bls. 207 e. v.

⁶⁾ Vgl. de Mist, *Mem.* § 41.

⁷⁾ *State ens.*, by a C. S., bls. 166.

⁸⁾ Sien bls. 61, 67.

⁹⁾ *K. C.* 11 Febr. ’09 e. v.; vgl. bls. 106.

¹⁰⁾ *Gleanings in Africa* 1806, bls. 258.

kan ons onder meer help begryp waarom die Hollandssprekendes al gou daartoe kom om hul eie geselskappe en lokale in te rig. Hy sê: "We have endeavoured to introduce among them a taste for theatrical amusements. An elegant theatre has been built at great expense and such gentlemen of the garrison as are theatrically inclined come forward to tread the Cape boards." In interessante vergelyking met ander Britse geweste vervolg hy: "Our neighbours however in New South Wales are beforehand with us in theatricals, but they have always at their command a company renowned for their versatile abilities, and adequate to all the shifting scenes of mimic life". Kenmerkendste van alles, en heeltmal ongeregverdig soos die toekoms sal wys, is die volgende sin: "Should the Dutch be again put in possession of the Cape they will probably convert the Cape Drury into pakhuises for commercial purposes."

Die mening van BARROW¹⁾ is natuurlik nog minder vleierend: „Men had er eens een nieuwen schouwburg opgerigt; doch wanneer er in het Engelsch, Fransch of Hoogduitsch gespeeld wierd werd het by hen voor de vervelendste van alle vermaken gehouden: drie uren lang ook naar een stuk te luisteren was voor hun een zware straf. Ik herinner my, dat de toehoorders eens op zekeren tijd zeer veel genoeg hadden. Dit was dat een oude Hoogduitsche soldaat al spelende zyn pyp rookte en dit karakter, waarmede al het andere dat hy deed evenredig was, had zooveel toejuicing en medewerking dat het gehele huis welhaast door een wolk van tabaksrook vervuld wierd." Om dinge in 'n haatlike daglig te stel, gee die woord aan BARROW! Rook in skouburg was destyds 'n gewone ding²⁾.

Oor die gedrag van die gehoor *in* die skouburg vind ek in hierdie tyd — en lank daarna — geen onaangename aanmerkinge nie. Inteendeel³⁾, maar wat betref die gedrag van die publiek daarbuite, in verband met toegang tot die skouburg, het dikwels moeilikhede ontstaan. Die aanleiding hier toe het gelê in die verkoop van lootjies aan die deur, die aanneem van geld vir toegang.

Verskeie kere word dit geprobeer; altyd weer misluk⁴⁾ dit. Tog dwing die publiek blykbaar steeds daarom, sodat keer op keer moet gewaarsku word dat lootjies nie aan die deur verkoop of geld ontvang word nie. Veelvuldigste moet

1) Dl. IV, *Reizen ens.*, bls. 208. Die eerste en meesbekende belasteraar van die Afrikaners.

2) WORP, *Drama ens.*, II bls. 414. Teen ± 1850 in Amsterdam en elders haas nog orals gerook.

3) *K. C.* 14 Apr. '04.

4) Vgl. Tabelle A, B ens.

die Engelse en Franse geselskappe ¹⁾ die waarskuwing laat hoor. C. M. VILLET kondig eenkeer aan: „Nademaal by het ontfangen van Geld aan den ingang of de deur van den Schouwburg reeds menigvuldige desordres hebben plaats gehad, tot groot nadeel van den Entrepreneur; zo word hiermede een ieder verwittigd, dat er volstrekt geen Geld meer aan de deur zal aangenomen worden” ens.

Die skouburg het maar een deur van toegang gehad. Dit moes die maklikste ding in die wereld gewees het vir persone om by enige gedrang kosteloos binne te sluip. Te moeiliker sal die kontrole gewees waar die meeste mense met vooraf verkreë lootjies — soms vir ses persone — gekom het. Die toegangspryse was nie goedkoop nie en poginge om kosteloos binne te dring word begryplik.

'n Ander poging kan ons vermoedelik sien in die grappige waarskuwing dat niemand sonder lootjie toegelaat sal word nie ³⁾, 'n waarskuwing waarskynlik teen die s.g. „tuis-vergeet.”

Die waarskuwing van die Engelse geselskap in 1807 dat „geen persoon hoegenaamd agter het toneel mag gelaten worden” ⁴⁾, is waarskynlik bedoel om die lastigvallery en nuuskierigheid, so kenmerkend van goeie vriende en kennise by liefhebberytoneel, teë te gaan; maar kan ook 'n middel wees om „vrye toegang” te voorkom. Dieselfde kan geld vir die weiering om mense by die agterdeur binne te laat. In hierdie geval sal dit bysaak gewees het. Die hoofsaak blyk uit die volgende ⁵⁾: „Niemand hoegenaamd zal in de agterdeur toegelaaten worden, behalven de Gouverneur, de Generaal, Admiraal, Commandant, en Suite, waar een persoon zal vaceeren om de lootjes te ontvangen”.

Hiermee is die poginge om kostelose toegang te verkry nog nie uitgeput nie. Eenkeer ⁶⁾ hoor ons — weer van die Engelse geselskap in 1808 — dat: „Niemand zal op oude Billetten geadmitteerd worden, terwyl de Billetten voor deze Comedie dubbeld gestempeld zyn.” Voorwaar daar was voorsorg nodig; dit bowendien by 'n liefdadigheidsvoorstelling! 'n Ander keer ⁷⁾ heet dit: „Niemand hoegenaamd zal zonder Billet by de repetitie toegelaten worden” — wat ongetwyfeld die aand van die grote uitvoering goed te stade sal gekom het!

Vervelend, tenslotte, moes dit wees om teen die beset van besproke plekke te waarsku om ongenoegens te voorkom ⁸⁾.

Tog is dit dinge van ondergeskikte belang per slot van

¹⁾ Sien Tabelle A en B. ²⁾ K. C. 14 Apr. '04. ³⁾ K. C. 9 Okt. '02.
⁴⁾ K. C. 20 Jun. '07. ⁵⁾ K. C. 11 Febr. '09.
⁶⁾ K. C. 28 Mei '08. Delémery ens. ⁷⁾ K. C. 25 Jun. '08.
⁸⁾ K. C. 12 Mei '04.

rekening. Dit was oor die algemeen 'n fatsoenlike publiek wat hom fatsoenlik gedra het.

h. Kritiek.

Gereelde kritiek bestaan in hierdie tydperk hoegenaamd nie. Die enigste blad van enige soort was die *Kaapsche Courant*, en die meeste wat hy hom veroorloof is 'n editoriale aankondiging ¹⁾ 'n enkele maal. Lady ANNE BARNARD, in die alreeds aangehaalde stukke, kan die eerste, en 'n vry goeie kritikus heet. BARROW, BORCHERDS en *Gleanings in South Africa* gee alleen 'n paar interessante algemene besonderhede ²⁾.

i. Spelers en Stukke.

Die spelers vir sover bekend, is uitsluitlik van die Engelse en Franse geselskappe. Alleen by uitsondering word name genoem. Van die Engelse het ons verreweg die meeste name.

Die Engelse toneel het haas sonder uitsondering uit „heren van het guarnisoen” bestaan. Uit die tyd van lady ANNE het ons dr. SOMERS, wat die toneel begin in die hospitaal in 1800, en, minstens tot die opening van die Afrikaanse Skouburg, die leiding neem; verder majoor GLEGG en kol. BARLOW. Miskien kan ons kol. VANDELEUR byreken ³⁾. Die name van SOMERS en GLEGG kom trouens voor as lede van die Kommissie van Toesig oor die Skouburg wat in die Akte van Transport genoem word ⁴⁾.

Ook die vrouerolle word deur manne waargeneem, b.v. dr. SOMERS en majoor GLEGG. Wel word geprobeer om die dames tot deelneming te beweeg, maar tevergeefs. Etiket het verbied dat hulle in voorstellinge mag optree waarby geld gevra word vir toegang en wat nie volkome privaat was nie ⁵⁾. Behalwe één uitsondering — mev. KINNIBURGH, van die garnisoen of uit die burglary, in 1807 ⁶⁾ — bly dit die geval vir hierdie hele tydperk ⁷⁾. Hoe die here in blyspele hul vrouerolle soms moes uitgebuit het, kan ons vermoed, wanneer vir die opvoering van SHAKESPEARE se *Taming of the Shrew* (1809), hierdie feit selfs spesiaal aangekondig word ⁸⁾.

Vir die tydperk 1807—1809 het ons gesien dat die dryfgeeste sekere mnr. (lt.) MORGAN, „Bestierder” ⁹⁾, kapiteins COLLINS en FRAZER was. Vir die ander spelers verwys ek elders ¹⁰⁾. In 1808 kom BILLY PITT by ¹¹⁾.

¹⁾ *K. C.* 29 Febr. '03, 29 Okt. *Zaire*.

²⁾ Sien voorafgaande onder „Publiek”.

³⁾ Sien bls. 61, 63, 65.

⁴⁾ Sien bls. 63.

⁵⁾ Sien bls. 60—61.

⁶⁾ Sien bls. 75. In 1834 het sekere mnr. Kinniburgh 'n losieshuis in Stellenbosch. *Alm.* 1834, bls. 196.

⁷⁾ Sien bls. 71.

⁸⁾ Sien bls. 77.

⁹⁾ Sien bls. 70 e. v.

¹⁰⁾ Sien bls. 74—75.

¹¹⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 19.

Die werk wat gelewer word kan ons in oorspronklike en onoorspronklike verdeel. Die oorspronklike is sulke dinge soos liedjies, pro- en epiloge. Dit begin al in die Hospitaal¹⁾; duur naar alle waarskynlikheid deur die hele eerste Engelse besetting voort — getuige die opening van die Skouburg²⁾ en afskeidsrede in Junie 1802³⁾ —, en kom veral weer gedurende 1807—1809 in sterke beoefening⁴⁾.

Die voortbrengsels van 1807—1809 skyn heelwat geestiger en spontaner te gewees het as die van die begintyd. Die sou meer geleerdheid as gees geopenbaar het, tenminste as ons lady ANNE BARNARD kan glo — waarteen geen rede bestaan nie.

Daar berus verder in die Kaapse Biblioteek 'n dagboek van 1797—1800 van sekere S. E. HUDSON, Hoofklerk van Doeane aan die Kaap⁵⁾, en lid van die eerste Kommissie van die Skouburg⁶⁾. Hy skyn 'n besonder swartgallige persoon te gewees het. Hy sien alles „in die lelike” en is dus juis die teenoorgestelde van lady ANNE; ook in politieke en persoonlike sin. So b.v. is hy anti-MACARTNEY en pro-YONGE. Intussen was hy ook anti-DUNDAS, d.w.s. teen die waarnemende Goewerneur, en dit bring hom — ek haal mej. FAIRBRIDGE aan — tot “a biting little satire inscribed in his journal under the title of ‘The New Comic Opera (tekenende vorm vir die tyd) of *He wou'd be a Governor*’. ‘The principal characters’, he says, ‘to be supported by those well-tried veterans in the service whose powers have allready and so often been the subject of admiration’. He sets the first scene in ‘A Beautifull garden with the palace of Banterino . . . among the Trees,” (Goewerneur DUNDAS se residensie in die Tuine). Die orige van die stuk is 'n swaargeestige poging om byna iedereen — van Goewerneur tot klerk, lady ANNE meegereken — te hekel, egter meer giftig as geestig. Moet ons HUDSON glo dan moes die Kaap 'n plek van skinder en kritiek gewees het, byna onmoontlik om persoonlik grootmoedig en hartelik in te wees, soos lady ANNE per slot van rekening tog was.

Die onoorspronklike werk is natuurlik die gespeelde stukke. Reeds die allereerste in die Hospitaal — *Teasle* van Foote⁷⁾ — is tieperend.

Blyspel of klugspel⁸⁾ heet die meeste van die Engelse stukke: kort stukkies, ligte kos, om aangenaam die tyd mee te verdryf, verder niks nie. As weerkaatsing van die toneel in Engeland is hul tiepies van die lae peil waartoe die

1) Sien bls. 62, 65.

4) Sien bls. 70 e. v.

6) Sien bls. 63.

2) Sien bls. 67.

5) Lady Anne Barn. bls. 68, 73 (1924).

7) Sien bls. 61.

3) Sien bls. 68.

8) Sien bls. 68 e. v.

toneelkuns destyds in diè land gedaal het¹⁾. Trouens deur die hele Europa was dit toentertyd nie van die hoogste nie. Tog was daar soms goeie stukke onder hierdie soort b.v. GOLDSMITH; en selfs SHAKESPEARE, *The Taming of the Shrew* word gespeel. Wat laasgenoemde betref was daar waardering genoeg²⁾.

Daar word soms liedjies tussendeur die stukke gesing. Lady ANNE vertel reeds daarvan³⁾ en in 1807 word dit vermeld⁴⁾. Ons het dus eintlik gevalle van „Vaudeville”, in die 18de eeu so populêr. Ook die „Opera Comique” of sangspel was toe baie populêr, waarvan *The Poor Soldier* (O'KEEFE), in September 1802⁵⁾ 'n eerste vermelding is.

Ewenseer in die mode, maar nuut vir die Kaap — tenminste vir sover die vermelding gaan — was in Junie 1802⁶⁾ die tussenspel *The Magic Zone*; en veel belangriker as genre *The Cunning Wife, or The Lover in a Sack*, „Ballet Pantomime”, deur die heer PETERSEN en sy leerlinge uitgevoer: die eerste linge van wat 'n by uitstek Hollandse tradisie word tot die end van die 19de eeu, ja selfs tot die eerste tiental jare van die 20ste eeu.

Selfs die historiese drama laat 'n kantjie van hom sien in die „Historische Romance van *Koning Alfred* (O'KEEFE), (1802)⁷⁾.

'n Toneelspel *The Sultan* (BICKERSTAFFE) word opgevoer⁸⁾; en twee treurspele: die eerste, *Douglas* (HOME) (na die 2de besetting), en die tweede *The Gamester* (MOORE), egter alleen op besondere versoek⁹⁾; tensy 'n burlesk-treurspel *Tom Thumb* (FIELDING) tot 'n derde gereken moet word¹⁰⁾.

Hoe die meerderheid van hierdie stukke staan in verhouding tot hul tyd sal uitkom waar ek nou die Franse stukke wil bespreek, want hulle is oorwegend van dieselfde ligte gehalte.

Die „opera comique¹¹⁾” kom op in Frankryk sedert ongeveer 1720, en was verwant aan die kermistoneel, die ouere vaudeville (oorspronklik 'n klug, met liedjies tussendeurgevoeg, wat op bekende wysies gesing word), en aan die Italiaanse komedie, met (H)arlekin as hoofpersoon. Reeds gou kry dit die vorm van 'n drama, deels in verse, deels in prosa, waarin sowel gesing as gepraat word. PANARD gee aan hierdie genre 'n soort morele kleur, en in die begin speel die sangspel meestal in landelike kring. FAVART, SEDAINE, ANSEAUME o. a. *Le Tableau Parlant* en MARMONTEL — ± 1770 —

1) Vgl. *Cape Argus* 8 Jul. 1922, *Tales of other Days*.

2) Sien bls. 66, vtn. 2; bls. 77.

3) Sien bls. 61 (sy word self ook gevra; Barlow sing); ook bls. 68 (Koor).

4) Sien bls. 71.

5) Sien bls. 69.

6) Sien bls. 68.

7) Sien bls. 69.

8) Sien bls. 69.

9) Sien bls. 73, 76.

10) Sien, bls. 72.

11) W o r p, *Drama ens.* II, bls. 214 e. v.

maak daar groot opgang mee, en baie knappe musisie het meegewerk om dit werklik tot iets heel moois en oorspronklik te maak. Dat dit van Frankryk ook spoedig naar ander lande oorgewaaï het o. a. Nederland, spreek haas vanself.

Ook klein stukgies soos divertissementes, pantomiems, ballette, tussenspele was soms sangspele, en in hierdie tyd, die 2de helfte van die 18de eeu, in Holland — as weerkaatsing van elders — baie gelief. Ook kinders doen daar aan mee (soos later ook aan die Kaap).

Insonderheid word baie gedans in die skouburge: ballette of dansspele. Trouens byna geen uitvoering word gegee nie of daar is 'n ballet of uitvoerige dans by. Italiane en Franse (ook aan die Kaap) was orals te vinde hiervoor. Veral onder die Bataafse Republiek was die ballette pragtig en gewoonlik uit Frankryk ingevoer o. a. *Arlequin, of De Gelukkige Visscher* (anoniem) ens.

Aan die Kaap¹⁾ vertoon al hierdie verskynsele hulself duidelikste in die Franse toneel, wat onder die Bataafse bewind sy aanvang neem. Ons sien dus die noue aanraking met Europa. Die jaar 1803 sien veral die bloei van die „Opera Comique”. Gewoonlik heet dit bly- of klugspel met sang. Van die bekendste word in hierdie genre gespeel (1803, ook later) b. v. *Le Tableau Parlant* (ANSEAUME), *Le Tonnelier* (AUDINOT), en besonder veel, *Arlequin Afficheur* (DESFONTAINES en BARRÉ). ANSEAUME kry egter die leueaandeel.

In Desember 1801 word die „Laatste Operas” aangekondig²⁾.

Daar moes dus goeie sangers onder die Franse geselskap gewees het, wat toe vertrek³⁾, want die geselskap bly voortspeel, egter tot bly- en klugspel beperk (1804)⁴⁾. Die kunspeil styg aanmerklik: die jaar begin met *Le Barbier de Séville* van BEAUMARCHAIS; *Le Médecin malgré Lui* van MOLIÈRE word opgevoer; met *Zaïre* van VOLTAIRE word geëindig. Vir die eerste keer vind by die Franse geselskap 'n pantomiem plaas, by die opvoering van *Die Barbier van Seville*.

In 1805 maak DELÉMERY weer sy verskyning en vind daar byna 'n volslae terugkeer tot die ou lugtige genre plaas⁵⁾. Die stukgies is populêrder as ooit. Daar is 'n „Comédie Parade” en 'n „Comédie Lyrique”, 'n pantomiem van skimme met musiek, 'n herderspel, en ook nuut — en die nuwe — 'n blyspel in onrym d. w. s. in rymlose verse; verder bly- en klugspele. Die jaar eindig met 'n „Opera Comique” van SEDAINÉ. By hierdie opvoering het ons ook die eerste geval van variété op die Kaapse toneel.

1) Sien bls. 85 e. v.

2) Sien bls. 89.

3) Sien bls. 89.

4) Sien bls. 89.

5) Sien bls. 90.

Die leidende gees in hierdie bedrywigheid is M. DELÉMERY, die enigste Franse akteur bekend. Reeds in 1803 het hy 'n eerste vlugtige verskyning gemaak aan die Kaap; van 1805—1806 is hy daar weer. Sy afsonderlike vermelding pleit vir sy bekendheid. In 1806 moes ook J. G. TREDOUX sy werksaamhede begin het ¹⁾.

Apart van die Kaapse liefhebbers word een keer Liefhebbers van Mauritius genoem, wat aan die Kaap optree ²⁾.

In 1806 ³⁾ vind 'n „Lyrische Scene” plaas; Ariettes word gesing.

Origens is die stukke van die Franse geselskap korte bly-en klugspele — nes die van die Engelse.

Wat betref Duitse en Hollandse spelers besit ons geen enkele naam nie. BARROW vertel alleen van die rokende Duitse soldaat ⁴⁾. Moontlik het vroue by hul opgetree ⁵⁾. Ongetwyfeld was hul kunststrewende hoër, hul stukke van meer belang, veral by die Hollandse geselskap. *Die Schachmaschine* (BECK) en *Der Wildfang* (KOTZEBUE) van die Duitsers was groot stukke, hoewel blyspele; maar kort stukke word ook gespeel. In *Die Friedens-Feyer* het ons selfs 'n sangspel ⁶⁾.

Ons sou kan sê dat die Duitse toneel ⁷⁾ die oorgang vorm tussen die Hollandse toneel en die ander in hierdie tyd. Die Hollandse toneel bestaan alleen uit groot stukke, by uitstek blyspele, maar in *Zaire* (VOLTAIRE) het ons 'n treurspel, en in *De Papegaay* die eerste — maar lang nie die laaste nie — KOTZEBUE aan die Kaap ⁸⁾.

Op 28 Mei 1809 ⁹⁾ verskyn 'n berig dat „op de Gouvernements Drukkery by A. RICHERT zyn (o.a.) te bekomen: *De Vaderlandsche Boer*, Blyspel in één Bedryf à 4 Schell.”, ens. van A. LAMME, waarvan dit verder heet ¹⁰⁾: „Het Stukje is gemaakt by gelegenheid der Capitulatie van de Engelschen en Russen in Noord-Holland en met veel graagte op het Nederlandsch Liefhebbery-Toneel ontvangen” ¹¹⁾.

Sou RICHERT gewoon eksemplare uit Holland gekry en dit verkoop het? Of sou hy dit nagedruk het? Ek is geneig om die laaste aan te neem. Daar was nog geen boekwinkels aan die Kaap nie, maar ook verneem ons verder van geen boekverkope van RICHERT nie. Sou hy alleen één keer toneelstukke invoer en nie weer nie? Dit lyk onwaarskynlik. Veleer dink ek dat mense die boek vir een of ander onvermelde opvoering wou gebruik, dat RICHERT dit nagedruk en die eksemplare verkoop het — aangesien ook juis toe die eerste

1) Sien bls. 251.

4) Sien bls. 105.

7) Sien bls. 78 e. v.

10) *K. C.* 12 Nov. '03.
in verse verskyn.

2) Sien bls. 91.

5) Sien bls. 130.

8) Sien bls. 81 e. v.

11) Worp, *Drama ens.*, II, bls. 202. In 1800

3) Sien bls. 92.

6) Sien bls. 78 e. v.

9) *K. C.*

Hollandse toneel aan die Kaap sy verskyning maak. Tenslotte verskyn op 18 Aug. '04 ¹⁾ 'n berig, dat in verband met die boek uitgegee deur A. RICHERT, hy geen reg het om hom boekhandelaar van die Goewernement te noem nie. As hierdie boek slaan op die stuk van LAMME, dan was dit die oudste literêre boekwerk aan die Kaap gedruk.

Allesins sien ons is die Europese dramatiese kuns goed aan die Kaap verteenwoordig. Treurspel, toneelspel, blyspel, klugspel, sangspel, pantomiem en ballet, almal word teruggevind en hou tred met die stand van hierdie soorte kuns in die bakermat self: Europa.

¹⁾ K.C.

TABELLE A EN B.

TABEL A. 1)

Engelse en Duitse

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	„BILLETEN" EN „LOOTJES" VERKRYBAAR BY:
Engelse Garnisoensges.	1800	Hospitaal.	—	—
„	1901	Afrik. Skouburg.	—	—
„	1802	„	?	—
„	6 Sept. 1802	„	Prysverhoging 3 Rds. per plek.	„Sergeant" Forthorpe.
„	12 Okt. 1802	„	—	„
„	20 Jun. 1807	„	„Balcon en Bak" = 3 Rds. „Gallery" = 12 „Schell".	Biljette vir Balcon in Skouburg 10—12 alle dae. Lootjies by Harrison, Watts & Smith; Hotel Row, Casernestr.; die „British Hotel".
„	9 Jul. 1807	„	„	Soos bo. maar Lootjies ook by die Hr. Row, Goewernementsdrukkery in die Kasteel.
„	25 Jul. 1807	„	„Balcon, Bak en 2 voorste banken der Gallery" = 2 Rds. Gallery = 1 Rd.	Balkonbiljette alleen by Romeo in die Sosieteit. Lootjies soos bo.
„	8 Aug. 1807	„	„	Hier staan: by Romeo in die Komediehuus. Lootjies soos bo.
„	15 Aug. 1807	„	„	Biljette by Romeo, Komediehuus van 12—2. Lootjies soos bo.
„	10 Okt. 1807	„	—	—
„	3 Jun. 1808	„	„Onderloges" = 2 Rds. „Bovenloges" = 1½ Rds. Gallery = 1 Rds.	Venables & Ko., Strandstr. in Simonstad. Row's Hotel, Casernestr. Maandag en Woensd. 12—2.
„	2 Jul. 1808	„	„	Lootjies vir Loges, Komediehuus, Maandag en Woensdag 12—2; en Hotel Row 2—6, daaglik.
„	31 Jan. 1809	„	„	Lootjies Komediehuus, Dinsdags Woensd. en Saterdag 12—2. Verder soos 3 Junie.
„	13 Febr. 1809	„	„	Lootjies vir loges, Komediehuus, daaglik 12—4. Andere lootjies soos bo.
„	22 Apr. 1809	„	—	Komediehuus, Dinsd., Woensdags en Vrydags 12—2 uur. Venables & Ko. Watts en Smith.
Hoogduitse Ges.	Febr. 1802	?	—	—
„	17 Jul. 1802	„	—	—
Hoogd. Ges. „Honi soit qui mal y pense".	15 Maart 1802	„	2 Rds. per plek.	H. Lumingh, Roelandstr. 6, op 12 Maart 3—6 en op 14 Maart 9—12

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, weggelaat.

Geselskappe. 1800—1809.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK.	BESONDERE AANMERKINGE.
—	—	—	Enkel Genodigdes!	—
—	—	—	—	Minstens 6 Opvoeringe. Liefdadigheid.
Huis v. d. Fiskaal en P. L. Cloete in Afrik. Sosietaithuis.	—	6½ 7	Geen lootjies na 12 uur 4 Sept. nie, wanneer die „Registerboek” met name van Intekenaars gesluit word. Lootjies is persoonlik. Geen geld aan die deur nie.	In samehang met wedrenne.
—	—	6½ 6½	Niemand sonder lootjie toegelaat nie. Geen geld aan die deur nie, behalwe vir die gallery. Niemand agter die skerme gedurende die voorstelling toegelaat nie.	—
—	5½	6½	—	—
—	5½	6½	—	—
—	5½	6½	—	—
—	5½	6½	—	—
—	6½ 6	7½ 7	—	—
—	—	—	Niemand op oue biljette toegelaat nie. Biljette vir „deze Comedie dubbeld gestempeld.”	Liefdadigheid.
—	—	—	Niemand sonder biljette by die Repeitiesie toegelaat nie.	Liefdadigheid.
—	6	7	—	Liefdadigheid.
—	5½ (lang stuk)	6½	Niemand deur die agterdeur toegelaat nie, behalwe die Goew. en suite. „waar een persoon de lootjes zal ontvang.”	Liefdadigheid. Alle Rolle deur here gespeel.
—	—	—	Geen geld aan die deur nie.	Liefdadigheid.
—	—	6	—	Liefdadigheid.
—	—	—	Na bepaalde dae, geen lootjies meer verkrybaar nie.	Liefdadigheid.

TABEL B. 1)

Hollandse en Franse

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	„BILLETTEN” EN „LOOTJES” VERKRYBAAR BY:
Holl. Geselskap „Tot Leering en Vermaak”.	5 Maart 1803	„Publieke Schouwburg”.	2 Rds. per plek.	A. Burnet, Loopstr. 87.
„Holl. Liefh. Theater-Gezelschap”.	24 Sept. 1803	Skouburg.	Loges van 6 Plekke = 10 Rds. 1 Bill. = 1 Rd.	J. G. Brink, Loopstr. 30.
Holl. Gezelschap”.	18 Mei 1804	Skouburg.	„Ordinaire en Parterre loges = 10 Rds. Gaandery loges = 8 Rds.”	J. G. J. Klynders, Hoek Loop- e Strandstraat.
Fransch Liefhebbery Gezelschap”.	23 Maart 1803	Skouburg	Loges = 15 Rds. Bill. = 2 Rds.	Sybrand de Beer, Breestr. 14.
„	18 Jun. 1803	„	Loges = 10 Rds. (6 plekke). Parterreloges (6 pl.) = 8 Rds. Bill. = 1 Rd.	C. M. Villet, Dorpstr. 13.
„	15 Okt. 1803	„	„	„
n Nuwe „Fransch Blyspel Gez.”, gekombineer met die ou Franse Ges.	21 Apr. 1804	„	Sy- en Boweloges = 8 Rds. Parterreloges = 10 Rds.	„
„	30 Apr 1804	„	Sy- en Parterreloges = 10 Rds. Gallery- en Amphitheatreloges = 8 Rds.	„
„	23 Jun. 1804	„	Enkele lootjies = 1 Rd. Sy- en Parterreloges = 10 Rds.	C. M. Villet, Loopstraat 16.
„	23 Jul. 1804	„	Enkele lootjies = 1 Rd. Loges v. 6 pl. = 10 Rds. Parterreloges = 8 Rds.	„
„	17 Jun. 1805	„	Lootjies = 1 Rd. Syloges (6 pl.) = 12 Rds. Parterreloges (6 pl.) = 10 Rds.	Kerkplein 7 (Villet).
„	12 Aug. 1805	„	Lootjies = 1 Rd. Syloges (6 pl.) = 10 Rds.	„
„	30 Sept. 1805	„	Lootjies = 1 Rd. Syloges (6 pl.) = 12 Rds. Parterreloges (6 pl.) = 10 Rds. Lootjies = 1 Rd.	„
„Amateurs de l’Isle de France”.	23 Des. 1805	„Societeits Schouwburg”.	„	Dorpstraat 13.
„Fransch Gezelschap”.	31 Mei 1806	Skouburg.	Parterre (Pit) = 2 Rds.	Kerkplein 7, C. M. Villet.
„	12 Des. 1807	„Nieuwe Schouwburg”.	—	Nelson & Martin, Direkteure.
„	18 Mei 1808	—	12 Skell. per plek.	Jean Baptiste Verrume.
„	11 Okt. 1808	—	Parterre. Gallery.	Vir Parterre = Dietz, Loopstr. 6 „ Gallery = Verrume, Burgstr. 3

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

Geselskappe. 1800—1808.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOOR- STELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE.
—	—	—	—	—
—	—	7	—	—
—	—	—	„Ieder wordt verzocht niet op besproken plaatsen te gaan zitten”. Geen lootjies aan die deur nie.	Liefdadigheid.
—	—	7	—	—
—	—	6½	—	—
—	—	7	—	—
—	—	—	Die laaste dag voor die uitvoering, geen lootjies meer verkrybaar nie. Beslis geen geld aan die deur nie.	Benefiese vir Villet nie voldoende opgebring nie.
—	—	7	30 April na 12 uur, geen lootjies meer nie. Ook geen lootjies aan die deur nie.	2e Benefiese vir Villet.
—	—	6½	Die dag voor die voorstelling, geen lootjies meer verkrybaar nie.	—
—	—	6½	—	—
—	—	6	Na 16 Junie geen lootjies meer nie. Ook nie aan die deur nie.	—
—	—	6	—	—
—	—	6	—	—
—	—	6	—	Benef. Villet.
Nelson en Martin.	—	6	—	—
—	—	—	Iedere Dond. voor die voorstelling van 8—12, biljette afhaal by die nuwe Skouburg. Ou biljette ongeldig.	Opvoeringe om die 14 dae by intekening.
—	—	—	Biljette tot 1 dag voor die voorstelling verkrybaar.	Voorstelling in Hollands. Liefdadigheid.
—	—	—	—	Liefdadigheid.

HOOFSUK V.

1809—1839. Hollandse en Engelse Toneel aan die Kaap.

Samehang; Indeling.

X In hierdie tydperk bereik die Kaapse liefhebberytoneel sy hoogste bloei; Hollandse en Engelse toneel, hoewel die Hollandse die Engelse in belangrikheid ver oortref. Die Engelse toneel dank veel van sy bloei aan die aanwesigheid van tydelike beroepselemente aan die Kaap.

Talryke geselskappe ontstaan en vergaan, maar sommige is daar wat lange jare 'n roemryke bestaan voer, b.v. *Tot Nut en Vermaak*, *Honi soit qui mal y pense*, *Door Yver bloeit de Kunst (Vlyt en Kunst)*, en *All the World's a Stage*.

Belangrik is die opkoms van 'n Kaapse geslag spelers. Tot 1808 was die toneel die van „uitheemse” (in die buitenland gebore) spelers aan die Kaap; sedert 1809 begin die jonge „inboorlingen dezer Colonie” meer en meer naar vore te kom.

X Die Engelse toneel — aanvanklik die garnisoen, maar mettertyd ook die burgers — konsentreer hom in die Afrikaanse Skouburg. Die Hollandssprekendes rig in die reël eie lokale in.

X Een persoon se naam is in besonder verbonde met die Hollandse toneel: C. E. BONIFACE. Vir sy goeie werk as tooneelleier, in besonder vir sy oorspronklike werk, is hy van groot kultuur-historiese en literêre belang. Hy is die eerste wat die Kaapse toneel tot persoonlike en maatskaplike strydperk maak. Persoonlik trek hy veral te velde teen sy aartsvyand J. SUASSO DE LIMA; iemand wat, hoewel in veel minder mate, 'n soortgelyke rol as BONIFACE in verband met toneel speel. Maatskaplik trek hy veral te velde teen die dweepsugtige filantropie van sy tyd.

Die end van die periode sien die toeneem en oorwinning van Metodistiese geesdrywery aan die Kaap, en die omsetting van die Afrikaanse Skouburg (wat kon gepaster wees?) in... 'n kleurlingkerk!

Die indeling van die periode is as volg.

Op gebied van Hollandse toneel:

A. 1809—1821. Laaste uitbloeï Franse toneel. Tydperk van ongelykmatige Hollandse toneel. Vaste grondslag gelê van die groot Hollandse geselskappe. Uitheemse (d. w. s. van die buiteland afkomstig) kragte die vernaamste beoefenaars. Terselfdertyd onder uitheemse leiding opkoms van geslag jong inheemse (ingebore) spelers.

B. 1822—1839. Uitheemse kragte hoe langer hoe meer op agtergrond. Volle bloei van ingeborenestoneel. Duursame toneelbeoefening. Leiding nog byna uitsluitlik van uitheemse kragte.

Op gebied van Engelse toneel:

A. 1809—1821. Sporadiese toneelbeoefening. Bloeiperiodes garnisoenstoneel, meestal met behulp van beroepskragte.

B. 1822—1839. Garnisoenstoneel soos gewoonlik. Opkoms en bloei van burgertoneel daarnaas, dikwels in wedywing. Burgertoneel bereik bloei veral met behulp van beroepskragte.

A. 1809—1821.

§ 1. Algemeen.

Was die voorafgaande tydperk een van voorbereiding en baanbrekerswerk, dan sien hierdie periode die jonge toneel homself vinnig inwortel onder die burgery en sy eerste mooie jonge vrugte dra; in die volgende tydperk bereik hy sy volste wasdom.

Die vernaamste beoefenaars is nog altyd vreemdelinge wat hul aan die Kaap tydelik bevind, b.v. die Engelse; of kom vestig het, b.v. RIAUX, BONIFACE, DE LIMA e. a. Tegelykertyd voed hul 'n jong geslag (Hollandse) ingeborenes op wat in die volgende periode op volle krag kom, en nog later op eie krag die ou tradiesie waardig voortsit.

Die tydperk kry sy karakter deur sy sporadiese en enig-sins tentatiewe aard; sy afsluiting deur 'n weinig vrugbare tussentyd van 1820—'21 wat betref Hollandse toneel, en volslae onvrugbare van 1819—'21 wat betref Engelse toneel.

Hierdie tydperk sien ook die belangrikste oorspronklike werk op dramatiese gebied aan die Kaap deur BONIFACE: *Het Beleg van Troyen*, Ballet, ens.

§ 2. Hollandse (w. o. Franse) Toneel.

a. Franse Toneel.

Die Franse liefhebberyseselskap waarvan die uitvaart op 26 November 1808 aangekondig was, herrys in hierdie jaar as 'n feniks uit die as, so skitterend en bedrywig as ooit. Die man wat die grootste aandeel aan hierdie wonderwerk sal gehad het was CHARLES ETIENNE BONIFACE, Fransman van geboorte, en

alles en nog wat, op artiestieke, letterkundige en taalkundige gebied, van beroep. As die man van grootste betekenis in die toneellewe van hierdie tyd is dit nodig om sy persoon en lewe nader te bekyk.

„De heer BONIFACE was te Parys geboren 1), en in 't begin van de Fransche Revolutie, bekleedde zyn vader den post van Gouverneur van de vermaarde 'Temple' gevangenis. In het jaar 1793 werd sir SYDNEY SMITH in dat kasteel bewaard, en de vader en familie van den heer B. toonden den vermaarden gevangene vele blyken van goedwilligheid. Een document zyne vrylating gelastende, en gezegd door de autoriteiten geteekend te zyn, aan den Gouverneur overhandigd zynde, werd sir SYDNEY toegelaten de gevangenis te verlaten, en slaagde naar Spanje of Portugal te ontkomen. Maar toen het ontdekt werd dat de order eene vervalsching was, werd de Gouverneur verdacht gehouden van daarin de hand gehad te hebben, ontslagen, en uit het land gebannen. Hy vervoegde zich tot zyn voormaligen gevangene, thans zyn patroon, in Spanje en deelde in zyne bescherming en lot in die gebeurtenisvolle tyden. Naderhand zette de oude BONIFACE en zyne familie zich neder in de Seychelle Eilanden, in de Indische Zee, van waar uiteindelyk de jonge BONIFACE naar de Kaap de Goede Hoop ging, alwaar hy zich vestigde kort na de cessie van dezelve aan Engeland in 1806 2).

Aldaar, gelooven wy, ontwierp en bestierde hy eenen tyd lang het invloed hebbende blad *De Zuid-Afrikaan*, maar zyn byzonder temperament wikkeld hem in processen en verliezen, hetgeen hem aanspoorde om omtrent negen jaren geleden zich alhier 3) (Pietermaritzburg) te vestigen. Hier was zyn geluk afwisselend, maar nooit helder voor eenigen langen tyd. Hy werd toegelaten als advokaat in dat Distrikts Hof te ageren, en hy droeg eenige jaren den mantel van een lid van de Balie gedurende een tyd, dat eene geregelde legale opleiding geen wezenlyke vereiste voor dien post was. Hy was ook voor een tyd de uitgever van de *Natalier*, een der eerste Nieuwsbladen, zoo niet het eerste, in Natal gepubliceerd; maar in beide betrekkingen bragt zyne byzondere geestgesteldheid hem in verwickelingen en verliezen. Inderdaad gedurende zyn gansche leven opvliegend en driftig, hoewel met dit al, zoo als wy gelooven, van een edelmoedige inborst, konde hy dat geluk in het leven niet bereiken, hetwelk andere met minder begaafdheden ten deel valt. Men zegt dat de overledene zes en zestig, niet

1) *Z. A.* 30 Jan. 1854.

2) Sedert 1807 aan die Kaap, sien bls. 124.

3) Pietermaritzburg, Natal. Die stuk is uit die *Natal Mercury* oorgeneem.

zestig jaren oud was, zooals opgegeven". (Dus 1787 gebore)¹⁾.

Ongetwyfeld, sê die blad, het hy sy einde deur selfmoord gevind: deur oorverbruik van laudanum. Hy het 'n brief nagelaat „aan zyn geestelyken herder, den Eerw. Heer SABON, den Roomsch Catholyken Leraar dezer plaats, waarin de overledene verklaart, dat hy op eene lange reis gaat naar de eeuwigheid en zyne kinderen aan de zorg van den heer SABON aanbeveelt". Hy het dus kinders gehad. Ook elders word melding gemaak van 'n dogter wat by hom inwoon. Hy het trouens tevore al 'n poging tot selfmoord aangewend.

„Neerslagtigheid van geest, veroorzaakt door teleur gestelde verwachtingen en door gedeeltelyke armoede, vermeent men, aanleiding te hebben gegeven tot den ontstelden staat des verstands, welke zoo noodlottig is afgeloopen. De heer BONIFACE was een man van buitengewone vermoogens, vooral als een taalkenner, muzykant en kunstenaar. Hy was bekend met 7 hedendaagsche talen — het Engelsch, Hollandsch, Duitsch, Fransch, Italiaansch, Spaansch en Portugeesch — behalve eene scholastieke kennis aan de Romeinsche en Grieksche schryvers. Zyne bekwaamheid als kunstenaar ontwikkelde zich vooral in de buitengewone behandeling van de pen, waarmede hy zeer volkomene schetsen konde maken, gelykstaande aan graveersels. Als een fraaye schryver was hy ook byzonder vernuftig, daar zyne handschriften het voorkomen hebben van gegraveerde of gedrukte documenten veel eer dan van geschrevene. Hy had zich ook veel toegelegd op oorspronkelyke letterkunde, en men zegt dat zyne M. S. tooneelstukken en gedichten en eenige plaatselyke politieke satiren, door hem geschreven, van zyn genie getuigen" ²⁾.

GROOM vertel van hom: ³⁾ „Monsieur BONIFACE ... in his youth ... was a midshipman under and protégé of the famous sir SIDNEY SMITH; in after time professor of languages, editor, tutor, author, poet ⁴⁾, who wrote the famous satires on DE LIMA *De Limaçon*, *The Natal Bluetts*, the *Blasted Lyre* etc., also gave lessons on the guitar, as I formerly knew a young Cape lady, a pupil of his, to whom he presented a guitar album of music, so beautifully written with a pen that it was difficult to distinguish it from copper-plate printing". Dit bevestig sy fraaiskrywery ⁵⁾. Hierby kan ek 'n

¹⁾ Die berig uit die *Mercury* sal uit 1853 wees. Natal was ver van die Kaap! En 1853 min 66 is 1787.

²⁾ *Z. A.* 30 Jan. 1854.

³⁾ *Drama in C. T.* — *C. I. M.* Sept. 1899 e. v., bls. 479.

⁴⁾ Vgl. *Z. A.* 23 Jan. '68, *Herinneringen uit de Kaapstad*.

⁵⁾ Sien voorafgaande.

advertensie van hom in GREIG se *Almanak* van 1832 voeg, waarin 'n pentekening van die huis waar hy inwoon, voorkom, ongetwyfeld van sy hand afkomstig.

GROOM vertel van die tyd van goewerneur SOMERSET (1814—1826), en gee ons 'n goeie idee van die Hollandse toneel en van BONIFACE se rol in verband daarmee 1): "At this period there existed in Cape Town two great Dutch amateur theatrical Companies, performing in the old town theatre, Hottentot Square, now St. Steven's Church, performing some of the most celebrated Dutch and French plays for the amusement of the people under the patronage of Lord and Lady CH. SOMERSET: these performances were the life and soul of Cape Town. The one under the Motto *Honi soit qui mal y pense* was under the management of Monsieur C. E. Boniface; the other took as a motto *Tot Nut en Vermaak*". Byna altyd was die Goewerneur aanwesig, ens. GROOM vermeld BONIFACE se vertaling van *De Burger Edelman* uit Molière vir *Honi Soit* ens., en noem hom its "highly educated manager, the clever but eccentric BONIFACE".

Tenslotte praat ARAGO 2), wat aan die Kaap in 1818 was, oor die Skouburg en sê: „Here are sometimes performed French pieces done into verse by one IGNACE BONIFACE, who is the favourite dramatist of the Cape. He has lately translated into irregular verse *Robert, Chef de Brigands* (LAMARTÉLIÈRE), *Jocrisse Corrigé* (SEURIN), and other masterpieces of the same stamp", — 'n aardige berig, al gooi ARAGO sy feite bietjie deurmekaar. *Robert* is reeds uit 1809 en *Jocrisse* uit 1815. Vir die betroubaarheid van sy inligting pleit die feit dat hy hulle in hoofsaak van ROUVIÈRE het 3).

Behalwe taal- en musiekmeester was BONIFACE ook „Geweorenen Translateur." Hy was eerste redakteur 4) en mede-oprigter van die *Zuid-Afrikaan*, maar het ses maande na die oprigting alweer uitgetree 5). Die *Zuid-Afrikaan* was reeds in hofmoeilikhede gewikkel en BONIFACE het onenigheid met sy medeoprigters gekry. Ons kan dit goed begryp om te oordeel naar die felle, dikwels persoonlike toon van sy artikels. Inderdaad moes hy 'n moeilike man gewees het om mee oor die weg te kom. Iemand van grote skrywersbegeerte en geleerdheid, kunssinnig, van grote energie en vlug van verstand, het hy twee dinge gemis: selfbeheersing en die „milk of human kindness". Met sy skerp intellek het hy dinge gou raak gesien; hy kon, helaas, nooit as versoenende krietikus optree nie. Sy spot was altyd fel, sy be-

1) Groom, *Drama in C. I.* — C. I. M. Sept. 1899 e. v. bls. 478.

2) *Narr. ens.* 1814—20, bls. 108.

3) *Narr. ens.*, bls. 109.

4) *Z. A.* 9 Apr. '30.

5) *Z. A.* 22 Okt. '30.

ywering het alleen vyande gewek. Hy word bewonder, of gevrees en gehaat; gelief selde of nooit nie. In sekere opsigte, en in klein formaat natuurlik, herinner hy aan BILDERDYK. Om rede van sy temperament het alles, ten spyte van sy grote gawe, uiteindelik op mislukking uitgeloop.

Hy was getroud met 'n Kaapse dame, MARIA GEERTRUIDA HEYNEMAN, en moes verskillende kinders gehad het. Sy vrou is op 1 Augustus 1835 oorlede. Na Natal deur die Voortrekkers ingeneem en deur die Britse Regering weer afgeneem is, is hy soontoe in 1844 om sy geluk te beproef. Met die heer MOLL, vroeër van *The Moderator* (later *De Meditator*), het hy *De Natalier* opgerig.

Ook hiervan lui dit in No. 34 reeds dat BONIFACE uit die vennootskap ¹⁾ is; soos *Sam Sly* sê die „Chiltern Hundreds” ²⁾ aangeneem het. *Sam Sly* vervolg met die volgende versies:

Moll ³⁾ thinks — and justly thinks, you'll say —
She better can support her place
By throwing out her strength and charms
Without another *Bonny-face*.

Moll writes — and wisely writes, you'll say —
To keep alive a hopeless case;
Where *two* might starve, *one* may survive,
And still preserve her *Bonny-face*.

Moll acts — and shrewdly acts, you'll say —
For whilst together in the race,
She might be censured by mistake,
Or, for another *Bonny-face*.

Moll hopes — and fairly hopes, you'll say —
That she may shortly mend her pace,
For half-a-load with conscience clear
Is better than a *Bonny-face*.

Dus ook in Natal weer teleurstelling. Inderdaad: „Zyn leven was niet benydenswaardig en zyn einde ellendig” ⁴⁾.

In die beskrywing van die geskiedenis van die toneel, sal sy belangrike rol daarin en ander feite in verband met sy lewe vanself uitkom. Hier memoreer ek nog sy werk van enige belang.

¹⁾ S. S. 26 Des. 1844.

²⁾ Eng. manier van bedank vir lidmaatskap van die Parlement.

³⁾ Sinspeling op die bekende Eng. vrouenaam „Moll”.

⁴⁾ Z. A. 23 Jan. '68, *Herinneringen ens.*

VERTALINGE EN BEWERKINGE:

Robert, Chef de Brigands (uit LAMARTÉLIÈRE), 1849. In verse.

Dago, Tsp., Ballet in 3 Bed. Bewerking 1819.

De Burger Edelman (naar MOLIÈRE), Ks. in 5 Bed. 1825, 1834. (In Hs. in JARDINE-versameling) ¹⁾.

Limaçon de Dichter, Bs. in 1 Bed. 1825. (Vgl. hierby *De Twee Slakken* ²⁾ ens.)

Pygmalion, Melodrama in 1 Bed. van ROUSSEAU; vertaal deur BONIFACE, 1834.

Al hierdie werk het vermoedelik in Hs. gebly, en alleen *De Burger Edelman* is bewaar.

OORSPRONKLIKE WERK:

L'Enragé (1807), vertaal in 1823 deur J. SUASSO DE LIMA as *De Dolzinnige, of De Gewaande Dolleman*, Bs. in 1 Bed.

Het Beleg van Troyen (Onuitgegeef?), Pant. 1813.

Sapho, Ballet in 3 Bed. Uit Frans van BONIFACE, deur SCHONEGEVEL. 1825.

Relation du Naufrage, du L'Eole. 1829.

De Nieuwe Ridderorde ens. Bsp. in 4 Bed. 1832.

Clasius, of Het Proces om een Komediellootje. Kl. Hist. Trs. in 2 Bed. 1834, 1836 (*Nog Net Zoo*). In Hs.

Kockincoz, or The Pettifogging Lawyers Plot ens. By the Author of *Clasius*. 1843.

Bluettes franco-nataliennes ens. "Contes" ens. 1846 ³⁾.

Le Latanier, "conte". 1846.

Vir ander werk van BONIFACE verwys ek elders ⁴⁾.

BONIFACE het aan die Kaap in 1807 ⁵⁾ gekom, dus hoogstens 20 jaar oud ⁶⁾. Hy sal waarskynlik direk by die Franse geselskap aangesluit het. Hulle speel in elk geval 'n stuk van hom (*L'Enragé*) driekeer daardie jaar ⁶⁾.

Maar eers in 1809 kry ons die eerste vermelding van hom, begin hy werklik op die voorgrond tree. Hyself dateer

¹⁾ Laidler, *Annals* ens., bls. 39.

²⁾ Sien bls. 292.

³⁾ In Openb. Bibl. Kaapstad. Sien bls. 510.

⁴⁾ Sien bls. 290, 292.

⁵⁾ Vgl. bls. 120. Vas staan dit deur die volgende. In verband met *L'Enragé* van hom in 1823, (sien bls. 277) sê Boniface dat dit reeds deur die Franse geselskap in 1807 opgevoer is. In die Voorberig van *De Temperantisten* in 1832 (sien bls. 300) praat hy van sy „vyf en twintigjarige plaatslyke kennis” (bls. XVI) en van die Kaap as die land, „alwaar ik myne jongelingsjaren heb doorgebragt” (bls. XVII). Dit bring ons tot 1807. Op 30 Aug. 1833 (*Z. A.*) sê hy dat hy al 25jarige ondervinding het in Franse lesgee. Dit bring ons tot 1808, maar ook 1807 is moontlik.

⁶⁾ Sien vtn. 5).

sy eintlike tooneelloopbaan van daar ¹⁾. Hy, in die eerste plek, weet die Franse toneel weer 'n jaar van grote bloei te besorg. Daarna word die drang van omstandighede hom te magtig. Hy gaan oor tot die Hollandse toneel. Sy Franse aard en smaak sal hy egter nie verloën nie, en 'n enkel maal speel hy nog 'n Franse stuk. Origens vereenselwig hy hom met die Hollandssprekendes: in politiek, maatskaplike lewe ens. Sy Hollands het hy aan die Kaap geleer ²⁾.

Die eerste voorstelling ³⁾ van die jaar het plaasgevind — dit bly verder die geval, immers hul eie lokaal was weg — in die Afrikaanse Skouburg. Met goedkeuring van die Goewerneur ens. word op Saterdag 4 Februarie opgevoer: *Les deux Frères ou La Réconciliation*, Bs. in 4 Bed., in prosa, van A. VON KOTZEBUE, en *Le Petit Matelôt ou Le Mariage Impromptu* (PIGAULT LE BRUN), Opera Comique, in 1 Bed.

Die ou tradisie van ligte stukke — sangspele ens. — bly voortlewe. Tegelykertyd sien ons hier 'n wysiging in tiepiese Hollandse rigting: om één groot stuk — treur- of toneelspel — op te voer, gevolg deur 'n vermaaklike nastuk.

By die volgende voorstelling word nuwe kragte aangekondig. Dit heet dat op Woensdag 22 Februarie ⁴⁾ *Les Plaideurs*, Bs., deur J. RACINE, in 3 Bed. en in Rym, en *Le Derviche* (DE SAINT-FOIX), Ks. in 1 Bed., sal vertoon word, en — dit veral van belang — „in 't eerste stuk zullen vier nieuwe aangekomene Heeren spelen en in 't laatste een.” Ek vermoed dat ROUVIÈRE, MEURANT, RIAUX en AGRON onder hierdie viertal sal bedoel wees. Immers, voor hierdie tyd is hul onbekend, al vier se name kom nog dikwels voor in verband met toneel, met uitsondering van ROUVIÈRE is almal geheel of ten dele dans- en (of) musiekmeesters.

Daar volg op Saterdag 11 Maart ⁵⁾: *Le Tambour Nocturne, ou Le Mari Devin*, Bs. in 4 Bed., van DESTOUCHES, „Waar in een nieuw Liefhebber zal spelen,” en *Les Jumeaux de Bergame* (FLORIAN), Bs. in 1 Bed., met sang; Saterdag 25 Maart ⁶⁾: *Le Feu (de l') Amour et du Hasard*, in 3 Bed., deur MARIVAUX, en *Les deux Avarés* (FENOUILLOT DE FALBAIRE), Opera Comique in 2 Bed.; 8 April ⁷⁾: *Le Projet Manqué*, Vaudeville ⁸⁾ in 1 Bed., en *La Paysanne Curieuse* (FRAMERY), Opera Comique in 1 Bed. Die voorstelling word beslote met *Les Troubadours*

¹⁾ In 1824 verklaar hy dat hy „sedert 1809 altoos gewoon geweest is”, sy eie belang aan die algemene vermaak op te offer (sien bls. 286).

²⁾ *De Temperantisten*. Toewyding. ³⁾ K. C. 28 Jan. '09.

⁴⁾ K. C. 11 Febr. '09.

⁵⁾ K. C. 4 Maart '09.

⁶⁾ K. C. 18 Maart '09.

⁷⁾ K. C. 1 Apr. '09.

⁸⁾ In die aankondiging staan „Vaudeville” as deel van die tittel, waar-skyklik foutief.

(FLOQUET). Tot dusverre was die lootjies soos voorheen by VERRUME. Hierdie keer is dit by "Messrs. BAREAU & Co." in die Kortemarkstraat. Was van die (nuwe) spelers miskien daar werksaam?

Tot hiertoe was die voorstellinge vrywel om die 14 dae. In die vervolg word dit ongeveer maandeliks. Miskien was die intree van *Tot Nut en Vermaak* in die toneelperk van invloed in hierdie opsig ¹⁾.

Die naam nie alleen nie, ook die hand van BONIFACE word nou duidelik sigbaar in die Franse toneelbedrywigheid. Vir Maandag 24 April ²⁾ heet dit dat daar vertoon sal word: *Robert, Chef de Brigands* (LAMARTELIÈRE), Tsp. in 5 Bed., „in Poezy, met Gevecht en andere daartoe vereischte Militaire Manoeuvres, Nieuwe Decoratiën etc.”; ’n stuk wat BONIFACE later in Hollands sal vertaal en baie keer opvoer, soos hierdie beskrywing goed laat begryp. ’n *Ou liefde, Le Tonnelier* (AUDINOT), Opera Comique in 1 Bed., en in prosa, volg. Ook die lootjies is alleen by intekening by C. BONIFACE, Loopstraat 63, verkrybaar. Hy het dus goed die boel in hande.

Robert moes sukses gehad het. Op Saterdag 3 Junie word dit herhaal ³⁾, en heet „door C. BONIFACE”. Die outeurskap slaan op die „in poezy” ⁴⁾ — of ook op ’n bietjie teksverandering met die oog op die Kaapse toneel ⁵⁾ —, tensy hier ’n *Hollandse* voorstelling bedoel word, wat onwaarskynlik is. Die stuk was eintlik van J. H. F. DE LAMARTELIÈRE (1786), en gewoon ’n omwerking van die *Räuber* van SCHILLER ⁶⁾.

By die volgende voorstelling op Saterdag 8 Julie ⁷⁾ heet die stukke: *Épipore, ou La Resurrection*, en *Le Mariage de Biribi*, Bs. in 3 Bed., „vertaald (deur BONIFACE — in verse omgewerk ⁸⁾?) van SIRE BARAGO, en *Oromidas, ou Le Balèt des Balais*, (outeur onbekend ⁹⁾) Pantomime in drie Bedryven, waarvan ieder bedryf in een byzonder, echter bekend Werelddeel omgaat”, ’n steek aan die adres van Engeland, of ’n plaaslike allusie? Tjepies is so’n uitdrukking van BONIFACE.

Hierdie voorstelling sou eers op 28 Junie plaasvind, maar word skielik tot 1 Julie uitgestel. Bowendien berus lootjies alleen by VILLET. BONIFACE word heeltmal nie genoem nie; ook nie verder nie tot 1813 ¹⁰⁾. Verder word die Franse liefhebberigeselskap as sulks nie meer genoem nie, en is ongetwyfeld van die baan. Sou ons hier ’n eerste uitbarsting

¹⁾ Sien bls. 130.

²⁾ K. C. 15 Apr. '09.

³⁾ K. C. 27 Mei. 3 Jun. '09.

⁴⁾ Sien bls. 122.

⁵⁾ Sien bls. 136.

⁶⁾ Worp, *Drama ens.* II, bls. 313. ’n Hollandse vertaling deur P. G. Witsen Geysbeek het ook bestaan en was populêr.

⁷⁾ K. C. 21 Jun., 1 Jul. '09.

⁸⁾ Sien bls. 122.

⁹⁾ Waar die outeur

definitief onbekend is, word dit as sodanig vermeld.

¹⁰⁾ Sien bls. 157.

van BONIFACE se vulkaniese natuur hê? Ek vermoed van wel en die begin — of sou dit reeds 'n gevolg wees? — van die kwaad kan waarskynlik gesoek word in die pasgenoemde pantomiem. Miskien kon dit BONIFACE op die oomblik ook nie erg skeel nie. Hy wou reklame vir homself as onderwyser in Frans ens. gemaak het en hy was daarin geslaag¹⁾.

Franse opvoeringe word egter nog gegee, waarby BONIFACE se kompatriotte, die dans- en musiekleermeesters RIAUX, MEURANT en AGRON die voortou neem; soms vir liefdadigheid, maar meer vir hulself. Half-professionele toneel maak dus sy verskyning. Liefhebbers speel mee. Trouens in 1810 is hierdie toneel die enigste wat bestaan; in 1811 vermoedelik alleen vermeerder met die Engelse.

Eers op 29 Augustus²⁾ word die volgende voorstelling vermeld, ongetwyfeld tot voordeel van RIAUX self. Dit heet: „Comedie *Les Précieuses Ridicules*, in een bedryf, door MOLIÈRE, gevolgt van *Cantasmagorie*, (*Fantasmagorie?* — sien verder) en een Ballet door de Pupelen van Mr. RIAUX”. Bureau & Ko. of RIAUX self verskaf lootjies. Hierdie laaste feit pleit vir RIAUX se persoonlike belang in die voorstelling. Ons kom later *Fantasmagorie* van MEURANT teen. Sal hy soms met RIAUX saamgewerk het?

RIAUX neem ook met hierdie voorstelling die draad van ballette of pantomiems deur leermeester en leerlinge weer op waarvan die begin lê by die Engelse geselskap in 1802³⁾.

Ongetwyfeld het die kinderballet sukses gehad. Op Maandag 23 Oktober⁴⁾ volg „ten voordeele eener ongelukkige Weduwe door een Gezelschap van Toneelliefhebbers”: *Le Comte de Comminge, ou Les Aman(t)s Malheureux*, Trs. in 3 Bed. van D'ARNAUD, en „*Ulysses op het Eiland van Circé* (uit die Spaans van C. DE LA BARCA?) Ballet in twee Bedryven, welke uitgevoerd zal worden door een Gezelschap van Jonge Lieden uit deze Colonie”. Hierdie mededeling is belangrik. Dis die eerste van die bewuste deelname van „jonge” inheemse spelers aan toneel. RIAUX word nie genoem nie⁵⁾; die voorstelling is vir liefdadigheid.

Hierdie ballet moes groot sukses gehad het. Op Saterdag 11 November⁶⁾ word dit herhaal in 3 Bed., „volgens een uitgebreider plan”, weer vir dieselfde weduwee.

Ons het hier beslis met 'n ander onderneming as die van RIAUX te doen. Die inisiatief gaan klaarblyklik uit van diletante self. Waarskynlik kom hier een of ander leermeester by, vir 'n bietjie self-reklame, tenminste om te oordeel naar

1) Vgl. bls. 136

2) *K. C.* 19 Aug. '09.

3) Sien bls. 68.

4) *K. C.* 14 Okt. '09.

5) Sien bo.

6) Sien bls. 129 (Holl. Toneel).

die hieropvolgende voorstelling in Desember van 'n „nuwe” geselskap, wat vermoedelik in wedywer is. Die spelers van hierdie onderneming tree weer in 1810 in 'n Hollandse liefdadigheidsvoorstelling op¹⁾.

Vir Saterdag 2 Desember²⁾ kondig „een nieuw Liefhebbery Genootschap” aan *Les Fourberies de Scapin*, Bs. in 3 Bed. van MOLIÈRE, en *La Fantasmagorie*, “vergroot met 6 levendige Afbeeldzels, welke de aanschouwers zullen verwonderen (sic! — F. B.). Na de Comedie zal een Dans geïntroduceerd worden”.

Ek glo ons het hier te doen met die eerste onderneming van MEURANT, wat die volgende jaar weer van hom sal laat hoor, en ook 'n groot konsert en „30 Phantasmagorische Figuren” vertoon³⁾. Hier is dit hom waarskynlik te doen om reklame en miskien wins. Miskien het hy ook die samewerking van RIAUX; soos in die volgende jaar.

Die laaste opvoering van die jaar is 'n persoonlike van die heer BOURCHERVILLE, wat toentertyd ook konserte gegee het⁴⁾. Hy verkoop verder die lootjies self. Daar word gegee op Saterdag 9 Desember⁵⁾: *Une Folie* (BOUILLY), Opera in 2 Bed., met „musiek van den vermaarden MÉHUL”, en vooraf *La Comédie Universelle*, in 3 Bed., met enige liederes tussendeur. „N.B. De Heer DE BOURCHERVILLE zal de rol van *Florival* in *Une Folie* spelen”.

Nog twee jaar laat die Franse toneel op sporadiese wyse van homself hoor. Die Hollandse toneel (*Tot Nut en Vermaak*) sedert 1809, en die Engelse sedert 1811, kom al meer en meer op die voorgrond. Die Franse toneel word verdring. Leermeesters, liefhebbers (jonge by voorkeur), en leerlinge bly die spelers solank dit bestaan. Trouens in 1810 bestaan alle toneel uit sulke kragte.

Op Saterdag 13 Oktober⁶⁾ word opgevoer deur „eenige Liefhebbers en Leerlingen van Mr. RIAUX onder deszelfs directie . . . : *Le Somnambule ou Orgia* (PONT-DE-VESLE), Nieuwe Comedie in een bedryf in Prosa, Door groote Liefhebbers gespeeld. Waar na volgt *Het Liefdenest*⁷⁾, Nieuw Ballet en Anacreontique in drie Bedryven en in Melodrame, Vercierd met nieuw Muziek, gecomponeerd door Mr. MEURANT, Met dansen en nieuwe passen, Groot Finaal, Decoraties, nieuwe Kledingen, Werktuigen, enz. enz. Welk Ballet door Kinderen beneden de 12 jaren, zal gespeeld worden en alle leerlingen

1) *K. C.* 4 Nov. '09. 2) *K. C.* 4, 11 Nov. '09.

3) *K. C.* 9, 16 Nov. '11. Meurant was later 'n bekende musiek- en dansmeester. (*K. C.* 6 Jul. '11.) Die Figure was 'n soort embryonale towerlanternvoorstelling. 4) *K. C.* 2 Sept. '09; 13 Jan. '10 e. v.; *Bylae IV.*

5) *K. C.* 2 Des. '09. 6) *K. C.* 6, 13 Okt. '10.

7) In Ned. gespeel. Eintlik uit Fr.: *Le Nid d'Amour*, vgl. verder.

van M. J. RIAUX. Character Dansen zullen tusschen de twee stukken gedansd worden."

Die voorstelling sal 'n persoonlike gewees het; AGRON en RIAUX self, met A. ROUVIÈRE¹⁾, beheer die lootjiesverkoop. Origens is dit 'n duidelike reklame vir MEURANT as musiek- en RIAUX as dansmeester.

Die ballet het sukses gehad. Vir Saterdag 27 Oktober²⁾ hoor ons dus: „Mr. RIAUX (is) voornemens door jonge Liefhebbers te laten vertoonen: *Le Baiser* (FLORIAN), Bs. in 1 Bed., Gevolgt door eene tweede representatie van *Le Nid d'Amour* (ens.), met eenige nieuwe vercierzelen door dezelfde kinderen", wat voorheen in Nederduits gespeel het, maar dit hierdie keer in Frans sal doen.

Ontenseggelik was hierdie voorstelling ten bate van die leermeesters self. So ook die „finale" van hierdie „jeugtoneel" op Saterdag 15 Julie 1811³⁾, deur „eenige Jongelingen beneden de 14 jaren onder het opzicht van hunnen Onderwyzer FRANÇOIS AGRON in 't Fransch, (van) het nieuwe stuk *Asmodée, ou La Philosophie du Diable*⁴⁾. Hetzelve is zedekundig en zoo wel Treur- als Klugtspel in 5 Bedryven en in prosa" — wel 'n nodige verduideliking met die oog op die woord „diable", sowel as 'n aanbeveling deur die „Elck wat wils" karakter van die stuk. Die lootjiedriemanskap bestaan uit VILLET, MEURANT en AGRON.

Dieselfde klompie kinders speel later in die jaar, maar in Nederduits⁵⁾.

Hiermee sterf die Franse liefhebberytoneel vergoed uit. Nog 'n enkele maal sal 'n Franse stuk by Hollandse voorstelling voorkom, maar met 'n Franse liefhebberyseselskap⁶⁾ as sulks is dit gedaan. Gedaan kan ons ook sê met operettes en dansspele as oorwegende genre.

b. Hollandse Toneel.

1. Jeugtoneel.

Voor ek tot die hoofsaak in hierdie verband kom wil ek eers 'n onderdeel, wat onmiddellik by die voorafgaande Franse „jeugtoneel"⁷⁾ aansluit, behandel. So word in die

¹⁾ „Horologiemaker" Loopstr. 33. Arago sê hy het die meeste van sy informasie aan hom te danke, en noem hom "The Political Shoemaker" van die Kaap. Hy weet alles en ken almal tot die "half starved scribbler of melodramas" (Boniface?). Hy is 'n soort M. Roch. (in *Avis au Public: Opera Comique*). Uit sy mededeling aan Arago blyk sy Hollandse simpatieë. Hy was lank 'n sterk ondersteuner van Holl. toneel.

²⁾ K. C. 20, 27 Okt. '10. ³⁾ K. C. 6 Jul. '11.

⁴⁾ *Asmodeus, der krumme Teufel*, is deur F. von Kurz. ⁵⁾ Sien bls. 130.

⁶⁾ Vgl. bls. 275 e. v. ⁷⁾ Sien bls. 127 e. v.

Afrikaanse Skouburg op Saterdag 18 Augustus¹⁾ 1810, vertoon „door een gezelschap van jonge toneel- en dansliefhebbers uit deze Colonie ten voordeele van de Armen: *De Schipbreuk, of De Korsaren op het Eiland Ivica*” (BRANDES?), Ballet in 3 Bed., met nuwe musiek. Die spelers is ongetwyfeld dieselfde as die van die Franse voorstelling van 23 Oktober 1809²⁾. Die „nuwe musiek” herinner aan MEURANT³⁾.

Die sukses van die voorstelling was dusdanig dat dit op 25 Augustus herhaal word⁴⁾. Hiervan het ons toevallig 'n verslag van 'n verbygaande reisiger⁵⁾. Dit is des te belangrijker omdat ons daaruit kan opmaak dat vrouens aan die Hollandse toneel deelgeneem het. Hy vertel dat op dieselfde aand van sy aankoms het „native amateurs”, of soos hulle in die wandeling genoem word „Africantes” (Afrikanders) 'n toneelspel vertoon. “The piece was named *The Shipwreck*, a medley of tragedy, comedy, farce, pantomime and dance; the interior of the theatre was sufficiently neat and the other performers were, as well as the performance, much superior to what we had been led to expect. The language indeed, grated on the ear, but even in our estimation seemed infinitely mellowed when conveyed through the medium of some pairs of pretty, pouting lips.”

Op Saterdag 24 Augustus⁶⁾ volg „door eenige Liefhebbers in het Nederduitsch. . . de twee nieuwe stukken: *Iste Gallus bene cantat*, of *Is hy het wel?* Klugtspel in een Bedryf en in prosa. Daarna *De Reis van't Vernuft rondom de Wereld*. Hetzelve is zedekundig, en zoowel Treur- als Klugtspel, in 5 Bed. en in prosa.” As ons verder let op die feit dat lootjies by VILLET, MEURANT en AGRON uitgereik word, dan word die verband van hierdie voorstelling met die Franse van 13 Julie duidelik⁷⁾.

Die oueres laat in 1810 en 1811 weinig of niks van hul merk nie. Die jeug handhaaf intussen op hierdie manier die Hollandse toneeltradisie.

2. Tot Nut en Vermaak.

Om tot die hoofsaak wat betref Hollandse toneel terug te keer, sien ons in 1809 'n ontwaking uit die slaap wat in 1804⁸⁾ begin het — tenminste vir sover ons gegewens gaan. Ten opsigte van die bekendmaking van hul bedrywighede skiet juis die Hollandse geselskappe in besonder te kort. As geslote geselskappe het hul dit nie altyd nodig geag om

¹⁾ K. C. 4 Aug. '10. ²⁾ Sien bls. 127. ³⁾ Sien bls. 128. ⁴⁾ K. C. 25 Aug. '10.

⁵⁾ J. PRIOR, *Beschr. ens.* 1810, bls. 23 e. v. Vir Engelse aanhaling *Cape Argus* 8 Jun. '22. *Tales of ens.*

⁶⁾ K. C. 17 Aug. '11.

⁷⁾ Sien bls. 129.

⁸⁾ Sien bls. 83.

hul voorstellinge te adverteer nie. Tye van skerpe konkurrensie of ekstra voorstellinge of besondere mededeling was dikwels nodig om hul sover te bring.

Uit verspreide aanwysinge kry ons soms die vermoede of 'n aanduiding dat hulle speel. Reeds 1809 is tiepies hiervoor. Vir Saterdag 10 Junie¹⁾, in die Skouburg, word aangekondig „Ter Benifitse van het nieuw op te richten Weeshuis”:²⁾ *De Kluzenaar op het Eiland Formentera*, Tsp. in 2 Bed. — 'n eerste opvoering uit vele! — en *De Verwarring* (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 3 Bed., beide deur A. VON KOTZEBUE. Wie die spelers was, sowel as die gevolg van hierdie opvoering, leer ons uit die volgende berig³⁾: „De Directie van het Toneellievend Gezelschap, onder de zinspreuk *Tot Nut en Vermaak*, geeft hiermede te kennen, dat het saldo der Rekening van dat Gezelschap gevoegd by de inkomsten der Representatie van den 10 Juny ll., te zamen” 'n som van 350 Rds., aan die Weeshuis gestuur is. Die erkenning hiervan verskyn ook⁴⁾.

Die belangrikste van hierdie berig is dat die woorde „gevoegd by” en „te zamen” duidelik aantoon dat tevore opgevoer is. *Tot Nut en Vermaak* het in 1809 gereeld gespeel; maar meer kan ons nie sê nie.

Ongetwyfeld is *Tot Nut en Vermaak* die voortsetting van *Tot Leering en Vermaak*. Die name gelyk sprekend op mekaar en die volgende opvoering is van 'n oubekende uit 1803⁵⁾, *De Elfde Junius, of De Algemeene Betaaldag*, Bs. in 5 Bed., deur BARON HOLBERG. Dit word opgevoer op Saterdag 29 Julie⁶⁾.

Uitgesonder vir 'n enkele beriggie uit 1814 verneem ons verder niks van *T. N. en V.* tot 1817 nie. Behalwe vir jare soos 1810⁷⁾, toe daar oor die algemeen weinig gespeel is, 1812 toe daar pokkies geheers het⁸⁾, en 1815 toe *Honi* van homself as „*Het Hollandsche Toneel Gezelschap*”⁹⁾ kon praat, kan ons veilig aanneem dat *T. N. en V.*, hoewel afwisselend, meermale in die tussentyd sou gespeel het. Die berig uit 1814 sterk my in die mening. Dit is slegs 'n toevallige — daar word dus nie gereëld geadverteer nie. Tegelykertyd toon dit 'n lewende geselskap aan. Dit lui¹⁰⁾: „De Vyfde Representatie van het Toneelgezelschap *Tot Nut en Vermaak*, zal plaats hebben op Zaterdag 29 dezer, des avonds precies te 7 uur”. Die vyfde dus van 'n hele reeks!

1) *K. C.* 27 Mei '09.

2) *Theal* 1795—1834, bls. 183. Plan in 1808 deur Mevr. Moller opgevatt; 1815 is die inrigting geopen.

3) *K. C.* 8 Jul. '09.

4) Sien vtn. 3.

5) Sien bls. 82.

6) *K. C.* 15 Jul. '09. 7) Sien bls. 127. 8) *Theal* 1795—1834, bls. 161.

9) Sien bls. 139. Kursivering van my.

10) *K. C.* 22 Okt. '14.

In 1817 kry ons alle besonderhede van voorstellinge¹⁾, behalwe dat die stukke nooit genoem word nie. Dit blyk dat *Tot Nut en Vermaak* sy eie „nuwe” skouburg²⁾ pas opgerig het; intekenare en lootjiestrekkery vir loges (ook 1817) is aan die orde van die dag; die geselskap geniet die patronasie van goewerneur SOMERSET; van 7 Augustus³⁾ tot 1 Desember (op verskillende dae) word byna om die 14 dae gespeel; ag voorstellinge word altesaam gegee. Uit alles blyk dat *Tot Nut en Vermaak* ’n grondige reorganisasie moes ondergaan het en fluks aan die arbeid wees. Met weinige onderbrekinge bly *Tot Nut en Vermaak* van nou af deurspeel tot 1839. Daarna herleef dit ook ’n tydlang. Gelukkig verbeter die geselskap verder aansienlik in die bekendmaak van sy bedrywighede.

In 1818 — ’n welige bloeijaar — word alle voorstellinge volledig aangekondig. Met die „Engelsche Komodie”⁴⁾ beheers *Tot Nut en Vermaak* die baan: die Engelse in die Afrikaanse Skouburg, *Tot Nut en Vermaak* in sy eie.

Die voorstellinge bly meestal om die 14 dae. Die seisoen open op Saterdag 2 Mei⁵⁾ met: *Het Geweeten*, Burgerlike Trs. in 5 Bed. van IFFLAND (vertaal deur STEENBERGEN VAN GOOR). Vir die populariteit van die voorstellinge pleit die feit dat buiteliere, wat selfs meer as ’n uur van Kaapstad woon, aanwesig is⁶⁾.

Hierna volg — gewoonlik Saterdags — op

- 23 Mei:⁷⁾ *De Broeders op den Toets*, Tsp. in 3 Bed., deur PELLETIER VOLMÉRANGES (vertaal deur v. D. VIJVER); *Het Misverstand, of Elk is een Dief in zyn Neering*, Ks. met sang, in 1 Bed. (vertaal deur v. D. VIJVER.)
- 6 Junie:⁸⁾ *De Lauwerkranen (The Laurel Garland!)*, of *Het Gezag der Wetten*, Tsp. (Comedy) in 5 Bed. deur F. J. W. ZIEGLER. By hierdie geleentheid het ’n hele herrie ontstaan deur ’n heer wat sonder biljet tot die opvoering ingedring het⁹⁾, en nogal van die gehoor aan sy kant kry!
- 18 Julie:¹⁰⁾ *De Bevrediging* Tsp. (Play) in 5 Bed., deur A. J. VON GUTTENBERG, met die byvoeging dat alleen intekenare toegelaat word, ’n uitvloeisel natuurlik van die gebeurtenis by die vorige voorstelling.

¹⁾ Sien bls. 161. ²⁾ K. C. 26 Jul. ’17.

³⁾ K. C. 2 Aug. ’17. ⁴⁾ Sien bls. 151 e. v.

⁶⁾ Sien bls. 163.

⁸⁾ K. C. 30 Mei, 6 Jan. ’18.

¹⁰⁾ K. C. 11 Jul. ’18.

⁵⁾ K. C. 25 Apr., 2 Mei ’18.

⁷⁾ K. C. 16, 23 Mei ’18.

⁹⁾ Sien bls. 168.

- 15 Augustus: 1) *De Gebroeders* ('n vertaling van KOTZEBUE of uit die Engels van YOUNG), Tsp. in 5 Bed. (Twee konserte vind hierna in September in *Tot Nut en Vermaak* plaas 2)).
- 12 September: 3) *De Jonge Filosoof, of De Grilligheden van de Fortuin* (TRÉOGATE), Tsp. in 5 Bed.; *De Spraaklooze* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 1 Bed.
- 10 Oktober: 4) *Dienstpligt*, Tsp. in 5 Bed. deur A. W. IFFLAND, vertaal deur ENGELMAN; *Het Hoogste Lot* (HAGEMEISTER, vertaal deur HORDIJK VERSTOLK), Bs. in 1 Bed.
- 5 November (Donderdag) 5): *De Kwade Luim* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).
- 2 Desember (Woensdag) 6): *De Goedhartige Losbol* 7), Bs. (Comedy); *De Deserteur* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Kl. Bs. (farce).

Dit was die laaste (en neënde) „vertooning” van die jaar; wat dus vry laat geduur het, tot in die somer. Groot stukke neem die vernaamste plek in, ofskoon die ligte soort nie verwaarloos word nie. IFFLAND veral geniet die voorkeur. Toneelspele is mees algemeen in trek.

Tenspyte van die oënskynlike kragtige en gesonde lewe aan die dag gelê was daar „something rotten” in die toestand van *Tot Nut en Vermaak*. Miskien het die dodelike venyn van tweespalt voortgekom uit die onaangename gebeurtenis van 6 Junie. Die deurspeel na die seisoen tot in Desember van kennelik populêre stukkies, wys in die rigting van geldelike nood. Dit verbaas ons dus nie om onder 20 Februarie 1819 8) die volgende berig te vind nie:

„De Sequester is voornemens op publieke Vendutie by Executie te doen verkoopen als: — Voor reekening van J. C. GIE 9) een party Decoratien, Banken en Kledingstukken, behoord hebbende tot 't Komediehuis *Tot Nut en Vermaak*.”

Exit dus *Tot Nut en Vermaak* — tot hy in 1822 weer in die Afrikaanse Skouburg (aanvanklik) sy verskyning maak.

3. Men Doet Wat Men Kan.

Intussen duik in 1819 'n paddestoelgeselskap, onder goedkeuring en patronasie van die Goewerneur, op: „Het Hollandsch Toneellievend Gezelschap, spelende uit een weldadig oogmerk,

1) K. C. 8, 15 Aug. '18. 2) K. C. 29 Aug. '18.

3) K. C. 5, 12 Sept. '18. 4) K. C. 3 Okt. '18. 5) K. C. 31 Okt. '18.

6) K. C. 21, 28 Nov. '18. 7) Vertaling vir: *Leichtsinn und gutes Herz* deur F. G. Hagemann? 8) K. C.

9) Sekr.? van *T. N. en V.*; sien bls. 158.

onder de zinspreuk: *Men doet wat men kan* — titel van 'n bekende blyspel¹⁾ —, wat baie naar 'n verklede *Tot Nut en Vermaak* lyk. Die soort stukke wat hy speel, organisasie ens. is — aanvanklik tenminste — vrywel presies dieselfde; selfs die Sekretaris daarvan, J. C. GIE, was vroeër Sekretaris van *Tot Nut en Vermaak*. Miskien was dit die muiters van *Tot Nut en Vermaak*; miskien ook 'n poging om alle Hollandse spelers in één geselskap te bring: die reste van *Tot Nut en Vermaak* en *Honi*. Sekerlik was daar 'n *Honi*-element in en diè vier teen die end van die seisoen die botoon. Immers BONIFACE self is daarby²⁾.

Vir „Eerste Representatie” word aangekondig op Saterdag 5 Junie³⁾: *Menschenhaat en Berouw (The Stranger)* Trs. in 5 Bed., van KOTZEBUE (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), en *Uilenspiegel* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Ks. in 1 Bed. Die berig word dadelik verbeter met die mededeling⁴⁾ dat *Menschenhaat* ens., 'n toneelspel is, en dat die intekenlys lê by die heer J. C. Gie, nie by die heer WENTZEL nie. Ten slotte word die voorstelling uitgestel tot Saterdag 12 Junie⁵⁾.

Op Saterdag 10 Julie⁶⁾ volg: *De Dochter van Pharao*, Bs. in 1 Bed., naar die Hoogduits van KOTZEBUE (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), en *Montoni, of Het Kasteel van Udolpho*, Trs. in 5 Bed. uit die Frans van DUVAL (vertaal deur BRUGGEMANS). „Met nieuwe Decoratiën, kleeding, Muziek enz.”

Hierby word gesê: „Het zal misschien niet onnoodig zyn onze geëerde Intekenaren hier eenige regels ten opzichte van dit laatste stuk by te voegen. Het is getrokken uit een welbekende Engelsche roman door de geestige Miss ANN RADCLIFF geschreven, onder den Tytel van *The Mysteries of Udolpho*. Het stuk op zichzelf is van een gansch zonderlingen en hier nog onbekenden trant, heeft op eene der eerste Schouwburgen van Europa een algemeen en buitengewoon succes gehad, en tegelykertyd de roem gemaakt van DUVAL (de Schryver) en BAPTISTE (de Tooneelspeelder), die de rol van Montonie vervulde. Het zou ons zeker onmogelyk geweest zyn, de vertooning van zulk een stuk hier te durven wagen, als het Engelsch Amateurs Gezelschap zoo vele verbeteringen aan het Tooneel des Afrikaanschen Schouwburgs niet hadden gemaakt⁷⁾; en zoo onze liefhebbers niet ooreengekomen waren om op hunne eigen kosten voor hunne costuums te zorgen — eene kleine opoffering die gewis by onze verstandige Intekenaren zal gelden; en die, onzen

1) Sien bls. 140.

2) Sien bls. 136.

3) K. C. 5 Jun. '19.

4) K. C. 22 Mei '19.

5) K. C. 3 Jul. '19.

6) K. C. 29 Mei '19.

7) Sien bls. 160.

goeden wil aanduidende, zeker tot eene versooning zal strekken, wanneer onze pogingen niet geheel en al onze wederzydsche verwachting beantwoorden)".

Intussen was die grote KOTZEBUE deur sluipmoord gevel en die slag van sy val is tot aan die Kaap gehoor. Onder 24 Julie 1812 verskyn in die *Kaapsche Courant* 'n uitvoerige verslag van die hele gebeurtenis.

Op Saterdag 7 Augustus¹⁾ word opgevoer: *De Speler*, Tsp. in 5 Bed. „uit 't Hoogduitsch van A. W. IFFLAND, (waarin de rol van *Carel* door een kind van 7 jaren zal worden vervuld)", en *De Belagchelyke Juffers*, Ks. in 1 Bed., (vertaal deur BOUBERG WILSON) vry gevolg naar *Les Précieuses Ridicules* van MOLIÈRE. Die toneelstukke *Abellino, de onechte Zoon* (nie *De Grootte Bandiet*, deur ZSCHOKKE nie?), en *Gustavus, of De Zweedsche Mynwerkers* (LAMARTÉLIÈRE) word te leen gevra.

Merkwaardig in hierdie voorstelling is die eerste verskyning van so 'n jong kind in 'n afsonderlike rol²⁾.

Onder 28 Augustus³⁾ word berig dat met die oog op die „thans naby zynde Zomer Saisoen" alleen twee voorstellinge nog sal plaasvind, waarvan die laaste 'n ballet is. Die *Honi*-karakter, met sy voorliefde vir dans, musiek en sensasies, begin kennelik voor die dag kom.

Vir Saterdag 18 September⁴⁾ word *Komplimenten en Wind*, Bs. in 4 Bed. uit die Hoogduits van BRETZNER, aangekondig. Weëns siekte van een van die hoofpersone word dit vervang deur 'n herhaling van *Montoni*, op 25 September⁵⁾, daar die stuk „in 't algemeen schynt zeer wel te hebben voldaan, ... met nieuwe Muziek, Dressen (sic!) en Decoratiën enz., en waarin ditmaal een nieuwe Dans *La Sabotière* genaamd, is geïntroduceerd geworden, die met yzere schoenen door een Liefhebber, zal worden gedansd"⁶⁾. *Montoni* was dus 'n sukses, alhoewel nie oorweldigend nie; die Liefhebber met yster skoene het in 1815 vir *Honi* opgetree⁷⁾, wat 'n verdere bewys is dat vroeëre lede van *Honi* tot die geselskap behoort⁸⁾.

Groter in sy onmiddellike sukses as *Montoni* was die voorstelling van Saterdag 16 Oktober met: *Men doet wat men kan en niet wat men wil* (DORVIGNY, vertaal deur OGELWIGHT Jr.), waarin weer „een amateur in 9 verschillende karakters" voorkom, soos in 1815⁹⁾ by *Honi*. Verder volg *Dago, of De*

1) K. C. 31 Jul. '19.

2) Sien bls. 128, 129 e. v. Jeugtoneel.

3) K. C. '19.

4) K. C. 11 Sept. '19.

5) K. C. 18 Sept. '19.

6) K. C. 25 Sept. '19.

7) Sien bls. 140.

8) Sien bls 134.

9) Sien bls. 140.

Spaansche Bedelaars (CUVELIER), Tsp., Ballet in 3 Bed., met nuwe kleding, dekorasies, musiek ens. Wat laasgenoemde betref: „By gebrek aan de egte Muziek tot dit stuk, is men verplicht geweest eene nieuwe te componeeren, dierhalven is Mons. CESAR, Kapelmeester der Bende (sic!) van Z.M. 54 Regiment de Componist van de Ballet Muziek, zoowel als de heer BONIFACE van die, wat de Guitarre en de zang in 't algemeen, betreft.

De veranderingen in dit stuk gemaakt, en buiten welke hetzelfde op het Afrikaansche Toneel niet kan vertoond worden, zyn ook door den laatstgenoemden Heer bewerkt.

N.B. Tusschen de Bedryven zal door 't orchest een *English Favorite Air* worden gespeeld, met verscheidene Variatiën, door Monsr. CESAR. Dis 'n tiepiese Boniface-opvoering: musiek, sang en dans, en volop romantiek.

Vir die eerste keer bekend word die Engelse militêre musiekkorps by 'n Hollandse opvoering betrek. Dit sal nog dikwels die geval wees.

Die voorstelling het sukses gehad; 'n sukses wat die „onderwyser” BONIFACE ten goede sal gekom het ¹⁾ en tot die aankondiging van 'n weeropvoering op Woensdag 1 Desember lei. Maar die vrede onder die Hollandse liefhebbers is weer kort van duur — BONIFACE is daarby —, en so verneem ons ²⁾ dat die geselskap „door de onverwachte en ontydige weigering van twee van deszelfs Amateurs om hunne eigene rollen te vervullen in 't stuk *Dago, of De Spaansche Bedelaars*, is genoodzaakt geworden, om de vertoning van hetzelfde uitstellen tot op a.s. Maandag den 6den dezer.

Om de schade enigszins te vergoeden welke 't ontberen der talenten van genoemde Amateurs aan 't stuk zal doen lyden, heeft de Directeur van het Ballet goed gevonden om de Dans door nieuwe Figuren te verlengen en te versieren”. Met sulke innerlike verdeeldheid is dit geen wonder dat wat *Men doet* betref, dit „die laaste sien van die blikkantien” was nie.

¹⁾ K. C. 30 Okt. '19. Die volgende selfbespottende, kwasi-beskeie „Notificatie: Een zekere (zins eenigen tyd) uit de mode geraakte Onderwyser, thans voorzien van een nuwe en goede voorraad van geduld, biedt de Liefhebbers der Hollandsche en Fransche talen, zyne geringe dienste weders aan.

Hy rammelt ook zoo wat op de Spaansche Guitarre, en schryft (zoo niet zeer gaauw) ten minsten zeer duidelyk en net Muziek af; en is zelfs op dit oogenblik met een oud en bekend Fransch Lied *Revenons en à nous (nos?) moutons* met variatiën bezig. Hy is wyders zoo bereid om van zyn vernuft zoo veel voordeel mogelyk te trekken, dat hy zelfs Danslessen zou geven, ware hy slegs in staat een ordentlike *Rigaudon* te maken.

Dit kind des Ongelukks woond thans by den Hr. F. Grondeler, Langestraat No. 33, en is genaamd Boniface”.

²⁾ K. C. 4 Des. '19.

4. Honi Soit Qui Mal Y Pense.

Dit is die ander groot geselskap wat hom naas *Tot Nut en Vermaak* aan die Kaap ontplooi. BONIFACE was toneelmeester. Die spreuk sal gewees het om moontlike krietisie by voorbaat te ontwapen. Immers die spelers was liefhebbers. Dit heet trouens sarkasties dat hulle:

“With *Honi soit qui mal y pense*
Sometimes get through a vile romance” ¹⁾).

Sedert sy vermelding in 1809 in verband met die Franse geselskap verneem ons regstreeks niks van BONIFACE nie. Dat hy aan die jeugvoorstelling daarna sou deelgeneem het is m.i. hoogs onwaarskynlik. Hy sou sekerlik gesorg het dat hy vermeld word. Miskien het hy dit in die eerste fase van populariteit as taalmeester ens. te druk gehad om veel tyd vir ander dinge oor te hou ²⁾. Maar dan in 1813 kom hy meteens weer op die voorgrond en met oorspronklike werk. Hierdie tydperk tot 1815 moet aangesien word as die voorbereidende vir *Honi*, wat eers sedert dan bestaan.

Vir Saterdag 11 September ³⁾ word aangekondig dat „Met approbatie van Zyne Exc. den Gouverneur . . . en beskerming van Lady THEODOSIA CRADOCK, een gezelschap bestaande uit liefhebbers, meestal inboorlingen (Natives) dezer Volksplanting en wier goede smaak en geschiktheid 't geachte publiek reeds blyken heeft ontvangen; is voornemens . . . onder toeverzigt van Messrs. LEMMING en BERTRAND te geven een nieuw *Ballet Pantomine* in 3 Bedryven genaamd *Het Beleg en het Nemen van Troyen*, door Mr. C. B., waarvan het Muziek door Mr. LEMMING en de dans door Mr. BERTRAND zal gedirigeerd worden.

N.B. Uit aanmerking der locale hindernissen terwyl het Muziek zoowel op 't tooneel als in 't Orcest grootendeels door liefhebbers moet uitgevoerd worden, maakt men staat op de toegeeflikheid van 't verstandig en redelyk publiek.”

Nederiger en vleiender kan dit beswaarlik. As opvolgers van die here musiek- en dansmeesters RIAUX, MEURANT en AGRON skyn die here LEMMING ('n ou bekende reeds uit 1805 ⁴⁾) en BERTRAND ('n nuweling) op te tree — vir persoonlike voordeel natuurlik ⁵⁾. BONIFACE lewer die teks, wel die eerste oorspronklike pantomiem in Suid-Afrika, en BONIFACE se tweede oorspronklike werk. Hierby moet ek voeg dat die Engelse kort tevore 'n groot pantomiemsukses gehad het. Hierdie stuk sal BONIFACE ongetwyfeld tot voorbeeld gestrek het ⁶⁾.

¹⁾ Laidler, *Annals ens.*, bls. 26.

³⁾ *K. C.* 21 Aug., 4 Sept. '13.

⁵⁾ *Int. Lys ens.* berus by Lemming.

²⁾ Sien bls. 136, vtn. ¹⁾.

⁴⁾ Sien Bylae IV.

⁶⁾ Sien bls. 144.

Die vermelding van die meeste spelers as „inboorlingen dezer Volksplanting” sal die voortsetting beteken van die Franse en Hollandse „Inboorlingen” toneel uit 1809—'11¹⁾. Die uitheemse leiding is duidelik.

Soveel beroepstalent naas soveel beskeidenheid: geen wonder dat die voorstelling 'n sukses was nie! Die „Afrikaansche Liefhebbery Gezelschap”²⁾ (soos dit by die geleentheid heet), herhaal dit, na 'n uitstel teneinde die Goewerneur en vrou in staat te stel om die voorstelling by te woon. Dit vind plaas³⁾ op Saterdag 9 Oktober, met „verscheidene byvoegingen en veranderingen . . .

N.B. Een kort uitlegging der Pantomime zal in 't Hollands en Engels onder de aanschouwers verdeeld worden”, wat met die oog op die klassieke inhoud nodig sal gewees het.

Die jaar 1814 was waarskynlik verdeel tusschen *T. N. en V.* en die Engelse; in 1815 begin eintlik die groot rol van BONIFACE in die Kaapse toneellewe, en van *Honi*, as sy geselskap, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit is nie dat hulle reeds in 1814 opgevoer het⁴⁾.

Die jaar begin (?)⁵⁾ weer met 'n werk van BONIFACE. Op Donderdag 22 Junie⁶⁾ sal die Ballet *Sapho* (BONIFACE) vertoon word. Die lootjies is by BONIFACE self te kry. Dit wys op 'n persoonlike voorstelling. Hy verwag blykbaar soveel mense dat selfs „staanplaatsen” beskikbaar gestel word⁷⁾. Die geselskap speel in die Afrikaanse Skouburg, en ongetwyfeld sal die groot sukses van die Engelse ballet *Don Juan* in 1814, vir BONIFACE tot navolging aangespoor het⁸⁾.

In 'n volgende berig⁹⁾ word alles veel uitvoeriger gesê. Die naam van die geselskap word vir die eerste keer vermeld.

„Het Nederduitsch Genootschap spelende onder de zinspreuk: *Honi soit qui mal y pense*¹⁰⁾, . . . onder de goedkeuring en bescherming van Zyne Excellentie Lord CHARLES HENRY SOMERSEST” ens. kondig aan vir Saterdag 1 Julie „de eerste vertooning van het Tooneelstuk *Sapho*, Groot Ballet in 3 Bedryven, gemengd met Zamenspraken, Zang en Dans, Vertaald door P. C. SCHONEGEVEL¹¹⁾, uit het Fransch van den Heer BONIFACE. Waarvan de Muziek gecomponeerd door den Heer LEMMING, en den Dans door den Heer PETERSEN ontworpen is”. Daar werk goeie kragte aan: LEMMING, die bekendste

1) Sien bls. 127, 128, 129.

2) *K. C.* 25 Sept., 9 Okt. '13.

3) *K. C.* 2 Okt. '13.

4) Sien Vtn. 6)

5) Sien vtn. 6)

6) *K. C.* 10 Jun. '15 „Van heden af zullen de Intekening Lysten niet meer rond gezonden worden”. Sou die uitdrukking op voorafgaande voorstellinge van dieselfde jaar of die vorige slaan?

7) Sien bls. 139.

8) Sien bls. 145.

9) *K. C.* 28 Jun. '15.

10) Sien bls. 137.

11) Bekende Kaapse naam, vermoedelik 'n leerling van Boniface.

musik; PETERSEN, die pionier op gebied van balletkuns¹⁾; en BONIFACE, „beroemde” dramaturg²⁾. Desniettemin voel hul gedronge om by te voeg:

„N.B. Het Gezelschap slechts uit Liefhebbers bestaande, zoowel wat het Tooneel als het Orchest betreft, hoopt op de toegevenheid der Aanschouwers te mogen kunnen rekenen”.

Op versoek vind die ballet tenslotte op Dinsdag 4 Julie plaas³⁾. Dit ondervind, soos ons kan verwag, ’n weeropvoering wat op Saterdag 29 Julie⁴⁾ plaasvind „met nieuwe en talryke Tooneelsieraden”⁵⁾, voorafgegaan deur *De verhinderde Dans-party, of Het orchest onder den tafel* (BARRÉ en OURRY, vertaal deur v. RAY), Opera (Klugtig Zangspel)⁶⁾ in een Bedryf, met de echte Musiek; Versierd met Byvoegingen voor de Forte Piano door den Heer LEMMING”. Of alle versieringe... ook verbeteringe sal gewees het?

’n Intekening volg vir ’n reeks van „drie Representatien, waarby gepraat word van „Het Hollandsch Toneellievend Gezelschap” sonder meer (vermoedelik die enigste in die veld⁶⁾), en waarvan die eerste op Saterdag 2 September⁷⁾ sal plaasvind met: *De Lauwerkran, of Het Gezag der Wetten*, Tsp. in 3 Bed., uit die Hoogduits van ZIEGLER, en *De Belachelyke Zelfmoord* (MARTAINVILLE), Bs. in 1 Bed. uit die Frans. Die beheer van plekke is presies soos tevore⁸⁾, d.w.s. BONIFACE bly in beheer. Deur die „ongesteldheid van een der Amateurs (wordt) de Hollandsche Komodie” uitgestel tot Maandag 4 September⁹⁾.

Hierop volg:

26 September¹⁰⁾ (Dinsdag): *Eerzucht en Behoeft, of De Huwelyksscheiding uit Liefde*, Tsp. in 3 Bed., uit die Frans naar PATRAT; en *De Wanhoop van Jocrisse* (DORVIGNY, vertaal deur OGELWIGHT JR.)¹¹⁾, Ks. in 2 Bed., naar die Frans.

28 Oktober (Saterdag¹²⁾): *De Struikro(o)vers van Kalabrien, of De Onveilige Wildernis*, Tsp. in 3 Bed. uit die Frans van LOAISEL TRÉOGATE (vertaal deur ENGELMAN), „gemengd met Dansen en Gevegten, en waarin twee goede Schermers uit liefhebbery en tot plaisier van het Gezelschap, een aanval met malkander zullen hebben, en een nieuwe militaire Dans, zamengesteld door J. L. PETERSEN, Met geheel nieuwe Schermen en Kleding”¹³⁾; en *Jocrisse in eenen Nieuwen Dienst*¹⁴⁾ (DORVIGNY), Ks. in 2 Bed.

Spektakel is daar genoeg! Dis bowendien die eerste

1) Sien bls. 68.

2) Sien bls. 122.

3) K. C. 28 Jan. ’15.

4) K. C. 15, 22, 29 Jul. ’15.

5) K. C. 22 Jul. ’15.

6) Sien bls. 131.

7) K. C. 26 Aug. ’15.

8) Sien bls. 138.

9) K. C. 2 Sept. ’15.

10) K. C. 23 Sept. ’15.

11) Vgl. bls. 122.

12) K. C. 21, 28 Okt. ’15.

13) K. C. 28 Okt. ’15.

14) Sien vtn. 11).

vermelding, vir sover bekend tenminste, van stukke soos *De Struikroovers* en *Jocrisse*, wat lank populêr bly.

De Struikroovers geniet begrypelykerwyse 'n weeropvoering. Op Saterdag 11 November ¹⁾ volg dit in 'n ekstra laaste voorstelling van die jaar, „met diverse nuwe bygevoegde Dansen, Gevegten, waaronder een nuwe soort van Hornpipe, ²⁾ genaamd Matelote Angloise, welke met yzere Schoenen ³⁾ zal gedansd worden enz. Voorafgegaan door eene vermakelyke Inleiding in drie Taalen, genaamd *Jean-Pierre-Diogenes, of L'Orateur dans un Tonneau*, Met een nuwe klugtspeel genaamd *Men doet wat men kan, niet wat men wil* (DORVIGNY), Hetwelk alleen door twee Heeren zal worden gespeeld, waarvan een in negen onderscheiden Rollen zal verskynen”.

In 'n verdere wysiging ⁴⁾ van die berig, verneem ons dat *Men doet* ens. aan *De Struikroovers* voorafgaan; *Jean-Pierre* ens. heet „een Epiloge in drie Taalen, Fransch, Engelsch en Hollandsch. . . . Dit zal door een zeker zwart Heer gesproken worden, die voormaals een der voornaamste Acteurs in het Koninkryk Acte was”.

Verskeidenhede — en nuwighede — is weer volop: 'n nuwe horrelpyp; *Men doet* as die eerste transformasiestuk aan die Kaap; die eerste optrede van 'n neger op die toneel. (Ek meen dat die Koninkryk Acte in Madagascar was).

Men doet was nie nuut vir die Kaap nie; in 1806 het die Franse geselskap dit gespeel ⁵⁾. Maar die herlewing moes ingeslaan het. In 1819 ⁶⁾ bestaan selfs 'n geselskap wat heet *Men doet wat men kan* ⁷⁾.

Tot 1823 vind ons verder geen regstreekse vermelding van *Honi* nie. Miskien het *T. N. en V.* dit verdring, moontlik reeds in 1816, hoogs waarskynlik gedurende 1817—18 ⁸⁾. In 1819 vorm *Honi* ongetwyfeld 'n deel van *Men doet* ⁹⁾. Uit die eerste koeranteberig in 1823 ¹⁰⁾ kan mens weer aflei dat die geselskap reeds voor die jaar bestaan het. Direk sal blyk dat tot 1821 gespeel word, maar die vraag is deur wie? Die ligte aard van die stukke sluit *T. N. en V.* vrywel uit ¹¹⁾. Die beste bewys miskien dat Boniface met hierdie toneel te doen het, is die feit dat alles in tweedrag eindig. Die opvoeringe word nie in die koerante geadverteer nie. Dit sal vermoedelik toe te skrywe wees aan die feit dat die geselskap beide geslote en sonder konkurrensie was in hierdie jare. Sedert 1819 het die Engelse toneel ingeslaap.

¹⁾ *K. C.* 4, 11 Nov. '15.

²⁾ *T. a. p.*, bls. 86. Die Engelse was die eerste daarmee. ³⁾ *Sien* bls. 135.

⁴⁾ *K. C.* 11 Nov. '15. ⁵⁾ *Sien* bls. 92. ⁶⁾ *Sien* bls. 133

⁷⁾ *Sien* bls. 133. ⁸⁾ *Sien* bls. 132 e. v. ⁹⁾ *Sien* bls. 133 e. v.

¹⁰⁾ *Sien* bls. 275.

¹¹⁾ *Vgl.* bls. 172.

BIRD deel mee ¹⁾ (1822):

„The play-house is a favourite place of amusement and there exists a considerable degree of theatrical talent. The Cape-Dutch have not as yet been able to support a regular theatre with a company of actors; but until this season, a sufficiency of amateur performers was always to be found. There was a convenient play-house in St. John's-Street (die ou *T. N. en V.*? — F. B.) ²⁾ where farces (petite pieces) in Dutch were acted once a fortnight. No money was received at the door, but the subscribers gave tickets liberally to the English who were inclined to attend. This theatre has the advantage of actresses, for some of the Cape-Dutch young ladies have talents for the stage. It is understood that this agreeable little theatre was abandoned, in consequence of private disagreements, which in the paucity of places of amusements is much to be regretted. The only objection to it might perhaps be, that some of the pieces were rather too broad for English manners”.

Vir die leersame vergelyking verwys ek naar 'n ander aanhaling uit 1820 ³⁾, waarin die *Hollandse* bevolking, deur hul beweerde gebrek aan verfynde smaak vir dramatiese voorstellinge verantwoordelik gestel word. . . . vir die *Engelse* toneelneestorting, in hierdie tyd!

§ 3. Engelse Toneel (Garnisoen).

As die Engelse, die garnisoen, in 1811 weer begin speel, gaan hul presies op die ou voet voort. Ligte stukke (met heel veel herhaling van populêre) word opgevoer in die Afrikaanse Skouburg.

Sedert hulle laaste optree in die begin van 1809 het meer as twee jaar verby gegaan sonder speel. Vir die res ⁴⁾ van 1809 kon hulle uitgeput gewees het of kan die bloei van die Franse toneel en die weeropkoms van *T. N. en V.* hulle verdring het. Maar die vernaamste rede sal waarskynlik die vertrek van sommige ou kragte — hul word nie meer genoem nie — en gebrek aan nuwe gewees het. Seker sal dit die vernaamste gewees het in 1810. In die jaar word enkel 'n viertal „jeugvoorstellinge” in die tweede helfte daarvan gegee. Die skouburg het so weinig aftrek dat die eienaars selfs van verkoop ⁵⁾ praat! Bals en konserte sal geen oorsaak gewees het nie want die is nie veelvuldiger as gewoonlik nie ⁶⁾. Of sou die geval in 1810 van dr. HALLORAN, die valse predikant, wat baie opskudding weëns laster, selfs teen die hoogste

¹⁾ *State ens.*, 1822. By a C. S., bls. 166.

²⁾ Sien bls. 132—133.

³⁾ Sien bls. 156.

⁴⁾ Sien bls. 77.

⁵⁾ Sien bls. 159.

⁶⁾ Sien Bylaes III en IV.

magshebbers, veroorsaak het, die gemoedere so gaande maak het, dat hul aan toneel nie dink nie ¹⁾.

In 1811 kom weer roering in die watere. „De Afrikaansche Schouwburg, thans ingehuurd tot het vertoonen van Engelsche Schouwspelen eens in de veertien dagen”, sal op Saterdag 8 Junie, onder goedkeuring van die Goewerneur geopen word met: *The Citizen* (MURPHY) Bs., en *All the World's a Stage* (JACKMAN), Ks., — twee oubekendes. Per slot van rekening word „De Comedie” tot 15 Junie uitgestel ²⁾.

Die volgende voorstelling van ³⁾ *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), Bs., met 'n herhaling van *The Citizen*, vind eweneens eers plaas op Woensdag 10 Julie, na 'n uitstel van 29 Junie — dis 'n interessante mededeling — „uit hoofde van het Heilige Avondmaal” op Sondag 7 Julie ⁴⁾, natuurlik van die Nederduits Hervormde Kerk. Dus selfs ag dae voor H. Avondmaal is te kort! Sou die uitstel met voorbereidingsdienste saamgehang het? Dit sal nog meer gebeur en pleit vir die deelname van Hollandssprekendes aan die Engelse voorstelling ⁵⁾.

Tot dusver was die voorstelling openbaar. Geen intekening het vooraf plaasgevind nie. Maar die onkoste blyk te groot om op die manier voort te gaan ⁶⁾ — miskien het die ondersteuning ook kort gekom — en intekening vir loges en parterre op 'n reeks van vyf „vertoningen” word voorgestel. Die plan verval onmiddellik weer, om onbekendes redes, en alles bly op die ou voet. Maar miskien het dit die publiek wakker maak.

Die eersvolgende voorstelling vind plaas op Saterdag 27 Julie ⁷⁾ met: *Lovers' Vows* (KOTZEBUE) Bs., en *Raising The Wind* (KENNEY), Ks., — weer 'n oubekende. Lt.-Kol. DENNIS en Lt. PRESCOTT, K. H. — teken hulself as “Directeuren”. Dit is 'n novum, en laat dink aan invloed van bals en wedrenne. Die ondertekening gebeur ook by die volgende voorstelling. By gebrek aan ander vermelding bewys hierdie name dat ons met die garnisoen te doen het.

Die verdere voorstelling vind plaas — Saterdags — op 17 Augustus ⁸⁾: *The Rivals* (SHERIDAN), Bs.; *The Mock Doctor or The Dumb Lady Cur'd* (FIELDING), Ks.

31 Augustus ⁹⁾: *The Honey Moon* (TOBIN), Bs.; *High Life Below Stairs* (TOWNLEY), Ks.

21 September ¹⁰⁾: *The Honey Moon* (die herhaling wys op sukses), en *The Review, or The Wags of Windsor* (COLMAN Jr.).

¹⁾ Theal 1795—1834, bls. 149. ²⁾ K. C. 8 Jun. '11.

³⁾ K. C. 22 Jun. '11. ⁴⁾ K. C. 29 Jun. '11. ⁵⁾ Sien bls. 151.

⁶⁾ K. C. 13 Jul. '11. Alleen die inteknare sou dan in loges en parterre toegelaat word. ⁷⁾ K. C. 20, 27 Jul. '11. ⁸⁾ K. C. 10 Aug. '11.

⁹⁾ K. C. 24, 31 Aug. 11. ¹⁰⁾ K. C. 14, 21 Sept. '11.

Begin 1812, op 18 Januarie ¹⁾ word laasgenoemde herhaal; ook *John Bull, or An Englishman's Fireside* (COLMAN Jr.), Bs., word gespeel.

In 1812 volg 'n voortsetting op dieselfde voet. Direkteure heet nou — by die eerste twee voorstellinge — lt. HANSEN, A. B. G., en lt. PRESCOTT, Kon. Art. Laasgenoemde bly homself dus vir die Engelse toneel beywer. Daar word opgevoer — op Maandags i. p. v. Saterdag — in die Afrikaanse Skouburg, „geëngageerd voor vertoonen van Engelsche Comedien” ('n nuwe vertaling!) vir die seisoen op

- 6 Julie ²⁾: *Speed the Plough* (TH. MORTON), Bs.; *The Irishman in London* (WM. MACREADY).
- 20 Julie ³⁾: *A Cure for the Heart Ache* (TH. MORTON), Bs.; *The Few and the Doctor* ⁴⁾ (DIBDIN), Ks.
- 3 Augustus ⁵⁾: *The Poor Gentleman* (COLMAN Jr.), Bs.; *The Lock and Key* (PRINCE HOARE), Ks.
- 17 Augustus ⁶⁾: *Lovers' Vows* (KOTZEBUE), Bs., en „Een muzikaal klugtspel. N. B. Alle vorderingen op de Schouwburg moeten terstond ingezonden worden by Brigade Major ELLIS, Kortemarktstraat”. Hierdie voorstelling word onvermydelik uitgestel ⁷⁾.
- 7 September ⁸⁾: *The Poor Gentleman* (COLMAN Jr.), Bs. (herhaling); *The Waterman, or The First of August* (DIBDIN), Ks.
- 12 Oktober ⁹⁾: *The Birth Day* (O'KEEFE), Bs., in 3 Bed.; *Silvester Daggerwood* (COLMAN Jr.), tussenspel; *The Apprentice* (MURPHY), Ks., „zynde de laatste Comedie voor dit Saisoen”.

Daar sou oorspronklik alleen „Zes-avonden” gespeel word. Op Maandag 26 Oktober ¹⁰⁾ vind egter 'n laaste ekstra voorstelling plaas. „Op byzonder verzoek” word *Speed the Plough* (TH. MORTON), Bs., en „een Muzikaal Klugtspel” opgevoer.

Onmiddellik hierop word „De Schouwburg voor dit Saisoen onvermydelik gesloten”. Die rede sal die pokkies-epidemie gewees het, hoewel toe eintlik reeds verby ¹¹⁾.

Vanaf 1813 staan die Engelse toneel 'n paar jaar lang in die teken van sekere heer CUERTON. Voorstellinge vind plaas onder sy „Directie” in die Afrikaanse Skouburg.

Die heer CUERTON was naar alle waarskynlikheid 'n gewese toneelkunstenaar, om te oordeel naar die sang- en speelbekwaam-

1) K. C. 11 Jan. '12. 2) K. C. 27 Jan. '12. 3) K. C. 11 Jul. '12.

4) Volgens Laidler, *Annals ens.*, bls. 24, 'n geliefkoosde stuk in „all periods of stress”. Hierdie jaar het pokke geheers.

5) K. C. 1 Aug. '12. 6) K. C. 8 Aug. '12. 7) K. C. 15 Aug. '12.

8) K. C. 5 Sept. '12. 9) K. C. 3, 10 Okt. '12. 10) K. C. 17, 24 Okt. '12.

11) sien bls. 131. Theal 1795-1834, bls. 161; Campbell, *Travels ens.*, bls. 4. „The small-pox coming... the theatre and shops (were) all shut up”.

hede wat hy aan die dag lê (soos tevore in Engeland, sê hy) ¹⁾. Miskien was hy sang- en dansleraar aan die Kaap. Natuurlik tree hy op in samewerking met die garnisoensgeselskap.

Die jaar begin met 'n „Militair Concert en eene *Harlequin Pantomime* onder 't bestuur van Mr. CUERTON, zynde tot voordeel der Weduwen en Wezen van de Troupes in dit Garnisoen" op Donderdag 17 Junie ²⁾. Die liefdadigheid is alweer op die voorgrond om die publiek vir toneel warm te kry. Die heer CUERTON, Lelystraat 8 ³⁾, gee die lootjies uit ens.

Die pantomiem was 'n groot sukses. Dit word op Saterdag 17 Julie ⁴⁾ „op byzonder verzoek" herhaal, met *The Village Lawyer* (Mrs. MACREADY) daarby. Met CUERTON begin hier — dis in elk geval die eerste vermelding wat ek vind — die gewoonte om, apart van die goedkeuring van die Goewerneur, die beskerming in te win van sy vrou, soos allank die geval by konserte en bals was. Eers later word die beskerming van deelnemers self gevra. Die gewoonte word ook dadelik algemeen onder die Hollandse geselskappe ⁵⁾. In hierdie tyd heet dit gevolglik: „Onder beskerming (patronagie) van Lady THEODOSIA CRADOCK".

Op Saterdag 14 Augustus ⁶⁾ volg 'n verkorting van *King Richard the Third*; die derde keer waarin SHAKESPEARE homself aan die Kaap bekend maak ⁷⁾, maar hierdie keer in 'n ernstige stuk. Vir 'n derde maal word op besondere versoek, die pantomiem, met dans en sang, gegee.

The Heir at Law (COLMAN Jr.), Bs., en *The Mayor of Garratt* (FOOTE), Ks., word op Saterdag 28 Augustus ⁸⁾ gespeel. CUERTON se direksie word nie genoem nie. Ook die lootjies is elders te kry ⁹⁾. Vermoedelik het ons met 'n afsonderlike voorstelling te doen.

Hierna beheers die pantomiem van BONIFACE die Kaapse tooneel 'n paar maande lang ¹⁰⁾. Ongetwyfeld kan ons CUERTON as sy voorbeeld aansien. Laasgenoemde kom eers op Saterdag 23 Oktober ¹¹⁾ met *The Village Lawyer* (Mrs. MACREADY), en die Pantomiem van *Robinson Crusoe, or Harlequin Friday* (SHERIDAN), „waarin op byzonder verlangen ingevoerd zal worden de aangename zang van de *Minzieke Snyder* door Mr. CUERTON, ook een verbazende proef van kragt en een nieuwe dans op kruiken". Ook van CUERTON?

Natuurlik het die pantomiem sukses gehad. Dit word op Saterdag 6 November ¹²⁾ herhaal, tesame met „een nieuwe Dans genaamd *The Sailor and His Bottle*, en op byzonder verzoek zal Mr. CUERTON diverse Volks-Arias fluiten zulke als hy in 5 Schouwburgen in Londen gedaan heeft" ¹³⁾.

1) Sien bls. 144—145. 2) *K. C.* 12 Jun. '13. 3) *K. C.* 10 Jul '13. 4) Sien vtn. 3.

5) Sien bls. 137. 6) *K. C.* 7 Aug. '13. 7) Sien bls. 77.

8) *K. C.* 21 Aug. '13. 9) Sien Tabel D. 10) Sien bls. 137.

11) *K. C.* 16 Okt. '13. 12) *K. C.* 30 Okt. '13. 13) Sien bls. 143—144.

Met CUERTON en BONIFACE het ons hier by uitstek met 'n pantomiem-jaar te doen. In die oorspronklike werk van BONIFACE bereik dit, in sekere sin, 'n hoogtepunt. Tot op sekere hoogte is die stukke ook kensketsend vir Hollandse en Engelse smaak: geleerd-klassiek, teenoor populêr-romantiek; *Troje* teenoor *Robinson Crusoe*; artistieke medewerking van professionele kragte teenoor variété van 'n toneelkunstenaar. Natuurlik bewerk die heer CUERTON sy pantomiem-goudmyn verder. Op Saterdag 16 April 1814¹⁾ word opgevoer: „Het groote ballet *Don Juan, or The Libertine Destroyed* (SHADWELL). Met een Pantomime, genaamd de *Three Witches, or Harlequin Reanimated*”. Daar volg op Vrydag 10 Junie: ²⁾ *Whistle for It, or The Banditti Destroyed* (LAMBE), nuwe toneelstuk in 2 Bed., en „een Harlequinsche Pantomime met nieuwe kleding en Decoratien”. Die sukses is weer so groot dat op besondere versoek altwee stukke op Dinsdag 28 Junie ³⁾ herhaal word „verzeld met een nieuwe dans”.

Op 13 Augustus⁴⁾ word *Don Juan* herhaal met 'n nuwe dans, en „op byzonder versoek een Pantomime Klugtspel, Harlequin Mr. ARNOT, Hansworst Mr. CUERTON”, opgevoer. Mr. ARNOT is blykbaar ook 'n gesiene speler in komiese rolle. Mnr. CUERTON set dus in hierdie jaar sy suksesse voort, o.a. met sy ballet. Sonder twyfel het dit weer invloed uitgeoefen op BONIFACE in sy Ballet *Sapho* in 1815⁵⁾. Origens speel die Engelse betreklik weinig. Miskien was die gespeelde voorstelling van *T.N. en V.* in hierdie jaar ⁶⁾, naas die konserte van LEMMING⁷⁾, die oorsake hiervan.

In 1815 word weer druk gespeel. Eintlik val die jaar in twee gedeeltes: die eerste helfte van halwe beroepstoneel, die tweede van suiwer liefhebberytoneel.

Op 11 Maart 1815⁸⁾ word aangekondig dat met permissie ens. „zal Mr. CUERTON de Schouwburg doen openen voor 7 avonden, gedurende het aanstaande winter Saisoen”, na uitvoering van die volledige reparasies⁹⁾. „Hy heeft alles gedaan wat in zyn vermogen was, om zoowel Dames als Heeren te engageren, waarover hy zich vleyt, dat hun best zullen doen om voldoening te geven.

Gedurende dit Saisoen zullen gespeeld worden diverse Dramatike Stukken, eenige daarvan zyn nog nooit op dit Toneel vertoond en op ieder avond zullen vertoond worden Harlequinades of Ballet Pantomimes, nieuwe Danssen enz., enz.” CUERTON kom dus voor die dag as beroepspeler. Ook die intekenlys vir al sewe voorstellinge bly by hom, Bergstraat 8.

1) K. C. 7 Apr. '14.

2) K. C. 4 Jun. '14.

3) K. C. 18 Jun. '14.

4) K. C. 13 Aug. '14.

5) Sien bls. 138.

6) Sien bls. 131.

7) Sien Bylae IV; K. C. 11 Jul. '14 e. v.

8) K. C. 9) Sien bls. 159.

Hy probeer om ander kragte by te huur, vermoedelik onder dilettante. Vir die tweede¹⁾ keer word damesspelers by die Engelse toneel vermeld. Pantomiems bly op die voorgrond. Tog sal CUERTON maar min sukses hê.

Die reeks begin op Vrydag 7 April²⁾ met *John Bull* (COLMAN Jr.), Bs., en die „Harlequin Pantomime van *Oud tot Jong Gemaald* (ground), of *De Krommesprongen van Harlequin*”, met nuwe Kleding en Decoratien”. Daar volg op Saterdag 6 Mei³⁾: *De Wil voor de Daad* (DIBDIN), „een nieuw stuk nog nooit hier vertoond” — ongetwyfeld iets ongewoons vir die Engelse toneel! — en dieselfde pantomiem as voorheen, „met vele byvoegingen”. Die heer CUERTON sal op versoek sing *De Minzieke Snyder*, wat pleit vir die populariteit daarvan. Dit is al meermale gesing.

Vir Saterdag 27 Mei⁴⁾ word aangekondig: *The Padlock* (BICKERSTAFFE) Ks. in 2 Bed. — ook 'n oubekende —, waarby „Het Zingen zal vergezeld gaan met Muziek door Liefhebbers; na hetzelfde wordt het Ballet gegeven *The Shipwreck*” (BRANDES), waarskynlik dieselfde as die van die jong Hollandse liefhebbers in 1810⁵⁾.

Tot dusver skyn die heer CUERTON met sy reeks te gekom het, maar nie verder nie. Hy verdwyn van die Kaapse toneel, maar vermoedelik nie sonder om een (of die enigste) dame van sy geselskap in moeilike geldelike omstandighede agter te gelaat het nie. Hoe moet ons anders die volgende advertensie, naar stukke en taal onteenseggelik van Engelse spelers, verklaar?

Vir opvoering in die Afrikaanse Skouburg op Saterdag 22 Julie⁸⁾ word aangekondig:

„Tot voordeel van Jufvrou DELAMORE . . . door een Societeit van Liefhebbers, en voor die avond alleen, een Comedie in drie Bedryven genaamd *De Bergbewoonders* (*The Mountaineers*⁹⁾ (COLMAN) met de origineele Gezangen en Muziek; Gevolgd door een Komieke Pantomime met nuwe Scenes, Kledings en Versiersels, alles onder het bestuur van eender Societeit, genaamd *Matrozen aan de Wal, of Bedrog op Bedrog*”. Jufvrou DELAMORE en die heer LAING verkoop lootjies.

Die pantomiem word egter vervang¹⁰⁾ deur „het lagchende (sic!) Klugtspel, genaamd *Fortuins Vrolykheid*” (*Fortune's Frolic*)¹¹⁾ (ALLINGHAM).

'n Benefiese vir “Jufvrou” DELAMORE deur haar gewese medespelers: wat is aanneemliker?

1) Sien bls. 75.

2) K. C. 1 Apr. '15.

3) K. C. 29 Apr. '15.

4) K. C. 20 Mei '15.

5) Sien bls. 130.

6) Die gewone ligte soort.

7) Kennelik 'n vertaling uit die Engels.

8) K. C. 15 Jul. '15.

9) Laidler, *Annals ens.*, bls. 27. Sien bls. 150.

10) K. C. 22 Jul. '15.

11) Sien bls. 154.

Intussen vier *Honi* hoogty met *Sapho*¹⁾ ens. Maar die Engelse liefhebberytoneel roer hul weer spoedig in die tweede helfte van 1815. Onder die gebruiklike sanksie en (nou ook)²⁾ patronasie van die Goewerneur, word vir Saterdag 19 Augustus³⁾ aangekondig: *John Bull or The Englishman's Fireside* (COLMAN Jr.), en *The Anatomist* (RAVENSCROFT), Ks. „De rollen (zyn) door een Gezelschap Heeren die voornemens zyn, om de Inkomsten van het Huis aan liefdadige oogmerken te begunstigen. Indien het voornemen met goed gevolg zal vergezeld gaan, is het Gezelschap van mening om voortestellen verdere stukken van Volks Liefde, met geheele nieuwe Scenes en Decoratien, vertrouwende terwyl hun voornaamste oogmerk Liefdadigheid is, zy de ondersteuning van 't Publiek zullen genieten. Het Fonds spruitende uit de Vertooningen, zal geplaatst worden voor de Uitgaaf, in handen van eene Commissie van Heeren, wier namen in de aanstaande Kourant geplaatst zullen worden”. Die aangehaalde verklaar ook die keuse van *John Bull* as eerste stuk . . . om Engelse volksliefde te wek.

Ook by die Hollandsprekendes? Immers lord CHARLES SOMERSET is goewerneur, en sy politiek is doelbewuste verengelsing. Terselfdertyd kan die verklaring 'n uitvloeisel wees van die patriotiese gevoel gewek deur die Napoleoniese oorlog, miskien die „Honderd Dae”.

Per slot van rekening kom so heel veel nuwe stukke nie voor die dag nie. Vir Saterdag 9 September⁴⁾ word aangekondig — voortaan gebeur dit onder opskrif „Engelsche Komodie(n) (English Theatricals)” —: *Speed the Plough* (MORTON), en *The Prize, or 2,5,3,8*, (PRINCE HOARE) „met geheele nieuwe Schermen en Decoratien . . . (en) toevallige Gezangen”⁵⁾.

Eers word die voorstelling uitgestel tot 11 September⁶⁾, dan tot Saterdag 23 September. „De Schouwburg (is) noodzaakelyk voor een tyd gesloten”. Dit was ongetwyfeld as bewys van eerbied by die dood van lady SOMERSET op 11 September⁷⁾

Op Saterdag 7 Oktober sou plaasvind⁸⁾: *Folly as it Flies* (REYNOLDS), en *No Song No Supper* (PRINCE HOARE), musikale Ks., maar dit word uitgestel tot 14 Oktober⁹⁾. Die rede hiervoor blyk uit die volgende¹⁰⁾: „De Bestierders geven in aanmerking, dat de Liefhebbers opgekomen zyn om te spelen met een tweeledig vooruitzicht — om iets by te brengen tot vermeerdering van *publieke vermaak* en, om een Fonds opterigten ter uitreiking van *liefdadigheid*.”

1) Sien bls. 138 e. v. 2) *K. C.* 12, 19 Aug. '15. 3) Sien vtn. 1)

4) *K. C.* 28 Aug., 2 Sept. '15. 5) *K. C.* 16, 23 Sept. '15.

6) *K. C.* 9 Sept. '15. 7) *Theal* 1795—1834, bls. 177.

8) *K. C.* 30 Apr. '15. 9) *K. C.* 7, 14 Okt. '15. 10) *K. C.* 14 Okt. '15.

Voor 't eerst hebben zy, aan hare zyde, geene onkosten of moeite gespaard; wat het tweede betreft, vertrouwen zy op de gewillige ondersteuning van het publiek. Zy zyn genoodzaakt deze aanmerking te maken, wyl zy in de laatste Vertoning opgemerkt hebben, dat vele Personen in het Huis zyn gekomen, zonder aan de Deur betaald, noch Entré Lootjes bekomen te hebben”.

Sonder die prikkels van liefdadigheid en „Hier is noch zweet, noch geld gespaard!” skyn die Kaapse publiek maar moeilik warm te hou! Dan nog doen hulle alle moeite vir gratis toegang! Mettertyd verbeter die toestand egter.

'n Stukkie egte kermistoneel, 'n alleenstaande geval, vind by die sportvergadering in Simonstad op 23 Oktober 1815 ¹⁾ plaas. „Een groote Kwakzalvers Toneelspel (Grand Mountebank Scene)” word vermeld.

Die Engelse Komedie volg „tot Voordeel van een Weeskind” op Saterdag 4 November ²⁾ met: *Wild Oats* (O' KEEFFE), “met eene toepaslyke Aanspraak, geschreven door den Heer THOMAS SHERIDAN ³⁾”. (Nie te verwar met die grote RICHARD nie!) Vir 'n uitsondering het ons weer 'n stukkie oorspronklike werk op die Engelse toneel.

Daar is „Een Vermaak Spel” op die program. Selfs staande plase in die „Boxen” is verkrybaar ⁴⁾. Klaarblyklik word 'n groot gehoor verwag.

Die verwagting word nie teleurgestel nie. „De edelmoedige onderstand” van die publiek het 511 Rds. ”zynde het zuiver bedragen dier avond” aan die Wees, 'n regimentskind, besorg ⁵⁾.

Die „vyfde en laatste Vertooning in dit Saisoen” op Saterdag 18 November ⁶⁾ bestaan uit: *Raising the Wind* (KENNEY) en *The Mock Doctor* ⁷⁾ (FIELDING), i.p.v. die eers aangekondigde *The Devil to Pay* (COFFEY) „met gezangen”.

Tenslotte word 'n ekstra - voorstelling, met patronasie van beide Goewerneur en Lt.-Goewerneur, aangekondig „zoodra als de Intekening Lyst vol is, ... (van) het zeer beroemd en pragtig Toneelstuk, genaamd *The Castle Spectre* (LEWIS). Met nieuwe Schermen, Kleding en Decoratien. Tot voordeel van de Waterloo Intekening. Daar de onkosten zeer groot zullen zyn om bovengem. Toneelstuk op te voeren, zal men het zelve twee Avonden vertoonen, met een verskillend Klugtspel, teneinde de zuivere Inkomst van een Avond tot het Waterloo Fonds kan besteed worden ⁸⁾”.

1) K. C. 21 Okt. '15. 2) K. C. 28 Okt., 4 Nov. '15.

3) Sien bls. 150. Sy dood. 4) Sien bls. 138 5) K. C. 23 Des. '15.

6) K. C. 4, 11 Nov. '15. 7) K. C. 18 Nov. '15. 8) K. C. 25 Nov. '15

Die Waterloofonds¹⁾ was natuurlik „ter ondersteuning en voordeel der Families van de Dappere Krygshelden van het Britsche Leger, welken onder den Doorluchtigen Generaal WELLINGTON in de beroemde overwinning te Waterloo en in... den tegenwoordigen Veldtocht gesneuveld en gewond zyn”.

Daar moes hard aan die stuk gewerk wees. Tog het dit betreklik langzaam met die voorbereidinge gevorder. Op 23 Desember²⁾ kan die geselskap berig, dat die opvoering begin Januarie kan verwag word. Die intekenlyste is nog nie volteken nie.

Die opvoering word vervolgens vasgestel vir Saterdag 13 Januarie 1816³⁾, maar vind tenslotte op 20 Januarie⁴⁾ plaas. Dit kom deur „eene onverwagte omstandigheid”, blykbaar „uit hoofde der onlangs gearriveerde schepen (waarvoor) de Intekenings Lyst opengehouden word tot 3 uren hedenmiddag in beide Societeiten”. Klugspel is *The Village Lawyer* (Mrs. MACREADY).

Die tweede voorstelling het Saterdag 3 Februarie⁵⁾ plaasgevind „met bygevoegde Decoratien”. Kennisgewing geskied, dat alle vorderinge op die geselskap so spoedig moontlik by H. MURRAY, Kerkstraat, moet ingestuur word⁶⁾.

Dis begryplik dat die geselskap na hierdie kragtoer enig-sins uitgeput was. Hierby was die jaar ryk aan konserte van die heer LEMMING⁷⁾, en die Skouburg blykbaar nie in te goeie toestand nie. Reparasies word onderneem⁸⁾; in Oktober veral sal hierdie werksaamhede hulleself laat voel. Dit word duidelik waarom die jaar verder maer is.

Op Saterdag 20 April⁹⁾ word opgevoer: *The Poor Gentleman* (COLMAN Jr.), Bs., en *Raising the Wind* (KENNEY), Ks.

Dan kom 'n lang tussenpoos. Op Saterdag 17 Augustus¹⁰⁾ word *The Castle Spectre* (LEWIS) herhaal.

Eweneens, Saterdags, volg op 14 September¹¹⁾: *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), Bs., en *Sy(i)lvester Daggerwood* (COLMAN Jr.) Ks.; op 2 November¹²⁾: *A Cure for the Heartache* (Th. MORTON), Bs. Dit vind plaas na 'n uitstel van 26 Oktober¹³⁾. 'n Onge-noemde naspel word weggelaat „wegens de lange komedie en 't late Seizoen”. Rede van die uitstel was, dat „De Schou-burg verscheidene Reparatione ondergaan (had)”¹⁴⁾. Des te begrypliker word egter dat die voorstelling plaasvind „met nieuwe Scenen en Decoratien”.

1) Op 20 Apr. '16 (K. C.) het die Fonds 10,792 Rds. bedra — 'n groot som.

2) K. C. '15.

3) K. C. 6 Jan. '16.

4) K. C. 13 Jan. '16.

5) K. C. 27 Jan., 3 Febr. '16.

6) K. C. 3 Febr. '16.

7) Sien Bylae IV.

8) Sien bls. 159.

9) K. C. 13, 20 Apr. '16.

10) K. C. 10, 17 Aug. '16.

11) K. C. 7, 14 Sept. '16.

12) K. C. 12, 19 Okt. (2 Advv.)

13) K. C. 12 Okt. '16,

14) K. C. 2 Nov. '16.

In 1817 gaan alles op die ou trant voort, behalwe dat die jaar met SHAKESPEARE geopen word. Ongeveer maandeliks — Saterdag — word opgevoer; 'n verbetering dus in aantal op 1816. Die vermaakkuns bloei kennelik hierdie jaar; veel konserte word gegee ¹⁾ en *Tot Nut en Vermaak* betoon veel bedrywigheid ²⁾.

Op 5 Julie ³⁾ word gespeel: *The Merchant of Venice*, Trs. van SHAKESPEARE, „De rol van Shylock door Capt. CARTER, de beroemde Liefhebbery Treurspeeler”. Verder volg *Barnaby Rattle* (BETTERTON), Ks.

Op 19 Julie ⁴⁾ volg: *Laugh When You Can* (REYNOLDS), Bs., *The Adopted Child* (BIRCH), Ks. Vir 16 Augustus ⁵⁾ word aangekondig: *Folly as it Flies* (REYNOLDS), Bs., en op besondere versoek *The Adopted Child* (BIRCH) in herhaling. Hierdie voorstelling het „geen voortgang nie”; in plaas daarvan word op 30 Augustus ⁶⁾ opgevoer: *The Mountaineers* (COLMAN) ⁷⁾, „Toneelstuk”, en *The Anatomist* (RAVENSCROFT) ⁸⁾, Ks. Blykbaar het die voorstelling van 16 Augustus deurgeval weëns gebrek aan ondersteuning. Die geselskap vind dit weer nodig om daarop te wys ⁹⁾ „dat hunne mening om te spelen is en blyft, om in zekere graad iets toe te dragen tot de vermeerdering van het publieke vermaak en ook tot publieke liefdadigheid”, vir sover daar 'n „overige Fonds” oorbly, „vertrouwende deswegens eene meer uitgebreide gunst te ontmoeten.”

Die „meer uitgebreide gunst” skyn nie agterweë te gebly het nie. Reeds vir die voorstelling op 30 Augustus word vroeë aansoek aangeraai ¹⁰⁾.

Vir 13 September ¹¹⁾ word 'n herhaling van *The Mountaineers* (COLMAN) berig. Dit moes dus sukses gehad het. „De rol van Octavian door Capt. CARTER”. Ook *The Adopted Child* (BIRCH) ¹²⁾ sal herhaal word. „Tusschen de twee stukken zullen er beroemde Arias gezongen worden.”

„Uit hoofde van het smertelyk afsterven van Capt. THOMAS SHERIDAN als een behoorlyk bewys van agting aan den Overledenen” word die komedie tot 20 September ¹³⁾ uitgestel. Met die verdienstelikheid van die heer SHERIDAN as lid van die geselskap het ons reeds kennisgemaak ¹⁴⁾.

As laaste voorstelling word aangekondig: *Laugh When You Can* (REYNOLDS), en *The Turnpike Gate* (KNIGHT), Musi-

1) K. C. 25 Jan. '17 e. v. 2) Sien bls. 131 e. v. 3) K. C. 28 Jun. '17.
 4) K. C. 12 Jul. '17. 5) K. C. 9 Aug. '17. 6) K. C. 16 Aug. '17.
 7) Sien bls. 146. 8) K. C. 23 Aug. '17. 9) K. C. 16 Aug. '17.
 10) K. C. 23 Aug. '17. 11) K. C. 6 Sept. '17. 12) K. C. 20 Sept. '17.
 13) K. C. 13 Sep., '17. 14) Sien bls. 148.

kale Ks. 1). Ook 2) hier vind 'n uitstel van 4 tot 11 Oktober 3) plaas: "To morrow being Sacrament Sunday" "The proceeds of the night will be appropriated to the use of the Free School". Op besondere versoek word *The Mayor of Garratt* (FOOTE) as klugspel opgevoer 4).

Een van die vernaamste jare in die geskiedenis van die Engelse toneel van 1800—1855 word die volgende: 1818. 'n Samesmelting van 'n paar beroepskrigte met die liefhebbers word oorsaak van 'n seldsame bloei. Met *Tot Nut en Vermaak* in volle fleur word dit origens 'n uitstaande jaar, tenminste wat die aantal opvoeringe betref, in besonder van die Engelse toneel, op gebied van die Kaapse toneel as geheel.

Die jaar is verder merkwaardig vir die verskyning van die eerste koerantekritieke aan die Kaap, alhoewel alleen twee keer, oor Engelse voorstellinge, en meer per ongeluk as iets anders.

Onder patronasie van lord CHARLES SOMERSET kondig die Engelse liefhebbergeselskap (Amateur Company) aan dat "assisted by a Gentleman and three Ladies from the Theatre Royal Liverpool," hulle op Saterdag 24 Januarie 5) sal opvoer *The Honey Moon* (TOBIN), Bs., en *The Devil To Pay* (COFFEY), Ks.

Hierdie voorstelling gee aanleiding tot die eerste bewuste krietiese verslag van 'n opvoering aan die Kaap. Dit verdien hierom al om volledig aangehaal te word. Die peil van die kritiek is lofwaardig.

Onder "African Theatre" verneem ons 6): "The admirers of the Drama must have been highly gratified with the performances which took place last Saturday Evening at this Theatre. The admirable exertions of the Performers from Liverpool, who have unsolicited (onuitgenoodigd) come forward to amuse (te verlustigen) the town during their short stay here, drew from every individual in the house, the most rapturous (verrukkende) applause. Indeed we have seldom witnessed, even in England, more just discrimination (billyke onderscheiding), more chaste and natural acting, (zedige en natuurlyke uitvoering), than was displayed by Mr. and Mrs. (Hr. en Jufvr.) COOKE and Miss WILLIAMS throughout their arduous Characters in *The Honey Moon* — Although the image (afbeeldzel) of our lamented Comic Actress (Klugt-Actrice) Mrs. JORDAN, must ever dwell with delight upon the recollection of those who have beheld her extraordinary powers, particularly in her favorite Character

1) K. C. 27 Sept. '17.

2) Sien bls. 142.

3) K. C. 4 Okt. '17.

4) K. C. 11 Okt. '17.

5) K. C. 17, 24 Jan. '18.

6) K. C. 31 Jan. '18. Tot vergelyking gee ek die Hollandse vertaling van sommige woorde en uitdrukkinge by. Dit pleit nie vir die vertaler nie!

of 'Nell' in the Afterpiece of *The Devil to Pay*, yet we may without fear of contradiction, assert, that in this Colony at least, the plebeian humor (humeur der lage klasse) of that Part, was never so truly and faithfully portrayed (afgeschetst) as it was by Mrs. COOKE on Saturday Evening.

The Gentlemen Amateurs, who assisted (especially one whose Name it would be superfluous to mention), to whom we are indebted for our occasional Theatrical Amusements (tydverkortingen), seemed to vie with each other in their efforts to please, and the burst of approbation (uitgalming der goedkeuring), which followed the announcement of a second Performance, sufficiently attested the satisfaction of the audience, and warrants the general expectation that the House will prove 'a bumper' (opgepropt) this evening"; d.w.s. op datum van die verslag. Die voorstelling geniet dus een en al lof en prys. Die name van die beroepspelers blyk te wees die heer en mev. COOKE en mej. WILLIAMS; mev. BROUGH was waarskynlik 'n ander ¹⁾. Mev. COOKE skitter in die komiese rol.

Die uitbundige sukses van die geselskap word voorgesit. Reeds by die volgende voorstelling op Saterdag 31 Januarie ²⁾ word die bak as loges ingerig, "the whole of the boxes being already engaged". Die stukke bestaan uit: *Lovers' Vows* (KOTZEBUE), en *No Song, No Supper* (PRINCE HOARE).

Die kritiek hieroor lui (die mening oor KOTZEBUE kan ons vrywel deel, as volg: ³⁾)

"We have never been partial to the German Dramatic Muse, although it may possibly be 'an article well calculated for Home Consumption'. Those principals (sic! - F. B.) of Moral Conduct, which have ever distinguished the little corner of Europe from whence we derive our Birthrights, cannot sanction (however flowery the Language, or universal the celebrity, of the Author) the glaring improprieties (uitstekende ongerymdheden), in that sense of most of the German Writers for the Stage, particularly KOTZEBUE.

Lovers' Vows (*De Onegte Zoon*) however, if ill suited to the dignity of these sentiments, is tolerably well adapted for the display of Scenic Effect; and it is with a peculiar degree of pleasure (vermaak), we have again to notice, the uncommon proofs of genuine excellence which distinguished the leading Performers in that Piece on Saturday last, particularly in the concluding and most interesting scene, where the illegitimate Son is restored to an yielding and repentant Father, and the unfortunate Deceived receives the reward due to her long sufferings and sorrows."

1) K. C. 31 Okt. '18. 2) K. C. 31 Jan. '18. 3) K. C. 7 Feb. '18.

Wat betref die spelers "who have so much tended to brighten the dull uniformity of our pastime, by their splendid abilities", mnr. COOKE was "*Frederick* exactly as the author designed him"; mej. WILLIAMS as *Agatha Friburg* het bewys "that Tragedy is her forte"; maar as "the innocent, the unassuming, the captivating *Amelia*" was die uitbeelding van "simplicity" deur mev. COOKE onoortroffe, soos "the unbounded plaudits of an overflowing and discerning Audience" ook getoon het.

"The Entertainment of *No Song, No Supper* (PRINCE HOARE), at best but a trifling production, was performed with considerable humor, and the *Airs* were delightfully sung by Mrs. COOKE in the Character of *Margrietta*".

Die bestuur word geprys vir hul "judicious arrangements" in verband met plekke in die bak, waardeur meer besoekers geriefliker gesit het as die vorige keer. Die krietikus hoop, dat 'n soortgelike reëling vir daardie aand (d.w.s. vir die voorstelling van 7 Februarie) getref sal word.

Dit gebeur en daar word ten gehore gebring: ¹⁾ *Speed the Plough* (TH. MORTON) Bs., en *The Spoiled Child* (BICKERSTAFFE), Ks.

Die Skouburg het verbeteringe en versorging nodig gehad. Van buite word dit gereeld deur die eienaars onderhou ²⁾. Van binne moes die spelers dit self in orde bring. Hulle het dit grondig gedoen. Ook *Men Doet Wat Men Kan* sal daar voordeel van trek ³⁾.

Ons verneem: "N.B. The Amateur Company having been at considerable expense in making alterations and Improvements to the Stage, the full Receipts of this night's Performance will be applied towards defraying the Charges incurred" ⁴⁾.

Hierdie voorstelling was op Saterdag 28 Maart. Die stukke was: *John Bull, or An Englishman's Fireside* (COLMAN), Bs., en *Bombastes Furioso* (RHODES), "Satyrike Klugspel (Burlesque Entertainment)".

Op versoek volg — vermoedelik op Saterdag 11 April ⁵⁾ — die ou gunsteling *The Honey Moon, or How to rule a Wife* (TOBIN), Bs.; daarna 'n "Comiek Lied (comic song)" en *The Weathercock* (FORREST), Ks.

Die heer COOKE en dames het oorspronklik "unsolicited" naar vore gekom en waarskynlik kosteloos gespeel, vermoedelik om die kat so'n bietjie uit die boom te kyk. Hulle het egter besonder in die smaak geval; die Kaap bied blykbaar goeie moontlikhede vir 'n bietjie semi-professionele toneel aan en gevolglik word berig ⁶⁾: "The Committee of Management with a view te contribute to the Amusement

¹⁾ K. C. 7 Feb. '18.

²⁾ Sien bls. 159.

³⁾ Sien bls. 134.

⁴⁾ K. C. 21, 25 Maart '18.

⁵⁾ K. C. 11 Apr '18.

⁶⁾ K. C. 18 Apr. '18.

of the Colony, propose with assistance of Mr. COOKE and Ladies, to get up 12 plays during the ensuing winter; and at the suggestion of several respectable Inhabitants" dink hulle om die loges by intekening te verhuur. Die register lê by die Heer COOKE, en plekke word toegestaan op die beginsel "First come, first serve". Ons kry dus publieke voorstellinge wat die stelsel van die private geselskappe onder die arm neem om van voldoende steun verseker te wees.

- Daar volg — Saterdag — op
- 25 April ¹⁾: *The Will* (REYNOLDS), Bs.; *The Lying Valet* (GARRICK), Ks.
- 16 Mei ²⁾: *She Stoops to Conquer, or The Mistakes of a Night* (*Zy bukt om te overwinnen, of De Misslagen van een avona*) (GOLDSMITH); en *The Poor Soldier* (O'KEEFE), Musikale Ks. — Die voorstelling was uitgestel van 9 Mei, as eerbewys by die dood van die Koloniale Sekretaris, H. ALEXANDER ³⁾.
- 30 Mei ⁴⁾: *Sighs, or The Daughter*, "From *Armuth und Edelstein*, by KOTZEBUE (*Armoede en Grootheid*)"; *Fortune's Frolic* (ALLINGHAM), ⁵⁾ Ks.
- 13 Junie ⁶⁾: *The Road to Ruin* (HOLCROFT), Bs.; *Valentine and Orson* (DIBDIN), Groot Pantomiem met "new Dresses, Decorations, etc." Daar word gevra om 'n eksemplaar van Sheridan's *School for Scandal*.
- 27 Junie ⁷⁾: *The School for Scandal*, Bs., en *Chronon(h)otonthologus* (CAREY). "Burlesque entertainment (Klugtspel)". Die aantal plekke is vermeerder, wat pleit vir die toeloop tot die stukke.
- 11 Julie ⁸⁾: *Wild Oats* (O'KEEFE), Bs., en weer *Valentine and Orson* (DIBDIN), Pantomiem, waarin "A new Solo will be introduced and danced by Mr. E. GAROUTE ⁹⁾, Dancing Master".
- 25 Julie ¹⁰⁾: *The Wandering Boys*, (PIXÉRICOURT), "New Melodrama", in 3 Bed.; *The Mock Doctor* (FIELDING), Ks.
- 8 Augustus ¹¹⁾: *The Tale of Mystery* (HOLCROFT), Melodrama, en *A House to be Sold* (COBB), "Musical Farce".
- 22 Augustus ¹²⁾: *Douglas* (HOME) Trs.; *The Romp* (BICKERSTAFFE), Ks.

1) K. C. 18, 25 Apr. '18. 2) K. C. 2, 9, 16 Mei '18. 3) K. C. 9 Mei '18.

4) K. C. 23, 30 Mei '18. 5) Sien bls. 146. 6) K. C. 6, 13 Jun. '18.

7) K. C. 20, 27 Jun '18. 8) K. C. 4, 11 Jul. '18.

9) Die ou laai! Waarskynlik weer 'n nuwe dansleraar wat wil reklame maak.

10) K. C. 25 Jul. '18. 11) K. C. 8 Aug. '18.

12) K. C. 15, 22 Aug. '18.

5 September¹⁾: *The Birth Day* (O' KEEFE) Bs.; *The Miller and his Men* (POCOCK) Ks., "with new Scenery, Decorations, and Dresses".

19 September²⁾: *Douglas* (HOME), Trs.; *Sy(i)lvester Daggerwood* (COLMAN JR.), Ks. *Douglas* vind plaas op besondere versoek i. p. v. *The Castle Spectre* (LEWIS) wat eers aangekondig was. Blykbaar het die mense al genoeg daarvan gehad. Die voorstelling heet "*last Performance*". Ek vind alleen 11 voorstellinge, tensy 11 April moet bygereken word.

Die reeks was ewenwel afgeloop, want die benefiese-voorstelling begin vir die hoofspelers. By hierdie geleentheid verkoop die spelers self die lootjies, 'n verder bewys dat dit die gewoonte was by persoonlike voorstellinge.

Die eerste voorstelling is "For the Benefit of Mrs. COOKE" op 26 September³⁾ met: *The Wandering Boys* (PIXÉRICOURT) Melodrama; aan die end daarvan "*The Bird Duet* by Mr. and Mrs. COOKE. And two Songs by W. PITT Esq." Waarna *The Miller and His Men* (POCOCK) volg.

'n Voorstelling van 3 Oktober word tot die 10de uitgestel⁴⁾, en opgevoer word *The Battle of Hexham* (COLMAN), en *The Jew and the Doctor* (DIBDIN), Ks. Sou dit die agterstallige voorstelling op die reeks gewees het?

Op 24 Oktober⁵⁾ kry mej. WILLIAMS haar benefiese. Gespeel word: *Othello* (SHAKESPEARE), Trs., (mej. WILLIAMS is tragedienne by uitnemendheid)⁶⁾; en *The Poor Soldier* (O'KEEFE), Mus. Ks. "The character of Jago, in the tragedy, will be attempted by a gentleman lately arrived from India" — 'n "Indian Visitor?"

Vervolgens word berig dat alle vorderinge op die geselskap sedert 24 Januarie l.l. vir skerme, kostuums ens., vóór 31 Oktober moet ingelewer wees⁷⁾. Die end van die geselskap beteken dit nog nie. Op 7 November⁸⁾ word as benefiese vir mev. BROUGH — sonder twyfel die derde dame van die geselskap, en speelster waarskynlik in kleinere rolle — opgevoer: *The Will* (REYNOLDS), Bs., en *Two Strings to your Bow* (CHERRY), Ks.

Uiteindelik volg op 21 November⁷⁾ "the last night of the Season", as benefiese vir die heer COOKE, met *Catherine and Petrucchio* (SHAKESPEARE), Bs., en *Crotchet Lodge* (HURLSTONE), Ks.; ook 'n "Divertisement (Vermaakspel)" *Sandy and Fenny, or Love in a Sack* (GRIFFIN) vind plaas.

Op 28 November⁸⁾ verskyn 'n dankbetuiging van die heer

1) K. C. 9 Aug., 5 Sept. '18. 2) K. C. 12, 19 Sept. '18.

3) K. C. 26 Sept. '18. 4) K. C. 3, 10 Okt. '18. 5) K. C. 17, 24 Okt. '18.

6) sien bls. 153. 7) K. C. 24 Okt. '18. 8) K. C. 31 Okt., 7 Nov. '18.

COOKE en dames — in die gejaagdheid van die laaste voorstelling sê hy het hy geen kans daartoe kon kry nie — vir alle ondersteuning aan die Kaap ondervind. Hy bedank “The Amateur Company for their kind exertions, and the Inhabitants of the Town and its Vicinity for their liberal support”.

Die heer COOKE en dames verdwyn en die Engelse Komedie kom vir drie jare tot stilstand.

Ongetwyfeld sal die vertrek van COOKE en dames 'n groot slag, veral onmiddellik, vir die geselskap gewees het. Maar wat van die oorblywende spelers? En drie jaar lang swyg! Hiervoor moet ander redes bestaan het. Die Kafferoorlog van 1819, wat die aanwesigheid van die meeste troepe aan die front vereis het, kan een wees; en die aankoms van die Britse landverhuisers in 1820, met sy onvermydelike drukte, 'n ander. Die vernaamste rede sal egter die onbevredigende van suiwer diletante- (en here-) opvoeringe, na 'n jaar soos 1818, gewees het.

Enkele persoonlike getuienisse het ons origens wat nie alleen laasgenoemde rede en die stilstand bevestig nie, maar velerlei ander wetenswaardighede meedeel oor toneel.

Eers 'n getuie ¹⁾ — ten opsigte van die Hollandssprekendes seker geen onbevooroordeelde nie — ²⁾ “There is a pretty theatre where amateurs performed; but the actors are dispersed — even theatrical entertainments were too refined an amusement for the Dutch inhabitants of the Cape”.

Om die Hollandse bevolking verantwoordelik te stel vir Engelse mislukkinge is natuurlik dwaasheid ³⁾. Sy beskuldiging is bowendien onwaar, want die Hollandssprekendes het die Engelse toneel ondersteun soos die volgende getuie reeds meedeel. Ergerlik word die verklaring veral waar die Hollandssprekendes soveel opgevoer het, en . . . op 'n hoër peil as die Engelse!

'n Veel betroubaarder getuie is 'n Engelse hoofamptenaar wat jarelank aan die Kaap was ⁴⁾. Hy sê o.a.: “There is a regular built theatre, about the size of those in English country towns, in the Hottentot's-Square. The shares have got into the possession of the English; and English farces, comedies and tragedies were performed, as long as the army was numerous enough to furnish officer-actors. Since the peace, (1815 — F.B.) plays have been occasionally got up, and two actresses on their way to Calcutta, performed for one season. As there remained a sufficiency of tolerable

¹⁾ *Notes on the C. of G. H. etc. in 1820*, Londen, bls. 98.

²⁾ *Sien vtn. 4)*. ³⁾ *Sien vtn. 4)*. ⁴⁾ *State ens.* by a C.S., bls. 106 e. v.

amateur players to perform with them, they were received with deserved applause. The continuance of a theatre was a desirable object, as the Cape Dutch frequented it regularly and it brought them and the English into nearer contact. Of late there has been no performance; for although many actors remain, who can endure a raw-boned fellow of 6 feet high performing the part of Juliet or Lady Teazle? And there are here at present no English females who have confidence enough to tread the boards. Nothing is so disgusting as the public exhibition of a man in petticoats, acting a female part in a love scene. It is not so with the other sex. Curiosity, accompanied by admiration, is gratified at seeing a female of elegant symmetry and form, act with spirit and effect, the part of one of the lords of creation. None of doubtful appearance are admitted to those seats in the theatre, where, by their behaviour, they might put modesty to the blush; nor are the eyes of innocence offended by the affrontery of immodest women, or of men heated by intemperance. If libertinism does prevail in private, the eye and ear are guarded from the public display of indecent conduct”.

Dit is alles baie belangrik want ons leer hieruit o.a. dat mev. COOKE en mej. WILLIAMS ongetwyfeld die aktrieses op weg naar Calcutta moet gewees het; dat die gedurige speel van vrouerolle deur mans verveel het; dat die aard van die gehoor besonder gunstig vergelyk het by die in die vreemde.

§ 4. Die Opvoering¹⁾.

a. Skouburge.

Die Afrikaanse Skouburg bly die vernaamste setel van toneelbeoefening. 'n Eie lokaal het *Tot Nut en Vermaak* van 1817—'18.

Van die Afrikaanse Skouburg verneem ons een en ander. Die grootste sorg word voortdurend hieraan bestee; die Afrikaanse Skouburg bly sy goeie naam handhaaf.

PRIOR noem die binnegebou in 1810 “sufficiently neat”²⁾. In 1815³⁾ word beweer: “Previous to our last conquest of the colony, the Dutch had erected a theatre, but an inelegant and untasteful one” — maar die uitspraak sal ingegee wees deur die feit dat die Hollandssprekendes as oprigters daarvan aangesien word! Ernstiger is die uitspraak (1818) van ARAGO⁴⁾; “The theatre is a little bijou of bad taste and cleanliness”.

Hierteenoor staan die vermelding as 'n “pretty theatre” in 1820⁵⁾: en “regular built” (1822⁶⁾) d. w. s. heeltewel volgens

¹⁾ Vgl. hierby Tabelle C en D. ²⁾ Sien bls. 130 ³⁾ *Sketches of India* ens. bls 218. ⁴⁾ *Narrative* ens., bls. 108. ⁵⁾ Sien bls. 156. ⁶⁾ Sien bls. 156.

die eise van 'n erkende skouburg. Reeds gedurende 1807—'08 het dit geblyk dat die Franse geselskap, d.w.s. die „Hollandse” burgery, 'n eie lokaal het¹⁾. Dit word 1817 voor so iets weer vermeld word. *T. N. en V.* verkry sy eie lokaal.

Die redes²⁾ kan verskeie gewees het: die Hollandssprekendes was in die eerste plek op hulself vir ondersteuning aangewys³⁾ en het dus oor 'n kleiner publiek as die Engelse beskik; die Afrikaanse Skouburg kon as gevolg maklik te groot . . . en te duur vir hul behoeftes gewees het; as liefhebbers was daar 'n goeie organisasie nodig om spelers sowel as gehoor saam te bind; 'n eie lokaal vir repetitiesies ens. was besonder gewens; die sug naar geslotenheid en „onder ons” teenoor onaangename krietiek en onaangename publiek sal gegeld het.

Op 21 Maart 1817⁴⁾ verskyn die volgende berig:

„BENODIGD: — By den opbouw van den nieuwen geprojecteerden Schouwburg in de Tuin Uitvlugt, eenige Handlangers, tegens prompte betaling, 's maandelyks. Adres by W. A. LACABLE, of J. C. GIE.”

Hierdie berig is van groot belang. J. C. GIE is die man van *T. N. en V.* 'n Splinternuwe komediehuis⁵⁾ word gebou, geen pakhuis as sodanig verkleed nie.

Hierdie gebou het ongeveer Julie⁶⁾ klaargekom. In 1818 loop dit mis met *T. N. en V.* Begin 1819 word die hele inrigting van sy „komediehuis” in sekwestrasie verkoop⁷⁾. Vir 'n paar jaar hoor ons nie meer van *T. N. en V.* nie. Maar ongetwyfeld was hierdie gebou dieselfde waarin die Hollandse geselskap van 1820—21⁸⁾ gespeel het.

b. Dekors en Kostuums.

Talryke advertensies met die mededeling dat stukke „met nieuwe Schermen, Decoratien en Costuums”⁹⁾ plaasvind, bewys hoe veel aandag en koste aan dekors en kostuums bestee word. Soos in die vorige periode het die aard van die meeste stukke dit trouens meegebring: sangspele, ballette, pantomiems en romantiese kykstukke soos *Montoni*¹⁰⁾ e. a. Dis duidelik dat die Engelse en BONIFACE in hierdie opsig die meeste werk en moeite sal gehad het.

'n Geskiedenis wat hom herhaal is dat die uitgawes die innames oortref¹¹⁾, so duur was dikwels die toebereidsels.

1) Sien bls. 95.

2) Vgl. bls. 92.

3) Sien bls. 140.

4) *K. C.*

5) Later vermoedelik bekend as die „Liefhebbery Tooneel (Amateur Theatre)”.

6) *K. C.* 26 Jul. 1817.

7) Sien bls. 133.

8) Sien bls. 141.

9) Sien bls. 126, 128, 134, 139, 145 e. v.

10) Sien bls. 134.

11) Sien bls. 142.

c. Bestuur.

In die algemene bestuur van die Afrikaanse Skouburg kom geen verandering nie ¹⁾. Hul handeling weerspieël soms op interessante wyse die lotgevalle van die toneel.

Die jaar 1810 was 'n maer jaar, en vóór Augustus word heeltemal nie gespeel nie. As gevolg — die voorafgaande vet jare het hul blykbaar ontwen — word 'n vergadering van eenaars byeengeroep op 5 Julie ²⁾, om te oorweeg om die Skouburg „aan 't Gouvernement te koop aan te bieden, terwyl er nu sedert geruimen tyd weinig of geen gebruik van denzelven . . . is gemaakt”. By afwesigheid van lede word instemming veronderstel. Hier skyn egter niks van te gekom het nie.

Op 31 Oktober 1812 ³⁾ word die Skouburg onvermydelik vir enkele maande — ongetwyfeld weëns die pokkies — gesluit ⁴⁾.

Of STROMBOM na 1809 Tesourier gebly het, weet ek nie. In 1815 is H. MURRAY dit. Soos voorheen word die rekeninge jaarliks opgemaak en „uitdelingen” — wanneer dit die geval is — uitgekeer. Dit gebeur in 1815 ⁵⁾, vir sover berig, en ook in 1821 ⁶⁾. Van 1818 ⁷⁾ word J. T. BUCK as Tesourier vermeld, en sal dit bly, (tenslotte selfs volle eenaar word), tot die verkoop van die Skouburg in 1839.

Dit lyk of daar taamlik gereeld hand aan die Skouburg gehou word; ofskoon blykbaar alleen onder drang van die bespelers, en soms uit hulle sak. Veral as daar beroeps-elemente by kom, skyn die saak fluks aangepak te word. So berig CUERTON aan die begin van sy professionele onderneming in 1815 dat hy „voornemens (is) om alles te repareren op de meest uitvoerlike en nette manier” ⁸⁾.

In 1816 word reparasies aangebring, maar hierdie keer die eenaars bygehaal. Op 16 Julie ⁹⁾ hou hul 'n vergadering om „de reparatie van het gebouw in overweging te nemen.” Om diè rede word selfs 'n keer nie gespeel nie ¹⁰⁾. Op 2 November ¹¹⁾ kan die gelukkige spelers weer aankondig: „De Schouwborg, verscheidene Reparationen ondergaan hebbende, zal weder open zyn” ens.

Die pakhuse onder die Skouburg word as steeds verhuur ¹²⁾. Die jaar 1818 was 'n baie drukke speeljaar ¹³⁾. Geen wonder dat aannemers gevra word om 'n jaar lang die Skouburg

¹⁾ Vgl. bls. 95.

²⁾ *K. C.* 30 Jun. '10.

³⁾ *K. C.*

⁴⁾ *Sien* bls. 143.

⁵⁾ *K. C.* 20 Apr. '16.

⁶⁾ *K. C.* 13 Okt. '21.

⁷⁾ *K. C.* 7 Maart '18.

⁸⁾ *K. C.* 13 Maart '15; *sien* bls. 145.

⁹⁾ *K. C.* 13 Jul. '16.

¹⁰⁾ *Sien* bls. 149.

¹¹⁾ *K. C.* 2 Nov. '16.

¹²⁾ *K. C.* 16 Nov. '16.

¹³⁾ *Sien* bls. 151.

„in goede reparatie van buiten te houden”¹⁾. Maar vir die verbetering van binne — die toneel self — moes die spelers in eie sak gryp²⁾. Sulke belangrike verbeteringe word aangebring, dat alleen daardeur *Men Doet vir Montoni* (DUVAL) kan opvoer³⁾.

Op 17 Februarie 1821⁴⁾ word vyf aandele van die Skouburg uit die boedel van wyle THOS. WITTENOOM — nog een van die oorspronklike eienaars⁵⁾ — uit die hand te koop aangebied, anders sal dit per veiling geskied. Dit heet hierby: „Het gebouw is in een goede staat van reparatie, en de de ontvangsten van Huur derzelve en Pakhuizen, belopen, op een overslag, gedurende de 4 laatste jaren, op 3000 Rds. 'sjaars” — werklik 'n goeie opbrengs.

Hierdie berig help ons begryp hoe, soos BIRD vertel, die aandele in 1822 in die hande van Engelse gekom het⁶⁾; temeer waar die Hollandssprekendes hulself intussen vir 'n eie skouburg gaan interesseer het⁷⁾.

d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse.

Die indeling van die Afrikaanse Skouburg in balkon (boweloges, soms alleen loges genoem), bak (onderloges, parterre, „pit”), en gaandery (gallery) bly voortbestaan. Soms kom staanplase — by afwisseling in alle dele van die huis — by en skyn selde minder te kos as die gewone plekke⁸⁾. In 1818 verryk die grote toeloop tot die Engelse voorstelling die skouburg met nog ses boweloges⁹⁾, en vermoedelik met 'n portaal (lobby)¹⁰⁾. Ook ander plekke word as loges ingedeel¹¹⁾.

Die indeling van die skouburg van *T. N. en V.* is nie met sekerheid te sê nie. Vermoedelik het dit uit parterre, met loges en gewone plekke bestaan¹²⁾.

Die Engelse voorstelling bly hul meer openbare karakter behou; die Hollandse hul meer geslote. By die Engelse is intekenlyste 'n uitsondering. Dit kom meestal voor as beroepselemente hul verskyning maak en seker van ondersteuning wil wees,¹³⁾ of by 'n liefdadigheidsvoorstelling¹⁴⁾. Bowendien gebeur die intekening in volgorde, sonder lootjies-trekkery¹⁵⁾. By sulke geleenthede het die beroepspelers self

1) *K. C.* 7 Maart '18. 2) Sien bls. 153; *K. C.* 21, 28 Maart '18.

3) Sien bls 134. 4) *K. C.* 5) Sien bls. 63.

6) Sien bls 156. 7) Sien bls. 132.

8) *K. C.* 6 Jul. 1811 (Hier in parterre, en iets goedkoper); 10 Jun. '15: (In parterre en op gallery; dis 'n besondere voorstelling); 4 Nov. '15 (in loges). 9) *K. C.* 27 Jun. '18. 1) *K. C.* 21 Maart '18.

11) *K. C.* 28 Maart '18: Parterre in loges; 27 Jun. '18: opverdeling grotere loges in kleinere. 12) Sien verder.

13) Sien bls. 142, 145.

14) Sien bls. 148.

15) Sien vttn. 13) en 14).

die lyste in hande. Soortgelik is die kontrole van die lootjies by benefiese-voorstelling deur die betrokke persone self ¹⁾).

By die Hollandsspekendes is intekenlyste en lootjies-trekkery op die voorgrond ²⁾). Soms was dit die gewoonte om die intekenlyste rond te stuur ³⁾). Alleen here is lede van die geselskappe. Vir dames en non-lede bestaan dames- en vreemdelingekaartjies ⁴⁾).

T. N. en V. se beriggewing is gedurende 1817—1818 baie volledig. Dit gee een van die duidelikste beelde van die organisasie van 'n liefhebberigeselskap wat ons besit, en verdien dat ek daar in besonderhede by stil staan.

Die „Tooneellievend Gezelschap *Tot Nut en Vermaak*”, berig onder 12 Julie ⁵⁾ 1817 aan die Intekenare „dat Commissarissen (uit de acterende Leden)” op bepaalde dae en ure ⁶⁾ op die Heregrag 31 sal „vaceren om Entré Biljetten” uit te deel. N. J. LEY is Sekretaris.

Op 26 Julie ⁷⁾ word nader berig dat op 'n bepaalde dag en tydstep „de trekking der Loges in de nieuwe Schouwburg zal geschieden. De Leden Dames medebrengeende, worden verzocht zich in vyf te verdelen, op welke dag ook de Dames-Kaartjes zullen worden afgegeven”. LEY teken homself as sekretaris „uit naam van Commissarissen”.

Ons sien dus: die geselskap het werkende („acterende”) en ander lede, wat alleen uit here bestaan; kommissarisse tref alle praktiese reëlinge in verband met die opvoering — vermoedelik by beurte ⁸⁾); die sekretaris handel uit naam van kommissarisse; toegangsbiljette, vermoedelik vir die gewone plekke, word sonder meer aan lede afgegee, maar vir die die loges word lootjies getrek; vir dames word afsonderlike kaartjies uitgereik; die meeste besoekers kom in kleine partytjies.

Die geselskap staan onder patronasie van die Goewerneur ⁹⁾. Om 6 uur word die deure geopen. Om 6.30 vang die voorstelling aan.

Op 16 Augustus ¹⁰⁾ volg die berig: „De Heeren Directeuren adverteren de Heeren Intekenaren, dat op Dingsdag tusschen 10 en 1 uren, de trekking der Boxen, elk in eene

¹⁾ Sien bls. 146, 155.

²⁾ *K. C.* 15 Apr. '09 e. v. (Franse ges.); 6 Jul. '11, 4 Sept. '13 (Jeugvoorstelling); 15 Jul. '09 (*T. N. en V.*); 28 Jun. '15 e. v. (*Honi*); 22 Mei '19 e. v. (*Men Doet*); Vgl. Tabelle C en D.

³⁾ *K. C.* 28 Jun. '15; 22 Mei '19.

⁴⁾ Sien verder *T. N. en V.*; *K. C.* 22 Mei '19 e. v. (*Men Doet*).

⁵⁾ *K. C.*

⁶⁾ Die ure is 10—12 en 3—5; die gewone kantoorure van die tyd.

⁷⁾ *K. C.* 1817.

⁸⁾ Vgl. Wedrenne, Bylae I; Bals, Bylae III.

⁹⁾ *K. C.* 2 Aug. 1817.

¹⁰⁾ *K. C.* 1817.

afgescheidene Bank bestaande, zal plaats hebben. De Heeren worden verzogt hen met elkander, hetzy in 10 voor eene, of 20 voor twee Boxen (de Dames mede gerekend), te willen voegen, zoo zyl. begeren naby elkander Plaatsen te erlangen". By die tweede voorstelling van Donderdag 21 Augustus "worden de Heeren verzogt hunne Diplomas, en voor de Dames derzelve, Kaartjes by de Deur der Zaal aan de Bode af te geven, zullende niemand dan tegens afgave van hetzelfde, met zyne of hare eigene naam beschreven, en door Commissarissen of Toneelmeester getekend, aldaar mogen binnen gelaten worden. By de trekking zal de annonce van de stukken welke zullen vertoond worden, op de Tafel leggen. De Toneelmeester zal op Woensdag den 20, van 10 tot 5 uren (d. w. s. daags tevore) vaceren, tot de uitgaaf van de Dames Kaartjes." 'n Waarskuwing volg teen indringers in die geselskap; iets waaroor al die geselskappe toentertyd te klae het¹⁾ en wat *T. N. en V.* later 'n baie onaangename ervaring besorg.²⁾

Dis duidelik dat die loges van die skouburg uit 'n deel van die parterre, in die vorm van afsonderlike banke met 10 plekke, bestaan. Die besoekers kom in partye, groter as voorheen, en kry een of meer banke vir hulself. Toelating geskied alleen op vertoon van persoonlike diplomas of kaartjies³⁾. Die stukke word by die trekking aangekondig⁴⁾. Die geselskap het 'n toneelmeester wat hul eintlike hoof is. Daar is 'n Direksie (bestuur), wat uit meerdere Direkteure bestaan. Dit sal die algemene liggaam van kontrole gewees het.

Die geslote karakter van die voorstelling kom duidelik uit. Die persoonlike kontrole, die opkoms van die gehoor in partye, bewys die „onder ons” karakter van die geleentheid. Dit is eintlik 'n geselligheidsbyeenkoms van famielies⁵⁾. Hulle vergader tot nut en vermaak op „kunstlievende” grondslag.

Hierdie organisasie duur so voort, behoudens enkele wysiginge en aanvulling. So moet o. a. oordragte van plaasbewyse aan dames bekend gemaak word om verwarring te voorkom⁶⁾. Die trek van lootjies gebeur nie alleen opnuut voor elke voorstelling nie⁷⁾, maar die lede skyn dit self te doen of te mag doen⁸⁾. „De Directie verzoekt dat een ieder der Leden, die by de Trekking adsisteert, zich vooraf zal gelieven in staat te stellen, om de Dames en Heeren die in de door hem getrokkene Box zullen plaats hebben, aan den presenten Directeur op te geven⁹⁾”.

1) Sien bls. 167. 2) Sien bls. 168. 3) Vgl. bls. 169.

4) In 1818 word dit vooraf geadverteer. Sien bls. 132.

5) Vgl. bls. 448. 6) *K. C.* 13 Sept. 1817. 7) *K. C.* 16 Aug. '17 e.v.

8) Vgl. *K. C.* 22 Mei '19. (*Men Doet*). 9) *K. C.* 13 Sept. 1817.

Vir non-lede van die geselskap word voorsiening gemaak in die vorm van vreemdelinge kaartjies. Ekstra dames kaartjies bestaan, vermoedelik vir die dames van vreemdelinge¹⁾.

Buiteliede wat 'n uur van Kaapstad woon word as vreemdelinge aangemerkt sedert 1818²⁾. Verder sal vreemdelinge uit Engelse offisiere, Indiese besoekers e. a. bestaan uit³⁾.

Behoudens sodanige vreemdelinge „wordt het verondersteld dat niemand dan Inteekenaren zullen toegelaten worden”⁴⁾.

Pryse of ledegelde vermeld *T. N. en V.* nie.

Die pryse bly taamlik reëlmatig. Interessant is hoe selfs hier die prysaanduiding van die Hollandssprekendes hul weer geslote, familiare karakter toon, teenoor die meer openbare van die Engelse. Die Hollandssprekendes gee die voorkeur aan 'n berekening per loge van soveel en soveel plekke, die Engelse aan 'n berekening per afsonderlike plek.

Die ou Franse geselskap van 1809 sluit nog aan by die Engelse pryse van die vorige periode en bereken boweloges 1^{1/2}, onderloges 2 en gallery 1 Rd(s) resp. BONIFACE en VILLET het gewoonlik die beheer van die lootjies⁵⁾.

Eienaardig is dat nog steeds die boweloges minder gereken word as die parterreloges. Hiermee hou dit egter op⁶⁾. Die Engelse bereken bak (pit) en balkon (boxes) gewoonlik gelykop; die Hollandssprekendes balkon ([syde]loges) iets meer.

Die ander Franse⁷⁾ wat opvoer en die jeuggeselskappe (Frans en Hollands), 1809—'11, bereken hoër pryse. Gewoonlik reken hulle per (bowe)loge, met ses of ag plekke, verder per afsonderlike plek. Die gewone pryse vir balkon⁸⁾, parterre, gaandery bedra 2^{1/2} — 2^{1/2} — 1^{1/2} Rds. Soms kos parterre 2 Rds.

T. N. en V. in 1809⁹⁾ sluit hom nou by hierdie pryse aan en bereken sydeloges 15 of 18 (vir 6 of 8 plekke), parterreloges 12 (6 plekke), en gaandery 1^{1/2} Rds. resp.

BONIFACE in 1813 vra vir sy ballet nie min nie: 4—3—2 Rds. resp.¹⁰⁾. Hy reken die voorstelling natuurlik as 'n besondere. Origens verneem ons van hom (*Honi* in 1815), of *T. N. en V.* (1817—18) of *Men Doet* (1819) geen pryse nie. *Honi* berig¹¹⁾ alleen van parterre, gallery en staanplase;

¹⁾ *K. C.* 25 Apr., 16 Mei 1818 e. v.

²⁾ *K. C.* 25 Apr. 1818. Vgl. *K. C.* 22 Mei '19. *Men Doet* praat van „Lootjes voor Vreemdelingen en buiten de stad wonende Personen”.

³⁾ *K. C.* 22 Mei 1819. ⁴⁾ *K. C.* 11 Jul. 1818.

⁵⁾ *K. C.* 28 Jan. '09 e. v. (Sien Tabel C.).

⁶⁾ Behalwe een keer by Cuerton in 1815; *K. C.* 29 Apr. '15.

⁷⁾ Sien Tabel C.; *K. C.* 14 Okt. '09 e. v.; 4 Aug. '10 e. v.

⁸⁾ Ek gee die loges vir die gerief per plek aan. ⁹⁾ *K. C.* 27 Mei '09 e. v.

¹⁰⁾ *K. C.* 4 Sept. '13; sien Tabel C. ¹¹⁾ *K. C.* 10 Jun. '15 e. v.

T. N. en V. van „boxes” van 10 plekke¹⁾; *Men Doet* van loges van 4 à 6 persone²⁾. Wat die staanplase betref, die kom meermale voor, soms in loges, soms in parterre, soms in gallery. Hulle skyn selde minder te kos as ander plekke³⁾.

Die Engelse reken loges en parterre gewoonlik gelykop. Vir die tydperk 1811—'14⁴⁾ is die pryse vir loges en parterre 2 Rds., gallery 1 Rd.; oor die geheel dus, miskien iets goedkoper as die Hollandse geselskappe.

CUERTON probeer in 1815⁵⁾ professionele toneel begin, en reken pryse oor die algemeen 'n halwe riksdaler duurder as die vorige. Sy voorbeeld werk aansteeklik en die Engelse geselskappe na hom (1815—1818) reken in die reël 3 en 1½ Rds.⁶⁾ By besondere geleenthede b.v. liefdadigheidsvoorstellinge, word besondere pryse bereken⁷⁾.

Soos voorheen lê Engelse intekenlyste, of is toegangsbewyse vir Engelse voorstellinge verkrybaar, by o.a. allerlei openbare plekke. Die Hollandse intekenlyste en lootjies daarenteen berus by private burgers, meestal persone wat direkte belang het in die voorstellinge of wat lede is van die geselskap wat opvoer.

Tenslotte bestaan die ou moeilikheid oor toegangsbewyse by die deur voort⁸⁾. Gewoonlik word dit geweier. Die Engelse laat dit sedert einde 1816 toe⁹⁾.

Op die eerste gesig vergelyk die pryse uit hierdie tydperk dus duurder met die van die voorafgaande, en word dit in die tweede helfte duurder as in die eerste.

In die werklikheid sal die vermeerdering nie so groot gewees het nie. Die riksdaler, nominaal van 'n waarde van 4/2, het gedurig waardevermindering ondergaan. In 1823 sal dit op 1/6 vasgestel word. Dit is dus te begrype dat die pryse hoe langer hoe duurder sal skyn te word, terwyl dit in werklikheid nie so is nie. Niettemin kan hul nie goedkoop genoem word nie.

e. Tyd.

Soos voorheen bly Saterdag die speeldag by uitnemendheid; alleen *Tot Nut en Vermaak* skyn in 1817 op verkillende dae te speel, by voorkeur Donderdags en Dinsdags.

Ook die ure van speel behou hul vroeëre kenmerke¹⁰⁾. Die non-Engelse begin vroeër as die Engelse; buitengewone

1) *K. C.* 16 Aug. '17 e. v.; miskien is daarvoor van 5 bedoel: *K. C.* 26 Jul. '17.

2) *K. C.* 22 Mei 1819.

3) Sien begin paragraaf.

4) *K. C.* 1 Jun. '11 e. v.

5) *K. C.* 11 Maart '15 e. v.

6) *K. C.* 26 Aug. '15 e. v.

7) *K. C.* 23 Des. '15 e. v.

8) Sien bls. 167.

9) *K. C.* 14 Sept. '16 e. v.

10) Sien bls. 164.

voorstellinge het spesiale ure¹⁾; die aanvangsuur wissel met die jaargety²⁾.

Die ure van die Engelse in 1809³⁾ (opening om 6 uur en aanvang om 7 uur) moet eintlik tot die van die vorige tydperk gereken word. Die Engelse se wesentlike werksaamheid uit hierdie tydperk begin in 1811⁴⁾. Die ure toon 'n verskil met die van vroeër aan. Tot 1812 vind die opening om 6.45, die aanvang om 7.30 plaas. Van 1813⁵⁾ tot 1818 kry ons 'n vervroeging: opening om 6, aanvang om 7 uur, d.w.s. 'n terugkeer tot die ure van die vorige tydperk. Die periode stem dus vir die grootste deel met die vorige ooreen, en eindig op dieselfde speelyd. Uitsonderinge op hierdie ure is veral aan die seisoen toe te skrywe, die somer, wat later ure gewens maak⁶⁾.

Die Hollandssprekendes tot 1810⁷⁾ het baie vroeë ure: opening om 5, aanvang om 6 uur. In 1811⁸⁾ is dit 6.30 en 7 uur, waarskynlik naar die voorbeeld van die Engelse, wat nog later opvoer. (*Honi* se meesgewone aanvangsuur in 1815 is 7 uur⁹⁾). (Opening vermoedelik om 6 uur, soos by die Engelse). *T.N. en V.* open in 1817¹⁰⁾ om 6 en begin om 6.30 uur. So ook in die gewone seisoen van 1818. *Men Doet* se gewone ure in 1819 is dieselfde¹¹⁾ as die van *T.N. en V.* Vir uitsonderinge op die reël, is, soos by die Engelse, die jaargety in die eerste plek verantwoordelik¹²⁾.

Die vroeëre ure van die Hollandssprekende burgery bly opvallend; ofskoon 'n kleine verskuiwing tot later ure op te merke val.

Tenslotte sal die aanvangsure nie so stip geëerbiedig gewees het nie. In 1818¹³⁾ moet die Engelse geselskap waarsku dat „the curtain (will) rise positively (volstrekt) at half past 7”.

f. Sensuur.

Hierin val geen veranderinge te meld nie. Soos steeds begin alle voorstellinge „met de sanctie, permissie, approbatie, goedkeuring” of hoe dit heet van die Goewerneur. Van

¹⁾ *K. C.* 28 Jun. '15 (*Honi*); 22 Jul. '15 (Benef. Mev. Delamore?); 13 Jan. '16 (*Castle Spectre*).

²⁾ Sien verder.

³⁾ *K. C.* 21 Jan. '09 e. v.

⁴⁾ *K. C.* 1 Jun. '11 e. v.

⁵⁾ *K. C.* 7 Aug. '13 e. v.

⁶⁾ B. v. *K. C.* 11 Jan. '12; 13 Jan. '16. (Opening later; aanvang gewone tyd d.w.s. vroeër in seisoen, weëns lengte van die stuk); 14 Nov. 1818.

⁷⁾ *K. C.* 15 Apr. '09 e. v. ⁸⁾ *K. C.* 17 Aug. '11. ⁹⁾ *K. C.* 26 Aug. '15.

¹⁰⁾ *K. C.* 2 Aug. '17 e. v. ¹¹⁾ *K. C.* 10 Jul. '19 e. v.

¹²⁾ *K. C.* Okt. '09 e. v. (Vgl. in besonder *T. N. en V.* en *Men Doet*, *K. C.* 31 Okt. '18 e. v.).

¹³⁾ *K. C.* 14 Nov. '18.

„Patronasie” van die Goewerneur se vrou hoor ons die eerste in Julie 1813¹⁾ by die Engelse geselskap onder CUERTON, wat self vermoedelik ’n professioneel was en dus die reklame-waarde van sulke name besef het. Sonder twyfel kan ons daar verder ’n navolging in sien van die bestaande gebruik by konserte, bals ens. Die Hollandse geselskappe volg direk in die voetspoor van die Engelse²⁾. Na die dood van lady SOMERSET word die Goewerneur self beskermheer³⁾ (naas sy „sanctie” ens.), en bly dit in die vervolg, saam met sy vrou, tenminste as sy daar is.

g. Publiëk.

Van die publiëk val vrywel dieselfde as voorheen te sê. Enkele getuïenisse wil ek aanhaal om dit nader te staaf.

BURCHELL⁴⁾, toe hy aan die Kaap in 1810 was, het die Skouburg gesluit gevind deur gebrek aan spelers; maar het tog ’n paar konserte bygewoon, waarvoor hy alleen lof oor het. Die konserte het uitgegaan van Hollandssprekende liefhebbers onder leiding van ’n musiekmeester. Wat BURCHELL vertel van die vrywel uitsluitlik Hollandse gehoor by hierdie geleentheid sal in hoofsaak van toepassing wees vir ander geleenthede, wat uit dieselde publiëk bestaan het⁵⁾. „The greater part of the audience” sê hy, „were ladies. They were dressed extremely well, and quite in the English fashion; and for personal beauty, they ought not easily to yield the prize, even to our fair countrywomen. As a mark of good sense in the company it should be noticed, that here was none of the talking and chattering which are too often heard at concerts, and serve only to distinguish the tasteless loungee from the lover of music, or perhaps, sometimes, bad performances from good. It was over soon after nine o’clock, this being the hour at which most of the Dutch parties break up. (Die skouburg begin hierdie jare⁶⁾ om 6 uur). „At this time lanterns⁷⁾ are seen moving about in all directions; and as the different parties pass each other, they greet their friends with a *Wel te rusten*”⁸⁾. Die aangename gees van die Hollandse voorstellinge, die gasvryheid teenoor Engelse besoekers, die ondersteuning wat die Hollandse burgery aan die Engelse toneel gegee het, het al elders geblyk⁹⁾. Tog

¹⁾ K. C. 10 Jul. ²⁾ K.C. 21 Aug. ’13 e. v. ³⁾ K. C. 28 Jun. ’15.

⁴⁾ *Travels ens.* Vol. I, bls. 20 e. v.

⁵⁾ Vgl. bls. 104.

⁶⁾ Sien bls. 101.

⁷⁾ Van die slawe en Hottentotte wat nie saans na 9 uur sonder lig op die strate mag kom nie, as middel teen nagroof. — Burchell.

⁸⁾ Wel iets anders as die beskuldiging van te weinig „refined” (1820).

Vgl. bls. 156.

⁹⁾ Sien bls. 144, 157.

skyn Engelse steun, veral van offisiere, ook nie by Hollandse opvoeringe te ontbreek het nie¹⁾.

Van ver het die mense in die omgewing van Kaapstad gekom. Daar was talryke „buitenplaatsen” ens. van vermoënde mense by Groenpunt, Rondebosch ens.²⁾, mense wat die komedie ondersteun het.

En deftig soos die gehoor soms was! „Dames en Heeren, die Loges mogten nemen, worden verzogt hunne knegts vooraf in dezelve te stellen; zullende echter na het eerste bedryf dit niet langer plaats vinden”. So klink dit by die Engelse Komedie in 1811³⁾. Trouens die hoë pryse wys ook op 'n vermoënde gehoor.

Origens duur dieselfde moeilikhede soos voorheen onverminderd voort. Uittentreure heet dit „Geen lootjes worden aan de deur verkogt of geld aan de deur aangenomen”⁴⁾, maar veel meer van die Hollandssprekendes as die Engelse. Laasgenoemdes adverteer openlik in 1816, dat kaartjes aan die deur verkrybaar is⁵⁾ — eers alleen vir die gallery, daarna vir ander plekke.

Ander bekende waarskuwinge word herhaal⁶⁾. „Niemand zal door de agterdeur van het Theater toegelaten worden uitgezonderd diegenen, welke na de private Loges gaan” (d.w.s. die Goewerneur, Lt.-Goewerneur, Koloniale Sekretaris en Admiraal)⁷⁾; „een ieder wordt op het ernstigste verzogt niet agter op 't Toneel gedurende het spelen te komen”, of word dit ronduit verbied⁸⁾; „Geen mensch hoegenaamd zal in de Repetitie worden toegelaten, dan degenen die tot het Vertoonen dezer twee stukken behoren”⁹⁾; „Geen Entré zonder lootjes”¹⁰⁾.

Die eerste en laaste, en waarskynlik voorlaaste waarskuwinge slaan natuurlik veral op poginge om kosteloos binne te dring; enigermate verklaarbaar uit die oor die algemeen hoë pryse. Hoe dries die poginge soms was, het alreeds 'n keer geblyk by die Engelse Komedie¹¹⁾. Elders word dit gestaaf. In 1818 word eers gewaarsku dat hul „every precaution to prevent the intrusion of improper visitors”¹²⁾ sal gebruik; daarna¹³⁾, “It having come under the observation of the Committee of Management, that certain Persons

¹⁾ Sien bls. 163.

²⁾ Vgl. bls. 163.

³⁾ K. C. 1 Jun.

⁴⁾ K. C. 22 Apr. '09 e. v. (Holl. gess.); 28 Okt. '15 e. v. (Eng. gess.).

⁵⁾ K. C. 20 Jan. '16 e. v.

⁶⁾ Vgl. bls. 104 e. v.

⁷⁾ K. C. 20 Jul. '11; 14 Okt. '15; 6 Jun. '18 (Eng. gess.).

⁸⁾ K. C. 20 Jul. '11; 27 Jun. '12; 12 Jun. '13 (Eng. gess.).

⁹⁾ K. C. 3 Jul. '11. (*Men Doet*). ¹⁰⁾ K. C. 14 Okt. '15. ¹¹⁾ Sien bls. 148.

¹²⁾ K. C. 31 Jan. '18. ¹³⁾ K. C. 2 Mei '18.

assuming the Character of respectability, are in the habit of attending the Doors of the Theatre, for the purpose of passing into the House, by means of false Tickets or Checks given to others going out; Notice is hereby given that any Persons, who may for the future be found in similar attempts at fraud, will have their Names handed over for prosecution." Geen wonder nie — 1818 was 'n bloeijaar vir Engelse toneel en die pryse was hoog.

Dieselfde klaaglied word deur die Hollandse geselskappe gesing. In Augustus 1817¹⁾ gee *T. N. en V.* „hunne verwondering te kennen over de onbeschaamdheid van eenige Personen, van zich in 't Gezelschap te dringen”.

In Junie 1818²⁾ lei diè soort gedrag tot 'n hoogsonaangename voorval — en vermoedelike skeuring³⁾ — by *T. N. en V.*, wat hom selfs genoodsaak sien om die toevlug tot 'n berig in die koerant te neem teneinde die ware toedrag van sake in die lig te stel.

„Een onaangename gebeurtenis plaats gehad hebbende in de Toneellievende Societeit *Tot Nut en Vermaak* op laatstleden Zaterdag (d. w. s. 6 Junie); gevoelen Directeuren zich genoodzaakt de volgende korte schets van het gebeurde publiek te maken. Omtrent 7 uur 's avonds, kwam er in het Huis een Gezelschap van twee Dames, vergezeld door twee Heeren, waarna ontdekt wierd dat een dier Heeren geen Intekenaar was en tegenstrydig met de existerende wetten, zich in het Huis had gedrongen, hetwelk door een der Directeuren aan gemelde Heer wierd bekend gemaakt, en ter zelve tyd verwittigd, dat de acterende Leden geweigerd hadden om te spelen uit hoofde zyner tegenwoordigheid zonder *Entree Billet*. Gemelde Heer betuigde zyne onwilligheid om het Huis te verlaten; een der Amateurs wiens pligt het was, volgens de Regulatien der Societeit, ging op het Toneel, aan het Gezelschap bekend makende, dat, als de Persoon die het Huis was ingedrongen, hetzelfde niet verliet, gene Vertooning dien avond zoude plaats hebben. Hierop volgde een geraas en handgeklap van een gedeelte des Gezelschaps, welke den Heer noodzaakte, die bewyzen had gegeven het Huis vrywillig te verlaten, zyn besluit te veranderen. Kort daarna is er eene inschikkelykheid met gem. Heer getroffen, en hy werd als een Lid van het Huis aangenomen. — Directeuren zouden hunnen pligt by het Publiek verzuimen, indien zylieden nalatig waren te verklaren, dat de rede welke hun genoodzaakt heeft deze onaangename gebeurtenis in aanmerking te nemen, is, dat het aan hun bekend gemaakt is, dat

¹⁾ *K. C.* 16 Aug. '17.

²⁾ *K. C.* 13 Jun. 1818.

³⁾ Sien bls. 133.

pogingen zyn gedaan om anderen hieraan schuld te geven, die noch door aanrading of anderszins aangespoord zich met het gebeurde ingelaten of bemoeid hebben, dan alleen zoo als het zich heeft toegedragen." Dat *T. N. en V.* by sy volgende opvoering ¹⁾ byvoeg: „N.B. Het wordt verondersteld dat niemand dan Inteekenaren zullen toegelaten worden" — is begryplik.

Eweneens teen indringers gerig sal die waarskuwing van *Men Doet* in 1819 gewees het ²⁾: „Geen mensch zal worden binnengelaten, dan die gene wiens naam op de Inteekenings-Lyst, of op zyn eigen kaartje bekend staat".

Tevore ook in 1816 by die opvoering van die *Castle Spectre* het die Engelse geselskap deur alleen intekenare toe te laat en kaarte persoonlik en onoordraagbaar te maak, soortgelyke stappe geneem om ongewenste (en hier veral kostelose) indringers te weer ³⁾.

Tenslotte moet *Men Doet* in September 1819 ⁴⁾ 'n waarskuwing uit teen „degenen die de lieve gewoonte hebben, om zonder Lootjes Tooneel Vertooningen by te wonen, dat ditmaal maatregelen door 't gezelschap worden genomen, om hen hier in tegen te werken."

Inderdaad, maatreëls !

h. Kritiek.

Hierdie tydperk sien die eerste uitinge van bewuste kritiek aan die Kaap: die twee verslae uit 1818 in die *Kaapsche Courant* van die semi-professionele Engelse geselskap ⁵⁾.

Die kritiek doen sy tyd eer aan; maar sy verskyning self moet meer as 'n lapsus linguae as iets anders aangesien word. Immers die *Kaapsche Courant* moes enkel staatsblad wees sonder persoonlike meninge. Vryheid tot die kritiek het die blad gevind naar aanleiding van die deelname van die beroepspelers aan die voorstelling. Die ander spelers word alleen baie in die algemeen genoem.

Onbedoelde kritiek het ons in die aangehaalde passasies uit PRIOR en BIRD ⁶⁾.

i. Spelers en Stukke.

Die spelers bly by uitnemendheid liefhebbers. In 1818 belewe die Engelse toneel 'n geweldige bloeityd deur die aanwesigheid van beroepspelers: die heer en mev. COOKE,

¹⁾ *K. C.* 11 Jul. '18.

²⁾ *K. C.* 12 Jun. '19.

³⁾ *K. C.* 25 Nov. e. v.

⁴⁾ *K. C.* 25 Sept. '19. 'n Mens hoor duidelik Boniface se stem in die waarskuwing.

⁵⁾ Sien bls. 151.

⁶⁾ Sien bls. 130, 141, 156—157.

mej. WILLIAMS en mev. BROUGH¹⁾ — van wie die eerste drie ongetwyfeld persone van besondere talent was. Hulle was egter stellig nie die eerste Engelse beroepspelers van hierdie periode (die vorige sal geen gehad het nie) aan die Kaap nie. Die heer CUERTON, wat stellig toneelkunstenaar was²⁾, het hul voorafgegaan. Hy skyn veral uit te munt in sangnummers en grappige rolle. Aan die Kaap het hy in elk geval as beroepspeleer vir korte tyd opgetree³⁾. Een van sy damesspelers was waarskynlik Mev. DELAMORE⁴⁾.

Die Engelse liefhebbers het soos gewoonlik in die eerste plek uit garnisoensoffisiere bestaan⁵⁾. Die direksie van 1811 en 1812,⁶⁾ lt.-kol. DENNIS, lte. PRESCOTT en HANSON, sal ongetwyfeld medespelers gewees het (vgl. CUERTON, BONIFACE).

Vermoedelik was die heer HAMILTON ROSS — 'n gewese offisier⁷⁾ — hierdie tyd ook speler. Eenkeer adverteer hy teen 'n beloning vir 'n verlore „Klugtspel in Manuscript, half ingebonden”⁸⁾. 'n Ander keer gee hy biljette uit⁹⁾.

In 1814 speel sekere heer ARNOT as Harlequin met CUERTON saam¹⁰⁾. Miskien was hy offisier.

In 1815 word kapt. SHERIDAN genoem, klaarblyklik 'n heel verdienstelike medewerker¹¹⁾.

In 1817 speel kapt. CARTER¹²⁾ “the celebrated amateur tragedian”, die rol van Shylock en van Octavian, in *The Mountaineers* (COLMAN).

In 1818 “duik W. PITT Esq.” weer¹³⁾ op, wat liedere sing¹⁴⁾.

Damespelers word veelvuldiger onder die Engelse, hoewel hul nog die uitsondering bly. CUERTON kondig dames aan in 1815, w.o. waarskynlik mev. DELAMORE¹⁵⁾. Daar is ook die meervermelde dames van die heer COOKE.

Hoe sterk die afwesigheid van dames in die gewone voorstellinge gevoel word, vertel BIRD ons¹⁶⁾. Dit was waarskynlik 'n rede te meer waarom die Engelse hul so gehou het aan komiese stukke. In sulke is manne nog die draaglikste in vrouerolle.

Ongetwyfeld het die Hollandsprekendes dit beter gehad wat betref damesspelers. PRIOR vermeld reeds in 1810 die meespeel van dames¹⁷⁾. BIRD bevestig dit in 1822¹⁸⁾. Beide bevestig hul talente daarvoor; om die manne egter nie te

1) Sien bls. 151.

2) Sien bls. 143—144.

3) Sien bls. 145.

4) Sien bls. 146.

5) Sien bls. 141 e. v.; 156.

6) Sien bls. 142, 143.

7) Vgl. bls. 303.

8) *K. C.* 14 Sept. '11.

9) (Vgl. vtn. 8).

10) Sien bls. 145.

11) Sien bls. 148.

12) Sien bls. 150.

13) Reeds in 1808 genoem. Sien bls. 77.

14) Sien bls. 155.

15) Sien bls. 146.

16) Sien bls. 157.

17) Sien bls. 130

18) Sien bls. 141.

vergeet nie. Afsonderlike spelers word nog nie vermeld nie, uitgesonder BONIFACE; moontlik kan MEURANT, RIAUX, AGRON¹⁾ en TREDOUX²⁾ mee gereken word. Eenkeer tree in 'n opvoering vir homself die heer BOURCHERVILLE op³⁾, eintlik 'n sanger-musikus.

Wat stukke' betref staan op gebied van oorspronklike werk BONIFACE vooraan. Uit hierdie tyd dateer van hom: *Robert, Chef de Brigands* (naar LAMARTÉLIÈRE), Tsp. in 5 Bed., „in Poezy" in 1809⁴⁾; *Het Beleg en het Nemen van Troyen*, Ballet Pantomime in 3 Bed., in 1813⁵⁾; *Sapho*, Groot Ballet in 3 Bed., in 1815 — oorspronklik in Frans⁶⁾; *Dago, of De Spaansche Bedelaars*, Tsp., Ballet in 3 Bed., 'n bewerking (naar CUVELIER?) in 1819⁷⁾. Vir sover oor hierdie werk aanmerkinge te make val is dit reeds gedaan. Bewaar is ongelukkig, vir sover bekend, geeneen van die stukke nie. Daar bestaan geen rede om aan te neem dat behalwe die uitlegging by *Het Beleg van Troyen* ooit iets hiervan in druk verskyn het nie. Dit maak die verlies des te begrypliker.

Hoeseer dit modewerk is en ingegee deur bestaande toneelinvloede, o. a. die van CUERTON, het ek aangetoon. Tog bly dit werk van besondere belang as poginge om aan die Kaap self mee te ding met ingevoerde Europese stukke; nie net altyd suig aan die Europese melkfles nie. Tieperend is weer dat die poginge uitgaan van die „Hollandse" bevolking. Die Hollandse sin tot navolging blyk miskien uit die aard van die werk, maar terselfdertyd die Hollandse selfvertroue en ondernemingsin. Van Engelse oorspronklike werk is alleen die proloog van kapt. SHERIDAN⁸⁾ bekend. Buiten hierdie kader het die Engelse hulself nie gewaag nie. Geestigheid is gewoonlik die uitstaande kenmerk van hul voortbrengsels.

Oor die oorspronklike werk val nie veel te sê nie. Dit bly in hoofsaak by die oue. Tog val ook daarin vooruitgang, 'n hoëre strewe, te bespeur, selfs by die Engelse geselskap b.v. *King Richard III* in 1813; *The Merchant of Venice* in 1817 en *Othello* in 1818 van SHAKESPEARE⁹⁾.

Die Franse geselskap in 1809¹⁰⁾ speel stukke van groter opset en betekenis as tevore b.v. *Les Plaideurs*, van RACINE, *Le Tambour Nocturne* van DESTOUCHES, *Le Jeu de L'Amour et du Hasard* van MARIVAX, *Robert, Chef de Brigands* (LAMARTÉLIÈRE), stukke van MOLIÈRE e. a. in die lugtige genre; *Les*

1) Sien bls. 125.

3) Sien bls. 128.

6) Sien bls. 138.

9) Sien bls. 141 e. v.

2) Sien bls. 251.

4) Sien bls. 126.

7) Sien bls. 135—136.

10) Sien bls. 125 e. v.

5) Sien bls. 137.

8) Sien bls. 148.

Deux Frères van KOTZEBUE, *Le Comte de Comminge*, van D'ARNAUD e. a. in ernstiger genre. Maar die lugtige kant oorheers; die opera comique, ballet en pantomiem word gereeld beoefen.

By die Hollandse geselskappe ¹⁾, ofskoon die voorstellinge nog soms uit één groot stuk, toneel- of treurspel bestaan, word die gewone tradisie: 'n groot stuk van ²⁾ gehele of half ernstige inhoud, gevolg deur 'n korte lagstuk, meermale nog met sang ³⁾.

Die skool van KOTZEBUE en IFFLAND vier hoogty. Sedelikeit — die beloonde deug, die gestrafte ondeug —, en romantiek — kykstukke soos *Robert* (LAMARTÉLIÈRE), *De Struikro(o)vers* (LOAISEL TRÉOGATE), *Montoni* (DUVAL), ens. — streef om die voorrang. Kan 'n stuk sedekunde, treurspel en klugspel in homself verenig, grens dit taamlik na aan die volmaakte soos blyk uit die voorstellinge van die jonge liefhebbers in 1811 ³⁾.

Tot Nut en Vermaak sou die suiwerste Hollandse geselskap kan heet. Tussen hom en die Engelse toneel kom die Frans-Hollandse *Honi*, onder BONIFACE, te staan. In sy groter, soms ernstige stukke, neig *Honi* naar die Hollandse kant toe; in sy liefde tot romantiek, sangspel, ballette en pantomiems, naar die Engelse. In die laaste sal veral die Franse aard van BONIFACE gespreek het; sin vir die spektakulêre en lugtige, maar 'n sin altyd meer geskool en kunssinnig as die van die Engelse, en in hierdie opsigte weer nader aan die Hollandse aard.

¹⁾ Sien bls. 130 e. v.

²⁾ Sien bls. 132.

³⁾ Sien bls. 130.

TABELLE C EN D.

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
Franse Liefhebberges.	4 Febr. 1809	Afrik. Skouburg.	Boweloges = 12 Skell. Gallery = 1 Rd. Onderloges = 2 Rds. Soos bo, behalwe: Boweloges = 1½ Rd.	Verrume, Burgstr. 33.
"	22 Febr. 1809	"	"	"
"	8 Apr. 1809	"	"	Bureau & Ko., Kortemarkstr.
"	24 Apr. 1809	"	—	—
"	3 Jun. 1809	"	—	—
"	8 Jul. 1809	"	—	—
Ges. nie vermeld nie. (Fr.).	29 Aug. 1809	"	Gallery alleen.	Bureau & Ko. en Mnr. Riaux.
Ges. van Toneelliefhebbers. (Fr.).	23 Okt. 1809	"	Gallery = 1 Rd., 4 Skell. Parterre = 2 Rds.	Parterre by: B. Schultz, Boomstr. 7. Gallery by: C. M. Villet, Langstr.
"	11 Nov. 1809	"	"	C. M. Villet, Langstr.
„Nieuw Liefhebberges-Genootschap”. (Fr.).	2 Des. 1809	"	Loges = 15 Rds. Opera dito = 9 Rds. Gallery = 1 Rd.	Loges = Bureau & Ko. Gallery = Villet.
—	9 Des. 1809	"	Loges = 20 Rds. Bak = 2½ Rds. Gallery = 1½ Rd.	Hr. Boucherville, Breestr. 45.
Liefhebbers en leerlinge v. Mnr. Riaux. (Fr.).	13 Okt. 1810	"	Parterre = 2 Rds., 4 Skell. „Gaandery” = 1 Rd., 4 Skell.	F. Agron, Waalstr. 73 en J. Riaux. A. Rouvière, Loopstr. 33.
"	27 Okt. 1810	"	Loges = 2 Rds., 3 Skell. Parterre = 2 Rds., 4 Skell. „Gaandery” = 1 Rd., 4 Skell.	A. Rouvière en Mnr. Meurant, Kerkstraat 3.
Enige jongelinge, leerlinge v. Agron. (Fr.).	13 Jul. 1811	"	Parterre = 2 Rds., 4 Skell. Staannde = 2 Rds. „Gaandery” = 1 Rd., 4 Skell.	Vir Parterre J. Agron, Loopstr. 73. Vir andere plekke Agron, Meurant en C. Villet Kerkstr. 3.
Tot Nut en Vermaak (Holl.)	10 Jun. 1809	Skouburg.	„Zyboxen” = 15 Rds. „Parterrebox” = 12 Rds. Gallery = 1 Rd., 4 Skell.	H. G. Timmer, Kastelein, Societeit Harmonie, Heregrag.
"	29 Jul. 1809	Afrik. Skouburg.	Sydeloges (6 pl.) = 15 Rds. Parterre (8 pl.) = 18 Rds. Parterreloges = 12 Rds. Part. = 2 Rds., Gall. 1½ Rd. Parterre = 2 Rds., 4 Skell. Gallery = 2 Rds.	Anth. Burnet, Loopstr. 87, v. d. Lith, Bergstr. en C. M. Villet, Kerkplein.
Geselskap van jonge Toneel- en dansliefhebbers.	18 Aug. 1810	"	—	C. Villet, Langstr. 71.
Jonge liefhebbers. Ges. v. Liefhebbers.	24 Aug. 1811	"	—	C. Villet, Meurant en F. Agron.
„Inboorlingen”. Toesig Lemming en Bertrand.	4 Sept. 1813	Afrik. Skouburg.	Loges = 4 Rds. Parterre = 3 Rds. Gallery = 2 Rds.	—
"	9 Okt. 1813	"	—	—
Honi soit qui mal y pense.	4 Jul. 1815	"	Parterre, Gallery en staanplekke.	C. Boniface, Loopstr. 63.
"	4 Sept. 1815	"	Loges ook (vgl. 11 Nov. 1815)	"
Tot Nut en Vermaak.	7 Aug. 1817 (1ste Opv.)	Nuwe Skouburg.	Loges van 10 plekke.	N. J. Ley, Heregrag 31. 10—12, 3—5.
"	8 Opvoeringe in 1817	Eie Skouburg.	—	N. J. Ley, Sekret. Dames- en Vreemdelinge-kaartjies 9—4.
"	5 Nov. 1818	"	—	Trekking van plekke, en afgawe van kaartjies voortaan in die Skouburg, om 11 uur.
Men doet wat men kan.	12 Jun. 1819	Afrik. Skouburg.	Loges van 4 à 6 pers.	Trekking: Skoub. 4 Junie 9—11. Dames- en Vreemdelinge-kaartjies by Gie.
"	11, 25 Sept. 1819	"	—	Geen trekking.
"	6 Des. 1819	"	—	J. C. Gie, Burgstr. 31. 9—5 uur.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

Geselskappe 1809—1821.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK.	BESONDERE AANMERKINGE.
—	—	—	—	—
—	—	—	—	—
—	—	—	—	—
C. Boniface, Loopstr. 63.	—	6	Geen lootjies aan die deur nie.	Alleen deur Intekening.
C. Boniface, Loopstr. 63.	—	—	—	Alleen deur Intekening.
C. M. Villet, Kerkplein 7.	—	—	—	Alleen deur Intekening.
Alleen: C. M. Villet, Kerkplein 7.	—	—	—	—
—	—	6½	—	Liefdadigheid.
—	—	7	—	Liefdadigheid. B. Schultz en J. D. Difandt, sal die geld oorhandig.
—	—	—	—	—
—	—	—	—	—
—	—	—	—	—
—	—	6½	—	—
C. Villet, Langstraat 71.	—	—	—	—
—	5	6	Geen lootjies aan die deur nie.	Liefdadigheid.
C. M. Villet, Kerkplein 7.	—	6½	Geen lootjies aan die deur nie.	Loges kan nie vir minder as die helfte bespreek word nie.
—	—	6	—	Liefdadigheid.
—	6½	7	—	—
Mnr. Lemming, Langstraat.	—	—	—	—
Intekenlyste gaan nie rond nie. C. Boniface.	—	7½ later 6½	Name op die lootjies vermeld. Niks aan die deur nie. 4 dae voor die voorst., name opgee.	—
—	—	7	Dag van die voorstelling na 6 uur geen lootjies meer nie.	—
—	6	6½	Trekking van lootjies vir die loges, in die nuwe Skouburg 10—1 uur, Indringing van vreemde persone word gelaak.	Geslote geselskap. Herelede en Dames introducees.
—	—	6½	Trekking; later in 1818 om 12 uur presies.	Name van die dames moet opgee word.
—	—	7, later ook 7½	—	—
C. Gie, Burgstraat 31 tot 4 Jun.	—	7 later 6½	Alleen intekenaars of persone met name op kaarte toegelaat. Intekenlyst gaan nie meer rond nie. Geen lootjies aan die deur nie.	Liefdadigheid.
C. Petersen, Burgstraat 1, later weer by Gie.	—	7	Plan v. d. Skoub. by Petersen, Burgstr. 1. Maatreëls geneem, om ongewenste persone buite te hou.	Vroeëre intekenaars geniet die voorkeur.
Ook by Gie.	—	7½	Geen lootjies aan die deur nie; geen geld daar aangeneem nie.	—

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
Engelse Garnisoensges.	8 Jun. 1811	Afrik. Skouburg.	Loges = 2 Rds. Parterre = 2 Rds. Gallery (gaandery) = 1 Rd. Loges en Parterre = 12 Rds. vir 5 Voorstellinge.	Loges = George's Hotel. Loges en Parterre = Mr. Wrankmore. (alleen by intekening).
" (Voorstel)	Jul. 1811	"	"	"
"	11 Jan. 1812	"	Loges en Parterre = 2 Rds., Gal. = 1 Rd.	Loges = George's Hotel. Part. en Loges = Mr. Wrankmore.
"	6 Jul. 1812	"	Bakken en „Pit" (Parterre) = 2 Rds., Gal. = 1 Rd.	"
"	17 Aug. 1812	"	"	"
"	26 Okt. 1812	"	"	Loges in die Afrik. Sossiteit. Andere plekke by Wrankmore. Cuerton, Lelystraat 8.
"	17 Jun. 1813	"	Loges en Parterre.	"
"	14 Aug. 1813	"	—	"
"	28 Aug. 1813	"	—	Mnr. George, Afrik. Sossiteit. Mnr. Wrankmore en Mnr. Dick. R. Cuerton, Lelystraat 8. (later Bergstraat 7 in 1814).
"	23 Okt. 1813	"	Loges en Parterre = 2 Rds., Gal. = 1 Rd.	"
" (Voorstel)	Maart 1815	"	Loges en Parterre gelyk = 2 Rd. Loges (6 pl.) = 21 Rds. vir die seisoen (7 voorstellinge). Gal. = 1 Rd. Parterre = 2 Rds. 4 Sk.	"
"	6 Mei 1815	"	Loges = 2 Rds., Parterre 2 Rds. 4 Sk., Gal. 1 Rd. 4 Sk.	"
"	27 Mei 1815	"	Loges = 3 Rds., Parterre = 2 Rds. 4 Sk., Gal. = 1 Rd. 4 Sk.	"
„Sossiteit v. Liefhebbers" (vir die aand alleen).	22 Jul. 1815	"	"	Mev. Delamore en Mnr. Laing, Pleinstr. 5.
Engelse Komedie (Engl. Theatricals).	19 Aug. 1815	"	„Boxes and Pit" = 3 Rds. Gal. = 2 Rds.	J. Howell, Langemarkstr. Afrik. en Vriendschap Sossiteit.
"	23 Sept. 1815	—	„Boxes and Pit" = 3 Rds. Gal. = 1 Rd. 4 Sk.	"
"	14 Okt. 1815	—	„Boxes and Pit" = 3 Rds. Gal. = 1½ Rds.	"
"	4 Nov. 1815	—	„Staande plaatsen." ook:	J. Howell en Afrik. en Vriendschap Sossiteit.
"	20 Jan. 1816	—	Parterre en loges verdeel. 2 aande = 8 Rds. 1 aand = 5 Rds. Gal. = 2 Rds. (per keer).	Mnr. Sheppard, Heregrag. Vir die 2de Vertoning op 3 Febr. nog lootjies by: Sheppard en Mnr. Dick, Bergstr. 31, en 'n plan v. d. Skou- burg te sien.
Engelse Komedie.	17 Aug. 1816	—	—	—
"	14 Sept. 1816	—	Loges en Parterre = 3 Rds. Gal. = 1½ Rds.	Plan van loges te sien by Sheppard, Heregrag, en andere lootjies by Mnr. Dick en aan die deur van d. Skoub. en Afrik. Sos.
"	5 Jul. 1817	—	—	Deane & Ko., Kasteelstr. (Plan). Mnr. Green, Breestraat. Mnr. Dick en Afrik. Sossiteit. Mnr. George, Navy Tavern (hotel).
" (met heer en 3 dames uit Liverpool.)	31 Jan. 1818	—	„Boxes and Pit" = 3 Rds. Gal. = 2 Rds.	"
"	28 Maart 1818	—	„Box = 3 Rds. (Parterre seats arranged in boxes)." Gal. = 1½ Rds.	Loges = daaglik van 12—2 aan die Portaal (lobby) van die Skouburg, en andere lootjies by Mnr. Cooke, 30 Langstr., en Navy Tavern.
"	11 Apr. 1818	Afrik. Skouburg.	"	Cooke, 30 Langstr. en Navy Tavern.
" (Voorstel)	Apr. 1818	—	—	Voorstel om die loges vir 12
"	Mei 1818	—	—	—
"	27 Jun. 1818	—	6 nuwe boweloges en 4 grotere loges in die „onderkring", Loges = 3 Rds. Gal. = 1½ Rds.	Cooke en Navy Tavern.
"	8 Aug. 1818	—	—	Cooke, Navy Tavern en J. Howell's Library.
"	26 Sept. 1818	—	—	„Mrs." Cooke, Langstr. 30.
"	24 Okt. 1818	—	Loges en Parterre = 3 Rds. Gal. = 1½ Rd.	„Miss" Williams, Langstr. 30.
"	7 Nov. 1818	—	"	„Mrs." Brough, Langstr. 30.
"	21 Nov. 1818	—	"	Mnr. Cooke, Langstr. 30.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

se Geselskappe. 1809—1821.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE.
—	1/47	7 1/2	Die loges moet vooraf deur knegte beset word, maar nie meer na die 1ste bedryf nie.	Opv. om die 14 dae.
George's Hotel.	—	—	Niemand sal deur die agterdeur van die Skouburg toegelaat word nie uitgesonderd diegene wat naar die private loges gaan. Ieder word ernstig versoek om nie agter op die toneel te kom nie.	Daar die opbrengste nie toereikend is nie, word voorgestel om 5 voorstellinge te gee by intekening. Die voorstel gaan nie deur nie.
—	1/47	1/48	—	—
—	1/47	7 1/2	Alleen persone in private loges deur toneeldeur toegelaat.	—
—	1/47	7 1/2	—	Alle vorderinge op die Skouburg moet dadelik ingestuur word by majoor Ellis, Kortemarkstr.
—	1/47	7 1/2	—	—
—	6 1/2	—	Niemand agter die toneel toegelaat nie.	Liefdadigheid. Onder die Bestuur van Mnr. Cuerton.
—	6	7	—	"
—	6	7	—	"
—	6	7	—	"
Lys en Plan v. d. Skouburg, Mnr. Cuerton, Bergstraat 8.	6	7	By intekening.	Reeks v. 7 voorstellinge. Onder die Bestuur van Mnr. Cuerton.
—	6	7	Nog enige loges te huur by intekening, parterreplekke verkrybaar.	"
—	6	7	—	"
—	6 1/2	7 1/2	—	Benef. Mev. Delamore.
—	6	7	—	Doel: liefdadigheid.
—	6	7	—	Uitgestel van 9 tot 23 Sept.
—	—	—	Niemand sonder entreekaartjie toegelaat nie en niemand aan die toneeldeur, behalwe die Goewerneur en Suite nie. Vorige vertoning verskillende persone sonder kaartjies en sonder betaling binnegedring.	Liefdadigheid.
—	—	—	Geen geld aan die deur nie. Plekke moet tydig afgehaal word om teurstelling te voorkom.	"
Mnr. Laing, Pleinstraat. Mnr. Sheppard, Heregrag.	6 1/2	7	Niemand toegelaat nie, behalwe intekenaars. Kaarte is nie oordraagbaar nie. Plekke vir die gallery verkrybaar sonder intekening.	Waterloofonds. Alle vorderinge in te stuur by H. Murray, Kerkstraat.
—	6	7	—	—
—	6 1/2	7	Kaartjies aan die deur.	—
—	—	—	—	Vra op 16 Aug. om meer ondersteuning. Doel: Vermaak en Liefdadigheid.
—	—	—	Deur grote navraag vir loges, deel van d. parterre in loges verander. Onbehoorlike persone sal buite gehou word.	—
—	—	—	—	—
—	6	7	—	—
Voorstellinge te verhuur by intekening. Lys by Cooke, Langstraat 30.				
—	—	—	Weer klage oor die publiek, wat sonder om te betaal binnedring.	—
—	6	7	Niemand deur die toneeldeur toegelaat nie, behalwe die Goewerneur.	—
—	6	7	—	—
—	6	7	—	Benef. „Mrs.” Cooke.
—	—	—	—	Benef. „Miss” Williams.
—	6	7	—	Benef. „Mrs.” Brough.
—	6 1/2	7 1/2	—	Benef. Mnr. Cooke.

HOOFSTUK VI.

1809—1839. Engelse en Hollandse Toneel aan die Kaap.

(Vervolg).

B. 1822—1839.

§ I. Algemeen.

Die liefhebberytoneel aan die Kaap bereik in hierdie tydperk sy hoogste bloei. Dit is die periode van ingeborenes-toneel, grotendeels onder uitheemse leiding. Die leertyd is verby; die meesterskap is bereik. Veral die Hollandse geselskappe lê 'n seldsame bedrywigheid aan die dag. Onderlinge wedywer sal hierin die vernaamste dryfveer gewees het.

Onder die Hollandse geselskappe kom die eerste in aanmerking: *Honi Soit Qui Mal Y Pense* (later voortgesit as *Door Yver bloeit de Kunst*, 1833 en *Vlyt en Kunst*, 1834—38) en *Tot Nut en Vermaak*.

Laasgenoemde is 'n bestendige planeet wat ononderbroke aan die Kaapse hemel voortslyn; eersgenoemde, nog steeds onder BONIFACE, bly die komeet: 'n skitterende verskyning sonder duursame karakter.

Ander geselskappe voer 'n kortstondige bestaan. Hulle is gewoonlik dissidente vertakkinge van die groot geselskappe. So *Door Yver Vruchtbaar* (1826—27) en *Tot Oefening en Vermaak* (1837).

Selfs tot Stellenbosch slaan die toneelkoors oor. 'n Geselskap daar, *Door Yver Vruchtbaar*, doen 'n paar jaar fluks mee (1833—'38). In Kaapstad self word ook die kinders aangesteek. Onder DE LIMA se leiding bestaan van 1825—26 die kindergeselskap *Oefening en Smaak*, onder J. W. Lotz die van *Kunst en Smaak*, 1835—36.

Hiernaas bly die Engelse toneel voortbestaan, hoewel dit in belangrikheid by die Hollandse veragterbly¹⁾. Die Engelse burgery neem meer deel. 'n Nuwe ontwikkeling, in besonder, is dat op Hollandse model 'n geselskap opgerig word: *All the World's a Stage* (1830—34). Origens bly die hoofaandeel van Engelse toneel in die hande van die garnisoen, wat lange tyd selfs 'n eie lokaal in die kaserne besit. Weg van die Kaap (afgesien van Stellenbosch) maak in Grahamstad Engelse toneel sy verskyning (1837 e.v.)²⁾.

Die rol wat die opvoeringe uit hierdie tyd in die samelewing speel is ons veel beter bekend. Met die opkoms van

¹⁾ Vgl. bls. 192.

²⁾ Dit behandel ek afsonderlik, vgl. bls. 388.

die eintlike koerantewese ¹⁾ word verslae en kritieke veel reëlmatiger — selfs die *Kaapsche Courant* versondig hom weer 'n paar keer daaraan.

Hierdie periode sien besondere bloei. Dit sien ook die eerste bestryding van toneel, met sy dood uiteindelik as gevolg daarvan. Reeds die kindertoneel het in die twintiger jare proteste uitgelok op „sedelike” gronde. In die later dertiger jare word dit 'n stryd op lewe en dood tussen die toneel en wassende dweepsugtige Metodisme, waarby die Metodisme oorwin.

Intussen het die toneelskrywery 'n goeie aandeel gehad in die stryd teen oordrewe Metodistiese filantropie. Ek bedoel BONIFACE met *De Temperantisten* in 1832. Uit hierdie sukses is selfs grotendeels die hernude bedrywigheid van BONIFACE — en BONIFACE staan vir 'n aansienlike deel Hollandse tooneel — te verklaar. As die Afrikaanse Skouburg egter in 1839 verkoop en vir filantropiese doeleindes ingerig word, sien ons die volledige weerwraak van die Metodisme op die toneel.

§ 2. Engelse Toneel.

a. Garnisoenstoneel.

Die Engelse sit die bal die eerste aan die rol in hierdie tydperk. Liefdadigheid en tydverdryf bly die hoofdryfvere ²⁾.

Onder die patronasie — nie langer heet dit „goedkeuring” nie — van goewerneur SOMERSET, vind in die Afrikaanse Skouburg op Woensdag 14 Augustus 1822 ³⁾ plaas „for the benefit of the Shipwrecked Sufferers: *John Bull* (COLMAN Jr.), „Comedy”, en *High Life Below Stairs* (TOWNLEY), „Farce”. Die „noodlydende schipbreukelingen” was afkomstig uit sewe skepe wat uit 'n totaal van vyftien gedurende 'n geweldige storm van 20—24 Julie skipbreuk gely het ⁴⁾. „The Amateur Gentlemen of the Theatre” moes die stuk uitstel van 10 Augustus soos oorspronklik in die „Hand Bills” aangekondig, weens siekte van een van die here.

Hierdie vermelding, die eerste, van handbiljette waarmee kennis van voorstellinge gegee word, is belangrik. Ongetwyfeld sal hul dikwels die enigste vorm van kennisgewing gewees het. Dis jammer genoeg want op die manier sal baie bekendmaking deur middel van die koerante agterweë gebly het.

Origens was die „spelende heren”, here van die garnisoen ⁵⁾.

Nog 'n novum is die aankondiging van J. CURRAN dat hy

¹⁾ Sien bls. 50.

²⁾ Vgl. *K. C.* 24 Aug. '22.

³⁾ *K. C.* 3, 10 Aug. '22.

⁴⁾ *Theal* 1795—1834, bls. 322.

⁵⁾ Sien bls. 180.

„Soup à la mode & Corned Beef with ham” ens. as ver-
versinge in die „African Eating-House” na die voorstelling
verskaf¹⁾).

Van hierdie voorstelling en 'n herhaling daarvan op Vrydag
16 Augustus, gee die *Kaapsche Courant* as 'n aangename
verrassing 'n verslag²⁾. Dit, met nog twee ander verslae
hierdie jaar, is die enigstes tot 1824. Blykbaar het die algemene
„benevolent purpose” en die vreugde oor die heroplewing
van toneel die nodige moed daartoe gegee. Buiten 'n paar
algemeenhede waag die koerant hom egter nie.

Beide kere was daar “crowded and well-satisfied audiences . .
The performance was highly creditable to the talents and
spirit of those who so kindly stepped forward for the double
purpose of contributing to Public Amusement and Private
Charity. The following Prologue was spoken by Captain
STRATON, of the Madras Cavalry; — the Epilogue was sung by
Dr. M'DONNELL, Assist. Surgeon, 55, Regt.” — militêre dus.
Die proloog van vier en veertig reëls lê herhaaldelik die
nadruk op die begeerte dat die kritiek spaarsaam mag wees,
maar die dames kwistig met glimlaggende aanmoediging.

Ek haal een en ander aan:

The curtain up, — they've sent me here to tell,
Ere yet the Prompter rings his awful bell
And, modestly . . . bespeak — a flattering reception
For all your buskin'd friends, — without exception —
(Bowling to the ladies)

.
To sooth *distress*, we take each mimic shape,
And even brave the critics — *of the Cape!*
Hear me, then, gloomy terrors of the stage,
And you, its fairest guardians, not less sage,
Though with no looks important, you depress,
But smile a prospect of our bright succes.”

In 'n aardige sinspeling op die oorsaak van die liefdadige
voorstelling, gaan hy voort:

„For, ven'ring on this fair, but doubtful, coast,
(nl. die toneel)
With need of talent, that we scarce can boast,
If too much canvas we perchance display,
Our little bark, too, may be — cast away,
Unless, (should critic-hurricane assail,)
Your kind applause should moderate the gale.”

¹⁾ Gebloei het die saak nie. Nog 26 Jul. '23 (*K. C.*) het Curran 'n eet-
saal met drank onder die Skouburg, maar 6 Des. '23 (*K. C.*) is hy bankrot en
word sy boedel uitverkoop.

²⁾ 24 Aug. '22.

Ongelukkig hang sukses nie alleen van „heart” of „motive” af nie. Gaan dinge dus sleg,

“Then, lovely Woman, thy soft influence lend.
On *thee*, to-night, thy votaries depend,
The lustre of thy smile, our beacon, through
The little voyage that we here pursue,
Fearless, with all its dangers we may cope,
And weigh the anchor, that we steal from *Hope*!
(Die Kaap de Goede Hoop word voorgestel as 'n vrou met anker).
Then guide us, sweetly o'er the per'lous *wave*,
Those stars shine loveliest, that shine — *to save!!!*

Wel het hulle geweet hoe om die hart van die skone geslag te steel!

Kapt. STRATON het as Roscius opgetree; Dr. M'DONNELL sing as Dennis Brulgruddery die volgende epiloog — ons hoor die suiwer naklank van die “vryere 18de eeu” daarin —:

“Oh! Ladies, — we've had such an elegant row,
No less than a Dinner and Ball, at the Cow;
But the wedding was private, for *Mary*, you know,
Is hardly quite fit into public to go.
Fal, de ral etc.”

Hy gaan voort met allerlei geestighede te debiteer aan die adres van die verskillende karakters in die stuk soos Sir Simon, Frank, Job, Lady Caroline, Tom, en Fox. Soms kom plaaslike toespelinge daarin voor b.v.:

“That old *Peregrine's* wealth was enormous, we're told
And would sink any mortal, if vested in gold,
But I'll prove, in a trice, the assertion is rash, —
What keeps all our heads above water but cash¹⁾?
And, no doubt, he had touch'd at the Cape, homeward bound,
Where they buy up old Rix, at fifteen to the pound,
Which, you know, in themselves, are a perfect lifeboat,
For, in spite of all weathers, they still keep afloat.”

Praat van Perry wat swem soos 'n „catamaran”, en van skipbreuke, maar

“How different the beautiful wrecks we have seen,
The beach strewed with cinnamon, silk, and nankeen.
Let them talk of Penzance, but what'er they may say,
Oh! for comforts of this kind give me Table Bay”.

Hy het tevergeefs geprobeer om in die stuk te vind. ...
The Fireside of John Bull;

Devil fire the fire in it, or Bull, — but the Cow,
And that's not a Bull, sure, you all will allow.
(Pointing to the Sign of the Red Cow, over the Door.)”

¹⁾ Periode van snelle waardevermindering van die riksdalder: in 1825 op 1/6 vasgestel.

Hy word deur sy vrou van binne geroep en sê:

“Is that *Dan*, the spalpeen, (*whish*) Oh! no 'tis my lamb.
The creature's uneasy to know where I am;
But an Amateur Play will soon quiet her airs,
So I'll treat her to-night to *High Life below Stairs*.
But, before I depart, I'd inform each kind friend,
We've removed from the heath, and in future intend
To provide entertainment, and excellent fare,
At the House we have open'd in Hottentot Square.”

Die geselskap is dus van plan met hul voorstellinge voort te gaan.

Op Saterdag 14 September¹⁾ sou volg “For Public Charity”: *The Point of Honour* (KEMBLE), “Play” (Comedie), met 'n tussenspel, en 'n nastuk, *The Frishman in London* (Wm. MACREADY), “farce.” “On account of unavoidable circumstances” word die voorstelling uitgestel tot Woensdag, 18 September, vir watter aand *Tot Nut en Vermaak* so goed was om die Skouburg af te staan. Miskien het die uitstel gekom teneinde die Goewerneur en vrou in staat te stel om aanwesig te wees. In die kort verslaggie²⁾ van die voorstelling word hul aanwesigheid spesiaal genoem. Daar was weer 'n “crowded audience”. Vir die voortgesette sukses van die geselskap kan nie getwyfel word nie, gesien “the laudable object they have in view and the spirit with which the characters are got up.” Ons het vrywel 'n herhaling van die vorige verslag. Die tussenspel was: *Amoroso, King of Little Britain* (PLANCHÉ).

Op Vrydag 4 Oktober³⁾ volg: *The Poor Gentleman* (COLMAN Jr.), Bs., en *The Irishman in London* (Wm. MACREADY), Ks. *The Poor Gentleman* word herhaal op Saterdag 12 Oktober⁴⁾, met die “burlesque entertainment *Amoroso*” ens.

Van die voorstelling op 4 Oktober heet dit dat beide stukke ontvang is “with unbounded applause and gave universal satisfaction to a brilliant and overflowing audience. The character of Dr. OLLAPOD in the play, was admirably sustained by Mr. HANSON.” Die Goewerneur met famielie en gevolg was aanwesig; ook baie offisiere van die 16de Lansiers aan die Kaap op weg na Calcutta⁵⁾.

“The last performance for the season (Jaargetyde) of the Amateur Company” word aangekondig op Maandag 28 Oktober⁶⁾ “for the benefit of Mrs. DELAMORE, Mrs. GREEN and Mrs. SMITH.” *The Rivals* (SHERIDAN), Bs., en *The Prisoner at Large*

1) K. C. 7 Sept. '22. Ook verder vir publieke liefdadigheid.

2) K. C. 21 Sept. '22. 3) K. C. 28 Sept. '22. 4) K. C. 12 Okt. '22.

5) 12 Okt. '22. Hulle was ook aanwesig op 'n gepaardgaande bal.

6) K. C. 19 Okt. '22; 26 Okt. '22.

(O'KEEFE) ¹⁾, Ks., "and other entertainments" word opgevoer. Op te merke val dat die publieke liefdadigheid op die agtergrond raak; benefiese-voorstelling vind reeds plaas; variété begin weer.

Genoemde dames moes 'n deel van die geselskap uitgemaak het. Dat hulle 'n benefiese aanvaar wys daarop dat hul òf dames van die garnisoen, vroue van die mindere van rang was, òf dames self in beroep of gehuud aan manne van beroep aan die Kaap. Anders sou standsoorweginge die aanvaarding verbied het. Mev. DELAMORE sou onder laasgenoemde groep dames val. Immers sy was reeds sedert 1815 aan die Kaap ²⁾. Tenslotte bestaan die sterke waarskynlikheid dat sulke dames as halwe beroepspelers deelgeneem het, d. w. s. amateurs was, wat onder omstandighede honorarium ontvang het.

Ten spyte van die aankondiging was dit nog nie die laaste voorstelling nie. Op Saterdag 2 November ³⁾ volg: *Speed the Plough* (Th. MORTON), Bs., en die ou bekende *Tom Thumb* (FIELDING), "Burletta.". Ons kan merk dat dit somer is in die besondere vermelding. "Due attention has been paid to the ventilation of the Theatre".

Sukses spoor die geselskap tot verder poginge aan. "Encouraged by the flattering reception of *Speed the Plough* (MORTON), those engaged are induced to make a second attempt. The Comedy of *The Soldier's Daughter* (CHERRY), with the farce of *Fortune's Frolic* (ALLINGHAM), are in preparation, and will be produced early in December." ⁴⁾ Op 7 December het dit plaasgevind ⁵⁾. Weer word vir die ventilasie sorggedra.

Op die manier, onder die dekmantel van liefdadigheid en openbare vermaak, het die spelers weer moed gevat, en die publiek warm geword vir Engelse toneel. Aangevuur deur hul sukses word 1823 weer 'n grootse speeljaar — soos trouens ook vir die Hollandse geselskappe, mee aangevuur deur die herleefde toneelywer. Die deelname van dames sal geen klein deel aan die sukses gehad het nie. Die spelers bly bekend as "The (Garrison) Amateur Company (Liefhebbery Gezelskap)", en speel in die „Afrikaansche Schouwburg".

Die eerste voorstelling sou gedurende "Race Week" in April plaasvind ⁶⁾. Die Skouburg was egter vir die hele week reeds verhuur, sodat dit in die daaropvolgende week sou plaasvind ⁷⁾. Dit gebeur op Saterdag 10 Mei ⁸⁾ met: *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), Bs., en *The Mayor of Garratt* (FOOTE), Ks.

1) K. C. 26 Okt. '22. 2) Sien bls. 146.

3) K. C. 19, 26 Okt.; 2 Nov. '22. 4) K. C. 16, 30 Nov. '22.

5) K. C. 30 Nov. '22. 6) K. C. 12 Apr. '23. 7) K. C. 19 Apr. '33.

8) K. C. 3, 10 Mei, '23.

Hierdie klein teenset by die begin was nie toevallig nie. Agter die verhuur van die Skouburg moet ons iets anders soek: wedyweringsug. Sedert 1823 bestaan 'n tweede Engelse geselskap. Hulle gaan bekend onder die naam, — die oue van vóór 1819 — “English Theatricals (Engelsche Komédie)”, en speel in die “Cape Town Theatre (Kaapsche Schouwburg)”, soos uit hierdie geval reeds blyk, dieselfde plek as die Afrikaanse Skouburg ¹⁾.

Die geselskap was een uit die burglary, die teendeel dus van die ander, die “Amateur Company”, uit die garnisoen. Hulle het by hierdie geleentheid die garnisoensgeselskap voorgespring met die huur van die Skouburg, vir 'n voorstelling op 3 Mei ²⁾.

Die „chic” geselskap bly egter die „Amateur Company”. Hulle geniet die patronasie van die Goewerneur, wat by die ander geselskappe nie die geval is nie.

Op Dinsdag 27 Mei ³⁾ volg: *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), Bs., „with the original epilogue”, en *The Village Lawyer* (Mrs. MACREADY), Ks. Tussenin word die lied *The Banner of War* en die duet *All's Well* gesing. Hierdie sangelement is 'n voorbode. “Musical comedies” is op koms, soos verder blyk uit die aanvraag, te leen of te koop, van die musiek van die volgende stukke: *The Beehive*, (MILLINGEN); *The Review, or The Wags of Windsor* (COLMAN Jr.); *Love Laughs at Locksmiths* (COLMAN Jr.); *Killing no Murder* (HOOK); *Ella Rosenberg* (KENNEY); *Three and the Deuce* (PRINCE HOARE).

Hierna volg, Saterdag, tensy anders vermeld (ook vir volgende jare), op

28 Junie ⁴⁾: *The Rivals* (SHERIDAN), Bs., en *Bombastes Furioso* (RHODES), “burlesque entertainment . . . The profits (Provenu) of the Performance are . . . for the widow and seven children of the late JOHN INGELSBY”. Hierdie aankondiging verskyn met masonieke simbole daarop. Vermoedelik was die heer INGELSBY 'n Vrymesselaar, en verseker die geselskap homself op hierdie manier van die ondersteuning van die Vrymesselaars.

15 Julie (Dinsdag) ⁵⁾: *Who wants a Guinea*, Bs., “Never acted at this theatre”, deur GEORGE COLMAN Jr.; *Raising the Wind* (KENNEY), Ks.

19 Julie ⁶⁾: *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), en weer *Bombastes Furioso* (RHODES). Verlaging van pryse op versoek word aangekondig.

12 Augustus ⁷⁾: *Douglas* (HOME), Trs. Die Engelse Komédie

¹⁾ Sien bls. 358—359.

²⁾ Sien bls. 197.

³⁾ K. C. 17, 24 Mei '23 — Soos by die vorige na 'n uitstel. Hier van 24 Mei.

⁴⁾ K. C. 21, 28 Jun. '23.

⁵⁾ K. C. 5, 12 Jul. '23.

⁶⁾ K. C. 19 Jul. '23.

⁷⁾ K. C. 2 Aug. '23.

speel dit ook direk hierop, miskien om te bewys hoeveel beter hul dit kon doen! ¹⁾ Tensy dit hier tog nie opgevoer is nie!

27 September ²⁾: *Folly as it Flies* (REYNOLDS), Bs., en *The (A) Day after the Wedding* (M. T. KEMBLE), Ks. "never acted at this theatre".

21 Oktober (Dinsdag ³⁾): *The Road to Ruin* (HOLCROFT) Bs., en *The Apprentice* (MURPHY), Ks., "For the benefit of J. CORBISHLY".

25 November (Dinsdag ⁴⁾): *Wild Oats* (O'Keefe), Bs., "the part of *June*, by a young Lady, her first appearance on the stage"; *Two Strings to your Bow* (CHERRY), Ks. "For the benefit of Mrs. Green".

Ons sien dat dames bly meespeel, en dat die geselskap moeite doen om nuwe stukke op te voer. Die wedywer met die ander Engelse geselskap is straf — afgesien van die bedrywigheid van die Hollandse geselskappe.

Die Engelse geselskappe speel so te sê om die veertien dae, beurt om beurt. Speelywer laat die ander geselskap selfs tot in Januarie 1824 deurgaan ⁵⁾.

Die „Liefhebberij Gezelschap” begin hul 1824 seisoen op Dinsdag 1 Junie ⁶⁾ met: *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), Bs., "with the original Epilogue", en *Lovers' Quarrels* (KING), Ks.

Verder volg op

7 Julie (Woensdag ⁷⁾): *Five Miles off, or The Finger Post* (DIBDIN), Bs., en *Love, Law and Physic* (KENNEY), Ks.

24 Julie ⁸⁾: *John Bull* (COLMAN Jr.), ens., en *Two Strings to your Bow* (CHERRY).

4 September ⁹⁾: *Life* (REYNOLDS), Bs., en *The Irish Tutor* (GLENGALL), „New Farce”.

Van hierdie voorstelling het ons 'n verslag, die mees volledige dusver van die geselskap. "It has seldom been our lot to witness in this town a more efficient performance than that of the Garrison Amateur Company . . . of REYNOLDS' Comedy of Life (etc.) . . . The cast of both pieces (was) universally strong . . . (and received) well merited applause". Mnr. MILES as Sir Harry Torpid "never before appeared . . . to so much advantage. Our old favourite, Mr. HANSON, as GABRIEL LACKORAIN" was in alles uitstekend, maar meeste

¹⁾ Sien bls. 197.

²⁾ 27 Sept. '23. ³⁾ K. C. 11, 16 Okt. '23.

⁴⁾ K. C. 15, 22 Nov. '23.

⁵⁾ Sien bls. 198. Ook vir die onwaarskynlikheid dat hierdie voorstelling van die "Liefh. Gez." sou gewees het.

⁶⁾ K. C. 15, 22 Mei '24.

⁷⁾ K. C. 12, 19, 26 Jun., 3 Jul. '24 na 'n uitstel deur siekte, van Vryd. 2 Jul.

⁸⁾ K. C. 10, 17, 24 Jul. 'n Vervroeging van Mdg. 28 Jul.

⁹⁾ K. C. 14, 28 Aug., 4 Sept. '24.

nog in sy uitbeelding van dronkeman. Sers. CORBISHLEY het die ou Vader Primitive gespeel "with much humor and feeling... Marchmont... a clergyman... (was) well-sustained. Messrs. GOULAND and PALM, as Craftly and Clifford, were perfect and tolerable". In die damesrolle staan mev. BELFORD vooraan. Mnr. HANSON Jr. word geprys vir die "excellence and chasteness of the performance" ¹⁾, alleen 'n bietjie te manlike stem. "Mrs. GREEN (was) no uninteresting Rosa".

Die sukses van die klugspel was in die eerste plek te danke aan dr. M'DONNELL as Terry O'Rourke. Die byval was krampagtig.

Origens word 'n paar nuttige wenke aan die hand gegee, wenke o. a. soos die hulself sal herhaal heel die 19^{de} eeu deur en soos hul waarskynlik sal bly doen orals waar amateurspel is of sal wees.

Die spelers word aanbeveel: "To be particular in learning their parts; to address themselves to the audience or characters instead of the *side-wings* or *lamps*; to keep their hands from out their *pockets*, especially when addressing ladies, and above all means never to forget their *hats* or *bonnets*" as hul buitenshuis is, want dit verhoog die "delusion" en maak die "performance more effective".

Die Goewerneur en famielie was aanwesig; ook 'n veel "larger and respectable audience" as die weer laat vermoed het.

"In the early part of the evening the Gods were extremely noisy and one in particular amused himself for a short time by mocking a principal performer; the imitation was too good to *pass unnoticed*, he attempted a repetition, but we are happy to find he got himself deservedly turned out. A select party occupied the pit and effectually kept everyone from that part of the house except the members of their coterie."

Op Woensdag 22 September ²⁾ word *Life* (REYNOLDS) en *The Irish Tutor, or New Lights* (GLENGALL), op besondere versoek van goewerneur en lady SOMERSET, herhaal.

Daar volg op

2 Oktober ³⁾: *The Gamester*, "Moore's much admired Tragedy", en *Miss in Her Teens*, "favourite farce, by GARRICK." Bo-op die advertensie staan: "Veluti in Speculum" ⁴⁾ — wat sal slaan op die les wat uit *The Gamester* te lere val.

2 November ⁵⁾ (Dinsdag): *The Poor Gentleman* (COLMAN JR.), Bs., en *The Irishman in London* (WM. MACREADY), Bs. "For the benefit of Mrs. GREEN and Mrs. JOHNSON."

¹⁾ *Chron.* 8 Sept. '24.

²⁾ *K. C.* 11, 18 Sept. '24 — Na 'n uitstel van 10 Sept.

³⁾ *Chron.* 15 Sept. '24 — Hier staan "an Amat. Co."

⁴⁾ Sien bls. 343.

⁵⁾ *K. C.* 23, 30 Okt. '24 — uitgestel van 30 Okt.

Vir Dinsdag 30 November 1) word aangekondig "Last night of... season... For the benefit of J. CORBISHLEY": *A Cure for the Heart Ache* (TH. MORTON), Bs., en *Love, Law, and Physic* (KENNEY). Ook "some comic (boertige) songs and a few favourite airs on the imported *Patent Musical Glasses*, by a gentleman who has kindly lent his assistance for the evening." Tenslotte word die voorstelling "unavoidably postponed" 2). Of dit werklik plaasgevind het weet ek nie.

1824 was 'n vermindering op 1823; 1825 word dit nog meer. Vir die laat begin bestaan 'n besondere rede 3); origins was 1825 by uitstek 'n Hollandse jaar 4). Miskien het bowendien 'n bietjie ongunstige morele kritiek die Engelse toneel gedruk 5). Aan die ander kant moedig die koerant hul aan 6).

Vir sover die garnisoensgeselskap speel, speel hul nogal besondere stukke en op 'n uitstekende wyse.

Die eerste voorstelling "this season" vind plaas op 23 Julie 7) met *Catherine and Petruchio*, Tsp. in 3 Bedr., „door DAVID GARRICK van SHAKESPEARE veranderd"; die tussenspel *The Irish Tutor* (GLENGALL), en die klugspel *How to die for love (Blind Geladen)* van KOTZEBUE. Die program skyn besonder in die smaak te val, want die direkteure moet selfs adverteer dat vir diegene wat teleurgestel is in die verkry van loges "every precaution will be taken to render the Pit equally eligible."

Die *South African Chronicle* 7) gewaag van hierdie voorstelling van die "Garrison Amateur Company... with... great satisfaction... Each performer was perfect... The prompter's voice was scarcely heard during the evening, nor the scene of illusion" bederf deur sleggekende rolle. Die liefhebbers word geprys vir hul poging om die beste komiese stukke op te voer en aangemoedig, gesien "the easiness of manner, the grace of action, and powerful expression which was exhibited in several of the amateurs' performance", om hoër dinge te probeer, "that we may even see the gorgeous pall of tragedy sweeping across a South African Theatre." Die huis was vol van die vernaamste ingesetenes van die stad: Goewerneur ens., inkluis.

Op 27 Augustus 8) volg: *Charles the Second, or The Merry Monarch* (PAYNE), Bs. in 3 Bedr., en *X. Y. Z.* (COLMAN JR.), Ks. Ook hulle geniet groot toeloop; 'n deel van die bak

1) K. C. 20 Nov. '24.

2) K. C. 27 Nov. '24.

3) Veranderinge aan Skouburg. Sien bls. 363—364.

4) Sien bls. 187, 237.

5) Sien bls. 343.

6) K. C. 1 Jul. '25.

7) 26 Jul. '25.

8) K. C. 29 Jul. (Lang vooruit afgekondig), *Chron.* 19, 23, 26 Aug '25.

moet weer besonders ingerig word vir famielies en partye ¹⁾.

Vir 1 Oktober ²⁾ word aangekondig: *Exchange no Robbery or The Diamond Ring*, Bs. in 3 Bed., deur THEOD. HOOK(E), Esq., en *The Midnight Hour* (uit die Frans van DUMANIANT, vertaal deur Mrs. INCHBALD). Dit word tot 8 Oktober uitgestel ³⁾.

Een van die seldsame handbiljette ⁴⁾ uit hierdie tyd gee die rolbesetting as volg aan:

Exchange no Robbery.

Sir Christopher Cranberry G. C. B.	Mr. HANSON.
Sir Lennox Leinster	Mr. TROWARD.
Captain Littleworth	Mr. WATT.
Swipes	Serjt. CORBISHLEY.
Sam Swipes	Mr. RUNDLE.
Lamotte	Mr. ST. JOHN.
Potts.	HOWELL.
Snowball	Master CANTERBURY.
Lady Cranberry.	Mrs. BLACK.
Miss MELROSE	Mrs. GOULAND.
Mrs. Swipes	Mr. MILLS.
Lapelle	Mrs. O'BRIEN.

The Midnight Hour.

The Marquis	Mr. TROWARD.
The General	Serjt. CORBISHLEY.
Sebastian	Mr. MILLS.
Nicholas	Mr. H. HANSON.
Mathias.	Mr. RUNDLE.
Ambrose	HOWELL.
Julia	Mrs. GOULAND.
Flora	Mrs. BLACK.
Cicely	Mrs. O'BRIEN.

Die spelers het hul "usual success and . . . applause" geniet. "One or two passages in the play called forth an expression of popular feeling which did honour to the hearts of the audience" ⁵⁾.

Tenslotte het gevolg, "For the benefit of Mrs. BLACK and J. CORBISHLEY, the last night of . . . this season" op 5 November ⁶⁾ met: *The Review, or The Wags of Windsor* (COLMAN Jr.), *X. Y. Z.* (COLMAN Jr.), "and other entertainments . . . with several Songs."

¹⁾ *Chron.* 23 Aug. '25. ²⁾ *K. C.* 23 Sept. '25. ³⁾ *K. C.* 30 Sept. '25.

⁴⁾ Openb. Bibl. — Kaapstad.

⁵⁾ *Chron.* 11 Okt. '25.

⁶⁾ *K. C.* 28 Okt., 4 Nov. '25 — na 'n uitstel van 2 Nov. Ook *C. Adv.* 2 Nov. '25.

Vermoedelik ¹⁾ word in 1826 laat begin. Op Woensdag 16 Augustus vind plaas ²⁾: *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), en *Love, Law, and Physic* (KENNEY), Ks.

Die handbiljette hiervan ³⁾ bevestig dat die voorstelling van die "Amateur Company" afkomstig was en in die Afrikaanse Skouburg plaasgevind het.

Die rolbesetting was as volg:

The Heir at Law.

Lord Duberly	Serjt. CORBISHLEY.
Dick Dowlas.	Mr. H. HANSON.
Doctor Pangloss	Mr. HANSON.
Henry Morland	Mr. GOODWIN.
Stedfast.	Mr. KELLY.
Zekiel Homespun	Mr. SANDFORD.
Henrick	Dr. FITZGERALD.
Waiter	Mr. WALKER.
Lady Duberly	Mrs. JOHNSON.
Caroline Dormer	Mrs. O'BRIEN.
Cecily Homespun	Mrs. BLACK.

Love, Law and Physic.

Doctor Camphor	Serjt. CORBISHLEY.
Captain Danvers	Mr. Le Seur.
Flexible.	Mr. SANDFORD.
Lubin Log	Mr. HANSON.
Andrew.	Mr. HANSON.
John Brown	Mr. GOODWIN.
Coachman.	Mr. WALKER.
Mrs. Hilary	Mrs. JOHNSON.
Laura	Mrs. BLACK.

Op 2 September volg, ongetwyfeld van dieselfde geselskap ⁴⁾, *Speed the Plough* (TH. MORTON), "the much admired comedy", en op besonder versoek, *Sharp and Flat*, (LAWLER), Ks. Tussendeur word "the comic song of *Arthur O'Bradley*" gesing. Die voorstelling is 'n benefiese vir mev. JOHNSON. Op Woensdag 20 September ⁵⁾ word opgevoer: *The Cure for the Heart Ache*, (TH. MORTON) Bs., en *We fly by Night* (COLMAN), Ks.

¹⁾ Vgl. verslag bls. 187 e. v.

²⁾ *Chron.* 8, 15 Aug. '26.

³⁾ Openb. Bibl. — Kaapstad.

⁴⁾ *Chron.* 29 Aug. '26. Boaan die advertensie staan „English Theatricals”. Dit sal in die algemeen bedoel wees. Alles verder: plek vir kaartjies, tyd vir voorstelling, mev. JOHNSON, die benaming „Amat. Co.” veral, wys daarop dat die voorstelling van die garn. is.

⁵⁾ *Chron.* 5, 12, 19 Sept. '26. *C. Adv.* 23 Sept. '26.

Hiervan gee die *Commercial Advertiser* ¹⁾ uitvoerige besonderhede. Hierin, sowel as in ander kritiek wat volg, val dit op hoe sorgvuldig die name van spelers verswyg word. Die spelers het dit onaangenaam gevind, veral met die oog op moontlik ongunstige vermelding ²⁾).

In die reël, sê die krietikus, word liefhebberystellinge vrygestel van kritiek. Maar aangesien aan die Kaap toegang gehef word, kan mens ook meer prestasies verwag. Sekerlik het die "Garrison Amateur Company" geweldig verbeter "during the present season". In die plek van 'n paar ou kragte wat weggegaan het, het onlangs uitstekende nuwe bygekom. Al die rolle is uitstekend vervul b.v. Vortex, Frank Oatland, wat byna gelyk aan KNIGHT is, alleen soms te ryk aan aksie, Old Rapid, wat aan MUNDEN herinner, Young Rapid ens. Daar was goeie weergawe van gevoelein nnerlike tweestryd. Sir H. Stanley was bietjie erg housterig.

Die klugspel is net so goed gespeel as die blyspel. Karakters is goed volgehou. Baie toejuiging is ontvang. Jammer dat die seisoen tot 'n einde snel. Die Lt.-Goewerneur en die elite van Kaapstad was aanwesig.

Die *Chronicle* ³⁾ het eweneens alleen woorde van lof oor vir die voorstelling. Dit keur die mense af wat net altyd wil kritiseer, veral amateursopvoeringe, al skiet die spelers soms kort in uitspraak en toneelmaniere ⁴⁾. Langgesigte is onvanpas "where we go only to laugh — for if there is nothing to laugh at, we laugh for laughing's sake alone". Dieselfde rolle, soos in die vorige verslag, word in besonder geprys, alleen Sir H. kry nog meer lof. Young Rapid blyk een van die nuwe aankomelinge te wees.

Miskien was die klugspel bietjie te "broad". Die rol van George Bastion was pragtig; dit was dieselfde speler wat die rolle Neddy Bray, Petruchio en Sam Swipes vervul het ⁵⁾. Jammer dat hy nie veelvuldiger speel nie. Die nuwe aankomelinge wat Winlowe en Count Grenouille gespeel het, was uitstekend. Die hoop word uitgespreek dat die geselskap nog 'n keer in die seisoen sal optree.

Op 4 November ⁶⁾ gebeur dit as benefiese vir mev. O'BRIEN en sers. CORBISHLEY. Gespeel word: *Catherine and Petruchio* (SHAKESPEARE) Bs., *Sy(i)lvester Daggerwood* (COLMAN Jr.), tussenspel, en *A Roland for an Oliver* (TH. MORTON), Ks.

¹⁾ 26 Sept. '26. Hier word die „Afr. Th.” die „C. T. Th.” genoem.

²⁾ Sien bls. 370.

³⁾ 26 Sept. '26.

⁴⁾ Miskien mev. O'Brien en sers. Corbishley. Goeie spelers (sien bls. 190) maar geen mense van stand nie.

⁵⁾ Sien bls. 188.

⁶⁾ *Chron.* 24, 31 Okt. '26. *C. Adv.* 14, 21, 24 Okt., 4 Nov. '26. Oorspronklik op 20 Okt. vasgestel met *Blue Devils* i. p. v. *Silvester Daggerwood*.

'n Enigsins maer jaar, ewenas 1825, was dus 1826 vir die Engelse toneel, ook wat betref die ander geselskap ¹⁾. Die laagste punt word waarskynlik in 1827 bereik. Alleen drie voorstellinge van die "Garrison Amateur Company" is bekend ²⁾. Daarna begin toestande vir die Engelse toneel langsamerhand verbeter, tot 1830 'n groot bloeijaar word — weer deur opname van beroepskragte. Intussen is dit baie moontlik dat lang nie alle voorstellinge bekend is nie.

Gedurende 1827, soos gedurende 1828, kom die beriggewing baie kort. Die *Commercial Advertiser* van Mei 1827—Oktober 1828 is onderdruk; ander blaaië is òf onvolledig òf onsimpatiek teenoor toneel ³⁾.

1827 word ingelui met die bekendmaking ⁴⁾: "The Garrison Amateur Company intend to commence . . . the present season, early in the ensuing month", d.w.s. in Mei, met: *Speed the Plough* (TH. MORTON), en *Love Laughs at Locksmiths* (COLMAN Jr.) "musical farse" (sic! — F.B.). Speelplek is die "South African Theatre".

Hierna word waarskynlik deurgespeel, maar dit word Augustus voor ons weer iets verneem. Dan heet dit dat die "Amateur Company" in die "Cape Town Theatre" op Maandag 27 Augustus ⁵⁾ sal opvoer: "the celebrated farce of *Monsieur Tonson* (MONCRIEFFE) with the *Serio-Comic*, bombastic, operatic Interlude of *Amoroso* (PLANCHÉ) en *Miss in Her Teens*, (GARRICK)". Sou hierdie voorstelling van die garnisoensgeselskap gewees het? Ek meen van wel, maar dis lang nie seker nie ⁶⁾. Tenslotte word op Woensdag 5 September ⁷⁾, onder patronasie van die Lt.-Goewerneur en vrou,

¹⁾ Sien bls. 200.

²⁾ Dis *moontlik* dat die ander ges. kon gespeel het, sien bls. 201; selfs een van hierdie drie voorstellinge, sien bls. 191, vtn. ⁶⁾.

³⁾ *Col.* — onsimpatiek; *G. G.* — onvolledig, ongeskik en miskien onsimpatiek; *Verz.* — onvolledig.

⁴⁾ *G. G.* 27 Apr. '27.

⁵⁾ *G. G.* 24 Aug. '27.

⁶⁾ Vir die garn. pleit die naam „Amat. Co.” en die pryse. Vir die „English Theatricals” die benaming „C. T. Th.” vir die speelplek, die persoon van Greig tot op sekere hoogte as lootjiesagent, (reeds daarvoor medeagent vir die „Eng. Theatr.”, sien Tabel F; terwyl Bridekirk van die *Chron.* dit vir die garn. was, sien Tabel F; die *Chron.* wat egter na 1826 ophou om te bestaan, sodat die garn. allig naar Greig, met sy *C. Adv.* kon verander het), in besonder die korte tussenruimte tot die volgende voorstelling, wat definitief van die garn. is. Die gebruik „C. T. Th.” as benaming kan naamsverwarring wees, sien bls. 358, 359 e. v., die korte tussen tyd kan verklaar word uit die feit dat die Aug.-voorstelling moontlik 'n uitgestelde was, dit vind op Mdg. i. p. v. Sat. (soos gewoonlik), plaas; of veeleer dat die volgende Sept.-voorstelling, as benefiese, 'n blote herhaling van reeds tevore gespeelde stukke was. Oor die algemeen was dit trouens bekende stukke wat weinig werk vir opvoering moes gevorder het.

⁷⁾ *G. G.* 31 Aug. '27.

as benefiese vir mev. BLACK en mev. JOHNSON, in die Afrikaanse Skouburg gegee: *She Stoops to Conquer* (GOLDSMITH), en *Bombastes Furioso* (RHODES).

Interessant is hierdie klaarblyklike sinonieme gebruik van die benaminge Suid-Afrikaanse, Kaapstadse en Afrikaanse Skouburg vir een en dieselfde plek van opvoering.

Die verder lotgevalle van die garnisoenspelers tot 1834 is enigszins duister. Hul het 'n gedeelte van die tyd seker nie gespeel nie; waarskynlik byna die hele tyd nie. Hulle word nooit vermeld nie, tenminste nie direk nie, en die volgende berig uit 1833¹⁾ in besonder werp veel lig op die toestand.

„Het Kaapsche Theater wanneer het Engelsche Gezelschap speelt, is, zoals men zegt, in den slegsten styl van Liefhebbery. Dit ontstaat door den systematischen tegenstand van den Gouverneur, dat de officieren van het garnizoen eenigszins deel nemen in het amusement. De Hollandsche Liefhebbers zegt men, zyn veel gelukkiger in hunne ondernemingen om de samenleving te vermaken, doch ook hunne vertooningen worden niet heel talryk bezocht.”

'n Ander berig uit 1833²⁾ praat bevestigend van die garnisoensopvoeringe as “formerly”.

Die Goewerneur uit hierdie tyd was sir LOWRY COLE en hy was aan die Kaap van 9 September 1828 tot 10 Augustus 1833³⁾. Ons het dus alle rede om aan te neem dat gedurende sy regeertyd garnisoenstoneel, tenminste vir sover deur offisiere beoefen, tot stilstand gekom het. Trouens sir LOWRY COLE is ternouernood weg of die garnisoensgeselskap herleef in 1834.

Watter spore sou intussen bestaan van 'n waarskynlike voortlewing van die geselskap, tenminste tot eind 1828, en miskien daarna? Ek herinner daaraan dat die beriggewing vir 1828 baie sleg is⁴⁾. Dit word 'n geval van veel taste en soeke.

Vir die grootste deel van 1828 meen ek om te kan aanneem dat die garnisoensgeselskap bly deurspeel het, hoewel hul nêrens regstreeks genoem word nie⁵⁾.

Op Maandag 2 Januarie⁶⁾ vind in “The Theatre” (Afrikaanse Skouburg) plaas *The Miller and his Men* (POCOCK), en *The Irish Tutor* (GLENGALL). Die spelers word genoem “The Gentlemen Amateurs,” waarmee ongetwyfeld die garnisoenspelers bedoel

1) Z. A. 3 Mei '33. Oorgeneem uit die *Bengal Hurkaru en Chron.* uit 'n stuk *A Week at the Cape* van 'n korresp. aldaar.

2) C. Adv. 15 Mei '33. Verslag van bal in Kasteel.

3) Theal, 1795 *ens.* II, bls. 1. 4) Sien bls. 190.

5) Vir die moontlikheid dat dit die *Eng. Th. Amat. Co.* kon gewees het, sien bls. 193, 201.

6) Col. 10 Jan. '29. In Verslae „The Theatre” gew. Afr. Skoub.

word. Ek herinner slegs aan die ou naam: "Gentlemen of the Garrison." Bowendien vertel die verslag¹⁾ dat die geselskap dieselfde moeite gedoen het om hul gehoor tevrede te stel, soos dikwels tevore. Ons het dus met 'n gevestigde geselskap te doen wat klaarblyklik nog kort tevore gespeel het. Dit, weet ons, was die geval met die garnisoensgeselskap.

Die huis was oorlopend vol. Daar word gekla oor die inwendige toestand van die skouburg. Die kleur waarin dit van binne geverf is, is so donker geword dat ontsettend veel verligting nodig is. Verbetering word gevra vir die volgende seisoen.

Begin Augustus²⁾ vind ons ook 'n aankondiging van die „Gentlemen Amateur Company” dat hul *The Poor Gentleman* (COLMAN Jr.), en *Billy Button*, Ks., voorberei. Daar kan m.i. weinig twyfel bestaan dat ons met dieselfde geselskap soos uit die begin van die jaar te doen het. Wat van die geselskap hierna geword het, gesien ook die koms van goewerneur COLE in September, word nog meer gissing.

In 1829 bestaan daar 'n "English Theatrical Amateur Company" en 'n "Cape Town Amateur Company" aan die Kaap. Kan ons spore van die ou "(Garrison) Amateur Company" hierin vind?

Eersgenoemde geselskap was die ou "English Theatricals." Die nuwe naam verdien opmerking — 'n samesmelting miskien van "English Theatricals" en "(Gentlemen of the Garrison) Amateur Company"? Nog meer opmerking verdien die feit dat iemand soos mev. BLACK, vroeër³⁾ van die Garnisoensgeselskap, deel van die geselskap uitmaak. Sou die verbod van die Goewerneur nog nie gegeld het nie toe die ou "Amateur Company" miskien in die "English Theatricals" opgegaan het? Of was dit alleen meespelende lede buite die garnisoen wat, na die verbod van die Goewerneur, tot die „burger" geselskap oorgegaan het? Of was die "Gentlemen Amateur. Company" en die "English Theatrical Amateur Company" altyd dieselfde, dat die garnisoensgeselskap reeds na 1827 opgehou het om te bestaan? Verband bestaan daar; dis alleen die vraag watter?

Bowendien bestaan die "English Theatrical Amateur Company" tot begin 1830. Dan verdwyn dit vergoed. Sou so'n saamgesmelte geselskap tot dan bestaan het omdat die Goewerneur se verbod toe eers gekom het?

Die "Cape Town Amateur Company" was ongetwyfeld 'n nuwe geselskap sedert 1829⁴⁾. Elders word dit "Mr. Stapleton's Company" genoem na die direkteur, iemand uit die burgery⁵⁾,

¹⁾ *Col.* — Sien vtn. 6, vor. bls. ²⁾ *Verz.* 6 Aug. '28. ³⁾ Sien bls. 188.

⁴⁾ Sien bls. 202.

⁵⁾ *C. Adv.* 25 Mei '31. (Iemand vermoedelik van die koerantewêreld); *Alm.* 1846 (Het 'n „Seminary" 63 St. Georgesstr.).

soos sy geselskap ook waarskynlik uitsluitend uit die burgers was. Immers sy geselskap word die kern¹⁾ van *All the World* — wat dwarsdeur die tyd van die Goewerneur se verbod bestaan.

Hierdie opvatting omtrent die "Cape Town Amateur Company" word versterk met die oog op die moontlike garnisoenselement in die "English Theatrical Amateur Company".

Dat offisiers-elemente dus in die "Cape Town Amateur Company," en ewentueel in *All the World* sou tereg gekom het, selfs vir 'n gedeelte van sy tyd van bestaan, dink ek onwaarskynlik.

Veeleer val te vermoed dat die „Gentlemen Amateur Company" in 1828 die voortsetting van die ou garnisoensgeselskap was; dat dit met die koms van die Goewerneur, eind 1828, ophou met bestaan; maar dat enkele elemente, waarskynlik alleen medespelendes van buiten die garnisoen tot die "English Theatrical Amateur Company" oorgegaan het. Die verdwyn van die "English Theatrical Amateur Company" in 1830, miskien vrywillig, sal in die eerste plek aan die opkoms van *All the World* onder BOOTH te danke wees, toe sommige van die lede van eersgenoemde geselskap by laasgenoemde aangesluit het²⁾.

By 1834 het *All the World* sy beste tyd gehad. COLE het in 1833 vertrek. Dit hoef dus geen verwondering te wek dat twee nuwe geselskappe hul verskyning maak nie: één van garnisoensoffisiere en één van ander liefhebbers³⁾.

Onder opskrif "Private Theatricals by the officers of the Garrison", word *Katherine and Petruchio* van SHAKESPEARE, *The Haunted Inn* (PEAKE) en *Bombastes Furioso* (RHODES), vir intekenaars aangekondig op Vrydag 11 Julie⁴⁾.

Onderaan die berig staan "Main Barracks", met datum van kennisgewing. Ons kan hierin 'n herbegin van die Garnisoenskouburg sien⁵⁾.

Op Woensdag 10 September⁶⁾ volg die "Garrison Amateurs" met: *The Heir at Law* (COLMAN Jr.), Bs., en *Comfortable Lodgings* (PEAKE) "amusing farce"; en op Woensdag 19 November⁷⁾ onder patronasie van goewerneur D'URBAN, die "Last representation this season" met: *The Midnight Hour*, "Mrs. Inchbald's Petite Comedy", en *The Illustrious Stranger, or Married and Buried!!* (KENNEY en MILLINGEN), "comic operatic farce".

Alle surplus-ontvangste is tot benefiese van mev. BLACK

¹⁾ Sien bls. 203; die ander ges. kon dit nie gewees het nie, want die bestaan nog na die stigting van *All the World*.

²⁾ Sien bls. 203.

³⁾ Sien bls. 204.

⁴⁾ *C. Adv.* 8 Jul. '34.

⁵⁾ Sien bls. 361 e. v.

⁶⁾ *C. Adv.* 30 Aug. '34.

⁷⁾ *C. Adv.* 22, 25, 29 Okt., 15, 19 Nov. '34. Na uitstel van Dond. 30 Okt

en haar vier kinders wat graag begin volgende jaar naar Europa wil terugkeer.

In 1835 begin die offisiere van die 98^{ste} Regt., onder beskerming van lady D'URBAN, op Woensdag 29 April¹⁾, met: *The Flying Dutchman, or the Phantom Ship* (FITZBALL), "nautical drama", en *The Irish Tutor, or New Lights* (GLENGALL), Ks. Die besondere hulp van die here PAGE en BICKERSTETH, burgers en waarskynlik liefhebberyspelers van naam, word aangekondig; ondersteuning wat egter nie verwesenlik word nie²⁾. Hierdie keer speel die garnisoen in die „Amateur Theatre”; enige oorskot gaan vir liefdadigheid³⁾.

Van hierdie voorstelling word getuig⁴⁾: "The first piece was got up with great care and was sustained throughout with a spirit and vivacity highly favourable to the amateurs. The scenery and dresses were excellent — the former, it is understood was chiefly painted by one of the company". Die beste rolle was Peppercoal, Peter von Bummel en John Varnish; goed ook was Toby, en Lucy Lestelle. Tussenin is die lied van die Suidersee met veel sukses gesing. In die klugspel het Terry O'Rourke uitgeblink. Lady D'URBAN en ander elite was aanwesig. Die goeie en sorgvuldige voordrag van die stukke het baie toejuiging van die propvolle huis uitgelok. 'n Groot oorskot word verwag.

So groot inderdaad was die sukses dat *The Flying Dutchman* (FITZBALL) op Woensdag 3 Junie⁵⁾ herhaal word, met *Amateurs and Actors* (SHERIDAN) as klugspel. Om teleurstelling te voorkom word 'n spoedige aanvraag van kaartjies aanbeveel. Verder volg op

Dinsdag 28 Julie⁶⁾: *Charles the Twelfth* (PLANCHÉ), "historical drama", en *The Review, or The Wags of Windsor*, (COLMAN Jr.), Ks.

Donderdag 8 Oktober⁷⁾: *The Magpie, or The Maid* (?) (POCOCK), "popular melo-drama"; en *Love, Law and Physic* (KENNEY) "amusing farce". As benefiese vir mev. WESTCOTT.

In 1836 voer die Garnisoensgeselskap die alleenheerskappy op gebied van Engelse toneel. Die Goewerneur en sy vrou verleen hul beskerming. Die geselskap begin met 'n herhaling, op besondere versoek, van *The Flying Dutchman* (FITZBALL), op Woensdag 8 Junie⁸⁾. Nastuk is *The Irishman in London* (Wm. MACREADY).

Op Woensdag 3 Augustus⁹⁾ volg op besondere versoek

1) *C. Adv.* 25 Maart, 22, 29 Apr. '35. 2) *C. Adv.* 28 Maart '35.

3) *C. Adv.* 22 Apr. '35.

4) *C. Adv.* 2 Mei '35.

5) *C. Adv.* 13, 16, 27, 30 Mei, 3 Jun. '35.

6) *C. Adv.* 15, 18, 25, 29 Jul. '35.

7) *C. Adv.* 30 Sept., 30 Okt. '35.

8) *C. Adv.* 21 Mei, 4, 8 Jun. '36.

9) *C. Adv.* 23, 30 Jul., 3 Aug. '36.

She Stoops to Conquer (GOLDSMITH), Bs., en *The Miller and his Men* (POCOCK), Melodrama.

Reeds by die begin van die seisoen het die agitاسie teen die "onsedelike" toneel heftig opgelaai ¹⁾. *She Stoops* lok 'n direkte aanval uit in 'n brief aan die *Commercial Advertiser* ²⁾. Heldin en held word veroordeel as hoogs onsedelike en afkeurenswaardige persone.

Ons kan ons voorstel dat dit 'n goeie ding vir die opvoering was, dat die brief eers daarna verskyn het — hoewel reeds 30 Julie geskryf.

Daar volg op

Woensdag 31 Augustus ³⁾: *Guy Mannering* (TERRY), „melodrama”, en *The Review* (COLMAN Jr.), Bs.

Vrydag 23 September ⁴⁾: *The Poor Gentleman*, Bs., en *The Miller and his Men* (POCOCK).

Onder 15 Maart '27 ⁵⁾ word alle vorderinge op die "Garrison Amateur Theatrical Company" vir afdoening opgevra by kapt. DUNLEVIE van die 98^{ste} Regiment, in die „Main Barracks”.

Die aanvalle op die toneel ⁶⁾ het nie sonder uitwerking gebly nie. In 1837 word slegs enkele male sporadies opgevoer ⁷⁾, maar nie, vir sover bekend, deur die garnisoensliefhebbers nie.

In 1838 kondig die 27^{ste} Enniskillen Regiment, met verlof van die Kommandant, Kol. HARE, die opvoering aan op Woensdag 2 April ⁸⁾, "In the Theatre, New Barracks" van: *The Rivals* (SHERIDAN), Bs., waarna 'n paar "comic songs"; om te eindig met *The Irish Widow* (GARRICK) "laughable farce." Dis die eerste regstreekse definitiewe vermelding van die Garnisoenskouburg wat ons het.

Dis onwaarskynlik dat die geselskap hiermee sou opgehou speel het. Maar vir 'n hele tyd vind ek geen verdere vermelding nie. Met die dood van die Afrikaanse Skouburg in 1839, sowel as die van ander geselskappe, sal ekstra propaganda deur die koerante omrede van konkurrensie onnodig gewees het.

b. Geselskappe uit die Burgery.

1. English Theatricals (Engelsche Komедie).

Die naam van hierdie geselskap is die ou naam van die Engelse liefhebbergeselskap vóór 1819. Toe was dit essensiëel die garnisoensgeselskap. Maar die herlewing daarvan in 1823 gaan van die burgery uit ⁹⁾, vermoedelik amptenare in besonder, in teenstelling met die "Amateur Company" wat van die garnisoen uitgaan.

¹⁾ sien bls. 351.

²⁾ sien bls. 352.

³⁾ *C. Adv.* 20, 27, 31 Aug. '36.

⁴⁾ *C. Adv.* 17 Aug., 10, 17, 21 Sept. '36.

⁵⁾ *C. Adv.*

⁶⁾ sien bls. 351 e. v.

⁷⁾ sien bls. 207.

⁸⁾ *Med.* 27 Maart '38.

⁹⁾ sien bls. 198.

Die twee geselskappe wedywer gedug met mekaar; die allereerste voorstelling van die Engelse Komedie wek selfs 'n indruk van vyandskap. Hulle het in elk geval die „Liefhebbery Gezelschap” 'n groot vlieg afgevang, n.l. die voorstelling gedurende “Race Week”¹⁾. Met hierdie voorstelling het hulle begin, en dit het plaasgevind in die “Cape Town Theatre (Kaapsche Schouwburg)”, soos verder, op 3 Mei²⁾ met: *Ways and Means*, (COLMAN Jr.), Bs., en *Modern Antiques, or The Merry Mourners* (O'KEEFE) Ks., “to conclude the amusements of the Race Week.” Met die Liefhebberygeselskap speel hulle vervolgens so te sê beurt om beurt, om die veertien dae.

Op 14 Junie³⁾ “for the benefit of a widow, with five children” volg: *The Midnight Hour* (Mrs. INCHBALD), Bs., en *The Wedding Day* (FIELDING of Mrs. INCHBALD) as nastuk.

Op 21 Junie⁴⁾ word op besondere versoek van diegene wat die vorige keer deur die slegte weer verhinder was om te kom, die voorstelling herhaal, tesame met *The King and the Miller of Mansfield* (DODSLEY), “dramatic tale”. Kaartjies van die 14^{de} bly geldig.

Hierna volg — Saterdagsoos gewoonlik — op

26 Julie⁵⁾: *The Honey Moon* (TOBIN) Bs., en *The Blue Devils* (COLMAN Jr.), “entertainment (nastuk).”

9 Augustus⁶⁾: *The Honey Moon* (TOBIN), herhaal, wat pleit vir sy sukses, en *Modern Antiques* (O'KEEFE), ook al tevore opgevoer.

20 September⁷⁾: *Douglas* (HOME), Trs., en *The Sleeping Draught* (PENLEY), nastuk.

Die onvermydelike uitstel van die blyspel, *A Bold Stroke for a Wife* (Mrs. CENTLIVRE), vir 'n paar weke, word aangekondig.

11 Oktober⁸⁾: Herhaling van die vorige voorstelling op besondere versoek van diegene wat dit toe bygewoon het. Die “melo-dramatic opera of *Rob Roy Macgregor Campbell*” (naar W. SCOTT), word aangekondig.

Op 18 Oktober⁹⁾ is *Rob Roy* “in a state of forwardness”. *The Mock Doctor* (FIELDING), sal die nastuk wees. Tenslotte volg hierdie twee stukke op

15 November¹⁰⁾: *Rob Roy* “with the original Overture and Music, new Scenery, Dresses, etc.”

6 Desember¹¹⁾: *The Wonder, or A Woman Keeps a Secret* (Mrs. CENTLIVRE), Bs., mev. BLACK as Donna Violante; en *Three Weeks after Marriage* (MURPHY), mev. BLACK as Lady

1) Sien bls. 183 e. v.

3) K. C. 31 Mei, 7 Jun. '23.

5) K. C. 5, 12, 19, 26 Jul. '23.

7) K. C. 6, 13, 20 Sept. '23.

9) K. C. '23.

2) K. C. 19, 26 Apr., 3 Mei '23.

4) K. C. 21 Jun. '23.

6) K. C. 29 Aug. '23.

8) K. C. 27 Sept., 4 Okt. '23.

10) K. C. 15 Nov. '23. 11) K. C. 22, 29 Nov., 6 Des. '23.

Racket. Die geheel is 'n benefiese vir genoemde speelster wat hier vir die eerste keer genoem word.

20 Desember¹⁾: Herhaling van *Rob Roy* (SCOTT); verder vind *All the World's a Stage* (JACKMAN), Ks., plaas.

Eintlik tot hierdie seisoen behoort 'n voorstelling van 28 Januarie '24²⁾ waarby *A Wonder* (Mrs. CENTLIVRE), ens. herhaal word. Die plekaanduiding as "African Theatre³⁾, Cape Town", is editoriaal en bewys verder dat "Cape Town Theatre" en "African Theatre" dieselfde moet wees. Die vermelding: "We understand several other numbers have been committed there" versterk die bewys, aangesien in die ander aankondiginge altyd „Cape Town Theatre" staan.

Die 1824 seisoen word as volg ingelui: „The *Amateurs* resident in Cape Town, who played last season" onder die naam van "English Theatricals", sal met hul voorstellinge weer aanvang op 10 April⁴⁾ met: *Tekeli, or The Siege of Montgatz* (HOOK), "Melo-Drama", en *Love à-la-Mode* (MACKLIN), Ks.

Hiervan rapporteer 'n korrespondent⁵⁾: "Our interesting little Theatre commenced operations on Saturday last.... We are glad to notice the.... improvement.... made during the vacation. Redundancy of action and a halting sing-song mode of delivery are generally the prominent faults of 'Amateurs'", maar nie hierdie keer nie. Die hele geselskap het hul uiterste bes gedoen; die krietikus sal geen persone noem nie. "And he must be a churl indeed that could complain of a host who had served up an entertainment (however humble) to the best of his abilities. The scenery and dresses were very good." Maar die keuse van die melodramas was ongelukkig. Ligte, grappige stukke is veel aanbevelenswaardiger. 'n Mens sien dit in Engeland waar prowinsiale bestierders veel meer geld maak met LISTON as met welke tragiese akteur ook.

Die krietikus stel dus die Kaapse toneel enigsins op 'n lyn met Engelse prowinsiale toneel. Origens is sy maatstaf nie hoog nie; sy kritiek vergoeilikend; sy raad — ongesond. Gelukkig skyn die geselskap daar weinig notiesie van te neem; ook skyn die Kaapse publiek 'n bietjie van smaak te verskil met die Engelse!

Verder speel die geselskap op

22 Mei⁶⁾: *The Mountaineers* (COLMAN), Tsp., en *The Irish*

1) *K. C.* 13, 20 Des. '23.

2) *C. Adv.* 28 Jan. '24.

3) Die gewone benaming by opvoeringe van die „Amat. Co." Hier sal dit 'n geval wees van naamsverwisseling, sien bls. 184.

4) *K. C.* 3 Apr. '24.

5) *C. Adv.* 14 Apr. '24.

6) *K. C.* 24 Apr., 18, 22 Mei '24.

Widow (GARRICK). "The character of the 'Widow Brady' by a Lady, her first appearance on the stage" ¹⁾.

12 Junie ²⁾: *Lovers' Vows* (KOTZEBUE), Tsp., en *The Irish Widow* (GARRICK), (herhaal) "for the benefit of Mrs. CROLE and her two infant orphans who are left totally unprovided for."

17 Julie ³⁾: *Ivanhoe, or The Jewess of York* (naar W. SCOTT), Tsp., na 'n lange tyd van voorbereiding ⁴⁾, en *Who's the Dupe* (COWLEY), Ks.

11 Augustus ⁵⁾ (Woensdag): *Rob Roy* (W. SCOTT), "melodramatic opera" (in die soveelste weeropvoering), en *The Weather-Cock* (FORREST), Ks.

11 Sept. ⁶⁾: *Inkle and Yarico* (COLMAN Jr.), „opera", en *The Spoiled Child* (BICKERSTAFFE), Ks. Tot benefiese van mev. BLACK.

16 Oktober ⁷⁾: *A Bold Stroke for a Wife* (Mrs. CENTLIYRE), Bs., en *The Poor Soldier* (O'KEEFE), Ks.

In verband hiermee moes die brief verskyn het, wat sterke afkeuring uitspreek oor die „sterke" taal van een van die spelers, hoewel die skrywer origins die Kaapse toneel goedgesind is ⁸⁾.

27 November ⁹⁾: *The Castle Spectre* (LEWIS), drama, met 'n herhaling van *The Poor Soldier* (O'KEEFE), „musical farce".

Hiermee het die seisoen vermoedelik afgesluit. Opvallend is die aantal stukke wat sangelemente bevat. Daar moes 'n paar goeie singkragte onder die geselskap gewees het.

Die volgende jaar, 1825, is opmerklik, ewenas by die "Amateur Company" ¹⁰⁾, vir die agteruitgang in die aantal voorstellinge. Daar is ons alleen twee voorstellinge bekend. Die veelvuldigheid van Hollandse opvoeringe kon hieraan sy deel gehad het. *Honi* word selfs so vermetel, dat hy die Engelse op hul eie terrein ontmoet en Engelse stukke opvoer ¹¹⁾. Die Engelse koerante het die agterstand van die Engelse toneel gevoel en die spelers probeer aanspoor, maar met skamel sukses ¹²⁾. Daar was ook 'n ander rede vir die laat aanvang van die Engelse geselskappe. Op 4 Mei 1825 ¹³⁾ heet dit: "It has been intimated to us, that so soon as sufficient facilities are afforded, as regards the scenery of the *African Theatre*, one or more companies of English amateurs will

1) K. C. 22 Mei '24.

2) K. C. 5, 12 Jun. '24.

3) K. C. 26 Jun., 3, 10, 17 Jul. '24.

4) K. C. 15, 22 Mei '24 — Reeds aangekondig. Heet melodrama hier naar die bekende roman.

5) K. C. 24, 31 Jul., 7 Aug. '24. Na uitstel van 7 Aug.

6) K. C. 21, 28 Aug., 4, 11 Sept. '24.

7) K. C. 2, 9, 16 Okt. '24.

8) Sien bls. 343.

9) K. C. 20, 27 Nov. '24.

10) Sien bls. 186.

11) Sien bls. 294 e. v.

12) Sien bls. 236.

13) *Chron.* '25.

offer their attempts, to avert the dull tedium of the long approaching winter evenings."

Direk hierop word aangekondig¹⁾, hoewel die voorstelling eers op Saterdag 11 Junie²⁾ plaasvind: *The Stranger* (KOTZEBUE), uit die Duits van KOTZEBUE, en *20 Percent, or My Father*, Ks. (outeur onbekend).

Intussen was die verbeteringe binne die Skouburg baie suksesvol teen 1 Junie tot 'n einde gebring³⁾. Die *Duenna* van SHERIDAN, een van die grootste suksesstukke⁴⁾ van die tyd, word vervolgens ter hand geneem⁵⁾. Maar "in consequence of a melancholy circumstance, the opera . . . is unavoidably postponed"⁶⁾. Hierdie droewige gebeurtenis was, naar alle waarskynlikheid, die selfmoord van die heer T. HAMMOND, vermoedelik een van die lede van die geselskap⁷⁾.

Trouens, die *Duenna* (SHERIDAN) skyn hierna van die baan. 'n Mens hoor daar niks meer van nie. Alleen nog een voorstelling is bekend, hoewel meer voorstellinge natuurlik 'n moontlikheid bly. Hierdie voorstelling was van *Douglas* (HOME), Trs. en *The Weathercock* (FORREST). Aanvanklik aangekondig vir 16 Julie⁸⁾, heet dit dan "postponed until further notice"⁹⁾, en vind per slot van rekening op 20 Julie¹⁰⁾ plaas. Dit het dus allesbehalwe glad van stapel geloop. Miskien het die verlies van HAMMOND die geselskap nog te veel gedruk, dat dit hierna tou opgooi.

Die name van die Engelse geselskappe word nie altyd presies in 1826 aangegee nie. Die „Engelse Komedie” gee ongetwyfeld die volgende voorstellinge¹¹⁾. Op

6 Mei¹²⁾: *Lovers' Vows* (KOTZEBUE), Tsp., ander vermaaklikhede, en *The Jew and the Doctor* (DIBDIN) "favourite farce . . . For the benefit of a Distressed family".

26 Junie¹³⁾ (Maandag): *Father and Son, or The Rocks of la Charbonnière* (FITZBALL), "new Melodrama," en *Sharp and Flat* (LAWLER), "new musical farce". Dis 'n benefiese vir die heer WHILEY.

29 Julie¹⁴⁾: *Past 10 o'Clock and a Rainy Night* (DIBDIN), en *Gallant Truths, or Sprigs of No-A-Bility*¹⁵⁾, "a satirical, quizzical, and ridiculously farcical Extravaganza"; verder

1) *K. C.* 7 Mei '25.

2) *K. C.* 28 Mei, 4, 11 Jun., '25.

3) *Sien* bls. 282.

4) *Vgl. Chron.* 24 Jan. '26. 5) *K. C.* 8 Jul. '25.

6) *K. C.* 8 Jul. '25. *Vgl. bls.* 283 uitstel van *Honi.*

7) *K. C.* 5 Jul. '25.

8) *K. C.* 8 Jul. '25.

9) *K. C.* 15 Jul. '25.

10) *Chron.* 19 Jul. '25.

11) Dis waar in die eerste plek „C.T. Th.” by staan; of (en), 'n bekende medespeelster, soos mev. Black genoem word, of vir liefdadigheid gespeel word, 'n kenmerk van die Eng. Komedie in hierdie tyd; veral ook Howell, onder die lootjiesagente genoem word.

12) *C. Adv.* 3 Mei '26.

13) *C. Adv.* 21 Jun. '26.

14) *C. Adv.* 25 Jul. '26.

The Unspoiled Child, (*The Spoil'd Child*, BICKERSTAFFE), "favourite farce For the benefit of Mrs. BLACK".

Dit was vermoedelik die laatste voorstelling van die jaar. Vir die moontlikheid dat in 1827 gespeel is, verwys ek elders 1); afgesien van die reeds vermelde slegte beriggewing van 1827—'28 2).

Dit word einde 1828 voor ons weer van die burgergeselskap hoor. Dan heet dit "The English Theatrical Amateur Company". Die veranderde naam gee te denke. In hoeverre die geselskap elemente uit die ou „Amateur Company" van die garnisoen kon opgeneem het is elders behandel 3).

Op 8 November 4) voer "The English Theatrical Amateur Company" op: *The Mayor of Garratt*, (FOOTE), *Sharp and Flat* (LAWLER), "musical farce", en *Past ten o'Clock, or A Rainy Night* (DIBDIN).

"Further particulars in future bills and advertisements". Ons het alweer die handbiljette, dikwels ongelukkig ten koste van die advertensies, soos hier, — en ons kennis van feite! Verder is dit ondenkbaar dat die geselskap eers in November sal begin speel het. Ongetwyfeld het daar ander voorstellinge voorafgegaan. Die gebruik van uitsluitlik handbiljette sal die gebrek aan aankondiginge in die koerante verklaar.

Op 9 Mei 1829 5) vind 'n benefiese vir mev. BLACK plaas met: *Reformation*, Tussenspel, *The Mogul Tale, or The Descent of the Balloon* (Mrs. INCHBALD), Ks., en *Trick for Trick, or The Admiral's Daughter* (Anoniem), Bs.

In April 1829 het 'n Franse skip *L'Eole* op die ooskus van Suid-Afrika gestrand. Van die twintig persone aan boord het alleen 'n agtal behoue aan land gekom. Na allerlei merkwaardige lotgevalle het hulle eindelijk Kaapstad bereik 6).

Direk was natuurlik die liefdadigheid in die weer. Alle liefhebbers, Hollandse en Engelse, „welke genegen mogten zyn met eene bloem uit hun hof het altaar der weldadigheid op te sieren en werkelyk, *Nut en Vermaak* 7) te paren" word uitgenooi om saam te span tot 'n gemeenskaplike voorstelling vir die skipbreukelinge in die Afrikaanse Skouburg in Julie 8). Dit word aan die hand gegee om 'n Franse, Hollandse en Engelse stuk op te voer, „om daardoor aan ieder een geleentheid te geven zyne krans uit zyn eiegenen tuin te vlechten". By die heer L. CAUVIN, Walestraat 33, lê

1) Sien bls. 191, vtn. 6).

2) Sien bls. 191.

3) Sien bls. 193.

4) *C. Adv.* 1 Nov. '28 (Sat.).

5) *C. Adv.* 18, 25, 29 Apr.. 8 Mei '29. Na uitstel van 2 Mei. „C. T. Th." soos gew.

6) Vgl. Boniface: *Relation ens.*, sien bls. 124; Mendelssohn *Bibl.* I, bls. 150.

7) Sien bls. 242.

8) *C. Adv.* 27 Jun. '29, *G. G.* 26 Jun. '29.

'n intekeningslys vir alle hulpvaardiges. Ekskuus word gemaak omdat „het ceremonieel . . . hier achterwege (is) gelaten”. Bedoel word vermoedelik die versuim om die spelers persoonlik te benader. Maar die korte tyd, dringende nood en prysenswaardige doel, sê die oproep, kan dit vergoelik. Goeie gesindheid aan die kant van die publiek sal seker nie ontbreek nie.

Tog het dit met die saamwerk nie gevlot nie, alhoewel daar ywer genoeg was. Op 1 Julie¹⁾ word gemeld “that two Amateur Companies (both however English)” aangebied het om dieselfde aand saam te speel. “In consequence of of the shortness of time,” vermoedelik om Hollandse spelers by te kry, sal 'n suiwer Engelse voorstelling plaasvind op 11 Julie²⁾ met *The Mayor of Garratt* (FOOTE), *The Sleep Walker, or Which is the Lady* (?) (OULTON), en *Sharp and Flat* (LAWLER), aldrie Kss. in 2 Bed.

Wie was die twee Engelse geselskappe? Dit blyk gou-gou: die “English Theatrical Amateur Company” en die “Cape Town Amateur Company”. Eersgenoemde geselskap is reeds behandel³⁾. Ook oor die “Cape Town Amateur Company” is een en ander gesê⁴⁾. Hier is miskien die beste plek om sy verdere geskiedenis na te gaan.

2. Cape Town Amateur Company.

Op 20 Junie⁵⁾ gee die “Cape Town Amateur Company” in die “Cape Town Theatre” *Charles the Second* (PAYNE), en *The Liar* (FOOTE), nastuk, “interspersed with several comic songs . . . For the benefit of Mr. and Mrs. Jessup and 5 children lately wrecked in the *Columbine* on this coast.”

Die voorstelling moes 'n sukses gewees het, soos blyk uit 'n berig spoedig hierop.

Die geselskap sou meespeel met die ander Engelse geselskap in die voorstelling vir die skipbreukelinge van *L'Eole*⁶⁾, maar onder 11 Julie⁷⁾ word bekend gemaak: “*The Mayor of Garratt* was to have been performed by Mr. STAPLETON'S Party, a company so advantageously known to the public by their last performance of *Charles the Second* and especially *The Liar*, but the Management sent word yesterday that they on their way to the Theatre had unfortunately lost a page (miskien sinspeling op die heer PAGE?⁸⁾), and that this loss to them was so severe, so irreparable” dat hul nie verder hul hulp kon verleen nie. Die ander geselskap was egter so goed om die stuk op te

¹⁾ *C. Adv.* '29.

²⁾ *C. Adv.* 4, 8 Jul. '29; *G. G.* 3 Jul. '29.

³⁾ Sien bls. 193 e. v.

⁴⁾ Sien bls. 193 e. v.

⁵⁾ *C. Adv.* 17 Jun. '29 (Sats. soos gew.).

⁶⁾ Sien bls. 202.

⁷⁾ *C. Adv.* '29.

⁸⁾ Sien bls. 194.

neem¹⁾, nieteenstaande die korte tyd nie, en die voorstelling sal soos gewoonlik deurgaen.

Hiermee hou alle verder vermelding van die geselskap as sulks op.

In November begin die heer BOOTH met "resident Amateurs"²⁾ te speel, en die kon nie van die "English Amateur Company" gekom het nie³⁾. Maar ongetwyfeld was die "Cape Town Amateur Company" die kern van *All the World's a Stage*.

3. English Theatricals. (Vervolg).

Deur die terugtrek van die "Cape Town Amateur Company", klaarblyklik om persoonlike redes in die boesem van die geselskap self, het dus die "English Theatrical Amateur Company" alleen voor die hele onderneming kom te staan deur sy ridderlike aanbod om self die *Mayor of Garratt* (FOOTE) op te voer. Hulle onderneem dit selfs vir die bepaalde datum⁴⁾. Tog het hierdie laaste nie mag gebeur nie, alhoewel geensins omdat hul gees gewilliger as hul vlees was nie. "Solely on account of not being able to procure a band"⁵⁾, vind die voorstelling eers op Woensdag 22 Julie plaas, na weer 'n sterk beroep gedoen is op die ondersteuning van alle vriende vir die edele doel.

Met "Tobois' Tragical play of *The Curfew*, in 5 Acts, with entirely new scenery, dresses, etc.," en *Killing no Murder* (HOOK), Ks., op 3 Oktober⁶⁾ het die geselskap vermoedelik sy werksaamhede vir die jaar afgesluit. Nog eenmaal duik hy op. Op 1 Mei⁷⁾ 1830 vind 'n voorstelling plaas as benefiese vir die heer WHITE, Professor in Musiek. Opgevoer word: *The Weathercock* (FORREST), en *The Citizen* (MURPHY), "admired farce... never performed here... At the end of *The Weathercock* (FORREST), two gentlemen, dressed in character, will recite *The Wizard's Warning to Lochiel*."

Tussenin die twee stukke vind 'n geweldige konsert plaas, waarby die heer WHITE natuurlik die leeuendeel het en die orkes lei. Viool was sy sterk punt. So gee hy o.a. 'n solo uit WEBER'S *Der Freischütz* met piano-begeleiding; speel die bewonderde wysie van *The Yellow Hair'd Laddie*; gee 'n solo, spesiaal vir die geleentheid gekomponeer, op één snaar, met horing-begeleiding.

Daar is 'n ouverture uit *Lodoiska*, en verskillende komiese

1) Vermoedelik reeds tevore deur hul gespeel, sien bls. 201.

2) Sien bls. 209.

3) Sien bls. 193.

4) Sien bls. 202.

5) *C. Adv.* 15, 22 Jul. '29.

6) *C. Adv.* 26 Sept. '29 (In „C. T. Th." soos gew.).

7) *C. Adv.* 24, 28 Apr., 1 Mei '30.

en gewone liedere, o.a. *Home, Sweet Home*, vir vier stemme, deur die heer WHITE geharmoniseer. Tot finale dien: *God save the King*, vioolsolo, met begeleiding van piano en orkes.

As dirigent van die orkes by menige voorstelling sal die heer WHITE die benefiese stellig verdien het ¹⁾).

Intussen het die heer BOOTH, 'n beroepspeeler, sedert die end van 1829 op die voorgrond gekom, in samewerking met allerlei Engelse amateurs, en het die inisiatief geneem tot die stigting van die Liefhebbergeselskap *All the World's a Stage* in 1830²⁾. Na die pas vermelde voorstelling van die "English Theatrical Amateur Company" verdwyn hierdie geselskap. In die eerste plek sal *All the World* dit verdring het. Origens kon die geselskap hom vrywillig opgelos het in *All the World*. Sommige van die lede word in elk geval later by *All the World* teruggevind, b. v. die heer WHILEY en mev. BLACK³⁾.

Vir enkele jare is *All the World* die enigste Engelse geselskap aan die Kaap, 'n geselskap by uitstek uit die burgery, maar gemeng met professionele elemente. Sy geskiedenis word elders afsonderlik behandel⁴⁾.

As *All the World* aftakel in 1834, kry ons, in die ou trant, 'n geselskap, die „Private Amateur Company”, uit die burgery. Saam met hom steek 'n suiwer garnisoensgeselskap sy kop op ⁵⁾).

Gespeel word in die "Amateur Theatre (Liefhebber Toneel)", en die geselskap geniet die beskerming van die Goewerneur en vrou. Die eerste voorstelling vind plaas op Woensdag 20 Augustus⁶⁾ met: *Othello, or the Moor of Venice*, Trs. van SHAKESPEARE, en *A Day after the Fair* (SOMERSET), Ks. in 1 Bed.

"It being desirable as far as possible to combine usefulness and economy with amusement", word die pryse verlaag. Die amateurs voel seker dat, "liberally as the drama is at present patronised and supported", hulle selfs met die verminderde prys genoeg sal binnekry om, na aftrek van onkoste, "a surplus for objects of charity" oor te hou.

Die verslag ⁷⁾ hieroor wys op die heuglike feit dat in die teenswoordige tyd nie alleen gifte geld aan weldadige instellings gegee word nie, maar die nood ook gelenig word met "fancy bazaars, balls, concerts, private theatricals, etc. etc." So ook aan die Kaap. (Die persoon wat dit skryf kon nie te

¹⁾ Sien bls. 212.

²⁾ Sien bls. 208 e.v.

³⁾ Sien bls. 194, 217 en 370—371 Trouens reeds voor die laaste voorstelling het die hr. White meegehelp. — Sien bls. 212.

⁴⁾ Sien bls. 208 e.v.

⁵⁾ Sien bls. 194

⁶⁾ *C. Adv.* 13, 16, 20 Aug. '34.

⁷⁾ *C. Adv.* 23 Aug. 34.

lank aan die Kaap gewees het nie: 1834 het juis weinig ¹⁾ aan bals en konserte opgelewer. — F. B.)

Twee liefhebberyseselskappe (bedoel word die "Garrison Amateur Company" en die "Private Amateur Company") gaan die verslag voort, wy op die oomblik hul oorskotte aan liefdadigheid. Ongetwyfeld sal ondersteuning van die kant van die publiek nie agterweë bly nie. By hierdie voorstelling was die Goewerneur, die Hoofregter en al die "society" van Kaapstad aanwesig. "To grapple with the poetry of the immortal Shakespeare" deur amateurs getuig van durf. Tog verdien hul "much credit... Respectability marked the whole: they were correct in their parts, attentive to costume and prompt in the business, of the stage. In several of the most trying scenes, the chief actor showed much dignity and feeling, and a knowledge of their author's conception." So b.v. in die demoniese toneel met sy sterke oorgange waar Iago die vergif van jaloesie in die oor van die edele, maar liggelowige Moor drup; of in die derde bedryf, waar Othello "with propriety and pathos" die reëls uit "Farewell the tranquil mind... the big wars" ens. uit, of waar hy in die vierde bedryf, "Had it pleased heav'n... rose-lipped cherubim", en ander passasies spreek.

Desdemona "was very respectably performed". Af en toe het Othello se stem kortgeskiet in "quantity and... modulation", maar hy het pas begin as akteur. "His readings and conception of the character were generally correct." Iago het sy moeilike taak "with judgment" volbring. Die toneel van "Cassio's disgrace was ably sustained, especially by Cassio." In die dronkmanstoneel het hy SHAKESPEARE se raad van "not (to) overdo his part" goed gevolg. "Frequent applause" het die spelers beloon.

"The farce was exceedingly droll, and very broad, and was well enacted." Maar die drie-voet dame kon bes wegelaat word. Die oorskot word op 200 Rds. geskat, waarvan 'n deel vir die *Ladies Benevolent Society* sal gaan.

Die sukses met een treurspel van SHAKESPEARE — origens 'n speeltradisie wat van *All the World* kan geërf wees — vuur aan tot die probeer van 'n volgende. Die geselskap kondig hulself aan as diegene "whose representation of *Othello* took place on the 20th inst." Nie alleen geniet hulle die beskerming van die Goewerneur en vrou nie, maar selfs hulle "presence" is beloof. Niks minder as *Julius Caesar* (SHAKESPEARE) word aangepak nie, "with new dresses and decorations." Met *The Spectre Bridegroom, or A Ghost in*

¹⁾ Behalwe vermoedelik Intekenbals (*C. Adv.* 18 Jun.) weet ek van een „Fancy Ball". (*C. Adv.* 24 Mei). Van konserte is heeltemal geen melding nie.

spite of Himself (MONCRIEFFE), "laughable farce" ¹⁾ in 2 Bed., vind die voorstelling plaas op Dinsdag 30 September ²⁾. 'n Poging tot samewerking (of inlywing?) met *All the World*, misluk ³⁾.

Was *Julius Caesar* tog 'n bietjie te veel vir die amateurs se kragte? Hulle speel nog groot stukke hierna — maar nie meer SHAKESPEARE nie.

Vir 5 November ⁴⁾ kondig die geselskap aan "Subscribers and the Public", dat hul "the historical melodramatic play in 3 Acts... *Guy Faux, or the Gunpowder Treason (Conspiracy)* (MARFARREN), en *A Day After the Fair* (SOMERSET), as klugspel, op besondere versoek sal opvoer.

Die jaar 1835 begin in die teken van die Kafferinval van 1834 in die kolonie, toe ontsettend veel verwoesting aangerig is. ⁵⁾ Engelse en Hollandse geselskappe raak druk in die weer met liefdadigheidsvoorstellinge.

So is die eerste voorstelling van die "Private Amateur Company... For the benefit of the Sufferers by the Caffer Irruption." Op Woensdag 11 Maart word opgevoer ⁶⁾: *A Cure for the Heartache* (TH. MORTON), Bs., en *The Two Gregories* (DIBDIN), "entertaining farce in 1 act."

Onder patronasie van lady D'URBAN vind op Woensdag 8 April ⁷⁾ plaas: *Venice Preserved* (OTWAY), Trs., en *A Day after the Fair* (SOMERSET), Ks. in 1 Bed.

Daar volg op

Maandag 25 Mei ⁸⁾: *The Gambler's Fate, or A Lapse of Twenty Years* (THOMPSON), "new domestic melodrama", en *Mr. Thompson, or Which is Her?*, „laughable farce" in 2 Bed. Ook twee sangstukke deur 'n dame, "accompanied by the Pianoforte." Die voorstelling is 'n benefiese vir die heer WHILEY.

11 Julie ⁹⁾: *Ivanhoe, or The Knight Templar*, "much admired drama in 5 Acts, ... from Sir W. SCOTT's celebrated Romance... with new scenery, costumes, etc., etc.... In Act 3rd the Destruction of Torquilstone Castle by fire"; en *All at Coventry, or Love and Laugh* (MONCRIEFFE), "entire new laughable farce in 2 Acts." Hier vind die voorstelling in die Suid-Afrikaanse Skouburg plaas.

Vir 1836 is geen vermelding nie. Vermoedelik word nie gespeel nie. Immers, waar die Garnisoensgeselskap hul voor-

¹⁾ 'n Duidelike parodie op die „spookstukke" wat toe erg in die mode was. Vgl. *The Castle Spectre*.

²⁾ *C. Adv.* '24, 27 Sept. '34.

³⁾ Sien bls. 228.

⁴⁾ *C. Adv.* 15 Okt., 1 Nov. '34.

⁵⁾ Theal, 1795 *ens.* II, bls. 85 e. v.

⁶⁾ *C. Adv.* 7, 11 Maart '35.

⁷⁾ *C. Adv.* 1, 4, 8 Apr. '35.

⁸⁾ *C. Adv.* 16, 20, 23 Mei '35.

⁹⁾ *C. Adv.* 1, 4, 8 Jul. '35. *G. G.* 3 Jul. 35. Na uitstel van 6 Jul.

stellinge aankondig ¹⁾, sou mens dieselfde kon verwag van die "Private Amateur Company."

Uit 1837 is weer enkele voorstellinge bekend. Hulle begin taamlik laat. Miskien het beroepsvermaaklikhede, toe aan die Kaap, hul teengehou ²⁾.

"The Private Amateur Party", spelende in die "Cape Town Theatre" (ook vir hul verder bestaan), onder patronasie van goewerneur en lady D'URBAN, voer Maandag 31 Julie ³⁾ op: *The Miller's Maid* (SAVILLE), en *The Vampire, or The Bride of the Isles* (PLANCHÉ).

"N.B. The Company will be favoured on this occasion by the assistance of an Amateur Band."

Vir Maandag 11 September ⁴⁾ (hul heet nou "The English Amateur Company") word aangekondig, onder patronasie soos voorheen: *Bertram, or The Castle of St. Aldobrand*, "tragedy in 5 Acts, by the Rev. R. C. Maturin", en *Past ten o'clock and a rainy Night*, "laughable farce" in 2 Bed. deur T. DIBDIN. By *Bertram* sal "In Act the first, the representation of a terrific storm and shipwreck" plaasvind ⁵⁾. Daarna kom nog 'n "comic song in character." Die Goewerneur en vrou sal aanwesig wees. Blykbaar het die uitvoering van die stuk moeite gegee. Eers word dit uitgestel tot die volgende week ⁶⁾, dan tot Vrydag 22 September ⁷⁾; tenslotte tot Maandag 25 September ⁸⁾. H. WESTCOTT, "Stage Manager", kondig dit aan "in consequence of the late melancholy occurrence." Die bedoelde gebeurtenis sal die dood van die oudste seun van adv. (later regter ⁹⁾ MUSGRAVE gewees het, wat by die wedrenne op 18 September van sy perd afgegooi is ¹⁰⁾. Ook ander vermake word uitgestel ¹¹⁾.

In 1838 begin die "Private Amateur Party" op Maandag 9 April ¹²⁾ met die melodrama *The Vampire* (PLANCHÉ), *Love in humble Life* (PAYNE), en *Amateurs and Actors* (PEAKE), Ks. Dit sal Oktober word voor ons weer van 'n voorstelling vernem. Miskien sal die aanwesigheid van beroepsvermake ook hier van nadelige invloed gewees het ¹³⁾.

Uit April is intussen 'n berig bekend van „een der Engelsche Tooneelgezelschappen" wat hul op *De Mediator* kantoor gemeld het om 'n voorstelling vir die „Uitgewekene Boeren" aan te bied ¹⁴⁾. Dit was vermoedelik die "Private Amateur Party", want die is dit wat hom die meeste deur liefdadigheid onderskei. Waar die regering ook so'n vyandige houding teen

1) Sien bls. 244.

2) Sien bls. 230.

3) *C. Adv.* 22, 26, 29 Jul. '37.

4) *C. Adv.* 2, 6 Sept. '37.

5) *C. Adv.* 16 Sept. '37.

6) *G. G.* 8 Sept. '37.

7) *C. Adv.* 16 Sept. '37.

8) *C. Adv.* 20 Sept. '37.

9) *Alm.*, 1840 en 1844.

10) *C. Adv.* 20 Sept. '37.

11) Sien vtn. 6).

12) *C. Adv.* 31 Maart, 4, 7 Apr. '38; *Med.* 3 Apr. '38.

13) Sien bls. 207, 230 e. v.

14) *Med.* 17 Apr. '38.

die Trekboere ingeneem het, is iets dergeliks nie van die garnisoensgeselskap te wagte nie.

Of die voorstel ooit tot uitvoer gekom het word nie vermeld nie. Dit lyk onwaarskynlik. So'n voorstelling kon beswaarlik sonder opmerking voorbygegaan het.

Tenslotte voer die "English Amateur Company" 13 Oktober 1838¹⁾ op: "the celebrated domestic melodrama, in 3 Acts, founded on Facts, which happened in the reign of Queen Ann, entitled *Ambrose Guinett, or A Sea-Side Story* (JERROLD), after which, a Sailor's *Hornpipe*, and a Comic *Fandango*." As nastuk dien *The Spectre Bridegroom, or A Ghost in spite of Himself* van "W. J. MONCRIEFFE, Esq".

Hierdie voorstelling het 'n nasleep gehad van 'n aard wat ons 'n interessante kyk gee op die maatskaplike lewe van die tyd, nie die mins wat betref die verhouding tussen Engelse en Afrikaners nie.

„Een Bewoner van de Boerenplein" onderstreep sekere aanmerkinge van die Redaksie van *De Mediator*²⁾ oor die skandelige gebrek snags aan „Straatorder", veral Saterdag op Sondag. Erg hinderlik is straatliedjies van nagbrakers, en strate is verskriklik onveilig. Hy vertel verder:

„Het is niet lang geleden dat er op zekeren Zondag morgen op de Boerenplein, na het eindigen van de Engelsche Tooneelvertooning³⁾, een schrikkelyk gevecht was tusschen eenige Engelschen en Afrikanen. Eenigen dezer helden liggen nog gewond te bed, en anderen roemen tot heden over hunne luisteryke overwinning, een voorbeeld hunner dapperheid aan anderen gevende om natevolgen".

Sou dit nie veel beter gewees het nie as "Onze wel gewapend Nachtkozakken" (die nagwag) tussenbeide gekom was en die oorwinning behaal het nie? Waarom dra hulle sulke "weergalooze sabels?" Hy waarsku teen 1 Desember, as die slawe hul vrymaking vier⁴⁾.

In 1839 word die Afrikaanse Skouburg verkoop en daarna in 'n kleurlingkerk herskape. Metodistiese geesdrywery behaal die oorwinning. Dit sal 1843 word voor spelers uit die Engelse burgery weer toneelvoorstellinge gee⁵⁾.

4. All the World's a Stage.

Hierdie geselskap dateer uit 1830 en voer sy roemrykste bestaan tot 1833. In 1834 speel dit nog maar verdwyn daarna

¹⁾ *Med.* 9 Okt. '38. („C. T. Th." Sat.)

²⁾ *Mep.* 30 Okt. '38. Vgl. 16 en 19 (?) Okt.

³⁾ sien bls. 207.

⁴⁾ Vgl. *Med.* 6 Nov. '38 eweneens.

⁵⁾ sien bls. 413, in *All the World* redivivus.

tot 1843¹⁾. Dit is merkwaardig as een van die voorbeelde waarin Hollandse invloed op die Engelse toneel die duidelikste te sien is. Hierdie geselskap is niks anders as 'n kenelike navolging van geselskappe soos *T.N.en V. of Honi* nie, d. w. s. Hollandse toneelvereniginge, met sinspreuke, intekenlyste, ens. Ook probeer die geselskap belangriker stukke speel as die Engelse geselskappe dusver gedoen het — meer gelyk in gehalte aan die van die Hollandse geselskappe. 'n Merkwaardige en tiepies Engelse kenmerk bly dat die grote bloei van die geselskap alleen bereik word met behulp van professionele kragte²⁾. Die stigting en voortsetting van 'n eie vaste tradisie soos onder die blywende Hollandse bevolking van die Kaap, bly vir die wisselende, ongedurige Engelse volkselement 'n onmoontlikheid.

Die geskiedenis van *All the World* begin eintlik met die koms van die heer BOOTH aan die Kaap in November 1829³⁾.

“SOUTH AFRICAN THEATRE. — Mr. H. BOOTH (from the Theatre Royal, London) begs leave to announce to the Inhabitants of Cape Town and its vicinity, that, at the request of several residents he assisted by several resident Amateurs⁴⁾ (will) represent an English Performance, for one night only No expense shall be spared, nor exertions untried On Mondag ev. November 10 SHERIDAN'S admired play of *Pizarro, or the Death of Rolla* will be performed, Rolla by Mr. BOOTH. After which, by particular desire, the comic song of *The King and the Countryman*, by Mr. BOOTH. To conclude with a new domestic nautical Melo-drama, as performed at the Theatres Royal, London, with great applause, entitled *Black-Eyed Susan, or All in the Downs* (JERROLD), William by Mr. BOOTH. The attendance of the 98th band has been kindly granted to the company”.

So het *Black-Eyed Susan*, eintlik 'n dramatisering van die ballade, haar beminlike intrede aan die Kaap gemaak om nog lang daarna 'n gunsteling te bly. Selfs vandag is sy in Engeland nog nie heeltemal vergeet nie⁵⁾. Immers dit is miskien die beste stuk, waarin die soete romantiek van 'n seeman wat sy geliefde moet laat agterbly, weergegee word. Hierby mag ons bedink dat die Engelse 'n seevarende volk is.

Die verslag⁶⁾ oor hierdie voorstelling in die “Cape Town

1) Sien bls. 413.

2) Sien bls. 151.

3) *C. Adv.* 4, 7 Nov. 1829, en vgl. bls. 194.

4) Sien bls. 194, 203.

5) In 1926 nog in *Lyric Theatre* Hammersmith gesing, waar ek aanwesig was.

6) *C. Adv.* 11 Nov. '29.

Theatre" is vol lof¹⁾. Eers wys dit op die plek wat SHERIDAN onder die Engelse dramatisie inneem. Hy hoort tuis onder die eerstes, met uitsondering van SHAKESPEARE, BEN JONSON en nog een of twee Elisabetaanse skrywers. Vooraan staan sy *School for Scandal* en *Rivals*. Tog het sy verband met die toneel hom soms tot minderwaardige werk verlei; werk meer bereken op effek en publiek as iets anders. So'n werk is *Pizarro*. Met JOHN KEMBLE daarin het dit vir meer as veertig agtereenvolgende voorstellinge vol huise in Londen getrek en geweldige winste opgelewer. Dit sit vol gemeenplase, tog het dit baie tonele waarin buitengewone dramatiese effek kan bereik word. Daarom is dit gelief "by Aspirants for Thespian honours".

Hierin dan het mnr. BOOTH opgetree, "from the London Theatres, now a passenger in a vessel in Table Bay, bound to New South Wales. This gentleman possesses a good voice, a small figure and a face by no means wanting in expression. His action is free, but perhaps a little redundant; his enunciation distinct and judicious; he appears to have a perfect knowledge of the business of the stage, and many of his attitudes were exceedingly graceful." Twee van sy beste tonele was die waarin hy *Pizarro* deur jaloesie wil doodmaak, en waar hy sy onderhoud met die soldaat onderweg het. Hierin het hy ook groot mensekennis aan die dag gelê en baie toejuiging geniet. Oor die geheel was sy „Rolla... very respectable," en dit is met applous begroet. Die ander rolle was "pretty wel supported. Pizarro's pronunciation was good, but his memory bad — a fault not common with tyrants."

Die meeste tuis was almal in *Black-Eyed Susan* (JERROLD). Die heer BOOTH "exhibited some very good acting, showing to the life the reckless light-heartedness of a tar." Tussendeur het hy gesing "*Will Watch the Smuggler*... with much feeling and propriety. Several of the Amateurs acquitted themselves very creditably in this piece (*Susan*) and a horn-pipe (ook 'n nuwe element wat lank populêr bly aan die Kaap — F. B.), danced by a sailor, was prodigiously well relished by the Gallery." Die huis was oorlopend vol; baie mense moes selfs omdraai. Die Goewerneursvrou ens. was aanwesig. Die rol van Sir Edward Mortimer in die *Iron Chest* (COLMAN Jr.), word die heer BOOTH vir 'n volgende opvoering aanbeveel. Aangeneem het hy die wenk nie!

Op Woensdag 9 Desember²⁾ vind "the last . . . perfor-

¹⁾ 'n Mooi voorbeeld van "S. A. Th." = "C. T. Th.", vgl. *C. Adv.* 12 Des. '29.

²⁾ *C. Adv.* 2, 5, 9 Des. '29.

mance previous to the winter season" plaas met: *Othello, or The Moor of Venice* (SHAKESPEARE), (Othello, mnr. BOOTH), 'n lied *The King, God bless him*, deur BOOTH; (*The Review, or The Wags of Windsor* (COLMAN Jr.), met BOOTH as Looney Mactmolter. "Due care will be taken to prevent the House being too crowded, and to keep it properly ventilated" — seker met die oog op klagtes in verband met die vorige keer. Dit was ook somer.

Die kritiek neem die vorm aan van 'n brief deur "A Spectator" ¹⁾. Hy begin deur in die woorde van Dr. JOHNSON te wys op die besonder moeilike aard van *Othello*, selfs onder SHAKESPEARE se stukke: "The fiery openness of Othello... the soft simplicity of Desdemona... the cool malignity of Iago," met al die wisselende vorme waarin hierdie grondtrekke hul uit.

Nie sonder vrees in sy hart het hy dus die voorstelling tegemoet gesien nie. Mnr. BOOTH se "general conception of the character (is)... correct." Uitgesonder enkele tekortkominge van voordrag, b.v. valse betonings en die verloop van vele sinne in onhoorbaarheid, was sy uitbeelding "judicious and effective". Vir so'n jong man was hy besonder beheers in die hartstogtelike gedeeltes. By sommige gedeeltes het hy luide toejuiging ontvang: b.v. by "Farewell the tranquil mind" ens. (3^{de} Bed.); "I have done the state some service" (5^{de} Bed.). Hier het hy "considerable pathos and feeling" aan die dag gelê. Iago het gespeel "with great accuracy, and credit to himself as well as with satisfaction to the audience". Sy lied het die heer BOOTH "with considerable taste" gesing, en 'n horrelpyp het stormagtige toejuiging van "the jolly gods" ontvang.

In *The Review* was "the characters... tolerably supported". JOHN LUMP was mild. Maar deur die late uur het die stuk skielik opgehou.

Die heer BOOTH het die gehoor vir hul ondersteuning bedank en sy plan aangekondig, om met nog 'n paar here in die loop van 'n maand of drie vier, sy voorstelling te hervat. Hy reken op die publiek se verdere steun. Die gebou was oorlopend vol; die Goewerneur ens. was aanwesig. "His Exc.'s box was very splendidly decorated". Mnr. BOOTH het geweet waar die klok hang!

Die resultaat van dit alles was die ontstaan van "The new English (British) Amateur Company, under the motto *All the World's a Stage*" in 1830 ²⁾. Plek van opvoering is die "South African Theatre" wat in kritieke konsekwent "Cape Town Theatre" genoem word ³⁾, en by uitsondering

¹⁾ *C. Adv.* 12 Des. '29. ²⁾ *C. Adv.* 3 Maart '30. ³⁾ Sien bls. 209 e.v.

so voorkom in advertensies¹⁾. Die geselskap begin op 6 Maart²⁾ (Saterdag soos gewoonlik) met: "The favourite Romantic Drama... *The Castle Spectre* (LEWIS),... with entire new scenery, dresses and decorations... (and) the laughable farce of *The Lying Valet* (GARRICK)". Tussenin kom variété: die sangstukke *Will Watch*, herhaal op besondere versoek en in kostuum, en *Penitent Knight* deur die heer BOOTH; vioolsolo deur die heer WHITE. Verder „Our Amateur Band have in the most handsome manner offered their services. Leader of the Band and Composer of the entire music for the *Castle Spectre*, Mr. WHITE”.

Die verslag³⁾ hiervan stem sy lof op 'n laer toon as dusver. In "LEWIS's Melodramatic Play of the *Castle Spectre* Mr. BOOTH (as) Earl Osmond... did not come up to his previous efforts", maar dit kan miskien eerder toegeskryf word aan die swak stuk, 'n stuk waarin JOHN KEMBLE selfs geweier het om te speel. "Indeed the whole play is far beneath mediocrity — barren in diction, in incident, and dramatic situations". Op die Engelse toneel word dit nog soms geduld om sy musiek, veral om die liedjie *O meghem he* van KELLY en om sy dekors. Maar vir amateurs is dit 'n twyfelagtige stuk. Tog het die heer BOOTH soms "good acting and discrimination" aan die dag gelê, maar oor die geheel het dit hom aan vuur en lewe ontbreek.

"Matley is a lively and improving performer; and the characters of Angela, Percy and Father Philip, were respectably supported... The scenery was newly painted, and very good; and the orchestra was well-sustained by a volunteer band".

Met sy vioolsolo *The last Rose of Summer*, met variasies, het die heer WHITE baie sukses ingeoes.

Die huis was vol maar nie deur die gewone besoekers nie. Die vernaamste stadsbewoners was nog buite, vir die somer. Passasiers van skepe in die baai het veral die huis gevul.

Hierdie kritiek het blykbaar ontstemming gewek. Die volgende aankondiging (ook verkrybaarstelling van lootjies) is reeds weg van die *Commercial Advertiser* en naar die *Zuid-Afrikaan*; tussen die twee voorstellinge gaan 'n taamlik lange tyd oorheen; die liefdadigheid word weer 'n keer te hulp geroep, waarskynlik vir die gewenste eerherstel.

Onder patronasie van Goewerneur en vrou word 5 Junie⁴⁾ opgevoer as benefiese vir *The Cape Philanthropic Society*...

1) In die geval noem ek dit besonderlik. Sien bls. 214, 222, 224.

2) *C. Adv.* 3, 6 Maart '30. 3) *C. Adv.* 10 Maart '30.

4) *Z. A.* 28 Mei, 4 Jun. '30.

The Gambler's Fate (THOMPSON) ... domestic melo-drama in 2 Acts", en *The Miller's Maid* (SAVILLE) as nastuk.

Weer was die kritiek van die *Commercial Advertiser* nie te mals nie¹⁾. Eers word *The Gambler's Fate* (THOMPSON) afgekam: "a clumsy adaptation from the German — depicting certainly in strong colors the fatal consequences of ... gaming; but the situations throughout ... are, so *outré*, and the language so far below mediocrity, that it requires ... very powerful acting to render it tolerable to a judicious audience.

The part of Albert (Mr. BOOTH) and Malcour were very well portrayed, bating a little disposition to rant, which was less the fault of the actors than of the play. Die ander rolle was "respectably personated" — 'n vooruitgang op voorheen!

In die tweede bedryf is Albert wel bietjie te swak vir 'n man van 45, maar in ander tonele weer „correctly and powerfully ... (or) judiciously" voorgestel. Teen die end van die stuk was soms sterke toejuiging.

In die nastuk, „founded on a simple tale of the artless BLOOMFIELD, with the exception of Matty Marvellous (Mr. WHILEY²⁾), and George there was nothing particularly striking. Mr. BOOTH played Gilles, and now and then, showed off; but in this caste of character his *forte* evidently does not lie." Die huis was nie te vol nie, gesien die doel van die voorstelling. Tog sal daar deur die betragting van behoorlike spaarsaamheid, waarskynlik iets oorbly vir liefdadigheid. Die heer BOOTH het 'n weeropvoering vir 19 Mei aangekondig, vir dieselfde doel.

Die smeulende ontstemming van *All the World* bars na hierdie kritiek in ope vlam uit. 'n Brief verskyn in die *Zuid-Afrikaan*³⁾ waarin "A British Amateur" teen die korrespondent van die *Commercial Advertiser* te velde trek. Die stuk was "a lame attempt at criticism ... in which the names of some of the amateurs have been most unwarrantably brought forward ... and an injurious impression ... produce(d)". Sulke „scribblers" moenie verwag dat hul "crude ideas ... ignorance and impertinence" verbygesien sal word nie.

Die *Gambler's Fate* (THOMPSON) was heeltemal geen Duitse bewerking nie, maar "almost a literal translation of an admired French drama called *Le Joueur* (*La Vie d'un Joueur*). Wat die taalgebreke betref, is die stuk meer as 80 opeenvolgende kere in Londen gespeel sonder enige aanmerking van „an enlightened and strictly scrutinizing London audience". Wil die krietikus homself hoër stel?

Die ander aanmerkinge oor die spel ens., sal hy liever

¹⁾ *C. Adv.* 9 Jun. '30.

²⁾ *Sien* bls. 200.

³⁾ *Z. A.* 11 Jun. '30.

oorlaat aan die eie oordeel van "the liberal Public of Cape Town". Maar die mening van die krietikus dat "it cannot be doubted that proper economy would be exercised" om vir liefdadigheid soveel moontlik te laat oor bly, is volkome geregverdig. Reeds in die "Printing (of) Handbills and Advertisements, a saving of the *small* sum of 30 Rixdollars has been effected by removing it from the office of the *Advertiser*".

Gedurende 1830 verskyn ook verder geen advertensies meer in die *Commercial Advertiser* nie; en helaas geen kritieke nie. Wat jammer is, want die kritiek was werklik goed en eerlik — te goed en eerlik!

Trouens die geselskap bereik nog meer. In 1831 is hulle terug by die *Commercial Advertiser*. Kritieke verskyn weer, maar geen enkele wat nie aanprysend is nie!

By die publiek moes intussen die voorstelling in die smaak geval het. Op 19 Junie¹⁾ word *The Gambler's Fate, or A Lapse of Twenty Years* (THOMPSON) herhaal "by particular desire of several families of distinction", vir dieselfde doel as voorheen. Daar word gesing *Jack Robinson* en *Isabel*, sangstukke. Nastuk is "the much admired Petite Comedy of *Charles the Second, or the Merry Monarch*"²⁾ (PAYNE).

Hierna volg (Saterdags), op

3 Julie³⁾: *Romeo and Juliet*, Trs. van SHAKESPEARE; "a comic song, sung in character, *Blue Bonnets over the Border; the Married Bachelor, or Master and Man* (O'CALLIGAN), "new farce in one act".

24 Julie⁴⁾: *Pizarro* ens., herhaal op besonder versoek, Rolla, die heer BOOTH; 'n komiese sangstuk, en 'n lied *The fairest Flower*, deur die heer BOOTH. Tenslotte weer *The Miller's Maid* (SAVILLE), "Giles (by a gentleman, his first appearance in that character); George (with a song) Mr. BOOTH." Deure gaan vroeër oop as gewoonlik om rede van die lengte van die voorstelling.

As gevolg van die uitgebreide voorbereidingsmaatreëls word *The Flying Dutchman* (FITZBALL) onvermydelik uitgestel tot die eerste week in Augustus.

7 Augustus⁵⁾: *The Flying Dutchman, or The Phantom Ship* (FITZBALL), "splendid nautical melo-drama . . . with new scenery, Music and Dresses. Song — *The Pilgrim of Love, The Smoked Miser, or The Benefit of Hanging* (JERROLD), nastuk in 1 Bed.

14 Augustus⁶⁾: Weeropvoering *The Flying Dutchman* (FITZBALL) (sy sukses is duidelik), met *Lovers' Quarrels, or Like Master like Man* (KING), Ks.

¹⁾ Z. A. 11, 18 Jun. '30.

²⁾ Sien bls. 187.

³⁾ Z. A. 2 Jul. '30. Hier heet dit „C. T. Th.”.

⁴⁾ Z. A. 16, 23 Jul. '30.

⁵⁾ Z. A. 6 Aug. '30.

⁶⁾ Z. A. 13 Aug. '30.

4 September¹⁾: *George Barnwell, or The London Apprentice* (Merchant? deur LILLO), "admired domestic tragedy... by particular desire," en *Doctor Bolus* (DANIEL), "bombastic burletta in 1 Act."

11 September²⁾: *The Honeymoon*, "TOBIN's much admired comedy... by particular desire of several families of distinction"; duet *As it fell upon a day*, en "comic song"; *The Married Bachelor, or Master and Man* (O'CALLIGAN), Nastuk in 1 Bed.

Dit kan wees dat daar nog meer gespeel is hierdie jaar. „Laaste” en „benefiesevoorstelling” val te verwag. Maar vermelding ontbreek.

Sedert 1831 is die geselskap duidelyk fluks op dreef. In mev. WESTCOTT moet hul 'n eersteklas aktriese gehad het. As die seisoen begin volg die voorstelling nagenoeg om die veertien dae. Die geselskap is weer met die *Commercial Advertiser* versoen. Onaangename kritiek bly hul nie alleen gespaar nie, die blad is selfs aanbevelend³⁾ en sy kritiek gunstig⁴⁾.

Die jaar begin op 16 April⁵⁾ met "ROWE's much admired tragedy of *Jane Shore, or The Unfortunate Favourite*, with the farce of *The Irish Tutor* (GLENGALL) and other entertainments, which will be expressed in the Bills." *Jane Shore* word gespeel deur mev. WESTCOTT en Doctor O'Toole in *The Irish Tutor* (GLENGALL), "by a young gentleman, only ten years of age."

Hiervan word gerapporteer⁶⁾ — wel 'n verskil met voorheen —: "The Theatrical Company commenced their campaign Saturday last with the tragedy of *Jane Shore* (ROWE) and the humorous farce of *The Irish Tutor* (GLENGALL). The character of Dr. O'Toole was personated by a youth. The house was not very fully attended, perhaps owing to the earliness of the season. (From a Correspondent)".

Voor die volgende voorstelling verskyn as bemoedigende nuwigheid selfs 'n editoriale aankondiging⁷⁾. "An attractive Melo-Drama, the tragedy of *Bertram* (MATURIN) and some other novelties are said to be in preparation by the Amateur Theatrical Company. *Othello* (SHAKESPEARE) is under rehearsal."

Othello vind plaas op 14 Mei⁸⁾, tesame met *Past ten o'clock and A Rainy Night* (DIBDIN), Ks., "and other entertainments (vermoedelik sangnummers ens. — F. B.) which will be expressed in future advertisements" — vermoedelik handbiljette.

1) *Z. A.* 27 Aug. 30.

3) *Sien* bls. 215.

5) *C. Adv.* 9, 13, 16 Apr. '31.

7) *C. Adv.* 30 Apr. '31.

2) *Z. A.* 10 Sept. '30.

4) *Sien* bls. 218.

6) *C. Adv.* 30 Apr. '31.

8) *C. Adv.* 7, 11, 14 Mei '31.

Hierna volg op 4 Junie¹⁾: *Douglas (HOME)*, Trs. "The Part of Young Norval, by a lady", en *Where Shall I Dine?, or No Dinner Yet* (RODWELL). "The part of Diggory by a little boy, his second appearance." 'n Komiese lied word gesing. Die voorstelling is 'n benefiese vir mev. BLACK.

11 Junie²⁾: *The School of Reform, or How to Rule a Husband* (Th. MORTON), waarna, op besondere versoek, *Charles the Second, or The Merry Monarch* (PAYNE), "admired farce."

23 Junie³⁾ (Donderdag): *Richard the Third, or The Battle of Bosworth Field*, "SHAKESPEARE'S Tragedy, with new dresses etc.", en *The Children of the Wood* (Th. MORTON), "domestic Melo-drama (in 2 Acts)." Tussen die stukke word gesing "the National Anthem — *God save the King!!!* (toe nog blykbaar 'n ekstra — F. B.). Song (by particular desire) *Will watch ... A Military Band (Bende) will attend.*"

Buitengewone sorg en moeite is vir hierdie voorstelling gedoen. Die *Commercial Advertiser* beveel dit aan as "an attractive Evening's entertainment... The Amateurs have enlisted the whole strength of their company and are in busy activity." Die stukke "afford ample scope for their exertions." Lady COLE het beloof om aanwesig te wees (trouens dit word self uitgestel daarvoor⁴⁾); die musiekkorps van die 75^{ste} Regiment tree op as orkes. Daar bestaan 'n groot aanvraag vir plekke⁵⁾.

Die voorstelling moes oor die algemeen 'n sukses gewees het, want 'n herhaling word deur die koerant vermeld⁶⁾ "in consequence of many applications having been made for boxes. The difficulties which in some degree retarded the last performance will... not occur again, and the company will play with the increased advantage of a better knowledge of their respective parts." *The Review* (COLMAN JR.), met 'n nuwe Caleb Quotem, sal vermoedelik die nastuk wees.

Op besondere versoek vind die weeropvoering plaas op 23 Julie⁷⁾ met egter *The Irishman in London* (WM. MACREADY) as nastuk. Tussenin kom 'n vermaaklike lied.

Tog, wat gehoor betref, was die voorstelling geen groot sukses nie. "The play of *Richard the Third* (SHAKESPEARE), was exceedingly well got up and... the principal parts were well personated. Owing to the thinness of the audience, it is stated

¹⁾ *C. Adv.* 21, 25, 28 Mei, 4 Jun. '31. Eers uitgestel van 1, toe van 2 Jun., "wegens het slechte weer".

²⁾ *C. Adv.* 8, 11 Jun. '31.

³⁾ *C. Adv.* 15, 18, 22 Jun. '31. — Na uitstel van 22 Jun. "by desire of Lady Frances Cole".

⁴⁾ Vgl. vtn. 3).

⁵⁾ *C. Adv.* 22 Jun. '31 (From a Corresp.). *Lit. Gaz.* 22 Jun. '31. Vgl. Tabel G.

⁶⁾ *C. Adv.* 6 Jul. '31.

⁷⁾ *C. Adv.* 16, 20 Jul. '31.

that the expenses of the evening were not covered¹⁾. An announcement was made that the favorite comedy of *The Road to Ruin* (HOLCROFT) would soon be enacted for the benefit of the *shipwrecked* seamen²⁾, in which one or two veterans³⁾ of the old school are to take a share. The public are expected to patronise this humane object of the Amateurs."

Vir 13 Augustus⁴⁾ word ook so'n voorstelling aangekondig met 'n komiese lied en tot slot 'n nuwe melodrama, in 3 Bed., *John Overy, or The Miser of Southwark Ferry* (JERROLD).

The Road to Ruin (HOLCROFT) moet egter deur „eenige toevallen"⁵⁾ met *Romeo and Juliet* (SHAKESPEARE), Trs., verwissel, en die voorstelling deur die ongunstige weer tot Woensdag 17 Augustus uitgestel word⁶⁾. Verder „heeft de voornaamste Eigenaar⁷⁾ van het huis hen het gebruik van hetzelfde *gratis* toegezegd, en de klerk van de beurs heeft even liberaal aangeboden om by die gelegenheid als Tresourier te fungeren". Aan die steun van die publiek kan dus nie getwyfel word nie.⁸⁾

Daar volg op 19 September (Maandag):⁹⁾ *The Road to Ruin* (HOLCROFT) Bs. (eindelik — F.B.), op besondere versoek, en *Fortune's Frolic, or The Ploughman made Lord* (ALLINGHAM), Ks. in 2 Bed.

8 Oktober:¹⁰⁾ *Ambrose Guinett, or A Sea-Side Story* (JERROLD), "for the first time, a new domestic melo-drama (in 3 Acts), founded on fact, which occurred in the Reign of Queen Anne"; verskeie liedere, o.a. *The Fairest Flower, Oh! say not Woman's Love is bought*, ens., en *Amateurs and Actors, or A Peep behind the Curtain* (PEAKE), nastuk in 2 Bed.

Dan vind 'n baanbrekende gebeurtenis plaas. Opera, in die gewone sin van die woord, maak sy eerste verskyning in Suid-Afrika.

Vir 29 Oktober¹¹⁾ word aangekondig „for the first time, with new scenery, dresses and decorations, CARL MARIA VON WEBER'S Grand Opera (in 3 Acts) of *Der Freischütz, or The Seventh Bullet*. In the course of the evening the following Music, songs, etc. . . . Grand Overture", allerlei liedere en „airs" van verskillende karakters, sowel as stukke in koor.

As nastuk *Animal Magnetism, or A Cure for the Hydrophobia* (Mrs. INCHBALD), in 2 Bed.

“An Amateur Band considerably augmented since the first

1) *C. Adv.* 27 Jul. '31.

2) *Theal. S. A. since 1795.* Vol. II. bls. 18. Van 16—18 Jul. heers in die storm.

3) *Sien bls. 204.*

4) *C. Adv.* 6, 10 Aug. '31.

5) *C. Adv.* 17 Aug. '31. — Redaksioneel.

6) *C. Adv.* 13, 17 Aug. '31.

7) *Sien bls. 363.*

8) *Vgl. vtn 5).*

9) *C. Adv.* 14, 17 Sept. '31.

10) *C. Adv.* 1, 5, 8 Okt. '31.

11) *C. Adv.* 22, 26, 29 Okt. '31.

performance have very handsomely volunteered their services on this occasion”.

Die korrespondent van die *Commercial Advertiser* ¹⁾ kondig die voorstelling aan en sê: “Great exertions are making to give effect to the opera”.

Hierdie voorstelling ²⁾ “which had excited more than usual interest, . . . being one of acknowledged difficulty . . . with the exception of some of the instrumental parts which . . . are extremely difficult and require very great precision in executing, was rewarded with approbation. The scenery and contrivances in the ‘Bullet Scene’ were got up with considerable effect and ingenuity and gave general satisfaction to a numerous audience . . . The Song . . . the *King and the Countryman* was given in inimitable style and the amusements terminated with . . . *Animal Magnetism* (Mrs. INCHBALD), which effected continued bursts of applause. Upon the whole, Cape Theatricals have seldom been more effective than on Saturday evening. Numerous applications, it appears, have been made to the Amateurs, for a Repetition of the Opera. — (From a Correspondent)”.

As laaste voorstelling in die seisoen op 12 November ³⁾ word aangekondig: *The Innkeeper of Abbeville, or The (H)ostler and the Robber* (FITZBALL); Sangstuk *The King! God bless him!!!*; drama “COLMAN’s laughable interlude (in 1 Act) of *Blue Devils*; tenslotte “popular Melo-drama (in 2 Acts), translated from the French with new Music arranged expressly for the occasion, entitled *The Two Galley Slaves* (PAYNE) . . . An Amateur Band have kindly offered their services.”

Die korrespondent van die *Commercial Advertiser* ⁴⁾ kondig ook die voorstelling aan en sê verder “Mr. WHILEY, it appears, will take a prominent part in the business of the evening — it being understood that he will not perform again this season”.

Ook kondig dieselfde korrespondent die weeropvoering, op besondere versoek, van *Der Freischütz* (WEBER) aan ⁵⁾. “The Orchestra will be very effective on this occasion, as many of the musical Amateurs of Cape Town have promised their aid.” Die voorstelling vind plaas op 17 Desember ⁶⁾, met ’n “Ballet Dance” in 1 Bed., *The Lawyer in the Sack*; ’n oubekende, *The Spectre Bridegroom* (MONCRIEFFE), en ’n Amateur Musiekkorps wat self hulle dienste aangebied het.

Dit was inderdaad die laaste voorstelling van die jaar, ofskoon ’n voorstelling, begin Januarie 1832, eintlik hiertoe gereken moet word.

Intussen verskyn ’n advertensie waarin die geselskap hul

¹⁾ 22 Okt. ’31. ²⁾ *C. Adv.* 2 Nov. ’31. ³⁾ *C. Adv.* 5, 9, 12 Nov. ’31.

⁴⁾ *C. Adv.* 5 Nov. ’31.

⁵⁾ *C. Adv.* 10 Des. ’31.

⁶⁾ *C. Adv.* 14, 17 Des. ’31.

geroepe voel om openlik hul dank te betuig¹⁾ "to the gentlemen who so kindly assisted them... in the orchestral Department of *Der Freischütz* (WEBER) particularly to Mr. W. BRANDT²⁾", wat hom uitgesloof het vir die geleentheid, temeer waar vier of vyf heremedewerkers om onbekende redes die geselskap op die dag van voorstelling self in die steek gelaat het. Die heer BRANDT en sy vriende het egter die verlies ternouernood gevoel en "did not fail to draw from a genteel and discriminating audience repeated testimony of that approbation, which, considering the disadvantages under which they laboured, was so fully merited."

Hierna berig die korrespondent³⁾: "Mr. BOOTH expecting soon to leave the Colony for England, intends to take his adieu of the Cape Town Public at the Theatre on Saturday 7th of January, in the character of Shylock, in SHAKESPEARE'S *Merchant of Venice*, with... other... entertainments. Every exertion... will be made... and it is believed that Mr. BOOTH'S 'farewell' will be not less honored by the Public than his entree on his Thespian career in this Colony about two years ago."

Die gewone aankondiging bevestig dit⁴⁾. Van die *Merchant* is dit 'n eerste opvoering. Die ou gunsteling *Will Watch* word op besondere versoek gesing. Daarna volg "a new Ballet Dance entitled *Jack at the Cape, or All alive among the Hottentots!* With a new dropscene, displaying a full view of *Table Mountain and Bay*, painted especially for this occasion". Tenslotte "a new petite comedy (in 1 Act)... *The Scapegrace*." 'n Amateur musiekkorps speel soos voorheen. Voorsorge sal getref word teen 'n oorvolle huis of slegte verligting.

Die verslag is gunstig⁵⁾. "The piece was got up with much care, and judging from the general accuracy of the performers, had been well rehearsed. The acting in (on) the whole was respectable... Shylock, in the scene where Antonio's losses are first broke to him, and the Judgment scene with Portia, were correctly executed." Die tonele waarin Shylock se wrok of hebsug tot uiting kom was in goeie teenstelling met die van sy vernedering en wanhoop teen die end. Gratiano was goed in voordrag en besit sy ou self-beheer. Bassanio, Portia en enkele andere "were judiciously represented. This is said however with the reservation that the performers under review were *Amateurs*. SHAKESPEARE is too mighty, too difficult to be often successfully handled

1) *C. Adv.* 21 Des. '31.

2) Koster van die Lutherse kerk.

3) *C. Adv.* 28 Des. '31.

4) *C. Adv.* 4, 7 Jan. '32.

5) *C. Adv.* 11 Jan. '32; vgl. bls. 222 vtn. 3).

by Amateur actors; and experience has long ago demonstrated that light pieces are best suited to the capacity of the generality of performers, and the taste of the audience." 'n Uitspraak wat pleit vir selfkennis, maar nie vir 'n besonder artistieke strewe nie.

Te veel het die liefhebbers hulle hierdie woorde nie aangetrek nie. Reeds die volgende voorstelling was weer SHAKESPEARE. Op 3 Maart ¹⁾ volg *Othello* (SHAKESPEARE), met nog 'n bekende stuk, *Amateurs and Actors* (PEAKE), musikale Ks. BOOTH word nie gemeld nie. In November speel hy weer mee. Was hy intussen naar Engeland en terug? Of het hy sy reis uitgestel? Die waarskynlikste ²⁾ lyk my dat hy aan die Kaap gebly het, miskien as sangmeester. In 1833 het hy inderdaad vertrek.

Intussen was die voorstelling blykbaar nie 'n te groot sukses nie, om te oordeel naar die aankondiging ³⁾ van die volgende voorstelling. Tot hierdie voorstelling was nogal werk nodig. Dit was 'n jaar waarin die kloof tussen Hollands- en Engelssprekendes oor drank- en ander kwessies wyer en wyer geword het ⁴⁾.

Die gebrek aan samegaan tussen die twee rasse, grotendeels as gevolg van die Metodistiese geesdrywery, sal stellig 'n groot meewerkende faktor gewees het waarom dit swaar was om duursame vermaak op enige gebied omtrent hierdie tyd te wek of te organiseer ⁵⁾. Die Engelse in besonder was afhanklik van Hollandse steun.

Na die voorstelling in Maart het *All the World* blykbaar 'n tyldang ingedommel, temeer aangesien BOOTH daaruit is.

In die *Commercial Advertiser* van 5 Mei ⁶⁾ dring "A Small Amateur" in 'n brief daarop aan dat liefhebberystellings weer ter hand moet geneem word om die winterseisoen te verlewendig. 'n Mens kannie altyd lees nie, en dans sal waarskynlik baie skaars wees. "Plays... amuse... bring people together... are intellectual." Kennis van dramatiese litteratuur kom deur sien, nie lees nie. Daar is 'n skouburg. "The good people to whom it belongs would surely oblige their brother Thespians". Laat een of ander heer die liefhebbers saamroep, "and leave the rest to chance".

In verband hiermee skryf "A Friend to Amusement" in die *Commercial Advertiser* van 16 Mei ⁷⁾, dat inderdaad poginge moet aangewend word om wintervermake te bewerkstellig "for the diversion of the Ladies of Cape Town" (sic! — F. B.). Meer as ongeveer een toneelvoorstelling per maand

¹⁾ *C. Adv.* 3 Maart 1832.

³⁾ Sien bls. 221.

⁵⁾ Sien bls. 351.

²⁾ Sien bls. 225.

⁴⁾ Sien bls. 318 e. v. en 350.

⁶⁾ 1832. ⁷⁾ 1832.

word vervelend, en sal waarskynlik alleen tot leë huise lei. Hy stel dus voor om 'n dansmeester te kry, en 'n soort "Dancing Academy" soos in Londen, met danslesse en gesellige samekoms gemeng, tweekeer per week te organiseer. Intekenaars kan here- en dameslede wees. Die genot sal nie uitbly nie.

Die plan het nie verder as 'n suggestie gekom nie.

Intussen verneem ons ¹⁾: "The Thespian Corps is again in the field; and as Theatrical Amusements appeared rather to decline in public attraction last year, it is said that the Amateurs have now 'screwed their courage to the sticking place'... to adapt such pieces... as shall not only yield gratification and amusement to the general spectator, but disarm the objections of the most rigid critic. Strict care is also taken that the company shall be fitly selected, so that no lady's eyes or ear may be pained by indecorum of any kind." Gee die publiek die gewenste ondersteuning, dan kan weer verwag word "a theatrical season equal to what existed when the Garrison Company were wont to assume the sock and buskin at the Cape Theatre. (From a Correspondent)".

Hierna kom die spelers self aan die woord ²⁾: "The British Amateur Company, notwithstanding the discouraging frigidity with which their late attempts to entertain the public were received", wil weer probeer om te vermaak mits hulle sodanig ondersteun word "that their time will not be fruitlessly infringed on, nor their Purses drawn on to defray occasional deficiencies" — wat geen publiek ook sal verwag nie.

Hulle stel dus voor om 'n reeks van sewe voorstellinge te gee, om die drie of vier weke, en om eersdaags aan te vang as die ondersteuning voldoende is. Intekenlyste op heel billike voorwaardes ³⁾, wat betref prys en betaling, lê oop vir inskrywing by die kantoor van die *Commercial Advertiser*.

Die publiek het hierop baie bemoedigend gereageer. "In consequence of the flattering reception with which their late proposals have been received", kan die geselskap reeds sy eerste voorstelling vir 9 Junie ⁴⁾ vasstelsel. Hulle verseker die intekenaars van "their fixed determination to adhere to the Prospectus... The Amateurs positively disclaim any idea of profit", en daarom kan alle ondersteuners daarop reken dat "no trouble or expense will be spared to contribute to their gratification". Ook die patronasie van die Goewerneur ens. ontbreek nie.

Gespeel word: *The Maid and the Magpie, or Who's the Thief!!!*

¹⁾ C. Adv. 9 Mei '32.

³⁾ Sien Tabel H.

²⁾ C. Adv. 19 Mei '32.

⁴⁾ C. Adv. 6, 9 Jun. '32.

(POCOCK), "new domestic melodrama, in 3 Acts, with new dresses, scenery, etc. etc."; hieraan voorafgaande sal 'n „appropriate address" gelewer word. Hierna volg, op besondere versoek, *The Married Bachelor* (O'CALLIGAN), Tussen spel, — en 'n oubekende. Tenslotte "the (most) tragical, farcical, serious, comical tragedy of all tragedies, interspersed with Songs, Glees, etc. . . . *Bombastes Furioso, or The King of Utopia* (RHODES)".

Die „verbetering" is dus 'n volledige terugkeer tot die ouere, lugtige soort stukke. Ernstiger grotere stukke is vrywel uitgesluit.

Die publiek word weer daaraan herinner dat die intekenlys nog ope lê ¹⁾.

Op 30 Januarie ²⁾ volg *The Iron Chest, or The Blood-Stained Knife*, „COLMAN'S admired play in 3 Acts"; *The Sleeping Draught* (PENLEY), "laughable entertainment"; tenslotte *The Lawyer in the Sack, or Jack's Return!!!* ³⁾, ballet met dans.

Ten behoewe van "*The Philanthropic Society* for the emancipation of female slave children" word die volgende voorstelling op 21 Julie in die "Cape Theatre" aangekondig ⁴⁾. Die voorstelling staan onder die "direction of a Committee of gentlemen", van die voorste persone op filantropiese gebied aan die Kaap, o. a. GREIG, FAIRBRIDGE, Dr. BAILEY, en één Afrikaner, D. J. CLOETE. Dit sal verder die beskerming en aanwesigheid van die Goewerneur en vrou geniet. Opgevoer word *The Cure for the Heart Ache*, Bs. van TH. MORTON, en *Raising the Wind* (KENNEY), Ks., beide oubekendes. Tussenin word die liedere *Will Watch* en *Blue Bonnets over the Border* gesing. In *Raising* ens. word 'n lied deur "Sam" gesing.

Die bak word by die loges gereken en here gewaarsku om so gou moontlik plekke te neem daar die lys vinnig volgeteken word. By hierdie geleentheid ⁵⁾ voel "A Philanthropist Educated in the strictest principles of the Scottish Church (and), of course opposed to Theatrical performances . . . whether this be an idle prejudice or not", sy hart so deurgloei met die ywer van die Komitee vir 'n dergelike liefdadige voorstelling, dat hy hom minstens gedwonge voel 'n kaartjie te koop om so'n goeie saak te ondersteun, al laat sy gewete hom nie toe om die opvoering self by te woon nie. Hy hoop dat ander sy voorbeeld sal volg.

Tog moet die Komitee weer here *na* die voorstelling versoek om hul biljette te betaal ten einde die rekeninge te kan afsluit ⁶⁾!

¹⁾ *C. Adv.* 13 Jun. '32.

²⁾ *C. Adv.* 27, 30 Jun. '32.

³⁾ Sien bls. 219. Sou dit iets met hierdie *Jack* te make hê, 'n soort vervolgstuk wees? Ek dink van wel, gesien die naam en kunsoort.

⁴⁾ *C. Adv.* 14. 18 Jul. '32.

⁵⁾ *C. Adv.* 18 Jul. '32.

⁶⁾ *C. Adv.* 25 Jul. '32.

In die verslag word eers gewag gemaak van die goeie doel van die voorstelling. Die Mensliewende Genootskap is in 1827 gestig en het reeds 100 slawemeisies vrygekoop. Die opbrengs van die aand was 1000 Rds. (£ 75), d. w. s. losgeld vir 4 slawinne.

Die *Cure for the Heart Ache* (TH. MORTON) as stuk word geprys om sy "strokes of wit... (some) high sentiments... chiefly, its *dramatic* interest and situations for displaying the versatility of the actors". Die spelers het almal hul uiterste bes gedoen; die meeste geslaag was Old en Young Rapid en Frank Oatland. Old Rapid se uitbeelding van gevoel was „well executed and drew down loud applause". Hy kan naas MUNDEN gestel word. Young Rapid het sy rol goed begryp en "correctly portrayed it". Hy was een en al die nodige beweeglikheid; alles moes gou en kort wees. Ook was "the correctness of his memory" prysenswaardig. Die deeglike nette Frank Oatland het dieselfde kenmerk getoon en was altyd volkome op sy gemak. Die ydele, lawwe leë Vortex "met with a judicious representative". Ook Bronze, Farmer Oatland en die Waiter was bevredigend. "The ladies.... were also very effective". Miss Vortex wat "'uncommon'... vulgarity and conceit" moes uitbeeld, was "'uncommon' good". Jessy Oatland en Ellen het gedoen wat nodig was. Die toejuiging was veelvuldig, soms dawerend. Die liedere is gesing deur 'n liefhebber wat al dikwels opgetree het. Maar die begeleiding het, jammer genoeg, die uitwerking baie bederwe.

Die musiekkorps van die 72^{ste} Regt. was toegelaat om tussen die bedrywe militêre musiek te speel, aangesien die Goewerneur aanwesig was, maar die "whims of some individuals" het begeleiding van liedere verbied. Origens was die dirigent uitstekend. Die musiek het baie in die smaak geval.

In *Raising* ens. was Jeremy Diddler "well dressed and most facetiously enacted, (and) possesses comic talent". Sam was "very droll" in sy rol van goedgehumeurde sluhheid. Sy lag was heerlik. Fainwou'd en die ander was verdienstelik. Die skouburg was propvol, en gratis vir die voorstelling afgestaan.

Kort hierop word die houding van die musiekkorps verklaar in 'n ope brief¹⁾. Die oorsaak blyk te wees nie onwil nie, maar gebrek aan tyd en misverstand.

Op 11 Augustus²⁾ volg *Kenilworth, or The Days of Queen Bess*, naar die roman van sir WALTER SCOTT, "splendid Melo-

1) *C. Adv.* 8 Aug '32.

2) *C. Adv.* 8 Aug., (ook Edit. onder „Theatricals.") 11 Aug. '32.

drama in 4 Acts... with new scenery, dresses etc., en *Catherine and Petruchio, or Taming the Shrew* (SHAKESPEARE), Bs., in 2 Bed. Tussenin kom 'n bekende lied.

"Making due allowance for the difficulties which attend an amateur performance of such a play, where splendid costume and the extrinsic attraction of Scenery form so material a part of the business... (the) performance was very creditably sustained. Lady COLE and her family (attended) and the company was both numerous and respectable. — From a Correspondent." 1).

Verder word "respectfully announced" op 2)

1 September 3): *The Mountaineers*, "COLMAN's admired musical play" (met volledige opgawe van die verskillende "duets, gleees and songs" daarin), en die ou gunsteling, die melo-drama *Ambrose Gwinett* (JERROLD), 'n amateur „Bende" verleen medewerking. Die Skouburg heet by hierdie geleentheid "Cape Town Theatre" i.p.v. "South African Theatre".

22 September 4): *The Soldier's Daughter* "CHERRY's admired comedy in 5 Acts"; *The Miller's Maid* (SAVILLE), "domestic Melo-drama in 2 acts"; tenslotte *Jack at the Cape* ens. "with a new scene representing a view of Table Bay".

20 Oktober 5): "(TH.) MORTON's celebrated drama in 3 Acts... *The Slave, or The Revolt of Surinam*". There is a state worse than Slavery — Liberty engendered by treachery, nursed by rapine and invigorated by cruelty." Daarna kom "*A Nautical Hornpipe*, in character". Tenslotte *Lovers' Quarrels, or Like Master Like Man!* (KING).

12 November 6): *The Castle Spectre* (LEWIS), "dramatic Romance in 5 Acts", en *The Scape Goat* (POOLE) Ks., in 1 Bed. "Last night of the season". Tussenin sal "a celebrated *Posture Master* (dansmeester) from the London Theatres, just arrived in this Colony, for *this night only* go through his wonderful feats of Agility, and perform an *Indian Dance* after... the celebrated Signior DIAVOLO of the Royal Vauxhall Gardens."

Aangesien dit die laaste voorstelling is word die intekenaars beleef versoek om hul verskuldigde bedrae so gou moontlik aan te suiwer.

Tenslotte word nog 'n benefiese-voorstelling 7) vir mev. WESTCOTT 8) op Maandag 2 Desember aangekondig. Haar

1) *C. Adv.* 15 Aug. '32.

2) Sats. soos steeds.

3) *C. Adv.* 18, 22 29 Aug., 1 Sept. '32.

4) *C. Adv.* 19, 22 Sept. '32.

5) *C. Adv.* 6, 17, 20 Okt. '32.— Uitgestel van 13 Okt.

6) *C. Adv.* 7, 10 Nov. '32.

7) *C. Adv.* 21 Nov. '32.

8) Vrou van 'n skoenmaker (sien bls. 371.), wat ook veel met die toneel te doen gehad het. Sien bls. 207, 257.

“readiness at all times to assist when theatrical performances have been given for benevolent objects, and versatility of... powers in the feminine department of the Drama, will, it is hoped, secure to her... a large share of public countenance... The longtalked of tragedy of *Bertram*... by the Rev. Mr. Maturin, the author of *Melmoth*, and some other powerful works of the imagination, is to be represented... the principal part... by Mr. Booth... The greater part of the scenery will be newly painted. (From a Correspondent).”

Die heer BOOTH is weer by ¹⁾, vermoedelik terwille van mev. WESTCOTT in die eerste plek, maar in die tweede ook seker om van die stuk 'n sukses te maak. Origens pleit die strekking van die aankondiging teen die moontlikheid dat die heer BOOTH naar Engeland was.

Deur 'n verlies in die famielie van een van die vernaamste medewerkers word die voorstelling onvermydelik uitgestel ²⁾. Dit het die volgende jaar eers plaasgevind.

Op 19 Januarie 1833 ³⁾ vind 'n voorstelling plaas van *Richard the Third* ens. van SHAKESPEARE, “Gloster by a Gentleman ⁴⁾”, en *Fortune's Frolic* (ALLINGHAM). Tussenin word 'n matrosehorrelpyp gedans. Die eintlike seisoen open met 'n “Farewell Benefit” vir BOOTH op 9 Maart ⁵⁾ met “O'KEEFE's admired comedy (in 5 Acts) of *Wild Oats, or The Strolling Gentleman*; Song, *The Moon's on the Lake*; A Naval Hornpipe (in character).” Tenslotte *The Spectre Bridegroom* (MONCRIEFFE), Ks. in 2 Bed.

'n Hele reeks verdere benefiseses volg.

Eers vir mev. WESTCOTT — nog die uitgestelde van Desember 1832 — op 30 Maart ⁶⁾ met *Bertram, or The Castle of St. Aldobrand* (MATURIN), in 5 Bed. ens., met nuwe skerms, kostuums, ens. BOOTH speel *Bertram*, mev. WESTCOTT *Imogene*. “In Act 1st., is represented a terrific storm and shipwreck, In Act 5th, Interior of a Convent brilliantly illuminated.” Spektakel dus genoeg. 'n Komiese lied in kostuum, *Billy Barlow*, volg. *The Sleeping Draught, or A Calf to be Killed!!!*: (PENLEY), dien as nastuk. Met verlof van kol. VAUGHAN speel die musiekkorps van die 98^{ste} Regt.

“A Correspondent” ⁷⁾, beveel die voorstelling spesiaal aan. Die geselskap sal hul uiterste kragte inspan om sukses te behaal, temeer waar mev. WESTCOTT altyd so gul haar mede-

¹⁾ Sien bls. 220.

²⁾ *C. Adv.* 28 Nov. '32.

³⁾ *C. Adv.* 16, 19 Jan. '33.

⁴⁾ Anders deur 'n dame? wat tog onmoontlik lyk.

⁵⁾ *C. Adv.* 6, 9 Maart '33.

⁶⁾ *C. Adv.* 27, 30 Maart '33.

⁷⁾ *C. Adv.* 27 Maart '30.

werking verleen en veral by die voorstelling vir die Filantropiese Genootskap soveel tot die sukses bygedra het. "Mr. BOOTH will perform the arduous character of Bertram; and this, it is said, will be his last appearance here in the sock and buskin." Die hoop word uitgespreek dat die benefiese fluks ondersteun sal word.

Die heer WHILEY¹⁾ "that veteran humorist"²⁾, kom hierna aan die beurt. "He is to receive, besides the assistance of the whole *Corps Dramatique*, the aid of one or two Thespians, who have 'smelt the lamps' in England". Die hoop word uitgespreek dat die heer WHILEY 'n "bumper" mag hê. Die weer is reeds koel genoeg om 'n gehoor 'n hele aand sonder ongemak te laat deursit.

Die voorstelling het plaasgevind op Maandag 6 Mei³⁾ met: *The Pilot, or a Tale of the Sea* (FITZBALL), "nautical drama... founded on COOPERS'S admirable work... with new scenery, dresses, etc. With songs... The following new scenery: *The Ariel in a Storm*, — *Between Decks of the Ariel*, — *The Deck of the Alacrity*. After which the song *Tom Bowling* by a gentleman, his first appearance." Tenslotte, die nuwe Ks. in 2 Bed., *The Illustrious Stranger, or Married and Buried* (KENNEY en MILLINGEN), met nuwe kostuums ens.

Die volgende benefiese is op 22 Junie vir mev. BLACK, "who, it is understood, will retire from the stage after this season, as her present avocation⁴⁾ requires her sole attention. After a victorious campaign of eleven years, her friends feel assured that a generous public will honour her 'last appearance'" met alle moontlike, en so seer verdiende, steun. Die spelers sal alle kragte inspan⁵⁾.

Die program bestaan uit: "SHIEL'S Tragedy of *Evadne, or The Statue*... A nautical hornpipe, by a young gentleman, only 8 years of age"; *The Deaf Lover, or How to cure the Gout* (PILON), nastuk in 2 Bed.⁶⁾.

Variété neem in hierdie tyd sterk toe. Dit word 'n tydlang die gewoonte om interessante sensasionele bedrywe spesiaal te vermeld. Spektakelstukke is die hoofsaak. Blykbaar het met die vertrek van die ou kragte, ook alle hoëre strewes op gebied van Engelse toneel verdwyn. Om die groot publiek te trek lyk die hoofdoel.

So volg⁷⁾ op

13 Julie⁸⁾: *The Floating Beacon*, "FITZBALL'S Nautical drama.

1) 'n Juwelier aan die Kaap. *Alm.* '33. 2) *C. Adv.* 4 Mei '33. „Corresp.”

3) *C. Adv.* 1, 4 Mei '33. Ook „A Corresp.” 4) Sien bls. 371

5) *C. Adv.* 15 Jun. '33.

6) *C. Adv.* 19, 22 '33.

7) Sats. soos gew.

8) *C. Adv.* 10, 13 Jul. '33.

In Act II. — The floating beacon in a storm; in Act III. — The firing of the beacon by the eagle sloop with the destruction of the murderers"; *The Six Simpletons, or The Press Gang*, "ballet dance"; *The First of April* (BOADEN) nastuk.

"Mr. *Charles West* from the Royal Amphitheatre (ASTLEY'S) for the first time in this Colony, will execute a new Pantomine delineation of the *Clown and Goose*."

3 Augustus¹⁾: *The Inch Cape Bell, or The Dumb Boy of the Rocks*, weer 'n seestuk van FITZBALL in 4 Bed. Daarin kom voor "the following new scenery: IN ACT 2 — An apartment in the castle of Sir John Trevanly, — Guy Ruthven's Hut in the Forest. Outside of the castle and Balcony, with the sea by moon-light. — ACT 3. Deck of the Smuggler's vessel by moon-light. — ACT 4. Cavern of the Inch Cape Bell; Last scene — The wreck of the Smuggler's vessel on the Inch Cape Rocks, the sinking of the ship with her crew; and the sea covers the whole of the stage. The perilous situation of the dumb boy and Guy Ruthven, who are sinking with the mast but are providentially saved by his father. After which, Monsieur DUPREE will for the first time in this Colony exhibit his wonderful performance on the *Slack Rope*." — 'n Variété-nummer wat nog lang 'n geliefkoosde sal bly. Ten slotte volg *The Two Gregorys, or Where does the money come from* (?) (DIBDIN), nastuk in 1 Bed.

17 Augustus²⁾: *John Overy, or The Miser of Southwark Ferry* (JERROLD), bekende Melodrama in 3 Bed. M. DUPREE sal sy tweede vertoning op die slappe koord gee; "clown to the rope, Mr. SHERIDAN, who will show what he can do on the rope." Tenslotte, die nastuk in 2 Bed., *The Haunted Inn, or How to lay a Ghost* (PEAKE), deur die skrywer van *Amateurs and Actors*.

21 September³⁾: "Last night . . . The petite Comedy of *The Day after the Wedding, or A Wife's first Lesson* (KEMBLE), . . . The laughable interlude of *A Race for Dinner* (RODWELL) . . . The admired comic sketch of *The Actress of all Work* (outeur onbekend) . . . To conclude with the entertaining farce of the *Rival Valets*." (EBSWORTH).

11 November⁴⁾: *The Iron Chest*, Tsp. in 3 Bed. van COLMAN; *The Actress of all Work, or Six in One*, (outeur onbekend) herhaal op besondere versoek; *St. Patrick's Day*, Ks. in 2 Bed. deur R. B. SHERIDAN, as benefiese vir die heer WHILEY.

1) *C. Adv.* 31 Jul., 3 Aug. '33.

2) *C. Adv.* 14, 17 Aug. '33.

3) *C. Adv.* 18, 21 Sept. '33.

4) *C. Adv.* 6, 9, Nov. '33.

Nog een voorstelling volg, nie op inisiatief van *All the World* self nie, maar tog met behulp van lede daarvan. "Mr. HEATH, from the Theatre Royal, Liverpool, begs respectfully to announce to the Nobility and Gentry (Die eerste keer wat die gebruik van hierdie uitdrukking voorkom — die heer HEATH het sy publiek geken! — F. B.) of Cape Town that he has lately arrived in the colony and intends during the ensuing week, with the assistance of some Gentlemen Amateurs" om 'n voorstelling te gee, waarby hy hul ondersteuning vra¹⁾. Onder sy direksie word 30 November²⁾ opgevoer: *Venice Preserved*, "OTWAY'S celebrated tragedy". Pierre is mnr. HEATH, Belvidera mev. WESTCOTT. Tot besluit volg *Charles the Second* (PAYNE) ens. King Charles II, mnr. HEATH. N. B. — Daar die heer HEATH verneem het dat sekere rusverstorende elemente in die gallery die voorstellinge onlangs met opset erg lastig geval het, sal niemand tot die gallery toegelaat word nie, behalwe vriende van diegene wat aan die toneel verbonde is³⁾.

Ook 1834 begin *All the World* met die Engelse toneel, onder beskerming en aanwesigheid van die Goewerneur. Op 26 April⁴⁾ word soos gewoonlik in die Suid-Afrikaanse Skouburg opgevoer: *The Robber's Wife, or The Golden Ingot* (POCOCK), "new romantic drama in two acts", en *The Bride of Ludgate* (JERROLD), Ks. in 2 Bed. Tussenin word die gebruikelike horreelpyp gedans. Die „Bende" van die 98ste Regiment speel.

Hierna moes *All the World* in duie geval het. Die garnisoen leef weer op; ook ander amateurs⁵⁾. Bowendien begin die beweging teen toneel al skerper en skerper vorme aan te neem⁶⁾. Uit September⁷⁾ van hierdie jaar is die laaste berig van *All the World* bekend — tot dit in die volgende periode, in 1843, herleef.

Die berig lui:

"The British Amateur Company *All the World's a Stage* beg to announce to the public, that having declined to play with the private Amateur Company, it is their intention, in the course of a few weeks time, to perform, with new scenery,

1) *C. Adv.* 23 Nov. '33.

2) *C. Adv.* 27, 30 Nov. '33.

3) Sien bls. 368. — Nogal dikwels in wanorde by Eng. voorstellinge.

4) *C. Adv.* 23, 26 Apr. '34. (Sats.)

5) Sien bls. 194.

6) Sien bls. 351.

7) *C. Adv.* 27 Sept. '34.

dresses, etc., the favorite Scotch Melodrama, founded on Sir WALTER SCOTT'S celebrated work of *Rob Roy*. Helen Mac Gregor—Mrs. WESTCOTT."

Meer verneem ons nie hiervan nie.

5. Sporadiese Geselskappe.

Gedurende die tydperk van *Honi* (1823—'28), moes 'n Garnisoenskouburg bestaan het in die kaserne¹⁾. Waar die offisiere in die Afrikaanse Skouburg gespeel het²⁾, het hier die laere range hulself vermaak. GROOM vertel van één voorstelling naar aanleiding van 'n ou handbiljet³⁾. Deure sal oop wees om 5.30 n.m. Die stuk begin om 6 n.m. "The Highland Amateur Party" uit die "72 Highlanders" speel op 5 September (jaartal onvermeld): "The comedy of *Paul Pry!!!* (POOLE of JERROLD).

Paul Pry	S. STEWART.
Billy.	W. WILLIAMSON.
Mr. Oldbutton.	A. SCHOFIELD.
Capt. Haselton	J. FOSTER.
Sir Spangle Rainbow.	W. CAMERON.
Pomade.	T. CALDWELL.
Tankard	G. MILNE.
Servants, Waiters, Bailiffs, etc.	
Laura	T. NORRIE.
Crimp	A. RAMSAY.

After which a song by SCHOFIELD.

To conclude with the entertaining farce of *A Roland for an Oliver* (TH. MORTON).

Sir Mark Chase	A. SCHOFIELD.
Alfred Highflier	J. FOSTER.
Mr. Selbourne	W. CAMERON.
Fixture	T. CALDWELL.
Groom	G. MILNE.
Post Boy	P. SMITH.
Mrs. Selbourne	T. NORRIE.
Maria Darlington	A. RAMSAY.
Mrs. Fixture	W. WILLIAMSON.
Servants, Dancers, etc.	

¹⁾ Sien bls. 358.

²⁾ Sien bls. 179 e. v.

³⁾ Groom, *C. I. M.* 1899, bls. 480.

Tickets to be had at the Theatre by applying through the Military”.

Nêrens anders vind ons aankondiginge van hierdie spelers nie. Dit moes essensiël 'n private onderneming gewees het.

Oor Engelse voorstellinge uit hierdie tyd val nog te vermeld die bedrywigheid van die “Naval Amateur Company” in Simonstad ¹⁾. Op Saterdag 14 Januarie 1826 het offisiere van S. M. S. *Owen Glendower* “Mrs. CENTLIVRE'S Comedy of *The Busybody*, and *Miss in her Teens* (GARRICK) as a first attempt” opgevoer. Die voorstelling “much surpassed our expectations and was greeted by the applause of a numerous and fashionable audience”. Veral een seeman het tussen die stukke, in die impersonasie van 'n Jood, 'n bybehorende lied gesing, deurleef “in the true style of an old Comedian, and was hailed with a universal encore

The premises of Mr. VAN RENEN were handsomely given for the occasion, and we were agreeably surprised at the neat and appropriate style of the fitting-up of the little theatre, and the comparative excellence of the scenery”.

Die offisier PUFF het 'n tweede voorstelling op die eerste van die volgende maand aangekondig. Verder verneem ons niks nie.

In 1833 het ons weer Franse toneel aan die Kaap. Ons verneem: „De op hunne reis naar Bourbon alhier aangekomen Fransche Tooneellisten hebben het Kaapsche publiek op den 24 October met een opera (comique? — F. B.) verrast. Het voorstuk was *Ma Tante Aurora, ou Le Roman Impromptu*; gevolg deur *Le Bal d'Ouvriers* ²⁾”.

c. Beroepstoneel ⁴⁾.

Nog moet vermeld word die verskyning aan die Kaap van sekere beroepskunstenaars — van die eerste in hul soort ⁴⁾ — wat hulself tot op sekere hoogte op gebied van die toneel beweeg.

Die geskiedenis vang aan, begin 1837 ⁵⁾, met sekere M. DECANIS, van die „Theatre Royal, Paris”, vermoedelik op weg naar Mauritius.

Na voorafgaande optrede, vertoon hy op Dinsdag 7 Maart onder spesiale patronasie van die Goewerneur en vrou,

¹⁾ *Chron.* 17 Jan. 26. — „From a Corresp.”

²⁾ *Ned. Z. A. Ts.* Okt. 1833. bls. 396.

³⁾ Hieronder verstaan ek natuurlik alle toneel, enkel van beroepselemente. Waar beroepselemente met liefhebbers saamwerk, behandel ek dit onder die liefhebberigeselskappe.

⁴⁾ Sien bls. 227.

⁵⁾ *Mod.* 28 Feb., 7 Maart. '37.

“with entire new French Scenery and Decorations, *A Fantasmagorie*, in the same manner as the celebrated Pantomime, of Prof. LE CONTE (COMPTE). After which *A Fairy Dance* . . . Due care will be taken to prevent the house from being too crowded and to keep it properly ventilated.” “Some other amusements” word deur die heer J. J. DE KOCK ¹⁾ verskaf. 'n Liefhebberyblaasorkes (Band) help. Kaartjies berus by die *Moaerator* en DE KOCK ²⁾.

Daar het nogal ontevredenheid bestaan oor die voorstelling — DE KOCK sou die mense meer laat verwag het as wat hulle gekry het ³⁾. Tog was daar toejuiging vir DECANIS. Die *Fantasmagorie* was 'n towerlanternvoorstelling.

In Junie, in Langstraat 84, stel M. DECANIS 'n maandlang “An Automaton Figure, which speaks and moves”, ten toon ⁴⁾. Besoekers word versoek om die taal op te gee waarin hulle die outomaat vrae wil stel, en om nie te bly as nuwe besoekers kom nie. Die pryse lyk behoorlik: daags 1/6; saans 2/6.

Hierna verdwyn M. DECANIS, maar in November ⁵⁾ maak sekere mnr. W. F. H. PARKER sy verskyning, wat dieselfde soort ding voortsit, n' paar maande aan die Kaap bly, en hele toneelvoorstellinge met sy “figures (poppen)” gee.

Die heer PARKER se inrigting heet “Mechanical and Picturesque Theatre of Arts — Mechanische en Picturesque Tooneel.” Hy word deur die “Nobility, Ladies and Gentlemen of Cape Town” met „groote voldoening” ontvang; speel meermale per week; blyk in besonder „een zeer knap goochelaar” te wees. Alleen sy gebou is vir verbetering vatbaar. Maar meer nog as sy goelary word op die voorgrond gestel sy “unrivalled Automaton Figures (Bewegende Poppenspel)”.

Ons verneem o. a. in Desember ⁶⁾ van “*Polander* in act first. This figure (Pop) will dance the tight rope and retire from the stage in a splendid display of fireworks, after which *The Enchanted Turk*, who is suddenly changed into seven forms, with other figures too numerous to particularize. In Act third the Automaton figures will perform the dramatic tale of the *Children in the Wood* (TH. MORTON). . . (To) conclude with the laughable farce of *Joey Grimaldi's Trip to Brentford*”.

¹⁾ Sien bls. 330 e. v., 373.

²⁾ De Kock C'zn is J. J. de Kock. — *Alm. de L.* 1837.

³⁾ *C. Adv.* 24 Mei '27.

⁴⁾ *Mod.* 23 Mei, 6 Jun. '37.

⁵⁾ *Med.* 21 Nov. '37. (Ook verslag), 28 Nov. '37 e. v.

⁶⁾ *Med.* 5, 12 Des. '37 e. v.

'n Ander keer ¹⁾ is dit *The Enchanted Witch, or Mother Shipton, who will tell fortunes and smoke a pipe, as natural as real life.* Die "celebrated Vaux-hall Gardens, London," word vertoon, met "the Ascent of Mr. SADLER'S *Balloon*," waarin hy en sy vrou is, waarna 'n Pop in die karakter van J. T. COOKE, as *Harry Bluff, the Sailor*, 'n horrelpyp dans "with the greatest agility and skill." Met 'n "Grand Gala" eindig die voorstelling.

Voorgestel word ook *The Battle of Navarino* ²⁾ tussen die Britse, Hollandse en Franse vlote aan die een kant, die Russiese en Turkse aan die ander. 'n Vuurskip vernietig 'n hele aantal vyandelike skepe. Die hele Turkse vloot, word tenslotte vernietig.

Al hierdie nummers word meermale herhaal tot in Januarie 1838 ³⁾.

Ook buitekant Kaapstad slaan die heer PARKER sy tente op ⁴⁾. Sedert Februarie bereis hy die buitelande — die voorloper in hierdie opsig vir sover my bekend. In Stellenbosch geniet hy „liberale ondersteuning”. In die Pêrel, Worcester, Swellendam, George, Uitenhage e.a. dorpe tree hy op. Byna orals bly hy geruime tyd met sy „onvergelykelyke Poppenspel.”

Einde Julie ⁵⁾ is hy terug in die Kaap „van de Binnenlanden”, en einde Augustus ⁶⁾ begin weer sy voorstellinge. Daar word o.a. fraaie stede en landskappe van Europa en Amerika vertoon „met beweegelyke Figuren geheel op een mechanische principe tezamen gesteld”. Ons hoor van 'n pragtige vertoning van *Eene storm ter Zee, op de Britsche Kust*, met skip wat vergaan, ens.

Dit word Oktober ⁷⁾ voor ons die laaste hoor van mnr. PARKER. In 1839 vind ons hom in Grahamstad terug ⁸⁾.

Ons het hier duidelik met meganiese poppenspel te doen. PARKER sou so lank nie gebly het nie, tensy hy baie sukses met sy voorstellings gehad het.

Dat dergelyke beroepsvermaaklikhede die reeds kwynende liefhebberytoneel, Hollands en Engels ⁹⁾, 'n verder stoot tot sy ondergang moes gee, spreek vrywel vanself.

1) *Med.* 12 Des. '37 e. v.

2) *Med.* 26 Des. '37 e. v.

3) *Med.* 2 Jan. '38.

4) *Med.* 27 Febr., 2 Apr., 29 Mei '38.

5) *Med.* 31 Jul., 7 Aug. '38.

6) *Med.* 21 Aug. '38 e. v.

7) *C. Adv.* 3 Okt. '38.

8) *Sien bls.* 389.

9) *Sien bls.* 207, 335, 342.

§ 3. Hollandse Toneel.

a. Tot Nut en Vermaak.

Die Hollandse liefhebberytoneel vind sy mooiste en duurzaamste uitbloeï gedurende hierdie periode in hierdie geselskap.

Tot 1836 speel die geselskap ononderbroke voort. BONIFACE se geselskappe (*Honi Soit*, *Door Yver bloeit de Kunst*, en *Vlyt en Kunst*) mag soms oorweldigender en skitterender lig uitstraal; onverstoord, vernaam en bestendig bly *Tot Nut* sy lig versprei.

'n Vername oorsaak hiervan sal *T. N. en V.* se selfkennis gewees het. Die geselskap het hom blykbaar goed gewag van iets onderneem wat hy nie kon uitvoer nie ¹⁾. Hy het betreklik min gespeel, ongeveer vierkeer per seisoen, maar dan goed ingestudeer — af! Daar is my geen enkele ongunstige kritiek oor *T. N. en V.* bekend nie. Inteendeel steeds samel die geselskap die hoogste lof in.

Met die algemene herlewing van toneel in 1822, is *T. N. en V.* dadelik op die voorgrond. Onder J. G. TREDOUX ²⁾ as Toneelmeester (in 1826 reeds 20 jaar „toneeldirecteur” ³⁾, hernuwe die geselskap sy bedrywigheid. TREDOUX bly definitief die leier ⁴⁾ tot die end van 1824, miskien ook in 1825 en begin 1826 ⁵⁾.

Vir 21 September ⁶⁾ — Saterdag, soos elders — word aangekondig, in die Afrikaanse Skouburg, *Volsan, of De Menschenhater door Tegenspoed*, Tsp. in 3 Bed., uit die Frans van VILLENHOVEN, en *De Deserteur*, „Kluchtig Bs.” in 1 Bed., naar die Hoogduits van KOTZEBUE, vertaal deur VAN ESVELDT HOLTROP.

Die geselskap was so vriendelik om die Skouburg op 18 September — waarskynlik 'n repetiesiedag ⁷⁾ — aan die Engelse geselskap af te staan met die gevolg, dat hul eie „eerste representasie” tot Dinsdag 24 September moes uitgestel word ⁸⁾.

As tweede voorstelling volg op 19 Oktober ⁹⁾ *Ransdorp*, oorspronklike Hollands Tsp. in 3 Bed., deur A. VAN DE WART,

¹⁾ Anders as *Honi* ens. in hierdie opsig, sien bls. 274 e. v.

²⁾ 'n Makelaar (General Agent) aan die Kaap. (*Alm.* 1827).

³⁾ Sien bls. 246, 251. Van die Franse geselskap in 1806 en *T. N. en V.* sedert 1809?

⁴⁾ Naam of adres vermeld by adv.

⁵⁾ Ongetwyfeld sal hy meegehelp het met die Kindergeselskap van J. G. Tredoux Jr., Aug. 1825 — Apr. 1826 (Sien bls. 256 e. v.). Sedert Aug. 1826 het hy in elk geval 'n ander (nuwe) geselskap, *D. Y. V.*, miskien tot so'n gedragslyn gedwonge. Sien bls. 251 e. v.

⁶⁾ *K. C.* 14 Sept. '22.

⁷⁾ 'n Grote proef miskien? Sien bls. 366.

⁸⁾ *K. C.* 21 Sept. '22.

⁹⁾ *K. C.* 5, 12 Okt. '22.

en *De Vreesachtige uit Vooroordeel, wegens zyne Geboorte op Zondag* (PERINET), Bs. in 3 Bed. naar die Hoogduits deur G. C. DE GREUVE.

As derde en waarskynlik laaste voorstelling vir die jaar, word op 23 November¹⁾ ten tonele gevoer: *Makin, of De Ontdekking van Madera*, oorspronklike Nederlandse Tsp. in 3 Bed., „van den beroemden BARBAZ”, gevolg deur *Het Losse Schot*, Bs. (Interlude) in 1 Bed. naar die Hoogduits van J. S. VAN ESVELDT HOLTROP. Tot slot *De Lotery Briefjes*, Bs. in 2 Bed. deur WARD BINGLEY.

Reeds op 22 Februarie 1823²⁾ kondig *T. N. en V.* sy voorneme aan om enige toneelvoorstelling vir die nuwe seisoen te gee. Die intekenlyste lê by TREDOUX.

BONIFACE vind dit nodig om duidelik te maak dat sy geselskap nie dieselfde as die van *T. N. en V.* is nie. Dit wettig die vermoede dat *T. N. en V.* eers in 1822 herleef het³⁾.

Die geselskap speel⁴⁾ in die Afrikaanse Skouburg, en geniet gewoonlik die patronasie van die Goewerneur en vrou — ook in volgende jare⁵⁾. Vir 5 April⁶⁾ word aangekondig *De Ortenbergsche Familie*, oorspronklike Hollandse Tsp., in 3 Bed. deur C. VREEDENBERG, en *Het Geschenk, of De Gelukkige Misvatting*, Bs. deur H. OGELWIGHT JR.

Beskikbare intekenplase word bekend gemaak.

Intussen het *T. N. en V.* reeds op 8 Maart⁷⁾ *Natuur en Pligt, of De Zoon Regter over Zyn Vader* (PELLETIER VOLMÉRANGES) van die publiek versoek. „De Eigenaar hetzelve willende verkoopen, wordt daarvoor een goeden prys uitgeloofd; doch verkiezende ter leen uittereiken, zal aan hem met en benevens den dank van 't gezelschap; den vryen toegang tot den Schouwburg worden verleend, by de representatie van 't opgem. stuk”. Die stuk het voor die dag gekom — vanweë die aanloklike voorstelle?

Op 22 Maart⁸⁾ betuig die geselskap die heer (regter?) KEKEWICH „den meesten dank” vir sy afstaan van die stuk. Dit sal so spoedig moontlik vertoon word.

Dit gebeur op 26 April⁹⁾ as tweede voorstelling van die jaar. Die stuk heet 'n tafereel in 5 Bed. naar die Frans van PELLETIER VOLMÉRANGES. Verder word opgevoer *Het Strandregt*, Bs. in 1 Bed. naar die Hoogduits van A. VON KOTZEBUE. By hierdie geleentheid tree 'n gebore Afrikaner, die heer J. G. DE VILLIERS, namens die Toneelmeester op.

1) *K. C.* 9, 23 Nov. '22.

2) *K. C.* 3) Sien bls. 275.

5) Van 1824 ook weer goedkeuring.

7) *K. C.* '23. 8) *K. C.* 22 Maart '23.

4) Saterdag as altyd.

6) *K. C.* 29 Maart, 5 Apr. '23.

9) *K. C.* 19, 26 Apr. '23.

Daar volg op
7 Junie¹⁾: *Haat en Liefde*, tafereel in 4 Bed. deur C. F. BONIN, en *De Spraakloze*, Bs. in 1 Bed. deur VON KOTZEBUE, vertaal deur VAN ESVELDT HOLTROP.

18 Junie, Woensdag²⁾: *Makin, of De Ontdekking van Madera* (BARBAZ), (reeds 1822 gespeel), en die "Groot Concert *De Batailje van Waterloo, of La Belle Alliance*." Dat *T. N. en V.* hierby „vereenigd (is) met Liefhebbers der Muziek” word verklaarbaar.

2 Augustus³⁾: *De Militaire Stand*, Tsp. in 2 Bed., van ARRESTO, en *De Listige Weduwe*, Bs. van A. VON KOTZEBUE. Hiermee het die voorstellinge blykbaar afgesluit.

In 1824 begin *T. N. en V.* met 'n intekenlys eers vir twee voorstellinge⁴⁾.

Op 10 Julie⁵⁾ vind plaas: *De Kluizenaar op Formentera*, Tsp. in 3 Bed., deur KOTZEBUE, en *De Naamgenoten*, Bs. in 2 Bed., deur M. WESTERMAN; op 21 Augustus volg *De Onechte Dochter*, Tsp. in 5 Bed., „origineel Hollands”, deur J. P. MEYER, en *Het Huwelyk van den Capucyn* (PELLETIER VOLMÉRANGES), Bs. in 3 Bed., vertaal deur A. TACK.

Met hierdie voorstellinge moes dit goed gegaan het.

Ons kry op 28 Augustus⁶⁾ 'n tweede intekenlys, gevolg deur 'n voorstelling op 5 Oktober⁷⁾ (Dinsdag) met *De Verkeerde Schaamte*, Tsp. in 4 Bed., en *De Echtgenoot Kluizenaar*, Bs. in 4 Bed., beide deur KOTZEBUE.

In 1825 vermeerder die voorstellinge; ons kry bowendien met die opkoms van die koerante 'n reeks leerryke kritieke. In Maart⁸⁾ heet dit al: "The sons of Melpomene are all preparing for action, and it is expected that the entertainments of the coming winter, will be distinguished by various novelties. We are informed that the Dutch Amateur Company *Tot Nut en Vermaak*, intend performing about the 15th of next month, *Pamela* (PELLETIER VOLMÉRANGES en CUBIÈRES PALMEZEAUX), *Rondborstige* (POUJOL en BANDOUIIN) etc."

Inderdaad volg op 16 April⁹⁾ weer as eerste van 'n intekening op „twee Representatiën”, *Pamela, of De Zegepraal der Onschuld*, Tsp. in 4 Bed., naar die Frans van VOLMÉRANGES en CUBIÈRES, en *De Gryze Man, of De Rondborstige*, Bs. in 3 Bed.

By hierdie geleentheid en voortaan word in de „Liefhebbery Tooneel (Amateur Theatre)” gespeel. Van hierdie voorstelling

1) K. C. 24, 31 Mei, 7 Jun. '23.

3) K. C. 26 Jul. '23.

5) K. C. 3, 10 Jul. '24.

7) K. C. 25 Sept., 2 Okt. '24.

9) K. C. 9 Apr. '25; *Chron.* 13 Apr. '25.

2) K. C. 7 Jun. '23.

4) K. C. 19 Jun. '24.

6) K. C. 28 Aug. '24.

8) *Chron.* 16 Maart '25.

word gemeld ¹⁾ (in Hollandse vertaling): „Het Theater werd Zaterdag l.l. geopend door het Hollandsche Liefhebbery Gezelschap voor een groot en brilliant getal toezieners. De rollen werden over het algemeen wel gespeeld, en gaven algemeene voldoening. Het doet ons leed dat wy door de Engelsche Heeren nog geene toebereidselen zien maken.”

Op 4 Junie ²⁾ volg die tweede voorstelling: *De Broeders op de Toets*, Tsp. (Comedy ³⁾), in 3 Bed., naar die Frans van PELLETIER VOLMÉRANGES, en *Uilenspiegel* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP). Hiervan lui dit: „Wy zyn zeer geamuseerd geworden... De talenten door de Leden van dit Gezelschap aan den dag gelegd in de uitvoering van beide Stukken, en voornamelyk het nastuk, verdienen grooter lof dan ons bestek ons toelaat... Wy waren getroffen over het brillante voorkomen der Boxes, en de geheele Schouwburg was doorgaans opgepropt met de aanzienlykste ingezetenen.”

Hul sukses het die geselskap verder aangespoor. Op 6 Augustus ⁴⁾ volg *De Graaf van Waltron, of De Subordinatie*, Tsp. in 5 Bed., naar die Hoogduits van H. F. MÖLLER ⁵⁾, en *De Gevaarlyke Buurman* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 1 Bed.

Ook hierdie voorstelling was “to the utmost satisfaction of a crowded house. We cannot but compliment the Amateur Gentlemen on their taste in the various dresses, and good arrangement of the scenery; and we are proud to acknowledge, that this difficult piece was represented to admiration.” Die Goewerneur en baie vername ingesetenes was aanwesig. Die blad sou graag 'n kritiek van die voorstelling van sy Hollandse korrespondent ontvang het ⁶⁾.

Op 17 September ⁷⁾ volg *De Verzoening, of De Broedertwist*, Tsp. in 5 Bed. naar die Hoogduits van KOTZEBUE, en *De Deserteur* (KOTZEBUE vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Klugtige Bs. in 1 Bed.

Die geselskap ⁸⁾ vra dringend om 'n tweede eksemplaar van die voorstuk te leen. Die verslag is soos gewoonlik alles lof en prys; *De Verzoening* heet “een zeer aangenaam toneelspel. De hoofdkarakters werden zeer goed gespeeld. Alleen kwam de kostume van den Dokter BLOM met die van den Advocaat niet overeen. Wat echter het spelen betreft men kan niet meer begeren; inzonderheid wat aangaat tooneel en uitdrukkingen; ook de vervaardigde decoratiën, voornamelyk de

¹⁾ *Chron.* 20 Apr. '25.

²⁾ *Chron.* 1 Jun. '25; *K. C.* 28 Mei '25.

³⁾ Teen hierdie tyd word Tsp. byna altyd vertaal met „Comedy”.

⁴⁾ *Chron.* 2 Aug.; *K. C.* 5 Aug. '25. ⁵⁾ Nie H. T. Moller nie.

⁶⁾ *Chron.* 9 Aug. '25.

⁷⁾ *Chron.* 13 Sept.; *K. C.* 16 Sept. '25.

⁸⁾ *Chron.* 20 Sept. '25.

zaal, zouden geen oneer doen aan een Nederlandschen Schouwburg. Wy hopen nog dikwyls door dit gezelschap ons vergast te zien door representatiën."

Die laaste voorstelling word aangekondig vir 19 November¹⁾ met *Edele Harten door Driften Geslinderd, of Gevolgen van Jeugdige Ligzinnigheid* (EBERSTEIN), Tsp. in 5 Bed., en *Niets en Iets, of De Vyf Gestorvenen*, klugtige Bs. in 1 Bed. deur W. D. STOOPENDAAL²⁾.

Die laaste stukkie moes erg in die smaak geval het. By 'n benefiese wat volg word dit op besondere versoek herhaal. „Een trouwe Komediëganger” het selfs spesiaal daarom in die koerant gevra³⁾. By hierdie benefiese op 3 Desember⁴⁾, „ten voordeele eenes behoefligen Huisgezins,” is verder *De Kluzenaar op Formentera* van KOTZEBUE opgevoer.

Allesins is dit 'n baie bevredigende jaar. Nie veel nie maar goed, is kennelik die wagwoord van *T. N. en V.*, in teenstelling met, oor die algemeen, Engelse geselskappe.

Die verrigtinge van *T. N. en V.* gaan op die ou voet voort in 1826, net dit heet weer onder goedkeuring van die Lt.-Goewerneur. Reeds in Maart⁵⁾ — “de morgenstond heeft goud in de mond”! — kondig *T. N. en V.* sy voorneme aan om in die a. s. winterseisoen “eenige Representatiën te vertoonen.” Tog word dit 10 Junie⁶⁾ voor die eerste voorstelling met *De Burgemeester* (VON BRÜHL), Trs. in 5 Bed., en *Jocrisse in een Nieuwen Dienst* (DORVIGNY), Tsp. in 5 Bed., aangekondig word. Per slot van rekening word die voorstelling uitgestel tot Woensdag 5 Julie⁷⁾. Sou in hierdie uitstel reeds invloed van die toneelbestryding, wat teen die end van 1825 'n eerste vertoning maak, te sien wees⁸⁾? Ek is geneig om dit aan te neem, temeer waar die verslag hieroor deur 'n korrespondent in die *Commercial Advertiser*⁹⁾, niks anders as 'n “apologia” vir die toneel is nie. Tegelyk sou ons kan raai dat die rede van die uitstel, in die terugtrek deur ouers van hul kinders (by ballette ens.) aan opvoeringe, gelê het (11 Julie '26).

Die korrespondent gee uiting aan „hoe genoegelyk” hy toe „eenige uren” deurgebring het. Hy wys op die leersaamheid van die stuk; laak huisvaders wat hul kinders aan die skouburg onttrek het; prys 'n toneel van sulke sedelike voortrefflikheid¹⁰⁾.

Op 26 Augustus¹¹⁾ volg *De Onechte Zoon (Lover's Vows)*,

1) *Chron.* 22 Nov.; *K.C.* 11 Nov. '25.

3) *C. Adv.* 23 Nov. '25.

5) *K. C.* 31 Maart '26.

7) *Chron.* 4 Jul. '26; *K. C.* 30 Jun. '26.

9) 11 Jul. '26.

11) *K. C.* 18 Aug. '26; *C. Adv.* 22 Aug. '26; *Chron.* 22 Aug. '26.

2) *K. C.* 2 Des. '25.

4) *K. C.* 2 Des. '25.

6) *Chron.* 20 Jun.; *K. C.* 9 Jun. '25.

8) *Sien* bls. 343 e. v.

10) *Sien* bls. 348-349 e. v.

Tsp. in 5 Bed. naar KOTZEBUE, en 't *Zal laat Worden* (MEYER), Bs. in 1 Bed.

„De Schouwburg was zeer brilliant wat betreft de aanschouwers, en het stuk werd met die goedkeuring ten uitvoer gebragt, als dat gezelschap altoos smaakt. Het nastukje . . . beviel algemeen. Wy hopen eerstdaags dit gezelschap weder op te zien treden¹⁾”.

De Onechte Zoon (KOTZEBUE) het blykbaar sukses gehad. 'n „Boxnemer en twee andere” persone maak „applicatiën” vir 'n weervertoning²⁾. *T. N. en V.* wil hieraan die volgende week voldoen, mits hulle voor a. s. Saterdag „voldoende intekenaren krygen kunnen tot het bestryken der onkosten”. As nastuk volg *De Gevaarlyke Buurman* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).

Op 12 September (Dinsdag) — dus reeds 'n week later — is die lyste nog „slechts” ope tot a. s. Saterdag³⁾. Of die voorstelling werklik plaasgevind het weet ek nie.

Die laaste voorstelling van die seisoen vind plaas op 11 November⁴⁾ met *De Boodschaplooper Uit Behoeft* (LALOUE en MÉNISSIER), Tsp. in 3 Bed. naar die Frans, en *De Burgerraad*, Bs.

In verband hiermee skryf „C.P.” 'n lang brief⁵⁾. Hy en 'n aantal van sy vriende het die moeite en opofferinge van die geselskap altyd besonder op prys gestel om hulle in die afgelope seisoen “nu en dan dezelfde verlustiging” as in die geval van *De Burgerraad* te besorg, en hy hoop van harte dat die geselskap in die a. s. winter „wederom even veel lust en opgewektheid mag gevoelen, in het bevorderen des genoegens van het toneel.

Wat nu het stuk zelve aanbelangt, nauwelyks had zich die blyde mare verspreid dat de *De Burgerraad* zou vertoond worden of zy zette reeds by voorbaat de lachspieren van een ieder in beweging”, want al bestaan so'n amp nie meer in Kaapstad nie, so het daar in die laaste tyd gebeurtenisse⁶⁾ voorgeval, wat die vermoede kon wek dat die voorstelling seker op die een of ander persoon sou slaan. Gevolglik was die nuusgierigheid groot om die stuk te sien. „Vrouwen kwelden hunne mans, kinderen plaagden hunne ouders, ja, selfs bedienden hielden aan by hunne meesters. Menig Ryksdaalder, zoo lang bewaard, werd er by die gelegenheid ten offer

¹⁾ *Chron.* 29 Aug. '26. ²⁾ *Chron.* 5 Sept. '26. ³⁾ *Chron.* 12 Sept. '26.

⁴⁾ *K. C.* 20 Okt., 3, 10 Nov. '26; *Chron.* 24 Okt., 7 Nov. '26; *C. Adv.* 28 Okt., 11 Nov. '26. Na 'n uitstel van 4 Nov.

⁵⁾ *C. Adv.* 21 Nov. '26.

⁶⁾ So b.v. die beweging vir 'n verteenwoordigende regeering; in besonder die vraagstuk van 'n vry pers teenoor die outokratiese optree van lord Ch. Somerset. — *Theal.* 1796—1834, bls. 267 e. v.

gebragt om een kaartje magtig te worden". (Die beskrywing lyk 'n bietjie „digterlik" — F. B.) Aan hierdie spanning is per slot van rekening voldoen. „Het groot aantal toeskouwers getuigde van de belangstelling in het stuk". Ternouernood was die gordyn op en het die "Burgerraad" gekom, of van alle kante het krete van herkenning opgegaan: hy sou dië wees en daardie, ens. Die skaterlag was algemeen en is voortgesit deur die feit dat vrywel elke toneel en gesegde op plaaslike toestande kon toegepas word. Dit was inderdaad 'n geval, onder gedurige toejuiging, van *Ridendo Dicere Verum Quis Vetat*.

„De styl van het stuk was over het algemeen zuiver, bevallig en levendig; kleine smetten (kunnen) . . . over het hoofd (gezien) worden . . . De kiesche smaak der liefhebbers . . . heeft een enkel tooneel weggelaten omdat de lompe en dubbelzinnige uitdrukkingen daarin, kuische ooren een weinig zouden hebben gekwetst¹⁾".

Met soveel oordeel by stukke durf geen ouers hul kinders, of mans hul vrouens van toneel weg hou nie. Hier word die dwaashede van mense, waar dit berisping of bespotting verdien, voorgestel; bowendien word sommige gebreke veel beter "door . . . het belagchelyke bestreden dan door ernstige tegenkantingen en bewysredenen". So sal seker *De Burgerraad* enige amptenare gewys het op die ware betekenis van Eed en Plig; vooral om nie te stem soos hul vroue of "Mr. Gozewyn" begeer nie, maar soos eerlike, ryp beraad en gesond verstand hul ingee.

Van die akteurs het Constantia „uitmuntend gespeeld en het doet haar hart eer aan dat zy den braven *Ferdinand* boven den zotten *Didericus* heeft verkoren. Foei! aan zulk een Burgerraad . . . moet zoo een lief meisje hare hand niet schenken. *Jan K.* . . . verdient allen lof . . . ongedwongen en natuurlik . . . en hy bezit misschien zulk een groote mate van de zoogenaamde *Vis Comica* als *Acteur* als PLAUTUS . . . als schryver. Julia, Didericus, Lambertus, Ferdinand, Geconstitueerdens, allen hebben zy voldaan". Gelukkig dat die wesentlike Didericus lynreg in stryd is met die rol, en 'n gesonder brein besit as hierdie sot²⁾.

Kort en goed, almal het hul bes gedoen, „de *decoratien* en *costumes* waren met smaak gekozen en *le tout ensemble* heeft de verwachting zelfs verre overtroffen".

'n Mens kan jou ternouernood voorstel dat 'n dergelyke goedmoedige eer-en-deug-verheffende, alles-wat-kan-aanstoot-

¹⁾ Sien bls. 349.

²⁾ 'n Tieperende soort toevoeging met die oog op die gevoelighede van spelers.

gee-vermydende verslag, enige mens tot ergernis kon wees.

En tog was dit so. Iemand wat hom noem „Geen Burgeraad”¹⁾, maak aanmerking op hierdie brief „pronkende met een uithangbord... *Liefhebbery Tooneel*”²⁾. Hy dryf die spot met „C.P.” se spelling „Burgeraad” i.p.v. „Burgerraad”, en gee te kenne dat die „verspreiding van die blyde mare” heeltemal nie so spontaan toegegaan het nie. Deels was dit as gevolg van gerugte versprei omtrent die persone op wie in die stuk gedoel is, aangesien „dat sierlik stuk” voor 2 deser maar aan baie weinig bekend was, deels as gevolg van ’n „dom rekwest (waarmee) zekere A. B. en de man met de groote tamaaye zilvere beker”, mense in hul huise lastig geval het na dato Julie 1.1.

Bowendien skyn nie alleen die lagspiere nie maar ook die skryfspiere van „C.P.” in beweging te gewees het. Anders sou hy hom „A. J. L. P.” i.p.v. „C. P.” onderteken het. Die brief is langdradig (gegronde kritiek inderdaad! — F. B.) en vele woorde is bymekaar gestel „als melkwater, geen zout, geen peper, zal ik, zal ik niet, ja”³⁾ ens.

Waar die Burgerraad so as model vir die amptenare kan dien, is dit jammer dat die stuk nie reeds 33 jaar vroeër „aan dezen uithoek” vertoon is nie. Dan sou geen kotter met ’n onbekwame Sous-Luitenant gestuur gewees het om Mauritius ten noorde op te soek nie, dan sou mense hulself nie j.l. Junie verbeel het dat die verstand in die strate van Leyden op te raap is nie, en almal gestem het soos iemand van aldaar, wat egter te bang is om sy mening op skrif te gee in verband met Ordonnansie No. 19; dan sou ’n mens nooit verneem het dat ’n soldaat „die weg loopt meer couragie heeft als een die staan blyft” ens., en „wat het voornaamste is, neef A. J. L. P. zou nooit zoo een excellenten brief in de Courant geplaatst hebben”.

Agter die hele gedoente sal natuurlik allerlei persoonlike, sowel as publieke kwessies, geskuil het. Die opvoering is en bly intussen ’n interessante geval: die eerste een bekend, waarin die toneel tot weerspieëling van heersende maatskaplike toestande gebruik word.

Vroegtydig in Maart 1827 kondig *T. N. en V.* die hervatting van sy wintervermake aan, en begin met op die beproefde manier te vra om „geriefd te worden met het Ks. *De Resignatie, of De Anarchisten.*”.

Op 21 April³⁾ vind die eerste voorstelling plaas met *De Kwade Luim*, Tsp. in 4 Bed. naar KOTZEBUE, en *De Brandschatting* (KOTZEBUE), Ks.; op 19 Julie⁴⁾ volg *De Moeder aes Huisgezins*,

1) *Chron.* 28 Nov. '26.

2) Naam van skoub. of aanduiding van aard van toneel? Sien bls. 358 e. v.

3) *G. G.* 20 Apr. '27.

4) *G. G.* 13 Jul. '27.

of *Is er Geene Orde voor Edele Huisvrouwen?*, Tsp. in 3 Bed., en *De Verwarring*, Bs. in 5 Bed., albei van KOTZEBUE (die laatste vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).

'n Ander voorstelling op 25 Augustus bepaal, word uitgestel¹⁾. Dit lyk onwaarskynlik dat dit dieselfde voorstelling kan wees as die wat eers 10 November²⁾ volg met *De Trouwring* (LEMBERT), Tsp. in 3 Bed., en *De Huisdokter* (ZIEGLER).

Uit 1828 — dit het reeds geblyk³⁾ — was die beriggewing sleg. Die eerste melding wat ek van *T. N. en V.* besit is baie laat en wek die sterkste vermoede — deur die woordjie „nog”⁴⁾ — dat hul reeds vooraf gespeel het, soos trouens oudergewoonte te wagte val. Onder 20 Augustus⁵⁾ heet dit „met blydschap kunnen wy het publiek vermelden dat wy van goeder hand vernomen hebben, dat het Tooneellievend Gezelschap *T. N. en V.* nog een of twee Representatiën geven zal voor het einde van dit Winterseisoen.”

Op 27 Augustus⁶⁾ kondig hul aan, en op 17 September versoek hul *De Speler, of Revenge Praag*⁷⁾ te leen; en op 18 Oktober⁸⁾ word hierdie Tsp. in 5 Bed. naar die Hoogduits van IFFLAND met *Het Zal laat Worden* (MEYER), Bs. in 1 Bed. met sang, opgevoer, onder patronasie van Goeverneur en vrou soos vroeër. Opvallend is hier weer die intrede van sang in voorstellinge.

Onder 29 Oktober⁹⁾ word, sonder verder aanduiding, aangevra: „Het Komodieboek *De Krokodil, De Bedrogene Broeders, of De Geretourneerde Afrikaan*, Bs. in 1 Bed.”

Vermoedelik was die versoek van *T. N. en V.* afkomstig: die enigste Hollandse geselskap in hierdie jaar bekend. Van 'n voorstelling word niks verneem nie.

Die volgende paar jaar (tot 1831) gee 'n veel meer bevredigende beeld.

Oudergewoonte begin *T. N. en V.* met 'n versoek (in April) om „het klugtspel *De Kalkoen van Breda* (VAN RAY) ter leen.... voornemens zynde in het a. s. winterseisoen enige stukken te vertoonen”¹⁰⁾.

Op 6 Junie¹¹⁾ volg, onder goedkeuring en patronasie soos voorheen, *De Lasteraar*, Tsp. in 5 Bed., naar die Hoogduits van KOTZEBUE, en *De Kalkoen van Breda, of Menig Voordeel Komt Onverwacht* (VAN RAY) oorspronklike Bs. met sang. „Uit

1) G. G. 24 Aug. '27.

2) G. G. 26 Okt., 2 Nov. '27.

3) Sien bls. 191.

4) Tensy „nog”, „toch nog” beteken, wat erg onwaarskynlik is.

5) Verz. Stadsnieuws 1828.

6) Verz. 27 Aug., 1 Okt. '28.

7) Verz. 17 Sept. '28.

8) G. G. 10, 17 Okt. '28; Verz. 15 Okt. '28; C. Adv. 18 Okt. '28, — na uitstel van 11 Okt.

9) Verz. '28.

10) C. Adv. 4 Okt. '29.

11) C. Adv. 3, 6 Jun. '29; G. G. 22, 29 Mei '29 — na uitstel van 30 Mei.

hoofde van de grootheid der beide stukken" moet ekstra vroeg aangevang word — 5.45 presies¹⁾.

Die sangelement van die vorige jaar bly gehandhaaf.

As tweede voorstelling word aangekondig²⁾ *Julius van Sassen* (ZSCHOKKE) in 4 Bed., deur die skrywer van *Aballino*, en *De Sint Nicolaas Avond, of Het Bezoek door den Schoorsteen*, oorspronklike Hollandse Bs. deur H. KUP³⁾.

Tog het die geselskap nie voor 22 Augustus⁴⁾, „vereenigd met het Zuid-Afrikaansch Liefhebbery Muzyk Gezelschap" — wat die voorafgaande musikale elemente kan verklaar — tot die voorstelling gekom nie. Wat was die rede?

Die skipbreuk van *L'Eole* het die Kaapse liefhebbers tot grote ywer opgevoer in die hoë diens van weldadigheid. Waar selfs die oproep om „Nut en Vermaak te paren"⁵⁾ so duidelik sinspeel op die geselskap, kon hulle natuurlik nie agterbly nie. Iedereen het egter sy eie gang gegaan⁶⁾. Die Engelse geselskappe het hulle s'n gegaan; *T. N. en V.* syne.

Die tyd was vermoedelik te kort om die stukke, reeds in studie, klaar te kry. Twee vroeër gespeelde stukke word opgevoer op 18 Julie⁷⁾: *De Verzoening* van KOTZEBUE, en *'t Zal laat Worden* (MEYER), Bs., „Ten voordeele der Schipbreukelingen" ens., heet dit. Hierna het toe die ander voorstellinge plaasgevind.

Tenslotte volg op 31 Oktober⁸⁾ deur „Het Hollandsche Vereenigd Tooneellievend en Muzyk Gezelschap *T. N. en V.*" *Siegfried von Lindenberg* (BUNSEN) in 3 Bed., en *De Engelsche Goederen*, Ks. naar A. VON KOTZEBUE.

Van hierdie voorstelling vermeld 'n korrespondent dat dit „op de . . . gewone meesterlyke wyze" uitgevoer is. Die nastuk was „zeer klugtig." Alle rolle was ewe goed. „En wy rekenen het ook onze pligt het Muzykgezelschap den hoogsten lof toe te zwaayen voor de aangename wyze waarop de onderscheidene Muzykstukken werden uitgevoerd." Tussenin die voorstuk het 'n Amateur van die Engelse geselskap bekend gemaak dat hul geselskap a. s. Maandag *Pizarro* (SHERIDAN) („in het Nederduitsch *De Dood van Rolla*") en *Black-Eyed Susan* (JERROLD) sal speel.

Dit was die eerste voorstelling van BOOTH⁹⁾ en getuig van 'n heel vriendskaplike verhouding tussen Engelse en Hollandse liefhebbers.

In 1831 begin die geselskap sonder vermelding van musikale liefhebbers, stip op tyd, met: *De Bruidskroon, of De Droom-*

1) Sien bls. 365.

2) *C. Adv.* 20 Jun '29.

3) Hier as Piek aangekondig, waarskynlik setfout. Vgl. *C. Adv.* 19 Aug. '29. Bekende skrywer uit die tyd.

4) *C. Adv.* 19 Aug. '29.

5) Sien bls. 201.

6) Sien oproep bls. 201.

7) *C. Adv.* 18 Jul. '29. 8) *C. Adv.* 21, 24 Okt. '29 — na uitstel van 24 Okt.

9) Sien bls. 209.

verskyning, Tsp. in 4 Bed naar die Hoogduits van H. CUNO¹⁾, „met nieuwe Costumes”, en *De Eerste April*, origineel Hollandse Bs., met zang door M. WESTERMAN.”

Hierdie jaar bly die geselskap baie aandag wy aan kostuums ens., waarskynlik onder die verkwikkende invloed — of deur belening? — van BOOTH²⁾. So word die volgende voorstelling op 17 Julie³⁾ met *Eleonore van Rosalba, of De Puinhoopen van Paluzzi* (PUJOS en DABAYTUA), Tsp. in 4 Bed. naar die Frans (vertaal) van J. KISSELIUS, opgevoer „met nieuwe costumes en decoratiën”. As nastuk word *Het Glas Water* (v. GUTTENBERG) Bs. in 2 Bed., vervang deur ’n oubekende, *'t Zal laat Worden* (MEYER).

By die volgende voorstelling op 21 Augustus⁴⁾ vind eers-gemelde nastuk plaas, tesame met *De Man in Drie Gedaanten, of De Balling* (PIXÉRICOURT), Tsp. in 3 Bed. getrokke uit die Hoogduitse stuk *Aballino, Der Grosze Bandit* (ZSCHOKKE), met nuwe kostuums, ens.

Natuur en Pligt, of De Zoon Regter over zynen Vader, (PELLETIER VOLMÉRANGES), ’n bekende uit 1823, word te leen versoek. Blykbaar het die geselskap nie altyd moeite gedoen om sy boeke te bewaar nie.

Met hierdie stuk, op besondere versoek, en met *Niets en Iets* (STOOPENDAAL), eweneens ’n bekende uit 1824, vind die laatste voorstelling op 23 Oktober⁵⁾ plaas.

Die eerste voorstelling in 1831 geskied op 28 Mei⁶⁾ met *Robert, of De Struikroovers* (LAMARTÉLIÈRE, vertaal deur WITSEN GEYSBEEK), Tsp. in 5 Bed., en *De Kalkoen van Breda* (van RAY), ens., met sang.

Op 9 Julie⁷⁾ volg *De Geduchte Regtbank* (LAMARTÉLIÈRE)⁸⁾ van SCHILLER⁹⁾ „(zynde een Vervolg van *Robert, of De Struikroovers*),” Tsp. in 5 Bed., uit die Hoogduits van KOTZEBUE.¹⁰⁾

Van hierdie voorstelling¹¹⁾ en van die vorige heet dit dat “SCHILLER’S¹²⁾ uitmuntend Tsp. *De Geduchte Regtbank*, vervolg

1) *Z.A.* 23 Apr. '30. — Guno is ’n setfout vir Cuno. Worp, *Drama ens.*, II. bls. 458.

2) Sien bls. 211.

3) *Z.A.* 2, 9, 16 Jul. '30 — uitgestel van 10 Jul.

4) *C. Adv.* 18, 21 Aug. '30.; *G. G.* 26 Aug. '30. 5) *Z.A.* 15, 22 Okt. '30.

6) *C. Adv.* 14, 25, 28 Mei '31; *G. G.* 27 Mei '31; *Z. A.* 27 Mei '31. ’n Deel van die ges. se betieteling word die woord „Privaat” om sy geslote karakter aan te dui; of reeds onder invloed van die opkomende Metodisme. Vgl. bls. 349.

7) *C. Adv.* 6 (Edit), 9 Jul. '31. (Vgl. verslag *G. G.* 18 Jul. '31).

8) Vgl. Worp, *Drama ens.* II. bls. 444.

9) Schiller staan hier foutief vir Lamartélière. Vermoedelik verwar die skrywer *De Roovers (Die Räuber)* van Schiller met Robert ens.

10) Dit is natuurlik absoluut foutief.

11) *Z.A.* 15 Jul. '25; vgl. *Lit. Gaz.* 27 Jul. '31. ’n Enigsins foutiewe herhaling van die begin van hierdie verslag.

12) Sien vtn. 9).

op *Robert*, voorheen met zeer veel eclat vertoond", opgevoer is "met nieuwe decoratiën en costumes, welke zeer smaakvol en prachtig waren. Wy hebben den Schouwburg dikwyls bezocht en hebben er ons immer uitnemend vermaakt, doch nimmer zoo als by deze twee laatste gelegenheden; — en alhoewel al de rollen op eene zeer bekwame wyze volvoerd zyn geworden, kunnen wy echter niet nalaten Robert en Maurits allen lof toe te zwaayen", vir die tal van voortreflike tonele waarin hul hul onderskei het in beide vertoninge. Genoeg dat „dezelve de algemeene goedkeuring hebben weggedragen en dat het publiek met verlangen uitziet naar de aankondiging van eene nadere vertoning. Insgelyks betuigen wy ook onze byzondere goedkeuring ten opzichte van het Gezelschap van den Muzyk-minnenden Amateur BECK". Op besonder aangename wyse het die geselskap die publiek tussen die bedrywe onderhou; mag hulle by verdere geleentheid ook die publiek as orkes vergas, "daar hetzelve in geene geringe mate tot de vermaken van den avond heeft toegebragt".

Op 10 September ¹⁾ word op besondere versoek *De Graaf van Waltron, of De Subordinatie*, Tsp. in 3 Bed., naar die Hoogduits van H. F. MÖLLER, met nuwe dekorasies en kostuums, en *De Dronkaard*, Ks. in 2 Bed. naar KOTZEBUE, gespeel.

'n Berig onder 7 Oktober ²⁾ van 'n korrespondent dat nog 'n voorstelling binnekort sou volg, word nie verder bevestig nie.

Uit 1832 is twee voorstellinge bekend. Die stukke is ou-bekendes. Maar eers word op 26 Mei ³⁾ *De Gevaarlyke Buurman* (KOTZEBUE, vertaal door v. ESVELDT HOLTROP) te leen gevra. Op 16 Junie ⁴⁾ volg die eerste representasie daarvan, met *Robert* ens. op besondere versoek.

Die *Zuid-Afrikaan* ⁵⁾ sê hiervan: "The house which was well lighted up, was crowded with spectators, among whom several of the most respectable families of Cape Town. The principal characters in the first piece were performed in a masterly manner. The good order which prevailed ⁶⁾, together with the agreeable music", het baie die plesier van die aand verhoog. Die hoop word uitgespreek dat die volgende voorstelling gou sal volg.

Die *Commercial Advertiser* bevestig dit ⁷⁾. "The Entertainments were in a style highly creditable to the Amateurs.

¹⁾ Z. A. 26 Aug., 9 Sept. '31; G. G. 9 Sept. '31; C. Adv. 31 Aug., 3, 10 Sept. '31. Na uitstel van 3 Sept.. Nie Muller nie. Sien bls. 236.

²⁾ Z. A. '31.

³⁾ C. Adv. 26 Mei '32.

⁴⁾ Z. A. I (Edit.), 8, 15 Jun. '32; C. Adv. 16 Jun., G. G. 15 Jun. '32.

⁵⁾ Z. A. 22 Jun. '32.

⁶⁾ Vermoedelik 'n steek aan die adres van Engelse geselskappe. Vgl. bls. 262

⁷⁾ 20 Jun. '32.

Their exertions... were eminently successful and rewarded by loud and frequent plaudits. In two or three of the scenes in the first piece considerable feeling and pathos were exhibited by Robert, Maurits and Sophia van Northal, and the attention paid to costume and Situation (stand) (so little within the power of Amateurs generally) is entitled to specific notice. The house was respectably filled. (From a Correspondent)".

Die lof was nog nie genoeg naar die mening van alle toeskouers nie. Op 23 Junie¹⁾ kom „Eene gewezen Amateur" die hulde deur die korrespondent aan die geselskap gebring, onderstreep en sê dat nie alleen die genoemde rolle uitstaande was nie, maar dat Forban „als een nog jong Amateur byzonder heeft uitgemunt en vergeten wy vooral niet Fips in het nastuk, en Hollman als de gevaarlyke Buurman, en hopen wy verder" op nog meer genoeglike aande.

Vervolgens vind plaas op 4 Augustus²⁾ *De Onechte Zoon*, (KOTZEBUE) en *De Sint Nicolaas Avond* (H. KUP).

Die verslae hieroor is in dieselfde trant as voorheen. Die *Zuid-Afrikaan*³⁾ praat van "agreeably entertained... The house was respectably attended... The choice and masterly execution of the first piece gave universal satisfaction; nor were they (the audience) the less amused with the after piece, which made them return home in a pleasant humour."

Die *Commercial Advertiser*⁴⁾ is vollediger. Die gehoor was "crowded and genteel... The Company maintained their reputation for correctness of scenery and costume and the entire arrangements of the house were conducted with great propriety. (Weer 'n pluimpie vir *T. N. en V.* se organisasie).

The performance... was respectable; all the Amateurs exerted themselves to please and judging from their reception by the spectators, ... successfully. Very judicious" het in besonder Frederik die Baron en Wilhelmina gespeel. Die toneel waar Frederik homself aan sy vader openbaar, het baie toejuiging uitgelok. Die Graaf van der Mulde "played, as he always does, with a vein of rich comic humour and Jan Baas the Boer was very facetiously enacted. The after piece... appeared to convulse the audience with laughter. Our old friend 'Germain' with his protean powers was full of clever drollery and Doctor Horvell, Storb, Valcour and the rest united in giving full effect of this laughable farce."

Die jaar 1833 word ingelui⁵⁾ met: "Het is met byzonder genoegen dat wy... vernomen hebben dat het oude (veel-seggend! — F. B.) Tooneel Gezelschap *Tot Nut en Vermaak*

¹⁾ *C. Adv.* 1832.

²⁾ *Z.A.* 27 Jul., 3 Aug. '32; *C. Adv.* 4 Aug., '32; *G.G.* 3 Aug. '32.

³⁾ 10 Aug. '32.

⁴⁾ 8 Aug. '32.

⁵⁾ *Z. A.* 26 Jul. '33.

besloten heeft aan de menigvuldige verzoeken van het publiek gehoor te geven en nog voor het einde van het Saisoen eenige Representaties ten tooneele zal voeren”.

Ek mag hier ook wys op die herleefde bedrywigheid van BONIFACE sedert 1833¹⁾.

Die eerste voorstelling vind plaas op 24 Augustus²⁾ met *De Kwaade Luim*, Tsp. in 4 Bed., naar KOTZEBUE (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), en *De Engelsche Goederen* (KOTZEBUE), Ks. in 1 Bed.

Hierby³⁾ het die geselskap “volgens gewoonte veel goedkeuring... weggedragen. De pogingen der Liefhebbers om weder nieuwe acteurs bekwaam te maken, hunne delicate manier om de Inteekenaren te verrassen⁴⁾ met den Koordansen (erg in die smaak toe — F. B.), die tusschen het Tooneel en Klucht spel, de toejuiching der Aanschouwers wegdroeg, verdienen alle ondersteuning. De Schouwburg was als opgepropt — en verscheidene aanzoeken om Entre Beletten moesten van de hand gewezen worden.

De Muzyk van het Liefhebbery Gezelschap onder... den Heer BECK, was mede zeer goed, en het is zeer opmerkelyk om het onderscheid te zien in de orde, welke by de representatiën der Hollandsche Liefhebbers heerscht, boven die welke zoo aanstootelyk geschonden wordt in de Engelsche vertooningen”.

'n Mooi getuienis. Die Hollands-Afrikaners het origens veel meer keuring toegepas. Hulle het alleen intekenaars⁵⁾ toegelaat.

Die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*⁶⁾ beaam die lof: “Het alreeds genoeg bekend en algemeen geacht... Gezelschap heeft het Publiek weder verrast” met die genoemde stukke.

'n Twede voorstelling word hierdie jaar gemeld, op 12 Oktober⁷⁾, met *Julius van Sassen* (ZSCHOKKE), Tsp. in 4 Bed. deur die skrywer van *Abellino*, en *Jocrisse in een nieuwen Dienst* (DORVIGNY), Klugtige Bs. in 3 Bed.

Die voorstelling het plaasgevind⁸⁾ “voor een respectabel en opgepropt huis”, aangesien dit die laaste van die seisoen sou wees, en “een begunstigd amateur, die het huis dikwyls in een geschater van lagchen had gezet, zyn afscheid zou nemen⁹⁾. Het treurspel werd met veel bekwaamheid uitge-

1) sien bls. 320.

2) *G. G.* 23 Aug. '33; *C. Adv.* 24 Aug. '33; *Z. A.* 16, 23 Aug. '33.

3) *Z. A.* 30 Aug. '33. „Van eenen Correspondent”.

4) sien bls. 227, 321.

5) sien bls. 368.

6) 1833—IV bls. 314.

7) *Z. A.* 4, 11, 19 Okt. '33; *C. Adv.* 9, 12 Okt. '33; *G. G.* 11 Okt. '33.

8) *C. Adv.* 19 Okt. '33. Die stuk is kennelik uit die Eng. vertaal.

9) Miskien *G. Tredoux*. Vgl. bls. 252.

voerd, voornaamlyk de hoofdrollen, waardoor zy hunne gevestigde reputatie nieuwen luister byzetten".

Jocrisse was "zeer grappig" en het die toeskouers 'n tydige verademing na die droewige passasies van die treurspel verskaf.

"Tusschen de stukken toonden twee jonge Afrikaanders hunne vaardigheid op de slappe koord".

Waarskynlik was dit in wedyver met *D. Y. b.d. K.* wat ongeveer 'n maand tevore met die eerste "Zuid-Afrikaan" in hierdie kuns gedebuteer het¹⁾.

1834 is 'n voortsetting op dieselfde voet as 1833. Eers berig 'n korrespondent²⁾ in Mei dat "these veterans of the Sock and Buskin, after reposing in easy attire of private life... are again eager for the fray. Their first onset will be early next month... a full muster".

Maar dit word 2 Augustus³⁾ voor daar volg *Frederik de Grootte te Spandau, of Het Lasterschrift* (DORVO), Tsp. in 3 Bed. naar die Frans (vertaal) deur C. VREEDENBERG, met 'n klein ballet, en *Meester Vink, of De Vermaste Diamant*, Bs. in 3 Bed. met sang, naar die Frans van DESAUGIERS en GENTIL (vertaal deur v. RAY).

"Muzyk en Ballet gearrangeerd door... C. E. BONIFACE, wordende het laatste gedirigeerd door den Heer W. BOONZAAYER". 'n Merkwaardige geval van samewerking van BONIFACE met 'n ander geselskap. Van hierdie voorstelling getuig die *Commercial Advertiser*⁴⁾:

"Ofschoon zy eenigszins laat in het saizoen zyn begonnen hebben deze veteranen... niets van hunne reputatie verloren. In toneel, costumes, decoratiën, boven alles in die hoofdbehoefte, *nauwkeurigheid*, overtreft dit Gezelschap al deszelfs mededingers... De actie (= spel, Eng. "action") was uitnemend"⁵⁾. Frederik de Grote, die sonderling en despoot, ewenas die Generaal, Wed. Zietern, e. a. was bekwaam uitgebeeld. 'n Aangename afwisseling was die balletdans, "met zeer veel smaak uitgevoerd... eene liefhebberij bende verbeterde... deszelfs uitwerksel. Een nieuw toneel van den vesting Spandau, geschilderd door een liefhebber, werd zeer toegejuicht". Ook verder was daar herhaalde toejuiging.

In die nastuk "verdiende Vink als een ridder van den Vingerhoed en Schaar algemene toejuicing." Dit gaan tussen hom en twee skelm knechts, Bergerac en Champagne,

1) Sien bls. 321.

2) *C. Adv.* 28 Mei '34.

3) *Z. A.* 25 Jul., 1 Aug. '34; *C. Adv.* 30 Jul., 2 Aug. '34; *G. G.* 1 Aug. '34.

4) 9 Aug. '34.

5) Natuurlik uit Eng. vertaal.

oor 'n verlore diamant. Die Goewerneur en famielie was aanwesig; die huis gevul met 'n deftige geselskap.

Soos die ander geselskappe¹⁾ kom *T. N. en V.* in 1835 in beweging vir liefdadigheidsdoeleindes by geleentheid van die ontsettende Kafferoorlog. Een voorstelling word gegee; die enigste bekend hierdie jaar.

Die bloei van die Kindergeselskap *Kunst en Smaak*, naas die besondere tydsomstandighede (Kafferoorlog) kon hieraan mede-oorsaaklik gewees het²⁾.

Op 19 Junie³⁾ word opgevoer: *De Verzoening, of De Broedertwist*, Tsp. in 5 Bed. naar KOTZEBUE, en *De Twee Kraayen*, Bs.

1836 volg met twee voorstellinge, laat in die seisoen.

Op 26 Augustus⁴⁾ vind die eerste plaas met: *De Kluzenaar op Formentera*, die bekende van KOTZEBUE, en *De Yverzuchtige Vrouw Bekeerd*, in 1 Bed. van dieselfde skrywer; op 28 Oktober⁵⁾ die tweede met *Dertig Jaren, of Het Leven van een Dobbelaar*, „Tsp. dat in drie dagen afspeelt, met nieuwe decoratiën; vry gevolgd naar het Fransch van VICTOR DUCANGE en DINAUX door B. A. FALLÉE” Verder volg *De Deserteur* 'n oubekende van KOTZEBUE (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).

'n “Correspondent”⁶⁾ prys die keus van die stuk as 'n tafereel uit die menslike lewe waarin die noodlottige gevolge van dobbelspel klaar in die lig gestel word. Die opvoering lewer die duidelikste bewys „dat deze kweekelingen van *Thalia* haar weder niet te vergeefs hunne gaven ten offer hebben gebragt.” Dit val moeilik „de palm der overwinning” aan iemand in besonder onder die amateurs toe te ken. Die jeugdige amateur wat in die rol Amelie so voortreklik gespeel het, het 'n regmatige aanspraak gehad op die herhaalde toejuiging wat die publiek hom gegee het. ('n Man klaarblyklik in die rol van 'n vrou — F. B.).

Die skwyer wil van amateurs wat al so dikwels tot nut en vermaak van die publiek poginge met so goeie gevolg aangewend het, nie te veel verg nie, maar sou dit erg op prys stel as *De Dobbelaar* herhaal word. Die ondersteuning van die publiek sal seker nie ontbreek nie.

Van so'n weeropvoering hoor ons niks nie. Vermoedelik was dit die swanesang van *T. N. en V.* in hierdie tydperk. Eers 1842 hoor ons weer van opvoeringe. Die gedurige aanvalle van dwepers teen toneel kon hier van invloed gewees

1) Sien bls. 206.

2) Sien bls. 270.

3) *Z. A.* 19 Jun. '35; *G. G.* 19 Jun. '35.

4) *Z. A.* 26 Aug. '36.; *C. Adv.* 10 Aug. '36. Hier alleen „patronasie” van Gowr. Later „sanksie” weer by.

5) *Z. A.* 14, 21, 28 Okt. '36.

6) *Z. A.* 4 Nov. '36

het. ¹⁾, ofskoon die Hollandssprekendes hul minder daaraan gesteur het as die Engelse. Miskien was dit die natuurlike uitputting na 'n lang bestaan; miskien was die rede te veel behoudende ou kragte aan die een kant, wat versuim het om hul aan te pas by nuwe behoeftes, miskien te weinig jongeres aan die ander kant om die werk voort te sit ²⁾. Dit sou "last but not least", intendeel, kan saamhang met die moontlikheid, dat tweedrag weer sy verderflike kop opgesteek het. Daar bestaan nl. in 1837 'n nuwe geselskap *Tot Oefening en Vermaak*, wat ongetwyfeld 'n vertakking van *T. N. en V.* is. Die naam is 'n al te duidelike variasie op die oue. Sou dit miskien van die jongere lede gewees het? Of gewoon van sommige lede? Die feit dat *T. N. en V.* nog tot 1839 ³⁾ voortbestaan, maar nie speel nie, kan wys op 'n ernstige verlies van kragte.

Intussen kan *Tot Oef. en Verm.* as dit 'n heeltemal afsonderlike geselskap is, kragte van *T. N. en V.*, ook aan die afdraend, bygekry het ⁴⁾.

b. Tot Oefening en Vermaak.

Vir die gemak en waarskynlike samehang met *T. N. en V.* behandel ek die geselskap hier. Wat daar trouens van te sê val is gou gesê.

Die bestaan van die nuwe geselskap was kortstondig, maar een voorstelling is seker ⁵⁾ van hom bekend. Na nogal taamlik veel voorafgaande gesloer voer ⁶⁾ „Het nieuw Hollandsche Private Tooneellievende Gezelschap, spelende onder de zinspreuk *Tot Oefening en Vermaak*” op 12 Augustus '37 in die „Liefhebbery Tooneel” op: *Roland de Monglave, of De Zegepraal der Onschuld*, „beroemd Tsp. met nieuwe Kleeding, Decoratiën” ens. in 4 Bed., naar die Frans van LOAISEL TRÉOGATE deur M. G. ENGELMAN; en die „welbekende” (inderdaad! — F. B.) *Monsieur Tonson* (MONCRIEFFE) in 2 Bed., uit die Engels vertaal deur B. J. v. D. SANDT ⁷⁾.

Tussenin „zal de Indische Dans worden uitgevoerd door eenen Amateur, gevolgd door eenen *Dans* op de slappe koord”; ekstra attraksies waarvan die soort bietjie vergeet was ⁸⁾. Die musiekgeselskap *De Getrouwheid* assisteer by die geleentheid.

Hierna het die geselskap waarskynlik ⁹⁾ die weg van alle vlees gegaan. Miskien het die beroepsvermake van 1837—'38 daar

¹⁾ Sien bls. 351 e. v.

²⁾ Vgl. bls. 264.

³⁾ Sien bls. 251.

⁴⁾ Sien bls. 333, 335 e. v.

⁵⁾ Sien bls. 338.

⁶⁾ *Z. A.* 14, 28 Jul. 11 Aug. '37; *Med.* 25 Jul., 1, 8 Aug. '37. Volgens 14 Jul. „in loop dezer maand”. Volgens 11 Aug. uitgestel van 9 Aug.

⁷⁾ Sien bls. 271. Reeds in 1835.

⁸⁾ Sien bls. 246 (1833—'34). Holl. gess.; 1832. *All the World*. Ind. Danser.

⁹⁾ Sien bls. 340, vtn. 3).

veel toe bygedra¹⁾. Origens sal die bekende vyandige elemente van die tyd hul uitwerking gehad het²⁾. Van 1849—51, in die volgende periode dus, herleef weer 'n geselskap van die naam³⁾.

Tenslotte verneem ons die einde van *T. N. en V.* in 1839. Afgesien van die algemene ongunstige toestande vir toneel⁴⁾, wat eindig met die verkoop van die Afrikaanse Skouburg; afgesien van persoonlike redene⁵⁾, kon die oorheersing van masels en maagloop in 1839, so selfs dat 'n biddag uitgeskryf word⁶⁾, die genadeslag toegedien het.

Die berigte in verband met die afsluiting van *T. N. en V.* deel ons tenslotte heelwat leersaams mee.

Die eerste berig in Maart lui⁷⁾: „In den loop dezer maand zal aan den Schouburg (Liefhebbery Tooneel) per publieke vendutie worden verkocht al de uitmuntende en door de beste kunstenaars ... alhier, vervaardigde meubelen en Decoratiën, bestaande in Achterdoeken, Coliezen, Friezen met derzelven lynen Rollen enz., almede de prachtige en kostbare Costumes en uitgezochte Collectie Komediëboeken, toebehoorende aan ... *T. N. en V.*”

Om deze gelegenheid voor de jonge Liefhebbers van het Toneel⁸⁾ zoo gunstig mogelyk te maken zal inmiddels het bovenstaande tegen een billyken prys uit de hand te koop zyn ... Byzonderheden ... by J. STIGLING, opzigter van den Schouburg”.

Tog het dit met die verkoop nie vlot gegaan nie. In Junie⁹⁾ word berig, waarskynlik naar aanleiding van dergelyke opgekome aansprake:

„Alle degenen welke eenig regt vermeenen te hebben op de Theatre Costumes, gouden Epauletten, Tressen, Sabels, Degens, en een drie honderd tal meest geliefde Toneel-, Bly- en Treurspelen, toebehoorende aan *T. N. en V.*” kan dit voor 25 deser by Onderget. afhaal „tegen betaling van achterstallige Kamer-huur penningen”. So nie sal alles verkoop word op sy kommissie vir rekening van wie dit aangaan.

NIC. WOLF,
Vendu-afslager.”

Tenslotte vind hierdie vandiesie op 1 Julie¹⁰⁾ plaas. Onder opskrif „Geen Komedië meer!” word geadverteer dat „aan

¹⁾ Sien bls. 230 e. v.

²⁾ Sien bls. 351.

³⁾ Sien bls. 453.

⁴⁾ Sien bls. 248 e. v.

⁵⁾ Sien bls. 249.

⁶⁾ *C. Adv.* 20 Apr. '39 e. v.

⁷⁾ *Z. A.* 1 Maart '39.

⁸⁾ Watter? Die Engelse? Sien bls. 207. Die Hollandse? Sien bls. 339 e. v.

⁹⁾ *Z. A.* 14 Jun. '39.

¹⁰⁾ *C. Adv.* 26 Jun. '39.

den gewezen Schouwburg op het Boerenplein . . . by publieke veiling, zullen worden verkocht, alle de prachtige Decoratiën, toebehoord hebbende aan het Tooneellievend Gezelschap *T. N. en V.*”

Hiermee neem ons tot 1842 afskeid van *T. N. en V.* Dan herleef dit weer.

c. Door Yver Vruchtbaar.

Hierdie geselskap was naar alle waarskynlikheid 'n vertakking van *T. N. en V.* Immers sy Toneelmeester was J. G. TREDOUX, voorheen van *T. N. en V.*

Onder 22 Augustus 1826¹⁾ word aangekondig: “The new established Dutch Amateur Company (*Door Yver Vruchtbaar*) will perform on the 9th September.”

Die geselskap geniet die patronasie van die Lt.-Goewerneur en voer op²⁾: *Het Schandmerk, of De Twee Galeiboeven*, (BOIRIE, CARMOUCHE & POUJOL, vertaal deur de QUACK), Tsp. in 3 Bed. met dans, en *Getrouw tot in den Dood*, Bs. in 2 Bed. van M. WESTERMAN, mede met dans.

Goewerneur en famielie sal aanwesig wees. Loojies by 4 Keeromstraat, d. w. s. by die woonplaas van J. G. TREDOUX³⁾.

TREDOUX was dus nie meer aan *T. N. en V.* verbonde nie; meer nog, hy stig 'n aparte geselskap. Daar moes duidelik iets onaangenaams gebeur het waarin TREDOUX die verliesende party was, anders sou hy nie tot sulke skerpe opposiesie oorgegaan het nie.

'n Brief⁴⁾ wat direk na die voorstelling verskyn versterk hierdie vermoede. Duidelik blyk daaruit die bestaan van kwaadwilligheid teen TREDOUX.

Die skrywer noem homself „Een vriend van de Goede Orde” om dadelik verklaarbare redes, en sê: „Ik heb . . . in den Schouwburg een genoeglyk avond doorgebracht; het nieuw . . . gezelschap *D. Y. V.* heeft alle pogingen aangewend, om het publiek zoo door hun debuteeren als dansen te voldoen, waarin zy ook wel geslaagd zyn. “Tog moet hy sy verwondering te kenne gee „over den Direkteur, die gedurende twintig jaren zoo kiesch was” in sy toelating van twyfelagtige indiwidue tot bywoning, dat hy diè houding eensklaps laat vaar het, aangesien daar soveel onfatsoenlike persone aanwesig was.

„Ik wil echter gelooven dat de Direkteur er geen schuld aan heeft, en den een of ander (zeker geen zyner vrienden)

1) *Chron.* 2) *G. G.* 8 Sept. '26. *Chron.* 15, 22, 29 Aug., 5 Sept. '26.

3) Vgl. *C. Adv.* 26 Aug. '26; sien bls. 233 e. v.

4) *C. Adv.* 16 Sept. '26.

hem deze kool heeft gestoofd, door verkeerde namen op te geven; ik hoop intusschen dat hy deze waarschuwing ten beste zal duiden, wil hy ten minste fatsoenlike lieden by zyn vertooning hebben”.

In antwoord op hierdie brief¹⁾ sê J. G. TREDOUX, dat hy voort sal gaan om sy goeie naam te behou. Die voorval was toe te skrywe aan mense wat verkeerde name opgegee het en aan die „zilvere lootjes der proprietairen”. In die vervolg sal goed opgepas word.

Op 28 Oktober²⁾ word opgevoer *De Broeders*, Tsp. in 5 Bed. van KOTZEBUE, en *Het Glas Water*, Bs. in 2 Bed. van VON GUTTENBERG.

Met die Lt.-Goewerneur se permissie i.p.v. patronasie³⁾ word op 31 Maart 1827⁴⁾ opgevoer: *De Verzamelaar, of De Onverwachte Ontmoeting*, Tsp., Origineel Hollands, en *Pachter Veldkomyn van Tippelskerken, of Het door List verbroken Huwelyk*, Bs. in 5 Bed. van KOTZEBUE.

Hiermee verdwyn die Kaapse⁵⁾ *D. Y. V.* vergoed gedurende hierdie tydperk⁶⁾. Sy bloei was gering. Het die onaangename gebeurtenis by die eerste voorstelling van meet af ’n skadewee gewerp oor die geselskap se verdere bestaan? Die onverstoorte voortbestaan van *T. N.* en *V.* maak waarskynlik dat, vir sover wel, nie die beste kragte van *T. N. en V.* met TREDOUX meegegaan het nie. Bowendien verkeer juis sedert eind 1826 TREDOUX in haglike finansiële omstandighede⁷⁾, wat van groot invloed op die loop van omstandighede moes gewees het — miskien selfs sy leiding van die deeglike, deftige *T. N. en V.* gekos het.

Het, na begin 1827, die kragte van *D. Y. V.* weer⁸⁾ opgegaan in *T. N. en V.*?

Later bestaan daar ook ’n gelyknamige geselskap in Stellenbosch. Het een en (of) ander⁹⁾ van die Kaapse geselskap in Stellenbosch tereggekome en die stoot gegee tot die oprigting van die geselskap daar?

Naar die antwoord val alleen te gis. Die waarskynlikheid van soiets is egter nie uitgeslote nie.

¹⁾ *C. Adv.* 19 Sept. ’26.

²⁾ *Chron.* 17, 24 Okt. ’26.

³⁾ Miskien naar aanleiding van die vermelde gebeurtenis?

⁴⁾ *G. G.* 23, 30 Maart ’27.

⁵⁾ In teenstelling met die Stellenbossche, 1833—’38, sien bls. 254 e. v.

⁶⁾ In 1842 bestaan weer een wat na korte tyd met *T. N. en V.* verenig. Sien bls. 443 e. v.

⁷⁾ *C. Adv.* 26 Aug. ’26. Verkoopings deur Sekwester van huis en erf, Keeromstraat 4, aangekondig. Vgl. *C. Adv.* 25 Jul. ’29 skuldaksie. *G. G.* 2 Nov. ’32, insolvent.

⁸⁾ Sien bls. 252.

⁹⁾ Van Tredoux na 1832 weet ek niks, behalwe dat hy in 1834 nie meer aan die Kaap is nie. (Vgl. *Alm.* 1834). Ek meen êrens te gelees het dat hy naar Graaff-Reinet verhuis het.

Die oorslaan van die tooneelvuur van Kaapstad naar Stellenbosch lewer verder 'n belangwekkende stukkie toneelgeskiedenis op. Dieselfde organisasie word in Stellenbosch teruggevind; dieselfde soort, en dikwels name, van stukke.

Gelyktydig met die grote bloeytyd in Kaapstad tussen 1830 en '40, bereik Stellenbosch syne (1833—'38).

d. Stellenbossche Liefhebberytoneel.¹⁾

Reeds 1829 het die eerste toneelkuns sy verskyning in Stellenbosch gemaak. Dis 'n verder bewys van die logiese samehang wat dikwels tussen wedrenne, bals en toneel as vermaaksoorte bestaan het. Tegelykertyd toon Stellenbosch reeds 'n godsdienstig-onverdraagsame kant wat hom in die verre toekoms meer sal kenmerk²⁾.

'n Korrespondent verhaal onder „Stellenbosch”³⁾:

„Op l.l. Zaterdag den 25 April werden wy vereerd door het zien vertoonen van een Tooneelstukje in het Turfclubhuis alhier, hetgeen geheel nieuw voor ons was, daar wy zeker hadden gedacht, dat zulks in deszelfs geboorte zoude zyn gesmoord geworden⁴⁾, — dan eendragt magt makende, wierd het doorgezet door een klein aantal voorstanders, aangemoedigd door den WelEdelen Heer VAN RYNEVELD, — en aan de verwachting wierd ten vollen beantwoord. Het Tooneel, prykende met eene schoone zinspreuk, deed onze verbeelding stadswaarts leiden. Eene kleine toepasselyke prologue werd door een der Amateurs uitgesproken, waarby de toegevendheid der aanschouwers in hunne beoordeeling, daar de meeste liefhebbers nimmer een Tooneel betreden hadden (dus wel *sommige* reeds — in Kaapstad?), werdt verzocht, en bevatte verder eenige aanmerkingen over de zinspreuk, waaruit wy het volgende slechts herinneren.

„Tooneelkunst, steeds bemind, geëerd en aangebeden,

Door elk wien zuivere smaak bestiert, —

Die d'echte wysgeer roemt, wier schoon tot baak der zeden

Ter vorm van 't jeugdig hart, weleer beoefend wierd.

Die in oud Romes wal, met hellen luister bloeide,

Den Vader der welsprekendheid,

By grooten *Roscius* ter leerschool heeft geleid —

En 's Burgemeesters hart aan dat des spelers boeide.

Laat *dweepzucht*, dan 't Tooneel vervloeken,

De *Wysgeer* zal toch steeds een baak in 't zelve zoeken.'

(Dit word ons helaas nie meegedeel wat die zinspreuk was nie. — F. B.).

¹⁾ Dit is hier m.i. meer op sy plek as onder Toneel weg van die Kaap; vgl. bls. 388.

²⁾ *Z. A.* 14, 24 Sept. '68, *Vbd.* 8 Okt. '68. Aksie van ds. Neethling teen toneel, in verband met besoek van Combrink en *D. Y. b. d. K.* aan Stellenbosch. Vandag nog is dans offisiëel van uniwersiteitsweë verbode op Stellenbosch.

³⁾ *C. Adv.* 2 Mei 1829.

⁴⁾ Vgl. bls. 349.

De kleeding en decoratiën verwierven algemeene goedkeuring. Het stukje *De Verstrooying* (*De Verstrooiden* van KOTZEBUE bedoel?) heeft deszelfs goede uitwerking grootelyks te danken aan *I. Otjes* naive uitdrukkingen en onbewimpelde houding, — haar minnaar beantwoordde ook, — zoo mede onze verstrooyde Kapt. *Menghoorn*, — in een woord, alles voldeed — en de gulle toetreding van het muzikaal Gezelschap hetwelk grootelyks toedroeg tot de genoeglyke uitspanning van dien avond zal steeds gewaardeerd blyven.”

Het die geselskap langer voortbestaan, waar ons nie van weet nie? Miskien. As in 1833 weer met speel begin word, gaan die voorstelling uit van „*Het Nieuw* (ek kursiveer — F. B.) *Stellenbossche Toneel Gezelschap Door Yver Vruchtbaar*”¹⁾, onder patronasie van D. J. VAN RYNEVELD, die Siviele Kommissaris daar.²⁾ Dan begin ook die grote bloeyd³⁾.

Die eerste vermelde voorstelling het in die „*Schouwburg*”⁴⁾ plaasgevind op 28 September 1833⁵⁾ — op Saterdag, soos in vervolg — met: *Charlotte Blandford, of De Wedergevonden Vader*, Tsp. in 2 Bed. deur M. G. ENGELMAN, en *De Dochter van Pharao*, Ks., in 2 Bed. deur KOTZEBUE (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).

Op 26 Oktober⁶⁾ volg *De Kluzenaar op Formentera* (KOTZEBUE), Tsp. in 2 Bed., en *De Listige Weduwe, of De Temperamenten* (KOTZEBUE), Bs. in 1 Bed.

Die laaste voorstelling van die jaar, 'n weeropvoering van die voorafgaande, op besondere versoek, vind plaas op 2 November⁷⁾. Dit pleit vir die sukses van die vorige keer.

Uit 1834 is drie voorstellinge bekend. Hulle vind plaas in die „(Stellenbossche) Liefhebbery Tooneel — (Stellenbosch) Amateur Theatre.”

Die eerste op 31 Mei⁸⁾ was met *De Onechte Zoon*, Tsp. in 5 Bed., en *De Spraakeloze* (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 1 Bed., beide naar KOTZEBUE.

Op 26 Julie⁹⁾ volg *Menschenhaat en Berouw*, „zeer beroemd Tooneelspel” van KOTZEBUE, en *De Man naar de Klok*, (VON HIPPEL, vertaal deur MAAS), Klugtige Bs. in 1 Bed.

Die „laatste Representatie in dit Saizoen” van “het Hollandsche Tooneellievend en Vereenigd Muzyk Gezelschap ...

1) *Z. A.* 20 Sept. '33.

2) *Alm.* (Greig) 1834 bls. 193. Later ook Resident-Magistraat. *Alm.* 1846.

3) *Sien* bls. 253.

4) *Z. A.* 18 Okt. '33, 25 Jul. '34. *Sien* bls. 254.

5) *Z. A.* 20, 27 Sept. '33.

6) *Z. A.* 18, 25 Okt. '33. Ook die *Ned. Z. A. Ts.* Sept.-Okt. '33. bls. 396 maak melding van die twee (eerste) voorstellinge op Stellenbosch.

7) *Z. A.* 1 Nov. 33.

8) *Z. A.* 16, 30 Mei '34. — Die eerste 'n voorlopige aankondiging.

9) *Z. A.* 25 Jul. '34. — (Liefh. Toneel en Skouburg blykbaar identiek gebruik).

D. Y. V. (Ten voordeele van het Muzyk Gezelschap)" vind plaas op 8 November ¹⁾ met *De Twee Vrymetselaars*, Tsp. in 3 Bed., naar die Frans (PELLETIER VOLMÉRANGES, vertaal deur v. d. VYVER, en *'t Zal laat Worden* (MEYER), Bs. met sang. Uit 1835 is alleen èen voorstelling bekend, „Ten voordeele van de Noodlydenden aan de Grenzen" vanweë die Kafferoorlog, soos ook die ander Kaapse geselskappe liefdadigheidsvoorstellinge gegee het ²⁾. Die voorstelling vind plaas op 7 Maart ³⁾, weer deur die Verenigde Toneel en Musiekgeselskap, met *Elize van Wallenthorst* (anoniem), oorspronklike Hollandse Tsp. in 3 Bed., en *De Brandschatting*, Bs. in 2 Bed. naar KOTZEBUE.

Dat nie meer gespeel word nie sal waarskynlik aan die tydsomstandighede, die Kafferoorlog, gelê het.

In 1836 vind *D. Y. V.* — sonder musiekgeselskap — sy gewone koers met drie voorstellinge. Hulle vind plaas op 4 Junie ⁴⁾: *De Ring* (SCHRÖDER), Tsp. in 3 Bed., en *De Wonder Doctor* (MOLIÈRE), Klugtige Bs. in 3 Bed.

23 Julie ⁵⁾: *Eleonora(e) van Rosalba, of De Puinhopen van Paluzzi* (naar die Frans van PUJOS en DABAYTUA, vertaal deur KISSELIUS), Tsp. ens. „met geheel nieuwe decoratien en costumes", en die ou gunsteling *'t Zal laat Worden* (MEYER), Bs. met sang.

29 Oktober ⁶⁾: *De Graaf van Waltron, of De Subordinatie* ens. (MÖLLER), en *De Helleveeg*, Kl. Bs. in 1 Bed. deur A. LOOSJES.

Hierna begin die kennelike agteruitgang van *D. Y. V.* Uit 1837 is alleen twee voorstellinge bekend: op 29 April ⁷⁾, die eerste met *Armoede en Grootheid*, Tsp. in 3 Bed. naar KOTZEBUE, en *Ephraim, of De Bedrogene Jood*, Ks. in 1 Bed.; op 19 Augustus ⁸⁾ *Dertig Jaren, of Het Leven van een Dobbelaar*, (DUCANGE & DINAUX, vertaal deur FALLÉE), Tsp. ens., ⁹⁾ en *De Uniformrok van den Veldmaarschalk Wellington*, Bs. in 1 Bed.

In 1838 volg die laaste vermelding van *D. Y. V.* Op Woensdag 24 Oktober ¹⁰⁾ voer die geselskap, verenig met die musiekgeselskap, 'n oubekende op: *Eleonora(e) van Rosalba* (KISSELIUS); verder *Uilenspiegel* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Ks. in 1 Bed.

Gelyktydig dus met die ondergang van toneel aan die Kaap, gaan die toneel op Stellenbosch dieselfde weg. Die redene sal analoog gewees het ¹¹⁾. 'n Herlewing in die volgende tyd-

¹⁾ Z. A. 31 Okt., 7 Nov. '34.

³⁾ Z. A. 6 Maart '35; C. Adv. 4 Maart '35.

⁵⁾ Z. A. 15, 22 Jul. '36.

⁷⁾ Z. A. 21, 28 Apr. '37.

⁹⁾ Sien bls. 248; in 1836 deur T. N. en V. gespeel.

¹⁰⁾ Med. 9, 12, 16 Okt. '38.

²⁾ Sien bls. 206, 248, 331 e. v.

⁴⁾ Z. A. 27 Mei, 3 Jun. '36.

⁶⁾ Z. A. 14, 21, 28 Okt. '36.

⁸⁾ Z. A. 11, 18 Aug. '37.

¹¹⁾ Sien bls. 253.

perk, soos in Kaapstad, bly egter uit. Later in die 19de eeu sal toneel weer sterke kerklike teenstand in Stellenbosch ondervind ¹⁾).

e. Kindergeselskappe.

Dis 'n nuwigheid wat in die eerste plek te danke is aan die inisiatief van J. SUASSO DE LIMA.

Bekend is die deelname van kinders aan ballette en pantomiems in die voorafgaande tyd, veral voor 1815. 'n Enkele maal het 'n kind as groot seldsaamheid in toneelstukke opgetree. Gedurende 1810 en 1811 was daar selfs 'n geselskap „Jonge Toneel (en Dans) Liefhebbers” ²⁾. Maar suiwer kindergeselskappe, soos hier, het nie tevore bestaan nie.

1. Tot Oefening en Smaak.

Die eerste kindergeselskap is van 1825—'26, en afgesien van DE LIMA, kan ons die persoonlikheid daarin, en waarskynlik die daadwerklike deelname van J. G. TREDOUX daaraan, sien.

Om mee te begin, is die direkteur van die geselskap — nominaal tenminste — niemand anders nie as J. G. TREDOUX Jr. Dat in hierdie keuse die bekende naam 'n rol sal gespeel het, spreek vanself. Die kinderpsigologie laat ons bes begryp dat TREDOUX Jr. ook graag die taak sou wil aanvaar, en die voorbeeld van sy vader navolg. Tegelykertyd is dit vanselfsprekend dat die inisiatief en leiding van volwassenes daaragter moet gesoek word. Kinders kom nie vanself tot sulke onderneminge nie.

Nou blyk die „auctor intellectualis” spoedig DE LIMA te wees, toe hoofonderwyser van die Evangeliese Lutherse Skool; maar dat TREDOUX Sr. met DE LIMA sou saamgewerk het, lê voor die hand. Temeer val dit aan te neem met die oog op die persoonlikheid van DE LIMA. Wat ook al sy bekwaamhede was, hy kon beswaarlik 'n ervare regisseur gewees het.

Seker was DE LIMA wat die Kaap betref, 'n nuweling op die gebied van toneel. In teenstelling was TREDOUX Sr. 'n egte „ou rot.”

Maar waarom sou DE LIMA en TREDOUX juis tot kindertoneel en in hierdie tyd gekom het? Die aanleiding moet gesoek word in die heftige vyandskap wat 'n poos tevore openlik tussen DE LIMA en BONIFACE ontbrand het ³⁾. Dat TREDOUX meewerk is dadelik verklaarbaar uit die skerp wedywering wat tussen *Honi* en *T. N. en V.* bestaan ⁴⁾. BONIFACE het veral in 1825 geweldig sukses met sy kinderballette ingeoes ⁵⁾.

¹⁾ Sien bls. 253 Vtn. 1).

³⁾ Sien bls. 285 e. v.

⁵⁾ T. a. p. bls. 281.

²⁾ Sien bls. 127 e. v.

⁴⁾ Sien bls. 293—294



(Foto A. ELLIOTT, Kaapstad).

Karkatuurvoorstelling van J. SUASSO DE LIMA.

(Met vriendelijke toestemming van kol. ROSE, Kaapstad).



(Foto A. ELLIOTT, Kaapstad).

Portret van J. SUASSO DE LIMA in Vrymesselaarsdrag.

(Met vriendelike toestemming van kol. ROSE, Kaapstad).

Dis duidelik, dat die beste manier om hom te oortroef sou wees om kinders nog meer te laat presteer¹⁾. Hiertoe het DE LIMA se skoolmeesterskap, en TREDOUX se toneelervaring, 'n pragtige geleentheid gebied.

Voor ek die lotgevalle van die kindergeselskap bespreek is dit nodig om eers die lewe en persoon van DE LIMA na te gaan.

JOSEPH SUASSO DE LIMA is gebore in Amsterdam op 27 Junie 1791²⁾. Van Portugees-Joodse afkoms het hy reeds op jeugdige leeftyd in vrye oortuiging naar die Kristendom oorgegaan en lid geword van die Nederduits Hervormde Kerk³⁾. Hy het in die regte gestudeer en op baie jeugdige leeftyd daarin gepromoveer. 'n Paar jaar lang het hy sy beroep in Amsterdam uitgeoefen.

In 1816 vertrek hy naar Nederlands Oos-Indië as amptenaar „in dienst van den geliefden en dierbaren Koning der Nederlanden”⁴⁾. Sy vrou vergesel hom en beval onderweg van 'n dogtertjie⁵⁾, wat egter korte tyd na hul aankoms in Batawië sterf⁶⁾.

DE LIMA se loopbaan in Indië was kort en roemloos. Die Hoë Raad van Justiesie het spoedig rede gesien om hom te skors in sy amp op grond van misbruik van dokumente aan hom toevertrou. Ons kan hierin miskien 'n eerste van die reeks ongelukke sien wat DE LIMA deur sy hele lewe trou agtervolg het, ongelukke meer 'n gevolg van verkeerde as misdadige handelwyse⁷⁾.

DE LIMA besluit om naar die Kaap te gaan. Onder 8 Augustus 1818 verskyn die volgende berig van hom in die *Kaapsche Courant*:

¹⁾ Sien bls. 291 e.v.

²⁾ Vgl. Art. deur eerw. A. Dreyer in *Die Burger* Nuwejaarsnommer 1921, met baie waardevolle mededelings. Soms egter vergis eerw. D. hom deerlik, b.v. wat betref de L. se loopbaan, sy posiesie as onderwyser, sy sedelike lewe, ens.

Die volgende is 'n afskrif van 'n sertifikaat van C. G. Botha, hoof van die argiewe in Kaapstad, aan die heer Mendelssohn, wat die Mendelssohn versameling aan die Parlement van Suid-Afrika geskenk het. Ek druk dit af met die vriendelike toestemming van die bibliotekaris. „Joseph Suasso de Lima, born at Amsterdam on the 27 June 1791 died on Sunday the 19 December 1858 at Cape Town and was buried on the 20th idem in the vault (No. 226) of Jan Theron in the Dutch Reformed Cemetery, Somerset Road, Cape Town. — Geo. Suasso de Lima aged 9 years was buried in the above vault on the 28 Nov. 1857”.

³⁾ Voorw. *Herinnering aan het Leggen van den Hoeksteen der Ned. Herv. Kerk* 1833.

⁴⁾ Inl. *Gedichten* J. Suasso de Lima. A'dam. 1821.

⁵⁾ Id. bls. 125.

⁶⁾ Id. bls. 128.

⁷⁾ Sien bls. 261.

„De ondergetekende, door Zyne Excellentie den Gouverneur als Beëdigd Translateur alhier toegelaten zynde, zoo biedt hy deszelfs dienst aan tot het vertalen van in de Hebreeuwsche, Grieksche, Latynsche, Arabische, Maleische, Chineesche, Malabaarsche en andere oostersche talen, zoo ook in het Fransch, Spaansch, Hoog- en Nederduitsch en zal hy door deszelfs aan den dag te leggen yver, de achting der inwoneren en vreemdelingen trachten te verdienen.

J. SUASSO DE LIMA.”

Dis 'n advertensie wat inderdaad 'n baie goeie idee gee van DE LIMA se uitgebreide talekennis¹⁾, alleen miskien bietjie oordrewe wat betref die oosterse tale.

Met sulke en met ander literêre werk het DE LIMA aanvanklik sy brood verdien. Hy gee werke by intekening uit en word so ongeveer die erkende geleentheidsdigter, privaat en publiek, van die Kaap²⁾.

Hy kondig reeds November 1818³⁾ by intekening aan: *De Grootte Dichters, Ongelukkig Leesboek*, vry gevolg naar die Frans met 'n voorrede oor „t Voortreflyke der Dichtkunst.”

In 1821 verskyn in Amsterdam⁴⁾ „Voor Rekening van den Dichter” 'n bundel *Gedichten* opgedra aan hoofregter sir J. A. TRUTER. Daar kom o.a. allerlei geleentheidsgedigte in voor. Tot uitgawe, sê DE LIMA, het hy gekom op aandrang van sy weldoeners, wat iets van sy „letteren” verlang het. Reeds vroeër het hy letterkundige werk gedoen: onder Napoleon drie naamlose werkies geskrywe, en in 1814 en 1815 vertalinge van „geschiedenissen, alsook van werke van smaak” gemaak. Die beoordeling hiervan was goed. Hy was verder lid van „verscheidene letterkundige kringen zoo te Amsterdam als elders.” Tot hernude letterkundige beoefening het hy na 1816 eers deur meer vrye tyd aan die Kaap gekom.

In 1821⁵⁾ bied H. TERHOEVEN 'n paar eksemplare aan van 'n Hollandse gedig (2 dele) deur DE LIMA. Watter gedig bedoel word, een van die reeds genoemde of 'n nuwe, weet ek nie.

In 1822 verskyn, ook by intekening, *Raymond*, naar die Frans deur DE LIMA, by N. COTRAY, Amsterdam. DE LIMA se voorberig is 'n warme pleidooi vir die „gastvrye en geliefde menschenvrienden” aan die Kaap. Hy kom op teen die reisbeskrywers wat die Kapenaars as „onheusch en

¹⁾ Sien bls. 266 e. v.; *Nieuwe Gedichten*, J. Suasso de Lima, 1840, bls. 89 *Myn Gezelschap*.

²⁾ Sien verder.

³⁾ K. C. 28 Nov. 1818.

⁴⁾ In Univ. Bibl. A'dam, en Openb. Bibl. Kps. ⁵⁾ K. C. 8 Des. '21.

onbeschaafd" voorstel. Hy hoop nog vurig om naar sy dierbaar vaderland, Nederland, terug te keer. (Dit het 'n ydele hoop geblyk — F. B.). Origenis is *Raymond* 'n tiepiese kort sentimentele roman van die tyd.

Begin 1823¹⁾ word DE LIMA aangestel as skoolmeester van die Evangeliese Lutherse Hoofskool aan die Kaap, 'n skool vir blankes van Lutherse oortuiging. Hierdie skoolmeesterskap was die aanleiding tot DE LIMA se *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop*, reeds 1824 aangekondig, maar eers 1825 verskyn. Die boekie is in vraag en antwoord vorm. Die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*²⁾ sê daarvan dat "op byna elke bladzyde... eene absurditeit of onwaarheid" staan. Dit is „kreupel geschryf... beneden alle critic". Hierdie kritiek is eensydig. Die boekie getuig m. i. van 'n gesonde pedagogiese opvatting vir sy tyd. Vorm en inhoud maak dit baie bevatlik vir die kindervermoë. Dis bowendien pionierswerk, 'n eerste geskiedenisboek vir skole in Suid-Afrika. Vir ons tyd is dit van besondere waarde om allerlei kultuur-historiese mededeling uit daardie tyd, wat daarin voorkom.

In dieselfde jaar 1823 wat sy skoolmeesterskap begin, vind ons DE LIMA op toneelgebied in samewerking met BONIFACE. Hy vertaal *L'Enragé* van BONIFACE as *De Dolzinnige*³⁾ en dit word opgevoer.

Die vriendskap was van korte duur. As konkurrente op gebied van onderwys, maar veral van letterkunde⁴⁾, het felle vyandskap tussen die twee ontstaan. Hieraan sal BONIFACE se eienaardige temperament sonder twyfel die meeste skuld gehad het. Dit lyk bowendien of BONIFACE homself aan growwe ondankbaarheid teenoor DE LIMA skuldig gemaak het⁵⁾.

Met 'n betreklik onskuldige gedig *Teleurgesteld* van DE LIMA in die *South African Chronicle* van Oktober 1824, het die vyandskap tot 'n uitbarsting in die openbaar tussen die twee gekom. Talryke bytende en persoonlike hekel-skrifte het heen en weer gevlieg, waarin DE LIMA, deur sy grotere mate van selfbeheersing en deur sy meer gegronde en hoërstaande kritiek op BONIFACE, miskien die beste daarvan afgekome het⁶⁾. Tot 1826 het die eerste ronde in hierdie stryd geduur.

In die lig van hierdie skoolmeesterskap en stryd met BONIFACE moet DE LIMA se kindertoneel (1825-26) gesien word⁷⁾.

Die kindertoneel het ook 'n ander onverwagte gevolg gehad.

1) *K. C.* 5 April '23; 1 Jul. '25 (Prysuitdeling).

2) *Dl. II.* bls. 438.

3) *K. C.* 27 Sept. '23; sien bls. 277.

4) Vgl. o.a. *Zms. tusschen Limagon en ... een Gaskonjer* 1825 (Bylae VII) Groom, vgl. bls. 121.

5) *Id.*

6) Sien bls. 284 e. v.

7) Sien bls. 256 e. v.

In die *Neaeravitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*¹⁾ word beswaar gemaak teen die s. g. verderflike sedelike uitwerking van sulke toneel op kinders. DE LIMA het dit toe verdedig in 'n brosjure *Iets over het Dansen, en Toneelspelen* (1825), en miskien in 'n gedig *Het Gebruik en Misbruik der Tooneel-liefhebberyen*. Maar met die geselskap was dit gedaan.

Hoe lang DE LIMA onderwyser aan die Lutherse Skool gebly het, weet ek nie. In Mei 1826²⁾ was hy dit nog.

In 1825 verskyn 'n geleentheidsgedig³⁾ van DE LIMA oor die koms van die s. s. *Enterprize*, die eerste stoomboot aan die Kaap; en mede in verband hiermee: *Het Stoomvaartuig: deszelfs beschryving*⁴⁾ ens., Kaapstad 1825.

In Januarie 1826⁵⁾ het DE LIMA met *De Verzamelaar* begin, 'n weekblad in Hollands. Beoog word om die „opkomenden letterbloei” te bevorder. „Godgeleerde en staatkundige gevoelens” word onaangeroer gelaat; „loutere waarheidsliefde, onderwys en nut” nagestreef. Met hierdie blad volg DE LIMA op die voetspore van FAIRBAIRN en BRIDEKIRK, en word die vader van die Hollands-Afrikaanse koerantewese. *De Zuid-Afrikaan* in 1830 is 'n regstreekse voortsetting van die begin deur DE LIMA gemaak⁶⁾.

Dit het egter moeilik gegaan. Die bestaan van *De Verzamelaar* was baie sukkelend⁷⁾. 'n Nuwe stoot het die blad gekry toe die ou *Kaapsche Courant* tot *Cape of Good Hope Government Gazette* omgedoop en van formaat en inhoud verander word. Ontevredenheid oor die verengelsing en die ander veranderinge het onder die Hollandssprekendes ontstaan. DE LIMA het die geleentheid aangegryp om van 1 Januarie '27⁸⁾ sy blad die *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter, of De Verzamelaar*, te noem, en die ou formaat van die *Kaapsche Courant* daaraan te gee.

Al gou was dit egter dieselfde sukkelstorie oor⁹⁾. In 1830 kom *De Verzamelaar* deur DE LIMA se vyande tot 'n end, en word *De Zuid-Afrikaan* op die puinhope daarvan opgerig. Verskeie kere daarna probeer DE LIMA *De Verzamelaar* te laat herleef¹⁰⁾, maar met weinig sukses, uitgesonderd waarskynlik van 1843—47 (8?).

Ook andersins was die lewe van DE LIMA tussen 1826 en 1830 vol wederwaardighede. In 1826 begin hy 'n Nederduitse

1) Sien bls. 343 e. v. vir die hele kwessie.

2) *Chron.* 16 Mei '26.

3) *Chron.* 18 Okt. '25.

4) Openb. Bibl. Kps.

5) *Chron.* 18 Okt., 29 Nov. '25 e. v.

6) Sien bls. 50.

7) Vgl. *C. Adv.* 31 Okt. '26; *Chron.* 18 Jul., 8 Aug., 15 Aug. '26.

8) *Chron.* 7 Nov. '26.

9) *Verz.* 29 Okt. '28.

10) *G. G.* 17 Jan. '34 — As maandwerk in Holl. en Eng.; *C. Adv.* 14 Aug. '39, weekliks; *Alm.* 1844—'48 (?)

Leesboekery¹⁾, die eerste van sy soort aan die Kaap. Hiermee sal dit nie veel beter as met sy *Verzamelaar* gegaan het nie. Op 30 Maart '27²⁾ word „uitgelezene boeken” van hom deur die sekwester verkoop. Met allerlei mense raak hy in moeilikheid, veral deur die persoonlikhede in sy koerant³⁾; ook om ander redes⁴⁾, veral geldelike, sodat hy selfs met aanranding bedreig word⁵⁾.

De Lima se gedurige geldelike moeilikhede was eintlik die grondoorsaak⁶⁾ van al sy swarighede. Dit was 'n wedersydse opdrukkery van belang vir skuld tussen hom en andere, waardeur hy dikwels in hofsake gewikkel was⁷⁾.

Met die „lieve echtgenote” wat hom in 1819 aan die Kaap weer 'n dogter geskenk het⁸⁾, en wat hy so dikwels in sy gedigte besing het, loop dit mis. In 1828⁹⁾ moet hy kennis gee dat hy geen aanspreeklikheid vir skulde deur GERTRUIDA BAKKER gemaak, erken nie, daar hy reeds byna drie jaar gelede van haar het moes afsien „wegens haar uitnemend slecht gedrag.”

Die grootste smaad van sy lewe moes de Lima egter die volgende jaar ondervind. Op 19 Desember 1829¹⁰⁾ word hy tot 'n maand tronkstraf veroordeel weens diefstal. Die uitspraak wek by my die indruk van 'n tegniese bevinding, geforseer deur DE LIMA se vyande. Misdadige opset ontbreek m. i. Ook DE LIMA troos hom met „Le crime fait la honte et non pas l'échafaud”. Ek kan origens nie merk dat die veroordeling hom maatskaplik of andersins enige kwaad gedoen het nie. Die publiek sal dus van dieselfde mening gewees het.

Intussen was de Lima ook in 'n skuldaksie veroordeel¹¹⁾.

¹⁾ *Chron.* 25 Apr. 18, 25 Jul. '26 e. v.; Art. Dreyer.

²⁾ *G. G.*

³⁾ *Chron.* 27 Jun., 18 Jul. '26. Meurant, *Sixty Years Ago*, bls. 75; *Z. A.* 24 Feb. '68.

(Dit word vertel van sekere dr. (later baron) van Horstok dat hy op sekere jong dame, mej. A. M. baie verlief was, en haar een aand van 'n party naar huis gebring het. Net toe huile voor die deur van haar moeder se huis kom, kraai 'n haan en dr. v. H. maak die volgende woordspeling:

„De haan kraait koeker-de-koe
De deur is toe.”

Die vrou des huises wat die dokter nie gunstig gesind was nie, maak op dieselfde oomblik die deur ope en antwoord:

„Neen, mynheer! de deur is open
En gy kunt naar de drommel lopen.”

Die volgende môre was die geïmproviseerde verse in *De Verzamelaar* en de Lima bedreig met 'n pak sweepslae deur die verwoede dokter.

⁴⁾ Vgl. Menzies' *Reports*, I. bls. 29.

⁵⁾ *C. Adv.* 11 April '27.

⁶⁾ *K. C.* 24 Feb. '26; *Chron.* 28 Feb. '26. e. v.

⁷⁾ Sien verder. *C. Adv.* 1 Apr. '29; 6 Okt. '30 e. v.

⁸⁾ De Lima, *Gedichten* 1821 bls. 149, 158.

⁹⁾ *Verz.* 27 Aug. '28.

¹⁰⁾ *C. Adv.*

¹¹⁾ *C. Adv.* 2 Sept. '29.

Op 6 Maart 1830¹⁾ is hy finaal insolvent. Uit hierdie insolvenskap het die gewelddadige toeëiening van DE LIMA se drukpers ens. deur P. VAN BREDA voortgevloei²⁾, 'n toeëiening wat geboorte gegee het aan *De Zuid-Afrikaan* as opvolger en voortsetter van *De Verzamelaar*³⁾. Per slot van rekening behou VAN BREDA die pers maar moet skadevergoeding aan DE LIMA betaal. BONIFACE, eerste redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, sal stellig 'n hand in hierdie geskiedenis gehad het.

Die volgende jare sien grote literêre bedrywigheid aan die kant van DE LIMA. Geleentheidsgedigte is besonder aan die beurt. Blykbaar was DE LIMA se bestaan moeilik. Einde 1830⁴⁾ verskyn *Gedenkschrift ter Herinnering aan het Vyftig-jarig Bestaan der Evangelische Luthersche Kerk aan de Kaap*. Sedert 1832 verskyn sy Almanakke — by uitstek Hollands, in teenstelling met die Engelse van GREIG en later van VAN DE SANDT — wat tot omstreeks 1840 voortgesit word⁵⁾.

Einde Desember 1832⁶⁾ verskyn: *Eene Verzameling Hollandsche, Engelsche en Hoogduitsche Gezelschaps Liederen, benevens... drinkconditien...* vir oujaarsdag ens. Daar volg: *Ter Herinnering aan... het Leggen van den Hoeksteen der nieuwe Nederduitsche Hervormde Kerk in de Kaapstad op den 18 April 1833: op Verzoek tezamen gebragt*⁷⁾; 'n pamflet *De Stad en het Kasteel van Antwerpen*⁸⁾ — toe natuurlik op die voorgrond deur die Nederlands-Belgiese vraagstuk; *Waar... Rapport van 't Gebeurde... op de publieke byeenkomst... op de Beurs op... 8 Oktober 1834*⁹⁾.

Vermoedelik het DE LIMA weer 'n eie pers bemagtig¹⁰⁾, want Januarie '34¹¹⁾ kondig hy nogmaals *De Verzamelaar* as maandwerk aan. In Julie 1835 verwelkom die *Literary Gazette* weer die herlewing. Was *De Verzamelaar* intussen doodgegaan of nog altyd nie herleef nie? By DE LIMA word evenwel in 1834 allerlei gedruk en uitgegee¹²⁾. Van homself kondig hy 'n pamflet met 'n teks as opskrif, teen „zekere lasterzieke” persone aan¹³⁾.

1) *C. Adv.* vgl. 16 Okt. '30. 2) *C. Adv.* 15, 29 Sept. '30, vgl. 6 Okt. '30.

3) *C. Adv.* 27 Maart '30. 4) *Z. A.* 10 Des. '36; *C. Adv.* 18 Des. '30.

5) Mendelssohn, *Bibl.; Alm.*; *G. G.* 16 Nov. '32 e. v.; *Z. A.* 24 Sept. '34 e. v.

6) *G. G.* 28 Des. 1832.

7) *Z. A.* 3 Mei '33. In bewaring van die heer le Sueur van firma C. C. Silberbauer en Ko., Keeromstraat, vir de *Loge de Goede Trouw*. My hartlike dank aan die heer le S. vir insage.

8) *Z. A.* 3 Mei, 2 Aug. '33.

9) *C. Adv.* 11 Okt. '34r.

10) *Ter Herinnering* ens. in 1833 word nog by Bridekerk gedruk.

11) *G. G.* 17 Jan. '34; *Lit. Gaz.* 12) *G. G.* 30 Mei '34

13) *G. G.* 21 Nov. '34; sien bls. 264

In 1835¹⁾ begin hy 'n „Boek-, Papier- en Prentenwinkel”, Kerkstraat 30, dikwels verryk met die predikaat „Hollandsch en Uitheemsch”²⁾, wat hy jarelank het en waarmee dit selfs 'n tydlang besonder goed gaan. Ook boekbindery word gedoen. Hy kom tot 'n tweede winkel in 1838³⁾ en brei uit tot 'n „Zuid Afrikaansche Bazaar en Boekwinkel” in 1839⁴⁾, met 'n leeskamer daarby. Selfs *De Verzamelaar* maak weer sy verskyning in '39⁵⁾. Tot 1840 gaan alles goed. In die boekhandel is hy gewoonlik in maatskappy met die juffroue THERON.

Intussen moes de LIMA 'n hele boel van die gewone moeilikhede ten opsigte van BONIFACE en geldsake deurmaak.

Ons het gesien dat in 1828 DE LIMA sy vrou reeds drie jaar tevore verlaat het weêns haar slegte gedrag⁶⁾. Hy het vermoedelik direk daarna by die juffroue THERON, ANNA CATHERINA en MAGDALENA, gaan inwoon. MAGDALENA (LEENTJE) was in besonder sy goeie vriendin⁷⁾. Dit lyk my onwaarskynlik om enige kwaad in hierdie verhouding te sien⁸⁾. Die THERONS, ook die manlike lede, skyn besonder goeie en troue vriende van DE LIMA te gewees het⁹⁾.

Hoe dit sy, hierdie saamwonery het tot baie lasterpraat aanleiding gegee. In *Clasius* van BONIFACE, in 1834 opgevoer,

¹⁾ *C. Adv.* 12 Des. '35 e. v. *Alm. de L.* 1836—1837. Eers Kerkstr. 30, sedert '39 (*C. Adv.* 16 Feb.) Burgstr. 31 — Vermoedelik was hy tevore reeds boekhandelaar ens., sien bls. 323.

²⁾ *C. Adv.* 30 Jul. '36; 8 Nov. '37; 4 Jul. '38 e. v. (Hy doen besonder goed met gereelde, weeklikse aandverkopinge in die winter sedert 1838).

³⁾ *G. G.* 31 Aug. '38, Groenteplein 43.

⁴⁾ *C. Adv.* 4, 29 Mei '39, e. v. Burgstr. Van towerlanterns en draaiorrels (*C. Adv.* 26 Jan. '39) tot in besonder Bybels, (wat hy spesiaal aanbeveel vir spekulateurs naar Port Natal — *C. Adv.* 23 Jan. '39) verkoop hy.

⁵⁾ *C. Adv.* 14 Aug. '39. Sedert 1838 besit hy blykbaar weer 'n drukpers, *G. G.* 11 Mei '38.

⁶⁾ Sien bls. 328.

⁷⁾ Boniface in *Clasius* gee te kenne dat de L. sy vrou sou verlaat het om by Leentjie te gaan woon. (Sien bls. 326). Sy sou sy „meesteres” in meer as één sin wees. Sy sou 'n seuntjie gehad het, hoewel ongetroud.

Al kan ons Bon. se voorstelling van sake in twyfel trek, sal die beweringe as sulks 'n grond van waarheid besit. Dat de L. by die Theron's gaan inwoon het word deur alles verder bevestig; Van 1835 as hy sy winkel in Kerkstraat het tot sy dood toe, woon hulle byna altyd saam. (*Alm.* 1836—'59; *Alm. de L.* 1836—'37). Tesame het hul die boekwinkel. Die „Misses Theron” was Anna Catherina en Magdalena (*Alm.* 1844, 1845 e. v.) Hulle het de L. oorleef (*Alm.* 1860). Hulle, veral Magdalena, was bekende persone. Die *Z. A.* 23 Jan. '68 praat in verband met ou bekende figure aan die Kaap van „de Theron's, Barend, scheele Jan en Leentje niet te vergeten.” Ouere mense aan die Kaap weet vandag nog verhale van de L. o. a. in verband met Leentjie en die boekwinkel, te doen.

⁸⁾ Sien bls. 264.

⁹⁾ Vgl. Vtn. 7.) en Art. Dreyer.

word die spot met de LIMA en sy „meesteres”, op weinig-verhewe of kunssinige wyse, fel-persoonlik gedrywe¹⁾.

Dis hierna in November 1834, wat de LIMA sy pamflet teen sekere lastersieke persone aankondig²⁾ met 'n teks, Ps. 52, Vs. 4 as opskrif: „Uwe tong denkt enkel schade, als een geslepen scheermes, werkende bedrog.”

In November 1835 is de LIMA weer geassosieer met 'n kindergeselskap, in so ver tenminste, dat hulle 'n stuk van hom, *Abellino Junior*, opvoer. In hierdie opvoering moet ons weerwraak sien op BONIFACE se *Clasius*³⁾.

In 1836 kom hierdie vyandelikhede tot 'n hoogtepunt en word DE LIMA se karakter skitterend gehandhaaf. Eers val egter die dood van DE LIMA se vrou te vermeld. Onder 1 April '36⁴⁾ wordt berig: „Overleden — GEERTJE BAKKER van Texel in Noord-Holland, oud 55 jaren en 10 maanden. Huisvrouw van Mr. J. SUASSO DE LIMA.” Wat van haar kind geword het, weet ek nie⁵⁾.

Kort hierna gee sekere J. J. DE KOCK, een van BONIFACE se konfraters en o.a. sekretaris van BONIFACE se geselskap *Vlyt en Kunst*⁶⁾, 'n liedereboek uit, waarin hy op beledigende wys die spot dryf met DE LIMA en sy vriendinne, in besonder een daarvan. Na die gewone voorafgaande haatlikhede in die koerante tussen DE KOCK en CLASIUS⁷⁾, word DE KOCK in 'n geregsaak⁸⁾, deur een van die dames THERON ingestel, tot skadevergoeding veroordeel⁹⁾, en ontvang bowendien 'n strenge veroordeling van die regter.

Intussen probeer BONIFACE en LEY in Mei 1836 om DE LIMA vir skuld gevange te set. Die poging misluk¹⁰⁾. 'n Soortgelyke poging van v. d. BERG in Februarie 1837 ondergaan dieselfde lot. Wat meer is, DE LIMA verkry in 'n teenaksie sy rehabilitasie¹¹⁾.

In April 1837 is DE LIMA en DE KOCK nog altyd aanmekaar. Iemand, blykbaar DE KOCK, het 'n brief aan die *Commercial Advertiser* geskryf oor die saak waarin DE LIMA c. s. gelyk gekry het vir belediging¹²⁾. DE LIMA weerlê hierdie brief, m. i. oortuigend¹³⁾. Vervolgens kondig DE KOCK 'n antwoord aan teen die “scandalous lie” van DE LIMA¹⁴⁾. Ek kan egter hierdie antwoord nie vind nie.

Hierna was die ergste verby. Met DE LIMA se boekhandel

1) Sien bls. 323.

4) *G. G.*

6) Sien bls. 330.

9) Sien bls. 336. Voorstelling van *V. en K.* om de Kock in sy proses skadeloos te stel.

11) *Menzies' Reports*, Dl. III, bls. 150, 401.

13) *C. Adv.* 8 April '37.

2) Sien bls. 262.

5) Sien bls. 325.

7) *C. Adv.* 18 Jun. '36.

10) *Menzies' Reports*, Dl. III, bls. 149.

3) Sien bls. 271.

8) *C. Adv.* 20 Aug. '36.

12) *C. Adv.* 5 Apr. '37.

14) *Mod.* 11 Apr. '37.

gaan dit goed. Hy teken selfs op allerlei lyste vir geskenke, ens. in ¹⁾.

Apart van sy prente, jaarboekies, ens. ²⁾ verskyn nog van DE LIMA tot 1839:

1835. *Huisbraken en diefstallen in de Kaapstaa*³⁾.

1836. *Verzameling Gezelschapsliederen, ens.*⁴⁾

1837. *De Zwervende Food*. Tooneelspel, in 5 delen. Uit het Fransch vertaald door J. SUASSO DE LIMA, in de Kaapstad, 1837⁵⁾.

1838. *Welkomsgroet aan Z. K. H. Prins Willem Frederik Hendrik van Oranje* — by geleentheid van sy besoek in die *Bellona* aan die Kaap⁶⁾.

Van 1840 gaan dit slegter met DE LIMA. Aanhoudend wissel hy van adres⁷⁾. In 1846 word 'n versoek van sekere BRINK om DE LIMA insolvent verklaar te kry, afgewys omrede dat DE LIMA reeds in sekwestrasie is⁸⁾.

Origens word *De Verzamelaar* tot 1848 genoem. Dit ontvang selfs lof. CHASE noem dit "a useful paper for the Dutch⁹⁾."

Van 1844—47 word DE LIMA in die Almanak spesiaal vermeld as "editor and proprietor of the *Verzamelaar* newspaper". Miskien het dit in 1849 *Het Volksblad*¹⁰⁾ geword. DE LIMA is later aan hierdie blad verbonde en sedert 1850 heet hy nie meer drukker nie. Verder heet hy met meer of minder veelvuldigheid in hierdie jare "sworn translator and book-binder," en van 1848 "bookseller". Die dames THERON en DE LIMA bly saamwoon, en waar hy nie as boekverkoper vermeld word nie, heet dit soms van hulle dat hulle 'n "Stationery and Book Warehouse" het¹¹⁾. Vanaf 1850 heet DE LIMA "stationer and bookseller", soms met "sworn translator" vermeerder. Intussen tree DE LIMA in 1848 ook as een van die kaartjesverkoopers en as souffleur van die Franse geselskap op¹²⁾. Die laaste jare van DE LIMA se lewe moes rustiger gewees het as voorheen. Hy was toe werksaam op *Het Volksblad*.

Van sy hand het verskyn sedert 1840¹³⁾:

1840. *Nieuwe Gedichten*. Kaapstad.

1844. *De Taal der Kapenaren tegen de schandelyke aanranding derzelve van Prof. Changuion*. Kaapstad.

1) *C. Adv.* 27 Des. '37; 21 Sept. 39.

2) *C. Adv.* 26 Nov. '36; *G. G.* 22 Des. '37.

3) Mendelssohn, *Bibl.* Dl. I. bls. 443.

4) *G. G.* 23 Des. '36. Tenminste dit word aangekondig. 5) Sien vtn. 2).

6) *G. G.* 11 Mei '38; Sien bls. 339.

7) Hieroor en verder vgl. *Alm.* 1840 e.v. 8) Menzies, *Reports*, III, bls. 304.

9) *The Cape* ens. bls. 146.

10) Sien bls. 50.

11) *Alm.* 1841—1842.

12) Sien bls. 439.

13) Vgl. Art. Dreyer; Mendelssohn, *Bibl.*; Katal. Openb. Bibl. Kps.

1846. *Ter Verjaring... van P. B. Borchers*¹⁾.
 1847. *Bedenkingen omtrent het maandwerkje... van P. van der Schalk*.
 1847. *Het gesprokene in de St. Stephens Kerk*.
 1851. *Vaarwel aan Sir A. Stockenstrom*.
 1854. *Census of the Municipalities of Cape Town etc.*²⁾
 1856. *Heilgroet by de Gouden Bruiloft van P. B. Borchers (ens.)*³⁾.
 1857. *Titles and index to Ordinances etc. 1825—'56*⁴⁾.

In 1857 het de Lima 'n aangenome seun van nege jaar verloor. Hierdie gebeurtenis het hom diep getref. Op 19 Desember 1858 kom sy eie moeisame lewe tot 'n end⁵⁾.

De LIMA was ongetwyfeld 'n man wat in baie opsigte ons bewondering afdwing. Sy algemene kennis op gebied van taal- en letterkunde moes geweldig uitgebreid gewees het⁶⁾. In besonder was hy deurknee in Nederlands. Interessant is in hierdie verband 'n vergelyking tussen sy geskifte en die van BONIFACE. De LIMA se taalgebruik is ryk, heg en veral betekenisvas. BONIFACE se gebruik, in besonder vóór 1830, is betreklik arm, tastende en veral betekenislos. Hy weet nie altyd die juiste woord vir sy gedagte te vind nie; staan dikwels net daarnaas; Franse woorde en uitdrukkinge speel hom deur die hoof⁷⁾.

Na ds. MEENT BORCHERS⁸⁾ is de LIMA die eerste oorspronklike beoefenaar van Nederlandse letterkunde aan die die Kaap⁹⁾. Sy werk is tiepies van die tyd. Hy behoort tot die skool van BILDERDYK, FEITH en TOLLENS. Sy werk het dus weinig literêre waarde. Van des te meer belang word dit uit kultuur-historiese oogpunt. De LIMA was die erkende geleentheidsdigter en -skrywer, privaat en publiek, gedurende sy leeftyd aan die Kaap⁹⁾. Dat hy soms baie vleiend optree, is begryplik. Kruiperig kan ek sy werk egter nie noem nie. Apart van die kultuur-historiese waarde, sal hierdie soort

1) In besit van mej. Louw, „Scheveningen”, Seepunt, aan wie ek graag my hartlike dank vir verleende insae betuig.

2) *Alm.* 1854; *C. Adv.* ens.

3) Sien ook Vtn. 1).

4) Openb. Bibl. Kps. (Katal.)

5) Art. Dreyer.

6) Sien bls. 258.

7) Vgl. o. a. Bylae VIII.

8) Sien bls. 53. In sy *Gesch. van de K. de G. H. in 1825*, bls. 98, noem de L. onder Kaapse geskifte twee plantkundige werke in Latyn, *Fraaye Leerredenen* van ds. Fleck, *Twee vertaalde Redevoeringen* van ds. Berangé, v. Ryneveld se werkie oor wol en skaapteelt, die *Ned. Z.A. Ts.* van ds. A. Faure, en lê in die mond van die Afrikaanse kind, dat dit alles hom 'n “denkbeeld van het land (geeft)... mynen leeslust doet opwekken... my bovenal mynen Schepper dankbaar leert zyn.”

9) Vgl. bls. 258, 265 ens.; Bylae VIII.

werk veel waarde gehad het in sy handhawing van Nederlands as kultuurtaal in die vernaamste maatskaplike kringe en aangeleenthede, openbaar en privaat. Des te groter word die waarde van hierdie en ander werk waar DE LIMA homself altyd so sterk „Diets” getoon het. Vir die Nederlandse taal het hy in die bres gesprong¹⁾; altyd deur bly hy vurige Oranjis en vaderlander. Tegelyk het hy hom in sy nuwe omgewing ingeleef, „getrouw Zuidafrikaan” geword²⁾.

Vir sy besondere verdienstes in verband met die Kaapse toneel, regstreeks deur eie werk en voorstellinge, onregstreeks deur sy invloed op b.v. BONIFACE, verwys ek elders³⁾; eweneens vir sy verdienste as vader van die Hollandse-Afrikaanse koerantewese. Hierby moet gesê word dat die belangrikheid van *De Verzamelaar*, sedert 1840, waarskynlik merkbaar toegeneem het⁴⁾.

Van meer belang en meer gewaardeerd was sy Hollandse almanakke⁵⁾. In besonder het hy, as 'n betroubare samesteller van statistieke gegewens, veral van naamlyste, baie gunstig bekend gestaan⁶⁾.

Tog was per slot van rekening die persoonlike invloed wat hy uitgeoefen het, lank nie eweredig met sy bekwaamhede en bedrywighede nie. Opvallende gebreke naar persoon en aard was die vernaamste oorsake daarvan.

Sy uiterlike moes onsmaaklik gewees het: „A face very much like a baboon, and a body like Pope”⁷⁾. Dit het dikwels tot spotterny in skrif en beeld aanleiding gegee⁸⁾. Die uitwerking wat sy kreupelheid⁹⁾ op sy skoeisel gehad het, het geboorte gegee aan die uitdrukking, vandag nog bekend: „OU DE LIMA een-voet-skoen”¹⁰⁾.

Naar aard was sy grootste gebrek sy gedurige onvermoë om geldelike verpligtinge na te kom. Met sy bankrotskappe en sy talryke skuldmoeilikhede het ons reeds kennis gemaak¹¹⁾. Dit het hom waarskynlik ten enemale ontbreek aan oppasendheid, sorgvuldigheid en spaarsin¹²⁾. Sy Vrymesselaar-

1) *Ged.* de L. 1840, bls. 61; Sy verdediging van die taal van die Kapenaars teen Changuion ens.

2) *Ged.* id. 1821, o.a. *De Kaapstad*; Loflied op Afrikanen..., gezegevierd op... de Kafferen; *Ged.* id. bls. 40.

3) Sien bls. 283, 322.

4) Vgl. Meurant, *Sixty* ens. bls. 75; en sien ook bls. 265.

5) Art. Dreyer; en sien bls. 262.

6) *Alm.* 1856. Voorw.

7) Groom *C. I. M.* Sept. 1897 bls. 480; *Z. A.* 23 Jan. '68; *Clasius*, sien bls. 323 e. v. Soos Pope, d.w.s. geboggel.

8) Beide van Boniface.

9) Sien vtn. 7), ook Bylae VII en Meurant, id. bls. 75.

10) Persoonlike herinnering. Bevestig deur mnr. le Sueur, van Silberbauer en Ko., Keeromstr., Kps.

11) Sien bls. 261.

12) Tiepies van de L. is dat hy 'n skuldbewys van 150 Rds. eenkeer verloor, deurdad dit hom uit die hand waai! — *C. Adv.* 23 Jan. '35.

skap ¹⁾ sal hom stellig baie behulpsaam gewees het om telkens weer op die been te kom. Met dit al sal dergelike moeilikhede nie sy maatskaplike aansien verhoog het nie, te meer waar hy in hierdie verband soms rare en allesbehalwe verheffende ondervindinge gehad het ²⁾.

Dieselfde Vrymesselaarskap van DE LIMA pleit teen die besit van ander ondeugde as die reedsvermelde. Dis bekend dat vir toelating tot Vrymesselaar moet aan baie hoë eise van karakter en gedrag voldoen word. Poginge om ander smette op sy karakter te gooi is verydel ³⁾. Sy tegniese skuldigbevinding van diefstal het uit 'n skuldkwessie en persoonlike vyandskap voortgevloei ⁴⁾. Inteendeel blyk uit al sy geskrifte ⁵⁾ dat DE LIMA steeds geprobeer het om 'n ernstige en getroue Kristen te wees, besiel met die beste wense vir sy medemense ⁶⁾. Soms takloos en 'n bietjie astant ⁷⁾, was hy in die grond van die saak baie goedig, welmenend en opreg. Met die THERONS was hy trou en duursaam bevriend ⁸⁾. Hy moes sterke onselfsugtige liefde geken het. Toe 'n aangenome seun in 1857 deur 'n ongeluk oorlede is, skrywe hy: ⁹⁾

¹⁾ In 1818 lid van *Loge de Goede Hoop* in Kaapstad. Noem homself „handelaar”. (Sertifikaat in Mendelssohn Versameling Kaapstad. My dank aan die bibliotekaris vir insae).

²⁾ Twee verhale oor de L. is in besonder bekend. Eenkeer moes hy van woonplaas verander, maar daar was 'n bevelskrif vir gyseling teen hom uit, met dieners op die loer. Hy het derhalwe 'n groot ballasmandjie gekry, homself daarin met boeke ens. laat toemaak en deur twee koelies laat wegdra. Die dieners het argwaan gekry, en die spul agterna gesit. Die koelies het die mandjie laat los, dit het omgeval en de L. het uitgerol. Hy moes toe betaal! (Meurant, *Sixty* ens. bls. 75).

Blykbaar 'n variasie van hierdie verhaal is dat de L. in 'n wasgoedmandjie sou probeer ontsnap het. Onderweg het die klomp egter rusie ondermekaar gekry, waarop die draers die mandjie onder die pomp op die Groentemarkplein laat deurloop het. Maar die inhoud het verborge gebly. Op hierdie manier het de L., hoewel ten koste van 'n baie onaangename ondervinding, tog die tronk ontvlug. (Art. Dreyer; Groom, *C. I. M.* Sept. 1897, bls. 481; *Z. A.* 23 Jan. '68).

Die ander verhaal is as volg. Dit was die gewoonte by die verskyning van 'n nuwe blad dat die opsigter van die werkplaas die eerste setproewe „doop” met wyn, terwyl die drukkers elk 'n glasie drink op die gesondheid van die nuwe blad. Toe de L. *De Verzamelaar* begin het, moes hy dieselfde gebruik volg. Maar die gewone gyselbrief was teen hom uit. Teen die aand gaan hy uit om die wyn te kry. Hy het gewoonlik 'n lang grys jas gedra met 'n sak aan elke kant; bowendien was hy mank. In elke sak het hy 'n fles wyn gesit. Vlak by die kantoor sien die dieners hom en sit hom agterna. De L. aan die hol. Die fesse slaan teen mekaar met noodlottige gevolg. Maar de L. het die kantoor veilig bereik! (Meurant id., Groom id.)

³⁾ Sien bls. 263.

⁴⁾ Sien bls. 261.

⁵⁾ Vgl. *Gedichten* 1821 en 1840.

⁶⁾ Vgl. Voorw. *Ged.* 1840.

⁷⁾ Sien bl. 261; *Verz.* 30 Jul. '28. Weiering om voor die hof te kom.

⁸⁾ Sien bls. 263. Art. Dreyer.

⁹⁾ Art. Dreyer.

„Scheiding.

Myn George, moet ik van u scheiden?
 O neen, ik zal weldra by u zyn;
 Ik ken niet meer het woord 'verblyden'
 In 's levens rampwoestyn.
 Gy, gy behoeft niet meer te vrezen,
 Gy zyt by de engelenschaar.
 Ik, ik zal weldra by u wezen —
 Myn hart wordt dat gewaar.”

As 'n digterlike uiting het hierdie reëls geen waarde nie, maar as 'n uiting van diepe menslikheid des te meer. Inderdaad die ou man se geslae gees het hierdie verlies nie weer te bowe gekom nie. Presies 'n jaar daarna is hy oorlede en begrawe in die grafkelder van sy goeie vriende die THERONS.

Maar om terug te keer tot die kindergeselskap.

Eers verskyn onder 19 Augustus 1825¹⁾ die volgende berig:

„Door het thans opgerigte Toneellievend Kindergezelschap *Tot Oefening en Smaak* zal met goedkeuring en bescherming van Zyne Excellentie de Gouverneur en Lady CHARLES SOMERSET, eene Representatie worden ten Tooneele gevoerd. De lyst der Intekening ligt in de Keeromstraat 4.

J. J. TREDOUX, de Jonge,
 Direkteur.”

Die begin is ongetwyfeld bemoedigend genoeg.

Op 23 Augustus kondig die *Chronicle* met genoeg die kindergeselskap van J. SUASSO DE LIMA aan²⁾, waarvan die Direkteur nege jaar oud is. Die rol van DE LIMA in verband met hierdie geselskap word duidelik.

Op 10 September³⁾ volg: *Het Dal van Almeria* (uit die Hoogduits, deur v. ESVELDT HOLTROP) en *De Verjaring*⁴⁾, beide Tsp. in 1 Bed., en *De Nachtwacht* (KÖRNER), Bs. in 2 Bed. Kort stukkies almal. „Het tooneel zal door de Afrikaansche jeugd en het orchest door Afrikaansche Liefhebbers bezet worden.”

Hierdie kindertoneel het uit die staanspoor strenge afkeuring ondervind weëns die beweerde verderflike invloed wat dit op die jonge gemoedere sou hê, die eerste afkeuring van toneel van Hollandsche kant bekend⁵⁾.

SUASSO DE LIMA het die toneel natuurlik verdedig. Te lang was die lewe van die geselskap egter nie, waarby hierdie afkeuring, afkomstig van 'n toonaangewende blad, soos die

¹⁾ K. C.

²⁾ Vgl. bylae VIII. „Kinderkomedie” van de L. genoem.

³⁾ K. C. 2, 9 Sept. '25; *Ned. Z. A. Ts.* Dl. III, 1826, bls. 21.

⁴⁾ Miskien *Het Verjaringsfeest*, Bs. deur P. 't Hoen. ⁵⁾ Sien bls. 343.

Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift seker van groot invloed sal gewees het.

Uit die begin van 1826 is nog èen voorstelling bekend. Dan verdwyn die geselskap.

Hieraan voorafgaande versoek die geselskap te leen „*De Vriend der Kinderen* (Mme DE GENLIS) (8 deelen).”¹⁾ Op 8 April²⁾ volg: *De Regter*, Tsp. in 3 Bed. naar die Frans van mev. DE GENLIS, „voor dit Kindergezelschap vertaald”, en *Die een Kuil graaft voor een ander valt er gemeenlyk zelfs in*; tenslotte volg *De Moedwillige Jongen*³⁾.

Om afkeurende kritiek te voorkom word bygevoeg „Alle deze stukken zyn voor kinderen geschikt en wekken de goede zeden op... Het orkest zal door Liethebbers bezet worden.”

Die skouburg waarin gespeel word, word nie gemeld nie. Vermoedelik was dit die Liefhebbery Toneel, soos in die geval van *T. N. en V.*, *D. Y. V.* e.a. geselskappe. Intekenlyste bestaan; vreemdelingelootjies word afgegee. Verder het die geselskap nogal las van persone wat kosteloos wil binnedring of grote proewe besoek⁴⁾.

2. Kunst en Smaak.

Tien jaar (1835) na die vorige maak hierdie kindergeselskap sy verskyning, en voer 'n korte maar vrugbare bestaan. Hierdie keer skyn die LOTZ famielie daaragter te sit, in besonder J. W. LOTZ⁵⁾, waarskynlik die steun van N. J. LOTZ, bekend in verband met *Honi Soit*⁶⁾. Slegs eenkeer kom DE LIMA daarby te pas. Hij maak 'n tooneelstukkie vir die geselskap wat nogal teenstand ontmoet⁷⁾. Die geselskap voer nagenoeg om die maand nuwe stukke op, maar gee daarnaas talryke weeropvoerings, en moes reeds bestaan het voor ons daarmee kennis maak. Immers die eerste bekende voorstelling is 'n weeropvoering.

„Op a.s. Dinsdag den 30 dezer (Junie) zal door het Jeugdig Minor Hollandsche Tooneelgezelschap *Kunst en Smaak*, op speciaal verzoek, ten tweede male worden vertoond, *De Kluzenaar op Formentera* (KOTZEBUE), gevolg van *De Twee*

¹⁾ *Chron.* 17 Jan. 1826.

²⁾ *K. C.* 7 Apr. '26; *Chron.* 28 Maart, 4 April '26.

³⁾ Vgl. bls. 79.

⁴⁾ Sien bls. 366.

⁵⁾ Hy moet dieselfde wees as Johannes Lotz, drukker, 45 Buitengracht (*Alm.* 1840), en J. W. Lotz „compositor garden Hoop” (1844); verder drukker en mede-eienaar van die *Z. A.* in 1853. Miskien was hy ook hierdie tyd aan die *Z. A.* verbonde. Vandaar dat die lootjies aldaar te kry is; vandaar die bemoedigende kritiek in die *Z. A.* (sien bls. 273).

⁶⁾ Sien Tabel E e. v.

⁷⁾ Sien bls. 271.

Jagers en het Melkmeisje (ANSEAUME). De lyst ligt ter teekening en lootjes zullen op den vertoondag te bekomen zyn by

J. W. LOTZ, Secr. 1)
16, Breestraat 2).

Op 1 Augustus 3) volg in die Liefhebbery Toneel, blykbaar ook verder, *De Schaking uit het Serail* (BRETZNER, vertaal deur BRENDER à BRANDIS), Tsp. in 4 Bed., „Met nieuwe Kleeding en Decoratien,” en die „welbekende” Bs. in 2 Bed. *'t Zal laat Worden* (MEYER). „N.B. Een Muzyk Gezelschap zal vriendelyk assisteren.”

Vervolgens vind plaas op

12 September 4): *Claudine* (v. D. WILLIGEN), Tsp. in 3 Bed. en *De Hoefsmid* (QUÉTANT, vertaal deur MENKEMA).

19 September 5): *De Hoefsmid*, Ks. in 2 Bed. (herhaal dus), *De Twee Jagers* ens. (ANSEAUME), Ks. in 1 Bed., en tenslotte *'t Zal Laat Worden*, Ks., almal met sang.

24 Oktober 6): *Incle en Yariko* (COLMAN JR.), Tsp. in 3 Bed. (uit Engels vertaal.— F. B.), en *De Dronkaard*, Ks. van KOTZEBUE 7).

30 Oktober 8): Weeropvoering van die voorafgaande stukke.

Reeds 16 Oktober 9) voorlopig aangekondig, vind op 21 November 10) plaas: *Aballino Junior, of De Kleine Bandiet*, „kluchtig treurspel in 3 Bed., door eenen Amateur”, en *Monsieur Tonson* (MONCRIEFFE), Ks. in 2 Bed. „uit het Engelsch vertaald door den Heer B. J. VAN DE SANDT” 11).

Aballino het 'n verder aanbeveling: „Voor eenigen tyd geleden 12) het Trs. *Aballino, De Groote Bandiet* (ZSCHOKKE), vertoond zynde, zoo zal... het tegenovergestelde worden vertoond, genoemd *Aballino Junior*” ens.

Die voorstelling vind plaas in „de Stads Schouwburg 13)”; anders is die gewoonte in die Liefhebbery Toneel 14).

By hierdie geleentheid het N. J. LOTZ, Breestraat 16, en P. LEY, saam met die *Zuid-Afrikaan* (J. W. LOTZ) 15), die lootjes ens. in hande.

Intussen lok die aangekondigde voorstellinge twee uitvoerige briewe in die *Commercial Advertiser* van 14 November uit. Die eerste is ongedateer en trek te velde teen *Aballino Junior* onder opskrif „De Schouwburg. — ‘Everything a man pleases

1) *Z. A.* 26 Jun. '35.

2) *Z. A.* 31 Jul. '35; *G. G.* 31 Jul. '35.

3) *Sien* vtn. (2).

4) *C. Adv.* 12 Sept. '35.

5) *Z. A.* 18 Sept. '35.

6) *Z. A.* 16 Okt.; 23 Okt. '35. Na uitstel van 17 Sept.

7) *Sien* bls. 279.

8) *Z. A.* 30 Okt. '35.

9) *Z. A.* 16 Okt. '35.

10) *C. Adv.* 21 Nov. '35; *Z. A.* 20 Nov. '35.

11) *Sien* bls. 249.

12) *Sien* bls. 334.

13) *Z. A.* 16 Okt. '35.

14) Vgl. bls. 270, 272, 373. Of 'n ander private lokaal.

15) *Sien* bls. 270, vtn. 5.

to be offended with is a libel' — Johnson's Definition of a Libel."

In verband met *Aballino Junior* wil die skrywer „het Kaapsch publiek voor *misleiding* behoeden, het publiek van Zuid-Afrika met den aard van het stuk en het onderwerp waarop hetzelfde zinspeelt bekend maken”.

Hy beskrywe die groot sukses wat *Vlyt en Kunst* 'n tyd gelede gehad het met *Aballino, De Grootte Bandiet*¹⁾ (ZSCHOKKE), waarby die benyders nie ontbreek het nie. Hul opset om foute te vind het egter nie geluk nie, waardeur hul naar ander middele moet gryp om die hoë reputasie van *V. en K.* te belaag.

„Een klein, spytig, alombekend *Peruaansch Foodje*²⁾ deed zich op, om dit stuk, genaamd *Aballino Junior*, ter wêreld te zenden, en overreedde een party *onnozele* kinders dit prulskrift op het groot tooneel³⁾ ten uitvoer te brengen!! Ik behoef geene aanmerkingen over den aard van het stuk te maken, want een ieder die den schryver kent, weet zyne talenten, en uitmuntende smaak, en het is maar al te waar, „Een kwade boom kan geen goede vruchten te voorschyn brengen”.

Hy wil dus die kinders van *K. en S.* aanraai „hun *lesboek* in hand te nemen en braaf te leeren wat goed of kwaad is, voor zy trachten den eenen te vermaken door een anderen te benadeelen. Het publiek oordeele voor zich zelf, want indien men de jeugd tot zulks wil aansporen, of zulke wanbedryven goedkeuren, wat kunnen wy van hen in meer gevorderde jaren verlangen? — Een zesjarig Intekenaar en Vriend der Jeugd.”

Die tweede brief is gedateer 2 November, prys *Aballino Junior* aan, en is onderteken deur “Een Intekenaar”.

Die skrywer het die “welvaren onzer Kaapsche Jeugd ter harte”. Daar hy veel lof gehoor het van *K. en S.*, het hy deur nuuskierigheid intekenaar geword van die geselskap. Sy eerste bywoning van 'n voorstelling, die van 24 Oktober, was 'n teleurstelling. As rede is hiervoor opgegee dat die jonge Amateur wat beide “Incle” en die “Dronkaard” moes speel, siek⁴⁾ was. “Echter hield een ieder zich tevreden”.

Toe volg die weeropvoering op 31 Oktober, waarvoor die intekenaars gratis toegangskaartjies verskaf is, aangesien die geselskap self nie tevrede met die vorige opvoering was nie. “Welk eene edelmoedigheid heerscht er niet onder dit gezelschap!!!”

1) Sien bls. 334.

2) 'n Sinspeling op die naam van Suasso de Lima. Vgl. *Clasius* bls. 326.

3) Hierdie keer word in die „Stadsschouwburg” gespeel, sien bls. 271 e.v.

4) Waarskynlik F. Langerman, sien ook bls. 273.

“Ik begaf my dien avond naar hun Schouwburg 1), en de vertoning werd met zooveel bekwaamheid ten uitvoer gebragt, dat een ieder zich verblydde ooggetuige daarvan te zyn geweest.

Aldaar werd ook aangekondigd dat het Gezelschap in de Stads Schouwburg 2)” vervolgens *Aballino Junior* ens. sou opvoer. Die skrywer dring by die Kaapse publiek daarop aan “eene edele daad van ondersteuning” aan die geselskap te bewys. Daarvoor sal hul “rype voldoening” geniet, „zul-lende dit Gezelschap als dan ook niet dralen, hunne uiterste vlyt aan te wenden om . . . vermaak, vreugd en leerzaamheid (te bevorderen), als zynde dit ook een spiegel waarin elk mens zyne gebreken zien kan, en . . . de middelen aan de hand gegeven worden, om dezelve te heelen.

‘Komt landgenoten al te zamen,
Laat ons deze plan beramen,
En laten w’hen ook betoonen,
Hun vlyt met milde gunst te kroonen.
Denkt dat een weldaad aan de jeugd
Ons strekken zal tot zielenvreugd’ ”.

Na hierdie voor en teen vir die voorstelling, hoe het dit tenslotte daarmee afgeloop? “Beter”, sê die *Zuid-Afrikaan* 3), “dan men van een Jeugdig Liefhebbery Gezelschap, voor de eerste maal in het openbaar spelende . . . (in het groote Komediehuis) zoude hebben kunnen verwachten.

De Jongeheer F. LANGERMAN 4) heeft de moeyelyke rol van *Aballino* tamelyk wel uitgevoerd; maar die van M. Morbleu was uitmuntend. Wy hebben daarin weinig of niets te verbeterer gevonden. Zoo heeft ook de Jongeheer J. STEGMAN(N), de beide rollen van GRIMALDI in *Aballino*, en TOM KING in *M. Tonson*, zeer wel gespeeld”. Natuurlik ook die ander verdien seker die lof “dat zy over het algemeen redelyk wel hebben gespeeld”. Die publiek word aangemoedig om die geselskap te steun as hul in die a. s. winter weer speel, en as hul sorg om dit ewegoed te doen.

“Jammer dat . . . zoo weinig gezelschap tegenwoordig was, het geen wy gelooven dat grootelyks aan de sterke Zuid-Oostewind moet toegeschreven worden; bovendien is de korte zomeravond ongeschikt voor Komediëavond”.

Laat die geselskap hom ewenwel nie ontmoedig nie, maar voorberei om in die a. s. winter weer op te voer. “Waarschynlik zeer aangenaam” vir die publiek sou dit wees

1) Eie lokaal, sien verder L. T.? 2) Vgl. vtn. 4), vorige bls. 3) 27 Nov. '35.
4) Waarskynlik die „ster” speler; die sieke by die voorlaaste voorstelling.

as met die ander geselskappe, *T. N.* en *V. en K.* ooreengekom kan word om beurt om beurt te speel, "Daar allen liefhebbers zyn, heeft men geene reden om voor tweedragt (dat monster dat tegenwoordig onder ons de orde van den dag is ¹⁾ . . . te vreezen. Zy hebben allen zonder onderscheid den dank by het publiek verdiend van aan hetzelfde eenige genoeglyke avonden te hebben willen bewyzen. Et voluisse sat, A. Z."

Daartoe "verzocht zynde" word inderdaad 'n weeropvoering aangekondig, as binne 8 dae genoegsaam intekenaars hulself by N. J. Lotz opgee ²⁾. Of die plan verwesenlik is weet ek nie.

Uit 1836 is nog een voorstelling bekend. Op 10 Junie ³⁾ vind plaas die "beroemde" Tsp. *De Struikroovers van Kalabrien, of De Onwellige Wildernis* (LOAISEL TRÉOGATE), en die welbekende Ks., met sang, *De Hoefsmid* (QUÉTANT, vertaal deur MENKEMA Jr.).

Hierna verneem ons nie meer van kindergeselskappe nie.

f. Honi Soit Qui Mal Y Pense.

Dit staan vas dat voor 1823 BONIFACE soos gewoonlik bedrywig was op gebied van toneel ⁴⁾. Eers in hierdie jaar egter vond ons definitiewe vermelding. Dit word die tydperk waarin *Honi* sy langdurigste en beroemdste ⁵⁾ bestaan voer. So'n suiwere roem as die van *Tot Nut en Vermaak* sal dit ewenwel nie gewees het nie; miskien ook iets van die spreekwoordelike berugtheid gehad het. BONIFACE het sy persoonlike (b.v. met DE LIMA) en politieke vete (b.v. met die „filantropie" aan die Kaap) grotendeels as dramaturg uitgeveg. Daardeur het sy optrede groot momentele betekenis gekry. 'n Ander vraag bly dit hoeveel van sy werk duursame waarde besit. Gelukkig kan ons sê dat BONIFACE se sug om te hekel en te spot oor die algemeen werk van groot kultuur-historiese waarde opgelewer het. Werk van literêre waarde (vir sover bekend tenminste) kry ons maar 'n enkele maal. Maar dan is dit werk van wesenlike waarde.

Ook toon BONIFACE homself die opportunist. Om die Engelse in die gevlei te kom, speel hy soms Engelse stukke. Natuurlik was daar versagtende omstandighede. BONIFACE was taalmeester, en het geen geldelike bed van rose gehad nie. Bowendien het die anti-Engelse gevoel eers in die dertiger

¹⁾ Op *V. en K.* bedoel? Sou Boniface e. a. geldelike voordele daaruit gehad het? Sien bls. 334 e. v.

²⁾ *Z. A.* 27 Mei '35.

³⁾ *Z. A.* 13 Mei, 10 Jun. '36. Na eerste aankondiging in Mei in loop deser maand.

⁴⁾ Sien verder.

⁵⁾ Sien bls. 122.

jare deur slawe e.a. kwessies regtig hoog begin loop. As dit die geval word toon Boniface homself weer ware „Zuid-Afrikaan”.

Boniface maak in 1823 opnuut sy verskyning met die volgende advertensie ¹⁾:

„AFRIKAANSCHË SCHOUWBURG. — Aangezien er thans twee Hollandsche Tooneellievende Gezelschappen zyn, vindt de Ondergeteekende zich genoodzaakt ter voorkoming van alle misverstand (nogal nodig by BONIFACE — F. B.) het Publiek te verwittigen, dat het Gezelschap welke hy de eer heeft te dirigeren, en dat van *Tot Nut en Vermaak* twee afzonderlyke Gezelschappen uitmaken; en dat de Intekeningslyst van het eerstgen. van heden af, niet meer rondgebragt zal worden, maar by den Heer J. A. ROUVIÈRE, Houtstraat 33, tot den 15 Maart ter intekening gereed zal liggen, zullende op dien dag de eerste vertooning reeds plaats hebben.

C. BONIFACE,

(Directeur der Hollandsche en Fransche Gezelschappen, beide spelende onder de Motto: *Honi soit qui mal y pense.*)

Hieruit blyk m.i. duidelik dat die geselskap voor 1823 weer bestaan het. In die tweekoppige aanduiding van die geselskap kan 'n stukkie geskiedenis opgeslote lê. Dit kan slaan op 'n samesmelting van *Men doet wat men kan* ²⁾ en *Honi*. Of sou dit terug te bring wees tot BONIFACE se Franse afkoms en taalmeesterskap? Origens word die aanduiding „Fransch” weggelaat en tereg. Alleen eenkeer, in 1824 ³⁾, speel die geselskap 'n Franse stuk. Dit is 'n kort stuk en word stellig deur BONIFACE se leerlinge gespeel. ROUVIÈRE bly BONIFACE se troue wapenbroeder ⁴⁾

Reeds by hierdie geleentheid kry ons 'n voorproef van wat dikwels sal gebeur. Die geselskap beloof ⁵⁾ meer as wat hy kan uitvoer. Veral sondig hy wat betref die aangekondigde tyd.

Hierdie eerste voorstelling vind eers 20 Maart plaas met *Het Geweten*, ens. naar IFFLAND (vertaal deur STEENBERGEN v. GOOR), en *De Keukenhelden* (naar die Frans, skrywer onbekend), Ks. in 1 Bed., en „op Rym”.

Van die stukke word gesê dat die intekenare wat die eerste stuk graag in Engels ⁶⁾ wil lees, „worden gerefereerd

¹⁾ K. C. 1 Maart '23.

²⁾ Sien bls. 133.

³⁾ Sien bls. 279.

⁴⁾ Vgl. bls. 129, 298.

⁵⁾ K. C. 15 Maart '23.

⁶⁾ Sou die doel van die inligting gewees het om Engelse besoekers op hoogte van die stuk te bring, of Hollandssprekendes te help om Engels te leer? Vgl. bls. 55. Verengelsing.

aan den *German Theatre*, waarin zy hetzelfde zullen vinden onder den Titel van *Conscience*; en aangaande het nastukje allen worden verzocht om zich met VOLTAIRE'S *Tancrede* bekend te maken dewyl het eene Parodie daarvan is."

Die geselskap geniet die goedkeuring en patronasie van die Goewerneur hier en verder, en speel in die Afrikaanse Skouburg, gewoonlik Saterdag.

Vervolgens vra BONIFACE ¹⁾ — ewenas so dikwels *T. N. en V.* ²⁾ — „te koop of te leen van zyn ofhun Edele" die stukke: "*Rinaldo Rinaldini* (VULPIUS?), — *De Roovers*, van SCHILLER, — *Verzoening en Rust* (Graaf von SODEN), — *Ubaldo, of De Dood van Rolla* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), — *Komplimenten en Wind* (BRETZNER), — en *De Vrolyke Luim* (ARRESTO)".

Op 19 April ³⁾ kondig BONIFACE die tweede voorstelling aan vir 17 Mei. Hy betuig tegelykertyd sy dank aan die verskillende here wat hom met die gevraagde toneelstukke verplig het. „Deze heuschheid" spoor hom aan om nog die onlangs verskene klugspel, tenminste as 'n goeie vertaling daarvan aan die Kaap te kry is, te vra, n.l. *Bêtise sur Bêtise, ou Les Pointes de François Guillaume*, M. DARGENCOURS.

By die tweede voorstelling word gespeel: *Verzoening en Rust*, 'n vervolg op KOTZEBUE se *Menschenhaat en Berouw*, Tsp. in 5 Bed., naar die Hoogduits van Graaf von SODEN, en *De Belachelyke Zelfmoord* (MARTAINVILLE), Bs. in 1 Bed.

BONIFACE se voorliefde om spektakelstukke van groot en moeilike aard op te voer, sonder dat die stukke altyd te vlot van stapel loop, kom spoedig voor die dag. Onder 7 Junie kondig hy aan die intekenlys vir *Rinaldo Rinaldini* (VULPIUS?) en nog twee ander voorstellinge. Die loges is reeds vol. Die spoed waarmee dit gebeur het „doet nu den Directeur hopen, dat hy teen den bepaalden tyd in staat zal zyn om dit groot, prachtig en zoo zeer na verlangd Tooneelstuk (*Rinaldo*) te zullen vertoonen. (Grand Spectacle of *Rinaldo*). De Intekenaars zullen zich als dan kunnen overtuigen dat hy niets verzuimd heeft, om aan deze vertooning, (zooveel als zulks hier doenlyk is) den glans by te zetten, welke dezelve vereischt, en hy vleit zich, wanneer de kunstenaars (artists) in alle vakken, die hem daartoe zullen assisteren, hunne talenten willen gebruiken, dat hy aan het Kaapsche Publiek *een tooneel* zal vertoonen, zooals tot dus verre nog nooit in Afrika gezien wierd."

BONIFACE se energie, goeie bedoelinge en ondernemingsin val nie te loën nie. Van 'n leie dak het dit egter met die

¹⁾ K. C. 29 Maart '23,

²⁾ Sien bls. 234, 236.

³⁾ K. C. '23.

opvoering nie gegaan nie. Onder 19 Julie, *Kaapsche Courant*, word berig dat nie alleen die „zwaare toebereidselen” nie, maar ook die „zeer ongunstig weer”, die voorstelling verdraag het. Maar „heden” sal die dag van vertoning „met eenige zekerheid” bepaal en bekend gemaak word.

Te koop word gevra „36 oude sabels, teen een redelyke prys”. Wel ’n bewys van die uitvoerige kostumering.

Tenslotte op 23 Augustus¹⁾ vind *Rinaldo* (VULPIUS?) plaas: „groot Melodrama in 5 Bed., getrokken naar het Hoogduitsch uit de bekende Geschiedenis van dezen naam: gemengd met Zang, Dansen en Militaire Manoeuvres.

De Directie niets gespaard hebbende om dit groot stuk met de vereischte pracht te vertoonen, zoo zyn Costumes en Decoratiën gansch nieuw, en naar een byzonderen smaak, waarvan de Afrikaansche Schouwburg tot heden nog geen voorbeeld geleverd heeft”.

Die pryse moet geweldig gewees het. Alleen reeds „Staande en Vreemdelingsbiljetten” kos 7 Rds., nominaal 28/-; in werklikheid ongeveer 10/6.

Hierdie opvoering was nie in alle opsigte ’n sukses nie. Op 30 Augustus²⁾ betuig die Direksie „haar opregt hartenleed voor de onverwachte (en de Amateurs zelfs vervelende) talmery (delay) waarmede de Representatie... is afgeloopen; doch verzekert... tevens, dat zulks aan de onervarenheid der werklieden, die zich te voren met... de veelvuldige Decoratiën niet genoeg geëxceed hadden, alleen is toe te schryven”. By die volgende opvoering van die stuk op 13 September sal dit seker verhelp word, tenminste as daar genoeg intekening is om die „kostbaar stuk” te laat deurgaan.

Die weeropvoering vind inderdaad plaas³⁾. Dit pleit vir die sukses van die eerste opvoering in ander opsigte. „Opdat de (2de) Vertooning op eenen behoorlyke tyd mogte eindigen” word ’n half uur vroeër begin.

Op Maandag 6 Oktober⁴⁾ volg *De Dolzinnige, of De Gewaande Dolleman*, „Bs. in 1 Bed. uit het Fransch van C. E. B. zynde alhier 3 malen achter een vertoond op den Franschen Schouwburg in het jaar 1807 onder den titel *L'Enragé*⁵⁾, — en thans vertaald door den Heer J. SUASSO DE LIMA”, en *Celina, of Het Kind des Geheims*, Tsp. in 3 Bed. uit die Frans van PIXÉRICOURT (vertaal deur ENGELMAN), „gemengd met dansen en zang; en eindigende met een *Ballet Pastoral*.” Die ballet was duidelik die grote gebeurtenis van die aand⁶⁾. Daar word in besonder van

¹⁾ K. C. 9, 16, 23 Aug. '23. ²⁾ K. C. '23. ³⁾ K. C. 6, 13 Sept. '23.

⁴⁾ K. C. 13, 27 Sept., 4 Okt. '23. Na uitstel van 4 Okt.

⁵⁾ Nie toe vermeld nie. Sien bls. 92. ⁶⁾ K. C. 13 Sept. '23.

vermeld: „De Direkteur durft den Heeren Intekenaren voorspellen dat zy zeer aangenaam verrast zullen worden, want nooit heeft men tot hiertoe meer smaak en sierlykheid aan den dag gelegd, dan de Heer J. L. PETERSEN by de compositie en directie van dit Herder Ballet”.

J. L. PETERSEN — 'n baanbreker en oubekende op hierdie gebied ¹⁾. En die ballet het sukses gehad ²⁾.

Interessant veral, met die oog op komende gebeurtenisse, is die samewerking tussen DE LIMA en BONIFACE. Miskien vind die latere sterke vyandskap juis hier sy oorsprong. Beide wil in besonder as literêre kunstenaars aangesien word. Tussen 'n oorspronklike werk en 'n vertaling daarvan kan allig vergelykinge getrek word!

Op 1 November volg ³⁾ *Komplimenten en Wind* (BRETZNER) ens., en tenslotte op 13 Desember ⁴⁾, op besondere versoek, 'n herhaling van *Celina* (PIXÉRICOURT, vertaal deur ENGELMAN) ens. met Herderballet, „welk ballet door de goedkeuring die hetzelfde by deszelfs Representatie heeft mogen genieten, verder geene aanprysing verdient”.

Die eerste voorstelling in 1824 vind plaas op 1 Mei ⁵⁾ met *Kabaal* ⁶⁾ en *Liefde*, Trs. in 5 Bed. uit die Hoogduits van SCHILLER.

Hiervan word gesê ⁷⁾ dat die stuk „niet met *zeer groot*, doch met een redelyk sukses vertoond geworden is. De decoratien waren zeer fraai, de costumes prachtig, en onder de verschillende karakters die de luidruchtige toejuichingen van den *schralen auditoire* hebben verkregen, heeft zich *Ferdinand* als een meester, en de *President*, en de *Hofmaarschalk*, als twee excellente leerlingen, van hunne rollen gekweten. *Louise* ontbrak het niet aan gevoel, maar slechts nu-en-dan aan kracht” teenoor 'n menigte wat hom soms „eer door *onnatuurlyk geschreeuw* en wilde, razende gebaren, dan door eene *zachte stem*, en *simpele gestes* laat overmeesteren. *Lady Milford* heeft ons een tydlang ook zeer wel bevallen, — jammer slechts dat wy op 't laatst iets *mannelyks* aan haar ontwaard hebben dat haar (anders bekoorlyk) exterieur, eenigszins ontsierd heeft”. Origens verdien die liefhebbers alleen alle dank vir hul moeite om vermaak te verskaaf. Evenwel sou die krietikus die Direksie graag wil afraai om „zulke lange en vermoeyende treurspellen (vooral) als die van SCHILLER, op dit klein tooneel te voeren”. In die oorspronklike mag SCHILLER baie genoeg aan sy lesers gee, in Hollands het „zyn styl

¹⁾ Sien bls. 68.

³⁾ K. C. 25 Okt. '23.

⁵⁾ K. C. 17, 24 Apr., 1 Mei '24.

⁶⁾ Die vertaling van Duits Kabale = kuiperij, met Holl. Kabaal = lawaai, is natuurlik absoluut mis.

²⁾ Sien bls. 278.

⁴⁾ K. C. 6, 13 Des. '23.

⁷⁾ C. Adv. 5 Mei, '24.

iets styfs, zyne verhalen iets omslachtigs en onverstaanbaars, en zyne uitdrukkingen iets vry en zelfs onkuis, — dat het gehoor van ons Kaapsch Publiek kwetst. En dat hy in alle gevalle (ten minste in de *Roovers* en in dit treurspel) somtyds te hoogdravend is, heeft aan het gedrag van eenige onzer jonge Beaux-esprits gebleken, die in 't midden van de krachtigste, ja ysschelykste verhalen, geschaterd hebben van 't lagchen". — Inderdaad bedenklik, maar sou met die oog op spelers en gehoor die skuld alleen aan die stuk gelê het? Die kritiek is eerlik en nie te mals nie.

Hiermee is die voorstellinge met net een groot stuk, wat BONIFACE sedert sy oplewing in sekere mate gekenmerk het, op 'n end. Die raad om lang vermoeiende treurspele te vermy skyn hy ter harte te geneem het.

Op 29 Mei¹⁾ volg *De Verwarde Schaking*, Bs. in 3 Bed. van KOTZEBUE, en die sangstukkie, in Frans, *Les Deux Chasseurs et la Laitière* (ANSEAUME), "opera comique en un acte" (Comic Opera), 'n oubekende uit 1803²⁾. Die stukkie het sukses gehad³⁾.

Hierdie twee voorstellinge het 'n eerste⁴⁾ intekeningslys gehad. Ook by *T. N. en V.* was hierdie soort intekening toe die gewoonte⁵⁾. 'n Twede intekening⁶⁾ volg vir twee voorstellinge, waarvan die eerste plaasvind op Dinsdag 29 Junie⁷⁾ met: „Het *Geschiedkundig en nog nooit hier vertoond* tooneelstuk *Hugo ae Groot*," Tsp. in 4 Bed. van KOTZEBUE „met de toevereischte nieuwe Decoratien en in de Kledingen der 17 eeuw", en *De Dronkaart*, Ks. in 2 Bed. eweneens deur KOTZEBUE. Prysvermindering word aangekondig „opdat elk die in dit Nationale stuk belang neemt (BONIFACE se Hollands laat meermale iets te wense oor — F. B.) in staat gesteld zy, de vertooning daarvan te kunnen bywonen".

Ons het meer die sterke neiging van BONIFACE gesien „to let every advertisement⁸⁾ tell a story". Meestal is dit 'n hele verhaal tot aanprysing van die stukke, soms tot regpraat van wat voorheen krom was. Vir die res van die jaar is die verhouding andersom. Byna elke aankondiging dien om die vorige voorstelling reg te praat.

Daar vind plaas op 31 Julie⁹⁾: „*Jerome Pointu*, Bs. in 1 Bed. van D'ORVIGNY (DORVIGNY), en *De Barbier van Seville, of De Onnutte Voorzorg*, Bs. gemengd met zang in 4 Bed. uit het Frans

1) *K. C.* 22 Mei '24.; vgl. ook bls. 275.

2) Sien bls. 294.

3) Sien bls. 235.

4) *K. C.* 5, 12, 19, 26 Jun. — na uitstel van 26 Jun.

5) Met 'n variasie op die bekende uitdrukking.

6) Sien bls. 89.

7) *K. C.* 5 Jun. '24.

8) Sien vtn. 4).

9) *K. C.* 31 Jul. '24.

van BEAUMARCHAIS met deszelfs Overture, door den vermaarden ROSSINI; eene serenade voor fluit, Guitarre (BONIFACE se spesialiteit ¹⁾ — F. B.) en Basson door AMON; onder welke zal worden gezongen, ROSSINI's favorite Aria *Di Tanti Palpiti*, en de overige Zangmuziek door PAESIELLO".

Nog drie representasies vir die seisoen word aangekondig ²⁾ waarop intekenaars kan inteken „voor alle 3 of voor 2, of slechts voor een... naar verkiezing". — Dit klink naar handeldrywe!

By twee voorstellinge bly dit per slot van rekening. Die eerste vind plaas op 18 September ³⁾ met *De Oost-Indien Varer*, Tsp. in 4 Bed., uit die Hoogduits van ARRESTO (vertaal deur STEENBERGEN v. GOOR) en *De Verstrooiden*, Kl. Bs. van KOTZEBUE in 1 Bed. Hierby — apart nog van 'n besonder nadruklike waarskuwing oor misbruik van toegang by die deur ⁴⁾ — word berig, „De Heeren Intekenaren kunnen zich ditmaal verzekerd houden dat (schoon men hen den noodigen tyd zal vergunnen om zich ververschingen te laten toedienen) deze en de volgende Representatie van dit Gezelschap op een decent (reasonable) uur zullen eindigen". Laat ophou bly dus 'n klagte ⁵⁾.

Die tweede voorstelling word vir 23 Oktober ⁶⁾ aangekondig met *De Echtgenoot Kluzenaar*, Tsp. in 1 Bed. deur KOTZEBUE, en *Tot Middernacht, of List tegen List*, Bs. in 3 Bed. uit die Frans van DUMANIANT (in vertaling van RULOFFS of MAAS). „Een stuk waarvan het oorspronkelyke bekend is onder den titel van *Guerre-Ouverte, ou Ruse contre Ruse*; en in het Engelsch *The Midnight Hour* (vertaal deur Mrs. INCHBALD), — waarin men buiten het origineel lied nog een nieuw heeft bygevoegd met Guitarre-accompagnement genaamd *La Tempête*". Hierin kan ons BONIFACE se musikale bekwaamhede herken. „N.B. De Amateurs die tot nog toe verzuimd hebben om hunne *costumes* aan de Direkte van dit Gezelschap terug te zenden, worden voor het laatste vriendelyk verzocht, om zulks voor den 13 der a.s. maand November te willen doen, zullende na dien tyd geen consideratie meer voor de nalatigen worden gebruikt (in order to prevent legal measures being adopted)". Dinge moes al ver geloop het!

Sou hierdie onaangename „versoek" aan die adres van die amateurs, die „onvoorziene toeval" veroorsaak het, wat maak dat tenslotte eers op 13 November ⁷⁾ die voorstelling „zeker"

¹⁾ K. C. 24, 31 Jul. '24; sien ook bls. 121.

²⁾ K. C. 31 Jul., 28 Aug., '24 e. v.

⁴⁾ Sien bls. 336.

⁶⁾ K. C. 16, 23 Okt., '24.

³⁾ K. C. 28 Aug., 4, 11, 18 Sept.'24.

⁵⁾ Sien bls. 277.

⁷⁾ K. C. 6, 13 Nov. '24.

plaasvind, en dat dit tegelykertyd heet „de laatste... voor dit jaar”?

Die jaar 1825 kenmerk homself deur oorspronklike werk van BONIFACE en van openlik laaiende vyandskap met DE LIMA

Eers gaan ander toneelbedrywigheid van BONIFACE vooraf.

Die jaar begin met 'n nuusberiggie van die *Chronicle* op 2 Maart¹⁾.

“It is understood, the indefatigable manager of... *Honi* intends opening this season with a Ballet, and a piece of MOLIÈRE. We are at all times happy to witness the performance of this company; but we beg particularly to recommend more attention to the hours of performance. The audience of late have felt great inconvenience and disappointment in this respect”.

Op 16 Maart²⁾ volg 'n „uitnodiging” waarin „tot het uitvoeren van het kluchtig Ballet, *De Burger Edelman* (MOLIÈRE) een getal van niet minder dan 24 dansers” gevra word. Here liefhebbers wat die geselskap soos voorheen „met hun talent in die kunst” wil assisteer, kan op 'n lys by ROUVIÈRE inteken.

Opmerklik is dat die geselskap hier en voortaan gewoonlik heet “Het Zuid-Afrikaansche Tooneel Gezelschap (S. A. Amateur Company)” ens., en reeds in 1825 Engelse stukke speel; in 1827 selfs uitsluitlik.

Die verengelsingspoginge van lord Ch. SOMERSET vind 'n duidelike weerkaatsing in hierdie opportunistiese handelwyse van BONIFACE³⁾.

Onder 13 April⁴⁾ word kennis gegee dat „het lezen en uitdeelen der rollen van den *Burger Edelman* (MOLIÈRE)... op a.s. Zaterdag om 5 uur des namiddags (Houtstr. 33) plaats zal hebben”. ROUVIÈRE bly die troue bondgenoot van BONIFACE.

Op 28 Mei⁵⁾ vind die voorstelling plaas. Die stuk word aangekondig as 'n „Kluchtspel (a musical piece) in 5 Bed. Gemengd met zang en dans en eindigende met een klein ballet, door kinderen uitgevoerd. (Dit stuk is een vrye vertaling uit het Fransch van MOLIÈRE'S *Bourgeois Gentilhomme*”), deur „C. E. BONIFACE, Directeur en Medespelend-lid des Zuid-Afrikaansch Tooneellievend Gezelschap onder de motto: *Honi*” ens.⁶⁾ Wat die tyd van aanvang betref „daar kan men staat op maken”. Tot slot volg 'n strenge waarskuwing aan jonge here wat hul intekengelde nog nie betaal het nie⁷⁾.

Van hierdie voorstelling moet 'n handbiljet bestaan⁸⁾. Die rolbesetting van die stuk was as volg:

¹⁾ 1825.

²⁾ *Chron.* '25.

³⁾ Sien bls. 274.

⁴⁾ *Chron.*

⁵⁾ *K. C.* 21, 28 Mei '25.

⁶⁾ Sien bls. 283, 330—331.

⁷⁾ Sien bls. 366.

⁸⁾ Sekere W. R. Morrison vermeld in die *C. Times* van 23 Okt. 1920 dat dit in sy besit is en druk die inhoud af, waarvan ek hier gebruik maak.

„De Heer Jordaan, Burger	C. E. BONIFACE.
Mevr. Jordaan	J. SMALBERG.
Lucille, zyne dochter . . de jongejuvr.	L. E. MEURANT.
Cleontes, haar Minnaar	P. BIEL.
Dorimène de jongejuvr.	C. ROSELT.
Dorante	B. VAN DE SANDT.
Kaatje	L. H. MEURANT.
Klaas	F. WALDEK.
Fugomini	W. BRANDT.
Sauterico	DE LA SABLONNIÈRE ¹⁾ .
Maulini	A. DE WAAL.
Cabriolin	W. BURNET ²⁾ .
Spompadrille	R. S. ALLEMANN ³⁾ .
Pancratius	H. ROSELT.
Coupon	DE LA COLLINE.
Snydersjongens	K. DE KOCK, A. DE WAAL, J. DE KOCK, J. J. PITON.
Piet en Jan	J. TERHO(E)VEN, A. DE KOCK.
De Muphti	J. HERHOLDT.
Dansende Turken :	J. DE VILLIERS, K. DE KOCK, J. DE KOCK, J. J. PITON, W. BURNET, J. H. WAGNER.
Ballet Dansers :	P. H. THEUNISSEN, L. H. MEURANT, J. P. ROUVIÈRE, N. N. H. THEUNISSEN, J. M. HANCKE, A. M. TROMP, J. G. TREDoux, L. A. ROUVIÈRE, C. A. ROUVIÈRE, A. S. A. HANCKE, E. S. CAUVIN, W. A. TROMP, E. J. THEUNISSEN, E. A. GEYER, A. C. BRINK, S. M. BRINK.
Solo Dansers :	J. H. WAGNER en de jongejuvr. J. C. GEYER, E. A. SIEGRUHN."

Die opvoering, verneem ons, het plaasgevind ⁴⁾ „voor eene zeer aanzienlyke menigte van toehoorders. De Amateurs volbrachten hunne rollen met veel nauwkeurigheid, en het gebouw weergalmde meermalen van gelach en handgeklap". By die blyspel is „nauwlettendheid ongepast . . . en als wy een grys baard vonden die hetzelfde (die Bs. — F. B.) uitkreet, hebben wy ons altyd de woorden van *Bolingbroke* te binnen gebragt, 'dat ernsthaftigheid het kenmerk van bedrog is; en dat de ezel het ernsthaftigste dier, — de ernsthaftigste vogel, een uil, — de ernsthaftigste visch, een oester, — en de ernsthaftigste mensch een gek is'. Het binnenste van het gebouw is sedert voorleden winter veel verbeterd, en het Tooneel

¹⁾ In Hs. v. d. Sandt.

²⁾ In Hs. Brandt.

³⁾ In Hs. Stiglingh.

⁴⁾ *Chron.* 1 Jun. '25.

leverde eene zeer fraaye vertooning op. Zyne Excellentie de Gouverneur was niet tegenwoordig maar Hoogstdezelfs Loge werd vervuld door eenige Heeren ongetwyfeld gelast om die zoo lang als heilig beschouwde plaats te bekleeden. — (Van eenen Correspondent).” Die skrywer neem geen blad voor die mond nie, en gryp blykbaar die geleentheid aan om een en ander te roskam.

Was lady SOMERSET tog aanwesig by hierdie opvoering? Maar wat van die logebesetting? Of was daar 'n onbekende weeropvoering van die stuk? Immers die volgende verhaal — van 'n origens baie betroubare bron — bestaan in verband met 'n opvoering van *De Burger Edelman* in hierdie tyd ¹⁾.

GROOM het 'n informant wat lede van BONIFACE se geselskap in hierdie tyd noem ²⁾.

„I well remember says my authority... an official not 100 miles from Fort Beaufort, then a lad of 10 or 12 years, (t.w. L. H. MEURANT ³⁾ - F.B.) after performing the very difficult, female character of ‚Kaatje‘ in *De Burger Edelman* (a Dutch translation of MOLIÈRE'S *Le Bourgeois Gentilhomme* made expressly for *Honi* (etc.) by BONIFACE) being called for by Lady CHARLES SOMERSET into her box, and receiving a kiss from her ladyship amidst the thundering applause of the house”.

Die handskrif van hierdie vertaling bestaan nog ⁴⁾. Die vertaling is oor die geheel nougeset en sorgvuldig gedaan ⁵⁾. 'n Enkele maal veroorloof die vertaler hom ondergeskikte vryhede, wat selde afbreuk aan die oorspronklike doen en soms selfs verbeteringe is ⁶⁾.

¹⁾ Laidler, *Annals* ens... bls. 39 — gee en die verhaal en die tyd verkeerd weer. Reeds in Maart 1826 was lady Somerset vergoed naar Engeland vertrek. *Theal*, 1795—1834 (1891), bls. 278.

²⁾ *C. I. M.* Sept. 1899 bls. 479.

³⁾ In 1854 Magistraat van Katrivier (*Alm.* 1854), 1860 van Cradock. (*Gedenkboek R. Afrikns.* bls. 36). Veel van Groom is woordelik uit 'n Art. van hom (*Z. A.* 24 Feb. '68), en uit sy *Sixty Years Ago.* (1885). Hy het gereeld deelgeneem aan *Honi* ens., soos hier en elders. (Sien bls. 295 e.v.).

⁴⁾ In Jardine-versameling, Parlementsgebou, Kaapstad. Volgens MORRISON (sien bls. 281 vtn. ⁸⁾) is dit deur die firma „Books, Unlimited” van Kaapstad gevind. Die Hs. is 8^o. van 148 blss. en nooit uitgegee nie.

⁵⁾ Ek het vir vergelyking die *Oeuvres* van Molière, in die uitgawe van Despois et Mesnard, 1883, gebruik.

⁶⁾ B. v. bls. 8 (in Hs.) allerlei van „Bouten” en van „Schaapen” in; bls. 13 e. v., vrye vertaling van liedjies; bls. 29 logika as „cholica”; bls. 82 naar gelang van rang en stand word „hé” vertaal met „Wat blijft u”, van laer tot hoër, „Hè” andersom; bls. 86 du coté de St. Louis = van de groot mogul afkomstig; bls. 95 (?) vous vous fourrez dans la conversation = je steekt je bek overal immers in (versterkend); bls. 100 versag-tende vertaling; bls. 103 bonne compagnie = het gezelschap is klein en rein (verbetering?); bls. 133 je veux = ik wil en ordonneer, ens.

Die Nederlands is, behoudens enige Gallisismes¹⁾, Anglisismes²⁾ en enkele ondergeskikte taalfoutjies³⁾ werklik, bewonderenswaardig.

Die Afrikanderismes⁴⁾, deur die verhoogde lewendigheid en kleur wat dit aan die stuk in die oë van die Kaaps-Hollandse gehoor moes gee, verdien eerder aanbeveling as afkeuring. Swak of onjuiste vertalinge kom selde voor⁵⁾, daarenteen gelukkige aanpassinge⁶⁾.

Kortom BONIFACE verdien alle lof vir sy werk. Hy weet die gees van die oorspronklike goed te bewaar; hy laat sy karakters 'n soepele, lewende Hollands spreek.

Op 9 Julie⁷⁾ volg *Luim en Goedhartigheid*, Tsp. in 3 Bed. uit die Hoogduits van BINDSEIL, en *Het Misverstand, of Elk is een dief in zyne Nering* (vertaal deur v. D. VYVER), in 1 Bed. met sang.

Dan kom DE LIMA op die lappe. Onder 19 Julie⁸⁾ word die Amateurs van *Honi* ens. „vriendelyk uitgenoodigd om de lezing en uitdeeling der Rollen van... *De Vrouw met twee Mannen* (PIXÉRICOURT, vertaal deur v. RAY) en *Limaçon de Dichter* (BONIFACE) op 20 dezer... namiddags in het gewoon lokaal te komen bywoonen". Jongehere wat in die *Groot Ballet* wil meedans word versoek om hulself ten spoedigste te meld.

Op 20 Augustus⁹⁾ vind plaas *De Vrouw* ens., Tsp. in

1) B.v. bls. 18. statieuse; bls. 20 attakeeren; bls. 22 e.v. lagch in = spot met; bls. 30 ligchaamseigenschappen; bls. 88 van leelike gevolgen zyn (?) = à de facheux inconvenients; bls. 106 extra-ordinaire; bls. 110 superberder; bls. 112 confusioneert ens.

2) B.v. bls. 5 dresen (= kleden); bls. 75 consent.

3) B.v. in woord en uitdrukking: bls. 8 te binnen brengen i.p.v. te binnen te brengen; bls. 27 e.v. Juvenalius i.p.v. Juvenalis; bls. 40 e.v. zetten i.p.v. zitten; bls. 70 wedervaart i.p.v. wedervaren; bls. 73 vervangd i.p.v. vervangen; bls. 103 te aanmoedigen; bls. 109 een bezoek geven; bls. 116 twee om twee aankomen; bls. 126 gebeurenis; bls. 128 vergelukken i.p.v. gelukwensen; bls. 135 geene (i.p.v. niet) plaats hebben; bls. 137 zie my i.p.v. zie aan; bls. 138 daaraan i.p.v. daartoe. In spelling: bls. 50 eenvoudig; bls. 57 e.v. indedaad; bls. 93 onafhangelik; bls. 103 exkuus; e. a.

4) B.v. bls. 36 e.v. bocht!; bls. 39 gâar niet; bls. 60 twee en tachtig Rds.; bls. 74 postuur; bls. 86 edelmanschaplykigheid (die uitgange) = gentilhomme; bls. 91 kapabel; bls. 96 present (= geschenk); bls. 99 voor u inschenken; bls. 130 noye (= dame) e. v.

5) B.v. Swak: bls. 98 aanstootelyke geleerdheid = incongruites et barbarismes; bls. 99 genereus = galant homme ens.. Onjuis: bls. 6 schielik i.p.v. dadelik; bls. 82 je vais suivre ses pas = ik doe hem alles na (?). e. a.

6) B.v. bls. 42 e. v. Edele Heer = mon gentilhomme; WelEd. Heer = Monseigneur; Uwe Exc. = Votre Grandeur; Lordschap = L'Altesse; bls. 59 livre word gulden, en 460 gulden word 153 Kaapse Rds., 2 Skell. en 4 Stuiwers.

7) *K. C.* 25 Jun., 18 Jul., '25. Natuurlik na 'n uitstel van 2 Jul. *Chron.* 29 Jun. '25.

8) *Chron.*

9) *K. C.* 12, 19 Aug., '25; *Chron.* 15 Aug. '25.

3 Bed. uit die Frans van PIXÉRICOURT „met geheel nieuwe Decoratien, Kleeding, Muzyk, etc. In hetwelk twee nieuwe Quadrilles, zullen worden gedanst en eindigende met een fraaye Illuminatie en een groot finaal ballet van 48 figuren, meestendeels door kinderen uitgevoerd.

Hetzelve zal (uit hoofde van het ballet) voorafgegaan zyn door *Limaçon de Dichter* (BONIFACE), Bs. in 1 Bed.” In-tekening is alleen per twee (aparte)¹⁾ voorstellinge. „De zware kosten door dit Tooneelstuk veroorzaakt en de onzekerheid die men koestert of deszelfs succes groot genoeg zal zyn om het twee malen achtereen te vertoonen, heeft deze maatregel noodzakelyk gemaakt.

De gordyn zal presies om 7 uur opgaan; en daar het stuk en deszelfs ballet redelyk lang zyn, zoo wordt een ieder vriendelyk verzocht om zich deze bepaling van tyd ook ten nutte te maken”. Daar word gewaarsku teen „ongenoode gasten”²⁾.

Wat was presies die omstandighede wat tot hierdie hekeling van de LIMA gelei het³⁾? In 1823 werk hy immers nog met BONIFACE saam⁴⁾.

Om hierdie stryd, om die persone van die strydendes, om veel van die dramatiese lewe uit hierdie tyd en ook daarna goed te verstaan, is dit nodig om die saak goed na te gaan.

Op 27 Oktober '24 verskyn 'n gedig in die *Chronicle*, in 15 koeplette, deur „S. D. L.” onder tittel van *Ieder word't teleurgesteld*. By hierdie gedig het in besonder die angel in die stert gesit. Die laaste vers het gelui:

„Ja, zelfs het schouwtoneel der zeden,
Waar in de tyd ras heenen snelt,
Wil men tot zyn vermaak betreden
Doch *vindt* zich ook *te leur gesteld*.”

Hierdie versie — hoe onskuldig dit lyk — het 'n gevoelige plek van BONIFACE geraak n.l. sy talryke uitstelttinge van opvoeringe. Niks is pynliker as die waarheid nie. BONIFACE se reaksie hierop is sterk. Hy slaan terug, maar ons voel maar te duidelik: „Qui s'excuse, s'accuse.”

Ten eerste volg onmiddellik op die gedig in dieselfde uitgawe — blykbaar het die Redakteur BONIFACE ondertussen in kennis daarmee gestel — die volgende:

„In antwoord op dit *gerymd* of *ongerymd* stukje, ten minste op deszelfs *stroof* die het uitstellen⁵⁾ der Komodie ter bedoeling

1) Sien bls. 293.

4) Sien bls. 277.

2) Sien bls. 367.

5) Van 23 Okt. op 13 Nov. Sien bls. 280—281.

3) Sien bls. 269 e. v.

schynt te hebben, heeft de Direkteur van het Gezelschap, die den Rymer (want Dichter kan men de man niet noemen, die een' onzer Vaderlandsche Recensenten reeds over zyn *Mania*¹⁾ bestrafte), aanleiding gaf om weder op zyne veel te laag gestelde Lier te kratsen, slechts aan te merken, dat dit coupletje van zyn eigen maaksel, beslist ten eenen maal hoedanig men over het geheele stuk moet oordelen:

‘Een schryver hoopt dat men zyn schriften,
Met roem, en eer, en glans vermeld!
Maar ziet zich hekelend beschriften,
En is ook wis te leur gesteld!’ ”

Ook 'n offisiële verklaring verskyn omtrent die uitstel. Onder „Afrikaansche Schouwburg” word berig: „De Directie en de overige Amateurs van . . . *Honi* (ens.) met leedwezen vernomen hebbende, de teleurstelling van eenige hunner Intekenaars, wegens het plotselyk uitstellen²⁾ van den Vertooning, die op voorleden Zaterdag stond plaats te hebben; kunnen niet nalaten” om hul te verseker nie, dat toe smiddags om 3 uur, deur „een onvoorzien toeval” so'n besluit geneem is, „een' Bode met een Circulaire” aan alle abonnees in haas afgestuurd is om hul soveel moontlik van die opskorting te verwittig, en as iemand om 6 uur namiddag hiermee of met 'n briefie aan die deur van die Skouburg aangeplak, onbekend gebly het, dit aan tydsgebrek en nie aan versuim te danke was nie.

Die voorstelling sal begin a.s. maand plaasvind. „De Direkteur van dit Gezelschap die sedert het jaar 1809, altoos gewoon geweest is, zyn personeel belang aan het algemeen vermaak op te offeren, zal alweder trots zyn, te kunnen toonen, dat hem niets ter wereld heiliger is, dan het houden van zyne beloften en het volbrengen van zyne engagementen.”

Onder 3 November³⁾ moet BONIFACE nogmaals van hom laat hoor — 'n dreigende voorbode van wat DE LIMA op die toneel te wagte is:

„De Teleurstelling werd in dit weekblad op l.l. Woensdag zoo meesterlyk bezongen, dat een Liefhebber der Poëzy, zynde door het lezen van dat stuk geheel *te leur gesteld* geworden, biedt thans in eene dichterlyke geestdrift deze Fransche coupletten over hetzelfde onderwerp met hetzelfde aantal Stanzas, den auteur van het bovengemelde ter vertaling aan. *Riva bien, qui riva le dernier.*”

1) Sien Digbundel van de L. ens. bls. 258.

2) Sien bls. 285—286.

3) *Chron.* '24.

Que chez Momus, ou chez Thalie,
 Un peuple inconstant et bourn(r?)u,
 Désormais à la comedie
 N'ira que pour se voir *deçu*

I. BONCAFE."

Tenslotte berig die *Chronicle* onder 10 November:

„De storm die zich reeds lang heeft zaamgepakt, is eindelyk los gebroken, en reeds werkelyk hebben er vyandelykheden tusschen de Heeren BONCAFE en S. DE L. als vertegenwoordigers der Franschen en Hollanders plaats gehad." Die blad wil as bemiddelaar optree; en is dus vir verdere vyandelikhede geslote. Vir „bekendmakingen van een vrede-lievenden aard" is daar egter graag plek. „De tempel van JANUS is derhalve gesloten".

Onder 17 November¹⁾ verskyn 'n gediggie van „Philoteknus" uit Simonsbaai om weerwraak af te keur; vertroosting aan te raai in die steun van eerlike vriende; oordeelvelling van self skuldige mense af te keur. Sou dit 'n vermaning wees aan die adres van BONIFACE en DE LIMA?

In 1825 duur die stryd voort, heftig, persoonlik en langdurig, veral aan die kant van BONIFACE. DE LIMA is veel beheerster en minder persoonlik. Hy het minder toegeslaan as BONIFACE, maar raker. Bowendien het BONIFACE deur sy onbeheerste natuur en oordrywing, homself veel meer blootgestel. Daarenteen kon hy, behalwe wat betref DE LIMA se uiterlike verskyning en enkele ondergeskikte persoonlike eienaardighede, weinig vatplek aan DE LIMA kry.

BONIFACE wek eerder die indruk van 'n stampende, magteloos-woedende persoon, as 'n woeste, honende oorwinnaar, hoeseer hy as die laaste wil voorkom.

Onder 18 Mei 1825 verskyn 'n brief in die *Chronicle* van „Affront", wat later blyk BONIFACE te wees. Hy stel hom voor as 'n ongelukkige Kaapse perd en vra om plaatsing van 'n *Rekwes van een oud Paard aan zynen niet jongen Heer*. Hy spreek die aan as „Beroemde onvermoeyelyke Luchtschermster! ware Luchtbal! en (schoon niet transparant) doorluchtige Heer"! ens. Hy vra gehoor vir sy klagte en ontferming oor sy toestand. Hy is uitbestee by 'n vriend van sy meester wat „geen paarden verstand of verstand van paarden heeft", en hom geen ete gee nie omdat hy rusie met sy meester het. Hy gee die versekering dat hy niks met die herrie te maak het nie en dat „de dood van een onschuldig

¹⁾ *Chron.*

paard niets veranderen kan aan het ontwerp van twee harde menschenkoppen.

Ongelukkige doch steeds toegenege en
Dw. Paard,
AFFRONT.

P.S. Verzoekt om 'n beetje haver voor van avond!"

BONIFACE het dit hier weer met DE LIMA aan die stok — soos spoedig blyk. Naar die ware toedrag van sake kan ek in hierdie verband alleen gis.

Sedert 1 Februarie 1824 ¹⁾ was BONIFACE hoof van die pas-opgerigte skool van sekere D. VAN REENEN by Rondebosch. Vermoedelik het hy hierdie baantjie gekry deur voorspraak van DE LIMA, met wie hy in 1823 nog dik bevriend was ²⁾. Stellig het hy baie vriendskap van DE LIMA ontvang voor die uitbarsting teen die end van 1824. Hy het selfs onderdak van hom geniet ³⁾, en was miskien 'n assistent van hom. So word dit duidelik dat BONIFACE) van DE LIMA as sy "meester" kan praat, en dat ons in VAN REENEN die "vriend" ⁴⁾ van sy meester kan sien, by wie hy "uitbestee" is. Dat BONIFACE in die verdrukking sal kom as sy meester en sy meester se vriend met mekaar rusie maak is begryplik. Die "ete" waarom hy versoek sal agterstallige betaling gewees het. Met ons kennis van DE LIMA kan ons so'n toestand wel begryp.

Stellig was BONIFACE nie in sy skik met Rondebosch nie. Einde 1825 moes hy die spul daar opgegee het. Onder 6 Januarie 1826 ⁵⁾ vra hy assistente vir die Latynse skool aan die Kaap. Onder 7 Maart ⁶⁾ begroet hy op grappige wyse sy a. s. terugkeer metterwoon in die stad — hy het meer tyd ook vir lesse ⁷⁾. Op 25 April is hy daar "den Hemel zy dank" ⁸⁾.

Intussen bly die antwoord ⁹⁾ aan "Affront" natuurlik nie uit nie. *De Lyfheer van het Paard Affront* gee dit in vier

¹⁾ K. C. 10 Jan. '24. ²⁾ Sien bls. 278.

³⁾ Sien Bylae VII.

⁴⁾ Vir die volledigheid kan ek byvoeg dat Boniface op 21 Maart '26 (*Chron.*) 'n onbekende met rugbaarheid dreig as hy sy skuld nie betaal nie. Op 18 Apr. '26 (*Chron.*) blyk die persoon O. J. Truter te wees, wat hom 600 Rds. skuld vir Franse lesse. By hierdie geleentheid merk Bon. op dat hy Truter op hierdie manier aan die kaak wil stel, die regsak teen hom sal hy tog verloor. (Vermoedelik 'n insinuasie in verband met die feit dat Truter se vader, sir John Truter, hoofregter was.) Dat met Truter de L. se „vriend” kon bedoel wees lyk my uitgeslote. Apart van standsverskil kan van „uitbestee” weinig sprake wees. Bowendien lyk dit my te lang na „Affront” se brief.

⁵⁾ *Chron.* ⁶⁾ *Chron.* '26.

⁷⁾ Sy stadslesse was 'n gereelde ding, vgl. K. C. 6 Nov. '24.

⁸⁾ *Chron.* '26. ⁹⁾ *Chron.* 25 Mei '25.

verse onder die spreuk "Mala cuncta dicit, quisquis ingratum vocat". Hy spaar sy woorde oor die „ondankbaarheid” nie.

„Vervloekt gedrocht, uit 's afgronds kolken,
Door afgunst, smaad en nyd geteeld;
Gy monster-dier by alle wereld-volken,
Wie schetst wel immermeer uw valsch verfoey'lyk beeld?"

„Verachting” van die „veinzende gelaat” word uitgespreek. Deug en plig, waardering van weldaad, godsdienstige gevoel, eerlikheid, ontbreek natuurlik.

„Gy zyt een vuige hoop van alle lasteringen,
Die zwadder en vergift door long en adem spreidt;
Onteerster van den mensch, een ramp voor stervelingen,
Gy pest der maatschappy, gy heet ondankbaarheid!

Bien vous fasse¹⁾. 24 Mei.
Inimicus Ingratitudinis.”

Dis duidelik die skrywer was goed in die leer by BILDERDYK. Taal en styl is tiepies van DE LIMA; die inhoud word gedeeltelik letterlik deur hom kort daarna herhaal²⁾; ten oorevloede staaf verdere gebeurtenisse sy outeurskap. Origens is dit een van DE LIMA se heftigste uitvalle.

BONIFACE beantwoord — sy bloed kook natuurlik! — met die volgende³⁾:

„Mynheer de Redakteur!

Wees zoo vriendelik en insereer . . . het nevensgaande Laconique⁴⁾ antwoord.

Van Uwen ootmoedigen Dienaar

Affront.

Affront (een Paard) aan *Inimicus* (een ezel). *Nemo me Impune lacesset.* Heb meer geduld.

C. E. BONIFACE.”

Verder verskyn die volgende „Bekendmaking”, 'n berig van besondere belang, aangesien ons kan aanneem, dat die werke hierin genoem stellig geskryf is, hoewel waarskynlik nie uitgegee nie.

„De dichter I. (C?) BONIFACE, door de algemene ziekte aangetast zynde, is voornemens om binnen kort, zes extracten van zyne werken (Fransch en Hollandsch) naar het voorbeeld

1) 'n Duidelike sinspeling op Bon (bien) - i - face (fasse).

2) Sien Bylae VII.

3) *Chron.* 8 Jun. '25.

4) Wat 'n grappige selfwaardering!

van *Q. in the Corner*¹⁾, te publiceeren. De nummers zullen uitgegeven worden in de volgende orde:

No. 1. *Monsieur de Crac, ou le Palais de la Folie.* — Poëme.

No. 2. *Rymomania*, of het lezen der schoone gedichten van *Kreupele van den Hoek*²⁾, aan het Publiek aanbevolen — Prosa.

No. 3. *Les cinq voyelles, ou Un grand Nom pour une petite Bête.* — Poëme.

No. 4. *Negro-Brutalo, of Tippo Saïb, Jr.*³⁾. Tooneelspel in 3 Bedr. — Prosa.

No. 5. *Eloge de la Fumée; L'assemblée Scandaleuse; Le Cheval et l'âne*⁴⁾. — Poësie.

No. 6. *De Verlorene Doos, of Het Loterymannetje*, Bs. in 1 Bed.

N. B. De twee Tooneelstukken zyn zeer eerbiedig aan eene der Hollandsche Amateur Gezelschappen⁵⁾ opgedragen. De prys van ieder nummer zal zeer gering wezen; om reden dat tegenwoordig *L'Esprit n'est pas cher.*"

De LIMA beantwoord direk met⁶⁾:

"J. SUASSO DE LIMA is voornemens de zes volgende werkjes uit te geven, onder de spreuk *Bene meritis honora.*

No. 1. *De nieuwe aankomeling, of De straat tussen Rossika en Sardinië*, een Fragment in rym.

No. 2. *De noodlottige avonturier, of Don Quichot in de vlakte*⁷⁾, een los ontwerp, in rym.

No. 3. *De dwalende Robbert*, een heldenzang⁸⁾ (N.B. in tooneelgewaad).

No. 4. *De man in vier gedaanten, of Musicus, Acteur, Gas-konjer en Taalmeester*⁹⁾, Bs. in 1 Bed.

¹⁾ *A Burlesque Description of Cape Town* deur Q. in the Corner aangekondig 24 Nov. '24 (*Chron.*) e. v. Het 1825 (vermoedelik aanvang) verskyn (Mendelssohn, *Bibl.* I. bls. 195). Die skrywer sou F. Brooks wees. Onder 13 Apr. '25 (*Chron.*) word *South African Grins* by Q in The Corner ook aangekondig. Onder 12 Aug. '25 (*K. C.*) is dit met ander Kaapse werke by J. Howell te koop.

Later word van Q. ens. gesê dat hy 'n „Zonderlinge doove Indiaan (d. w. s. Engelsman uit Voor-Indië - F. B.) was, (die) 'n boek van kreupel-verzen uitgaf, veel geld aan vuurwerk vermorste en meer ponden dan verstand had". (*Z. A.* 24 Feb. 1868).

²⁾ Op de Lima, wat kreupel was (Vgl. Bylae VII).

³⁾ Vermoedelik op J. G. Tredoux Jr. (onder de L.) van die kindergeselskap, sien bls. 256 e. v. Tippo Saïb was 'n bekende Indiese vors waarmee die Britse regering baie las gehad het deur sy manhaftigheid.

⁴⁾ Die „Affront" perdegeskiedenis; sien voorafg.

⁵⁾ *Honi* ens. natuurlik - die ges. van Boniface. ⁶⁾ *Chron.* 15 Jun. '25.

⁷⁾ 'n Naam aan Boniface meermale toegevoeg. Sien Bylae VII.

⁸⁾ Klaarblyklik 'n wandeling van Boniface op Tafelberg in 'n half krank-sinnige toestand, in 'n toneelpak - die van Robert in *Robert, of De Struik-roovers?* Sien Bylae VII.

⁹⁾ Vgl. Bylae VII, Boniface ook so genoem.

No. 5. *De dolzinnige Wandelaar, of Een nieuwe reis op de Tafelberg*, een dichtstuk. (Rym) ¹⁾.

No. 6. *Het Prozaïsch Paard, of De Satirique Gek, in tweestryd met een poëtischen Ezel* ²⁾, half proza half poëzy.

N.B. By intekening, uit hoofde dat de rymer bevreesd is voor het weinige debiet''.

Hierdie laaste sin was eerlik. Maar dit was nie takties nie. BONIFACE beantwoord dan ook met ³⁾:

„*Nota Bene!!!*

De ondergetekende wenscht de Letterkundige Wereld geluk met de beloofde Publicatien van de reeds befaamde en zeer origineelen Heer SUASSO DE LIMA.... Men hoort dezen welluidenden naam zelden noemen, of men komt onwillekeurig op het denkbeeld van iets Groot, iets!!! En een *noodlottige Advanturier* ⁴⁾, een *Heldenzang* in Tooneelgewaad; een *Reis op de Tafelberg*, zullende een *Dichtstuk op rym* zyn; en eindelyk de verdediging van een *poëtischen ezel*, dit alles kondigt ons even veel Geest als Taalkunde aan.

De reden door den Auteur opgegeven om zyne werken niet dan by intekening in 't licht te geven (de vrucht, waarschyndlyk van eene *noodlottige* ⁵⁾ ondervinding) is ook zeer modest en zeer pryzenswaardig.

En dewyl men de talenten encourageeren moet zoo heeft de Ondergeteekende zins vier dagen by dien grooten *Genie* ingeteekend.

C. BONIFACE."

En enkele dae tevore was *Limaçon de Dichter* vir opvoering aangekondig ⁶⁾.

In hierdie lig moet *Limaçon* gesien word, ook die Kinder-geselskap van DE LIMA ⁷⁾.

Jammer genoeg is die Hollandse kritiek by die geleentheid van die voorstelling nie geplaas ⁸⁾ nie. Die Engelse was alreeds geset.

Gemeld word dat ⁹⁾ „a numerous and respectable audience" aanwesig was, ten spyte van die slegte weer. „The performers went through their parts with great credit to themselves,.... The music was excellent, and the little troops of dancers greatly delighted the company.... frequently....

¹⁾ Vgl. vtn. 8 vorige bls.

²⁾ Die „Affront" geskiedenis. Sien bls. 287 e. v.

³⁾ *Chron.* 22 Jun. '25.

⁴⁾ Vgl. *Noodl. Advanturier* bo.

⁵⁾ Vgl. vorige voetnoot.

⁶⁾ Sien bls. 284.

⁷⁾ Sien bls. 256 e. v.

⁸⁾ *Chron.* 23 Aug. '25.

⁹⁾ Vgl. vtn. 8.

shouts of applause, especially at the brilliant spectacle at the *Groot Finaal*.

We cannot but individualize Julius (die jonge MEURANT — F. B. ¹⁾) who is always a favourite with the public, and who did not fail to amuse the audience; but *Isidorus Fritz* (M. C. WOLFF ²⁾) was inimitably well managed, and his expressions of countenance and attitudes characterise him a great observer of nature”.

Van *Limaçon* word niks meegedeel nie. Die groot gehoor en ander getuienis ³⁾ maak egter duidelik dat dit groot op sien verwek het.

'n *Zamenspraak tusschen Limaçon een Dichter en een Prozaisch Gaskonjer* deur DE LIMA, word aangekondig op dieselfde dag as die kritiek verskyn. Hierin pak DE LIMA vir BONIFACE aan ⁴⁾.

BONIFACE beantwoord met 'n „Alleenspraak”: *De Twee Slakken, of Limaçon Sen. en Limaçon Jun.*

Naar vorm, gedeeltelik dramaties, en naar inhoud, is beide stukke baie belangwekkend. Baie persoonlike mededelings van die twee hoofpersone kom daarin voor. Ons kry 'n besonder skerpe kyk op die standpunt en gedragslyn van albei. Sterk lig word gegooi op hul onderskeie karakters.

Die vernaamste kenmerke van hul werk tree voor die dag. Beide stukke is betreklik kort. Elders laat ek hul volledig volg ⁵⁾.

Neem die samespraak van DE LIMA. Die waardige toon hiervan val op. DE LIMA veroordeel BONIFACE uit 'n hoë sedelike standpunt. BONIFACE se ondankbaarheid en lastersug word veral gelaak. DE LIMA se persoonlikhede raak onaangename karaktertrekke van BONIFACE vir sover DE LIMA self of die publiek daaronder te ly het. Ongemotiveerde, gewoon persoonlike uitskellery is dit nie. Verder is DE LIMA se taal suiwer en ryk. Daar sit vrywat tiepering in sy twee karakters.

Neem nou BONIFACE se antwoord: *De Twee Slakken*.

Die toon hiervan verskil radikaal met die van DE LIMA. BONIFACE wil sy vyand met bytende spot vernietig. 'n Enkele maal kry hy miskien iets van 'n „bon mot” tereg. Oor die geheel egter is die stuk niks anders as 'n stroom van minderwaardige fel-persoonlike uitskellery of geforseerde geestighede nie. In hoofsaak moet die bloot uiterlike van DE LIMA dit ontgeld! Verder is DE LIMA se grootste sonde dat hy 'n „Rymelaar” is! Karakter-openbaring is die stuk veral — van BONIFACE self!

¹⁾ Sien bls. 295 e. v.

³⁾ Vgl. bls. 121.

⁵⁾ Bylaes VII en VIII.

²⁾ Sien bls. 282, 295 e. v.

⁴⁾ Die stuk is in die Openb. Bibl. Kps.

Wat 'n onbeheerste kwesbare natuur moes hy besit het. 'n Mens kry jammer vir hom dat hy soveel gal moes uitstort om so weinig te bereik.

BONIFACE se styl is lewendig, maar sy woord- en sinsgebruik toon duidelik sy Franse herkoms aan, b.v. woorde en uitdrukkinge soos "favorite huisgewaad", "Rhetorique", "om affaires in de stad gelokt zynde", ens.

Leersaam is wat BONIFACE meedeel oor die stuk *Limaçon* self. Dit heet eintlik *De Intrigue aan hei venster* en is van KOTZEBUE. BONIFACE sou alleen 'n paar ondergeskikte veranderinge aangebring het om DE LIMA 'n bietjie te bespot. Immers sê hy, as hy werklik DE LIMA krachtig wou aanpak sou hy 'n oorspronklike stuk geskryf het, heel wat anders van inhoud! 'n Stuk van drie bedrywe wat speel in Holland, Indië en Afrika. Ongeveer tien jaar later skryf BONIFACE werklik 'n stuk oor DE LIMA¹⁾. Maar die heele opset is verander, hoewel hy die verskillende feite weet in te bring. Hoër as in *De Twee Slakken* styg die toon dan nie; intendeel dit val eer laer.

Moontlik het BONIFACE iets verder geskryf onder skuilnaam van *Vyfstar of Wraak*. Hierop sou 'n *Antwoord aan Vyfstar of Wraak*, tesame met 'n antwoord aan die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* wat DE LIMA se verdediging van toneel afgekeur het, kon geslaan het²⁾.

Om terug te keer tot die groot gang van *Honi* se geskiedenis. *De Vrouw* ens. was populêr. Op 3 September³⁾ word dit op besondere versoek herhaal, met ballet natuurlik. Die Direkteur moet daarop wys dat alleen die lengte van hierdie stuk, met ballet, die opvoering van 'n nastuk verhinder. „Doch daar het eenige *kluchtige Praatjesverkoopers* behaagd heeft te vertellen, dat het nog eens vertoonen van *Limaçon, de Dichter*, ware verboden geworden, zoo vindt hy zich genoodzaakt om een ieder te verzekeren, dat dit gerucht geheel ongegrond en logenachtig is.

Tot voorkoming van misverstand word intekenaars verwittig dat die weeropvoering van hierdie stuk 'n afsonderlike voorstelling is, nie die tweede nie waarvoor ingeteken is⁴⁾.

Hierdie tweede voorstelling volg op 24 September⁵⁾ en bestaan uit *De Papegaai(y)*, Tsp. in 3 Bed. van KOTZEBUE, en *Het Huwelyk van Jocrisse* (uit die Frans deur FALLÉE), in 1 Bed.

Bedekte konkurrensienyd kan ons in die volgende berig

1) Sien bls. 323 e. v.

2) Sien bls. 347—348.

3) *K. C.* 26 Aug., 2 Sept. '25.

4) Sien bls. 285.

5) *K. C.* 23 Sept. '25; *Chron.* 20 Sept. '25.

sien. „De Dirigerende Leden van . . . *T. N. en V.* (ten minsten die geenen welke de Representatie van morgenavond zouden wenschen by te wonen), worden vriendelyk verzocht om zich met den inhoud van eene circulaire aan hun gerigt, bekend te maken”.

By hierdie voorstelling¹⁾ was 'n „talryke menigte aanschouwers” aanwesig, w.o. die Goewerneur en ander „voorname persoonen. De Decoratien en acteurs lieten niets te wenschen overig (sic! — F.B.), en de aandacht der aanschouwers was zoo gespannen, dat men geen het minste geritsel hoorde. Wy vernemen dat gezegd Gezelschap voornemens is de volgende reize een Engelsch kluchtspel op te voeren.

Wy hebben reeds een door dit Gezelschap zeer wel uitgevoerd Fransch stuk bygewoond²⁾, en hopen dat hetzelfde in deze onderneming even gelukkig slagen zal”.

In Engels heet dit: “It is highly creditable of the talents and good sense of this amusing company of amateurs, that they have resolved to be the first of the colonists to introduce the English language in the Cape Theatre. . . They may be assured of a full house and candid hearers”.

BONIFACE het geweet hoe die wind waai — en die Engelse ook! Hierdie betekenisvolle gebeurtenis as laaste voorstelling van die jaar³⁾, vind plaas op 15 Oktober⁴⁾. Die voorstelling is opgedra aan, en „allervleyendst en aanmoedigendst” aanvaardeur lady SOMERSET.

Gespeel word *De Vrouw* ens. (PIXÉRICOURT vertaal deur v. RAY) „met geheel nieuwe Decoratie, costumes, Muzyk enz. en in welk 2 nieuwe Quadrilles zullen worden gedanst”. Verder by hierdie „eerste poging om alhier in de Engelsche taal te spelen”, vind plaas *The Liar*, Bs. in 2 Bed., deur SAM. FOOTE, „eindigende met *het groot finaal ballet* van 48 figuren, meestendeels door kinderen uitgevoerd en de brillante en verbeterde illuminatie”. Weer verskyn die eenaardige berig aan *T. N. en V.*, vermeerder met „zoo talryk als die ook thans zyn mogten”, en „een *niet rondgaande* (circulaire) . . . dezelve met hunne naamtekeningen te honoreeren”.

Van hierdie voorstelling bestaan 'n handbiljet in die Kaapse Openbare Bibliotheek, volledig tot in alle besonderhede.

Die handbiljet is die tweede van *Honi* wat ons het⁵⁾. Dit is van besondere waarde vir die mededelings omtrent die spelers en balletdanse wat dit ons verskaf.

1) *Chron.* 27 Sept. '25. 2) Sien bls. 279.

3) *K. C.* 23 Sept. '25.

4) *K. C.* 14 Okt. '25; *Chron.* 11, 14 Okt. '25. *C. Adv.* 28 Sept. '25.

5) Sien bls. 282.

Van *De Vrouw* (PIXÉRICOURT) word meegedeel:

„De Graaf Eduard van Fersen, Kolonel in Keizerlike dienst. . .	De Heer D. DISANDT.
Eliza Werner, zyne Gemalin . . .	„ Jonge Jufvr. C. ROSELT.
Isidorus Fritz, eerste man van Eliza.	„ Heer M. C. WOLFF.
De Majoor van Goltz, Oom van Eduard	H. ROSELT.
Julius, zoon van Fritz en Eliza .	De Jonge Hr. H. MEURANT.
Werner, Vader van Eliza (een blinde Grysaart).	„ Heer C. BONIFACE.
Bronn, Kapelaan van het Kasteel .	W. BRANDT.
Bataille, Invalide Corporaal, be- waarder van het Kasteel . . .	P. BIEL.
Geertruida, dienstmaagd v. Werner	De Jonge Jufv. L. MEURANT.
Walter, Medemakker van Fritz .	„ Heer F. WALDEK.

Boeren en Boerinnen doorwelke de Eerste Quadrille (De Vrouw, enz.) wordt gedansd:

Jonge Heeren:	Jonge Jufvrouwen:
N ^o . 1. J. M. HANCKE.	N ^o . 1. J. C. GEYER.
„ 2. H. RUSSOUW.	„ 2. C. ROUVIERE
„ 3. H. MEURANT.	„ 3. C. BRINK.
„ 4. P. THEUNISSEN.	„ 4. A. SIEGRUHN.

Twede Quadrille (De Man, enz.):

Jonge Heeren:	Jonge Jufvrouwen:
N ^o . 1. J. ROUVIERE.	N ^o . 1. C. BRINK.
„ 2. H. DE WET.	„ 2. J. DE JONGH.
„ 3. L. ROUVIERE.	„ 3. E. A. GEYER.
„ 4. A. TROMP.	„ 4. A. HANCKE.”

Van *The Liar* ens. (FOOTE) was die rolverdeling:

„Sir James Elliot	De Heer D. DISANDT.
Old Wilding.	„ „ H. ROSELT.
Young Wilding.	„ „ C. BONIFACE.
Papillion	„ „ M. C. WOLFF.
John, Miss Grantam's Footman .	„ „ F. WALDEK.
Robert, A Tavern Waiter . . .	„ „ C. BRINK.
Thom, Sir James's Servant . .	„ „ MUNNIK.
Miss Grantam	„ Jonge Jufvr. C. ROSELT.
„ Godfrey	„ „ „ L. MEURANT.
Kitty	„ „ Heer H. MEURANT.

En dan

Ballet.

Eerste Introductie.

1. Vier Heeren: W. BURNET(T), J. J. PITON, M. PENTZ en J. H. WAGNER.
2. Vier Jufvrouwen: A. SIEGRUHN, J. C. GEYER, A. C. BRINK en C. ROUVIERE.
3. Vier Jonge Heeren: A. TROMP, J. ROUVIERE, H. DE WET en L. ROUVIERE.
4. Vier Jonge Jufvrouwen: J. DE JONGH, J. BRINK, E. A. GEYER en M. A. TROMP.

Hornpipe: — De Heer M. PENTZ JUN.

Tweede Introductie.

1. Vier Jonge Heertjes en Vier Jonge Juffertjes: —

A. TROMP.	J. DE JONGH.
J. ROUVIERE.	J. BRINK.
H. DE WET.	E. A. GEYER.
L. ROUVIERE.	M. A. TROMP.
2. Vier andere Jonge Heeren en Vier andere Jonge Juffers: —

P. THEUNISSEN.	J. C. GEYER.
H. RUSSOUW.	A. C. BRINK.
J. M. HANCKE.	C. ROUVIERE.
H. MEURANT.	A. S. A. HANCKE.

Solos.

- N^o. 1. De Heer W. BURNET.
- „ 2. „ Jonge Jufvrouw A. SIEGRUHN.
- „ 3. „ Heer M. PENTZ.
- „ 4. „ Jonge Jufvrouw GEYER.

Pas de Deux.

- N^o. 1. De Heeren: J. H. WAGNER en J. J. PITON.
- „ 2. De Jonge Jufvrouwen: JA. CA. GEYER en A. SIEGRUHN.

Pas de Trois.

- N^o. 1. De Heeren: W. BURNET en J. J. PITON en de Jonge Jufvrouw J. C. GEYER.
- „ 2. De Jonge Jufvrouwen J. C. GEYER en A. SIEGRUHN en de Heer M. PENTZ.

Pas de Quatre.

- De Heeren: W. BURNET, J. H. WAGNER, De Jongejufvrouw A. SIEGRUHN en J. C. GEYER.

Groot Finaal.

Heeren.		Juffers.	
N ^o . 1.	P. H. THEUNISSEN.	N ^o . 1.	
„ 2.	H. RUSSOUW.	„ 2.	A. C. BRINK.
„ 3.	H. MEURANT.	„ 3.	C. A. ROUVIÈRE.
„ 4.	J. M. HANCKE.	„ 4.	A. S. A. HANCKE.
„ 5.	A. TROMP.	„ 5.	J. H. DE JONGH.
„ 6.	J. P. ROUVIÈRE.	„ 6.	J. M. BRINK.
„ 7.	H. DE WET.	„ 7.	E. A. GEYER.
„ 8.	L. ROUVIÈRE.	„ 8.	M. A. TROMP.

N. B. Daar tot het leedwezen van het Gezelschap zelve, de tooneelschikkingen voor het ballet enigszins talmend zullen zyn, verzoekt men echter van de kant der Aanschouwers een weinig geduld, en dat uit eerbied voor de voorname personee aan wie deze Repres. is toegewyd, eene decent stilte mogt worden in acht genomen!"

Die verslag van die voorstelling lui: ¹⁾

„Wy kunnen met regt zeggen dat de Amateurs zich meesterlyk van hunne rollen in beide stukken kweeten, welke door een onophoudelyk handgeklap werd goedgekeurd. In het voorstuk vertoonde zich een troep dansers welke ruikers in de boxen (geoccupeerd door Lady CHARLES en Miss SOMERSET, Sir RICH. PLASKET, enz.) en parterre wierpen, hetwelk niet weinig toedroeg tot het vermaak van den avond. Na het afloopen der beide stukken was het Tooneel zeer prachtig verlicht, en de jonge troep begon het ballet, dat zeer veel genoeggen verschafte”.

Dis duidelik: 1825 moet 'n baie suksesvolle jaar vir *Honi* gewees het, ewenas vir *T. N. en V.* Vir *Honi* was dit verder 'n hoogtepunt. Hierna begin die aftakeling. Die vertrek van Lady SOMERSET ²⁾, wat die geselskap altyd trou ondersteun het, sal stellig 'n meewerkende faktor gewees het.

Onder 28 Februari '26 ³⁾ gee *Honi* kennis dat hulle voornemens is „dit jaar twee Representatien in 't Hollandsch en twee in 'n Engelsch te geven, welke beurtelings zullen plaats vinden”. 'n Hollandse en 'n Engelse intekenlys sal rondgestuur word, met keuse van intekening op twee of vier voorstellinge. Die eerste voorstelling, in Hollands, sal begin April plaasvind. Die Engelse blyspel *The Miser*, naar MOLIÈRE, word te leen gevra, Houtstraat 33. Die besitter „kan verzekerd zyn dat gezegde stuk onbeschadigd en met dank aan hem zal worden geretourneerd” — 'n veelseggende versekering!

¹⁾ *Chron.* 18 Okt. '25.

²⁾ *Theal.* 1795—'1834 bls. 278.

³⁾ *Chron.*

Onder 14 Maart¹⁾ betuig die geselskap sy hartlike dank vir die onbekende persoon wat „op zulk eene heusche wyze” *The Miser* te leen gegee het. „Een vry Entree-Billet, voor dit gansche Saisoen, zal ter dispositie leggen van den geen die in staat zal zyn om eene beschryving van het boek, zoo wel als eene voldoende oplossing van de Initialen L. O. D. waarmede het briefje dat het boek vergezelde, is ondertekend, aan de Directie van Genoemde Gezelschap te geven”. — Die Intekenlyste is ope en die eerste stuk sal *De Twee Grenadiers* (PATRAT vertaal deur KUP) wees.

Op 30 April²⁾ volg *Het Toegemetselde Venster* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Tsp., in 1 Bed. uit die Hoogduits, en *De Twee Grenadiers, of Het Misverstand*, Bs. in 3 Bed. uit die Frans van PATRAT (vertaal deur KUP).

Van die ander opvoeringsplanne van *Honi* word niks verneem nie. Sou dit in duie geval het? Dis moontlik. Immers die regterhand van BONIFACE, die horlosiemaker en handelaar³⁾ ROUVIÈRE, verlaat die Kaap⁴⁾.

Hoe dit sy, vroeg in 1827⁵⁾ roer die geselskap hom alweer. Die eerste voorstelling vir die seisoen, in Engels, word aangekondig in die loop van Mei met *The Fashionable Lover*, Tsp. (Comedy) in 5 Bed. deur R. CUMBERLAND, en *Botheration, or (A) Ten Years' Blunder* (WALLEY, CHAMBERLAIN en OULTON), Ks. in 2 Bed.

„De Directeur van dit Gezelschap maakt staat op de assistentie van die Heeren Amateurs wier talenten en verkleefdheid hem van ouds bekend zyn; en steunt insgelyks op de medewerking van die Engelsche Heeren, welke hem by eene vroegere gelegenheid zoo vriendelyk hunne hulp hebben aangeboden.”

Tenslotte⁶⁾ vind die voorstelling plaas op Dinsdag 12 Junie. BONIFACE het self die lyste in hande⁷⁾.

Vir 1827 word niks vermeld nie. Sou dit, soos elders, deels aan die slegte beriggewing van 1827—'28⁸⁾ gelê het? Waarskynlik nie. BONIFACE se finansiële toestand het baie sleg geword. Weens bankrotskap word in Junie 1827⁹⁾ „eenige komediekleederen enz. en boeken” van hom verkoop; ja, tot sy tee-

¹⁾ *Chron.* 14 Maart '26.

²⁾ *Chron.* 25 Apr. '26.

³⁾ In Franse goedere, *K. C.* 5 Maart '25


⁴⁾ By die erste berig van die jaar was R. nog by die geselskap. T. a. p. bls. 179 (H. H.) By die voorstelling van 30 Apr. lê die lyste by Dorpstr. 3. (Boniface. *Chron.* 25 Apr. '26.) R. se band met die ges. was klaarblyklik reeds gebreek. In Aug. verlaat hy die stad weens die sieklike omstandighede van sy vrou (*K. C.* 11 Aug. '26) en gaan in Graaff-Reinet woon. (*K. C.* 16 Nov. '26).

⁵⁾ *G. G.* 20 Apr. '27; 18 Mei '27.

⁶⁾ *G. G.* 18 Mei, 8 Jun. '27. Na uitstel van 2 Jun. ⁷⁾ Sien Tabel F.

⁸⁾ Sien bls. 191.

⁹⁾ *G. G.* 22 Jun. '27.



DE
NIEUWE RIDDERORDE

OF DE
Temperantisten

KLUCHTIG BLIJSPEL IN VIER BEDRIJVEN
door

C. E. BONIFACE



KAAPSTAD.

GEDRUKT BIJ P. A. BRAND, MARKTFLEIN

1832.

(Foto A. ELLIOTT, Kaapstad).

Titelblad van *De Nieuwe Ridderorde of De Temperantisten*.

en tafellepels toe daarna ¹⁾). Begin 1829 is sy bankrotskap nog nie opgehef nie ²⁾).

Uit die aard van die saak moes hierdie toestande ongunstig gereageer het op sy toneelbedrywigheid. Behalwe die volgende voorstelling uit 1828 sal weinig of geen plaasgevind het nie.

Eind Julie ³⁾) word berig: „*The South African Amateurs* return thanks to those ladies and gentlemen who favoured them with their company on the 22nd inst., and beg to apologise for the interruptions experienced during the Evening, but to assure them that precautions will be taken to prevent their repetition for the future. They further beg to notify that the celebrated Melodrama of *Lodoiska* (KEMBLE) is under preparation, and will be brought forward, with entire new Scenery and Dresses in the course of the ensuing month.” Op 3 September ⁴⁾) word bevestig dat „*Lodoiska* and other Entertainments will take place in about ten days.” Dit is die laaste hoor van *Honi*. As BONIFACE later weer laat speel (1833) heet sy geselskappe anders ⁵⁾).

Ander bedrywigheede neem BONIFACE intussen in beslag, bedrywigheede waaruit tenslotte BONIFACE se hernude toneel-aktiwiteit voortspruit.

In 1828 het BONIFACE beëdigde vertaler geword ⁶⁾). In 1829 ⁷⁾) skryf hy die geskiedenis van *L'Eole* ⁸⁾). In 1830 word hy mede-oprigter en eerste redakteur ⁹⁾) (tot Oktober ¹⁰⁾) van *De Zuid-Afrikaan*. Eind 1831 was hy kort maar ernstig siek, en ondervind by hierdie geleentheid baie belangstelling van die kant van die publiek ¹¹⁾). Hierdie belangstelling kan pleit vir 'n sekere mate van maatskaplike aansien en populariteit.

Dit alles, tesame met sy taal- en musiekmeesterskap, veral tesame met sy noodsaaklikheid vir finansiële herstel, kan voldoende verklaar waarom BONIFACE enkele jare volkome afsydig van die toneel staan.

Die jaar 1832 lui die nuwe periode van BONIFACE se dramatiese arbeid in; in hierdie jaar enkel op literêre gebied, van 1833 ook op speelgebied.

g. De Temperantisten.

In 1832 was die Kaap in rep en roer oor kragtige Metodistiese pogings om drankbestryding te bevorder. Veral die Hollandse bevolking voel hulself tot verset teen hierdie pogings genoodsaak. BONIFACE vind homself gedwonge hieraan uiting te gee.

¹⁾ *G. G.* 16 Jul. '27.

²⁾ *G. G.* 25 Apr. '28; *C. Adv.* 3 Jan. '29.

³⁾ *Verz.* 30 Jul. '28; *Col.* 29 Jul. '28. ⁴⁾ *Verz.* '28.

⁵⁾ Vir die „S. A. Amateurs” van 1837, sien bls. 249.

⁶⁾ *Col.* 18 Maart '29.

⁷⁾ *C. Adv.* 19 Aug. '29.

⁸⁾ Sien bls. 201, 242.

⁹⁾ *C. Adv.* 27 Maart '30.

¹⁰⁾ *Z. A.* 23 Okt. '30.

¹¹⁾ *C. Adv.* 4 Jan. '32.

Sy ou liefde vir hekel en spot in dramatiese vorm kom weer bo. Hy styg van persoonlike tot maatskaplike hekeling.

Met *De Temperantisten* rehabiliteer hy homself as mens en kunstenaar volkome, in één slag, in die oë van die grote Kaapse publiek. Met sy persoonlike en dramatiese naam in ere herstel, gaan hy 1833 oor tot die stigting van 'n geselskap.

De Temperantisten is 'n mylpaal in die geskiedenis van toneel en lettere aan die Kaap. Dis die oudsbestaande oorspronklike dramatiese werk in Suid-Afrika; dis, gedeeltelik tenminste, die oudste monument van doelbewus geskrewe literêre Afrikaans¹⁾. Dis bowendien die eerste direk-bewuste hekeling van maatskaplike toestande²⁾ in die Hollands-Afrikaanse letterkunde.

Die stuk is nooit gespeel nie. Dit was ook nie die bedoeling nie. Allesins egter verdien dit noukeurig die aandag.

Die „kluchtspel” is opgedra „aan een gruwelyk gehoond en gelasterd volk, dat nogtans aan de Stichters zelve, van de *Temperance Society* het voorbeeld van *Matigheid*... zou kunnen geven; — aan de *Zuid-Afrikaanse Kolonisten*.”

Die „Voorberigt” moet veral „geen uitheemsche lezer overslaan” nie. Die skrywer begin deur die woord „*Temperance of Matigheid*” te verklaar. Dis van die „*Humbug* geslacht.” Dit beteken totale onthouding van brandewyn en ander gedistilleerde drank; weinig of geen gebruik van wyn.

Met hierdie woord „*Matigheid*” is meestal die woord „*Society*” of „*Genootschap*” verbonde. BONIFACE toon uit 'n geleerde skrywer aan hoe sulke „*Societies*” 'n besondere voorliefde van die Engelse is, 'n ras baie „susceptible de s'abandonner aux conceptions les plus extravagantes.” Die Kaap is eweneens „*Razend Sociable*”. Alleen die geraasmakende „*Temperance Society*” het egter sy (BONIFACE) „slapende *Muse* opgewekt”.

Die hele gedoente sê hy, het begin met die koms van 'n Amerikaanse fregat op 6 Desember 1831 in Tafelbaai. Die „*Reverend Kapelaan*” daarvan het die smeulende vuur van drankbestryding à la Yankee, van die Kaapse „*Doctors en Reverends*”, aangeblaas. Vir 26 Januarie 1832 word deur middel van die „berugte” *South African Commercial Advertiser* 'n „*Public Meeting*” in die Beurs aangekondig.

Die meesopvallende kenmerk van hierdie matigheidsvergadering was die onmatigheid, in gedrag, van die deelnemers. Die gehoor het hulself aan geraas, die sprekers, in besonder die „*Reverends*”, hulself aan persoonlikhede, teen die anti-matigheidsgenootskappers te buite gegaan. Toe o.a. een

¹⁾ Die oudsgeskrewe Afr. in dramatiese vorm, sonder literêre bybedoeling egter, was in 1825 van Teenstra. Sien Bylae IX.

²⁾ Sien (*Burgerraad* 1826) *T. N. en V.* bls. 238 e. v.

spreker, 'n teenstander, net die woord "*Chastity*" gebruik, het 'n twintigtal "English Ladies" die vergadering verlaat. Belaglik!

Die middel om dronkenskap, by Hottentotte inbegrepe, radikaal te genees, sou bestaan in onthouding van alle sterke drank, in matige gebruik van wyn. Mondeling en skriftelik word so'n belofte afgelê. Die leiers van die gemeenskap moet voorgaan hierin. In besonder word veel van hulle voorbeeld verwag.

Verwaande, blinde en belaglike denkbeelde noem die skrywer hierdie opvattinge. Dis alles alleen self-advertensie en pedanterie. Die redevoeringe van hierdie „Reverends" bestaan uit „ratelende verbiage (van) ongerymdheden, laffe stories en onwaarheden." Die algemene benaming *Cape of Good Hope Temperance Society* is die suiwerste vrypostigheid vir so'n „magere korporatie."

So'n genootskap is totaal onnodig aan die Kaap. Dit wek 'n valse indruk en is niks as „libelleus" teenoor die blanke bewoners van Suid-Afrika nie. Matigheid is altyd een van hul kenmerkendste deugde gewees.

Die skrywer se aanval op die „Matigheids Genootskap" is „een loutere *Caprice*". Hy behoort aan geen faksie nie. Maar hy is reeds buikvol van die heersug, die *Theocratia* van 'n aantal yverzuchtige „leegloopers onder den . . . dekmantel van *Godsdienst* en *Philantropie*". Vir hulle wil hy aan die kaak stel.

Die wanverhouding van die twee eerste bedrywe met die twee laaste, sê hy, is te wyte aan die feit dat die eerste tonele reeds in die pers was, voor die skrywer nog self geweet het hoe die stuk sou eindig. Die stuk is „een gebrekkig kind," wat hy sonder bekommering in die wêreld stuur. „Het moet gelyk zyn vader zyn fortuin zoeken."

In die voorberig het BONIFACE dus duidelik gemaak wat aanleiding gegee het tot sy stuk. Hy het sy lesing gegee van die stigtingsvergadering van die Matigheidsgenootskap. Dis die spil waar alles om draai. Ek gee dus, voor ek tot 'n beskouing van die stuk oorgaan, die verslag weer soos dit in die *Commercial Advertiser* van 17 Desember '31; 1 en 8 Februarie '32 ('n blad aan die kant van die Genootskap) te vinde is. Kennis hiervan is onontbeerlik vir 'n juiste begrip van die stuk; nie die mins om die vernaamste persone daarin te herken nie.

Daaruit blyk dat by die stigtersvergadering van 28 Januarie eerw. HOUGH in die stoel was. Dr. PHILIP het in 'n lang rede en in baie lewendige taal die kwaaië gevolge van dronkenskap geskilder, Amerika tot voorbeeld opgehou en die matigheidsbeweging onder die Hottentotte geprys (vgl. BONIFACE). Dr. BAILEY het gewys op die vele gevalle van "Delirium Tremens" in die Somerset-Hospitaal (van-

daar die naam vir hom by BONIFACE). H. BUCKTON het op humoristiese wyse gewaarsku teen oor Venus struikel deur van Bacchus af te val, en het hom daardeur 'n storm van verontwaardiging en belediging op die hals gehaal, in besonder van eerw. PEARS op die vergadering (later ook in die *Commercial Advertiser* van FAIRBAIRN). Ook het hy met sy woorde, die dames op die vlug geja (vgl. BONIFACE). H. ROSS was bly dat die dames vertrek het; hy reken dit was alleen 'n plan om die debat te stuit en wil openlike bespreking hê. Eerw. PEARS vra verskoning aan BUCKTON en steun ROSS. Die Prokureur-Generaal help orde in die vergadering bring. Dr. ADAMSON, dr. FAIRBRIDGE, die heer PILLANS praat as medestanders van die beweging. Kapt. STÖCKENSTROM wys o.a. op die skandelike tonele van dronkenskap op dorp en platteland. Ook die here HUTCHISON, ADAMSON (weer), dr. OAKES en die heer RUTHERFORD voer o.a. die woord. Hierna lewer dr. MACARTNEY 'n rede waarin hy matige gebruik van alle drank verdedig (vgl. BONIFACE) teenoor sy kollegas. Hy eindig met „You may be all very wise and your plans very fine, But believe me my friends, there's nothing like wine.”

Die Prokureur-Generaal hou 'n dubbelsinnige rede. H. ROSS is teen onmatigheid, maar sien geen heil in so'n genootskap nie. Indien iets gedoen word moet dit radikaal wees. Hy is reeds 31 jaar in die Kolonie en het nog nooit 'n Afrikaner dronk gesien nie. Die heer A. M'DONALD beweert op heftige manier dat daar geen behoefte vir 'n matigheidsgenootskap aan die Kaap is nie. Die heer W. BIRD vind 'n matigheidsgenootskap onnodig. 'n Mens kan dieselfde bereik deur reedsbestaande instellinge. Hy beweer dat al genoeg gedoen is om hul gewete vir 50 jaar gerus te laat inslaap.

Die persone van die stuk heet (vir die mededeling in die voetnote het ek 'n dankbare gebruik van GREIG se *Almanak* van 1832 e.v. gemaak):

Dominé Humbug Philipumpkin,	} Grootkruizen	[Eerw. dr. J. PHILIP ¹].
Commandeur		
Stoelman Puff, Voorlezer en Vice-		
President.		
Rector Muilpeeren, Voornaamste	}	[Eerw. G. HOUGH ²].
Kampvechter		
		[Eerw. J. PEARS ³].

¹) Rev. Dr. John Philip, Missionhouse, 6 Church Square. — Vgl. Bestuur bls. 304, vtn. 4); *De Temperantisten*, bls. 39 e. v.; voorafgaande verslag.

²) Rev. George Hough A. M. Senior Colonial Chaplain. — Vgl. *De T.* bls. 39 e. v.; Bestuur bls. 304, vtn. 4); Verslag.

³) Rev. J. Pears, Prof. of Latin and English Classics to S. A. College. — vgl. *De T.* bls. 30 e. v.; Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

Sir John Brute, eerste Vaandrager en Constitutiemaker	} Grootkruizen	[J. FAIRBAIRN ¹⁾].
De Kozak Barbarubra, Groot Ge- zant der Orde en tweede Kamp- vechter		[Dr. J. FAIRBRIDGE ²⁾].
Delirium Tremens, Hoofd Medicus der Orde.		[Dr. S. BAILEY ³⁾].
Adam Scotus, Spreker Supernume- rarius en tweede Vaandrager		[Eerw. dr. ADAMSON ⁴⁾].
Moffie von Pochtman Druiloor, een stomme Ridder.		[Dr. LIESCHING ⁵⁾ ?]. [„ PAPPE?].
Mozes Riddersporen, Kanselier en eerste Secretaris		[H.E. RUTHERFOORD ⁶⁾].
Stoffel Bacchanalia, tweede Secretaris Goris Krikie, Schildknaap, Drukker en Kastelein der Orde		[W. BUCHANAN ⁷⁾]. [GEORGE GREIG ⁸⁾].
Jopie Melchior, Schildknaap en Make- laar der Orde		[JOSEPH DIXIE ⁹⁾].

Anti-temperantisten of Cognac-drinkers.

Quizz, een postuleerende Procureur	[H. BUCKTON ¹⁰⁾].
O'Candid, een oud Krygsman	[H. ROSS ¹¹⁾].
Issegrim, een rondreizende Solliciteur	[J. INGRAM ¹²⁾].
Doctor Macthirsty een Phrenologist	[Dr. Macartney ¹³⁾].

¹⁾ Fairbairn, Editor *South African Commercial Advertiser*. — Vgl. *Z. A.* 10 Aug. '32; *Theal e.a.*; *De Temperantisten*, bls. 2 e. v.; Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

²⁾ Dr. J. W. Fairbridge, surgeon and accoucheur. — Vgl. *De T.* bls. 74 e. v.; Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

³⁾ Dr. S. Bailey, Residing Surgeon, Somerset Hospital. — Vgl. *De T.* bls. 102 e. v.; Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

⁴⁾ Rev. Dr. Adamson, Strandstr. — Vgl. *De T.* bls. 42 e. v.; Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

⁵⁾ Dr. L. Liesching, surgeon and accoucheur. Dr. Pappe. — Vgl. *De T.* bls. 59 e. v.; Verslag.

⁶⁾ H. E. Rutherfoord, merchant. — Vgl. Best. bls. 304, vtn. 4); Verslag.

⁷⁾ W. Buchanan, Vgl. Best. bls. 304, vtn. 4) Ook klankooreenkomstig-hede in name.

⁸⁾ George Greig, merchant and wholesale, stationer, 7 Keizersgracht. Printing, stationery, bookselling and bookbinding. Office of the *S. A. C. Adv.* — Vgl. *De T.* bls. 232 e. v.

⁹⁾ Joseph Dixie, general broker. — Vgl. *De T.* bls. 1 e. v.; Verslag.

¹⁰⁾ H. Buckton, proctor vice-admiralty court. — Vgl. *De T.* bls. 1 e. v.; Verslag.

¹¹⁾ H. Ross (& Co.), Merchants, Ex-officer (*C. Adv.*) — Vgl. *De T.* bls. 104 e. v.; Verslag.

¹²⁾ J. Ingram, general law agent. — Vgl. *De T.* bls 16 e. v.

¹³⁾ Dr. Macartney, well-known phrenologist from Grahamstown — Vgl. *De T.* bls. 75, 85 e. v.; Verslag.

Spotvogel, een Officier der Douane . [WILBERFORCE BIRD¹⁾].
 Loveclaret, een bejaarde Koopman . [A. M'DONALD²⁾].
 Call-His-Son, een Brandewynstoker . [F. COLLISON³⁾].
 Bob Going-Gone, een andere Brandewynstoker [?]

Leerlingen Temperantisten.

Jack O'Groggy, een Schot }
 Tommy Sipdrams, een Engelschman. } [Settler-tiepes].
 Andrew Everdry, een Ier }

Hottentotten onlangs tot de orde ingelyfd.

Klaas Galgevogel.

Hans Droogekeel.

Piet Dronkelap.

Dampje Waterschuw.

Manus Kal(k)fachter, een Representant van het volk van Bethelsdorp, naar de Kaapstad afgezonden om aan de Broederschap hulde te doen, en tot Ridder te worden geslagen.

Griet Drilbouten, zyne Gemalin.

Drukkers, Letterzetters, Knechten, Settlers en Philipynen."

Die stuk speel in Kaapstad, ses maande na die vorming van 'n Matigheidsgenootskap aldaar⁴⁾.

Die inhoud van die stuk is as volg:

Quizz en Call-his-Son is vir die grootste deel van die eerste bedryf in gesprek.

Hulle laat ons die wrok sien van die Anti-Temperantiste oor die beledigende behandeling wat hul in die openbare stigtingsvergadering van die genootskap ondergaan het, veral Quizz aan die hande van Muilpeeren. Wrok ook oor die voorlopige oorwinning van die Temperantiste, die „doortrapte huichelaars."

Kalfachter en Grietje Drilbouten van Bedelsdorp (Bet-

¹⁾ W. Bird, Controller, Customs House Department — vgl. *De Temperantisten*, bls. 83 e. v.; Verslag.

²⁾ A. M'Donald, Merchant. — Vgl. *De T.* bls. 9, 77 e. v. Verslag.

³⁾ F. Collison, Wine Merchant and Distiller.

⁴⁾ Die Prowinsiale Bestuur van die Matigheidsgenootskap bestaan in 1832 (*Alm.*) uit: eerw. Philip, dr. Fairbridge, dr. Bailey, eerw. dr. Pears, eerw. dr. Adamson, die here Rutherford, Dixie, Hutchison en Fairbairn.

Uit die *C. Adv.* van 23 Mei 1832 verneem ons dat die here H. E. Rutherford en W. Buchanan sekretarisse van die Matigheidsgenootskap is. (vgl. *Alm.* 1833, bls. 146.).

helsdorp — F. B.) kom op en verneem in die suiwerste Afrikaans naar die „Onion” van die „Malligheid-Gewerskaf” („Matigheids-Genootskap”, wat die skrywer ’n geleentheid gee om verder te sinspeel op die „kluitjes” (leuens — F. B.), nie die „Onions” van mnr. Humbug nie). Bethelsdorp wil ook so ’n genootskap hê, „om de pret, ziet Minneer? — niks as om de pret, maar”. Galgevoegel kom op en sal hulle naar die „Union” neem. Riddersporen probeer aan Quizz ’n brief van Muilpeeren besorg, maar Quizz weier absoluut iets met laasgenemde te doen te hê en loop in woede weg. Hy praat van hul „Jesuitisch leugen en lasterachtig *Commercial Advertiser* Uw gansch Genootschap bestaat alleenlyk uit dweepers, dromers en dwaazen.”

Riddersporen en Muilpeeren (wat erken dat die helfte van sy optrede gewoon „Comediestreken” is) besluit om die brief, wat versoening beoog, op die grond te laat lê in die hoop dat iemand dit sal vind en aan Quizz besorg. Issegrim, kom op en raak in gesprek met Riddersporen en Muilpeeren. As opregte Ier verdedig hy die gebruik van die weldadige drank teenoor „laffe water”; ook terwille van die koloniale handel. Riddersporen en Muilpeeren gaan weg. Issegrim in alleenspraak, praat oor die dwaasheid „van ’slands welvaart te vernielen... onder voorwentsel van een aantal leeglopende Emigranten, alsmede het lieve Hottentots geslacht het *onmatig* drinken af te leren”. Hy sien die brief op die grond en besluit om dit aan Quizz te bring. Going-Gone kom driftig op. Hy praat met Quizz; noem die „Temperance” gedoente alles „humbug.” Hy gebruik deur-’n-tyd die uitdrukkinge “no advance... going... gone”, wat natuurlik die aanleiding tot sy naam is en as ’n identifikasieteken vir die groot publiek dien. Issegrim vaar teen die genootskappers uit as „waanwyzen” en „eerbegerigen”. Going-gone, as brandewynstoker, wil hulle vir skadevergoeding dagvaar omdat hulle „Brandewynstokers” as *Gifmengers* bestempel het. Issegrim raai hom dit af. Al verloor die Temperantiste die saak sal hulle tog nie ophou nie. Maar hy raai hom aan om Quizz te gaan spreek. Miskien weet hy ’n ander plan om die Temperantiste te takel. Hy vra hom om die brief mee te neem en gaan weg.

Going-gone vertrou die saak van die brief nie. Hy wil Andrew Everdry, wat daarlangs kom, oorhaal om die brief naar Quizz te neem. Hierdie emigrant en leerling „Tumberlantist” (toespeling op Tumbrel = Beker — F. B.) vertrou die saak ook so dadelik nie. Hy neem ’n baie aстранte houding aan soos dit iemand pas wat ’n navolger is van die metode à la vuus van Muilpeeren. As Going-gone hom

oortuig dat hy miskien 'n fooi van Quizz kan kry, en hom bowendien goed op brandewyn traktee, willig Everdry in. Ede om geen brandewyn te drink nie is immers van geen betekenis nie; daar word teenswoordig „mee-gemorst.” Intussen het Everdry die brief oopgemaak. Ons maak kennis met die inhoud daarvan. Muilpeeren gaan gewoon op sy knieë om Quizz ekskuus te vra. Hy nooi Quizz selfs uit op 'n maaltyd by hom.

Die tweede bedryf begin met 'n geheime komiteevergadering van die Temperantiste. Deur die wangedrag van sommige lede begin hul in aansien verloor. Gevalle word behandel. Jack O'Groggy sal weens dronkenskap gerojeer word. Dr. Delirium Tremens wat in die openbaar twee dosyn bierglase gekoop en daarby gesê het dat hy Punch daaruit in die winter meen te drink, se glase moet gekonfiskeer en hyself skriftelik berispe word.

Kalfachter, alhoewel deur spieritus besoedel, omrede van die feit dat Galgevogel hom naar die “Union Tavern” i. p. v. die “Temperance Union” geneem het, sal tog as afgesant van Bethelsdorp as Ridder in die Orde opgeneem word. Andrew Everdry, aangekla in grappige Duits-Hollands van Druiloor, word aangemerkt as deserteur weens sy brandewyn-drink met Going-gone. Jopie Melchior van Kortenek, wat nog daaglik handel drywe in brandewyn en dit selfs proe; en Rector Muilpeeren wat pruime, in brandewyn gelê, geëet het onder die kwinkslag dat dit verbode was om brandewyn te drink maar nie om dit te eet nie, sal beide hulself voor die vergadering moet regverdig of gestraf word.

Tenslotte word O'Groggy en Everdry se gevalle opgeskort en 'n amendement aangeneem, wat spieritus met water gemeng vir Temperantiste toelaat.

Tussendeur die behandeling moet blyk dat Krikie se belangstelling in die genootskap enkel uit 'n besigheidsverlange ontspruit. Die suiwer water wat die Temperantiste volop gebruik is die pure jenever. Ds. Humbug verheug hom aanhoudend dat die oortreders van die „Europische ras”, nie Hottentotte is nie.

In die derde bedryf is O'Candid en Macthirsty aan die skaak. Loveclaret sit daarby. Hulle ontken wat die Temperantiste betref dat “They are all very wise and their plans very fine,” maar is dit hartroerend eens dat “Believe me, my friends, there's nothing like wine” — en brandewyn! Spotvogel kom by. Hy vertel van die afdwalers uit die gelede van die Temperantiste; ook dat Quizz en Muilpeeren versoen is en saam die volgende vergadering toe gaan; en dat Kalfachter sal ingewy word. Hyself het

gesorg om by die ope vergadering te kan wees. Hy wil die Temperantiste so 'n bietjie beloer. Melchior kom binne en word tot die drink van brandewyn verlei. Hy beloof Macthirsty tot die ope vergadering toe te laat. Hulle neem Melchior in die maling om die breek van sy belofte, maar versteek hom darem as sy kollega-Temperantis, Delirium Tremens, binne kom. Ook diè word tot die drink van Punch verlei. Hy en Macthirsty raak in 'n geweldige stryery oor die kwaaië gevolge van drank. Macthirsty beskuldig Delirium Tremens van oordrywing in sy argumente; self toon hy die goeie kant van drank aan. Hulle word tenslotte baie persoonlik; Macthirsty voel beledig en sin op wraak.

Spotvogel vertrek met Delirium Tremens. O'Candid wat ondertussen weg was, kom terug en vertel Macthirsty van 'n plan van die Anti-Temperantiste om die Temperantiste tot skande te bring. Die plan is as volg.

Die Temperantiste word as voorbereidende maatreël te ete gevra by anti-Temperantiste. Die sal sorg dat hul goed bedrink gemaak word. Daarna sal die anti-Temperantiste naar die ope vergadering van die Temperantiste gaan wat na Kalfachter se inwyding plaasvind. Die Temperantiste-oortreders sal in die ope vergadering voorkom. Hulle mag verdedigers hê. Die sal uit anti-Temperantiste bestaan. Hulle sal van die geleentheid gebruik maak om die Temperantiste te ontmasker.

Ons woon 'n bakleiery by tussen Waterschuw en Galgevoegel. Droogekeel en Dronkelap probeer keer, maar met weinig sukses. Dronkenskap is natuurlik die oorsaak van alles — alhoewel die betrokkenes lede is van die Orde! Die spul wil hul verbroeder met Druiloor as een van hul „Zelschap”. Hy loop verontwaardig weg! Die ander gaan weer drink. Sipdrams kom hoogdrank op. Hy en Waterschuw, wat agtergebly het, gaan broederlik gearmd vergaderingtoe, Sipdrams al singende „Give me Woman, War and Wine”.

In die vierde bedryf word Kalfachter, in geslote vergadering, onder allerlei uitvoerig-beskrewe, geparodiëerde ridderlike gedoente, tot Ridder in die Orde ingelyf. Kalfachter self het van alles natuurlik die minste begrip!

Ds. Humbug jaag die aanwesige settlers en Hottentotte weg as te sleg in vergelyking met sy Betheldorpse eksemplaar, Kalfachter.

Die ridders verlaat die saal om hul te gaan verklee. Kalfachter hou Kriekie teë om te hoor wanneer sy vrou geridder word. „Zy moet mus ook belet worde om geen zoopies meer te drink.” Hy moet verneem dat vroue nie geridder word nie. Kalfachter verslae, bly alleen agter. Hy besluit om

Grietje te probeer dietsmaak dat sy in dieselfde bootjie as hy is, „dat zy ook geen brandewyn meer mag proeven; en dat zy stom, blind, doof en schurft zal worden as zy maar effentjies durf...

Grietje (wat haar by die aanvang van die verrigtinge onder die tafel versteek het met een van die kraffies water van die Temperantiste, dus met jenever by haar — F. B.), *het tafelkleed oplichtende en haar hoofd van onder de tafel uitstekende.*

Ja, morgen bak wy! — Grietje zal zeggen dat jy dat lieg! — want ik had alles gehoord. (Zy kruipt uit).

Kalfachter, *geheel verslagen.*

O vader Dampie, help ons dan maar!

Grietje, *in hare handen slaande.*

En Grietje zal voor jou uitlache, en gaar geen drop water meer zuip; aspres nou om jou te vererge! (*Zy slingert!*)

Kalfachter.

Ach foei toch, Grietje! — Heb jy dan nie gezien watter belofte ik daar strakkies hat moete doen, nie? Heb jy dan geen hart in jouw lyf?

Grietje.

Wat raak my jouw belofte? — Ik hat niks nie gebehoef nie! — Ikke nie”.

So'n toestand is vir Kalfachter totaal onhoudbaar, veral waar hy merk dat die ander ridders onder die skyn van water, jener drink. Hy vertrek met Grietje om sy „takkelasie” te verkoop en sopies te drink!

Die ope vergadering vind plaas. Die oortreders van die reglemente moet voor die Ridders verskyn. Die Ridders self is net goed aangedaan (as gevolg van die maaltyd), veral Ds. Humbug en Sir John Brute. Al die teenstanders is aanwesig in die vorm van publiek. Humbug hou in gloeiende woorde aan sy gehoor die kwaaië gevolge van dronkenskap voor — hoewel hy self ver heen is! Die gevalle van oortreding kom op die tapyt. Issegrim verkry vir Everdry 'n ligte vonnis, op grond van die feit dat as water met brandewyn gemeng, geen water meer mag heet nie, dan mag brandewyn met water gemeng, ook geen brandewyn meer heet nie.

Machthirstyse ongevraagde verdediging van Delirium Tremens, wat boos weggeloop het toe hy sy onvermoede beskuldiging

hoor, is aanvanklik 'n „damn with faint praise” van die beweging. Dan word Macthirsty opgewonde. Hy begin die Ridders self slegmaak. Die Ridders protesteer. Die vergadering begin wanordelik word. Sommige Ridders verlaat die saal. Om die verdedigers stil te kry word hulle die een na die ander gevra om by die Ridders te kom sit. Humbug en Brute drink hoe langer hoe meer water (jenever), en word hoe langer hoe dronker. Loveclaret se verdediging van Sipdrams, wat gerojeer word, is 'n grappige lofsang op drank. As O'Candid vir Melchior wil verdedig, verloop die vergadering in die grootste wanorde. Immers Humbug en Brute is albei stomdronk, en kan die vergadering nie meer lei nie. Die laatste van die ander Ridders verlaat nou die saal. Going-gone word tot die stoel geroep. Die anti-Temperantiste maak vreugde oor die einde van die „Temperance-humbug”. Die stuk sluit met 'n epiloog waarin Call-his-son die gehoor toespreek. Die Groot Kommandeur is aan „*Jenever-beroerte* dood, waarvan „de *Temperance* de enkele oorzaak is”. Sy lyk sal gebalsem en as „'n *Keepsake*” aan die Staatsmuseum geskenk word!

Die stuk is by die 200 pp. octavo. By sommige tonele (b.v. IV-3) kom uitvoerige beskrywinge voor. Enkele persone is soms lang aan die woord. Waar sulke gedeeltes egter met die eintlike handeling weinig te doen het kan hul beswaarlik in 'n korte opsomming tot hul reg kom.

Soos dit is, is van eintlike intriege weinig sprake. BONIFACE sê self in sy voorberig dat hy vervaardig het „een kluchtspel dat schoon ontbloot van *Intrigue*, nogtans de gelukkige eigenschap bezit van, gelyk eenen getrouwen spiegel een klein getal *Intrigans* terug te kaatsen”. Werklike intriege kry ons alleen teen die end van die stuk. Dan dien dit meer om die stuk tot 'n end te bring as tot iets anders. Ons sien hoe die anti-Temperantiste in die kamp van hul teenstanders deur lis weet te dring, en laasgenoemde roemloos uit die veld te slaan. Tog bereik BONIFACE wat hy beoog in verband met sy „intrigante”. Hoe doen hy dit?

Al is daar weinig intriege, is daar handeling genoeg. Maar losse. Die handeling dien om die reeks taferele waaruit die stuk eitlik bestaan, aan ons oë verby te voer. Ons het essensiëel 'n blyspel van situasie en nie van intriege nie.

Ongetwyfeld is dit ook die beter en natuurliker vorm vir 'n stuk met die doel en opset van *De Temperantisten*. Die skrywer wil 'n bepaalde maatskaplike verskynsel, 'n toestand wat volgens sy mening ongesond is, hekel. Kan hy dit verbind met 'n spannende intriege, soveel te beter. Noodsaaklik vir die sukses van die stuk is dit nie. Hoofsaak is die uitbeelding

van toestande: die situasie. Hiervoor is handeling 'n eerste vereiste. Intriege is bysaak ¹⁾).

Bysaak word ook die karakteruitbeelding. Van belang is die persone alleen as draers van die toestand. Hulle word eensydig en oppervlakkig voorgestel. Die neiging is om eerder tiepes as individue voor te stel.

Om saam te vat: *De Temperantisten* is 'n blyspel van situasie, met weinig intriege maar volop handeling. Toestande word skerp gehekel, maar gaan gepaard met 'n eensydige uitbeelding van persone, 'n uitbeelding eerder tieperend as individueel.

BONIFACE is in sy doel om 'n klugtige blyspel, 'n burlesk, 'n hekelstuk te skrywe m.i. wonderlik geslaag. Alles is erg gesjargeerd natuurlik, soos ons by 'n man van BONIFACE se temperament kan verwag. Tog nie so dat BONIFACE sy eie doel verby strewen nie.

BONIFACE beheers sy stof op 'n manier wat bewondering afdwing. Met alle kante van die saak, wetenskaplik, sosiaal, algemeen of plaaslik, was hy volkome op hoogte. Hy weet dit alles tot uiting te bring, sonder om ooit langdradig of wydlopieg te word. Hy weet sy saak naar alle kante kragtig voor te stel, die regte persone op die regte tyd en plek te laat spreek. Sy sjargeer kan ons geniet omdat dit, hoe sterk dikwels, byna altyd 'n genoegsame grond van waarheid bevat, om dit aanneemlik te maak. Bowendien word BONIFACE nooit te fel-verbitter of banaal-persoonlik soos in sy hekeling van DE LIMA nie. Die persoonlike elemente wat hy bybring het steeds betrekking op die geval, en is nie daar net terwille van hulself nie.

Seker van sy saak, gésel BONIFACE onmeedoënloos die dwepery en dromery, die huigelary, die oordrywing en gebrek aan werklikheidsin van sy teenstanders. Skamper veral klink sy lag as hy die Hottentotte in hulle naakte werklikheid voorstel. Dodelik honend is sy aan die kaak stel van die dwase filantropie van die dag, sy bespotting van 'n dr. PHILIP wat oorgelukkig is solank oortreders maar „geen Hottentotten” is nie, en wat die „Europiese ras” natuurlik geheel en al benede sy aandag vind. Satanies is sy genoeë as hy met vers. en kapittel in die vorm van aanhalinge in voetnote, die onmatigheid in woord, uitdrukking en handelwyse van leiers van die Matigheidsgenootskap soos JOHN FAIRBAIRN kan aantoon.

BONIFACE se krag, trouens die hele krag van die anti-Temperantiste, het m.i. ook nie gelê in suiwer teenargumente nie,

¹⁾ Vgl. *De Spaansche Brabander* van Bredero.

maar in die doeltreffende bespotting van die beweging as sulks. Die oordrywing en onnodigheid daarvan, die gemis aan werklikheidsin, die dwepery, in besonder die dikwels skrilte teenstelling tussen woord en daad van die voorstanders het volop stof tot bespotting gelewer. Ons kan seker wees dat nie al die vermelde oortredinge versinsels was nie!

Wat ons veral geniet deur die hele stuk is die sataniese skaterlag oor die hele dwase matigheidsgedoente. Fyne humor bereik BONIFACE nie¹⁾. Maar ongetwyfeld is hy soms geestig. Neem b.v.²⁾ die pruime-in-brandewyn geskiedenis van Muilpeeren as dit voor die oordeel van die Ridders kom.

„Puff.

Hoe kon zyne tegenwoordigheid van geest hem aldus begeven?

Krikie.

Wel, omdat de *geest* van brandewyn den anderen *geest* altyd op de vlugt jaagt. Weet gy dat niet?

Sir J. Brute, *half terzyde naar Krikie ziende.*

Hoor my dien lompert eens aan!

D. Humbug, *voor hem inschenkende.*

Enfin, waarde Broeders! wy moeten daarom dan den moed niet laten zakken, en ten eerste *adviseeren*... (*Hy drinkt. De bottel gaat rond.*)

Barbarubra.

Wy dienen vooraf te *moveeren*.

Bacchanalia.

En *secondeeren*.

Scotus.

En dan *resolveeren*.

Puff, *op zyn horologie ziende.*

En vervolgens *adjourneeren*.

Krikie.

Maar vooral *publiceeren*.

D. Humbug, *tegen Bacchanalia.*

De Secretaris moet alles *notuleeren*."

1) Vgl. Dr. F. E. J. Malherbe: *Humor* ens. bls. 126, wie se aandag ek destyds by hierdie werk kon bepaal.

2) IIde Bed., 3de Tnl.

Die „eerens” pas buitengewoon in die mond van die verskillende persone, nie die mins in die van die drukker, Krikie nie, steeds op sake belus!

Luister na Loveclaret teen die end van die vierde bedryf in verdediging van die dronkenskap van Tommy Stipdrums¹⁾.

„Sobere Ridders! Wy zyn niet voornemens eenen daad te ontkenen... Ja, sobere Ridders! Wy zyn dronken geweest. Dronken in de volle gramatikale beteekenis van het woord! — Edoch, .. beweeran wy dat wy ons den luisterryken tytel van Temperantisten niet onwaardig gemaakt hebben. Het was wel eene volmaakte, doch tevens eene veroorloofde, een *gentlemanlike*, — wat zeg ik — eene pryzenswaardige Dronkenschap! (*De Ridders kyken elkander met verwondering aan*). Hoe menige Koning! — Hoe menige Minister! — hoe menig lid van het Britsche Parlement! ²⁾ — Ja, hoe menige Ridder Temperantist zoude ons zulk een nobele Dronkenschap kunnen benyden! — Geen Brandewyn, geen Rum, geen Whisky of dergelyke *trash* dat met recht door het Matigheid Genootschap ter eeuwige verdelging gedoemd is, heeft tot deze Dronkenschap gecontribueerd; — het was een *Wyn-dronkenschap*, sobere Ridders! — en van welke soort wyn nog al! — Buitenlandsche wyn, loutere *claret* die myn Client uit zuivere patriotismus³⁾ tot eene enorme quantiteit heeft ingezwelgd, teneinde men daaraan zynen yver mogte zien om spoedig alle soortgelyke vreemde vochten van de tafel onzer Kolonisten te doen verdwynen, opdat de Kaapsche wyn alleen het slagveld moge behouden. Nu, vraag ik, (wanneer men in aanmerking neemt zoo als elk weldenkend mensch behoort thans te doen, *the depressed state of the wine trade*) kan men een grootere blyk van Vaderlandsliefde geven, dan zich aan alle de smertelyke gevolgen der dronkenschap te...” (Hy word stil gemaak).

Die grappige is 'n opvallende kenmerk van die stuk. In besonder kom dit uit waar Hottentotte optree. Nie dat dit nie soms dik opgelê is veral in woord- en sinspelinge nie⁴⁾! Maar oor die algemeen getuig dit van skerp obserwasie aan die kant van die skrywer, met 'n besondere oog vir die komiese in die onderlinge verhouding van kleurlinge. Neem b.v. die volgende met die oog op die soepelheid van Hotten-

¹⁾ 'n Mens dien in die oog te hou dat die ridders self reeds byna almal erg onder die invloed van sterke drank was; verder dat die Mat. Gen. wel geywer het vir die verbanning van sterke drank maar nie van wyn nie.

²⁾ Almal fyn steke op die Britse trots op „home” — en sy volmaaktheid!

³⁾ Steke op die gebruik van buitelandse wyn terwyl eie industrie in 'n haglike toestand verkeer.

⁴⁾ Sien verder.

totse huweliksbande ¹⁾. Quizz vra aan Grietje of sy saam met Kalfachter by die *Union* moet wees.

„Grietje.

Ja, Minneer; ik en myn man, zaam.

Quizz, *op Kalfachter wyzende.*

Is die vent uw man?

Grietje.

Hy is nou myn man ja.” (Lê nadruk op die woord „nou”!—F.B.)

Kostelyk is die bakleitoneel ²⁾. Galgevogel, Droogekeel, Waterschuw en Dronkelap kom op — goed lekker. “*Waterschuw in eene groote Hottentotsche gramschap, komt met zyne uitgetrokken baatje op; smvt het op den grond; rolt zyne hemdsmouwen op; stelt zich in postuur om te vechten, en roept uit: Kom nou! — Ik is nou klaar voor jou. — Kom nou!* .

Galgevogel, *die door Dronkelap wordt tegengehouden.*
En wat wil jy maak?

Waterschuw.

Wel kom nou, as jy een kerel is!

Droogekeel, *tegen Waterschuw, dien hy tracht tegen te houden.*
Ach! moe toch nie bakkelyen nie!

Galgevogel *tegen Dronkelap.*

Laat voor my los! — Weg! (*Hy wil zich los wringen*).

Dronkelap.

Ik wil nie.

Waterschuw *tegen Galgevogel.*

Ik wil jou kloppen dat jy geen raad weet.

Galgevogel.

Jy, voor my kloppen? — Jy?

Waterschuw, *zich met de vuist op de borst slaande.*
Ja, ik!

Droogekeel, *altyd voor hem staande.*
Dampie, luister!

Galgevogel.

Als ik jou kryg, Waterschuw!

¹⁾ I-2.

²⁾ III-7.

Waterschuw.

Nou kom! — Ik is mus klaar.

Galgevogel.

Ik sla-je al jouw tanden uit je smoel.

Dronkelap, *hem altoos tegenhoudende.*

A-ch! watter gekkigheid! Moe nie.

Waterschuw.

En ik trap op je pens dat je de darmen de keel uitvliegt".
Ens.

In hoeveel dorpe in die Westelike Provinsie word nie gereeld nog sulke tonele afgespeel nie! Wie, wat dit meege-
maak het, herken nie direk die lewende woord, uitdrukking
en gebaar, die tiepiese kleurlingsnoewery nie!

Dink ook aan die toneeltjie waar Kalfachter ontdek dat
drank wel vir hom, maar nie vir Grietje verbode is nie!

Ook afgesien van die Hottentotte het ons veel grappigs.
Besonder klugtig is b.v. die openbaring van Delirium Tremens,
niks minder as "Hoofd-Medicus" van die Orde nie, se oor-
treding in verband met sy Punch-voornemens.

"Puff *vervolgt.*

Verder verklaarde de Deponant dat de naam van dezen
Punch-drinkende Temperantist is: 'Delirium Tremens'.

Allen *met de grootste verwondering.*

Ah!.....

Sir J. Brute, *opstaande en de handen in elkaar slaande.*

De!.....

D. Humbug, *ook zoo.*

Li!....

Kriekie, *ook zoo.*

Ri!....

Bacchanalia, *ook zoo.*

Um!....

Scotus, *ook zoo.*

Tre!....

Barbarubra, *ook zoo.*

Mens!....

Puff, *ook zoo.*

Delirium Tremens.

Allen laten zich met de diepste droefheid op hunne stoelen vallen; en dekken hunne aangezichten met hunne zakdoeken. Een oogenblik stilte.

D. Humbug, *op een klagende toon.*

Onze Hoofd-Medicus!" Ens.

Verder doen ek enkele aanhalings uit D. Tremens en Macthirsty se geleerde redetwistery. 'n Besonder goeie greep van die skrywer is om Spotvogel, as derde persoon, allerlei aanmerkinge tussendeur te laat gooi. Om afwisseling aan te bring is dit besonder goed geslaag.

„Macthirsty.

Hebt gy niet, in uwen yver om de verwoesting te beschryven welke de *Bibendi-intemperantia* aanrigt, positief gezegd dat de meeste uwer Patiënten een maal door *Delirium Tremens* aangegrepen nimmer weder op de been kwamen? ¹⁾

D. Tremens, *met eene verkropte gramschap.*

Mynheer!

.....

D. Tremens.

Gy zyt een *Satiricus!* Zult gy er niet in toestemmen dat de Onmatigheid vele ziektes na zich sleept?

Macthirsty.

Res ipsa loquitur. — Doch, er zyn ook vele soorte van *Onmatigheden*, zoo wel in 't *moralis* als in 't *naturalis*, waarvan de eene meer, de andere minder gevaarlyk is. Byvoorbeeld, het *Onmatig werken* brengt voort eene *Subita nervi solutio* of plotselinge verslapping der zenuwen.

D. Tremens.

Of anders gezegd: verval van krachten.

Spotvogel.

En men sterft er ook van", ens.

'n Bietjie dik opgelê en grof, maar met sprekende vergelykinge wat 'n Afrikaanse leser besonder moes amuseer, is b. v.:

„D. Tremens, *Met eene toenemende doctorale drift.*

Wel! hebt gy dan niet in vele gevallen de *Cellulosa Tunica intestinorum* geheel verkrompen als eene uitgedroogde varkensblaas; de *Columnae cordis* zoo slap als een koekmakkerank;

¹⁾ Vgl. *C. Adv.* 1 en 8 Feb. 1832. Vandaar die naam D. T. vir Dr. Bailey. 'n Steek natuurlik op sy beroepsbekwaamheid

de *Festula pulmonalis* vol swarte vezeltjes als een ongeveegde schoorsteen . . . gevonden?"

Duidelik blyk hoe uitstekend die dialoog van BONIFACE is. Steeds is hy vlot; hy sê nooit 'n woord teveel nie; hy weet die regte woord in die mond van die regte persoon te lê. Sy Nederlands is uitstekend, skitterend selfs as ons bedink dat hy sy kennis daarvan aan die Kaap opgedoen het¹⁾. Dis 'n waardige voortsetting in die lyn van *De Burger Edelman*. Dit ontbreek natuurlik nie aan Afrikanerismes nie. So woorde en uitdrukkinge as: Basta!²⁾, myn mond watert³⁾, hy schenkt voor hem (= zich) in⁴⁾, Regt⁵⁾!, te lollen⁶⁾, ens. Iets werklik besonders bereik BONIFACE waar hy die volgende stukkie retoriek in die mond van Ds. HUMBUG — reeds half beskonke — lê⁷⁾:

„Ah! (*Hy veegt weder zyn mond af*). Nu begint Temperantia eensklaps hare weldadige vleugels over den ganschen Aardbodem te verspreiden, en ons in de Amerikaansche taal met de bazuin der Faam op eene donderende wyze toe te roepen. (*Hy slaat met zynen vuist zoo geweldig op de tafel dat alle glazen springen en rinkinken*) . . . Dat het onmatig gebruik van gedistilleerde dranken den mensch onvermydelik naar de dronkenschap, van de dronkenschap naar de werkeloosheid, van de werkeloosheid naar de armoede, van de armoede naar de wanhoop, van de wanhoop naar de krankzinnigheid, van de krankzinnigheid naar de beestachtigheid, van de beestachtigheid naar de ongeneeslykheid, van de ongeneeslykheid naar den dood, en van den dood naar den duivel voert! Deze droevige waarheid die zich sedert de schepping voor onze oogen had verborgen stygt nu plotselings omhoog als een allerschitterendste meteor, en na het ander halfroond verlicht te hebben, komt nu van de oevers van het meer Ontario naar dit land der duisternis, der onkunde, der wreedheid, der verdorvenheid aanzweven!" ens.

BONIFACE se weergawe van die Afrikaans van die kleurlinge, soos ons dit reeds gesien het, is die lewende woord warm van hul mond opgevang. Hy moes 'n man van besondere opmerkingsgawe gewees het. Sy kleurlingtoneeltjies van die Kaap laat ons dink aan BREDERO se volkstoneeltjies uit Amsterdam: so suiwer van milieu, so waar en skerp van karakterisering.

Die tegniek van die stuk is voortreflik. BONIFACE se jarelange ervaring as speler, toneelmeester en toneelskrywer sal hom

1) Vgl. Toewyding. 2) Veel meer as in Hollands, bls. 68 e. v.

3) Bls. 26. 4) Bls. 79 e. v. 5) Bls. 87. 6) Bls. 176.

7) Bls. 177. Hier sal Boniface ook werklike uitinge van Philip tot leiddraad gehad het, maar hy weet dit besonder goed vir sy doel om te skep.

besonder te stade gekom het. Die indeling van die bedrywe en tonele is logies, doelmatig en eweredig¹⁾; die voorstelling verflou nooit; die handeling bly konsekwent; die afwisseling van persone en tonele is juis gesien. Wat ook al gebeur of watter persone optree, alles is ondergeskik aan die skrywer se een oorweldigende begeerte: om die gehate Matigheidsgenootskappers deur sy spot te verbrysel. Dit bly die onveranderlike leidster, die gedurige kompas, die vaste leidraad wat hy nooit uit die oog verloor nie. Vandaar die groot eenheid van die stuk trots alle verskeidenheid; die dramatiese bereiking, wat die stuk ongetwyfeld het. Ons voel saam met BONIFACE dat die teenstanders vermorsel is — en dit verdien!

Die stuk is eintlik geskrywe om gelees²⁾ te word, maar dit behoort m. i. ook 'n besonder speelbare stuk te wees.

Ek het al daarop gewys hoe die karaktertekening ondergeskik is aan die skrywer se „leitmotiv”: die hekeling van die genootskappers. Karakterontleding van belang val dus nie te verwag nie. Die persone is tiepes, of die verpersoonliking van tiepiese eienskappe, soos hul name reeds aandui. So is Philipumpkin die aartshumbug en Hottentot-bewonderaar; Muilpeeren die man wat graag muilpere (klappe) uitdeel; Brute die man van brutale, onbeskofte baasspelerige optrede; Druiloor 'n vervelende trekpot; Spotvogel 'n spotter, ens.

Soms word die tieperinge oordrywe³⁾. Maar oor die algemeen kan ons sê is hulle besonder geslaag, word hulle goed volgehou, en dien inderdaad alleen daartoe om die hooftema uit te werk.

Terselfdertyd het ons in hierdie tieperinge in sekere sin die mins oorspronklike gedeelte van BONIFACE se werk. Almal was bekende persone met besondere eienaardighede. BONIFACE gee hul weer tot op uiterlike kentekens toe⁴⁾. Met die lewende voorbeelde voor hom, was die karakterisering minder moeilik. Tog moet 'n mens BONIFACE bewonder vir sy selfbeperking. Hy gee alleen soveel persone en eienskappe as wat nodig is vir sy tema; hy vermy alles persoonliks behalwe wat nodig is vir sy onderwerp. Natuurlik moet 'n mens sy uitbeelding bewonder; die rake opmerkingsgawe wat ook hier in grote mate geld.

Dit geld wat die Temperantiste en anti-Temperantiste betref. Die Leerling-Temperantiste en Hottentotte is nie tieperinge van bepaalde persone nie, maar abstraksies, algemene tiepes. O'Groggy, Sipdrams en Everdry is die tiepe van dronk „settler”.

¹⁾ Die „disproportie” waarvan hy in die “Voorberigt” gewag maak het my by die lees heeltemal nie opgeval nie.

²⁾ Vgl. III-4, bls. 103.

³⁾ Vgl. dr. Philip bls. 165.

⁴⁾ B.v. Quizz (I-1); Going-gone I-7; Spotvogel Bls. 85; Barbarubra - Boksbaard bls. 41 e. v.

Van afsonderlike karakterisering is geen sprake nie. Die name sou sonder om die minste verwarring te veroorsaak kan verwissel word. Hulle is soortgelyk in hulle besondere astrartheid, liefde vir drank en verbroederingsin met die kleurlinge.

By die Hottentotte kry ons meer verskeidenheid van tiepe. In Galgevogel en Waterschuw, by die eerste iets meer as by die tweede, kan ons die tiepe van Hottentot, altyd veglustig in dronkenskap, onderskei van die ander, die vreedamer en lafhartiger tiepe. Griet Drilbouten is die onvervalste deursneetiepe van Hottentotmeid. Gemeenskaplik aan almal is natuurlik hul sug naar drank. Buitengewoon geslaag is hierdie tiepes. Die minste van alle persone in die stuk, indien wel, ly hulle aan karikatuur. BONIFACE het sy „volkies” goed geken. Ek weet van geen dramatikus na BONIFACE — en hul aantal is legio —, wat BONIFACE in sy uitbeelding van die kleurlingtiepe, vandag nog vrywel dieselfde as toe, oortref nie.

Ek kan my voorstel dat die stuk met sy onverbloemde voorstelling van persone en gebeurtenisse, vir die tydgenote, veral die anti-Genootskappers, geweldig vermaak moes verskaf het. Gaan ons die feite na ¹⁾, soos die hul werklik voorgedoen het, vind ons dat daar inderdaad stof te oor was vir 'n teenstander om tot 'n flinke hekelstuk te verwerk. Die openbare vergadering was sonder enige twyfel gekenmerk deur 'n besonder onverdraagsame gees en beledigende optrede van leiers soos PEARS en FAIRBAIRN teen andersdenkendes. Die *Commercial Advertiser* het hom sekerlik te buite gegaan in sy veroordeling en uitskel van die gedrag van anti-Genootskappers in die vergadering. BONIFACE verwys self daarnaar, dat baie van die sterkste woorde en uitdrukkinge wat hy gebruik, uit die mond of die pen van voorstanders van die Matigheidsbeweging afkomstig is. Dit ly ook geen twyfel nie dat daar gegronde besware was teen 'n dergelike beweging. Onder die vaste blanke bevolking aan die Kaap was dit nie nodig nie; intendeel 'n belediging vir hulle. Die manier waarop die beweging die kleurlinge wou reghelp was sinloos. Bowendien kon dit die wynhandel, reeds in 'n beroerde toestand, alleen kwaad doen. Geen wonder dat dit die hele Hollandssprekende bevolking, die wynproduseerders en matige drinkers van gewoonte, asook die wynhandelaars en gereelde drinkers onder die Engelse, op hul agterste pote gebring het nie. Hulle het die beweging beskou, en essensiëel tereg, as weer een van die oordrewe vorms van Metodisties-filantropiese „genootskapperij” ²⁾ waarmee die Kaap, deur die

¹⁾ Vgl. *C. Adv.* 5 Nov., 17 Des. '31; 1, 8 Feb. '32 e. v.; *Z. A.* 9, 16 Des. '31 e. v.

²⁾ Vgl. *Z. A.* 9 Des. '31.

bedrywighede van sendelinge en hul geesverwante, reeds te veel behep was. Stuitend vir die blankes was in besonder die gedurige gelykstelling van wit en swart deur die „verbroederende” filantropie.

Die groot gros van die blanke bevolking was dus teen die beweging. Vanwaar dan die kennelike bedugtheid daarvoor? Die klompie filantropie wat daar agter gesit het, was klein maar invloedryk. In offisiële kringe in Engeland, en dus in die Kaap, het hulle vrywel alles te sê gehad. Dr. PHILIP was eintlik jarelank die wesenlike regeerder in Suid-Afrika. Dat die vrees nie ongegrond was nie bewys die feit dat die eerste ordonnansie ¹⁾ teen publieke dronkenskap uit dieselfde tyd is.

Op stuk van sake het ons die ou botsing: die praktiese sienswyse van die inheemse bevolking tenoor die teoretiese van 'n groep nuwe inkooplinge ²⁾. Dat die Matigheidsgenootskap per slot van rekening weinig sukses moes hê, is duidelik. Die stroom van teenstand was te sterk. By 1834 was die Genootskap afgeskaf ³⁾.

Terselfdertyd was die teenstand van die anti-Genootskappers nie altyd bo kritiek verhewe nie. Om, soos BONIFACE doen, die Genootskappers alléén as huigelaars en eersugtiges te wil uitmaak is kennelik oordrewe en onbillik. Mense as FAIRBAIRN, BAILEY, PHILIP was ongetwyfeld opreg in hul strewe, en was enkel met die beste bedoelinge besiel. Dat hul daarby oordryf, te fel en takloos opgetree, die werklikheid nie raak gesien het nie, is 'n ander saak. Ondertussen bly dit waar dat nie alle voorstanders hulle eie leerstellinge geëerbiedig het nie ⁴⁾.

Begin Junie kondig BONIFACE sy stuk aan ⁵⁾. Dit sal in die loop van de maand verskyn; die skrywer het „kosten even min als moeite” gespaar (enigsins in teëspraak met sy „Voorberigte” ⁶⁾); die stuk is op „fraai papier” gedruk, oor die 200 pp. groot, „daarenboven met een op koper gegraveerd Titelblad en Vignette versierd”. By verskyning sal dit 5 Rds. kos, maar intekenaars voor 15 Junie sal dit teen 4 Rds. kry. Dit verskyn tenslotte om één uur namiddags 29 Junie 1832.

Goeie prys, noukeurige tydsaanduiding, persoonlike aftekening van die eksemplare (teen ongeoorloofde nadrukke) deur BONIFACE, wys daarop dat die stuk met baie belangstelling verwag is. Sukses moet dit gehad het om te oordeel naar die woede van die *Commercial Advertiser* teen BONIFACE ⁷⁾,

¹⁾ *C. Adv.* 28 Jul. '32.

²⁾ Die feit dat die teenstand by uitstek van die Hollandse groep kom, die vòórstaan van die Engelse groep, roep ook die rasseteenstelling in die lewe. Vgl. *Z. A.* 6 Jul. '32.

³⁾ *Z. A.* 3 Jan. '34.

⁴⁾ Vgl. *Z. A.* 3 Jan. '34.

⁵⁾ *Z. A.* 1, 8 Jun. e. v.

⁶⁾ *T. a. p.* bls. 193.

⁷⁾ *Z. A.* 6 Jul. '32.

sowel as naar die feit dat daar geen verder reklame van die stuk gevind word nie. Dit was blykbaar gou uitverkoop. Ander dinge bevestig dit. BONIFACE se hernude toneelbedrywigheid na *Honi* begin met *De Temperantisten*. In 1834 word van *Clasius* baie ophef gemaak as BONIFACE se „nieuwe kluchtig treurspel”¹⁾. In 1891 word BONIFACE nog geroem as Hollandse dramaturg kragtens hierdie stuk en *Clasius*²⁾.

Maar die beste bewys vir die sukses van BONIFACE is dat hy navolging uitgelok het. So verskyn in die *Zuid-Afrikaan* van 10 Augustus 1832, 'n stuk deur „Equity (Regtmatigheid” oor die reis en lotgevalle van sekere *John MacSycophant* (*Jan Pluimstrykers* zoon, kennelik op JOHN FAIRBAIRN bedoel), wat met Synagoge-hulp (die Engelse Eerwaardes) die sterk man Bacchus wil bedwing. Gees en opset van die stuk, kensketsende name soos MacSycophant, MacRuddyface ens. herinner aan BONIFACE. Die stuk is duidelik in Engels geskrywe en in Hollands vertaal. Dit verskyn in albei tale. Ewe duidelik is dit nie van die hand van BONIFACE nie. BONIFACE sou sy identiteit nie versteek het nie; bowendien sou hy in Hollands geskryf het; en veral iets beters gelewer het.

h. Door Yver bloeit de Kunst.

Die geesdrywery en dwepery van die Metodistiese filantropie wat in verband met die drankkwessie so'n verset aan die kant van die burgery, die Hollandse in besonder, uitgelok het, skyn ook andersins beroering in die maatskaplike watere te gebring het. In reaksie vermoedelik op die oordrewe godsdienisywer en genootskappery van die vorige paar jaar, en aangemoedig deur die geslaagde verset in die drankvraagstuk, sien ons 'n hele maatskaplike herlewing op gebied van vermaak in 1833. Die koms van 'n nuwe Goewerneur wat ruimer gestaan het teenoor gesonde vermake as sy voorganger³⁾, sal 'n groot meewerkende faktor gewees het. Die herlewing toon homself op allerlei gebied: bals⁴⁾, konserte⁵⁾ en toneel. Die herlewing op toneelgebied is in besonder merkbaar onder die Hollands sprekendes. Naas *T. N. en V.* ontstaan 'n nuwe geselskap aan die Kaap. Tot op Stellenbosch waai die geesdrif oor⁶⁾. „Het Hollandsch nieuw Tooneel Gezelschap *Door Yver bloeit de Kunst*”, speel „tot genoeg van het publiek”⁷⁾ op Saterdag 10 Augustus⁸⁾ in die Afrikaanse Skouburg (ook hierna): *De Jeugd van Hendrik den*

1) Sien bls. 322. 2) *Z. A.* 19 Des. 1891. Gespeel, maar nooit gedruk nie.

3) Sien bls. 194, 231.

4) *C. Adv.* 17 Apr. '33 e. v.

5) *Z. A.* 31 Mei '33 e.v.; *C. Adv.* 22 Jun. '33 e.v. 6) Sien bls. 253 e. v.

7) *Ned. Z. A. Ts.* Jul.-Aug. 1833 bls. 314.

8) *Z. A.* 29 Aug. '33; *G. G.* 9 Aug. '33; *C. Adv.* 7, 10 Aug. '33. Ook Sats. in vervolg.

Vyfde, Bs. in 3 Bed., naar die Frans van DUVAL, en *De Helleveeg*, Ks. in 2 Bed. van A. LOOSJES. Die heer T. J. VAN DER CHYS, Kerkstraat 7, het die reëlinge in hande.

Die tweede voorstelling word vir 31 Augustus aangekondig ¹⁾ en terselfdertyd word *Clavigo* (GOETHE) te leen of te koop gevra. Die voorstelling vind egter plaas op 7 September ²⁾. *Clavigo*, Tsp. in 5 Bed., word opgevoer, tesame met *De Prins Schoorsteenveger en de Schoorsteenveger Prins*, Bs. in 2 Bed. naar die Frans (skrywer anoniem). „Tusschen de beide stukken zal door een jonge Zuid-Afrikaan, binnen deze stad geboortig, en die nooit uit de Kolonie is geweest, op het *Slappe Koord* worden gedanst” ³⁾. Dis 'n soort tussensnummer deur *All the World* begin, wat baie populêr geword het ⁴⁾. Dis die eerste vermelde geval van 'n Afrikaner in variété en op die slappe koord. Reeds die volgende maand het *T. N en V.* twee Afrikaners wat dieselfde kuns uithaal ⁵⁾. Dis 'n waar bewys van Afrikaanse leervaardigheid.

Die voorstelling moes 'n sukses gewees het. Op 28 September word *Clavigo*, op besondere versoek, herhaal; ook die koord-danse. As nastuk volg *De Verwisseling*, Kl. Bs. in 2 Bed. naar die Hoogduits van VON GUTTENBERG ⁶⁾.

P. A. LEY word genoem as sekretaris van die geselskap.

Tot 1849 bestaan geen geselskap meer van hierdie naam nie.

i. Vlyt en Kunst.

Sedert 1834 bestaan 'n geselskap *Vlyt en Kunst*, waarby J. T. VAN DER CHYS dieselfde funksie as by *D. Y. b. d. K.* beklee. In 1835 heet dit dat *V. en K.* al drie jaar bestaan ⁷⁾, wat alleen moontlik is as *D. Y. b. d. K.* se bestaentyd daaronder gereken word. Tenslotte is die aankondiging van die eerste voorstelling van *V. en K.* 'n duidelike bevestiging van die veronderstelling dat *V. en K.* as 'n voortsetting van *D. Y. b. d. K.* moet aangesien word.

Waarom dan die naamsverandering? Ek glo ons moet aan 'n rekonstituering dink. BONIFACE sal tot dusverre meegehelp het al word hy nie genoem nie. Van 1834 is hy die onbetwisbare leier. Dat met sy verandering in funksie 'n hele reorganisasie gepaar gaan, hoef geen verwondering te baar nie.

Onder die patronasie (ook hierna) ⁸⁾ en in die teenwoordigheid van goewerneur en lady D'URBAN, hoofregter sir JOHN WYLDE e.a., word op 12 April ⁹⁾ deur die „Privaat Hollandsch

¹⁾ *C. Adv.* 21, 24 Aug. '33. ²⁾ *Z. A.* 6 Sept. '33. ³⁾ *C. Adv.* 7 Sept. '33.

⁴⁾ Sien bls. 227; *T. N. en V.* ook, bls. 246.

⁵⁾ Sien bls. 247.

⁶⁾ *C. Adv.* 21, 25, 28 Sept. '33; *Ned. Z. A. Ts.* Sept.-Okt. 1833, bls. 306.

⁷⁾ Sien bls. 334.

⁸⁾ Van Gowr. en vrou wel te verstaan.

⁹⁾ *Z. A.* 11 Apr. '34; *C. Adv.* 9, 12 Apr.; *Ned. Z. A. Ts.* XI - 1834. Sats. ook hierna.

Toneel Gezelschap *Vlyt en Kunst*, voor hunne Eerste Representatie in dit saizoen" ¹⁾ opgevoer: *Het Schandmerk, of De Twee Galeiboeven* (BOIRIE, CARMOUCHE en POUJOL), Beroemd Tsp. in 3 Bed., uit het Fransch vertaald door JAN DE QUACK; gevolgd door *Het Dorp aan de Grenzen, of De Hollanders en de Brabanders*, Schets uit den tegenwoordigen tyd, (1831), Bs. met zang (Vaudeville), gedeeltelyk met nieuwe Muzyk, alhier gecomponeerd, in 2 Bed. door Mr. J. VAN LENNEP, advokaat te Amsterdam. By deze Vaudeville zullen eenige Muzykale Liefhebbers speciaal assisteren." V. D. CHYS en GREIG het die lootjiesbedeling in hande, die plek van opvoering met weinige uitsonderinge word aangegee as die „Liefhebbery Toneel — Amateur Theatre”, ook in die toekoms.

Die verslag hieroor sê: „Het Muzykaal Liefhebbery Gezelschap heeft op eene voortreffelyke wyze het orchest by die gelegenheid vervuld. Het huis was *stil*, een punt van groot aanbelang, dat het Engelsche Liefhebbery Gezelschap wel zoude doen na te volgen — *Advertiser*" ²⁾.

Op 24 Mei volg ³⁾ — Goewerneur ens. weer teenwoordig — *Robert Maxwell, of De Offerdood*, „beroemd Tsp.” in 3 Bed. deur KOTZEBUE, en *De Wonderdoctor*, Ks. in 3 Bed. van MOLIÈRE. „Eenige Muzykale Liefhebbers hebben zeer vriendelyk beloofd het Gezelschap gedurende dit Wintersaizoen in 't orchest te assisteren.” Die verslag van die voorstelling vermeld ⁴⁾: „Alle rollen . . . werden met bekwaamheid gespeeld en de jonge lieden deden hun uiterste best, waarin het bleek dat zy volkomen slaagden door de herhaalde applaudissemerten der toehoorders. Tusschen de stukken werd *De Gekwetste Reputatie, of Het Komediellootje*, een nieuw geschiedkundig kluchtig treurspel, door den Heer C. E. BONIFACE aangekondigd.”

Uit hierdie mededeling blyk drie belangrike dinge: die geselskap bestaan essensiëel uit nuwe, jonge kragte (die kinders van omstreeks 1825) ⁵⁾; BONIFACE beheer die geselskap; BONIFACE en DE LIMA is weer aanmekaar, want *Het Komediellootje* is teen DE LIMA gerig ⁶⁾.

Op 4 Julie ⁷⁾ word aangekondig aan „alle personen die

¹⁾ Hierdeur die gevolgtrekking dat hulle reeds tevore gespeel het.

²⁾ *Ned. Z. A. Ts.* Maart, Apr. 1834, bls. 159.


³⁾ *Z. A.* 26 Mei '34; *C. Adv.* 17, 21, 24 Mei. '34.

⁴⁾ *C. Adv.* 31 Mei '34.

⁵⁾ *Sien* bls. 282, 295 (Ballette) o. a. J. J. de Kock, nou Sekr. van *V. en K.*; vgl. bls. 118.

⁶⁾ *Sien* bls. 121, 263.

⁷⁾ *Z. A.* 18 Jul. '34.



2000 20000000



(Foto A. ELLIOTT, Kaapstad).

Spottekening van J. SUASSO DE LIMA in *Clasius*.

verlangend zyn, het nieuw Nastuk, door den Heer BONIFACE *De Gekwetste Reputatie*'' ens. te sien, dat hoegenaamd geen lootjies aan die deur van die Skouburg verkoop sal word nie, maar om alle ongereeldhede te voorkom, lê daar 'n intekenlys gereed. Tot voorstuk is die Sweedse (in die Engelse advertensie heet dit „Swiss”) *De Vaandrig* (van SCHRÖDER is naar die Duits), Bs in 3 Bed. gekies. Die voorstelling sal in die loop van die maand plaasvind.

BONIFACE verwag dus grote toeloop, mede deur die roem van sy vorige klugspel: *De Temperantisten* ¹⁾.

Op 19 Julie vind die voorstelling in die Afrikaanse Skouburg plaas²⁾. Die stuk op DE LIMA kry sy finale en meerbekende naam: *Clasius, of Het Proces om een Komedielootje*, in 2 Bed. met liedere. P. A. LEY neem die plek in van VAN DER CHYS. 'n Liefhebberymusiekgeselskap assisteer.

Clasius is nooit gedruk nie, maar word in verskeie keurige manuskripte in Kaapstad teruggevind³⁾.

Vóór die tietelblad het ons 'n waterverftekening van DE LIMA in blou manel met wit broek aan, half-hoë hoed — voor afgeslaan — op, donker skoene aan, 'n rooi boek onder die arm en 'n stok in die hand. (Vgl. afbeelding). Mooi is hy ongetwyfeld nie en seker gelyk hy iets op 'n bobbejaan. Tegeelykertyd het hy so'n goedige uitdrukking op sy gesig dat dit swaar val om te begryp hoe hy soveel vyandigheid kon verwek het.

Op die tietelblad staan „*Clasius, of Het Proces om een Komedie-Lootje*. Kluchtig en Geschiedkundig Treurspel. In Twee Bedryven door BONIFACE.” Daar volg 'n tekening van 'n byekorff met die Oog van God daarbo. Daaronder staan: *Vlyt en Kunst* — 1834.

Die „Personen” van die stuk is:

„*Clasius Stupidibus Bavianus* een hoog befaamd Juris Doctor, Dichter, Drukker, Boekhandelaar, Taalmenger, Toneelmeester, Almanakmaker, Kunstplatenverkoper, Tolk, Nieuwsfabrikant, Boodschaploper, Brievenbesteller, Logogriphi-Charade Graf-schriften, en Nieuwjaarswenschschryver . . . [DE LIMA⁴⁾].

¹⁾ Sien bls. 320; en die woord „nieuw.”

²⁾ *Z. A.* 18 Jul. '34.

³⁾ Ek is my besondere dank verskuldig aan eerw. A. Dreyer van Kaapstad vir die vriendelike wyse waarop hy my sy eksemplaar ter insae verleen het. Dit is 'n besonder keurige eksemplaar. 'n Ander een berus in die Openb. Bibl. Kaapstad.

⁴⁾ Die persone deur die verskillende karakters voorgestel staan so aangegee in die eksemplaar in die Openb. Bibl. Kps. Dit is ingeskrywe deur 'n vroeëre besitter van die eksemplaar.

*Leonora Klipkuil*¹⁾, zyne hospita en beschermerster [LEENTJE THERON.]
Nollie, haar zoon [ATT. DICKSON.]
Poffier Blaasbalg, een huisvriend van Leonora [P. v. BREDA²⁾.]
James Lawshark, een kleine Regtsgeleerde,
 doch groote Raadgever [BYRNE, COLLECTOR³⁾.]
Roeper, een Gerechtsbode
Moorman, een Schout [MOORE⁴⁾.]

Het tooneel speelt te Kaapstad in het huis van Leonora, en vertoont een klein benaauwd vertrek dat niet alleen armoedig gemeubileerd, maar ook in de grootste wanorde is. Men ziet er onder andere, twee ongelyke stoele, een houten bank, en eene lende lamme tafel, in het midden van het Toneel geplaatst, waarop verscheidene oude boeken, eenige brochures, eene party couranten, en allerlei prullen leggen. De vloer van de kamer is buitendien bezaaid met brokken van geschreven papier, en aan een der zyde schermen is een gedicht geplakt, waarvan de titel zoo groot geschreven is dat de aanschouwers duidelyk kunnen lezen de woorden *Limaçon Herrezen*".

Die eerste bedryf open met Leonora en haar huisvriend, Poffier Blaasbalg, in gesprek. Clasius is weg om 'n lootjie vir die komedie te haal. Dit sal hom waarskynlik geweier word. Dan sal hy 'n saak maak en skadevergoeding eis op grond van die feit dat die weiering 'n aanranding van sy goeie naam is.

Clasius en Nollie, Leonora se seuntjie, kom terug. „Clasius, zeer gaauw en met eene schelle stem sprekende, nypt nu en dan zyne oogen toe als hy lagt, en als hy denkt iets geestigs gezegd te hebben, steekt hy zyne beide handen in zyn huntingjackets zak; en maakt een soort van Pirouette op een been.” Clasius vertel dat hy Nollie met die geld vir die lootjie gestuur het. Dis hom geweier. Leonora wil dat Nollie nou sy verhaal van die weiering vertel. Dit vlot moeilik. Blaasbalg en Clasius val hom onophoudelik in die rede. Tenslotte word Leonora so kwaad dat sy met Nollie alleen gaan, na eers Clasius 'n oorveeg en Blaasbalg 'n stamp op sy buik te gegee het. Clasius deel Blaasbalg sy verdere plan de

¹⁾ Geen getroude vrou nie. Op bls. 47 e. v. word sy aangespreek as „Miss Klipkuil”. Op Bls. 49 e. v. doen sy 'n eed „nooit te trouwen.” Vgl. bls. 263.

²⁾ Vermoedelik Pieter van Breda, Alexanderson, tanner 15 Hottentot square (*Alm. de L.* 1836).

³⁾ Alexander Byrne, instructor freeschool „Keeromstreet?” (*Alm. id.*).

⁴⁾ Edward Moore, messenger of the resident magistrate ens. (*Alm. id.*).

campagne mee. Hy sal die geregsbode vir 'n lootjie stuur. Die geselskap weier weer. Dan wil hy (Clasius) die rede weet. Hulle weier om dit te gee of sê iets slegs van hom. Dan — „Ik laat de verkooper der Lootjes, de Drukker derzelve, de Directeur van het Gezelschap, de Secretaris, de Tresourier, de Commissarissen, het gansche Gezelschap, met Deurwaarder, Souffleur en Parukmaker dagvaarden . . . wikkel dien in een proces van injurie . . . verkryg reparatie van eer met ampele schadeloosstelling.” Die geregsbode, Roeper, daag op. Ook hom is 'n lootjie vir Clasius geweier. Hy wil sy relaas van die gebeurde oorhandig mits hy „substantieele kroonen” kry. Clasius gaan dit vra by Leonora. Roeper oorhandig ook 'n kopie van Lawshark se „sommatie”, in opdrag van Clasius, vir die skadevergoeding. Clasius gee die kopie aan Blaasbalg om te lees, wat net waar hy kan dit opsetlik verdraaid of verkeerd voorstel, om Clasius kwaad te maak. So lees hy „P.S.dichter” as „poes-pas dichter” i. p. v. „Popularis ens.”; „almanakdrosser” i. p. v. „maker”; „Gezwolene Knol” i. p. v. „Gezworene Tolk,” ens. Clasius eis tot skadevergoeding 'n „somma van 20 Pond St.” — wat Blaasbalg, in die eienaardig verkorte vorm, verkies om te lees „S-t.” d. w. s. 'n ruwe woord i. p. v. „sterling”. In 'n histeriese lagbui oor hierdie „grap” vertrek Blaasbalg, en laat Clasius in wanhoop na oor die feit dat die hele stad binnekort met Blaasbalg in sy grap sal deel. Leonora kom terug, lag ook daaroor, maar troos Clasius soos 'n kind op haar skoot en sing 'n slaapdeuntjie met o.a. die volgende versie daarin:

“Gy trapt als een eentje
Met uw korte beentje
En elk dryft met u de spot,
Uitgenomen Leentje”.

LAWSHARK verskyn, praat verengelste Hollands-Afrikaans, laat die lys getuies ten gunste van Clasius sien. Dis meeste name van Kaapse inwoners van rare karakter, b. v. „Moses van Flaussen, de Geldwisselaar” ¹⁾. Ook „Vrouw Truy Doorntak van den Helder, met haar kind” (DE L. se vrou wat hy laat staan het — F. B.), is daaronder. Hierdie getuies wil Clasius natuurlik liefs nie hê nie. Lawshark sê aan Clasius hy moet saamgaan hof toe. Leonora ys as sy dink dat sy miskien uiteindelik die gelag sal moet betaal. Maar Lawshark en Clasius, as regsgeleerdes, Lawshark in die Engelse juriste en Clasius in VAN LEEUWEN en V. D. LINDEN, wat hy altoos

¹⁾ Groom, C. I. M. Okt. 1899 bls. 518; Z. A. 23 Jan. 1868; Bylae X. 'n Eerlike, half-verdwaasde ou-soldaat en geldwisselaar. Bekend om sy uitdrukking: „alles flausen en homboggerij” (spitsboevery, Engels „humbug”).

“onder den arm”¹⁾ dra, verseker haar hulle kan nie verloor nie. Solank Clasius weg is om hom te gaan verkleed, maak Leonora Lawshark tot nog ’n toekomstige huisvriend. Leonora hou van ’n „ongebondenheid als de hoenders”.

[Vir die weeropvoering van *Clasius* het BONIFACE aan die ouderhoud tussen Leonora en Lawshark ’n toneeltjie bygevoeg. Dit heet die Castor en Pollux toneel. Leonora se verjaarsdag is aanstaande. Clasius wil haar ’n persent gee. Sy weet waar hy dit berg. Sy laat Lawshark dit sien. Dis ’n opgestopte bobbejaan. Dit sou Castor wees, by Clasius as Pollux. Clasius wil Leonora ’n treffende gelykenis van homself gee. En immers die gelykenis tussen Clasius en ’n bobbejaan is soos die van die beroemde klassieke tweeling. — BONIFACE het klaarblyklik in besit van ’n opgestopte bobbejaan gekom. Vandaar die toevoeging van hierdie toneel].

Ondertussen is natuurlik duidelik gemaak wat ’n berooide vent Clasius is; hoe hy van Leonora vir alles afhanklik is, en hoe hy daardeur selfs slae moet verduur. Van Leonora word te verstaan gegee dat sy ’n hoogsonsedelike vrou is, wat teenoor Clasius en ander almal ewe vrygewig met haar gunste is, en eintlik so haar bestaan maak.

By Clasius word o. m. gesinspeel op sy veroordeling vir diefstal²⁾, toe hy gesê het “Who steals my purse steals trash” ens., en op sy ballasmandjie-awontuur³⁾.

In die begin van die tweede bedryf kry ons ’n hele beskrywing van die lewe van Clasius. Dit gebeur in die vorm van ’n monoloog deur Leonora, gevolg deur ’n verhaal wat haar seuntjie kamtig sou geleer het, aan haar. Clasius word natuurlik uitgemaak vir alles wat sleg is. Hy sou ’n “scribbelaar” wees, ’n rymelaar, ’n “kombuis nuus” koerantskrywer. BONIFACE as sy literêre konkurrent sou hom volkome oortref het. Van sy huis het Clasius weggedros terwille van “zyne dierbare Leonora”. Leonora hou van die “krompoot... kabouter-mannetje” alleen uit ’n perverse gril. Soos die een mens van ’n kat, hou sy van so ’n „aap”. En natuurlik speel sy absoluut die baas oor hom, nie sonder uitsluiting van lyfstraf nie. Hy sou ’n „Peruaansche dwerg” wees, afgestam van ’n Spaanse Jood in die hoofstad van Peru (sinspeling op afkoms en naam van DE LIMA — F. B.), wat aldaar die dogter van ’n Amsterdamse kruienier tot sy vrou sou gekry het, omdat hy soveel op ’n aap gelyk. Immers sy was juis daar deurdadig haar vader haar deur reise van ’n sieklike neiging vir sulke diere wou genees. Truy (naam van DE LIMA

¹⁾ Sien bls. 323. Karikatuur.

²⁾ Sien bls. 256—262.

³⁾ Sien bls. 256—268.

se vrou — F. B.) en haar aap-man word naar Jakatra oor-
getoor, waar haar man praktiseer as Zwiem Swamswem Lil-
leput J. D. (Sinspeling op DE LIMA se verblyf in Java en sy
beroep as advokaat. — F. B.).

Kort hierop is hul naar 'n land waar baie bobbejane is
(sinspeling op Suid-Afrika), waar die natuur sy regte herneem
het, die aap-man sy vrou verlaat en 'n wyf van sy eie soort
onder sy mede-ape gesoek het. (Sinspeling op DE LIMA se
verlaat van sy vrou en inwoon by Leonora — eintlik mej.
MAGDALENA THERON¹⁾ — F. B.).

Blaasbalg kom op. Hy is net vrolik. Leonora vra hom hoe die
geregsaak afgeloop het. Hy antwoord uitstekend, maar is so
dubbelsinnig in sy uiteensettinge, dat Leonora later nie meer
weet hoe sy dit het nie. ('n Mens moet natuurlik in die oog
hou dat Blaasbalg DE LIMA nie te vriendelik gesind is nie).

So nydig as 'n spin tenslotte op Blaasbalg besluit Leonora
om self te gaan verneem hoe die saak afgeloop het. Sy gaan
haar ewe klaar maak om uit te gaan. Onderwyl keer Clasius
terug. Blaasbalg deel hom mee dat Leonora nog in die
onsekere verkeer oor die uitslag van die saak. Leonora kom
terug. Clasius bring haar ook in die waan dat alles goed
gegaan het. Hy gee breed op van die geleerde verstoë van
sy prokureur en veral van homself. Tenslotte blyk dat die
saak is „ge-dis-missed-ibus.” Om hiervan presies die betekenis
te wete te kom gaan Leonora naar Lawshark — onder
dreielemente van straf by ongunstige opheldering. Clasius
gaan hom verklee. Moorman die skout kom op. Blaasbalg
versteek homself in 'n kamer naasaan. Moorman kom op 'n
vordering van drie pond as gevolg van die geding. CLASIUS
wat gemeen het om die geld van Blaasbalg te leen sit in
die penarie. Moorman maak 'n inventaris van die kamer.
Die spot word gedryf met de LIMA se geskifte en „Kakel-
bonte Bibliotheek.” Clasius, wat bang is vir Leonora se
woede as sy terugkom, probeer om Moorman daar te hou,
en wil hom „de Kaapstad schenken.

MOORMAN: Waarom schenk gy my niet liever de Maan?

CLASIUS, *enigszins geraakt*: Mynheer, het is een gedicht”²⁾.

Dit is nog een van die beste grappe in die stuk! Moorman
vertrek. Clasius wens: „Was hier maar 'n oude draagstoel
of een Ballastmand of een goienzak waarin ik my voor een
halven dag kan versteken, zoo als ik wel meer gedaan heb!”
Dan verman hy hom! Hy sal hom verdedig. Leonora wat
net tevore stilletjies ingekom het openbaar nou haarself.
Clasius se moed vervlieg soos rook. Leonora weet dat

¹⁾ Sien bls. 263.

²⁾ Kom voor in *Nieuwe Ged.*, de L. 1840.

Moorman by die huis was. Sy storm op Clasius af, slaan hom selfs met die skoen, en skop hom so dat sy haarself beseer. Dan kom Blaasbalg voor die dag. Hy sal haar, as vriend, die drie pond voorskiet. Die stuk eindig met 'n lied waarin die gehoor versoek word om medelyde met Clasius te hê.

Tenslotte word meegedeel:

„Dit stuk is voor de eerste maal op den Afrikaansche Schouwburg voor een talryke en respectabele menigte door de Amateurs van het Hollandsche Toneel Gezelschap *Vlyt en Kunst* den 19 Julie 1834 vertoond geworden en met eene buitengemeene toejuiging ontvangen, zynde de Rollen aldus verdeeld:

Clasius	De Heer A. J. LIND.
Leonora	De Heer J. DE KOCK C. zoon.
Nollie	De Jonge Heer H. LEY.
Blaasbalg	De Heer J. TYRHÖLM.
Lawshark	De Heer E. G. DE ROUBAIX.
Moorman	De Heer P. BAARD.
Roeper	De Heer J. M. WOLHUTER.”

Soos ons kan verwag is hierdie stuk 'n verder bewys van BONIFACE se tegniese vaardigheid in die maak van toneelstukke.

Die intriege sit vry goed inmekaar; daar is handeling en afwisseling genoeg; die taal is goed. Maar hiermee is ongeveer alles goeds gesê.

Die dialoog pas nie altyd aan plaas of persone nie. Dikwels word dit geweld aangedoen om persoonlikhede te botvier, b. v. in die openingsgesprek tussen Leonora en Blaasbalg, in Leonora en Nollie se lewensbeskrywing van DE L., ens.

Van werklike geestigheid is geen sprake nie. Op sy hoogs kan ons 'n enkele keer praat van sekere grappigheid. Dan is dit by uitstek 'n komiek van situasie, nie van persoon nie: b. v. waar Leonora maar nie Nollie se verhaal uit hom kan kry deur die ander interruptsies nie; waar Blaasbalg se dubbelsinnighede haar aan die lyntjie hou omtrent die uttslag van DE LIMA se proses; waar Leonora onverwags op Clasius in sy toestand van ingebeelde moed afkom. Maar 'n komiek van persoon, van karakter! Daarvoor bly die skrywer vereers te laag by die grond. 'n Groot deel van die bespotting van Clasius draai om sy uiterlikheid, om sy gelykenis op 'n bobbejaan! Om laglus op te wek is dit tog 'n besonder primitiewe en banale middel. Tydgenote kon daar miskien plesier aan gehad het. Vir ons is dit ongenietbaar geword. Verder, vir sover die skrywer karakteriseer, oordrywe, sjargeer

hy aan die een kant te veel, motiveer hy aan die ander kant te min.

Ten eerste, wat oordrywing betref, 'n paar voorbeelde. Leonora is 'n losbandige vrou en 'n feeks. Tot vervelenstoe, te pas en te onpas, word sy as sulks, veral as feeks, voorgestel. Daardeur kom selfs 'n beeldende toneel, soos haar tugtiging van Clasius aan die end, minder tot sy reg.

Dieselfde geld vir die voorstelling van die gedurige berooidheid en onderworpenheid van Clasius. Deur sy onderworpenheid soms voor te stel as niks minder as die van 'n kind nie, so selfs dat hy op die skoot geneem of deur Leonora gewas word, moet die waarde van 'n toneel soos daar waar Leonora skielik op hom afkom op die end, verminder.

Aan die ander kant is daar te weinig motivering by die karakterisering. DE LIMA word bespot as digter, joernalis, 'n wegdroster van sy vrou en wat dies meer sy. Maar nooit kry ons 'n enkel konkrete voorbeeld waar hy as sulks belaglik voorgestel word nie. By skeld- en spotterme, by banale persoonlikhede, bly dit. Van karaktertekening van enige waarde is dus weinig of geen sprake nie.

Ons is per slot van rekening lang nie oortuig dat die proses om die komedielootjie so belaglik was nie. Hierdie indruk is veral toe te skrywe eensdeels aan die oordrewe voorstellinge van DE LIMA se dwaashede, waarby sy proses baie natuurlik lyk; andersdeels aan onvoldoende motivering van die weiering van die lootjie, waardeur Clasius se gedragslyn 'n redeliker kleur kry.

Die vernaamste persone in die stuk is duidelik herkenbaar. Afgesien van karakterisering is die name tieperend. So Leonora en Clasius; so T. van der Kaas vir T. VAN DER CHYS, BONIKWAST VIR BONIFACE; so ou MOZES FLAUSEN. Talryke besonderhede uit die lewe van die betrokke persone dra hulle deel by tot 'n juiste begrip. DE LIMA se lewensloop in besonder moet dit ontgeld. Begryplik is dat DE LIMA se getuie-vriende van die minste stadskarakters is!

Talryke musikale gedeeltes kom in die stuk voor: liedjies om te sing in verband met die inhoud. Die liedere word trouens as 'n besondere aantreklikheid aangekondig ¹⁾. Die stuk is dus bedoel as „opera comique”. Nog val te wys op die vele Afrikaanse woorde en uitdrukkinge wat voorkom b.v. Gonen ²⁾; Bogt! ³⁾; banjen zeer ⁴⁾; Basta! ⁵⁾ ens; op die growwe grappigheid van die s-t, toe wel makliker deur die beugel as nou; op die leersame kort beskrywing van hoe 'n toneelgeselskap destyds saamgestel was.

¹⁾ Sien bls. 323 e. v. ²⁾ Bls. 52 e. v. ³⁾ Bls. 58. ⁴⁾ Bls. 37. ⁵⁾ Bls. 124.

Tenslotte as ons hierdie stuk met *De Temperantisten* van vroeër vergelyk val daar 'n groot onderskeid om te konstateer. Die grote gedragenheid van die satiere in *De Temperantisten* mis ons hier ten enemale. *Clasius* het verreweg nie die literêre of kultuur-historiese waarde van *De Temperantisten* nie. Afgesien van die vermeerderde insig wat ons kry in die werk en karakter van BONIFACE sowel as in die van de Lima is die stuk van weinig belang. Maar dat diegene wat op so'n fel-persoonlike en weinig waardige wyse teen 'n ander kon van leer trek, self 'n ongelukkige moes gewees het, is onbetwisbaar.

Vervolgens sou in die loop van Augustus (Liefhebbery Toneel) plaasvind¹⁾ *Valmont de Saint Priest, of De Schipbreukeling*, "een zeer prachtig Tsp. in 5 Bed. door J. E. DE WITTE VAN HAEMSTEDÉ, en op dringend verzoek van verscheidene ingezetenen herhaald worden *Clasius*" ens. *Clasius* het sukses gehad.

Op 15 Augustus²⁾ word die voorstelling vasgestel vir 6 September, *Valmont* „met nieuwe kleeding” ens. J. J. DE KOCK heet Sekretaris van die geselskap; LEY behou die uitdeling van die lootjies.

Om „onvermydelike redenen” word die voorstelling uitgestel tot 13 September³⁾; en as nastuk word gemeld *Nog net zoo* (BONIFACE), met 'n „klein intermezzo van *Castor en Pollux* door eenen amateur.” Die „amateur” is BONIFACE⁴⁾; *Nog net zoo* is *Clasius*. In die *Castor en Pollux* toneel bereik BONIFACE 'n laagtepunt van persoonlike bespottings⁵⁾.

Die naam *Clasius* moes gesit het. Later moes DE LIMA dit onder die naam nog altyd ontgeld. Maar dan word die borde vir sy vyande verhang⁶⁾.

Eers November weer speel *V. en K.*, by hierdie en die volgende geleentheid in die Afrikaanse Skouburg. Die rede van die lang tussenpoos het gelê in die groot voorbereiding wat nodig was vir die volgende stuk *De Burger Edelman* (MOLIÈRE). Die koste aan die opvoering van so'n stuk verbonde het die liefhebbers aanvanklik laat besluit om die pryse te verhoog, temeer waar alle ewentuele oorskotte „tot een weldadig oogmerk” bestem was. Egter „om geen ongenoegen aan hun vrienden te geven” het hulle die plan laat vaar, maar hoop „dat deze hnnne laatste poging voor dit saizoen door een welgezind publiek krachtdadig zal worden ondersteund⁷⁾”.

¹⁾ *Z. A.* 1 Aug. '34; *C. Adv.* 2 Aug. '34.

³⁾ *Z. A.* 12 Sept. '34; *C. Adv.* 13 Sept. '34.

⁵⁾ Sien bls. 326.

⁷⁾ *C. Adv.* 11, 15 Okt. '34.

²⁾ *Z. A.* 22 Aug. '37 ook.

⁴⁾ Sien bls. 336.

⁶⁾ Sien bls. 256—264.

Op 15 November¹⁾ vind *De Burger Edelman* plaas, „kluchtig Bs. in 5 Bed., gemengd met Zang en Dans en vry vertaald van MOLIÈRE'S *Bourgeois Gentilhomme*, door C. E. BONIFACE. Met geheel nieuwe muzyk, costumes, enz., waarin verscheidene karakteristieke dansen zullen worden uitgevoerd als: *De Dans der Snyders, der Koksmaten, der Turken, de Gavotte* (deze door de Heer GAROUTE in persoon en vier zyner jonge Leerlingen); en eindigende met een groot prachtig Finaal, of *Ballet Turc*, door 21 Dansers volvoerd.” Die gewone liefhebberymusiekgeselskap het hulle dienste vriendelik aangebied.

Die publiek het die voorstelling kragdadig ondersteun. Immers begin Desember²⁾ volg, op herhaalde versoek, 'n tweede opvoering van *De Burger Edelman*, „in vele gedeelten grotendeels verlengd”, met 'n ander amusement... *Pygmalion*, het beroemd en wel bekend Grieksch Melodrama (Monologue) in een Bed. naar het Frans van ROUSSEAU door den Heer BONIFACE. Met nieuwe kleeding, enz. De Rol van Galatea... in het Hollandsch door Mejufvr. WESTCOTT.”

Ons kry dus drie stukke van BONIFACE in 1834: *Clasius* 'n splinternuwe, *De Burger Edelman* en *Pygmalion*, bekend uit 1825 en voor 1809 resp. Dit was 'n triomfjaar vir BONIFACE.

Soos die ander geselskappe kom *V. en K.* in 1836 in vroegtydige beweging as gevolg van die Kafferoorlog³⁾. „Clavigo”⁴⁾ skrywe onder 18 Februarie⁵⁾ dat hy verneem het dat *V. en K.* in die begin van a.s. maand 'n voorstelling sal gee, met 'n meesterwerk van KOTZEBUE, *De Verzoening* ens., en 'n klugspel van LOOSJES „onuitsluitelyk (sic! — F. B.) ten voordeele van de Lyders op de Frontieren, door de Kaffer Inval. De Heer BONIFACE zal het amusement verfraayen met eenig Nieuw Muzyk, door hem zelve gearrangeerd”. „Clavigo” doen 'n beroep op „de geest van liberaliteit” van die publiek om sulke „menschlievendheid en zelfgevoel” (sic! — F.B.) van die geselskap nie teleur te stel nie.

Onder 21 Februarie⁶⁾ kom *V. en K.* „Clavigo” se berig bevestig. Die voorstelling sal 14 Maart plaasvind in die „Kaapsche Schouwburg (C. T. Theatre)”. Op besondere versoek word egter „het beroemd prachtig Tsp. *Valmont*” (WITTE VAN HAEMSTEDÉ) ens. herhaal⁷⁾ met *De Helleveeg*, ook 'n oubekende⁸⁾ van LOOSJES. 'n Divertissement kom by; 'n

1) *Z. A.* 7, 14 Nov. '34; *C. Adv.* 11, 15 Okt.; 8, 12, 15 Nov. '34; *G. G.* 7, 14 Nov. '34.

2) *C. Adv.* 22, 26 Nov. '34. 3) *Sien* bls. 206, 248.

4) *Sien* bls. 321. Die stuk van dieselfde naam is in 1834 opgevoer.

5) *C. Adv.*

6) *C. Adv.*; ook 4, 7, 11, 14 Maart '35; *Z. A.* 13 Maart '35. *G. G.* 27 Feb.; 3 Maart '35. 7) *Sien* bls. 330. 8) *Sien* bls. 321.

Liefhebbery musiekgeselskap het beloof om te assisteer. Die geselskap het „alles gedaan... om de vermakelykheden te verfraayen” en vertrou op „de belangstelling van het publiek”.

Tog vind „Clavigo” dit nog ’n keer nodig om deur middel van ’n gedig (naar die vorm tenminste), *Medelyden*, die publiek aan te spoor.

„Rampzalige aarde, ja gy zoudt ons roozen kweeken,
En ’t menschdom krimpt van wee, waar uwe doornen steeken,
Ach, waarom bragt uw grond vergif en distels¹⁾ voort,
En werd op onze Grens de lieve vreê gestoord?”

Haar soons het so hard daar geswoeg.

„Ach! welk een wreed gedrag, voor vreugde smarte te erven;
Gy Kaap’naar ziet haar smart, en laat hen hooploos derven!
Gedoemd voor Kaffer-pyl en arm by fyn gevoel,
Voor geen geweld bestand, en aller rampen doel.”

Kom voort menslievendheid, vermaan hy

„Wy hebben ’t paradys, zy hebben wildernis.”

Hoe kan ’n mens rus hê as sy medemens so ly? Kom dus

„Schoone weldadigheid! Gy hebt den mensch beschaafd,
Zyn ruwe geest gevormd, met wetenschap begaafd.
Hy moest door u geleid zich tot een God verhoogen!”

(’n Tagtigertoon! - F.B.)

Dis op weldadigheid se eis dat die mens in donker hole dwaal,

„Geklonken rotsen splyt en yzeren gewelven.

Om als Ferreira²⁾ deedt, de glorie op te delven.”

Die aardryk se grondslag beef en kraak as Ferreira

„...Met moed en list,

By donderend geweld Tyali’s³⁾ regt betwist.”

Wie lig die mens op sy tog as alles duister is, nooddruf
hom kwel en die vreeslike donder hom dreig?

„Aarselt dan niet meer, wees deelzaam met uw schat,

Gy krygt vergelding, meer dan Peru’s ryk bevat.

Thalia ontvangt het geld, dat gy mildadig smyt,

In het goedwillend schoot van Cabo’s *Vlyt en Kunst*”

Ongetwyfeld het „Clavigo” dit goed gemeen. Of hy dit ewe goed gesê het? Die divertissement neem die vorm aan van musiek. M. GAUTROTT van Mauritius⁴⁾ in sy „edelmoedigheid en vriendelykheid” assisteer gratis met twee vioolstukke, o.a. *“Fantasie en Imitation du Robere(t?) Africaine”* (op een instrument, hetwelk de Inboorlingen van de kust

¹⁾ Sou hy hiermee die Kaffers bedoel?

²⁾ ’n Dapper Boereleier in die Kafferoorlog. — Die gedig is nie altyd ewe duidelik nie. Dis onseker, in hoeverre verder „Ferreira” of „die mens” bedoel word.

³⁾ ’n Bekende Kafferleier.

⁴⁾ *C. Adv.* 7, 11, 14, 18 Maart ’35; *G. G.* 13 Maart ’35; *Z. A.* 13 Maart ’35.

van Mosambiek te Mauritius spelen), gecomponeerd door Mons. GAUTROTT, en toegewyd aan zyne vrienden, uitmakende het Muziek Gezelschap *Harmonie en Eendragt*."

Ten spyte van die digterlike aansporing van „Clavigo”, van die aantreklikhede van M. GAUTROTT, ens., was die voorstelling 'n mislukking, geldelik tenminste ¹⁾. Die stukke was „well sustained”. M. GAUTROTT se vioolstukke was 'n “excellent performance”, maar “from the small audience, the amateurs, it appears, are unable to contribute any thing in furtherance of their benevolent object.”

Sou die mislukking veral toe te skrywe wees aan die feit dat die Engelse geselskap net drie dae vantevore 'n voorstelling vir dieselfde doel gehad het ²⁾? Miskien. By voorkeur is ek egter geneig die vernaamste rede elders te soek. Dit het m.i. alweer gelê in onderlinge rusie onder die Hollandse geleedere. Dit val op dat die lootjiesuitdeling by BRIDEKIRK en ROBERTSON berus. Weliswaar kom LEY weer by in Augustus en September — 'n tydelike versoening miskien? — maar direk daarop is hy meebetrokke in die kindergeselskap *Kunst en Smaak*, wat DE LIMA se stuk, opsetlik teen BONIFACE gerig, speel. Van enige verdere samegaan met BONIFACE hoor ons nie ³⁾. Ook verneem ons uit 'n brief ⁴⁾ in verband met die kindergeselskap hoedat benydners van BONIFACE soek om afbreuk aan sy voorstelling te doen. Daar val dus selfs aktiewe vyandskap te konstater. Opmerklik is dat daar hierdie jaar deur *V. en K.* veel meer in die *Commercial Advertiser* dan in die *Zuid-Afrikaan* geadverteer word.

Dis duidelik: BONIFACE sal in jare, maar nie in streke, verander het nie. Vandaar onenigheid; vandaar, tenspyte van „Clavigo” se poging, wat die mislukking blykbaar vooruit gevrees het, die ongelukkige ervaring van die liefdadigheidsvoorstelling. BONIFACE se vyande was aktief gewees.

Na ruime voorafgaande aankondiging ⁵⁾ volg op 16 Mei ⁶⁾, onder patronasie van lady D'URBAN, ook in die vervolg, „met nieuwe kleeding, Decoratien en Costumes KOTZEBUE's beroemd prachtig Trs. *Pizarro*” ens., en *Jerome Pointu* (DORVIGNY), Ks. in 1 Bed., albei bekende stukke ⁷⁾, met die gewone musikale assistensie.

Pizarro moes in die smaak geval het. Op „aanhoudende verzoek” word dit op 13 Junie herhaal ⁸⁾. Tot nastuk het gedien

¹⁾ *C. Adv.* 18 Maart '35. ²⁾ Sien bls. 206.

³⁾ Sien Tabel I.

⁴⁾ Sien bls. 271—272 en 334.

⁵⁾ *C. Adv.* 4, 11, 29 Apr.; 8, 13, 16 Mei '35.

⁶⁾ *G. G.* 15 Mei '35.

⁷⁾ *Pizarro* Eng. Ges. 1829 e.v., sien bls. 209; *Jerome* ens., *Honi* ens. 1824, sien bls. 279.

⁸⁾ *G. G.* 12 Jun. '35; *Z. A.* 12 Jun. '35.

Warren's Blacking, 30 Strand, Ks. in 1 Bed., „uit het Engelsch vertaald door een Amateur”. Die voorstelling vind plaas in die „Kaapsche Liefhebbery Tooneel (Amateur Theatre)” — ook in die vervolg.

Hierdie klugspel was in sekere sin 'n besondere geleentheidsstuk.

Die koerante was sedert 1830¹⁾ vol allerlei geestige en buitengewoon oorspronklike advertensies, met tekeninge en rympies (soms in die vorm van dialoge, oorspronklik of gevariëerd op aanhalinge uit bekende werke b.v. *Hamlet*), om *Warren's Blacking, 30 Strand* te adverteer. Dat hierdie reklame by die publiek ingeslaan het, bewys die maak selfs van 'n klugspel daarop.

Vir die end van Julie²⁾ word aangekondig, met nuwe kleding ens. „het prachtig Trs. zoo lang in preparatie . . . *Aballino, De Grootte Bandiet (ZSCHOKKE)*”, en 'n nuwe Ks., „uit het Engelsch vertaald door een Amateur”, *Monsieur Tonson, of De Geplaagde Barbier (MONCRIEFFE)*.

Tenslotte vind die opvoering op 15 Augustus plaas³⁾, waarby 'n kind van 10 jaar twee solos van bekende wysies op die fluit gee.

Een van die gevolge van die opvoering van *Aballino* was — daar is reeds op gewys⁴⁾ — 'n parodie daarop onder die naam van *Aballino Junior*, deur DE LIMA. Die stuk word deur die kindergeselskap opgevoer en was in werklikheid teen BONIFACE, deur DE LIMA en ander „benyders”, gemunt. Immers⁵⁾ „het groot en moeielyk stuk *Aballino, De Grootte Bandiet*, werd voor een fatsoenlyk en groot audientie, zeer wel en prachtig uitgevoerd. De avond van vertoening was nauwelyks daar, of het Huis was opgepropt vol van deftige aanschouwers; eenigen, deels uit nieuwsgierigheid, en anderen met een groot vooroordeel, om zoo mogelyk fout te vinden; ja, men bracht selfs boeken in den Schouwburg, (hetwelk zeer ongepast is by een *Liefhebbery* tooneelvertoening), ten einde te ontwaren of de Amateurs wel rotsvast waren. Het gelukte de benyders echter niet in deze hunne pogingen te slagen, want het stuk werd, (als zynde door *Liefhebbers* gedaan) onverbeterlyk uitgevoerd.”

Hierdeur het die afguns des te groter geword „en men moest trachten dat Gezelschap die reeds gedurende 3 jaren⁶⁾, met groote verliezen, het publiek heeft vermaakt, door de grootste en prachtigste stukken welke bekend waren; en die reeds twee malen ten voordeele der behoefligen, hunne

1) Vgl. *C. Adv.* 4, 11 Sept. '30 e. v.

2) *G. G.* 17 Jul. '35; *C. Adv.* 4 Jul. '35.

3) Na weer 'n uitstel van 12 Aug.; *G. G.* 14, 24, 31 Aug. '35. 4) *Sien* bls. 271 e. v.

5) *C. Adv.* 14 Nov. '35; *sien* ook bls 271 e. v. 6) *Sien* bls. 321.

pogingen hadden ingespannen, en wier gevestigde reputatie nooit het goed gevoel van het geeerd publiek zal verliezen, zoo mogelyk ter neder te werpen."

Tenslotte word in September ¹⁾ aan intekenare en publiek berig, dat sodra daar „genoegzame Intekenaars (zullen zyn) gevonden om de onkosten te bestryden . . . met volstrekt nieuwe en toepasselyke kleeding" ens. as laaste representasie die pragtige Trs. van DUVAL (vertaal deur BRUGGEMANS), *Montoni, of Het Kasteel van Udolpho* (uit 1819 reeds bekend) ²⁾ sal opgevoer word. In die derde bedryf vind „de belegering van het kasteel . . . en de Vernieling van hetzelve door Vuurvlammen" plaas.

Of dit werklik tot opvoering gekom het, vind ek nie vermeld nie. Dit lyk met die oog op wat in 1836 volg onwaarskynlik.

Opvallend is die groot aantal herleefde stukke ook hierdie jaar.

Hiermee was die hoogtepunt van *V. en K.* bereik. Ewenas die ander geselskappe begin hy hierna aftakel, deels deur die hernude Metodistiese beweging teen allerlei vorme van vermaak ³⁾, en deels ongetwyfeld deur die professionele vermaaklikhede (poppespele ens.) wat later in 1837 en 1838, op die voorgrond kom ⁴⁾. Deels waarskynlik ook deur onderlinge verdeeldheid en innerlike verswakking ⁵⁾, en deels deur vermindering van BONIFACE se eie belangstelling en ywer in die toneel ⁶⁾. In 1839 hoor ons nie meer van die geselskap nie. Miskien het 'n epidemie van masels en maagloop daardie jaar die nekslag aan die geselskap toebring ⁷⁾.

Intussen laat *V. en K.* in 1836 vroeg van hom hoor. Reeds in Januarie ⁸⁾ word *Men doet wat men kan, en niet wat men wil* (DORVIGNY, vertaal deur OGELWIGHT Jr.) te leen gevra. Vrye toegang tot die opvoering word in ruil vir die verskaffing van die stuk beloof. J. DE KOCK bly die sekretaris van die geselskap.

Verdere vermelding aan die stuk bly egter uit.

Op 11 Julie ⁹⁾ volg *Othello, of De Jaloersche Zwart*, Trs. van SHAKESPEARE, met nuwe kleding ens., en *De Logen om best wil* (GARRICK).

By hierdie geleentheid lok *Othello* 'n sterk protes uit van "Philemon" ¹⁰⁾ teen Christene wat nie alleen die voorbereiding vir "The Lord's Day" deur skouburgbesoek op Saterdag aand ontheilig nie, maar nog erger doen deur naar 'n gruwelike en onsedelike stuk soos *Othello* te luister.

1) *G. G.* 11, 25 Sept. '35.

2) Sien bls. 351.

3) Sien bls. 248 e. v.; 333.

4) *C. Adv.* 20 Apr. '39 e. v.

5) *G. G.* 20 Mei. '36.

2) Sien bls. 134.

4) Sien bls. 230 e. v.; 338 en 339.

6) Sien bls. 339.

8) *C. Adv.* 16 Jan. '36.

10) Sien bls. 352.

Origens moes die opvoering 'n sukses gewees het 1).

'n Aankondiging volg 2) dat by voldoende intekening die „romanesk” Trs. *Montoni* (DUVAL, vertaal BRUGGEMANS) sal opgevoer word (die vorige keer het dit dus vermoedelik misluk 3), „met expresselyk... vervaardigde Decoratien” ens. Wat 'n kykstuk dit moet gewees het, word duidelik uit die volgende besonderhede wat gegee word:

„1 Bed. — Front Gezicht van het Kasteel — prachtig geillumineerd.

2 Bed. — Groot Gevecht — Bestorming van het Kasteel door de Spanjaarden.

3 Bed. — Verwoesting door Vuur.

4 Bed. — Onderaardsch Gewelf. — Verschyning van den Geest uit een rots.

5 Bed. — Dood van Montoni en Orsino, door verraad.”

Die musiek is gekomponeer deur die heer W. BRANDT.

Tot slot „het welbekende nastukje met zang, op dringend verzoek, *Nognet oo* door den Heer BONIFACE”. Die Musiek-geselskap *De Vriendschap* assisteer.

Dat *Nognetzoo* (CLASIUS) weer op die lappe kom, was toe te skrywe aan die persoonlike vete in die tyd tussen DE LIMA en een van BONIFACE se besondere bentgenote: J. J. DE KOCK, die Sekretaris van *V. en K.* 4) In hierdie vete kom DE KOCK tenslotte aan die kortste end. Hy verloor 'n hofszaak. Geen wonder nie dat as die voorstelling eindelik op 10 September 5) plaasvind, ons verneem dat dit is „ten einde den Heer J. J. DE KOCK Cz. schadeloos te stellen van alle de kosten van zyn Ed. Proces”.

By *Montoni* kom 'n „zeer prachtig Transparant door den Heer POORTEMANS” by. Nog volg *Het Fancy Bal!!!* „Een komiek Ballet, in 1 Bed.” In die „Zuid-Afrikaansche Schouwburg” word gespeel. Die voorstelling sal 'n sukses gewees het. Reeds onder datum van 26 Augustus 6) was „alle de Loges in het rondeel verhuurd”, en word die parterre vir die geleentheid „als Loges voor zes zitplaatsen verdeeld en van kussens voor dames voorzien”.

Die voorstelling vind plaas onder „sanctie” van die Goewerneur en vrou. Vermoedelik word dieselfde as patronasie bedoel, aangesien die goewerneursvrou bygenoem word. Voor-

1) Sien bls. 338 (weeropvoering in 1837).

2) *G.G.* 15 Jul '36. Die bedrywe word aangedui 1, 3 ens. tot 6. Ook verder heet dit „in 6 Bed.” In 1819 (Sien bls. 134). en '38 (sien bls. 341) heet die stuk in 5 Bed. Waarskynlik is 6 'n setfout.

3) Sien bls. 335.

4) Sien bls. 264.

5) *G. G.* 26 Aug., 9 Sep. '36. Na uitstel word vermeld dat „de *Komedie stellig*” sal plaasvind op 10 Sept.

6) Sien vtn. 5).

heen in hierdie jaar word hulle glad nie genoem nie. Of die stuk 'n besondere sukses was is twyfelagtig ¹⁾.

Vanaf hierdie jaar begin die samewerking tussen BONIFACE en C. MOLL ²⁾.

Die jaar sluit met die volgende advertensie van BONIFACE:
„Nieuwe Tooneelstukken. Aan Drukkers en Bestuurders van tooneelgezelschappen wordt by deze narigt gegeven dat de volgende komediestukken gereed zullen zyn, om in het licht te verschynen, tegen het einde der a. s. maand Maart, n.l.: In het Hollandsch —

Tzatzoe in Engeland, eene Melodrama.

De Meineed, Tsp.

De Advokaat en de Barbier, of Hoe men pro deo wordt geschoren, Bs. gemengd met zang en

Het Akelige Slot van Madacrestan, Vryheer van Gierenburg, toverspel.

In het Engelsch: —

Mowshuns and Resoliushuns, or A Peep in the Commercial Room een — spel. (De Schryver weet nog niet of hy het tooneelspel of kluchtspel zal noemen.)

The Glow-Worm, or I'll give it ye. — Bs.

The Wonders of Cape Town. — Ks.

En dat tenders voor het geheel of voor elk stuk afzonderlyk, meldende den prys in Sterling-Geld, in woorden voluit geschreven, met (indien vereischt wordt), de namen van twee respectabele Borgen ter behoorlyke volbrenging der voorwaarden . . . tot 1 Januari e.k. door den schryver van *Clasius* ontvangen zullen worden op zyne tegenwoordige residentie genaamd Le Reduit, naast het woonhuis van den Heer ELLIOTT, Kaapstad.

28 November '36".

Hierdie advertensie ³⁾ kan eenvoudig 'n vorm van satiere gewees het. Waarskynliker lyk met die oog op *Clasius*, *Kockincoz* e.a. dat die stukke wel geskrywe is of dat BONIFACE ernstig bedoel het om hulle (klaar?) te skryf, maar dat hy indien wel, tot die uitgawe nooit gekom het nie.

Enige spore daarvan het ek tenminste nie gevind nie.

Die tietels van die stukke is, soos gewoonlik, veelseggend. Tzatzoe was die Christen-Opperhoof van die Tinda Kafferstam ⁴⁾. In die meeste ander Hollandse stukke kan ons duidelik die wrok oor die verlore proses teen DE LIMA herken ⁵⁾.

¹⁾ Sien bls. 341.

²⁾ Sien Tabel I, en bls. 123.

³⁾ Sien bls. 289 e. v.

⁴⁾ *Z. A.* 27 Jan. '37.

⁵⁾ Sien bls. 264.

Die eerste Engelse stuk — miskien die ander ook — slaan op die naturelle e.a. publieke vergaderinge teen die Engelse politiek 1).

Ook in 1837 word vroeg begin. Reeds in Januarie 2) word aangekondig dat die eerste voorstelling van *V. en K.* begin Maart sal plaasvind en bestaan uit "SHAKESPEARE'S much admired *The Merchant of Venice* in 5 Acts. To conclude with the laughable farce . . . *High Life below Stairs* (TOWNLEY) in 2 Acts".

BONIFACE voer soos tevore 3) weer Engelse stukke op.

Waarskynlik was die volgende aankondiging ook van *V. en K.* 4). "The South African Amateur Company will perform within a few days *Flodoardo van Overschie, of De Kleine Bandiet*, To conclude with *De Oude Rot*", in die "South African Theatre".

Dit duur geruime tyd voordat weer opgevoer word. Die aanwesigheid van M. DECANIS met sy Fantasmagorie Automaton 5) aan die Kaap, vermaaklikhede waaraan selfs die Sekretaris van *V. en K.*, die heer DE KOCK, sy hulp verleen, sal seker sy deel hieraan gehad het.

Op 19 Augustus 6) eers, in die Liefhebbery Toneel soos gewoonlik, volg op versoek 7) SHAKESPEARE se *Othello, of De Moor van Venetien* en *Dirk Menschenschrik* (HOLBERG). In die nastuk sal „door een *Groote Baviaan* eenige kunsten worden uitgevoerd". Daar word gewaarsku: „Er zyn slechts weinige boxen open". Die Musiek liefhebbery geselskap *De Getrouwheid* assisteer.

By hierdie geleentheid het 'n ernstige ongeluk plaasgevind in die skouburg 8). Een van die persone, sekere SNIBBLEY, behulpsaam by die entre actes, het toevallig 'n pistool, in onwetendheid dat dit met hael gelaai was, op sy makker afgeskiet. Die haelkorrels het 'n gevaarlike verwonding in die bors van die ander veroorsaak. Doktore BAILEY, LIESCHING en SOMERVILLE het dadelik die ongelukkige te hulp gesnel, wat daarna naar die Somerset Hospitaal vervoer is. Die

1) *C. Adv.* 23 Nov. '36; *Theal.*

2) *Mod.* 10 Jan. '37.

3) *Sien (Honi '25 en '27)* bls. 294, 298.

4) *Mod.* 20 Jun. '37. *Sien* bls. 299, waar waarskynlik Bon. se ges. alleen „S. A. Amateurs" heet in 1828 as dit Eng. stukke speel. Of sou ons in hierdie voorstelling iets persoonliks kan sien — teen de L.? *Sien* bls. 271. Of kon die opvoering wees van afvalliges van *V. en K.*? *Sien* bls. 249, 333. Of 'n voorloper van *Tot Oef. en Vermaak*? *Sien* bls. 249 e. v.

5) *Sien* bls. 230.

6) *Med.* 25 Jul., 1, 8, 15 Aug. '37; *Z. A.* 21 Jul., 11, 18 Aug. '37.

7) *Sien* bls. 335. ('36 opgevoer).

8) *Med.* 21 Aug. '37; *Z. A.* 25 Aug. '37.

afvuurder self het 'n sware wond in die linkeroog bekom van die vuursteen wat afgevlieg het.

Tenslotte word in Oktober¹⁾ 'n voorstelling aangekondig. „Ten einde onnoodige onkosten voor te komen, zal de Plan de namen der stukken meldende, by tyds worden rond gezonden, en wanneer... gevuld... zullen de byzonderheden en de tyd... nader worden bekend gemaakt”. Indien wel, het die bekendmaking nooit in die koerante plaasgevind nie.

Ek het reeds gesê dat die agteruitgang van *V. en K.* sedert 1836 o.a. kon gelê het in die feit dat BONIFACE se ywer self aan die afkoel was. In Julie 1835 was sy vrou oorlede²⁾ en in 1838 skyn hy heeltemal uit *V. en K.* te wees³⁾. *V. en K.* self skyn in twee groepe op te splits wat albei die ou tradiesie voortsit. Dit kan een van die redes gewees het, waarom laat in die jaar eers met speel 'n aanvang gemaak word. Naas hierdie innerlike verdeeldheid sal vermaaklikhede van 'n professionele aard 'n verdere rede gewees het⁴⁾.

In Mei 1838 het S. K. H. PRINS FREDERIK WILLEM HENDRIK, derde seun van die Prins VAN ORANJE, aan boord van *S. N. M. S. Bellona*, op weg naar Holland van die Ooste, die Kaap 'n besoek gebring⁵⁾. Hy is baie geesdriftig verwelkom; in besonder het die Hollandssprekendes vreugde gevier⁶⁾.

Dit verbaas ons dus nie om te hoor nie dat *V. en K.* aan S. K. H. „geproponeerd (heeft) om gedurende zyn verblyf alhier eene Toneelvertooning ter (zyner) eere te geven, doch Z. K. H. hoogstdezelfs dank betuigende voor de attentie, kon geen gebruik maken van dit eerbewys, uithoofde van hoogstdezelfs kort verblyf alhier”.

Onder 10 Julie⁷⁾ verneem ons dat aangesien daar verskeie versoeke tot die Sekretaris van *V. en K.* gekom het vir 'n toneelvertoning gedurende die seisoen, so sal intekening vir loges afgewag word tot 11 Julie, waarna sal besluit word of daar gespeel sal word of nie. Indien wel, sal die stukke gekies en later aan intekenare en publiek per advertensie bekend gemaak word.

Veertien dae hierna⁸⁾ word die publiek verwittig „dat eenige *Dramatische Amateurs*, op dringend verzoek binnen de eerstkomende drie weken, eene Toneelvertooning zullen geven, in den Kaapschen Schouwburg” van *De Food en De Christen*,

1) *Med.* 3, 10 Okt. '37.

2) Sien bls. 123.

3) Sien bls. 335.

4) Sien bls. 231 Parker se Poppespel.

5) *C. Adv.* 12 Mei '38 e. v.

6) Sien bls. 265.

7) *Med.*

8) *Med.* 24 Jul. (Ook Edit.), 31 Jul., 7 Aug, '38.

of *De Gevolgen der Lichtzinnigheid*, Trs. in 5 Bed., ('n verkapping van *De Koopman van Venetië*, in die Metodistiese gees van die tyd!), en *Fantje Puk, of Den Doctor tegen Wil en Dank*, Ks. in 3 Bed. van MOLIÈRE.

'n Musiekgeselskap sal assisteer.

„Daar er waarschynlik geen ander Hollandsche Tooneelvertooning gedurende dit saizoen zal plaats hebben, zal de Parterre behoorlyk worden opgedeeld in Loges, teneinde de dames te geryven . . . al de Loges meest geëngageerd zynde”. Dit belooft goed vir die sukses van die voorstelling.

Naar aanleiding van hierdie voorstelling skrywe 'n „Onpartydigen Opmerker”¹⁾, dat sy onpartydige oordeel miskien nie deur „de Amateurs zal gelykt worden” (sic!- F. B.), maar hy kan kan geen ander uitspraak gee nie as wat waar is en met sy „geweten strookt”.

Antonio was baie goed, veral in die gevangensteinoneel; hy moet alleen langsamer praat om sy woorde veel meer klem te gee. *Shylock* was 'n meesterstuk. Veral die pond-vleis-toneel was skoon en natuurlik, ja, onverbeterlik. Baie goed ook en vermaaklik was die geveg tussen *Shylock* en *Antonio*. *Gratiano* was baie goed, en verdien alle lof as jong amateur. *Portia* was meesterlik, in besonder in die vyfde bedryf. Die ondergeskikte rolle was almal baie goed.

Die nastuk was „redelyk wel”. *Puk* was as gewoonlik baie goed; ook *Rode* en *Sybille*; *Jacobine* het haar bes gedoen en die publiek behaag. Die krietikus raai die liefhebbers af om sulke lange nastukke te kies. Hulle is „vervelend”.

Die musiek was fraai en is herhaalde maal toegejuig. Maar die geselskap sou goed doen om „eens een voorbeeld te stellen” aan diegene wat op die gaandery gedurende die nastuk hulself nie kon gedra nie, en dan sal „zulke schandelyke ongebondenheden (zeker) nimmer weder geschieden”²⁾.

„Het huis was zo vol als immer en de voldoening was algemeen onder dezulken die wisten te geven en te nemen”.

Dis 'n vraag of hierdie spelers 'n deel van *V. en K.* was. Vermoedelik egter wel³⁾.

1) *Med.* 14 Aug. '38.

2) Sien bls. 368.

3) Ek vermoed dat hul lede van *V. en K.* was deur: die opvolging op die mededeling van 10 Jul.; die verkrybaarstelling van die lootjies by die *Med.*; die inhoud van die kritiek, „het huis vol als immer te voren”; die keuse van *De Koopman*. (Vgl. bls. 338 — in 1837).

As 'n aparte groep, verwant met *Tot Oefening en Vermaak*, sou ons hul kan beskou deur die aankondiging dat die vertoning vermoedelik hulle enigste is; deur die besonder spoedige opvolging van *Montoni* deur de Kock c. s. wat identiteit van die twee groepe vrywel uitsluit; deur die feit dat elders die groepe geïdentifiseer word as van de Kock of *V. en K.*, maar hier nie.

Op 9 September¹⁾ voer "de Amateurs onder directie van den heer J. J. DE KOCK het welbekende *Montoni* (DUVAL, vertaal deur BRUGGEMANS) ens. in 5 Bed.²⁾, in die Liefhebbery Toneel op. In die tweede bedryf het ons die „verschyning van den geest op de wallen van het Kasteel, met Vuurwerk," en tussen die derde en vierde bedryf „het Gevecht en de vernieling van het Kasteel door Brand." Tenslotte volg „een Komiek Ballet Dans."

By die voorstelling³⁾ was aanwesig „een zeer fatsoenlyke audientie." Het stuk liep zeer wel af, en werd veel beter gespeeld dan twee jaren geleden door... *V. en K.*⁴⁾. Een ieder weet dat *Montoni* niet weder zal kunnen worden ten uitvoer gebragt... als ten tyde van *Honi*⁵⁾ (ens.), doch wanneer men nagaat dat met uitzondering der drie voornaamste Rollen geen van allen ooit de planken van het Tooneel hebben betreden, dan moet men erkennen dat een stuk zoo moeielyk als *Montoni* door deze Amateurs buiten verwachting is uitgevoerd." Die geselskap verdien vir al hulle moeite om die publiek te vermaak, nie alleen lof en prys nie, maar die dank van die publiek. Die dans was baie vermaaklik en het algemene goedkeuring weggedra. Deur sommige dansers is baie vlugheid en kundigheid aan die dag gelê. Die musiek was baie goed; die Direkteur verdien alle lof vir sy ywer en smaak.

Tenslotte kom die spelers hul hartlike dank betuig aan „het geëerd publiek voor de liberale ondersteuning... en berigten dat in dit saizoen geen verdere tooneelvertooning zal plaats hebben.

Uit naam der Amateurs,

J. J. DE KOCK C.ZN., Directeur."

Tog volg op Woensdag 3 Oktober⁶⁾ 'n voorstelling van „eenige Amateurs van... *V. en K.*" met: „ZIEGLER'S beroemd Treurspel *Het Veemgerigt, of Wreedheid en Grootmoedigheid*, in 4 Bed. Waarna Een Divertissement, Gevolgd door *De Dwarsdryfster* (RIVIÈRE DUFRESNY, vertaal deur DE HUYBERT), Kluchtig Bs. in 1 Bed."

Sou DE KOCK ten spyte van sy dankbetuiging tog weer 'n

1) *Med.* 21, 28 Aug., 4 Sept. '38.

2) Vgl. 21 Aug. 6 Bed., daarna 5 Bed. Vgl. bls. 336 vtn. 2).

3) *Med.* 11 Sept '38.

4) Sien bls. 336—337.

5) Bedoel word waarskynlik *Men doet* ens. 1819; sien bls. 134 e. v.

6) *Med.* 2 Okt.; *Z. A.* 14, 21, 29 Sept.; *C. Adv.* 3 Okt. '38. Na uitstel van 29 Sept.

voorstelling gegee het? Dis moontlik — maar baie onwaarskynlik.

Die tydruimtes tussen die opvoeringe 11 Augustus, 9 September en 3 Oktober, is baie kort met die oog op die moeilike aard van die stukke. Die aankondiginge meld altyd slegs 'n deel van *V. en K.* wat speel, soms spesifiek onder DE KOCK genoem, soms nie, asof om 'n onderskeid te maak. DE KOCK kondig definitief aan dat hy na die voorstelling van 9 September nie meer speel nie. Met die oog hierop kry ek sterk die indruk of daar tenminste twee groepe spelers gedurende die jaar was, en miskien drie.

Neem ons aan dat die waarskuwing by geleentheid van die voorstelling van 11 Augustus, nl. dat daar waarskynlik geen ander Hollandse voorstelling gedurende die jaar sou plaasvind nie, maar by die waarskynlikheid gebly het, dan val daar alleen twee groepe te vermoed, een vir die voorstelling van 11 Augustus en 3 Oktober en een vir die van 9 September. *V. en K.* sou in diè geval in twee groepe opgesplits het, waarvan een die non-de Kockafdeling, die ander die de Kockafdeling was.

Neem ons egter aan dat die waarskynlikheid waarheid geword het — waarom sou die spelers hulle hier alleen „eenige Dramatische Amateurs” noem, waar hulle hul later as spelers van *V. en K.* aandui? — dan kry ons 'n derde groep, heeltemal buiten *V. en K.*

Ek is geneig om twee groepe aan te neem. Die voorstelling van 11 Augustus sal deur dieselfde groep gewees het as die voorstelling van 3 Oktober, nl. die non-de Kockafdeling van *V. en K.* Hiernaas bestaan die de Kockafdeling van *V. en K.* Vir die moontlikheid dat die spelers van 11 Augustus 'n derde aparte groep kon gewees het, verwys ek elders¹⁾. Miskien kon by die groep van 11 Augustus, sowel as by die de Kock-groep, ou „Tot-Nut(Oefening)-en-Vermakers” hulself gevoeg het. Vandaar dan die vage manier van aanduiding en die vermyding van definitief *V. en K.* te noem.

Ewe val nog te verwys naar die beroepskunstenaars met hul poppespel in 1837 en 1838²⁾. Eenkeer het DE KOCK, van *V. en K.*, selfs meegehelp.

Hiermee is die storie van *V. en K.* vertel. Soos die verkoop van die ou Skouburg in 1839 die lui van die doodsklok vir byna al die ander toneelgeselskappe was, sal dit dieselfde vir *V. en K.* gewees het³⁾. Dit word 1870 voor ons weer van 'n geselskap *Kunst en Vlyt* hoor⁴⁾.

1) Sien bls. 340, vtn. 3).

2) Sien bls. 230.

3) Sien bls. 232.

4) *Z. A.* 30 Mei 1870 e. v. (1870—'71; vgl. *Z. A.* 31 Jul. '71.).

§ 4. Bestryding van Toneel.

Een van die eerste uitinge van sedelike kritiek op die toneel aan die Kaap is uit Mei 1824 ¹⁾. SCHILLER in *Kabaal en Liefde* word beskuldig van „uitdrukkingen iets vry en zelfs onkuis — dat het gehoor van ons Kaapsch publiek kwetst” te besig. Een van die redene waarom sulke treurspele, veral van SCHILLER nie moet opgevoer word nie!

In Oktober van dieselfde jaar ²⁾, by geleentheid van 'n Engelse opvoering, skrywe „A True Friend”, onder opskrif “To hold up to vice its own image” as volg: “I sometimes go to the Theatre and have beheld no Augean stable to cleanse, as we discover oft times in the purlieus of Drury Lane and Covent Garden. But if we, the audience behave well” kan hulle dieselfde van die spelers verwag. Die skrywer moet waarsku teen die taal van een van die here spelers. “Horror thrilled through the house . . . by his very thoughtless unguarded and tremendous imprecations.”

In 1825 vind BONIFACE dit nodig om te verseker dat sy veranderinge van *Limaçon* „nooit ten koste der welvoegelykheid of der strengste zeden gedaan werden” ³⁾.

Van bestryding van toneel, in die eintlike sin van die woord, is hier nog geen sprake nie. Maar ons merk die diepere strominge wat aan werk is; ons kry 'n idee van die bestryding wat kom.

Die eerste werklike aanval op toneel vind plaas in 1826. Die Hollandse toneel moet dit ontgeld. SUASSO DE LIMA met sy kindertoneel is die sondaar wat die aanval onmiddellik uitlok ⁴⁾. „Serieus” vind dit sy plig om onder datum 25 September in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* ⁵⁾, *Iets over het Dansen en de Tooneelspele* te skrywe. Hy veroordeel byna sonder uitsondering die toneelspele van die tyd. Nog meer veroordeel hy die optree van kinders in allerlei danse in verband daarmee (vgl. ook BONIFACE in hierdie opsig ⁶⁾). Maar die hoogtepunt van verontwaardiging bereik hy ten opsigte van hele stukke deur kinders opgevoer. (Hier trek hy alleen teen DE LIMA te velde.) Hy sê dat „de meer en meer toenemende zucht tot *Danspartyen en Tooneelvermaken* . . . een gewigtige hinderpaal in de bevordering eener zedelyke opvoeding” is. Om nie te kan dans nie word as die ergste

¹⁾ Sien bls. 279.

²⁾ Sien bls. 199, *Chron.* 27 Okt. '24.

³⁾ Sien bls. 292.

⁴⁾ Sien bls. 269.

⁵⁾ Deel II. Sept.—Okt. '25. bls. 304—309.

⁶⁾ Sien bls. 281 e.v.

gebrek en grootste skande in die opvoeding beskou. Dans is wel goeie oefening maar gee te veel aanleiding tot ongebondenheid. Mense wil graag met hul bekwaamhede voor die dag kom. Vandaar allerlei bals en danspartye. Die nuttige en goeie kom daardeur in die gedrang.

Die toneel is in die 15^{de} Eeu deur Rederykersgeselskappe in Holland ingevoer. Doel was om volksgebreke in die lig te stel. Die toneel het baie nut gestig, met wat tereg „een school der zeden” genoem is.

Maar teenswoordig, uitgesonder geskiedkundige toneelspele, is daar alleen stukke met ’n „verpestende liefdesgesiedenis”, terwyl „wraakneming, onbetamelyke eierzucht” ens. as lofwaardig voorgestel word.

Wat betref die s. g. sedespele, daarin word die mens in uiterstes van deug en ondeug, as ’n engel of as ’n duivel, voorgestel. Die mens word dus onwaar en verkeerd, en dus bedrieglik voorgestel, soos jammerlike lewenservaring later moet leer.

Hierdie stukke word gewoonlik deur klugspele gevolg, wat met hulle „reeks van losse en dubbelzinnige uitdrukkings (en) een schandelyke misbruik van Gods naam waarlyk ook eene schrale zedekunde” leer.

Die teenswoordige toneel is dus baie afkeurenswaardig en skadelik „vooral voor kinderen en jongelieden”. Tog is daar huisvaders en -moeders wat hulle kinders so te sê vir toneel opbring, „met eigen hand tot Theaterpoppen vormen”, hoewel hulle graag dieselfde kinders as „nuttige leden der maatschappy en deugdzame Christenen” eendag wil sien.

’n Vloed van sedeloosheid sal hierdeur die land oorstroom. „Ingetogenheid en zedigheid” verminder by die opkomende geslag, „onverschilligheid en minachting omtrent den Godsdienst”, die ware geluk, neem toe. ’n Mens kan God en Mammon tegelyk nie dien nie. Vir Mammon skyn aan die Kaap selfs voorkeur te bestaan. ’n Bewys? Vir katkisasie kan nouliks tyd gevind word. Dan nog word die maklikste predikant uitgesoek. Maar vir die toneel is daar tyd en moeite te oor. Tot toppunt, help sowaar die skole, van wie mens teenstand sou verwag en wat mens sou reken „kweekhoven van Burgerlyken en Christelyken deugd” te wees, mee in hierdie sedebederf „eener onbedachtzame jeugd”.

„Thans treft men er in ons midden eene aan (n.l. die van DE LIMA ¹⁾ — F. B.) alwaar men er hoofwerk van maakt om kinderen toneelstukjes van buiten te laten leeren, en met wat oogmerk? Om van hen eenen troep kleine comedianten

¹⁾ Sien bls. 256.

te vormen, die men onlangs (tot een bewys in welk eenen hoogen graad van volmaaktheid de opvoeding der kinderen hier reeds geklommen is) ten toneele heeft zien verschyne; en van deze school, let wel!! las men onlangs in de courant dat het was gebleken dat aldaar de Godsdienst op den voorgrond werd geplaatst”.

Teen sulke toestande moet met alle mag en krag gewerk word.

Dis duidelik dat so'n aanval in hierdie besonder gesaghebbende Hollandse tydskrif, nie ongemerk verby gegaan kon word nie. 'n Antwoord aan „Serieus” volg in die vorm van 'n pamflet, *Iets over het Dansen en Toneelspelen* deur J. SUASSO DE LIMA. Die geskrif word spesiaal in die koerant aangekondig en verskyn 15 Mei¹⁾.

Op die tittelblad kom die gebruikelike persoonlikheid voor:

„Gy, sprak hy, gy die my beticht,
Gy hinkt, ik niet. —

GELLERT”.

naar aanleiding van 'n uitlating van „Serieus”.

Die stuk, sê DE LIMA, is kennelik teen hom gerig. Hy verdedig homself. Met bewyse uit die Bybel laat hy sien hoe gebruiklik dans was by die godsdiensoefening van die ou Hebreërs. Dans is immers „eene aangename beweging des ligchaams, die door kunst aan het maatgezag, het zy van stem of speeltuig gelyk gemaakt en daarmee overeen gebragt word”. Ook by die ou klassieke volkere was die dans in ere. DE LIMA gee aanhalinge waarin die te strenge opvattinge van Godgeleerdes in die laaste tyd oor dans veroordeel word. Dans is 'n gesonde oefening en 'n natuurlike gebareuiting van die mens. Natuurlik word dans soms misbruik. Maar ongetwyfeld bekyk „Serieus” die saak van die „zwarte zyde”.

Wat toneelspel betref klim DE LIMA „Serieus of Myne Heeren Serieus”,²⁾ in, omdat hy om agter 'n skuilnaam versteek. Uit dweepsug of onkunde vra hy? Die goeie boom is tog nie skaam vir sy vrugte nie! Hy beveel „Serieus” aan om SAMUEL JOHNSON'S *Preface to Shakespeare* te lees om te weet wat 'n goeie drama is. Aan die hand van *Velly et Villaret, Histoire de France* gaan DE LIMA die geskiedenis van die drama sedert die Oudheid kortliks na. Hy wys verder op die kamerspele van die jongleurs, die misteriespele en „zedespelen” (moraliteite — F. B.) sedert die 14^{de} Eeu — in besonder *in die kerke*.

1) *Chron.* 6, 13 Des. '25.

2) Hy vermoed dus dat daar meer as een 'n handjie aan gehad het.

In 1670 het in Alkmaar „alleen *Geestelyken*” die toneel betree. VONDEL, HOOFT, PATER, SIXTINUS, J. VOS, LANGENDYK het almal vir toneel gewerk. R. FEITH, ouderling van die Hervormde Kerk in Zwolle, vervaardiger van baie Evangeliese sange, het ook komediestukke gemaak. So ook LAVATER, die Godsvriend.

Tal van digters en skrywers in Nederlands, Engels en Latyn haal DE LIMA aan, waar die toneel as plek van nut en vermaak en „spiegel des levens” geprys word. Die natuur het in ons 'n sekere trek gelê om die ervaringe van ons medemense te ken. Hierdeur word vertellings, toneelspele, ens. die aangenaamste tydkortings. „Het toneel is eene nabootsing of vertooning van menschelyke karakters en bedryven, eene versierde (= verdigte — F. B.) historie die door gaans meer gevoel veroorzaakt dan eene wezentlyke zaak. Door een wel uitgewerkte tooneel worden alle de hartstogten (gevoelens, emosies in breedste sin. — F. B.) in beweging gebracht”. Hierdie besondere eienaardigheid van die mens kan tot die edelste doel gebruik word. Die toneel vul die begrensde van eie ervaring van „de gemeene (= gewone. — F. B.) hoop van menschen” aan. Daardeur word kennis van deug en ondeug verkry, word die siel geoefen in „de grootste gevoeligheid en sterkst bevestigde hebbelykheden van deug”. Net soos werklike gebeurtenisse uit die lewe maak dus die drama ons hartstogte gaande. Iemand word aangehaal wat sê „Het tooneel (is) een leerzamer inrigting als de kansel zelf”. Ook Paulus het die dramas van sy tyd bygewoon en gelees.

Tenslotte versoek DE LIMA met rus gelaat te word, soos hy ander met rus laat. Toneeluitspanning van tyd tot tyd bevorder alleen goeie sede. *De Vriend der Kinderen*¹⁾ uit die Hoogduits vertaal, is bevorderlik in die rigting. So ook *Le Theatre des Enfan(t)s* in Frans van Madame DE GENLIS.

Indien „serieus” sy vertoog uit persoonlike vyandskap geskryf het, moet hy ronduit met sy naam voor die dag kom. „Een verstandige Godsdienst gaat gepaard met opregtheid.” Tydens ds. FLECK is 'n toneelvertoning ten behoeve van die armes gegee, wat deur die *Kaapsche Courant* vermeld en nooit deur ds. FLECK verbied is nie. En nou sou „serieus” toneel wil afkeur! Hy hoop „serieus” sal meer byval kry as dusverre „met uitzondering van den eenvoudigen en onnoozelen C. B. die niets met my meer wil te doen hebben, omdat ik tegen u (in?) het Harnas was!”

¹⁾ Waaruit soms de L. se keus van kinderstukkes gedoen word. Sien bls. 270.

Hy bly die godsdiens eer en sy jongelinge inskerp, maar in diè voege „dat de Heilige Schrift de zuil der waarheden maar eene vyandin van dweepzucht, bygeloof en domheid is. — December 1825”.

Ongetwyfeld 'n stuk wat op pote staan, en veel meer geleerdheid nie alleen nie, maar veel meer begrip van die eintlike wese en waarde van toneel en van sy verhouding teenoor godsdiens toon, as die stuk van „Serieus”. Ongetwyfeld ook verdraagsamer van inhoud.

Soos dikwels egter in sulke gevalle praat die twee teenstanders langs mekaar verby. „Serieus” sien byna alleen die slegte kant van dans en toneel; DE LIMA byna alleen die goeie. Ook bepaal DE LIMA hom wat dans betref, vrywel tot toneeldans.

Intussen beskrywe die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*¹⁾ se resensent DE LIMA se brosjure as 'n „ellendig voortbrengsel”, en daar volg 'n redaksionele naskrif — waarin die blad sprekenderwyse ingevoer word — vry breedvoerig hieroor.

Die skrywer van die naskrif sou dan à posteriori bedreig gewees het oor die stukkie *Iets over het Dansen en Tooneel-spelen*, in die blad, waar so „veel gezond verstand” van die „brave Serieus” in deurgestraal het. Eintlik het hy lof vir die stuk verwag, maar „nauwelyks verscheen ik in het openbaar of *Mr. Suasso de Lima* deed aankondigen dat ik welhaast dapper door hem gelaarsd zoude worden (om met vader VAN RIEBEECK te spreken).” Natuurlik was hy ontstel oor den „toorn van dien voorbeeldeloozen, dien braven, eerlyken Godsdienstige Schoolonderwyzer.” Sy vriende het hom egter gerusgestel, ten eerste met die belofte van „een stevig onderkleed van bordpapier”, ten tweede met die verskering dat dit geen Spaanse of Portugese kolonies met auto-da-fés was nie. Maar dit was nie lang nie of sy teenparty verskyn „met een boeksken van 12 bladzyden in octavo in de hand, waarin hy poogde te bewyzen, dat het dansen niet alleen nu en dan geoorloofd, maar zelfs een *Godsdienstige* pligt was”, en dus met voor- en nagebed kon begelei word. Hoe behendig en vlug sy redenasie was, „in een Protestantsch en Christen land zynde viel deze speculatie verkeerd uit.” Terstond was daar twee partye. Die Joodsgesindes, maar weinig, het hul by DE LIMA geskaar, maar die Christelik-gesinde party by „Serieus”, „zettende zulk een ernstig gezigt op tegen den dansmeester, die den Schouwburg boven den kanzel verhief”, dat hom alle lus tot laars of auto-da-fés ontgaan het.

¹⁾ Dl. II, 1825, bls. 438, 452—454 (Nov.—Des.).

Dis duidelik: die teenparty het of DE LIMA se beweringe sleg gelees of moedswillig daar betekenis ingelê en draaie aan gegee wat op sy sags gesê — onbillik was.

'n Replik van DE LIMA op die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* het begin 1826 gevolg¹⁾. Die inhoud is my egter onbekend.

Tog het „Serieus” die beste van die stryd afgekom, wat die duidelikste blyk uit die manier waarop hy voortgaan om allerlei moraliserende stukke in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* te skrywe. So verskyn begin 1826²⁾ 'n stuk oor *Gebreken in de opvoeding der Kinderen*, waarin hy te velde trek teen loterye — 'n algemene ding aan die Kaap³⁾ — as 'n soort dobbelspel. Sydelings word steke aan dans en toneel toegedien. So ook in 'n stuk uit 1827⁴⁾ oor uit-huisigheid van Mnr. Graaguit en vrou, en die gevolge daarvan op die opvoeding van kinders, wat in slawehandel agtergelaat word.

Die beste bewys egter vir die sukses van „Serieus” is dat DE LIMA in sy enigste kinderopvoering van 1826, spesiale nadruk lê op die feit dat die stukke die „goede zeden” opwek!⁵⁾

Op 18 April 1826 volg in die *Chronicle* 'n gedig oor *Het Gebruik en Misbruik der Tooneelliefhebberijen*. Van wie se hand dit is, is onbekend. Die stuk neem 'n onbevooroordeelde standpunt in.

„Vraagt iemand waar de Deugd, al spelend, wordt geleerd;
 Waar meenig dwalend hart tot kennis wordt gekeerd;
 Waar men de aêloudheid ziet herleven voor onze oogten;
 Waar men, door kunst misleid en eerlyk wordt bedroogen;
 Waar 't hart geroerd wordt door des naastens ramp en leed;
 Waar men zyn leegen tyd, ten nuttigste besteedt?
 'k Wyze u een schouwtooneel, bestuurd door wyze Mannen!
 Maar zoekt gy een' plaats waar Deugd en Wysheid is verbannen;
 Waar ligte en ydele tooi het oog tot wellust trekt;
 Waar elk onzedig woord, 't gejuich des volks verwekt;
 Waar wansmaak, vuile boert en taalbederf regeeren;
 Waar men den tyd verspilt met drinken, vloeken, zweeren;
 Waar men door dartelheid het kuisch gemoed ontstigt?
 'k Wyze u een schouwtooneel door Dwazen opgerigt!”

'n Kritiek van 11 Julie 1826⁶⁾ oor 'n voorstelling van *T. N. en V.* is niks anders as 'n verdediging van toneel

1) *Chron.* 17 Jan. '26; Sien bls. 293.

2) *Ned. Z. A. Ts.* Dl. III, bls. 26.

3) Vgl. *K. C.* 28 Feb. '24; *C. Adv.* 4 Jan. '26 e. v.

4) *Ned. Z. A. Ts.* Dl. IV, bls. 15.

5) Sien bls. 270.

6) *C. Adv.*

naar aanleiding van „Serieus” se aanvalle nie. Afgesien van die genoeglikheid sê die korrespondent, „hoe leerzaam teffens was ’t voorstuk, waar wy de deugd zagen beloonen en de ondeugd hare welverdiende straffen ontving, ja mogte elke huisvader die met het vooroordeel tegen den Schouwburg beziel is, hier tegenwoordig zyn geweest, hy had welligt dit veroordeel van hem verwydert, en zyne kinderen welken hy mogt hebben onttrokken, weder aangespoord dit gezelschap by te staan, daar hy de overtuiging had kunnen wegdragen van de zedelykheid, welke door dit gezelschap in ’t kieschen hunner stukken in acht genomen word.

Onkuischheid en slechte grondstellingen kunnen even zoo hunnen loop viere buiten den Schouwburg als in denzelven... waarom... dan tegenkantingen... tegen hen, die ons door nuttige voorbeelden, en vermakelyke ogenblikken den tyd doen veraangenamen?

Neen! laten wy liever hen aanmoedigen, en daardoor dezelfde voldoening wegdragen, dat (hoezeer blind vooroordeel en dwepery hen laken) de deugd echter in hen altoos haren vriend en voorstander eerbiedigen zal.”

Dieselfde geselskap laat kort daarop ’n toneel uit ’n stuk weg teneinde kuise ore nie te kwets nie. Weer verdedig die krietiekus die toneel op grond van sy vermoë om al laggende die waarheid te sê¹⁾. Met toneel word dans gewoonlik in een asem genoem. As in verband met Saterdagandbals gesê word „Goede Hemel! welk een wonderlyke overgang van de danszaal naar de Kerk!”²⁾ kan ons aanneem dat die toneel, aangesien opvoeringe gewoonlik Saterdaggaande plaasgevind het, die gevolge van hierdie bestryding sal ondervind het. Later word dit seker³⁾. Moet ons afgaan van Nederlandse toestande was dit iets verskrikliks vir ’n dominee om in ’n skouburg gesien te word⁴⁾.

Interessant is, in hierdie verband, die besondere vermelding in 1830 deur *De Zuid-Afrikaan*⁵⁾ van die eerste opvoering van *Douglas* in Edinburgh, ’n stuk van ’n predikant (eerw. HOME) grotendeels deur predikante — hoewel in die geheim!

Stellig het hierdie agitatie van reaksionêre Kalwinisme en opkomende Metodisme sy invloed gehad op die merkbare agteruitgang van toneel ’n paar jaar lang, sedert ongeveer 1827. ’n Duidelike weerklank daarvan het ons in verband met die eerste toneelspel op Stellenbosch in 1829. Dit slaag, ten spyte van dweepsug, veral deur die steun van die „Civiele

¹⁾ Sien bls. 239.

²⁾ *Ned. Z. A. Ts.* ’28, bls. 411. ³⁾ Sien bls. 353.

⁴⁾ *Ned. Z. A. Ts.* 1828, bls. 439. Uit *Swaving’s Reizen*.

⁵⁾ 30 Jul. ’30.

Commissaris" VAN RYNEVELD. Die toneel word geloof as leermeester van goeie sede¹⁾.

Sedert ongeveer 1830 word die aandag van die Metodistiese yweraars wat voortaan die hoofrol speel in anti-vermaaklikheidsagitatie, in besondere beslag geneem deur allerlei ander filantropiese en hervormingswerk. Tallose genootskappe word gestig vir die sedelike en maatskaplike verbetering, vir die opvoeding en verchristeliking van die inboorlingrasse²⁾ — genootskappe waarvan die vermaarde „Temperance Society" uit 1832, waarmee ons reeds kennis gemaak het, een was. Teen 1835 was hierdie koorsagtige genootskapperij bietjie bedaar. Naas reaksie by die publiek en naas 'n teenslag soos' in verband met die Matigheidsgenootskap, sal terselfdertyd 'n aansienlike mate van bereiking by die yweraars mede die oorsaak hiervan gewees het. Maar nou keer hulle hul met vernude krag teen die „sondige" vermake van bals, perdewedstryde, en veral toneel.

Nie dat intussentyd die toneel e.a. vermake heeltemal alleen gelaat was nie. *All the World* vind dit nodig om in 1832 in verband met sy planne te verseker, dat hul hul stukke sorgvuldig sal kies; so ook hul geselskap „so that no ladys eye or ear may be pained by indecorum of any kind".³⁾ Kort hierop in dieselfde jaar, gee 'n Presbiteriaan uiting aan sy afkeer van toneel⁴⁾, terwyl die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* hom in 1833⁵⁾ ongunstig oor toneel uitlaat, hierdie keer egter om 'n spiksplinternuwe rede. A. N. E. C(HANGUION) beweer o.a.: „Zullen wy van het tooneel zwygen? In hoeverre de voorstellingen lof of afkeuring verdienen, zullen wy, om niemand te kwetsen, onaangeroerd laten. Maar op de vraag: is het, onder de bestaande omstandigheden, in het geheel wenschelyk, dat in de Kaapstad een schouwburg bestaat, antwoordt de schryver... volmondig neen; en wel omdat... by de voorstellingen van den afgelopen winter huisgezinnen... deftig uitgedost en opgetuigd gezeten hebben... (die) iederen stuiver noodig hebben om in de behoeften van hunne huishouding te voorzien. Waar... tooneel zulke gevolgen heeft, en die moet het in een kleine

¹⁾ Sien bls. 253.

²⁾ Vgl. *C. Adv.* 9 Feb. '31, opening Wesleyaanse Kapel; *C. Adv.* 11 Feb. '32 e. v. „Tapper" se afkeuring van Metodisme; *Z. A.* 9 Des. '31 kla oor tallose genootskappe aan die Kaap, in 1831 alleen ± 17 nuwes; *C. of G. H. Lit. Gaz.* 2 Jan. '32 — oor Genootskappe aan Kaap; *C. Adv.* 28 Feb. '35, Wesleyaanse werk onder kleurlinge; *S. A. Chr. Recorder* Jun. '36, Lys Godsdienstige Genootskappe aan Kaap.

³⁾ *C. Adv.* 9 Mei '32; sien bls. 221.

⁴⁾ Sien bls. 222.

⁵⁾ 1833 bls. 466. „Naschrift".

stad waar men heelwat aan de ydelheid opoffert altyd hebben, daar is het zeker ten hoogste nadeelig." Kon die toneel alleen deur rykes staande gehou word, en kon minderbemiddeldes hulself genoegens ontsê wat hul te duur is, kry die saak 'n ander kleur. Hoeseer die skrywer voorstander van musiek is en „wie, die aanspraak op beschaving maakt, zou dat niet wezen", twyfel hy selfs of aan konserte deur deurtrekkende kunstenaars nie te veel uitgegee is nie. Kosbare genoegens is vir kleine stede net so skadelik soos vir mense van klein besit

Teenoor hierdie afkeuring staan egter dat sedert A. N. E. CHANGUION, wat liberaal¹⁾ van godsdienstige oortuiging was, aan die Redaksie van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* in 1833²⁾ gekom het, vir die eerste keer vermeldinge van toneel in die „Kronyk" daarvan verskyn³⁾. Verder blyk duidelik uit die voorafgaande naskrif dat CHANGUION in prinsiepe nie teen toneel gekant was nie.

Bowendien vind ons gedurende hierdie jare verskeie gevalle van samewerking tussen toneel en genootskappe vir liefdadigheid⁴⁾.

Oor die geheel is dit duidelik dat van aktiewe vyandskap teen toneel geen sprake is tussen 1830 en 1835 nie. Trouens die toneel het intussen 'n hele oplewing gehad: die Engelse sedert 1829 met *All the World's a Stage*⁵⁾; die Hollandse sedert 1833 met, in besonder⁶⁾, BONIFACE se geselskappe.

Teen die end van 1835 begin die eerste aanvalle in die groot stryd teen vermaak, 'n stryd wat in 1836, sy hoogtepunt bereik.

Die stryd begin by bals in 1835. 'n Sterke aanval word daarop gemaak⁷⁾, wat in 1836 voortduur⁸⁾. Iemand kan o.a. nie die noodsaaklikheid insien waarom Christelike werk nie die wintervermake kan uitmaak i. p. v. dans, kaartspel, wedrenne ens. nie⁹⁾.

In 1836 ontbrand ook 'n hernude felle drankbestrydingsaksie¹⁰⁾. Terselfdertyd word die aanval teen toneel gerig. Die

¹⁾ *Z. A.* 23, 26 Jan. 1865; *O. T.* 1898 bls. 193.

²⁾ *Ned. Z. A. Ts.* 1833, bls. 234, 1834 – bls. 70. Stigting „Mpy. tot Verbreiding van Beschaving en Letterkunde". Changuion leier daarin.

³⁾ 1833 bls. 314 e. v.

⁴⁾ *Sien* bls. 180, 205, 212, 222.

⁵⁾ *Sien* bls. 209 e. v.

⁶⁾ *Sien* bls. 320 e. v.

⁷⁾ *C. Adv.* 5 Aug. '35, verkeerd vir Predikante om op bals te kom; 12 Aug. '35 e. v., verdediging bals aan Kaap deur Paul Pry — 'n hele korrespondensie vind plaas.

⁸⁾ *C. Adv.* 26 Maart '36.

⁹⁾ *C. Adv.* 18 Mei '36; vgl. 10 Aug. '36., brief teen kaartspeel, ens.; 31 Aug. e. v., teen „racing".

¹⁰⁾ *C. Adv.* 2 Apr., 5 Nov. '36 e. v.; *Cape Town Temp. and Abstinence Society*, Jan. 1836 gestig; *Juvenile Temp. Society* Nov. '36.

moes dit die swaarste van almal verduur, en tenslotte byna volkome die nederlaag ly.

Die aanval begin ¹⁾ naar aanleiding van 'n skouburgramp in St. Petersburg. „A Non-Amateur” moraliseer daaroor. Hy gee die verhaal van sekere Engelse regter, wat 'n verdaging van die hof sou geweier het by 'n gewaande Oordeelsdag, toe dit ook werklik daarnaar gelyk het. Die regter sou verklaar het ten alle tyde en plaatse gereed te wees om deur Christus gevind te word “judging righteously”. Seker sou mens in baie ander bedrywe ewe gereed vir Christus kon wees, as die dood of die Oordeelsdag skielik kom, “but who could be without regret if found, in the same manner in a *Theatre*?”

Heftiger is die aanval van “Philemon” ²⁾, by geleentheid van die opvoering van *Othello* in Junie deur *V. en K.* ³⁾. Hy vra: “In frequenting the Theatre, do not professing Christians, pointedly violate their baptismal vows? In doing so on the eve of preparation for the ‘Lord’s Day’, do they not pour contempt on that sacred institution? In listening to... *Othello*, do they not unnecessarily contract a horrible familiarity with passions and deeds of the most fiendish character... and give up their minds to be polluted by language so gross? is not the guilt of such persons great, and their danger imminent?” Laat alle ware Christene tog vir sulke verdwaaldes bid!

In dieselfde trant is 'n brief van “Gentlemen of Cape Town” ⁴⁾ (Let wel, van die Here! — F. B.) teen 'n opvoering van *She Stoops to Conquer*. „The lady is to ,stoop’... ,stoop’ low indeed. She ,stoops’ to trickery and deceit... to meanness and degradation... to vulgarity, gross impurity and foul abuse. And all for what purpose? Why; to win a man that no high (not to say pure) minded woman would ever deign to countenance — a man of bad address, bad manners and bad morals, — a man who can speak only... language of the basest sort”, 'n man, 'n gemene verleider van onskuldige meisies. Dames van Kaapstad! Sal jul deur die opvoering by te woon julle onregstreekse goedkeuring aan sulke gedrag en persone heg?

Ongeveer gelyktydig het die hewigste aanval plaasgevind teen toneel, wat die hoogtepunt van die stryd uitmaak. Sedert 1835 het die geesdrywers nie minder as 'n eie blad aan die Kaap nie, — die *South African Christian Recorder* ⁵⁾. Hierin

¹⁾ *C. Adv.* 11 Jun. '36.

²⁾ *C. Adv.* 18 Jun. '36.

³⁾ Sien bls. 335.

⁴⁾ *C. Adv.* 6 Aug. '36; Sien bls. 196.

⁵⁾ Vgl. die geweldige uitbreiding van Christelike lektuur o. a. traktaatjies in hierdie tyd. Sien bls. 52, vtn. 9.

kom in Augustus 'n stuk voor: *Amusements of the Stage*. Dis 'n resensie naar aanleiding van 'n reeks preke oor die toneel deur eerw. C. BEST van Sheffield. Die stuk is oorgeeneem uit *The Christian Observer*. Deur middel van alle koerante word die aandag van die publiek daarby bepaal¹⁾. 'n Afsonderlike oordruk word gratis versprei.

Die toneel, beweer die stuk, is "not of the Father, but of this world". Dit moet al rede genoeg wees om dit te veroordeel. Soos die toneel nou is (nie soos dit miskien kan wees nie) is dit "unchristian and of a demoralizing character... utterly opposed to the spirit of our holy religion".

Veertien jaar lang het eerw. BEST jaarliks oor die toneel gepreek. Met sukses. Die aantal besoekers van voorstellinge in Sheffield het afgeneem. Iemand, vroeër aan die toneel verbonde, maar nou bekeer, gee BEST se werk uit, wat "simpel, earnest and convincing" is. Enige argumente van die heer BEST word gegee.

Om mee te begin is daar "the contrariety of the theatre to that spirituality of mind which is an essential part of the Christian character". Nie alleen is daar "the gaiety of the general scene" nie, maar "the mind is powerfully affected by some creation of a vain fancy, the feelings are aroused, the passions stimulated, the imaginations heated, and during the paroxysm of mental excitement life is transformed into a dream, and is embellished with various impracticable and unattainable pleasures", en valse voorstellinge word gegee aan "the errant and youthful mind... When this intellectual fever subsides, (it leaves) the mind relaxed, weakened, wearied, unfitted for ordinary employment and sick of sober realities".

Bowendien wek die toneel 'n onversadigbare honger naar hierdie soort belewinge waardeur dit "opposed is to sobriety and spirituality".

Christelike deugde soos nederigheid, tevredenheid, vergewingsgesindheid, word deur die toneel vernietig. Selfs die goeie karakters doen kwaad, want hul goedheid is nie die goedheid van die voorbeeld van Christus en van Gods Woord nie.

Naar aanleiding van die teks "Fools make mock at sin" sê BEST in die tweede preek, dat met ondeug, met sonde op die toneel gespot word. Dit word nie alleen as 'n grap beskou nie, maar verheerlik, selfs toegejuig, veral "the sin of licentious profligacy". Die skyn is nie verenig met: "loving God with all our hearts and our neighbours as ourselves" nie. (Derde preek).

¹⁾ *C. Adv.* 3 Aug. '36; *G. G. en Z. A.* 2 Sept. '36. Ook teen wedlope en reis op Sondag word die stryd gevoer.

Onder die naam van onskuldige vermaak en onder die skyn van skoonheid en deug (4^{de} preek: "Lead us not into temptation") bring die toneel gevaar. "It is a mixture of a *little good* with much evil", en die bietjie goed moet alleen as lokmiddel dien. Die toneel is 'n "engine of Satan" en eintlik gevaarliker as "scenes of any shameless wickedness". In die s.g. hekeling van skynheiligheid ens. word godsdiens en kerk bespotlik gemaak, maar tegelykertyd word die sonde in die skoonste kleure voorgestel. Hoe dikwels moet "respectable females" skaamte gevoel gedurende "scenes of painful impropriety and evil". In Sheffield besoek veel minder vrouens die skouburg sedert BEST se optrede.

Ons kan ons voorstel dat 'n dergelike aanval groot indruk op goedgeelowige Christene moes maak, ook op non-Methodiste. Reken hier nog die Methodiste self by, toe in die volheid van hul krag en invloed ¹⁾, en ons besef die krag van die aanval wat die toneel getref het.

Trouens orals in die land (vgl. Grahamstad) ²⁾ was hul invloed groot.

Wat toneel betref sien 1836 dus die hoogtepunt van die aanval. Dieselfde is die geval met die ander vermake. Natuurlik is die stryd lang nie op 'n end nie. Langs die hele lienie duur dit voort ³⁾. Maar die hewigheid is veel verminder behalwe miskien wat betref drankbestryding ⁴⁾ — wat egter nie eintlik onder gewone vermake val nie. Ook die Sabbats-ontheiliging ⁵⁾ kom op die voorgrond as 'n nuwe aanval, en bly nie sonder invloed op die toneel nie. Vir die ware Sondagstemming moet mens al die Saterdagand die gees begin voorberei. Dus geen skouburgbesoek ens. nie ⁶⁾.

Maar die swaarste slae was geslaan. Die verdere uitwerking was in hoofsaak 'n kwessie van tyd.

Intussen begin die reaksie homself openbaar. Tiepies is in hierdie opsig dat dit hom veral in die Hollandse blaaie toon. Oor die algemeen het hulle weinig meegehelp in die „Hetze” teen vermaak. Hierdie houding is baie begryplik. Die agitاسie was 'n direkte oorwaaiing uit Engeland naar die Kaap,

¹⁾ Op 25 Des. '36 *C. Adv.* vier hul 'n „Centenary of Methodism” in Kaapstad. *C. Adv.* volg in die spoor; John Fairbairn was 'n geweldige Metodist. Vgl. *C. Argus* 22 Aug. 1927. Art. oor Pringle.

²⁾ Sien bls. 390

³⁾ Vgl. *Mod.* 23 Mei '37 — teen dobbel; 12 Sept. e. v.

⁴⁾ *C. Adv.* 15 Feb., 8 Maart, 4 Jul. '37 e. v.

⁵⁾ *Med.* 22 Aug. 12, 19 Sept. '37. Hieraan die "Sabbath Observance Society" en "Bill" in Engeland te danke. — Aan die Kaap Ordinansie "For the better observance of the Lord's Day", 23 Aug. '37. Teruggetrek 23 Maart '38 (*Alm.* 1840).

⁶⁾ Sien bls. 350, 351, 352, 365.

ongesien of dit vanpas of onvanpas, verdien of onverdien gekom het. Op gebied van politiek kry ons in daardie tyd dieselfde onbekookte invoer van teorieë en gedragslyne, plaaslike meninge en toestande vrywel ongeag. Die dwaasheid, in die onderhawige geval, om Suid-Afrikaanse sosiale toestande naar Engelse maatstawe te meet is vanselfsprekend. Die Kaap, afgesien van die besondere eienskappe uit klimaat ens. gebore, was nog by uitstek Hollands in sedes en gewontes. Die verengelsing was oppervlakkig en betreklik gering. Terwyl die nie-blanke bevolking 'n hele groep op hul eie gevorm het.

'n Eerste bewys van die reaksie is 'n brief in *De Meditator* van 12 September van „Een Paard van zyn Eerwaarde”. Bakkers en slagters het Sondags geen werk nie. Hy wil ook kwytskelding van werk hê vir perde wat tot laat selfs snags moet werk, soos b.v. „by gelegenheden van Bals, Concerten, Comedies, en meer nog dan dit alles gedurende die duivelsche vermakelykheden welke men *Races* noemt.” Die insinuasie is natuurlik ook rus vir homself op Sondags. Alles word op spottende toon gesê.

Die saak word duideliker as ons in *De Meditator* van 13 Maart 1838 'n lofgedig op H. ROSS en v. BREDA lees omdat hulle Kaapstad weer Sondags brood verskaf het teen „'s Godsdienst verdrukkende magt”, en as ons hoor van 'n Ordinansie van 26 September 1838 “For regulating the sale of Bread” ¹⁾. Ander tekens van reaksie openbaar hulself.

Ons hoor van 'n blad *Iets of Verzameling van Vermakelyke Stoffen*, einde 1837 ²⁾. Al meer en meer briewe verskyn om die spot te drywe met die Metodistiese geesdrywery op gebied o.a. van kleurlingversorging, Sabbatsontheiliging, drankbestryding ³⁾.

Om terug te keer tot toneelbestryding. 'n Laaste naklank, hier van Hollandse kant, weer om heel besondere redes, vind ons in die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* van 1838 ⁴⁾, waarin trouens sedert 1835 geen vermelding van toneel meer voorkom nie. Terloops word in 'n „Redevoering” (preek) gepraat oor die opoffering van gesondheid aan kortstondige oomblikke van vermaak. „Het dansvermaak, kostbare verlustiging, spel, schouwburg”, verkwisting ens. word nagejaag ten koste van werkkrag, gesondheid, goeie gewete ens. Matigheid en deug is die ware.

¹⁾ *Alm.* 1840.

²⁾ *Med.* 14 Nov. '37.

³⁾ *Med.* 5 Des. Gedig *De Eerste December*, spot met vrygemaakte slawe en Wesley. 6 Feb. '38 *Het Paradeplein op Zondag!*; 20 Feb. '38. — Brief teen Metodiste ens.

⁴⁾ *Bls.* 95.

.Origens verneem ons na 1836 nie van toneelbestryding nie. Sedert daardie jaar was die Metodisme definitief die heerser, en al handhaaf die ander vermake hulself deur hul diepere ekonomiese (b.v. drankgebruik, wedrenne) en sosiale (b.v. bals en kaartspel, veral in leidende kringe) wortels in die maatskappy, met die toneel, soveel vatbaarder vir strominge van openbare mening, was dit spoedig daarop gedaan¹⁾. In 1838 verneem ons die laaste van voorstellinge. Dit sal 1842 word, voor, in die kerende gety teen die Metodisme, die toneel homself weer in 'n korte nuwe bloei-periode openbaar.

Daar bly ons alleen oor om die „laaste dae” van die ou Afrikaanse Skouburg na te gaan.

Op 21 Maart 1838²⁾ verskyn die volgende kennisgewing:
„SOUTH AFRICAN THEATRE.

For Sale: The undersigned intending shortly to leave the Cape, offers the above Property for sale on terms very advantageous for the investment of capital. — JOHN THOS. BUCK”.

Die advertensie word meermale herhaal³⁾ — sonder sukses. Op 18 April⁴⁾ kondig BUCK aan dat indien nie voor 1 Mei uit die hand verkoop nie, sal die Skouburg op die dag by publieke veiling verkoop word, „by opslag en afslag met *een duizend Ryksdaalders strykgela*”. Dis 'n aansienlike som en wys op die moeilikheid om die gebou van die hand te sit, nietaenstaande dat „De gemiddelde netto inkomsten (ontstaande voornamelyk uit het verhuuren van Pakhuizen onder den Schouwburg) gedurende de laatste 8 jaren meer dan Rds. 3.250 in het jaar geweest (zyn)”.

Die veiling het plaasgevind⁵⁾, maar die verkoop het nie geluk nie.

In Januarie 1839⁶⁾ kondig BUCK weer aan dat hy voornemens is om die Suid-Afrikaanse Skouburg „in de loop der aanst. maand te verkopen”. Alle vorderinge daarop moet onverwyld opgegee word by JAMIESON, WINGATE & Ko., St. Georgesstr. 44 — die nuwe besitter blykbaar van BUCK se gewese eiendom⁷⁾.

By hierdie geleentheid moes BUCK die Skouburg kwyt geraak het. Onder 8 Junie⁸⁾ gee „de eigenaren van het Gebouw op het Boerenplein (voormaals gebruikte als een Schouwburg) kennis” dat hulle geneë is om die gebou te

1) Vgl. die vermoedelik bykomende invloed van beroepsvermake in hierdie tyd. Sien bls. 232.

2) *C. Adv.*

3) *C. Adv.* 28, 31 Maart; *Med.* 27 Maart, 3 Apr. '38.

4) *C. Adv.*; ook 21, 25, 28 Apr.; *Med.* 24 Apr., 1 Mei '38.

5) *Med.* 1 Mei '38.

6) *C. Adv.* 12, 16 Jan. '39; *G. G.* 11, 18 Jan. '39.

7) Vgl. *Alm.* 1839.

8) *C. Adv.*; Ook 12 Jun. '39.

verhuur vir enige „Cursus Voorlezingen over Zedelyke Onderwerpen”. Die gebou is natuurlik „uitmuntend geschikt” daartoe en „ten einde zulk een nuttig en leerzaam onderhoud te bevorderen, zullen zy de huur zoo laag stellen als mogelyk”. J. LAWTON en D. WILLIAMS onderteken die kennisgewing en in 'n voetnoot word bygevoeg:

„Twee of drie Pakhuizen te huur onder het Gezelschaps Gebouw, zeer geschikt voor winkels en den Handel met Buitensieden. Huur zeer matig”.

H. WESTCOTT, onder opskrif¹⁾ „De Voormalige Kaapsche Schouwburg”, gee kennis van verkoop by vandiesie op die Paradeplein, op 13 Junie sonder reserwe, van „eene hoeveelheid Schermen, Vleugels (Wings) enz., wel geschikt voor Beschotten of Schutten in Pakhuizen, enz. Alsmede 18 Tooneel Lampen met Reflectors enz.” Ook uit die hand te koop “eene groote verscheidenheid Mans en Vrouwen Tooneel en Fancy Kleederen”.

By dieselfde geleentheid gee die here WILLIAMS en LAWTON kennis dat hul sekere hoeveelheid toneelskerms, kostuums ens. in een van die pakhuise, ongereklameerd nieteenstaande allerlei kennisgewings, sal verkoop “voor rekening van wien het aangaat” op 29 Junie.

Alle moontlike reghebbendes daarop moet dadelik aansoek doen.

Op 1 Julie volg tenslotte *T. N. en V.* met die publieke verkoop van al hul toebehore²⁾.

Soos gepas, is die Skouburg spoedig na sy verkoop in 'n kleurlingkerk, nou die St. Stephen's, verander³⁾. “Great were the rejoicings among the 'unco guid' and the rigidly righteous when the transformation took place” sê CHASE⁴⁾.

Dat meer as een hierdie verkoop, hierdie verkragting van die oorspronklike doel van die skouburg, met lede oë aangesien het, is begryplik. Vir verskillende getuienisse hiervan verwys ek elders⁵⁾. Hier wil ek melding maak van 'n gebeurtenis in 1842⁶⁾, waaruit dieselfde afgelei kan word en wat 'n paar ander belangrike punte raak.

Onder die hoof “De Oude Schouwburg” wys “de Eigenaars van de Gebouwen⁷⁾, opgerigt voor de einden van eene

¹⁾ *C. Adv.* 12 Jun. '39.

²⁾ Sien bls. 250-251.

³⁾ Groom, *C. I. M.* 1899 bls. 478; Art. Dreyer; Laidler bls. 47.

Die presiese data is my onbekend. In 1848 noem De Lima dit (sien bls. 266). In die *Alm.* van 1850 word gepraat van die “St. Stephen's Church” van die “Apostolic Union”. In 1857 word dit opgeneem in die kerkverband van die Ned. Ger. Kerk (*Vbd.* 17 Nov. 1857).

⁴⁾ Laidler, *Annals* ens. bls. 47.

⁵⁾ Sien bls. 477, 480-481. ⁶⁾ *Z. A.* 12 Jun. '42.

⁷⁾ Die adv. is kennelik uit die Engels vertaal. Gebouwen = Eng. “buildings.”

Schouwburg, op het Boerenplein", per advertensie, op 'n aansoek van hulle kant aan die Kaapse munisipaliteit vir verlof om twee kamers naas die trappe van die gebou te voltooi. Besware daarteen moet voor 'n sekere datum skriftelik ingedien word. Hulle gee die brief aan die munisipaliteit in die advertensie weer.

Daarin wys T. J. MATHEW "Voor myzelven en mede Eignaren" op die oorspronklike skenkingsreg van 30 vt. in alle rigtinge om die Skouburg, waarop egter alleen met verlof van die regering mag gebou word. Die vorige eienaar, die heer BUCK, het met die bou van die kamertjies begin. Dit was alleen nog nodig om dit onder "plat" te bring, toe die gebou aan hulle verkoop is. Die eienaars het die onvoltooide kamers hinderlik vir die oog beskou en besluit om tot die afbou oor te gaan, toe die "Stadscurator" hulle teëgaan en sê dat hulle eers die toestemming van die Goewernement moet kry.

Hulle het toe die Goewerneur genader en die was van gevoel, dat die "objectien door zekere ingezetenen van het Boerenplein tegen het... verzoek ingebracht niet veel overweging verdienen", maar verklaar dat Kommissarisse van die munisipaliteit maar moet beslis.

Die eienaars het die saak vertraag omdat Kommissarisse baie besig was, maar hoop dat alles nou gunstig vir hulle beslis sal word.

Om naar die uiterlike van die gebou vandag te oordeel lyk dit nie of hul wens vervul is nie.

§ 5. Die Opvoering ¹⁾.

a. Skouburge.

Vir die grootste deel van die tydperk 1822-'39 bestaan daar drie skouburge aan die Kaap: 1. Die "Afrikaansche", "Zuid-Afrikaansche" of "Kaapsche (Cape Town) Schouwburg" ²⁾. 2. Die "Liefhebbery Tooneel (Amateur Theatre)". 3. 'n Garnisoenskouburg in die Kaserne (1825-'28, 1834-'38 ³⁾.

Tot 1824 vind ons alleen vermelding van die ou "Afrikaansche Schouburg" aan die Kaap. In 1825 maak die "Lief-

¹⁾ Vgl. hierby Tabelle E-I.

²⁾ Die "Afr. Sch." is die ouere naam. Sedert 1827 (Sien bls. 191) begin die naam "Z. A. Sch." opkom. Sedert 1829 word dit vrywel uitsluitlik gebruik. (Sien bls. 209).

Hiernaas bestaan die naam „Kaapsche Sch." sedert 1823. (Sien bls. 197). Watter naam gebruik word, Kaapse of (S.) A. Skoub., skyn 'n kwessie van onderskeid maak of voorkeur te wees (Sien bls. 359). Dat dit aparte skouburge kon gewees het, lyk my volkome uitgeslote. Die name word veels te veel identiek gebruik (Sien bls. 192, 198, 199, 208, 209-210, 211, 220, 221, 224, 359. Verder spreek alle ander getuienis dit beslis teë. Sien verder.

³⁾ Sien bls. 194, 362 e.v.

hebberij Tooneel" sy verskyning ¹⁾, bestaan in 1838 nog ²⁾, ook vermoedelik daarna ³⁾.

Sou hierdie Liefhebberij Toneel, waarin *Tot Nut* die eerste begin speel, dieselfde wees as die van die vorige periode waar *Tot Nut* in gespeel het? ⁴⁾

Die „Liefhebberij Tooneel" was by uitstek die skouburg van die Hollandssprekendes ⁵⁾. Van 1825—36, solank *T. N. en V.* bestaan, bly dit sy lokaal ⁶⁾. Na hom in 1837, speel *Tot Oef. en Vermaak* ⁷⁾ daarin. So ook die Kindergeselskap *Kunst en Smaak* van 1835—'36 ⁸⁾ met 'n enkele uitsondering ⁹⁾. BONIFACE se geselskap, *V. en K.*, in die periode 1834—'38 ¹⁰⁾, speel in hoofsaak in die Liefhebberij Toneel, anders in die Afrikaanse (Kaapse) ¹¹⁾ Skouburg ¹²⁾.

Vóór hierdie tyd, by *Honi* (1823—'28?) en *Door Yver* (1833), van BONIFACE, was die voorstellinge uitsluitlik in die Afrikaanse Skouburg ¹³⁾. Engelse geselskappe speel alleen by hoë uitsondering ¹⁴⁾ in die Liefhebberij Toneel. 'n Enkele afwyking is die *Private Amateur Company*, 1834—'35; maar ook sy laaste voorstelling is in die Suid-Afrikaanse Skouburg ¹⁵⁾.

In teenstelling met die Liefhebberij Toneel was die Afrikaanse Skouburg by uitstek — uitsonderinge het ek alreeds vermeld — die plek vir Engelse geselskappe. Die (*Garrison*) *Amateur Company* (1822—'28 ¹⁶⁾, *All the World* 1830—'34 ¹⁷⁾, die *English Theatricals* (1823—'30) ¹⁸⁾, die *Private Amateur Company* (1837—'38) ¹⁹⁾ almal speel daar.

Merkwaardig is hoe sommige geselskappe aan onderskeie name vir dieselfde plek blykbaar kleef, b.v. die *Garrison Amateur Company* aan „African Theatre", *All The World* aan „South African Theatre" en *English Theatricals* aan „Cape

¹⁾ Sien bls. 235.

²⁾ Sien bls. 341.

³⁾ Sien bls. 482. In Hoopstraat.

⁴⁾ Treble Violl. *C. Times* 20 Aug. 1913 sê die „Am. Th." was in Hoopstr. In die vorige periode was *T. N. en V.* se skouburg in Tuin „Uitvlugt" (Sien bls. 158). Elders opper ek die vermoede dat die lokaal dieselfde was as die in St. Jansstraat waar Hollandse spelers optree in 1822 (sien bls 140). Is my vermoede reg dan moet die „Liefh. Tnl." van 1825—'52 (?) — aangenome dat die „Liefh. Tnl." van voor 1840 dieselfde is as die van daarna — 'n ander wees, want die was in Hoopstraat. Die saak is om uit te maak waar „Uitvlugt" presies geleë was. Ongelukkig het die geleentheid my ontbreek.

⁵⁾ Vgl. Treble Violl. *C. Times* 20 Aug. 1913.

⁶⁾ Sien bls. 235 e. v.

⁷⁾ Sien bls. 249.

⁸⁾ Sien bls. 270 (of eie lokaal?)

⁹⁾ Sien bls. 271.

¹⁰⁾ Sien bls. 322.

¹¹⁾ Ook hier die naamverwisseling.

¹²⁾ Sien bls. 323, 330, 331, 336, 337, 339.

¹³⁾ Sien bls. 274 e. v.

¹⁴⁾ Sien bls. 195.

¹⁵⁾ Sien bls. 204 en 206.

¹⁶⁾ Sien bls. 179 e. v.

¹⁷⁾ Sien bls. 208 e. v.

¹⁸⁾ Sien bls. 196 e. v.

¹⁹⁾ Sien bls. 207 e. v.

Town Theatre". Miskien was dit doelbewus terwille van onderskeiding tussen die geselskappe, miskien 'n kwessie van voorkeur tussen verskeie gewone benaminge, miskien gewoon willekeur. Dat aparte skouburge kon bedoel wees is uitgeslote¹⁾. Waar die name nie konsekwent gebruik word nie, moet aan toeval, verwarring of sorgeloosheid gedink word²⁾.

Verder was die Garnisoenskouburg in hierdie periode uitsluitlik Engels³⁾.

In verband met die skouburge kry ons verder interessante mededeling uit ander bronne. TEENSTRA⁴⁾ wat in 1825 aan die Kaap was, vertel in verband met die Afrikaanse Skouburg die volgende: „De Schouwborg welke in 1798⁵⁾ gebouwd werd, is een te klein, maar fraai steenen gebouw; vooral het tooneel is van weinig belang. Hy die een menigte coquette, onwelvegelyk gekleede jonge meisjes wil zien, ga naar het Boerenplein, op welks Zuidoostelyke hoek men dit gebouw vindt, en nu des Zaterdagavond zeer sterk door de Kapenaars bezocht wordt. Wy bezochten den Schouwborg en namen plaats in het parterre, om hetwelk in een halven cirkel, gelyk een hoefzyser, de loges rondloopen, waarvan er zich echter geene boven elkander bevinden. Hier laten zich nu de in gaas, zyde, kant en dun neteldoek gekleede dames in menigte zien. Zoodra de gordyn valt, maakt men rechtsomkeert, en ziet de vrouwen en meisjes dezer plaats byna geheel naakt. Nu, wat gedooft een warm klimaat niet! Men kan ook hier terecht met MURALT zeggen (*Lettres sur les Anglois et les François*), over de Franse vrouwen sprekende: „Hier is men zeer ver af van die gematigdheid; de vrouwen ontblooten zoowel haar lichaam, als haren geest. Zy vergeten dat zy hare bevalligheden misbruiken, wanneer zy die op alle tyden ten toon spreiden; de mannen waren verplicht haar zulks te herrinneren”.

'n Ander beskrywing van 'n Kaapse skouburg⁶⁾ van die tyd vind ons in die *South African Grins or the Quizzical Depot of General Humbug*⁷⁾, 1825, deur “Paddy to a friend in the Emerald Isle”.

1) Sien bls. 358, vtn. 1).

2) Sien bls. 198, 214, 222, 224.

3) Sien bls. 194.

4) *De Vruchten* ens. 1830. Dl. I. Bls. 292. Sedert Maart was hy ongeveer vier maande aan die Kaap.

5) Hier vergis hy hom natuurlik. Vgl. bls. 94.

6) Treble Violl beweer in casu van die „Amat. Th.” m.i. op weinig voldoende gronde. *C. Times* 29 Aug. 1913. Vgl. die verwysing naar *Honi* wat toe in die Afr. Skoub. gespeel het. Sien bls. 359.

7) Treble Violl id.

“Och never before in all my born days
Did I ever see players with such outlandish ways;
The theatre itself the quaintest I’ve seen,
Outside somewhat shabby, inside very mean.

.

Shabby tin sconces the wax lights support,
Whose droppings the coats of the gentleman court;
From experience I speak, for ’twas my own lot
To sit under one and get a wax shoulder knot.

.

The play-acting mania closely doth rage
For a cure the poor patients go on the stage!

.

Whenever the Dutch folks perform a piece,
The house smells swately of smoke and of grease,
For the men they allow their pipes to smoke.

.

And in lieu of wax they burn tallow lights.
Which smell nation strong on a hot, sultry night;
Under England’s fair motto *some of them*¹⁾ act,
Which to the front of the curtain is tacked,
And with the aid of *Honi soit qui mal y pense*
They manage sometimes to get through a romance,
And say of their smoke and sad frenzy stinks,
Bad luck to the spalpeen who evil thinks.”

WEBSTER²⁾, ’n paar jaar later, deel mee:

“The only place of public amusement in Cape Town is the theatre. The performance there must not be criticised, as it depends mostly on the efforts of amateurs; but³⁾ Dutch plays besides English are sometimes performed.”

’n Uiting in soortgelyke toon, met meer beslister lof aan die Hollandse geselskappe vind ons in 1833⁴⁾.

Die waardevolste mededeling egter met die oog op die verskeidenheid van skouburge aan die Kaap, is een uit 1835 van N. POLSON⁵⁾, wat as „Indian Visitor” en offisier alle rede gehad het om goed op hoogte van Kaapse vermaak en plekke van vermaak te wees. Onder „The Theatre” vertel hy: „Of these there are three in Cape Town, one in the town where an amateur company occasionally performs with much zeal and some success, a second in the regimental barracks where the Officers occasionally exhibit their histrionic powers,

1) Ek kursiveer. Dit sal op *Honi Soit* slaan. Sien verder.

2) *Narrative* ens. 1828-’30. Dl. I. bls. 242.

3) Sou die „but” hier ook beteken „elders”? Vgl. vtn. 6).

4) Sien bls. 192.

Sou ’n mens hier ook „ondernemingen” in ’n *aparte lokaal* kan lees?

5) *A Subaltern’s* ens. bls. 85.

and a third where a Dutch amateur company frequently delights their audiences with the dramas of their fatherland."

Hierdie mededeling klop volkome met die konklusies wat ek elders reeds getrek het. Oor die Garnisoenskouburg, uit sy eerste tyd van bestaan, besit ons 'n paar waardevolle mededelings.

GROOM¹⁾ vertel, sprekende oor die tyd van lord CH. SOMERSET en van *Honi*, d. w. s. ± 1825, die volgende: „There was also in those days a garrison theatre in the barracks on the Zieke Street side at which non-commissioned men of the various regiments in garrison used to occasionally give performances."

'n Berig uit 1833²⁾ oor 'n dans in die kaserne bevestig dit: „The room appropriated for the dancers was a portion of that part of the building formerly devoted to the dramatic Thespians of the Sons of Mars, and from its size well adapted for the purpose."

Ons kom tot die gevolgtrekking dat wat betref die eerste tydperk van die Garnisoenskouburg, moes die „Gentlemen of the Garrison" in die Afrikaanse Skouburg³⁾ gespeel het, die manskappe in die kaserne-lokaal. Vanaf 1834 is die offisiere klaarblyklik self in die Garnisoenskouburg⁴⁾.

b. Dekors en Kostuums.

Oor die algemeen skyn die Engelse geselskappe voor 1830 die saak nogal kalmpjes op te gevat het. Alleen van die *English Theatricals* het ons in die opsig 'n paar maal⁵⁾ spesiale vermelding. *All the World* (1830—'34) is veel aktiewer⁶⁾, en het selfs eens 'n besonder geskilderde toneeldoek wat Tafelberg en -baai voorstel, by 'n stuk wat aan die Kaap speel⁷⁾. In 1833 word verskeie maal iets heel besonders bereik⁸⁾.

Onder invloed van *All the World* veral sal die ander Engelse geselskappe vanaf 1834 tot meer lewe op hierdie gebied gekom het⁹⁾.

Van die Hollandse geselskappe word aan *T. N. en V.* verskeie male besondere lof toegeswaai vir sy dekors ens.¹⁰⁾ 'n Besondere verjonging in hierdie opsig ondergaan die geselskap in 1830 en 1831, onder invloed van *All the World*¹¹⁾. Net soos laasgenoemde kan *T. N. en V.* in 1834¹²⁾ wys op

1) *C. J. M.* Sept. 1899 bls. 480.

2) *C. Adv.* 15 Mei.

3) Sien bls. 179 e. v.

4) Sien bls. 194.

5) Sien bls. 197, 198, 203.

6) Sien bls. 209, 217 e. v.

7) Sien bls. 219, 224.

8) Sien bls. 226.

9) Sien bls. 205, 207 (*Priv.*) *Amat. Party*; bls. 195 *Garr. Amateurs*.

10) Sien bls. 236, 239 e. v.

11) Sien bls. 243; vir 1834 sien bls. 199.

12) Sien bls. 247.

'n nuwe toneel deur 'n liefhebber geskilder. *T. N. en V.* se uitverkoop in 1839 bewys ten oorfloede sy groot besit aan dekors ens. ¹⁾.

T. N. en V. se opvolger (?) ²⁾ *Tot Oefening en Vermaak*, (1837), set die ou tradisie voort ³⁾. Die Stellenboschse *D. Y. V.* ⁴⁾, en die Kindergeselskap *Kunst en Smaak* volg dieselfde spoor ⁵⁾.

Mees van almal strewe natuurlik BONIFACE om sy voorstellinge luister by te set deur enscenering en kostumering. So by *Honi* ⁶⁾; so by *Vlyt en Kunst* ⁷⁾. Ongetwyfeld het BONIFACE soms veel bereik.

c. Bestuur.

In die algemene bestuur kom weinig verandering behalwe dat J. T. BUCK tensotte die volle eienaar van die Afrikaanse Skouburg word. Vrywel volledige eienaar sal hy teen 1828 geword het. Na 1827 vind ek tenminste die jaarlikse byeenkoms van eenaars nie meer vermeld nie ⁸⁾; in 1831 word van die „voornaamste eienaar” gepraat ⁹⁾, en in 1839 is dit hy wat as alleen-eienaar die gebou verkoop ¹⁰⁾.

Diwidente word tot 1827 taamlik gereeld uitgekeer ¹¹⁾, — hoewel nie altyd gereeld opgeëis nie ¹²⁾. Pakhuise bly hulle voordelige rol vervul ¹³⁾.

Besondere voorregte soos die besit van silwer lootjes van toegang vir eenaars bly in swang ¹⁴⁾.

Die sorg van die eenaars bly tot die gebou as sulks bepaal. Maar dis duidelik dit het soms moeite gekos om hulle tot die nodige verbeteringe te beweeg.

Onder 2 April 1825 vind BUCK dit nodig om in 'n brief in die *Kaapsche Courant* 'n berig van die *Chronicle* teen te spreek. Met die oog op die a.s. winterseisoen het die blad beweer dat die komediehuis lewensgevaar sou oplewer vanweë die toestand van dak en solder. Waarheid is, sê BUCK, dat die reparasie aan die dak reeds gedaan is, en dat mense toe aan die solder en ander gedeeltes van die huis besig was,

1) Sien bls. 250.

2) Sien bls. 249.

3) Sien bls. 249.

4) Sien bls. 255.

5) Sien bls. 271.

6) Sien bls. 276, 278 e. v.

7) Sien bls. 330.

8) *K. C.* 27 Nov. '24; 19 Maart '25; *C. Adv.* 27 Feb. '27.

9) Sien bls. 217.

10) Sien bls. 356.

11) *K. C.* 16 Nov. '22; 8 Jan., 19 Maart '23; 3 Feb. '26; *C. Adv.* 27 Feb. '27.

12) *K. C.* 3 Feb. '26.

13) *K. C.* 3 Mei '23; *C. Adv.* 16 Sept. '26 (Sien bls. 252).

14) *K. C.* 3 Mei '23 e. v.; sien bls. 252.

gedeeltes „die naar alle waarschynlikheid zullen voltooid zyn, voor en aleer het Publiek met de a.s. Vertooningen . . . worden begunstigd.” Inspeksie van die gebou staan iedereen vry tot bewys hiervan.

In hoeverre kort hierop¹⁾ die klag van gebrek aan hulpmiddele “as regards the scenery”, waardeur Engelse geselskappe teengehou word om te speel, aan die adres van die eienaars gerig was, val alleen maar te gis.

In ieder geval word direk hierop 'n aanmerklike verbetering in die buitenste van die gebou gekonstateer²⁾.

Nieteenstaande soortgelyke koste en agterstallige rekening³⁾, het die Skouburg nog profyt opgelewer⁴⁾.

In 1828 word gekla oor die te donker kleur van binne⁵⁾.

In 1837 word sekere veranderinge aangebring aan die trap van die Skouburg⁶⁾.

Gedurende 1838—'39 verneem ons tenslotte die verkoop van die Skouburg deur die eenaar J. T. BUCK⁷⁾.

d. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse.

Die bly onveranderd. Loges, bak en gaandery bly die gewone plaasindeling, soms met staanplek vermeerder. Van *T. N. en V.* verneem ons geen pryse nie. Die oorsaak moet gesoek word in die besonder geslote karakter van die geselskap. Van BONIFACE en die Engelse geselskappe verneem ons dit wel⁸⁾.

Teen die end van die periode sterf die prysaanduiding volgens die Hollandse muntstelsel weg, en word die Engelse die gewone.

Origens bly die Hollandse geselskappe hulle kenmerke behou. BONIFACE in *Clasius*⁹⁾, kenskets die organisasie as volg: „de verkooper der Lootjes, de Drukker derzelven, de Directeur van het gezelschap, de Secretaris, de Tresaurier, de Commissarissen, het gansche gezelschap, met Deurwaarder, Souffleur en Parukmaker”. Intekenlyste bly voortbestaan. Lootjiestrekkery skyn in die jare onmiddellik voor 1830 te verdwyn. Die pryse bly goed: 4-3-2 Rds, of 6-5-3 sjielings gewoonlik. Die betreklik dure toegang tot die gaandery sal gelê het aan die begeerte om ongewenste elemente daaruit te hou.

1) Sien bls. 199

2) Sien vtn. 1)

3) *K. C.* 23 Des. '25.

4) Sien bls. 363 vtn. II.

5) Sien bls. 193.

6) *Mod.* 28 Feb. '37.

7) Sien bls. 356 e. v.

8) Sien Tabelle E-J.

9) Sien bls. 325.

e. Tyd.

Saterdag bly die gewone speeldag, behalwe teen die end van hierdie tydperk. Sedert 1836 is weekdae meer gewoon ¹⁾; dit lyk of Saterdag vermy word. Ons kan hierin stellig die invloed van die aksie teen vermaak en Sabbatsontheiliging ²⁾ herken.

Die ure van speel toon wysiginge. Hollands en Engelsprekendes vertoon geen verskil meer nie. Hulle tyd is dieselfde, alleen onderhewig aan invloede van seisoen of besondere omstandighede ³⁾. Die gewone tyd is opening om 6, aanvang om 7 uur ⁴⁾ — dus oor die algemeen dieselfde as voorheen. Laatkomers bly aan die orde ⁵⁾.

f. Publiek.

Die publiek wat die toneel ondersteun bly onverander behalwe dat die Engelse deel daarvan toeneem deur die geleidelike toename van die Engelse bevolking aan die Kaap, en dat die gedrag van die publiek in sommige opsigte vererger en dikwels tot sterke afkeuring aanleiding gee ⁶⁾. Origens word die toneel hartelik ondersteun. Die Goewerneur bly gul met sy patronasie ⁷⁾ en persoonlike aanwesigheid by opvoeringe ⁸⁾.

Die moeilikhede wat die gedrag van die publiek betref, het voorheen veral voortgevloei uit pogings om ongeoorloofde toegang tot die voorstelling te verkry. Dieselfde moeilikhede duur nie alleen voort nie, selfs in 'n erger graad, maar die gedrag van die gehoor, tenminste 'n deel daarvan, binne die gebou, neem soms besonder ergerlike vorme aan.

Ten eerste het die ou moeilikhede voortgeduur. So word lootjies nog konsekwent nie aan die deur verskaf nie ⁹⁾. Aan hierdie bepaling skyn die Hollandse geselskappe die hand

¹⁾ Vgl. onder Geselskappe.

²⁾ Sien bls. 354.

³⁾ Uitsonderinge ontstaan veral deur besondere lengte van stukke. Dan word die ure vervroeg b.v. *G. G.* 13 Jul. '27, opening 5 en aanvang 6; *C. Adv.* 3 Jun. '29, 5 en 5³/₄; *Z. A.* 16 Jul. '30, 1¹/₆ en 6¹/₂; *C. Adv.* 14 Jul. '32 e. v., 5¹/₂ en 6¹/₂.

Die gewone speelyd was in die winter. Besondere seisoensinvloede kom soos steeds deur die somer; ure word later gemaak b. v. *G. G.* 9 Nov. '22, 11 Nov. '25: 7 en 1¹/₂8.

⁴⁾ *K. C.* 12 Apr. '23 e. v. (Eng. gess.); *K. C.* 14 Sept. '22 e. v. (Holl. gess.).

⁵⁾ Sien bls. 369.

⁶⁾ Sien verder.

⁷⁾ Sien bls. 234 e. v.

⁸⁾ Groom, *C. I. M.* Sept. 1899. Bls. 478 e. v. Vgl. bls. 182, 186, 236, 283 e. v.

⁹⁾ *K. C.* 25 Maart '23 e. v. Intendeel vgl. *C. Adv.* 4, 15 Jul. '28.

strenger te gehou het as die Engelse ¹⁾. Interessant is dat ons hier die moeilikhede selfs in Grahamstad terugvind ²⁾.

Bywoning van grote proewe word nie toegelaat nie ³⁾ — op gevaar van „beledigingen” heet dit selfs eenkeer ⁴⁾. Van die Hollandse geselskappe kom hierdie waarskuwinge, wat begryplik is deur hul suiwerder liefhebberykarakter en samestelling uit die burgery. Vriende kan soms lastig wees! Soms was die grote proewe blykbaar wel oopgestel vir die publiek. Maar onreëlmatighede maak daar gou ’n end aan ⁵⁾. Besoeke aan die spelendes onder die spel word afgekeur omdat dit „niet alleen onaangenaam is, maar te dikmaals eene vertraging in het ten uitvoer brengen der rollen te weeg brengt” ⁶⁾. Soortgelyk is die waarskuwing: „Niemand word op het tooneel op de Verdoondag toegelaten als zy die er werkzaam zyn” ⁷⁾.

Pogings om tot die opvoeringe kosteloos deur te dring tier voort, en lok strenge waarskuwings uit. So word indring by die agterdeur ⁸⁾ van die Skouburg verbied; niemand word sonder lootjies toegelaat nie ⁹⁾ (blykbaar die „vergeet” of „sal later regmaak” storie); *Tot Oefening en Smaak* ¹⁰⁾, die kindergeselskap, waarsku „dat men Contra-lootjes zal afgeven, en dat zonder aanzien van personen, niemand, met geen biljet of contramerck voorzien, ingang zal verleend worden” ¹¹⁾; kinders sonder biljette word niet toegelaat nie ¹²⁾. BONIFACE se geselskappe veral laat krasse waarskuwinge hoor. *Honi* berig in 1825 ¹³⁾: „De Directie van dit Gezelschap zal geene *Bons* meer aannemen; en de prettige jonge heeren die sedert twee jaren hunne briefjes niet hebben gehonoreerd, worden met eens gewaarschuwde, dat men van dezelve een schildery heeft gemaakt, die men van zins is op a.s. Zaterdag aan den ingang des Schouwburgs te doen hangen; met een toepasselyke

¹⁾ Waarskuwinge ten opsigte hiervan kom van Engelse kant eers sporadies voor sedert 1830. Vgl. *Z. A.* 6 Aug. '30; *C. Adv.* 13 Aug., 23 Okt. '34; *Med.* 27 Maart '38. Voor die tyd was dit blykbaar die gewoonte by hulle om geld by die deur te ontvang. Vgl. *C. Adv.* 15 Jul. '29.

²⁾ Sien bls. 390.

³⁾ *K. C.* 16 Aug. '23 e. v. (*Honi*); 16 Sept. '23 (*T. N. en V.*) e. v.; 7 Apr. '26 (*Tot Oef. en Sm.*); *Z. A.* 2 Aug. '33 e. v. (*D. Y. b. d. K.*). Selfs die Stellenbossche *D. Y. V.*, *Z. A.* 15 Jul. '36 e. v. ⁴⁾ *K. C.* 16 Sept. '25.

⁵⁾ *Z. A.* 2 Aug. '33; *G. G.* 12 Jun. '35 (*V. en K.*); *Med.* 25 Jul. '37.

⁶⁾ *G. G.* 13 Jul. '27 (*T. N. en V.*).

⁷⁾ *G. G.* 9 Aug. '33.

⁸⁾ *K. C.* 19 Apr. '23 (*T. N. en V.*) — op straffe van uitsetting; *Z. A.* 6 Sept. '33 (*D. Y. b. d. K.*), waarby die agterdeur selfs om 1/27 gesluit word; *Z. A.* 11 Apr. '34 (*V. en K.*).

⁹⁾ *K. C.* 11 Sept. '24. (*Honi* kla oor „misbruikte consideratie”).

¹⁰⁾ Sien bls. 270.

¹¹⁾ *K. C.* 7 Apr. '26.

¹²⁾ *K. C.* 5 Aug. '25 (*T. N. en V.* „onder welke voorwendsels ook”), 9 Sept. '25 (*Tot Oef. en Sm.*); *C. Adv.* 25 Sept. '33 (*D. Y. b. d. K.*).

¹³⁾ *K. C.* 25 Mei '25.

leuze onderaan". Weer so'n tiepies gekke uitlating van BONIFACE!

Soortgelyk is 'n kennisgewing van *All the World*¹⁾: „This being the last night of the Company's performance, Subscribers are respectfully requested to settle the resp. amounts... at the office of the *South African Commercial Advertiser* as early as possible". Hierdie stelsel van biljette op krediet skyn taamlik algemeen te gewees het²⁾.

Kort na die voorafgaande, versoek *Honi*³⁾ biljethouers om hul biljette te behou opdat kommissarisse 'n middel het om „ongenoode gasten te kunnen onderscheiden."

D. Y. b. d. K. versoek in 1833⁴⁾ „die personen die gewoonlijk op den speelavond indringen zonder lootjes, zulks niet te herhalen, willen zy zich niet aan publieke affronten blootgesteld zien."

Uit die moeite om gevoelighede te spaar, kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat soms mense van fatsoenlike stand sulke praktyke moes uitgeoefen het.

*V. en K.*⁵⁾ waarsku in 1838⁶⁾ dat hoegenaamd geen lootjes aan die deur sal verkoop word nie en dat „dezulke die zich dezen keer weder zullen schuldig maken aan het vervalschen der lootjes, zullen zonder onderscheid des persoons worden geprosequerd".

Met die oog op dergelike toestande is dit geen wonder nie dat *V. en K.* in 1834 by die opvoering van *Clasius*⁷⁾, dit wenslik ag om mense alleen by intekening toe te laat nie, soos *T. N. en V.* trouens reeds sedert 1832⁸⁾ doen met uitstekende resultate vir die goeie orde.⁹⁾

Ten tweede word die gedrag van die publiek, veral 'n deel daarvan, binne die Skouburg, dikwels erg gelaak. Hiervoor was die jeugdige gedeelte van die bevolking, die publiek van die gaandery, in besonder aanspraaklik. By 'n Engelse voorstelling in 1824 word melding gemaak van „extremely noisy Gods", een waarvan die hoofspelers selfs so goed nagekoggel het — dat hy sukses gehad het en moes uitgegooi word. Dat 'n uitgelese party by dieselfde geleentheid georganiseer het om die bak alleen met hul lede te vul, word begrypplik as ons uit dieselfde jare verneem: „Care will be taken that no improper persons enter the pit"¹⁰⁾, 'n andermaal gevariëer wat plaasbepaling betref tot „boxes"¹¹⁾ of „logessen"¹²⁾ (sic! —

1) *C. Adv.* 7 Nov. '32.

3) *K. C.* 19 Aug. '25.

5) Vermoedelik. *Sien* bls. 341, 342.

7) *Sien* bls. 323.

9) *Sien* bls. 368.

11) *K. C.* 13 Des. '23.

2) *Sien* bls. 222; *C. Adv.* 25 Jul. '32.

4) *C. Adv.* 21 Sept. '33.

6) *Med.* 24 Jul. '38.

8) *Z. A.* 8 Jun. 32 e. v. (enige jare lang).

10) *Chron.* 15 Aug. '26; vgl. ook bls. 187.

12) *C. Adv.* 26 Okt. '31.

F. B.); soms is dit gewoon 'n mededeling in die algemeen 1).

In 1825 2) moet *Honi*, met die oog op die besondere aanwesigheid van lady CHARLES SOMERSET, 'n spesiale beroep op die publiek doen, om by oponthoude tussen toneelwisselinge 'n „decente stilte” te bewaar — oponthoude wat trouens meer gebeur 3). Oor die algemeen skyn dit in hierdie jare erger by die Engelse as by die Hollandse voorstellinge toe te gegaan het. In 1829 word gepraat van „jolly Gods” by BOOTH se tweede voorstelling 4). In 1832 5) word die goeie orde van *T. N. en V.* geprys. In 1835 6) word dit selfs in besonder vergelyk met die „aanstotelyke” gebrek aan orde by die Engelse voorstellinge, wat gestaaf word deur weiering van *All the World* ongeveer dieselfde tyd, om ander dan vriende van die persone aan die tooneel verbonde, tot die gallery toe te laat weens rusverstoringe 7). Eweneens word van *V. en K.* begin 1834 8) gesê, dat die huis „stil” was, iets wat die Engelse liefhebberyseselskap wel sou doen om na te volg.

'n Duursame toestand, in elk geval wat *V. en K.* betref, was dit nie. Nog voor die end van 1834 9) word berig:

„De Directie, om wanorde en onrust voor te komen, heeft zich een Lyst doen overhandigen van eenige *turbulente* knapen, die zich nog onlangs als zulken hebben doen kennen; en heeft besloten om hun geene admmissie te verleenen.” 'n Toestand van demoralisasie, waaraan die „persoonlike” toneel van BONIFACE teen DE LIMA hierdie jaar, stellig sy deel sal gehad het.

Die Kindergeselskap *Kunst en Smaak* kondig in 1835 10) aan: „De Commissarissen zyn benoemd tot het houden van goede orde. De Regulatien daartoe vereist, zyn mede te zien.”

In 1838 word sterke aanmerking gemaak, by geleentheid van 'n voorstelling van *V. en K.* (?) 11), op die „schandelyke ongebondenheden” van die „Gaandery” gedurende die nastuk. By die voorstellinge van M. DECANIS ongeveer dieselfde tyd 12), word die gedrag van die gaandery so „schandelyk”, dat hy genoodsaak voel om geen lootjies meer vir diè deel van die huis te verskaf nie, en „eenige Dienders present” te hou om die goeie orde te bewaar, en te sorg „dat geen Levenmakers (disorderly persons) zullen worden ingelaten.”

Enkele aanmerkinge van algemene aard bly oor om te noteer in verband met die skouburgpubliek.

1) *C. Adv.* 20 Sept. '29.

3) Vgl. bls. 216.

4) Sien bls. 211, ook 210 - vermoedelik luidrugtig.

5) „ „ 245.

7) „ „ 228.

9) *Z. A.* 14 Nov. '34.

11) Sien bls. 340.

2) Sien bls. 297.

6) Sien bls. 246.

8) „ „ 322.

10) *Z. A.* 18 Sept. '35.

12) Sien bls. 232.

Grappig is die versoek van *T. N. en V.* in 1822¹⁾ aan die here om die passasie in die parterre vry te laat. In 1824 word *Kabaal en Liefde* (SCHILLER) dusdanig melodramaties deur *Honi* opgevoer, dat die „jonge Beaux-esprits” van Kaapstad²⁾ luid uitskater van die lag!

Laatkomers bly aan die orde. *T. N. en V.* kondig aan in 1823³⁾ dat die gordyn om 6.30 presies sal opgetrek word „zonder naar iemand te wagten.” *Honi* in 1825⁴⁾, by die eerste opvoering van *De Vrouw* ens. (PIXÉRICOURT, vertaal deur VAN RAY), sal presies om 7 uur begin, daar die stuk lang is, en „een ieder wordt vriendelyk verzocht om zich deze bepaling van tyd ook ten nutte te maken.”

In 1826 word die nieubakke *D. Y. V.* 'n hoogs fatale poets gebak. Deur misbruik van name en van die silwerlootjies van eienare het vyande van *D. Y. V.* 'n hele boel twyfelagtige individue, by die eerste voorstelling van die geselskap ingesmokkel! Dis duidelik, intekenlyste het nie alleen gedien om geselskappe van die nodige steun te verseker nie!

Dat kleurlinge soms hul weg in die skouburg gevind het, kan 'n mens uitmaak uit 'n berig van *T. N. en V.* in 1829⁵⁾ dat „geene Slaven of Vryzwarten op de Gallery (zullen) toegelaten worden.”

Tenslotte bly „buiten de stad residerende personen” die voorstellinge ondersteun⁶⁾.

g. Kritiek.

Die ou *Kaapsche Courant*⁷⁾ waag hom in 1822 aan 'n paar kritiese verslaggies, vol loftuitinge. Blykbaar het die liefdadigheidsoogmerke van die geselskap hom die nodige moed gegee.

Van 1824, met die opkoms van koerante in die gewone sin van die woord⁸⁾, word die kritiek iets reëlmatiger. Die *Commercial Advertiser* is die belangrikste in hierdie opsig, nie alleen deur die feit dat hy in hierdie tydperk die langste duur van enige koerant het nie, maar dat hy in besonder poog om volledige, eerlike, objektiewe en opbouende kritiek te lewer. Om hierdie rede het hy selfs 'n tydlang hooglopende rusie met *All the World*⁹⁾ gehad.

As die Hollandse koerante met die *Zuid-Afrikaan* in 1830¹⁰⁾ hulle eerste begin van betekenis maak, word hulle natuurlik in besonder die verslaggewers van Hollandse opvoeringe

1) *K. C.* 5 Okt. '22.

2) Sien bls. 279.

3) *K. C.* 26 Jul. '23.

4) *K. C.* 19 Aug. '25.

5) *C. Adv.* 18 Jul. '29.

6) *Chron.* 25 Apr. '26.

7) Sien bls. 180.

8) Sien bls. 50.

9) Sien bls. 213.

10) Sien bls. 260 en Bylae V.

teenoor die Engelse koerante van Engelse opvoeringe. Tog is dit allesbehalwe 'n uitsluitlike verslaggewing. Oor die algemeen bly alle blaaië 'n veelsydige aandag skenk aan die sosiale bedrywighede van die hele gemeenskap. Soos hulle trouens die tweetaligheid betrag!

'n Kenmerk van die kritiek bly dat liefhebbery en liefdadigheid 'n menigte van sonde bedek. Kritiek op sedelike gronde maak sy vertoning¹⁾. Name van spelers, uitgesonder die van hele of halwe beroepspelers (b. v. by die Engelse), word selde genoem. Indien wel is dit alleen van die meesbekendes. Aanduiding gaan gewoonlik volgens die rolname. Die rede hiertoe sal gelê het in die onwilligheid van die amateurs om hulself in eie persoon aan onaangename kritiek bloot te stel²⁾.

Die kritiek is uiters waardevol vir sy feitlike mededeling. Eintlik het ons verslae met krietiese opmerkinge. Naar objektiwiteit en eerlikheid word gestreef. Opbouende wenke word gegee. Grote kritiek is dit nie; tog allesins n' prysenswaardige, 'n kritiek wat besonder pas by sy tyd en omstandighede.

h. Spelers en Stukke.

Die spelers bly verreweg oorwegend liefhebbers.

Die Engelse geselskappe het 'n gedurige sprenkeling van hele, en waarskynlik halwe beroepspelers — veral die laaste. Met behulp van sulke kragte bereik hul hul grootste bloei.

Beroepsakteurs was die here BOOTH³⁾ en HEATH⁴⁾. Hulle staan in verband met *All the World*. Aan eersgenoemde in besonder het die geselskap sy grote bloei te danke. Origenis is ek geneig sers. CORBISHLEY van die (*Garrison*) *Amateur Company* (1823—26)⁵⁾, die heer WHILEY, eers van *English Theatricals* (1826—?)⁶⁾, later van *All the World* (1830—34)⁷⁾, en weer van die *English Amateur Company* (1835)⁸⁾; die dames DELAMORE (1822)⁹⁾, GREEN (1822—'24)¹⁰⁾, SMITH (1822),¹¹⁾ JOHNSON (1824—'27)¹²⁾, BLACK (1823—'34)¹³⁾, O'BRIEN (1825—'26)¹⁴⁾ en WESTCOTT (1831—'35)¹⁵⁾ as halwe beroepspelers te beskou. Soos in die geval van volle beroepspelers word hulle soms spesiaal in advertensies genoem. In besonder ontvang hulle dikwels benefises¹⁶⁾. Van die dames word

¹⁾ Sien bls. 343 e. v.

²⁾ Sien bls. 187 e. v.; 240, 244, 492. Vgl. in besonder *Chron.* 26 Sept. '26. Sterretjies i. p. v. spelers se name.

³⁾ Sien bls. 208 e. v.

⁴⁾ Sien bls. 185.

⁵⁾ Sien bls. 213 e. v.

⁶⁾ Sien bls. 182.

⁷⁾ Sien vtn. 9).

⁸⁾ Sien bls. 188 e. v., 197.

⁹⁾ Sien bls. 195, 215.

¹⁰⁾ Sien bls. 228 e. v.

¹¹⁾ Sien bls. 200.

¹²⁾ Sien bls. 206.

¹³⁾ Sien bls. 182 e. v.

¹⁴⁾ Sien bls. 186, 192, 201.

¹⁵⁾ Sien bls. 188.

¹⁶⁾ Sien bls. 299.

mevv. DELAMORE, GREEN, SMITH, JOHNSON, O'BRIEN, alleen in verband met die *Garrison Amateur Company* genoem. Mev. BLACK debuteer blykbaar by *English Theatricals* ¹⁾, maar gaan in 1825 naar die *Garrison Amateur Company* oor ²⁾. In 1820 skyn sy, tot die Garnisoensgeselskap weer begin, vir die *Engelse Komedie* te speel ³⁾. As die Garnisoensgeselskap in 1829 te niet gaan, keer sy naar haar ou geselskap terug ⁴⁾. Daarna speel sy met *All the World* saam ⁵⁾. In 1833 heet dit dat sy al elf jaar 'n „victorious campaign” op die planke voer ⁶⁾, en van plan is om die toneel te verlaat daar haar beroep — die van „mantuamaker” volgens die *Almanak* van 1827 — al haar aandag verg. Haar beroep het haar blykbaar dusver nie genoeg ingebring nie. Vandaar haar speel. Teveel het sy stellig nie daaraan verdien nie. Vandaar tenslotte die benefiese in 1834 ⁷⁾ deur die garnisoen, om haar met haar 4 kinders in staat te stel naar Europa terug te keer. Dit is die laaste hoor van mev. BLACK, ongetwyfeld die vernaamste speelster in hierdie tydperk, op die Engelse toneel. Mev. WESTCOTT — haar man was „boot and shoemaker (schoen- en laarzenmaker)” ⁸⁾ — was diè speelster van *All the World*. Daarna is sy by die Garnisoensgeselskap ⁹⁾. Of die ander dames stadsdames of vroue van die garnisoen was, kan ek nie seker sê nie. Met die oog op die besondere tydsduur van hulle verblyf vermoed ek die laasgenoemde. Ander dames, b.v. mev. BELFORD ¹⁰⁾ en GOULAND ¹¹⁾, of ongenoemdes ¹²⁾, was verbygaande verskynings.

Onder die Engelse spelers voor 1830 blink die name uit van sers. CORBISHLEY (1823—'26) — waarskynlik so goed dat die offisiere hom in hul geselskap opgeneem het ¹³⁾ — van die here HANSON Sr. en Jr. ¹⁴⁾ (1822—'26), MILLS (1824—'25) ¹⁵⁾ en dr. M'DONNELL (1822—'24) ¹⁶⁾. Laasgenoemde drie sal onder die ou kragte gewees het, waarvan die verlies einde 1826 gemeld word ¹⁷⁾. Vir die name van die ander „heren van de Garnizoen” wat opduik, maar van minder belang is, verwys ek elders. ¹⁸⁾.

Van 1830 word BOOTH en WHILEY, 'n groot humoris ¹⁹⁾,

1) Sien bls. 197.

3) Sien bls. 188, 201.

5) Sien bls. 226.

7) Sien bls. 194.

9) Sien bls. 195.

11) Sien bls. 188 - vermoedelik die vrou van die offisier Gouland, sien bls. 186.

13) Sien bls. 186.

15) Sien bls. 182, 185 e.v.

17) Sien bls. 190.

19) Sien bls. 226.

2) Sien bls. 188.

4) Sien bls. 201.

6) Sien bls. 226.

8) *Alm.* 1832; *C. Adv.* 4 Feb. '35.

10) Sien bls. 186.

12) Sien bls. 185, 199, 216.

14) Sien bls. 185, 186.

16) Sien bls. 180 e.v.

18) Sien bls. 180, 185, 186, 188, 189.

in verband met *All the World* die groot name. HEATH is van minder belang. Na *All the World* speel WHILEY vir die *Private Amateur Company* ¹⁾. Van minder belang is waarskynlik die heer STAPLETON ²⁾. Van mnr. WESTCOTT verneem ons as „Stage Manager” ³⁾.

Onder garnisoenspelers sedert 1834 skyn kapt. DUNLEVIE die vernaamste figuur te wees ⁴⁾.

Onder die dames- en herespelers moes soms goeie singkragte gewees het ⁵⁾.

Terloops wys ek op die eenaardige figuur van die *Amateur Tragedian* ⁶⁾.

Wat betref die Hollandse geselskappe het vry veel name tot ons gekom, maar helaas, net van een kant. Die vernaamste spelers van BONIFACE se geselskap is ons bekend. Maar wie die steunpilare van *T. N.* en *V.* was, is ons vrywel volkome onbekend. Van laasgenoemde kan ons alleen sê dat ons in J. G. TREDOUX en J. G. DE VILLIERS vermoedelik twee steunpilare en spelers het ⁷⁾. Interessant is bowendien die mededeling in 1833 ⁸⁾ dat *T. N.* en *V.* nuwe kragte aan oplei is — die kragte waarskynlik wat in 1842 *T. N.* en *V.* sal laat herleef ⁹⁾.

Veel meer weet ons daarenteen wat betref *Honi* en *Vlyt en Kunst*.

GROOM ¹⁰⁾ vertel in verband met *Honi* dat “the principal performers (were) the late Distributor of Stamps, JANNIE OVERBEEK; MICHAEL WOLFF; JAN SMALBERGER (SMALBERG?); P. AURET; L. P. BIEL; G. MARTIN; Miss ROSELT; Miss DE NECKER and an official not 100 miles from Fort Beaufort” — vermoedelik L. H. MEURANT ¹¹⁾; afgesien van BONIFACE self. Hierdie name word bevestig deur die elders genoemde handbiljette ¹²⁾, waarby name kom soos: B. VAN DE SANDT, D. DISANDT, H. ROSELT, W. BRANDT, F. WALDEK, DE LA SABLONNIÈRE, A. DE WAAL, W. BURNET, R. S. ALLEMANN, DE LA COLLINE, J. TERHOVEN, A. DE KOCK, J. HERHOLDT, C. BRINK, MUNNIK, mej. L. MEURANT. Vir die name van ander deelnemers verwys ek elders ¹³⁾.

Uit die tyd 1834 van *V. en K.* besit ons die name ¹⁴⁾:

1) Sien bls. 206.

3) Sien bls. 357 e.v.

5) Sien bls. 241 e.v., 199 e.v.

7) Sien bls. 223, 234 e.v.

8) Sien bls. 246. Vgl. melding van 'n jong amateur, 1832 sien bls. 245.

9) Sien bls. 442 e.v.

11) Sien bls. 283.

13) Sien bls. 295 e.v.

14) Sien bls. 325—327. Vir de Kock ook bls. 330 e.v.

2) Sien bls. 202.

4) Sien bls. 206.

6) Sien bls. 374, vtn. (8).

10) Groom *C. I. M.* Sept. 1899. Bls. 479.

12) Sien bls. 281, 294.

A. J. LIND, J. DE KOCK C.zn., J. TYRHOLM, E. J. DE ROUBAIX, P. BAARD, J. M. WOLHUTER, die jongheer H. LEY.

Uit die voorafgaande is ook duidelik dat ons alle rede het om vroue in vrouerolle en mans in mansrolle te verwag, sowel by Engelse as Hollandse geselskappe, aangesien daar beide vroue- en mansspelers gevind word. Dit geld egter alleen baie betreklik. Meermale vind ons mans in vrouerolle, veral in garnisoenstoneel¹⁾; 'n enkele maal selfs 'n vrou as jongeling²⁾).

Enkele name van spelers van die Kindergeselskap *K. en S.* in 1835 het tot ons gekom: die jonge here J. LANGERMAN, die sterspeler, J. STEGMANN en TOM KING³⁾.

By die Hollandse geselskappe het ons nooit beroespelers soos by die Engelse nie. Dis enkel liefhebbers wat deelneem. Tog lyk dit of nie alles vir die liefde van die saak gedoen is nie. BONIFACE tenminste skyn daar persoonlike voordeel uit te gehad het. Hoe moet ons anders die volgende reëls van DE LIMA uit BONIFACE se *Honi*-tyd verklaar?⁴⁾

„Wie stoort zich aan uw nyd en ook aan uw balletten?

Die dienende alleen om u wat byzetten, —

Waar van gy dan, gaskon! als eenen banjer teert,

En in dien tusschentyd geen eenen jong'ling leert.”

Van Hollandse kant kry ons veel oorspronklike werk, gespeel en ongespeel. In dieselfde rigting sou verkopinge van toneel-materiaal van BONIFACE en die opeis van b.v. kostuums van spelers deur *Honi* kan wys⁵⁾. BONIFACE hou sy naam as “Cape dramatist” hoog. Ou stukke fris hy op; *De Dolzinnige* (*L'Enragé* — deur niemand minder as DE LIMA vertaal nie) in 1823⁶⁾; *Pygmalion* (ROUSSEAU), 1834⁷⁾. Nuwe word bygemaak en gespeel: *De Burger Edelman* (MOLIÈRE), 1825-'34⁸⁾; *Limaçon de Dichter*, 1825⁹⁾, *Clasius*, 1834-'36¹⁰⁾ — die laaste twee bekend as hekeling van DE LIMA. Nie gespeel nie maar uitgegee is: *De Temperantisten*, 1832¹¹⁾. Vir ander voorgestelde of werklik uitgegewe stukke van BONIFACE verwys ek elders¹²⁾.

Konkurrent tot op sekere hoogte op dramatiese gebied, hoewel hy absoluut nie in hoeveelheid of hoedanigheid met

1) Sien bls. 186, 188, 229.; sien bls. 248, 278, 295, 323—327.

2) Sien bls. 216; Vgl. bls. 225, Vtn. 4).

3) Sien bls. 273.

4) Sien Bylae VII.

5) Sien bls. 280.

6) Sien bls. 277.

7) Sien bls. 331 e. v.

8) Sien bls. 281 e. v., 330 e. v.

9) Sien bls. 283 e. v. — gedeeltelik alleen van Boniface.

10) Sien bls. 322 e. v., 336 e. v.

11) Sien bls. 299 e. v.

12) Sien bls. 290 e. v.; Sien bls. 337.

BONIFACE gelykgestel kan word nie, is J. SUASSO DE LIMA. Sy aandeel aan *De Dolzinnige* het ons reeds gesien. Verder word van hom gespeel *Aballino Jr.* 1835¹⁾ — in weerwraak op BONIFACE. *De Zwervende Jood* uit 1837 was 'n vertaling²⁾ en ewenas *Aballino* nooit uitgegee nie.

Vir ander voorgestelde of werklik uitgegewe stukke van DE LIMA verwys ek elders³⁾.

Tenslotte val die vertaling van *Monsieur Tonson* (MONCRIEFFE) uit die Engels deur B. J. VAN DE SANDT in 1835 te vermeld⁴⁾. Die vertaling van *Warren's Blacking, 30 Strand* (1835) was vermoedelik ook van hom⁵⁾.

Van Engelse kant met uitsondering van 'n enkele pro- of epiloog⁶⁾ word geen oorspronklike werk vermeld nie. Die ballet *Jack at the Cape* ens., sal Engels (uit Engeland) ge-wees het⁷⁾.

Die karakter van die onoorspronklike werk bly dieselfde as voorheen, behalwe dat daar 'n merkbare vermeerdering van beterrangse stukke te konstateer val⁸⁾.

So kry ons by *All the World* naas meer stukke van SHAKESPEARE⁹⁾, met o.a. *Romeo and Juliet*, *Richard III*, *Julius Caesar*, SHERIDAN se *Pizarro*¹⁰⁾, veelvuldiger dramatiseringe van SCOTT se romans¹¹⁾, en selfs die eerste volledige opera aan die Kaap: *Der Freischütz* van CARL MARIA VON WEBER in 1831¹²⁾. Die geselskappe na *All the World* volg meer of min in die verte.

Van die Hollandse geselskappe lewer *T. N. en V.* soos gewoonlik die meer soliede en Hollandse kuns; *Honi*, later *V. en K.* die meer spektakulêre, ofskoon in die keuse van individuele stukke BONIFACE soms 'n hoër peil bereik as *T. N. en V.* met b.v. *De Burger Edelman*¹³⁾, *Clavigo* van GOETHE¹⁴⁾, *Het Dorp aan de Grenzen*, van VAN LENNEP¹⁵⁾. Op

¹⁾ Sien bls. 271 e.v.

²⁾ Sien bls. 256—265.

³⁾ Sien bls. 290 e.v. Vgl. in hierdie verband *T. N. en V.* se groot voorraad aan toneelboeke. Sien bls. 250.

⁴⁾ Sien bls. 271 e.v., 334 e.v.

⁵⁾ Sien bls. 333—334.

⁶⁾ Sien bls. 180 e.v.

⁷⁾ Sien bls. 219 e.v.

⁸⁾ Tensy hieronder moet gereken word die *Amateur Tragedian's Work* wat o.a. 'n „comic song *The Beautiful Lady of Cape Town*” bevat. Dit word verkoop teen 10 Rds. ten behoeve van die Weeshuis. Of dit aan die Kaap gedruk is word nie vermeld nie, maar dit lyk so. (*K. C.* 18 Okt. '23). Gemelde *Amateur Tragedian* maak ook bekend dat hy meermale gevra is „to play for the benefit of certain individuals”, maar „he does not intend performing for any one he knows nothing of” en vra dus dat alle versoeke moet ophou. (*K. C.* 1 Nov. '23).

⁹⁾ Sien bls. 210 e.v.

¹⁰⁾ Sien bls. 209 e.v.

¹¹⁾ Sien bls. 223 e.v.

¹²⁾ Sien bls. 217 e.v.

¹³⁾ Sien bls. 373, vtn. 7.

¹⁴⁾ Sien bls. 321 e.v.

¹⁵⁾ Sien bls. 322 e.v.

gebied van die spektakulêre was *Rinaldo Rinaldino* (VULPIUS?)¹⁾ en *Montoni* (DUVAL, vertaal deur BRUGGEMANS)²⁾ die hoogtepunt van BONIFACE.

Origens bly die Hollandssprekendes voortgaan met die melodramatiese sedeskool van KOTZEBUE en IFFLAND of die romantiese van SCHILLER. Van laasgenoemde word gespeel *Robert, of De Struikrovers*³⁾ (meermale) en *Kabaal en Liefde*⁴⁾; van sy skool is b.v. *Edele Harten door Driften Geslingerd, of De Gevolgen van Jeugdige Ligtzinnigheid*⁵⁾ (EBERSTEIN).

Die meeste stukke wat gespeel word is vertaal. Tog is die aantal oorspronklik Hollandse wat opgevoer word nie onaansienlik nie. In hierdie opsig staan *T. N. en V.* vooraan.

WESTERMAN — 'n bekende naam in die tyd — kom die veelvuldigste voor ten opsigte van verskeidenheid van stukke met *De Naamgenooten*⁶⁾, *De Eerste April*⁷⁾ en *Getrouw tot in den Dood*⁸⁾, almal blyspele, die tweede met sang, en die laaste met dans. Van J. S. MEYER word twee stukke gespeel: *De Onechte Dochter*⁹⁾ en *'t Zal laat worden*, Bs.¹⁰⁾, laasgenoemde in veelvuldige herhaling, soms met sang. Populêr was ook (by *T. N. en V.*) die blyspele *De Kalkoen van Breda*¹¹⁾ deur A. C. VAN RAY, en *De St. Nicolaas Avond*¹²⁾ deur H. KUP; *De Helleveeg*¹³⁾ (by BONIFACE veral) deur A. LOOSJES. Ander Hollandse stukke van verskillende skrywers kom sporadies voor¹⁴⁾. Onder hulle wys ek nogmaals op *Het Dorp aan de Grenzen* deur VAN LENNEP.

By afwisseling bly die opera comique in trek — so by Hollandse, soos soewegeblyk het, as by Engelse geselskappe¹⁵⁾. Dit hang natuurlik af van die aanwesigheid of anders van singkragte. Dikwels word by die Engelse losstaande liedere tussen die stukke deur gesing¹⁶⁾.

- | | |
|---|-----------------------------------|
| 1) Sien bls. 276 e. v. | 2) Sien bls. 335 e. v. |
| 3) Sien bls. 243 e. v. | 4) Sien bls. 278. |
| 5) Sien bls. 237. | 6) Sien bls. 235. |
| 7) Sien bls. 243. | 8) Sien bls. 251. |
| 9) Sien bls. 235. | 10) Sien bls. 234, 241, 242 e. v. |
| 11) Sien bls. 241—242, 343. | 12) Sien bls. 242, 245. |
| 13) Sien bls. 255, 321 e. v. | |
| 14) Sien bls. 233—234, 235, 237 e. v. (<i>T. N. en V.</i>). | |
| 15) Sien bls. 241 e. v., 271 e. v., 221 e. v., 184, 191 e. v. | |
| 16) Sien bls. 184 e. v. | |

TABEL E. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	„BILLETTEN" EN „LOOTJES" VERKRYBAAR BY:
Eng. Geselskap (Garnisoen).	14 Aug. 1822	Afrik. Skouburg.	„Boxes and Pit" = 5 Rds. „Upper Gall." = 2 Rds. „Lower Gall." = 3 Rds.	„J. Howell's Library, Heregragt".
„Engl. Amat. Theatr. Co." (Garnisoen).	14 Sept. 1822	„	Loges en Parterre = 4 Rds. Ondergal. = 3 Rds. Bowegal. = 2 Rds.	Biljette (12 Sept.) van 10—12 aan die Skouburg. Lootjies by Howell, Heregr. 23 en Markplein 6.
„	12 Okt. 1822	„	„	Hart & Ko., Strandstr. en by die toneel deur.
„	28 Okt. 1822	„	„	As gewoonlik en by 6, Lelystr. en aan die toneel deur van 10—2 en by Howell's Bibl.
Tot Nut en Vermaak.	5 Apr. 1823	Afrik. Skouburg.	—	Trekking vir die plekke op 3 Apr. in die Skouburg om 11 uur.
„	26 Apr. 1823	„	—	(24 Apr.) „
„	7 Jun. 1823	„	—	(5 Jun.) „
„	2 Aug. 1823	„	—	(11 Jun.) „
Honi soit qui mal y pense.	22 Maart 1823	„	—	Trekking vir plekke in die Skoub. van 11—1 uur. In groepe van 4 of 6 te „vormen".
„	17 Mei 1823	„	Parterre, Gallery en Loges. „Banken van 6 plaatsen". Ook van 4 of 2.	„
„	23 Aug. 1823	„	Vreemdel. bilj. = 7 Rds.	„
„Engl. Theatricals". (Eng. Komedie).	13 Des. 1823 3 Mei 1823	„C. T. Theatre".	— „Boxes" aan die Sk. = 4 Rds. „Lower Gall." = 3 Rds. „Upper Gall." = 2 Rds.	Howell's Bibl., Heregr. Later: J. D. Gregory, Heregr. en T. Hart & Ko., Strandstr.; in Nov. ook by: Bridekirk Jr.'s „Stationer's Shop".
„(Engl.) Amateur Co."	10 Mei 1823	Afrik. Skouburg.	„Boxes" aan die Sk. = 4 Rds. „Lower Gall." = 3 Rds. „Upper Gall." = 2 Rds.	Deane & Ko., Heregrag 18.
„	19 Jul. 1823	„	„Boxes and Pit" = 4 Rds. „Upper Gall." = 2 Rds. „Lower Gall." = 1 Rd.	„
„	25 Nov. 1823	„	—	„
„Engl. Theatricals"	10 Apr. 1824	„C. T. Theatre".	—	Biljette vir „boxes" by J. Howell's Bibl. en Boekwinkel en Wm. Bridekirk. Jun.'s „Bookseller's shop," Heregrag".
„Amat. Co. (Engl.)"	1 Jun. 1824	Afrik. Skouburg.	„Box and Pit" = 4 Rds. „Lower Gall." = 2 Rds. „Upper Gall." = 1 Rd. Op 29 Mei nog enkele „Boxen" verkrybaar.	Deane & Ko., Heregrag 18.
Honi soit qui mal y pense.	1 Mei 1824	„	„	Vreemdel. lootjies en „staande" plekke op die dag van voorst. van 9—5, ook by Rouvière.
Tot Nut en Vermaak.	Jun. 1824 (2de voorstelling)	„	—	Vreemdel. kaartjies tot 2 uur op d. dag van vertoning. Keeromstr. 4.
„	5 Okt. 1824	„	—	„ , Pleinstr. 21, van 10—2.

1) Alle opvoeringe. gelyk aan die vorige, is weggelaat.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
—	6	7	—	K. C. Liefdadigheid.
—	—	—	Lootjies moet by ontvangs betaal word.	K. C. "
—	6	7	—	K. C.
—	—	—	—	K. C. Benef. mevv. Delamore, Green en Smith.
Intekenlys by Tredoux Keeromstraat 94.	—	7	Persone deur die agterdeur binne-gedring. Patron. van die Goewerneur. Vreemdelinge kaartjies tot 2 uur by Tredoux, daarna geen lootjies meer nie.	K. C.
"	—	6½	Name van indringers sal bekend gemaak word.	K. C.
"	—	6	Vreemdel. kaartjies soos gewoonlik.	K. C.
"	—	6½	—	K. C.
Vanaf 1 Maart word die lys nie meer rond gebring nie, maar is by A. Rouvière, Houtstraat 33, tot 15 Maart.	—	—	Vreemdelinge kaartjies tot Sat. 5 uur by J. A. Rouvière, Houtstr. 33. Daarna heeltemal geen toegang meer nie. Ook geen geld aan die deur nie.	K. C.
" Houtstraat 38.	—	7	"	K. C. Geen „staande lootjies” verkrybaar solank daar nog sitplekke is nie.
Op 17 Mei, moet intekenaars hul diploma's aan die direksie teruggee.	—	7. By die 2de Opv.: om 6½ Daarna weer om 7 uur.	„Entreebill.” nie aan die deur afgeen, maar vir kontrole in die saal bewaar.	K. C. Geen toegang tot die „grootte proeven” nie. Klein aantal „st. en vreemdel. lootjies” op dag van voorstelling nog by Rouvière. *) Die vorige voorstelling het te lank geduur.
" Houtstraat 33.	—	7½	—	K. C.
—	6	7	—	K. C. Opv. op 14 Jun. Liefdadigheid vir 'n weduwee m. 5 kinders. Herhaling op 21 Jun.
—	—	—	Ongewenste pers. word verwyder.	Benef. mev. Black 6 Des. K. C. 13 Des. '23. Vir goeie ventilasie sal gesorg word. K. C. 20 Des. '23.
—	6	7	—	By geleentheid van die „Race-week”.
—	—	7	—	K. C.
—	—	—	—	*) Prysverlaging vir die Gallery.
—	—	—	—	K. C. Benef. mev. Green.
Intekenlyste by J. A. Rouvière, Houtstr. 38. „De Lysten circuleeren niet meer”.	—	—	—	K. C. Op 12 Jun. Liefdadigheid. Op 11 Sept. Benef. mev. Black. Die advertensies altyd gelyk, weinig besonderhede.
Op 7 Aug. 6	—	7 Op 29 Mei: 7½ 7	Vreemdelingelootjies verkrybaar. Op die dag van vert., ook plekke vir Gall. en Part. verkrybaar by Rouvière. Geen lootjies aan die deur nie. Op 28 Aug. berig, dat die voorstellinge voortaan op 'n „decent” uur sal eindig. Op 11 Sept. nog 'n waarskuwing; „misbruikte consideratie”; aan die deur volstrek geen kaartjies nie.	K. C. Op 30 Nov. laaste voorstelling en Benef. J. Corbishley.
J. G. Tredoux, Keeromstraat 4.	—	7. Op 21 Aug.: 6½	Vreemdelinge kaartjies verkrybaar.	K. C. Op 26 Jun. Pryse van inteken. vir hierdie keer verminder. K. C. Na 24 Jul. = „Entré-Biljetten” verander, oes nie-meer aangeneem nie.
A. Auret, Pleinstraat 21.	6	7	Geen biljette aan die deur nie.	K. C. Na Jul. = nuwe intekening vir 3, 2 of 1 voorstell. naar wens. K. C. Na 28 Aug. = nuwe intekening. K. C.

TABEL F. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	„BILLETEN" EN „LOOTJES" VERKRYBAAR BY:
Tot Nut en Vermaak.	16 Apr. 1825	Afrik. Skouburg.	—	Vreemdel. kaartjies tot 2 uur op d. dag van vertoning. Pleinstr. 21, van 10—2, later van 9—3.
Tot Oefening en Smaak (Kinderges.)	10 Sept. 1825	Liefhebbery Toneel.	—	Vreemdelingslootjies tot Saterdag, Keeromstr. 4.
Honi soit qui mal y pense.	28 Mei 1825	"	Loges, Parterre en Gallery. Vreemdel. kaartjies = 5 Rds.	Loges nie meer verkrybaar nie. Part. en Gallery; vreemdelinge kaartjies en „staande" pl. nog by Rouvière, Houtstr. 33.
„Engl. Theatrical Am. Co." (Eng. Komédie)	11 Jun. 1825	„C. Town Theatre".	„Boxes = 4 Rds. Pit = 3 Rds. Gallery = 2 Rds."	Howell's Bibl., Langemarkstr. 30.
„Amateur Co. (Engl.)"	23 Jul. 1825	Afrik. Skouburg.	—	Deane & Ko., Heregrag 18, 11 uur v.m.
Honi soit qui mal y pense.	20 Apr. 1826	Afrik. Skouburg.	—	—
Tot Nut en Vermaak.	14 Jun. 1826	Liefhebbery Toneel.	—	„Staande en Vreemdelingenlootjies" op die vertoondag by F. L. Gaum, Kasteelstr. 9.
Tot Oefening en Smaak (Kinderges.)	8 Apr. 1826	?	—	—
Door Yver Vruchtbaar. (Nuwe Ges.)	9 Sept. 1826	—	—	Keeromstr. 4.
„Eng. Amat. Co." („Engl. Theatricals" Eng. Komédie).	6 Mei 1826	„C. Town Theatre".	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds. Gall. 2 Rds"	Ook „Staande en Vreemdelingenlootjies" tot 2 uur.
"	26 Jun. 1826	"	—	J. Howell, Stationer, Burgstr. en Forbes' Boot- en Shoemaker, Market Sq. at the Office of the Com. Adv. Market Sq."
"	29 Jul. 1826	"	—	Twentyman, Heregr. Saunders, Heregr. soos bo.
„Amateur Co." (Eng. Garn. Ges.?).	16 Aug. 1826	Afrik. Skouburg.	„Boxes en Pit = 4 Rds. Lower Gall. = 2 Rds. Upper Gall. = 1 Rd"	Howell, Burgstr. G. Greig, Markpl. Bridekirk's en „S. A. Chron. Printing Office, 31 Heeregracht".
„Engl. Theatricals" (Ook Garnisoensges.?).	2 Sept. 1826	"	—	"
„Amateur Co." (Eng. Garn. Ges.?).	20 Sept. 1826	„C. T. Theatre".	—	"
Tot Nut en Vermaak.	21 Apr. 1827	Liefhebbery Toneel.	—	F. L. Gaum, Kasteelstr. 9. F. L. Gaum, Keeromstr. 17.
"	26 Okt. 1827	"	—	Bridekirk. Heregrag 31. 10—6 uur.
Honi soit qui mal y pense.	2 Jun. 1827	Afrik. Skouburg.	—	—
Door Yver Vruchtbaar.	31 Maart 1827	?	—	Lootjies en Vreemdelinge kaartjies Keeromstr. 4.
„Garrison Amat. Co."	Mei 1827	„S. A. Theatre".	—	—
"	27 Aug. 1827	„C. T. Theatre".	„Box = 4 Rds. Pit = 3 Rds. Lower Gall. = 2 Rds. Upper Gall. = 1 Rd"	Mnr. Greig.
"	5 Sept. 1827	„African Theatre, C. T."	—	„Mr. Greig's Stationery Warehouse" 11—6 uur op Sat.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK.	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
A. Auret, Pleinstraat 21. J. G. Tredoux Jr., Dir. Keeromstraat 4. Die lys sal nie sirkuleer nie. — —	6 6 Op 12 Nov.: 7 — 6 — —	6½ Op 26 Sept.: 7 7½ 7 7 — —	Geen biljette aan die deur nie. Versoek om op tyd aanwesig te wees, weëns die groot voorstuk op 6 Aug. Kinders volstrek geen toegang sonder kaartjies nie. Niemand sonder toestemming tot die „grootte proef” toegelaat nie. Geen kinders toegelaat sonder biljette nie. Klag in d. Com. Adv. oor die laat begin van die voorstelling. Volstrek geen lootjies aan die deur nie. Geen toegang op „bons” nie. Skuldernaars van meer as twee jaar gewaarsku. Kaartjies nie afgee aan die deur nie, vir kontrole bewaar. Versoek om op tyd aanwesig te wees. Geduld en stilte versoek weëns die teenwoordigheid van „voornamen persone”. — Daar die loges uitverkoop is, sal die „Pit” plekke so gesellig moontlik gemaak word, vir families en groepe.	K. C. Op 3 Des. = Liefdadigheidsvoorst. K. C. K. C. Aanvangsuur sal stip gehandhaaf word. K. C. By die voorstell. van <i>De Vrouw met 2 Mannen</i> op 20 Aug. ens., geen intekening vir minder as 2 voorst. nie, weëns die groot onkoste van instudeer. K. C. Die direksie van <i>Tot Nut en Vermaak</i> uitgenooi (?) vir 24 Sept. K. C. Op 15 Okt. grote voorst. met ballet ens. K. C. Tarief vir „Gallery and Pit” weer verhoog (Vgl. 1823). K. C. Op 2 Nov. Benef. J. Corbishley.
Lyste vir 2 Holl. en 2 Eng. opvoeringe, of vir 4 opvoeringe tegelyk. By die Direkteur, Dorpstraat 3, alleen vir Loges en Parterre van 9—5. F. L. Gaum, Kasteelstraat 9. In Sept. vir die 2de intekening by: Bridekirk, Heregr. — Keeromstr. 4. — — — — — —	— Op 5½ 26 Aug.: 6 Op 11 Nov.: 7 — 6½ — 6½ — 6 6 —	7½ 6 — 7 — 7½ 6½ 7 — 7 7 —	Vreemdelinge kan ook vir één enkele voorstelling inteken. Volstrek geen lootjies aan die deur nie. Aan die deur geen lootjies nie. — Geen toegang tot die „grootte proeven” nie. „Contraalootjies” afgegee en niemand daarsonder toegelaat nie. — — — „Care will be taken, that no improper persons enter the pit”. — —	Chron. Holl. en Eng. opvoeringe. K. C. Die advertensie van 3 Nov. sê: Deure oop 7 uur, Gordyn op 7½ uur. Die advertensie van 10 Nov. sê: Deure oop 6½ uur, Gordyn op 7½ uur, vir dieselfde voorstelling van 11 Nov. K. C. Stukke vir kinders geskik. Tredoux Jr., direkteur. Chron. Com. Adv. Benef. vir 'n „distressed family”. Com. Adv. Benef. Whiley. Com. Adv. Benef. Mev. Black. Chron. Chron. Benef. Mev. Johnson. Com. Adv. Op 4 Nov. nog 'n Benef. vir Mev. O'Brien en Corbishley.
Intekenlys en Plan van die huis Boomstraat 22 (Boniface). — — — — —	6 5 — — — 6	7 6 7 — 6½ — 7	Die Ges. kan geen besoeke in die kleedkamers, gedurende die opvoeringe, ontvang nie. Dis onaangenaam en gee vertraging. Geen lootjies aan die deur nie. Intekenlyste gaan nie rond nie. Na 5 uur en aan die deur geen lootjies nie. — — —	Gov. Gaz. Weëns die „grootheid der stukken”. Gov. Gaz. Gov. Gaz. 1ste Vertoning in Engels. Gov. Gaz. Gov. Gaz. Gov. Gaz. Gov. Gaz. Benef. Mev. Black en Mev. Johnson.

TABEL G. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
„Gentlemen Amateurs” (Eng. Garn. Ges.) ?	2 Jan. 1828	—	—	—
„South African Amat.”	22 Jul. 1828	—	—	G. Greig, Keisersgr.
„Engl. Amat. Co.”	8 Nov. 1828	?	—	—
Tot Nut en Vermaak.	18 Okt. 1828	Liefhebbery Toneel.	—	Lootjies op dag van vertoning by die Gov. Gaz. Kantoor, Heregrag 31.
Tot Nut en Vermaak.	6 Jun. 1829	Liefhebbery Toneel.	—	Op die vertoondag tot 4 uur. Gov. Gaz. Kantoor, Heregr. 31.
„	18 Jul. 1829	„	—	„
„Cape Town Amat. Co.”	2 Mei 1829	„C. Town Theatre”.	—	Kantoor Com. Adv., ook vir die Gal.
„Engl. Amat. Co.”	11 Jul. 1829	„	„Pit and Standingplaces = 4 Rds. Gallery 2 Rds.”	—
„Engl. Theatricals”	22 Jul. 1829	„	„Boxes en Pit = 4 Rds. Lower Gall. = 2 Rds. Upper Gall. = 1 Rd.”	Cauvin, Walestreet 33.
„Engl. Amateurs and Mr. H. Booth”.	10 Nov. 1829	„S. Afric. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Gall. 2 Rds.”	Kantoor Com. Adv. en by Mnr. Booth.
All the World's a Stage.	6 Maart 1830	„S. Afric. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Gall. 2 Rds.”	—
„	5 Jun. 1830	„	„	Kantoor Z. A., Kortemarkstr. 6. Ook plan van die loges.
„	3 Jul. 1830	„C. T. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Upper Gall. = 2 Rds. Lower Gall. = 1 Rd.”	Kantoor Z. A.
„	24 Jul. 1830	S. Afric. Theatre”.	„	Kantoor Z. A., Kortemarkstr. 1 tot 7 uur.
„	7 Aug. 1830	„	„	„
„	4 Sept. 1830	„	„	„
„Engl. Theatr. Amat. Co.”	11 Sept. 1830	„	„	„
Tot Nut en Vermaak.	1 Mei 1830	„Cape Theatre”.	„	Kantoor Com. Adv.
„	8 Mei 1830	Liefhebbery Toneel.	Vir vroeëre biljette „onder de naam van staanplaatsen”, kan gerekenneerde plekke in die parterre verkry word. Tydig aansoek! (Vir voorstell. van 17 Julie).	Op dag van vertoning by: A. Auret, Burgstr. 28, tot 4 uur.
„	17 Jul. 1830	„	—	„
„	21 Aug. 1830	„	—	„
„	23 Okt. 1830	„	—	„
All the World's a Stage. („Brit. Amat. Co.”).	16 Apr. 1831	„S. A. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Gall. 2 Rds.”	„Tickets and places for the boxes: Com. Adv. Office”.
All the World's a Stage. („Amat. Theatr. Co.”).	4 Jun. 1831	„	„	„
All the World's a Stage.	23 Jul. 1831	„	„	„
„	19 Sept. 1831	„	„	„
„	8 Okt. 1831	„	„	„
„	29 Okt. 1831	„	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Lower Gall. = 2 Rds. Upper Gall. = 1 Rd.”	„
„	12 Nov. 1831	„	„	„
„	17 Des. 1831	„	„	„
Tot Nut en Vermaak.	28 Mei 1831	Liefhebbery Toneel.	Ook Parterre en „staande plekke” by intekening.	—
„	9 Jul. 1831	„	„	—

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

1828—1831.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
—	—	—	—	Col. Kritiek alleen.
—	—	—	Die Ges. vra ekskuus „for the interruptions” by die vorige voorstelling en verseker die goeie orde by die volgende voorst., die volgende maand.	Col. en Verz.
—	—	—	—	Com. Adv. Alle besonderhede in volgende advertensies(?)
—	6	7	—	Gov. Gaz. en Verz.
—	5	¼6	—	Com. Adv.
—	6	6½	Geen toegang tot die „grootte proef” nie. Geen toegang vir slawe en „vryzwarten”.	Com. Adv. Benef. slagoffers L'Eole Verenig met 'n musiekges.
—	6	7	Geen geld aan die deur vir die gallery nie, maar vooruit verkrybaar, kantoor v. d. Com. Adv.	Com. Adv. 2 Mei Benef.: Mev. Black. 20 Junie Benef.: Mev. Jessup en 5 kinders.
„Bridekirk's Office” of C. Adv. en „Publ. Libr.” vir Parterre en Staanplekke: Gaz. Kantoor, vir Loges: Cauvin, Walestr. 33.	—	7	Na 5 uur geen plekke verkrybaar nie.	Com. Adv. Benef. L'Eole slagoffers. Oorspronklik sou 2 Engelse geselskappe meedoen. Tenslotte speel hul apart.
—	6	7	„Money taken at the door as usual. No improper persons admitted”.	Com. Adv. Benef. L'Eole (die andere Eng. Ges.).
—	6	7	—	Com. Adv. Die huis sal goed gelug en nie te vol („crowded”) wees nie.
—	6½	7	—	Com. Adv. met samewerking van 'n „band” onder Mnr. White.
—	6	6½	—	Z. A. Liefdadigheid „Philanthropic Soc.”.
—	6	7	—	Z. A.
—	¼6	6½	—	Z. A. lang stuk.
—	6	7	Geen geld aan die deur nie weëns die slegte gedrag van persone by die laaste geleentheid.	Z. A. Op besondere versoek.
—	6	6½	—	Z. A.
—	6	7	—	Com. Adv. Konsert. Benef. White.
By intekening, ook by Auret.	5½	6¼	Geen kaartjies aan die deur nie weëns ongereeldhede.	Z. A. Com. Adv.
Vanaf 20 Aug., ook vir Parterre en staanplekke.	5½	6	Geen „grote proef” nie.	Z. A.
Gov. Gazette. Kantoor tot Sat. 3 uur.	6	6½	Beslis geen kaartjies aan die deur nie.	Com. Adv.
Gov. Gazette. Kantoor tot Sat. 3 uur.	6	7	Beslis geen lootjies aan die deur nie. Toegang by intekening vir alle plekke. Geen „grote proef” nie.	Z. A.
—	6	7	—	Com. Adv.
—	—	—	—	Com. Adv. Benef. Mev. Black.
—	6	6½	Nog enkele „bakken” verkrybaar.	Com. Adv. 75ste Regt. se orkes doen mee.
—	6	7	—	Com. Adv.
—	6	6½	—	Com. Adv.
—	6	6½	Behoorlike kontrole oor toegang van ongeskikte persone „tot de logessen”.	Com. Adv. Eerste opv. van 'n opera Freischütz in S. A. Amateursorkes.
—	6	7	—	Com. Adv. Amateursorkes.
—	6	7	—	Com. Adv. Laatste opv. in die seisoen.
Gov. Gaz. Kantoor tot Sat. 2 uur.	6	6½	Aan die deur beslis geen lootjies of geld nie.	Com. Adv. Nog 'n herhaling van die Freischütz.
„	5½	6½	„	Z. A., Gov. Gaz., Com. Adv. Com. Adv., Gov. Gaz.

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
All the World's a Stage.	7 Jan. 1832	„S. A. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Lower Gall. = 2 Rds. Upper Gall. = 1 Rd.”	„Com. Adv. Office.”
„	3 Maart 1832	„	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Gall. 2 Rds.”	„
„	—	—	By abonnement: „Boxes 3 Rds., Pit 2 Rds.”	—
„	9 Jun. 1832	„	Loges 4 Rds., „Bak” 3 Rds., Gal. 1 Rd.	—
„	21 Jul. 1832	„Cape Theatre”.	Loges 4 Rds., Gal. 2 Rds. Die „Pit” word in loges verdeel.	„
„	8 Aug. 1832	„S. A. Theatre”.	Loges 4 Rds., „Bak” 3 Rds., Gal. 1 Rd.	„
„	1 Sept. 1832	„Cape Town Th.”.	„	„
„	22 Sept. 1832	„S. A. Theatre”.	„	„
„	13 Okt. 1832	„	Loges 4 Rds., „Bak” 3 Rds., Gal. 2 Rds.	„
Tot Nut en Vermaak.	16 Jun. 1832	Liefhebbery Toneel.	—	Vir intekenaars op die dag van vertoning by die Gov. Gaz. Kantoor verkrybaar.
„	4 Aug. 1832	„	—	„
All the World's a Stage.	19 Jan. 1833	„S. A. Theatre”.	„Boxes 4 Rds., Pit 3 Rds., Gall. 1 Rd.”	Kantoor Com. Adv. „Plan on view”.
Mnr. Heath & Amateurs	30 Nov. 1833	„S. A. Theatre”.	Loges 4 Rds., „Bak” 3 Rds	„
Door Yver bloeit de Kunst. (Nuwe Ges.).	10 Aug. 1833	—	Loges 4 Rds., Parterre 3 Rds. Gal. 2 Rds.	van der Chys, Kerkstr. 7.
Tot Nut en Vermaak.	24 Aug. 1833	Liefhebbery Toneel.	—	Op die vertoondag van 10—4 uur. Gov. Gaz. Kantoor.
Door Yver Vruchtbaar. (Nuwe Stellenboschse Ges.).	28 Sept. 1833	?	—	Ook 2 dae voor die voorst. by die Skouburg tot 4 uur.
All the World's a Stage	26 Apr. 1834	„S. A. Theatre”.	Loges 4 Rds., Bak 3 Rds.	Kantoor Com. Adv. „Gall. tickets, only at Mr. Westcott's, 2 Shortmarketst.”.
„Private Amat. Co. (Garrison)”.	11 Jul. 1834	„Amat. Theatre”.	Loges 5/-, Gall. 2/6.	A. S. Robertson, Stationer”, Heregr. 7.
„	30 Okt. 1834	—	—	„
Vlyt en Kunst.	12 Apr. 1834	Liefhebbery Toneel.	Loges 4, Parterre 3½, Gal. 2½ Rds.	J. F. v. d. Chys, Kerkstr. 7, en Greig, Heregr. en hoek Strandstr. en by die klerk van die Com. Adv.
„	15 Nov. 1834	„	?	Op die „vertoondag” en Gov. Gaz. Kantoor, Kerkstr. 2 tot 5 uur.
Door Yver Vruchtbaar. (Stellenbosch).	31 Mei 1834	Liefhebbery Toneel.	—	Jan de Vrye.
„	26 Jul. 1834	„	—	„
„	8 Nov. 1834	„	—	„
Tot Nut en Vermaak.	2 Aug. 1834	Liefhebbery Toneel.	—	Gov. Gaz. Kantoor, Kerkstr. 2, tot 4 uur.
„	30 Aug. 1834	„	—	„

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
—	—	—	„Due care to prevent the house to be too crowded. „Properly ventilated”.	Com. Adv. Amateursorkes.
—	6	7	—	Com. Adv.
Intekenaars betaal één dag vóóraf aan elke vertoning. Com. Adv. Kantoor.	—	—	Voorstel om om die 3 of 4 weke te speel en abonnement vir die hele seisoen te gee.	Com. Adv. Non-intekenaars betaal gewone pryse.
—	6	7	—	Com. Adv.
—	5½	6½	—	Com. Adv. Benef. „Philanthropic Soc.”.
—	5½	6½	Intekenaars ontvang hul kaartjies een dag voor die voorstelling.	Com. Adv.
—	5	6½	—	Com. Adv.
—	5½	6½	—	Com. Adv.
—	6	7	Na die laaste voorstelling op 12 Nov. moet intekenaars afreken Com. Adv. Kantoor.	Com. Adv.
Gov. Gaz. Kantoor.	5½	6	Enkel intekenaars toegelaat.	Z. A.
„ tot 4 uur.	5½	6½	Geen „grootte proef” nie.	Z. A.
—	6	7	—	Com. Adv. Op 9 Maart afskeid Mnr. Booth. Op 30 Maart Benef. Mev. Westcott. „Military Band”. Alles soos gewoonlik. Op 22 Junie = Benef. Mev. Black.
—	6	7	Daar die opvoeringe in die laaste tyd gestoor is, sal alleen „vrienden van het theaterpersoneel” toegang kry tot die Gallery.	Com. Adv. Mnr. Heath van die „Theatre Royal” in Liverpool.
—	—	7	Geen „grote proef” nie. Geen lootjies aan die skouburg nie. Niemand gedurende die voorstelling op die toneel toegelaat nie as „die er werkzaam zyn”.	Com. Adv. P. A. Ley, Sekretaris van die Geselskap. Z. A., Gov. Gaz.
Gov. Gaz. Kantoor Kerkstraat 2, ook vir Parterre en Gal.	6	7	Die agterdeur presies om 6½ gesluit. Geen kinders sonder lootjies toegelaat nie.	Z. A., Gov. Gaz., Com. Adv.
Joh. v. Blommestein, Dorpstr. 6. Ook plan van sitplekke te sien.	6	7	Aan die deur volstrek geen lootjies nie.	Z. A.
—	6	7	—	Com. Adv. „Military Band 98th Regiment”. Maar één enkele opvoering gevind. In Sept. berig dat die Ges. weier om met ander mee te doen en binnekort 'n opv. sal gee, maar ek het geen vermelding daarvan gevind nie.
By intekening.	6	7	Geen geld aan die deur nie.	Com. Adv. Verminderde pryse, oorskot vir liefdadigheid.
—	7	7½	—	Com. Adv. Benef. „Mrs. Black and four children”.
By P. A. Ley, „ten huize” van van der Chys, Kerkstraat 7.	6	7	Geen deurgang agter oor die toneel nie. Geen lootjies aan die deur nie.	Z. A., Com. Adv.
„	—	7	Geen „grootte proef” nie.	Musiekiefhebbers doen mee.
„	—	7	'n Lys van „turbulente knapen” is opgemaak. Hulle sal geen toegang kry nie.	Z. A., Com. Adv. „J. J. de Kock Czoorn”, Sekretaris. Die koste enorm hoog, pryse tog nie verhoog nie. Ook 'n 2de Opv. van die Burger Edelman in Des.
By Jan de Vrye.	6	6½	—	Z. A.
„	6	7	—	Z. A.
„	6½	7	—	Z. A. Benef. Musiekges.
Gov. Gaz. Kantoor, ook vir „Part. en Staapl.”.	—	7	Geen lootjies aan die deur nie.	Com. Adv., Z. A.
„	—	6½	—	Z. A.

TABEL I. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
Door Yver Vruchtbaar. (Stellenbosch).	7 Maart 1835	?	—	—
Vlyt en Kunst.	14 Maart 1835	Kaapse Skouburg.	—	Wm. Bridekirk, <i>Gov. Gaz.</i> Kantoor op die dag van vertoning 9 tot 4 en by A. S. Robertson 2 dae daarvoor.
"	16 Mei 1835	Liefhebbery Toneel.	Loges 4 Rds., Parterre 3½ Rds., Gal. 2½ Rds.	A. S. Robertson <i>Gov. Gaz.</i> Kantoor 9—4.
"	13 Jun. 1835	„Kaapsch Liefhebbery Toneel”.	—	„ 9—5
"	15 Aug. 1835	Liefhebbery Toneel.	—	Loges by Robertson, Kortemarkstr. 45.
Tot Nut en Vermaak.	19 Jun. 1835	„	—	<i>Gov. Gaz.</i> Kantoor, Kerkstr., 10—4, vertoondag.
Kunst en Smaak. (Kinderges.).	30 Jun. 1835 (2de vertoning)	Liefhebbery Toneel.	—	Op die vertoondag J. W. Lotz.
"	21 Nov. 1835	Liefhebbery Toneel. („Stads Schouw.”)	Loges 5/-, Part. 4/- Gal. 3/-	N. J. Lotz en P. Ley.
„Engl. Amat. Co. (Garrison Amat. Private Co.). (Officers 98th Reg.)”.	11 Maart 1835	„Amat. Theatre”.	„Boxes 6 s., Gall. 3 s.”	Robertson, Heregr. of later: Kortemarkstr. 45.
"	29 Apr. 1835	„	Loges 6 s., Gal. 2/6.	„
"	28 Jul. 1835	„	—	„
"	8 Okt. 1835	„	—	„
„Private Amat. Co.”.	25 Mei 1835	„Amat. Theatre”.	Loges 4 Rds., Gal. 2 Rds.	„
"	3 Jul. 1835	„S. A. Theatre”.	—	„
Kunst en Smaak. Vlyt en Kunst.	10 Jun. 1836 11 Jun. 1836	— „Z. A. Schouburg”.	— Loges en Parterre = 4 Rds., „Gaandery” = 2 Rds.	— Plan van die „boxen”: J. de Kock. Walestr. 20. Ook op die vertoondag: by C. Moll, tot 4 uur.
Door Yver Vruchtbaar (Stellenbosch).	4 Jun. 1836	Liefhebbery Toneel.	—	—
"	23 Jul. 1836	„	—	—
"	29 Okt. 1836	„	—	—
Tot Nut en Vermaak.	26 Aug. 1836	Liefhebbery Toneel.	—	Drukkery C. Moll, Kortemarkstr. 12, vir Parterre en Staanplekke op die dag van vertoning van 9—4.
Garrison Amat. Co.”.	8 Jun. 1836	—	—	Robertson, Kortemarkstr.
"	3 Aug. 1836	—	—	Mnr. Dyason, Keisersgr.
Vlyt en Kunst.	19 Aug. 1837	Liefhebbery Toneel.	Loges 6/-, Part. 5/-, Gal. 3/6.	Kantoor <i>Mod.</i>
Door Yver Vruchtbaar. (Stellenbosch).	29 Apr. 1837	—	—	—
"	19 Aug. 1837	„Stell. Liefh. Toneel”	„Boxes 4 Rds., Pit. 3½ Rds., Gall. 2½ Rds.”	—
Tot Oefening en Vermaak.	9 Aug. 1837	Liefhebbery Toneel.	—	—
„Garrison Amat. Theatr. Co.”.	31 Jul. 1837	„Cape Town Th.”.	Loges 4 Rds., Gal. 2 Rds.	Dyason, Keisersgr.
„S. A. Amat. Co.”.	± Jun. 1837	„S. A. Theatre”.	Loges 4 Rds., Gall. 2 Rds.	—
Monsieur <i>Decanis</i> Fantasmagorie.	7 Febr. 1837	„S. A. Theatre”.	—	<i>Mod.</i> Kantoor en de Kock Cs., Langstr. 110.
„Mr. Parker's Theatre of Mechanics”.	Nov. 1837 (elke dag vertoninge tot Jan. 1838)	„Mechanical & Pictu- resque Theatre of Arts: Longst. oppo- site Mr. Bam's”.	„Boxes 4 Rds., Pit. 3 Rds., Gall. 2 Rds.” Front seats 3 s., Back seats 2 s. Kinders: die helfte.	Kantoor <i>Med.</i> , J. Arrowsmith, Burgstr. 16.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

1835—1838.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
J. F. de Vrye.	6½	7	—	<i>Com. Adv., Z. A. Benef. Noodlydendes deur Kafferinval.</i>
—	—	—	—	<i>Samewerking met 'n musiekges. Z. A., Gov. Gaz. Benef. Noodlydendes deur Kafferinval.</i>
By intekening Robertson, Kortemarkstraat.	—	—	Beslis geen lootjies aan die deur nie. Lootjies een dag voor die voorstelling afhaal.	<i>Gov. Gaz. Musiekges.</i>
”	—	—	Om onreëlmatighede te voorkom, geen „grootte proef” nie.	<i>Gov. Gaz., Z. A.</i>
Parterre en Staanplekke by Ley, Kerkstraat 7. <i>Gov. Gaz. Kantoor.</i>	—	—	—	<i>Gov. Gaz.</i>
—	5½	6½	—	<i>Gov. Gaz., Z. A.</i>
J. W. Lotz, Sekr. Breestraat 16, tot 5 uur. Kantoor Z. A. J. W. Lotz. P. A. Ley, Kerkstr. 7.	—	—	'n Kommissie benoem om die goeie orde te handhaaf.	<i>Z. A., Gov. Gaz. Musiekges. doen mee.</i>
—	—	—	—	<i>Z. A., Com. Adv.</i>
—	6	7	—	<i>Com. Adv. Kafferinval Benef.</i>
—	6	7	Vroeë aanvraag vir plekke aanbeveel.	<i>Com. Adv. Oorskot vir liefdadigheid.</i>
—	1¼	7½	—	<i>Com. Adv.</i>
—	6½	7	—	<i>Com. Adv. Benef. Mev. Westcott.</i>
—	6	7	—	<i>Com. Adv. Benef. Mnr. Whiley.</i>
—	—	—	—	<i>Com. Adv., Gov. Gaz.</i>
Kantoor Z. A. J. de Kock. C. Moll, Drukker.	—	—	—	<i>Z. A.</i>
J. B. Courlois.	6	7	Alle loges by intekening verhuur, daarom sal op 9 Sept. die Part. en Loges van 4 plekke verdeel word met kussings vir die dames.	<i>Gov. Gaz., Com. Adv. Musiekges. De Vriendskap sal assisteer. Op 9 Sept. Benef. J. de Kock Cs.</i>
J. P. Hoffman.	5½	6½	—	<i>Z. A.</i>
J. B. Courlois.	6½	7	Geen „grootte proef” nie.	<i>Z. A.</i>
—	—	—	—	<i>Z. A., Com. Adv.</i>
—	—	—	—	<i>Com. Adv.</i>
—	—	—	—	<i>Com. Adv.</i>
C. Moll.	—	—	Geen „grootte proef” nie, sleg senkele „boxen” oop.	<i>Med., Z. A. Musiekges. De Getroutheid.</i>
J. B. Courlois.	6	6½	—	<i>Z. A.</i>
Kantoor Z. A.	—	7	—	<i>Z. A.</i>
C. Moll, Kantoor <i>Med.</i>	6	7	—	<i>Med., Z. A. De Getroutheid sal assisteer.</i>
—	6	7	—	<i>Com. Adv. Amateursorkes.</i>
—	—	—	—	<i>Med.</i>
—	—	—	„The house will not be too crowded, and well ventilated”.	<i>Mod. Amateursorkes</i>
—	7½	8	—	<i>Med.</i>

TABEL J. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
„Parker's Mechanical Theatre”.	Aug. 1838	—	Voorste sitplekke 2 Rds., Gal. 2/-. Kinders halfprys.	Med. Kantoor.
„Enige Dramatische Amateurs”. (Holl.).	± Aug. 1838	Kaapse Skouburg.	Parterre in loges ingedeel. Loges 6 s., „Gaandery” 3/6.	Med. Kantoor.
Vlyt en Kunst.	29 Sept. 1838 uitgestel tot 3 Okt.	Liefhebbery Toneel.	Loges 4 Rds., Parterre 5 s., Gal. 3 s.	Med. Kantoor op dag van vertoning, ook plan van loges te sien. Ook by Mollett, Brink & Ko., St. Georgesstr. 11; Kantoor Z. A. en by die huis van die Hr. Reed.
Door Yver Vruchtbaar. (Stellenbosch).	24 Okt. 1838	—	Voorste sitplekke 3 Rds. Agsterste sitplekke 2 Rds.	—
„Private Amateur Party”. (Engl.).	9 Apr. 1838	„Cape Town Th.”.	Loges 4 Rds., Part. 3 Rds., Gal. 2 Rds.	J. Dyason, Keisersgr. 7.
„Engl. Amat. Co.”.	13 Okt. 1838	„Theatre ” New Bar-	”	Sloman, Heregr.
„Garrison Amat. Theatricals”.	2 Apr. 1838	racks”.	”	„Aschen's Musical Warehouse”.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

1838.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOOR- STELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
—	—	—	Op 4 Sept. uitdrukking van leedwese oor die skandelijke gedrag van persone op die Gallery. Voortaan geen lootjies meer vir die gallery nie. Enkele „dienders” sal aanwesig wees, om die goeie orde te handhaaf.	<i>Med.</i> In Stellenbosch, Pêrel, ens. gew.
<i>Med.</i> Kantoor.	—	—	Volstrek geen lootjies aan die deur nie. „Vervalschers” van lootjies sal vervolgt word! (Weer wanordelikhede op die gallery gewees, vgl. verslag <i>Med.</i>).	<i>Med.</i> Byna alle plekke besproke, al in Julie.
”	7	8	—	<i>Med., Z. A., Com. Adv.</i> Direksie J. J. de Kock. Musiekges. <i>De Getrouwheid</i> sal assisteer.
M. Theunissen, Birdstr. 2.	—	—	—	<i>Med.</i> Verenig met 'n musiekges.
—	—	—	—	<i>Com. Adv.</i>
—	6½	7	—	<i>Med.</i>
—	6½	7½	Geen geld aan die deur nie.	<i>Med.</i>

HOOFSTUK VII.

Toneel weg van die Kaap ¹⁾.

Van Kaapstad en Simonstad brei die toneel hom uit naar Stellenbosch en Grahamstad in hierdie tydperk. In Stellenbosch is dit Hollandse toneel. Dit behandel ek elders ²⁾. In Grahamstad is dit Engelse toneel.

§ I. **Grahamstad.**

“Grahamstown theatricals proper,” sê LAIDLER ³⁾, “commenced in 1837, when an amateur company playing under the motto *Honi soit qui mal y pense*, staged SHERIDAN’S *The Rivals*, a hornpipe, and several comic songs; the concluding piece was the farce of *Bombastes Furioso* (RHODES). The local paper commented on the production thus: ‘On Monday evening last, the 4th inst., the Grahamstown Amateur Company, under the motto *Honi soit* etc., commenced their amusements for the first time... Their little theatre was, in the words of the Prologue:

‘Got up, not by enchanter’s wand so scurvy,
But by the aid of Rathbone, I’ ons and Turvey,’

in the short space of twenty-one days, and does infinite credit to the taste and talents of these gentlemen. The wood scene in particular was well executed, and drew forth the unanimous applause of a very crowded audience. It would be unfair to criticise or analyse the literary attainments of Mrs. MALAPROP, the extreme ‘coolness’, of Sir Anthony, the valour of Fighting Rob... The dresses were neat and in good taste, and the music though weak, very fair, but in this particular the Prologue informed the audience that the amateurs had intended greater things:-

¹⁾ Ek gee nie voor om volledig te wees nie. My bronne in hierdie opsig was baie fragmentaries.

²⁾ Sien bls. 253.

³⁾ *Annals ens.* bls. 44. Hier moet ek my op Laidler verlaat, wat hier, soos elders, waarskynlik wemel van foute.

“... our scenes to delight,
But — 't was not quite disposable to-night’.

The amateur band, however, under the able direction of Mr. FRANKLIN, did their best, and gave great satisfaction. The laughable afterpiece was done to perfection”.

Vir 1838 vermeld LAIDLER niks nie, maar elders¹⁾ sê hy, sprekende oor Kaapstad: “The company *Honi soit qui mal y pense*, a motto that was an appropriate reply to the Cape agitators, had a long and successful career. During 1838 its members produced: *The Castle Spectre, or The Ghost of Evelina* (LEWIS); *The Rivals* (SHERIDAN), *Bombastes Furioso* (RHODES), a burlesque opera, *Chronomoholonthologus*²⁾, *The Spectre Bridegroom* (MONCRIEFFE), with glees, songs, and a hornpipe, between the acts; *The Midnight Hour* (Mrs. INCHBALD), *Love Laughs at Locksmiths* COLMAN Jr.), *Fortune's Frolic* (ALLINGHAM), with a charming characteristic song *Kaatje Kekkelbek*”.

Ek dink LAIDLER verwar hier Kaapstad en Grahamstad. Ek weet nie van 'n Engelse geselskap (of ook Hollandse wat miskien Engelse stukke speel) van hierdie naam in hierdie jaar aan die Kaap nie³⁾. Wel dra, volgens LAIDLER self, die geselskap in Grahamstad hierdie naam, en sou in 1839 nog speel — maar nie in 1837 nie?

Enkele van die stukke wat hy noem word aan die Kaap in 1838 gespeel, maar andere, wat in *dieselfde* advertensies moes voorgekom het, noem hy nie! En hy skyn volledig te wil wees.

Kortom ek glo LAIDLER se mededeling het betrekking op Grahamstad, maar in *Kaatje Kekkelbek* moet hy hom vergis⁴⁾.

“In 1839”, vervolg LAIDLER⁵⁾, “this company produced the melodrama *The Innkeeper of Abbeville* (FITZBALL), and the farce *Love, Law and Physic* (KENNEY). To prevent confusion no money was taken at the door. Among the sales advertised that year was that of a barrel organ ‘playing ten admired hymn and psalm tunes’. Temperance tea parties and Turf Club meetings constituted the gamut of Grahamstown's amusement. During December, at the Commercial Hall, where the amateurs had played, a ‘Mechanical and Picturesque Theatre of Arts’ opened and showed automaton figures, views

1) *Annals ens.* bls. 40.

2) *Chrononhotonthologus* deur CAREY stellig bedoel.

3) Sien bls. 196, 207 e. v.

4) Sien bls. 506. Vermoedelik nie voor 1843, op sy vroegste, nie.

5) *Annals ens.* bls. 45.

of some of the most splendid cities in Europe and America, and a storm at sea, with a shipwreck¹⁾”.

Grahamstad is 'n duidelike weerspieëling van die toneel aan die Kaap. Organisasie, aard van stukke, tot selfs die moeilikhede in verband met geld by die deur vir toegang aanneem, is dieselfde²⁾. Die Metodistiese gees is oorheersend³⁾.

§ 2. St. Helena.

Die bande tussen St. Helena en die Kaap in hierdie tydperk was gewoonlik baie nou⁴⁾. Vir die belangwekkendheid vermeld ek 'n verslag van toneeltoestande in (en eintlik voor) 1825 wat ons in 'n Kaapse koerant aantref⁵⁾.

Onder die opskrif „St. Helena Theatricals” word ons meegedeel: “The theatre at this place has, for considerable time been the only place of public amusement, and, as at the Cape, the performers being *Amateurs*, it would perhaps, be unfair to criticise. The performances are about once a month; but do not meet with such great encouragement as when *Napoleon* was alive, Sir HUDSON and LADY LOWE, with the numerous staff, as well as the several admirals and their followers, were invariably present whenever the Theatre was opened. Our present Governor is more domestic and turns his mind so much to agriculture and the cultivation of the more useful employments of life, that only twice for a period of nearly three years has he honoured the theatre with his presence. The concern has in consequence considerably failed and scarcely one night in ten pays the expences; and the public here, as well as at home, appear to have caught the infection for theatrical show and pageantry, that nothing but the most expensive pieces in getting up will draw a house. This was evinced lately in the production of the *Romance of the Forty Thieves* (SHERIDAN, WARD and COLMAN), and the novelty of introducing real horses; and the last scene, in which cascades of real water were introduced, pleased so much that it was repeated a few nights after to a good audience although no ships were in the Roads. Indeed, the piece was altogether well got up and it is said would not have disgraced some of the English Provincial Theatres.

The new scenery was painted by Mr. JULIO, a native of the island, and a panoramic view near Constantinepie (Constantinople?) was very much applauded. REYNOLD'S Comedy of

¹⁾ Van Parker. vgl. bls. 231 e. v.

²⁾ Sien bls. 365.

³⁾ Sien bls. 351 e. v. (o. a. verval 354).

⁴⁾ Vgl. *C. Adv.* 11 Apr. '35; *Mod.* 10 Jan. '37. ⁵⁾ *C. Adv.* 12 Okt. '25.

Speculation has since this been performed, for the first time here, to a very thin audience — there not being more than £ 17 in the house, while the first time the *Forty Thieves* was played, there was near £ 60, and the second time near £ 40. Although the Comedy, from its allusion to present times, particularly to agriculture, was far more worthy a better house, it went off remarkably well, and Alderman Amble's hits told admirably. In the 4th Act Tanjou drank 'To the speedy and total abolition of slavery', which was well received by the audience, and 'The most comfortable place at St. Helena — the *Pay Office*', drew down thunders of applause.

About three months since a young gentleman named Dring, only 14 years of age, performed *Douglas* (HOME) before the Governor and was highly applauded, as were also the other gentlemen who performed in the piece".

Die skrywer teken homself „N. L.” en hoop om nog meer verslae op te stuur. Vind kan ek hul nie.

Ewenas as aan die Kaap word Prins WILLEM FREDERIK HENDRIK VAN ORANJE geesdriftig en feestelik daar in 1838 ontvang¹⁾, 'n interessante geval.

1) *G. G.* 13 Jul. '38; sien bls. 339.

HOOFSTUK VIII.

1840-1855. Engelse en Hollandse Toneel aan die Kaap.

§ 1 Algemene Kenmerke.

Hierdie periode sien 'n heroplewing van toneel aan die Kaap. Reaksie volg op die Metodistiese oorheersing. Die gewone vermake word in ere herstel.

Tegelykertyd spreek dit vanself dat die Metodistiese invloed nie somar dadelik of selfs heeltemal verdwyn nie. In allerlei dinge werk dit na ¹⁾. Voor alles in die algemene erkenning dat 'n goeie sedelike werking van die toneel moet uitgaan ²⁾. Verder in die aanduiding „Privaat” van die meeste geselskappe; in die geskeie sit van dames en here in die gehoor; in die aanvanklike ³⁾ onthouding van dames aan liefhebberytoneel.

In die plek van die ou Afrikaanse Skouburg kom hoofsaaklik allerlei pakhuis as opvoeringslokale ingerig. Die Garnisoenskouburg is in veel gebruik. Later bestaan 'n tydlang 'n nuwe skouburg. Die gebrek aan geskikte lokale sal toneelbedrywigheid, veral van die kant van die Engelse burgery ongetwyfeld baie gestrem het.

Van Engelse kant neem die offisiere die voortou in toneelbedrywigheid; van Hollandse kant *T. N. en V.*

Sulke hoogtepunte as in die vorige periode word egter selde bereik. Die verlies van BONIFACE was 'n gevoelige slag vir die toneellewe aan die Kaap. Die onderneminge is op kleiner skaal en meer geslote. Die druk van die Metodisme neem slegs geleidelik af. Dit kos arbeid en moeite om die publiek weer tot 'n gesonde begrip en waardering van vermaak op te voed. In hierdie opsig is *Sam Sly* die figuur van die meeste belang. Die meeste steun ontvang hy nog van die *Zuid-Afrikaan* ⁴⁾. Na 1850 word die kritiek van Engelse blaaië, die *Monitor* in besonder, van veel belang.

Opvallend is hoe die Hollandse toneel deur jonge inheemse kragte beoefen word, die kinders uit die jare om 1835 van

¹⁾ Vgl. Laidler. *Annals ens.* bls. 48 e. v.

²⁾ Sien bls. 464 e. v. ³⁾ Sien bls. 494. ⁴⁾ Sien bls. 465.

die voorafgaande periode¹⁾. Onder die Engelse, die burgery veral, is soms professionele elemente van groot belang aanwesig.

Liefdadigheid word by tussenpose beoefen, maar is nie die faktor van belang wat dit nog in die vorige periode was nie. Die toneelkuns word soms gebruik terwille van liefdadigheid; die liefdadigheid as dekmantel om toneelkuns te bevorder het afgedaan.

Die toneelkuns bestaan in sy eie reg as kuns van vermaak en lering.

§ 2. Engelse Toneel.

Soos voorheen gaan die Engelse toneel aan die Kaap van twee groepe uit: die garnisoen en die Engelse burgery. Ook behandel ek hieronder losstaande (professionele) toneel aan die Kaap, sowel as toneel weg daarvandaan.

a. Garnisoenstoneel.

Die Garnisoensgeselskap was die laaste in die vorige tydperk om die toneel staande te hou. Hulle is die eerste in hierdie tydperk om daarmee voort te gaan. Miskien het hul nooit heeltemal opgehou met speel nie. Indien wel, was dit alleen in 1839.

Sedert 1840 speel hul weer gereeld. Hul plek van opvoering bly die Ganisoenskouburg. Dat hul reeds sedert 1840 speel blyk uit die eerste berig wat ons van hulle het, 'n berig uit 1842. "A Constant Reader" skrywe aan die *Cape Town Mail*²⁾ onder die opskrif "Garrison Theatre", as volg.

"As I have seen no mention made of the Garrison Theatre in any of the Cape Town papers, I am induced to . . . some account of the opening of the third campaign of the gallant amateurs on Friday evening last, (13 Mei — F.B.) hoping that . . . you will not be unable or unwilling to spare a corner for this purpose³⁾.

Their season has commenced as usual with them, with spirit and success; and they must have been not a little gratified . . . to see an overflowing house". Hy prys besonderlik die "punctuality" van die opvoering na die ouverture, en die afwesigheid van enige oponthoude. Nie altyd word hier genoegsaam op gelet deur amateurs nie.

"The selection of both pieces was highly judicious, and I

¹⁾ Sien bls. 270 e. v., en vgl. ballette met spelers, 1840—'55.

²⁾ 21 Mei '42.

³⁾ Voorheen toneelverslae geweier deur koerante onder Metodistiese invloed?

never remember to have seen Mr. M'DONALD appear to greater, perhaps to so great, advantage as in the character of *The Irish Attorney* (BERNARD), Pierce O'Hara. His representation of the frolicksome, fighting, and foxhunting Irishman was perfect; and from the spirit of his acting it was evident that he himself was aware he had made à *hit*.

The first act went off amidst continued shouts of applause and laughter. O'Hara's speech . . . lost nothing in the delivery. The curtain went down amidst loud cheering, and the performances of the night were announced for repetition on Thursday.

All our old friends sustained their reputation". Mr. WELLESLEY was baie goed as Hawk. Een van die nuweling is veelbelowend. Op *The Irish Attorney* (BERNARD) het gevolg *Othello Travestie* (DOWLING), "Operatic Burlesque". Mnr. WELLESLEY was die Moor, mnr. D. M'DONALD Desdemona. Hy is "quite at home in such parts. His acting was excellent; and the drollness of his little endearments towards his black 'Hobby', called forth bursts of applause". Mnr. PRIESTLY was Iago, 'n Tipperary seun. Dit was moedig van hom om 'n Ierse rol te speel na mnr. M'DONALD. Sy "brogue" het "more than sufficient success" ingeoes. Sy liedere, en die van WELLESLEY en M'DONALD het baie byval gevind. Die spooktoneel was baie grappig. "The laughing and delighted audience were dismissed with their hands pressing their aching sides."

Tog moet die krietikus 'n woord van waarskuwing laat hoor. Al is *Othello* 'n burlesk, moet die spelers oppas "not to out-Herod Herod." Die hoofpersone moet nie onder alle omstandighede b.v. onder 'n lied, die aandag van die huis wil trek nie. So was daar in *Othello* baie opsetlike "bye-play." Die krietikus haal in toepassing Shakespeare aan waar hy o. a. sê: "That shews a most pitiful ambition in the fool that usés it." Hierdie fout was nog nie te erg nie, maar dis 'n onkruid wat 'n mens by sy eerste verskyning moet uitroei.

Die voorstelling was so goed dat hy Donderdag by die weeropvoering sal wees. Hy hoop om ander daar te sien.

Die volgende maand ¹⁾ vertel "Pit" ons van die voorstelling van Vrydag 9 Junie "in the Garrison Theatre Main Barracks". Dit was baie verkwikkend. Die eerste stuk was *Love, Law and Physic* (KENNEY). Mnr. WELLESLEY was Lubin Log, en "set the house in roars of laughter even before he spoke a word." Die here M'DONALD ²⁾ en PRIESTLY het goed gespeel. Die "Petit Comedy" *Love in Humble Life* (PAYNE), en *Make your Wills* (MAYHEW en SMITH), Ks., het gevolg.

¹⁾ *C. Z. Mail* 11 Jun. '42.

²⁾ In hierdie verslag word McDonald geskrywe, klaarblyklik foutief.

"The whole was got up well and will not lose by a repetition. The house was well attended, and the audience, among whom were the Governor and his Lady, appeared highly pleased'.

Die heer M'DONALD het 'n weeropvoering vir Donderdag aangekondig. Hy het verder gesê dat dit onmoontlik was om die huis uit die skuld te kry. Dus sal die opbrengste van alle verder opvoeringe vir liefdadigheid wees, "and the Theatre given just as it stands to the Regiment which may relieve them." Namens die amateurs van die Regiment het die heer M'DONALD hulle spyt uitgedruk om die Kaap te verlaat, waar hulle so baie vriendelikheid en goeie sorg geniet het.

Die skrywer van die verslag wil op sy beurt namens die Kaapse publiek hulle spyt betuig dat die Regiment hulle vir die ongasvrye Indië moet verlaat en wil die Regiment en sy bevelvoerende offisier lt.-kol. CHAMBERS, verseker van "the good will and respect of every-body in Cape Town", van waar hulle vertrek om die vyande te verslaan.

Enige vermelding van verdere opvoeringe het ons nie. Trouens tot 1847 word geen garnisoensvoorstellinge vermeld nie, hoewel *Sam Sly* in 1845 ¹⁾ sê: "They say that a theatrical regiment is on the water". Sou die Regiment wat op die 25^{ste} gevolg het, geen belang gestel het in toneel nie? Of sou hul met burgergeselskappe saamgewerk het? Onwaarskynlik lyk dit my in elk geval dat hul as geselskap sou gespeel het. Waar voorstellinge van ander vermeld word is dit ondenkbaar dat die van die garnisoen onvermeld sal gebly het.

In 1847 is dit die "90th Light Infantry" wat speel, "by permission of Lt.-Col. A. J. CLOETE K. H., Commandant of the Garrison, and under the Patronage of Lt.-Col. M. J. SLADE, Commanding 90th Light Infantry". Die advertensies voer die Britse wapen boaan, en die letters "V. R." aan weerskante daarvan. Hierdie lojale gewoonte vind ons meer by die garnisoen. Die amateurs speel in die "Amateur Theatre". Van September heet dit "Garrison Theatre". Dit was een en dieselfde plek ²⁾.

Die eerste voorstelling vind plaas op Vrydag 30 April ³⁾ met: "DIBDE(I)N'S ⁴⁾ celebrated Melo-drama of *The Smuggler's Daughter*. After which, *Sailor's Hornpipe*; Scene from the Operatta, *Swiss Swains*; Comic Song. To conclude with the highly amusing farce, entitled *John of Paris* (POCOCK)...

The Buglers, of the 90th Light Infantry, will perform several operatic pieces during the evening". Hulle doen dit ook vir die volgende voorstellinge. Daar volg op

¹⁾ 7 Aug.

²⁾ Sien bls. 397, 399.

³⁾ *C. Adv.* 28 Apr. '47.

⁴⁾ Foutief vir Dibdin.

Woensdag 2 Junie ¹⁾: The Celebrated Nautical Melo-Drama of the *Red Rover, or The Mutiny of the Dolphin* (FITZBALL) . . . (and) the truly Laughable Farce entitled: *No. 23, John-Street, Adelphi* (BUCKSTONE).” Tussenin kom ’n “Irish Jig” en komiese sangstukke.

Woensdag, 7 Julie ²⁾: “For the benefit of the Regt. School, BUCKSTONE’S Popular and Interesting Drama of *The Wreck Ashore*. After which, Song by Mr. W. THOMAS. *A Serio-Comic Burlesque on the Tent Scene in Richard the Third* (SHAKESPEARE)”, *No. 23 ens.*, word herhaal.

Woensdag 8 September ³⁾: “For the benefit of the Infant Schools . . . Shakespeare’s Comedy of *The Merchant of Venice*. After which a Vocal Performance. To conclude with the laughable farce of *My Daughter, Sir!, or A Daughter to Marry*” (PLANCHÉ).

Vrydag 17 September ⁴⁾: ’n herhaling “of the highly successful performance of *The Merchant of Venice*”, vir dieselfde doel soos tevore. Verder sang en *Jack Brag*, Ks. deur THEODORE HOOK ⁵⁾.

Donderdag, 30 September ⁶⁾: *Othello* van Shakespeare, met opgawe van karakters, en ’n weeropvoering, op besondere versoek, van *Jack Brag*, eweneens vermeld met opgawe van karakters.

Dinsdag 19 Oktober ⁷⁾: “Last Performance this Season”. *Othello* wordt herhaal. ’n Sangstuk volg. Tot slot dien “a new comedietta”, uitgestel van die vorige keer ⁸⁾, *The Infant of Spain*. By beide stukke het ons soos tevore, opgawe van die dramatis personae; so by laasgenoemde o. a.:

„Don José, Alcalde of Torre Negro.

Larry Groghan, an Irishman.

Don Carlos de Casa Blanca, in love and disguised as the ‘Infant of Spain’.

Rosita, daughter of Don José” ens.

Donderdag 9 Desember ⁹⁾: *The Merchant of Venice* en weeropvoering van *The Infant of Spain*. Karaktervermelding soos gewoonlik.

Opvallend is in hierdie jaar, sedert 30 September, die vermelding van die dramatis personae. Dit sal vir reklame doeleindes gewees het.

In 1848 word minder, en eers laat, gespeel. Die oorsaak

¹⁾ *C. Adv.* 2 Jun. ’47; *C. T. Mail* 29 Mei ’47. ²⁾ *C. Adv.* 3, 7 Jul. ’47.

³⁾ *C. Adv.* 1, 8 Sept. ’47. *C. T. Mail* 4 Sept. ’47.

⁴⁾ *C. Adv.* 11, 15 Sept. (Edit.), 15 Sept. ’47.

⁵⁾ Vgl. Reg. Clarence, “*The Stage*” ens., bls. 222. Hy gee Gilbert A. à Beckett as outeur op. ⁶⁾ *C. Adv.* 29 Sept. ’47.

⁷⁾ *C. Adv.* 13, 16 Okt. ’47.

⁸⁾ *C. Adv.* 30 Sept. ’47.

⁹⁾ *C. Adv.* 4, 8 Des. ’47. Die advertensie eindig met „Vivat Regina!”; vgl. bls. 461, Vtn. 4).

hiervan sal gewees het die aanwesigheid van die Franse geselskap¹⁾ aan die Kaap in die eerste helfte van die jaar. Miskien was die aanstaande wisseling van regimente medeverantwoordelik.

Op Vrydag 4 Augustus²⁾ voer die "6th Royal Regiment" op: *The Review, or The Wags of Windsor* (COLMAN Jr.), met 'n "variety of *Singing and Dancing*", en *The Irishman in London* (Wm. MACREADY) tot slot. Die musiekkorps van die Regiment speel. Die geselskap speel in die Garnisoenskouburg, ook hierna.

Onder 6 September³⁾ word berig: "*The Ladies' Benevolent Society, it is said, have refused the offer of a benefit from the Garrison Theatrical Company, who, however, determined to do good their own way, have announced their intention to give a performance on Tuesday next, for the benefit, of Somerset Hospital*". In hierdie weiering kan ons 'n nawerking van die Metodisme sien⁴⁾. Verder verneem ons niks van hierdie voorstelling nie. Wel volg op Dinsdag 26 September⁵⁾ "by particular desire and under the Patronage of Lt. Col. MICHEL, and the Officers of the 6th. Royal Regt., and the Nobility and Gentry of the City of Cape Town... being the second time⁶⁾ ever performed in this City,... the celebrated and highly Popular Melo-Drama *Tekeli, or The Siege of Mont-Gatz* (naar PIXÉRICOURT, vertaal deur HOOK). An entire change of *Singing and Dancing*... To conclude with the laughable and well-known Farce of *Fortune's Frolic, or The Ploughman turned Lord*" (ALLINGHAM). Musiekkorps is aanwesig.

In 1849 word gespeel⁷⁾, maar dit gaan nie so goed nie. Daar was twee regimente aan die Kaap en in Maart begin hulle met *Rory O'More* (LOVER).

Die geesdrif vir tooneel het bietjie verminder, hoewel "more from the want of heat and energy arising from the irritating south-easter than lack of patronage and public esteem. For let a small company arrive from Dunstable or any other quarter accustomed to stage business, and they will not fall short of encouragement⁸⁾".

Rory O'More het 'n weeropvoering beleef en word vermeld "as a meritorious attempt to revive drama". Voorstellinge het in April plaasgevind, maar met weinig luister! Die pers het minder aandag aan die toneel gewy, en allerlei ander publieke gebeurtenisse, soos besoeke van hoë Indiese

1) Sien bls. 435 e. v.

2) *C. Adv.* 2 Aug. '48.

3) *C. T. Mail* 1848.

4) Sien bls. 464 e. v.

5) *C. Adv.* 23 Sept. '48.

6) Sien bls. 198.

7) *Treble Violl. C. Times* 7 Okt. 1913.

8) Aanhaling deur *Treble Violl*, vermoedelik uit S. S.

offisiere, bals, en veral die Anti-Bandiete Agitasie, sal die toneel teengehou het.

Die jaar 1850 sien baie hernude bedrywigheid op toneelgebied¹⁾. "Under the Patronage of Lady *Smith*²⁾ and by permission of the Commandant, Lt.-Col. EYRE", begin die 73ste Regiment³⁾ op 24 April⁴⁾ — Woensdag, die gewone dag 1852 — met "Sir E. BULWER LYTTON'S Historical Play (in 5 Acts) of *Richelieu, or The Conspiracy*, after which (J. M.) MORTON'S Farce of *The Original . . . With new Scenery, Dresses and Decorations*". Die musiekkorps is aanwesig by hierdie en ander voorstellinge.

Kapt. HALL blyk die hart en siel van hierdie geselskap te wees⁵⁾. Gewoonlik word van "Capt. HALL'S Company" gepraat. HALL self was een van die vernaamste spelers daarin⁶⁾. Die geselskap bly tot die end van die tydperk aan die Kaap voortbestaan.

Op 8 Mei⁷⁾ word *Richelieu* herhaal. Die klugspel *My New Wife and my Old Umbrella* deur PEAKE (*My Young Wife* ens. is deur WEBSTER⁸⁾) word gespeel.

Op 29 Mei⁹⁾ volg "The petite Comedy of *The Lancers* (PAYNE). After which the Comedietta, in two Acts, by D. BOUCICAULT, Esq., *A Lover by Proxy! or My Daughter Sir!* (PLANCHÉ), en op besondere versoek, 'n herhaling van *My Young Wife* ens. (WEBSTER).

Die verslag¹¹⁾ van hierdie voorstelling sê dat "the Performances of the Garrison Amateur Company, continue to attract full houses". Hulle stukke "were all received with marks of approbation . . . The leading characters showed a degree of histrionic talent seldom to be found off the regular boards; and in several of the minor parts the effects of study and good management were very apparent". Maar daar is 'n vlek op hierdie voorstellinge. Dit lê miskien aan die *genius loci*. Dis die blykbare gebruik "*ad libitum* of certain

1) Die advertensies in die *C. Adv.* tot end Mei het allerlei soldate-embleme boaan; die *C. T. Mail* altyd met die Britse Wapen.

2) Vgl. *C. Adv.* 27 Jul. '50 e.v. „immediate patronage.” 3) sien bls. 475.

4) *C. Adv.* 20, 24 Apr. '50; *Exc. Gaz.* 20 Apr. '50 e.v.

5) Groom *C.I.M.* Nov. 1899, bls. 548 e.v. Groom se data is nie altyd ewe presies nie. Maar Fitzpatrick se dood en voorafgaande assosiasie met die geselskap (Groom id. bls. 549; *Mon.* 5 Apr. '51; sien bls. 399 e.v.) stel hierdie mededeling vas.

6) Groom in vtn. 6; sien bls. 406 e.v., 441.

7) *C. Adv.* 1, 4, 8 Mei '50; *Exc. Gaz.* 1 Mei e.v.; — na uitstel van 6 Mei.

8) Vgl. Reg. Clarence, „*The Stage*” ens. bls. 311; ook verder.

9) *C. T. Mail* 25 Mei '50; *Exc. Gaz.* 29 Mei '50.

10) 'n Grappige geval. Blykbaar word *A Lover by Proxy* van Boucicault, verwar met *My Daughter, Sir! or A Daughter to marry.* van Planché.

11) *C. T. Mail* Jan. 1880.

offensive expletives". Dit verhoog die waarde van die stuk nie, is "now generally banished from good society — in such a presence especially¹⁾ — (and) should be carefully avoided". Wat sal die garnison gedink het omtrent hierdie opvatting van hul besondere aard?

Op 31 Julie²⁾ volg "(first-time in this Colony), SHERIDAN KNOWLES' Drama in 5 Acts, *The Rose of Arragon*; after which BAYLE BERNARD'S Comedietta of *The Practical Man*".

In die verslag³⁾ heet dit onder opskrif "Amateur Theatre⁴⁾" dat beide "admired dramatic representations were received with great and deserved approbation. The former was announced for repetition on the 14th. inst."

Die herhaling vind plaas⁵⁾ op Maandag 9 Augustus met „HALL'S (BUCKSTONE(?)⁶⁾ favorite farce of *Shocking Events*" as nastuk. Hierdie "amusing farce" en die eerste stuk "were performed in a very creditable manner⁷⁾. The acting was in general respectable and some of it of a high order of excellence. The theatre was crowded — Lady SMITH and a large number of the *beau monde* of Cape Town being among the audience. The Performances seemed to give universal satisfaction. The general management, and in particular the good order and perfect decorum maintained, are deserving of special commendation".

Op 11 September⁸⁾ word opgevoer: "MASSINGER'S Comedy in 5 Acts of *A New Way to Pay old Debts*. After which MORTON'S⁹⁾ burletta of *The Sentinel*... with new Scenery, Dresses, and Decorations".

A New Way ens. word herhaal op Dinsdag 17 September¹⁰⁾, en gespeel met „*Box and Cox*, A Romance of Real Life, by S. J. M. MORTON Esq".

Op Donderdag 26 September¹¹⁾ volg die „Last Night of the Season". Daar word opgevoer „by Particular Desire... PLANCHÉ'S¹²⁾ Petite Comedy *Delicate Ground!* For the second time *The Sentinel* (and) *A Lover by Proxy* (BOUCICAULT). To conclude with *Box and Cox*" (J. M. MORTON).

Hiervan word vermeld¹³⁾: "The Garrison Amateur Com-

1) Waarskynlik die vrou van die Goewerneur. Sien verder.

2) *C. Adv.* 27, 31 Jul. '50.

3) *C. T. Mail* 3 Aug. '50.

4) Sien bls. 395 en 397.

5) *C. Adv.* 17 Aug. '50.

6) Ook Reg. Clarence is nie seker nie. Vgl. „*The Stage*" ens. bls. 411.

7) *C. T. Mail* 24 Aug. '50.

8) *C. Adv.* 4, 7, 11 Sept.; *Exc. Gaz.* 31 Aug. e. v. '50.

9) Reg. Clarence gee die skrywer op as onbekend.

10) *C. Adv.* 18 Sept. '50. Hier moet êrens 'n vergissing skuil; sou Dond. 19 Sept. bedoel wees? Of die volgende, van 25 Sept.?

11) *C. Adv.* 25 Sept. '50.

12) Vgl. Reg. Clarence "*The Stage*", bls.

13) *C. T. Mail* 28 Sept. '50.

108; Dance as outeur opgegee.

pany closed their series of popular performances... with a crowded house, and four amusing comediettes, which were acted with much comic zest and spirit and were highly relished and applauded by the audience”.

Tenslotte ¹⁾ word gevra dat „all Claims against the (Garrison) Amateur Company may be addressed to Mr. J. L. FITZPATRICK, at the South African Club, before... 5th October, in order that the Accounts may be closed”.

In verband met 'n onvermelde opvoering van die geselskap waarin Frederik die Grote voorkom, vertel GROOM ²⁾ die volgende. In een van die tonele moet 'n bom in 'n kamer val, terwyl Frederik aan die praat is. As die skrik verby is, gaan Frederik onverstoord voort of daar niks gebeur het nie. Die moeilikheid was om hierdie gebeurtenis realisties voor te stel. GROOM het HALL hierin gehelp. Die uitslag was bo verwagting. Dele van die „bom” het selfs tot op die hoofde van die orkes gevlie tot hulle ontsteltenis. Maar toe die koning ewe kalm met praat voortgaan, het 'n storm van toejuiging losgebars.

Volgens GROOM ³⁾ was FITZPATRICK „an official in the Colonial Office who was one of the most talented leading amateurs in Capt. HALL'S Dramatic Company, and whose assumption of leading parts was the delight of Cape audiences”. Hy sou ongeveer ten tyde van hierdie gebeurtenis selfmoord gepleeg het. 'n Berig in die *Monitor* van 4 April 1851 bevestig dit. Ons verneem verder dat hy ongeveer 5 jaar tevore aan die Kaap gekom het en miskien die meesgesiene jongeman daar was. „To a good classical education, he added a powerful and intellectual mind, refined by travel and intercourse with literary society”. Sy vriendelike en opgeruimde aard het hom baie vriende verwerf. „He was an able and elegant writer and for some time edited the *Cape of Good Hope Literary Magazine* ⁴⁾ with great ability. To the Cape Town public he was perhaps better known from his admiration of the works of the Sweet Swan of Avon, whose performances he introduced upon the Cape stage ⁵⁾, himself playing the principal characters with a feeling and appreciation which we have rarely seen exceeded on the regular stage and never rivalled by an amateur. Mr. FITZPATRICK possessed the finest *Shaksperian* Library in the Colony”.

Sy vroeë dood op 28-jarige leeftyd is 'n groot slag vir vele. Hy was iemand van 'n goeie en vrygewige hart. „The unfortunate gentleman destroyed himself in a fit of temporay

1) *C. T. Mail*, 28 Sept. '50. 2) *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 548. 3) *C. I. M.* 1899, bls. 549. Nov. 4) *Gazette* bedoel, vgl. bls. 51; *C. Adv.* 1 Mei '47.

5) Vermoedelik deur middel van die garnisoen in 1847, sien bls. 426.

insanity, produced by mental depression" — volgens GROOM deur sy keel af te sny.

Na die daad is hy spoedig behandel, selfs met kans op herstel. Maar in 'n vlaag van waansin het hy die wonde oopgetrek en doodgebloeï.

Sedert die end van 1850 bestaan die Kafferoorlog. Dit duur tot 1853. Begrypelikerwyse val daar weinig toneel, in besonder van die garnisoen, te verwag. Trouens dit lyk of die Garnisoensgeselskap opbreek, vir 'n tydlang tenminste. Onder 1 Januarie 1851¹⁾ word aangekondig dat mnr. JONES op die Parade sal verkoop „a beautiful Collection of Theatrical Costumes, Scenery, Machinery, etc. etc., belonging to the Amateur Company late performing at the Garrison Theatre” — 'n verkoop wat handig kan ingekom het vir mnr. PARKER en *D. Y. b. d. K.* wat hierdie jaar begin speel²⁾.

Sommige lede, vermoedelik die van buite die garnisoen, word ook by PARKER se geselskap teruggevind³⁾.

Van 1852 is drie voorstellinge bekend om fondse te versamel vir die oorblywendes van die ongelukkige troepeskip *Birkenhead* wat op die suidwestelike kus van Suid-Afrika vergaan het. Dis onseker of die voorstellinge net deur die garnisoen of in samewerking met die burgers plaasgevind het. Nêrens word die „offisiere” genoem nie. Maar kapt. HALL speel mee⁴⁾, en sekere lt. JOHNSON behartig die geldsake. Stellig was daar dus lede van die garnisoen in betrokke. Ek beskou die voorstellinge as essensiël van hulle, met medewerking van ander amateurs⁵⁾.

„By Permission of the Commandant” word eers twee voorstellinge aangekondig in die Garnisoenskouburg⁶⁾ „for the benefit of the Widows and Orphans of the unfortunate soldiers who perished in H.M. Steamer *Birkenhead*.” Vir die eerste voorstelling, op Woensdag 24 Maart, word *Othello* (SHAKESPEARE), Trs., en die „Petite Comedy of *Charles II*” (PAYNE) aangekondig.

Die dramatis personae van die twee stukke word vermeld, ook waar en wanneer die tonele plaasvind. Spesiale pryse vir famieliekaartjies van vier word genoem. „Places reserved until end of Act the first.” Tenslotte, as bekende lojale uiting van die garnisoen, „Vivant Regina et Princeps”⁷⁾.

Nog voor die voorstelling plaasgevind het word berig⁸⁾: „All Claims against the Committee.... to be sent to the South African Club House before.... 27th inst., adressed to C. JOSEPH Esq”.

1) *Exc. Gaz.*

3) Sien bls. 419.

5) Sien bls. 418 e. v.

7) Sien bls 461, Vtn. 4.

2) Sien bls. 419 en 456.

4) Sien bls. 406, 410.

6) *Mon.* 3, 6, 10, 13, 17, 20, 24 Maart '52.

8) *Mon.* 24 Maart '52.

Van die voorstelling van hierdie „Amateur Company” word ’n seldsame verslag¹⁾(?) gegee. „In lieu of any critique upon performances which we have felt to be altogether sadly out of place in connection with the late melancholy catastrophe, we place before our readers the following *heightened* and forcible article from the *Times* of the 31st. of January, remarking upon a similar performance in England, for the benefit of the sufferers of the *Amazon*, which we believe will at once approve themselves to every rightly-constituted mind. With every respect for the individual motives of those whose misdirected benevolence has originated or promoted this sad mockery of woe, we join in strongly condemning such methods of appealing to public sympathy”.

Die aangehaalde stuk verklaar dat dergelike opvoeringe totaal misplaas is, en filantropie — die ware — hom moet toon sonder om toevlug te neem tot sulke middele. Die skrywer dink weinig van ’n gehoor wat alleen op so’n manier tot liefdadigheid kom, as dit inderdaad sulks te noem is. Daar bestaan ’n verskil tussen leed soos die van die *Amazon* en die gewone “Fancy-Fair Woe,” waar dergelike middele om fondse te versamel miskien op sy plek is.

Op Dinsdag 13 April²⁾ volg ewenwel die tweede voorstelling met “BENJAMIN WEBSTER’S (WEBSTER en BOUCICAULT) celebrated Drama, *Don Caesar de Bazan, or Love and Honour*. (And) J. M. MORETON’S (MORTON) Comedietta, called *The Thumping Legacy*.”

Selfs ’n derde voorstelling vind plaas³⁾. “The Public are most respectfully informed that in consequence of repeated applications, and at the express desire of many persons of distinction, the Amateur Company will give their third and positively last representation,” op Woensdag 21 April, met ’n herhaling van “The Romantic Drama by B. WEBSTER and D. BOUCICAULT in 3 Acts, *Don Caesar*... with entirely New Dresses and Appointments, Scenery, Machinery, and Decorations... After which, the Double Highland Fling, in Character... (and) *The Thumping Legacy*, having been received with unbounded applause and convulsions of laughter.”

Tog was die geldelike gevolg van hierdie poginge ’n mislukking. „Thespis”, as ’n belangstellende in hierdie voorstelling, vra onder 19 Junie⁴⁾, na geduldige wagte sê hy, “what financial advantage accrued therefrom. For, though, Sir, you took over one of the thunderbolts from the ‘Thunderer’,⁵⁾ it must be admitted on alle sides that those enter-

1) *Mon.* 31 Maart ’52.

3) *Mon.* 17, 21 April ’52.

2) *Mon.* 3, 7, 10 April ’52.

4) *Mon.* ’52.

5) *Sien* bls. 402.

tainments were most numerous and fashionably attended." Hy wil dus weet wat hierdie "benefits" opgebring het. Die antwoord hierop lui as volg: 1)

"Castle, Cape Town, 14th July 1852.

Lieut. Johnson presents his compliments to the Editor of the *Monitor*, and begs to inform him, for the satisfaction of Mr. Thespis and the public in general, that, deducting the expenses of the Amateur Performances, there was no surplus remaining for the *Birkenhead* Fund, but on the contrary, a loss . . . of £ 30.

The expenses of the dresses of the various gentlemen who assisted in the performances were born(e) exclusively by themselves.

If Mr. Thespis will favour Mr. JOHNSON with his name, he will prove to him to his satisfaction that the affair was no *hoax*."

1853 open met 'n aankondiging²⁾ dat "preparations are in progress for a series of theatrical representations at the Garrison Theatre".

Hierdie voorstellinge gaan uit van twee groepe: die "Amateurs of Cape Town"³⁾ en die offisiere. Die eerste groep het voorgegaan en sal die tweede, waarskynlik in wedywer, tot opvoering aangespoor het.

Op Woensdag 14 September⁴⁾ word deur "the Officers of the Garrison, KENNY'S (KENNEY en MILLINGEN) Operatic Farce in 2 Acts, *The Illustrious Stranger*, after which, the highly-amusing Burlesque of *Bombastes Furioso* (RHODES), to conclude with COYNE'S laughable farce, *Did you ever send your wife to Camberwell?*" opgevoer. Die dramatis personae van die drie stukke word aangegee. Eersgenoemde is 'n hoogsromantiese Oosterse stuk.

"By the kind permission of Lt. Col. PINCKNEY, the band of the 73rd Regiment will be in attendance. Vivat Regina!"⁵⁾ Ook in die vervolg verleen die musiekkorps sy dienste.

Die verslag⁶⁾ praat van "this elegant little Theatre in the Main Barracks". Hy noem die klugspele "amusing", en *Bombastes* celebrated. "The Commandant's Box was honoured by the presence of the wives of officers of the 73rd Regiment etc., Lt. Col. PINCKNEY and the several officers . . . not engaged in the performance". Vrywel alle hoë amptenare was aanwesig "and a host of Indian visitors and residents with their families . . . The punctuality with which the play commenced, the quickness and accuracy of the scene-shifting, and the attention

1) *Mon.* 17 Jul. '52.

2) *Mon.* 30 Jul. '53.

3) Sien bls. 420.

4) *Mon.* 10 Sept. '53. Ook in versl. v. Voorst. 5 Sept. Sien bls. 422.

5) Sien bls. 461, Vtn. 4).

6) *Mon.* 17 Sept. '53.

to detail..." verdien die hoogste lof. "The stage manager has succeeded, *à merveille*, in the education of his troupe; the scenes have been very carefully painted, and effectively composed; and the dresses of the actors and actresses evince great judgment, and nicety of discretion."

'n Ou vriend, Lt. PASLEY R. A., word verwelkom. Sy "inimitable acting and self-possession" het hom weer die guns van die huis verwerf. In al die stukke het hy vername rolle vervul.

Kapt. FISHER wat die vernaamste rolle ¹⁾ gehad het "stands high above the class called amateur actors. He is an accomplished dramatist, and his height and bearing, combined with effervescing good humour, and a nice melodious voice eminently adapt him for stage performance". Ook die ander spelers was uitstekend. Hulle was goed van geheue en het hul spel deurvoel.

Die aktrieses was eweneens uitstekend, „the only *real* woman, by the way, acting (her) several parts better, in our judgment, than any of her amateur predecessors." Geen „contretemps" het plaasgevind nie; die offisiere kan verseker wees van 'n vol huis by hul volgende voorstelling.

'n Weeropvoering, wat op besondere versoek op Maandag 19 September ²⁾ sou plaasvind, bevestig die groot sukses wat die offisiere gehad het. Ongesteldheid van kapt. FISHER het die plan ³⁾ verydel.

Op Maandag 31 Oktober ⁴⁾ volg, onder patronasie van die Lt.-Goewerneur, die tweede gewone voorstelling met: "MORRIS BARNETT'S popular Drama *Power and Principle*, *Circumstantial Evidence* (CAREW), A Comic piece in one Act, (and) the laughable farce of *Box and Cox* (J. M. MORTON)." Alle dramatis personae word aangegee. *Power* ens. blyk 'n bewerking van *Kabale und Liebe* (SCHILLER) te wees.

Van hierdie voorstelling volg 'n uitvoerige verslag ⁵⁾. Dis op 'n laer toon van lof gestel as die vorige.

Die gehoor was "rather select, though not so numerous" as voorheen nie. As lag 'n kriterium is, was die voorstelling 'n sukses "par excellence." Maar baie mense is van gedagte dat "the loud laugh betrays the empty mind." Stellig verdien die spelers baie lof vir hul moedige onderneming. In een opsig was die stukke welgekose. Hulle was maklik om in te studeer en om op te voer. En vir die wat wil "laugh and grow fat", uitmuntend.

Die akteurs verdien lof vir hul kranige poginge om die

¹⁾ *Mon.* 24 Sept. '53.

²⁾ *Mon.* 17 Sept. '53. Ook Edit.

³⁾ *Mon.* 24 Sept. '53. Edit.

⁴⁾ *Mon.* 22, 29 Okt. '53. Ook Edit. 22 Okt.

⁵⁾ *Mon.* 5 Nov. '53.

publiek te vermaak. Maar groot akteurs word gebore, nie gemaak nie. Selfs middelmatige spel kannie sonder ontsaglike arbeid bereik word nie. Met 'n paar aangeleerde dingetjies kom jy daar nie. Ook is speel 'n studie nie alleen van die rol nie, maar van „*nature*”!

Die stukke se rolbesetting was verdienstelik, ook hul uitvoering. Die spelers het baie bekwaamheid getoon maar geen genie nie. Ou Muller en Ferdinand was miskien die beste. Maar daar was 'n sorgeloosheid (carelessness) deur die stuk, wat duidelik die gebrek aan 'n groot ko-ordinerende leier getoon het “and made us inwardly sigh, for a *Fisher* or a *Hall*, to commingle again and impart something of their own glowing spirits to the company.” Of miskien was dit te wyte aan 'n ongeluk wat plaasgevind het. Die klere van Heloise Muller het vlam gevat, maar die vuur is gou geblus.

Ou Muller was so stil en ingetoë soos 'n mens kan verwag, maar Worm was “too heavy, both in manner and voice.” Hy moes 'n Joseph Surface gewees het. Ferdinand se opvatting van sy rol was veel beter, maar sy voordrag onwelluidend deur oorhaastigheid.

Circumstantial Evidence (CAREW) is veel beter gespeel. Die rolle is knap waargeneem. Miss Comfit egter, “poor young lady, seemed most desperately ill at ease.” Met oefening sal sy beter word, ook leer wat om met haar arms te doen. Byron Scraps, deur dieselfde persoon wat Ferdinand gespeel het, was die beste. Alleen sy voordrag was ongelyk: 'n geval van “spasmodic inspiration”. *Box and Cox* (J. M. MORTON) was dit ook: vol van “vivacity and energy, but overdone.” Op Mrs. Bouncer val egter niks te sê nie. Tenslotte wil die verslag 'n vriendelike raad geê in die woorde van Hamlet:

„Suit the action to the word.

The word to the action, with this special observance.

That ye o'erstep not the modesty of nature”.

Die verslag sluit met 'n prospektus vir 'n nuwe skouburg ¹⁾ Wat HALL en FISHER gewoonlik ²⁾ vir die geselskap beteken, leer ons duidelik ken. Nog verneem ons: ³⁾

“The Performance by the Officers of the Garrison, and other Amateurs, took place with a full house, and gave such general satisfaction that the play is to be repeated next Monday” — 7 November.

Reeds vroeg in 1854 word berig: ⁴⁾

¹⁾ Sien bls. 482.

²⁾ Vermoedelik was hul afwesig deur die Kafferoorlog. Sien bls. 401. In 1854 is kapt. Hall weer terug. Sien verder.

³⁾ *C. Adv.* 3 Nov. '53.

⁴⁾ *Mon.* 15 Apr. '54. Edit.

"A series of performances will shortly commence at this (Garrison) Theatre aided by the Officers of the Garrison. The Pieces selected are *St. Cupid* (JERROLD), *A Bloomer's Costume* (STIRLING)¹⁾, and *Perfection* (T. H. BAYLEY)²⁾. *St. Cupid* is a new comedy from the sparkling pen of DOUGLAS JERROLD, one of the Editors of *Punch*", 'n stuk nog onlangs op bevel voor die Koningin in Windsor Castle gespeel. Die stuk is dus nuut vir die Kaap.

Op Dinsdag 2 Mei³⁾ het die voorstelling plaasgevind. 'n Uitvoerige verslag⁴⁾ begin met 'n lange uitweiding oor "True genius is ever restless". Van SHAKESPEARE tot SHERIDAN, COOK tot KEAN, blyk dit duidelik sê die skrywer. Soos sulke ligte skyn of uitgaan, word hulle omgewing verlig of verduister. Nog altyd het die "Sovereigns of Britain" geweet, "to make hay while the sun shines" in sulke gevalle. So het b.v. koningin ELISABETH vir SHAKESPEARE aangemoedig. *Die Merry Wives of Windsor* sou selfs op haar uitdruklike versoek geskrywe wees: deur die wens om Falstaff verlief te sien. Persone sterf, genie leef voort. Na SHAKESPEARE het gekom TALFOURD, SHERIDAN KNOWLES, BULWER LYTTON, HOW (?), TAYLOR, GERRARD, GRIFFIN, e. a. en tenslotte DOUGLAS JERROLD. Sonder ophou het hy sy weg deurgeveg van werkman by 'n drukkery tot persskrywer, tot die posiesie van een van die grootste dramatisie van sy tyd, tot selfs die genierter van die patronasie van koningin VICTORIA deur 'n "command performance" van *St. Cupid* in Windsor Kasteel.

Op Dinsdagaand is die stuk opgevoer in teenwoordigheid van lt.-kol. CATHCART, en 'n groot gehoor van offisiere, dames en here van Kaapstad en omgewing.

Dit sou onbillik wees om die stuk en spel te kritiseer. Die stuk was van vyf tot drie bedrywe verkort om dit "within the resources of the establishment" te bring. Hierdeur moes dit òf baie gely het, òf die slegste stuk van JERROLD wees, totaal onwaardig van die skrywer van *Black-Eye'd Susan*, *The Rent Day*, ens. Van so'n sleg stuk skrywe sou JERROLD se eie goeie naam hom weerhou het.

Van die spel kannie veel gesê word nie. Mnr. PITT, as Sir Valentine May, was baie verdienstelik. Hy het sy neiging tot oordrywing enigsins meester geword. Mnr. HALL as *Zero* was gelykmatig, maar ver benede die talent, soos b. v. in sy *Iago* van ongeveer twee jaar gelede, getoon. Mnr. SALTER as Ensign Bellefleur het goeie, stil spel gelewer. Die meeste lof verdien korporaal BISHOP van die 73^{ste} Regiment vir sy

1) Sien bls. 407.

2) Sien bls. 407.

3) *Mon.* 22 Apr. '54.

4) *Mon.* 6 Mei '54.

Dr. Budd, en verdien die rol van Queen of the Bees, "by a lady with a very manly voice." Dit was rolle met individualiteit. "Checquer, Hawke & Trundle were respectable and no more." Die dames wat Dorothy Budd en June gespeel het, was suiwer rolsegsters. Van begin tot end het hulle "the same expression of face (and) form of tone" gehad.

Die tweede stuk was *Perfection, or The Lady of Munster*, van die bekende TH. HAYNES BAYLEY wat sy fortuin in myn-spekulasies verloor en toe homself aan "elegant" literature gewy het. Hy is beroemd vir sy ballades en o. a. vir sy drama *The Spitalfields Weaver* (BAYLY). Oor die geheel was die spel bevredigend b. v. van korporaal BISHOP en mnr. HENSLOWE, alhoewel die eerste bietjie ontuis was in sy rol. Die beste was mnr. SALTER as Charles Paragon, hoewel hy soms sy rug tot die gehoor gedraai het en met sy hande opgeskeep was. Met 'n bietjie ondervinding sal hy dit verkan bring. Die dame in Kate het veels te vinnig gepraat. Mnr. BELLEVILLE as Susan het gely aan gebrek aan uitdrukking. Dit spyt die skrywer dat hy so baie fout moet vind.

In die geskikte klugspel *The Bloomer(s) Costume* van STIRLING, was mnr. HALL goed, maar bietjie uit sy plek. Baie grappig was die here KIRTON en HENSLOWE. Mevv. OSWIN en ARLINGTON¹⁾ het in die vrouerolle goed gespeel. Die stukke van die volgende voorstelling word aangekondig.

Die skrywer wil graag sien dat „the drama assume a more intellectual position in the Colony.” Hy beveel *The Hunchback* van SHERIDAN KNOWLES aan, as in alle opsigte geskik: naar gehalte sowel as speelbaarheid. Hy gee rolle aan die hand vir die here HALL, PITT en SALTER.

Uit niks blyk dat sy raad opgevolg is nie!

Op Maandag 5 Junie²⁾ volg: *The Rent Day* (JERROLD), *The Spitalfields Weaver* (BAYLEY), en *The Queen's Horse*. In die verslag³⁾ heet hul „justly celebrated domestic drama . . . , laughable comedietta . . . , and pretty burletta” respektieflik.

The Rent-Day het 'n „strong caste . . . (with) very even playing for an amateur performance” gehad. „We never saw anything more to our taste.”

Natuurlik was daar geen uitstaande rolle soos in professionele opvoeringe nie. Dit was 'n gelykmatige „softened performance”. Die „tout ensemble” was goed wat betref „scenery and get-up”.

¹⁾ Sien bls. 427.

²⁾ *Mon.* 6, 20, (Edit.) 27 (Edit.) Mei '54; *Z. A.* 25 Mei '54 e. v. (Edit.) uitgestel van 2 Jun. Volgens 6 Mei sou ons eers gehad het *Honesty is the best Policy* (Lemon) i. p. v. *The Rent Day* (Jerrold).

³⁾ *C. Adv.* 10 Jun. '54.

In die *Weaver* het Simmons (Mnr. KIRTON) baie vermaak veroorsaak. Dis eintlik 'n geval van 'n parvenu Brown — die rykgeworde „Weaver” —, wat die grootste moeite in die wêreld het om homself in sy nuwe posiesie te gedra soos dit hoort. Sy ou vriend Simmons moet veral die spot van sekere Darville verduur. Brown ontdek 'n intrige tussen Darville en sy vrou Adelle. 'n Tweegeveg volg. Alles word opgehelder deur die tussenkoms van Brown se vrou.

Brown is goed gespeel. Adelle was 'n hele verbetering op vroeër.

The Queen's Horse berus op 'n verwarring tussen tweelingbroers, 'n broer, en 'n kavalleris, waarvan eersgenoemde, in die drag van sy broer, buiten sy bedoeling om, onbewuste dade van dapperheid verrig in verband met die „Preston Riots”.

Mev. ARLINGTON het 'n vrouerol vervul. Die broer (mnr. HALL) is „laughably played”. Die geval was „irresistibly comic. Altogether the evening's amusement (was) a decided treat, arrangements were very different to the former representations. The house looks much better since its alteration and was full. The 73rd. Band lent the additional attraction of their exquisite strains”. Die Lt.-Goewerneur en 'n uitgelese gehoor was aanwesig. By die volgende voorstelling sal vermoedelik *Charles the Twelfth* (PLANCHÉ), en *A Peculiar Position* opgevoer word.

Hierdie kritiek het 'n nasleep gehad. In die *Monitor* van 17 Junie¹⁾ drywe „One who has a nervous sense of the absurd in matters of Theatrical Costume”, die spot met die krietikus wat die kostumering geprys het, aangesien 'n Engelse boer 'n Sweedse kostuum aangehad het!

'n Voorstelling vir Dinsdag 11 Julie, waarskynlik met die stukke reeds aangegee²⁾, het nie plaasgevind nie, weëns ongesteldheid van die toneelbestierder. Maar miskien sal dit later gebeur word gemeld, en met *The Two Bonnycastles* (J. M. MORTON), Ks. by, of i.p.v. een van die gemelde stukke.

The Two Bonnycastles word herhaal op Vrydag 18 Augustus³⁾ „It is said, by command and under the patronage of . . . the Lt. Govr. and Mrs. DARLING”. Dit word duidelik waarom *The Two Bonnycastles* ekstra bygehaal word. Gespeel word verder „*Tobin's Comedy The Honeymoon in 5 Acts*”⁴⁾.

Hierna word die „Last Night of the Season” aangekondig met *The Honeymoon*, „many applications having been made . . . for another Representation . . . at a reduced price of entrance . . .

1) 1854.

2) Sien bls. 408.

3) *Mon.* 12 Aug. '54; *C. Adv.* 15, 17 Aug. '54. Na uitstel van 15 Aug.

4) Die bewoording is onduidelik. Ek glo egter nie dit was onder die „herhaling” bedoel nie. Vgl. herhaling hierna.

Vivat Regina et Princeps..."¹⁾ Die voorstelling het op Maandag 4 September i. p. v. Woensdag 30 Augustus plaasgevind²⁾ „in consequence of the severe indisposition of the manager”.

Tenslotte volg 'n benefiese vir die heer KIRTON, die „Comedian”, op Maandag 18 September³⁾. Twee van die stukke is oubekendes: *Honesty is the best Policy* (LEMON) en *The Spitalfields Weaver* (BAYLY); *Middle Temple* (PEAKE) kom daarby. By goeie weer word 'n vol huis verwag. Interessant is die mededeling⁴⁾: „An omnibus is provided to convey passengers to Rondebosch and Wynberg after the performance”.

'n Spesiale mededeling is: “The Theatre has been granted to Mr. NIGHTINGALE, Port-Captain of Simon's Bay for two representations of *Macbeth*, (SHAKESPEARE) which is to take place shortly under the patronage of His Honour the Lt.-Governor”. Die voorstelling sal van die Mariene in Simonstad uitgegaan het.

Die ligging van die Kaap as middelpunt op die weg van Engeland naar Australië, 'n land in hierdie jare van groot belang deur die goudontdekkings aldaar, het dikwels aanleiding gegee tot die aanwesigheid van buitengewone kunstenaars aan die Kaap. So veroorsaak die heer G. V. BROOKE, 'n beroemde tragikus en Shakespearespeler, 'n groot opskudding aan die Kaap in die begin van 1855. Hy tree op in die Garnisoenskouburg met ander beroepsartieste en met behulp van 'n paar amateurs van die garnisoen⁵⁾.

Op 30 Desember⁶⁾ '54 word sy aankoms per *Pacific* op weg naar Melbourne, op 'n driejarige kontrak, aangekondig.

Sy koms, vertel 'n verslag⁷⁾, maak die eerste week van 1855 “unusually gay”, nieteenstaande die heers van die Krimoorlog en die berig van die sneuwel van eks-Goewerneur sir G. CATHCART. Saam met BROOKE het mej. FANNY CATHCART en mnr. R. YOUNGE, bekende spelers in Engeland, gekom; verder mnr. WILTON, BROOKE se agent. Ook die koms van die heer JACOBS, beroemde goëlkunstenaar, word vermeld. BROOKE is die opvolger van die KEMBLE, VAN DEN HOFF en MACREADY. In 1848 het hy gedebuteer in *Othello* (SHAKESPEARE) in Londen. Sy forte is die uitbeelding van hartstog. Sy naam is tenvolle gevestig as Sir Giles Overreach in *A New Way to pay old Debts* van MASSINGER. Daarna het hy steeds propvol huise

¹⁾ Siën bls. 461. Vtn. 4).

²⁾ *C. Adv.* 26, 29, 31 Aug., 2 Sept. '54; *Mon.* 20 Aug. '54.

³⁾ *C. Adv.* 9 Sept.; *Mon.* 16 Sept. '54.

⁴⁾ Vgl. bls. 490—491.

⁵⁾ Siën bls. 411, kapt. Hall.

⁶⁾ *Mon. Groom C. I. M.* Nov. 1899 bls. 549.

⁷⁾ *Mon.* 6 Jan. '55.

gehad. Hy was ook in Amerika. Hy sal in Australië 200 aande speel teen £50 per aand.

Vir Maandag 1 Januarie¹⁾ was die *Lady of Lyons* (BULWER LYTTON) aangekondig. Op versoek het *Othello* in die plek gekom.

Die huis was goed beset en "all anxiety". *Othello* was 'n geskikte stuk vir die geleentheid: dit het weinig speelruimte, dekors en spelers nodig. Dit is bowendien "better understood here than any of Shakespeare's plays; . . . its hero (a coloured man) who has moved and won a white lady, ships, bay, soldiers, a castle, and a governor, being all familiar to the colonists' ear, 'as household words'".

By die opgaan van die gordyn was daar geen "good reception" vir BROOKE nie d.w.s. geen applous nie. Maar die Kaap is honderd jaar agter in toneelmaniere. Later het ongeëwenaarde applous weerklink. By die end is *Othello*, *Iago* en *Desdemona* teruggeroep.

Die skrywer wys weer²⁾ daarop dat mooi klere en die toejuiging van welmenende vriende geen bewys is van werklik goeie akteurs nie. Studie van die natuur is die hoofvereiste.

Die *Othello* van die heer BROOKE is groots en hartstogtelik. Die gevoelsoorgange word goed uitgebeel. Sy dood is 'n verlossing vir homself en die gehoor. "Mr. BROOKE's figure is tall and commanding", sy stem pragtig, sy kostuums skitterend. Maar dit het gelyk of hy nie sy bes gedoen het nie. Miskien was die klein toneelruimte verantwoordelik daarvoor.

Die heer YOUNGE se *Iago* kannie genoeg geprys word nie. Dis 'n medium tussen die VANDENHOFF en MACREADY skole. Sy sataniese karakter is sterk uitgebeel. Sy voordrag was helder; sy begrip van Shakespeare deurwrog.

"Miss CATHCART's . . . acting will prove a real blessing to the ladies, who generally appear at the theatre to personify parts". Sy is 'n ware artieste met gevoelige spel en goeie mimiek. Sy is natuurgetrou. Haar *Desdemona* is waarlik "gentle", opreg en vertrouend.

Die ander spelers, amateurs, is veel minder. Mnr. HALL se *Cassio* was ver onderkant sy *Iago* van twee of drie jaar tevore. Dit was nie genoeg instudeer nie.

Die vernaamste ingesetenes van die Kaap was aanwesig onder die gehoor. "Judicious alterations" is in die teks gemaak om non-Elisabetaanse "ears polite" te spaar. Die Duitse musiekkorps van die *Pacific* het baie mooi gespeel.

Die *Commercial Advertiser*³⁾ gee kritiek van ongeveer dieselfde

¹⁾ Nie Dinsdag 2 Jan. soos hier nie. Vgl. Lesing Younge Dinsdag 2 Jan. en verslag *Lady of Lyons*.

²⁾ Sien bls. 404 e. v.

³⁾ 6 (?) Jan. '55.

inhoud as die *Monitor*. Dit sê egter dat BROOKE nie die grootste akteur van die dag is nie, want MACREADY leef nog. En daar is PHELPS. Soms is daar by BROOKE "a tendency to exuberant violence". Hy rol sy oë bietjie te veel. Tog sou die koerant hom baie graag terug sien.

Die aand na die voorstelling¹⁾ het mnr. YOUNGE in in die Stadsaal, op versoek, 'n lesing voor die Meganiese Instituut gehou, getitel: *A Night with Shakespeare*. Die opkoms was matig. Die Duitse musiekkorps van die *Pacific* het mooi gespeel. Die heer YOUNGE het veral voorgedra. Tussendeur het hy een en ander by wyse van toeligting gesê. Hy het Hamlet se "filosofie" in twyfel getrek. Oor SHAKESPEARE se idee van tooneelspel en oor sy karakterisering het hy met bewondering gepraat. Sy voordragte was baie effektief. Daarna het hy nog 'n ballade voorgedra en liedere in verband met die Krimoorlog gesing.

Deur 'n gebrek aan die masjienerie word die *Pacific* genoodsaak sy reeds aangevange vertrek uit te stel. Op Vrydag 5 Januarie²⁾ het BROOKE c.s. die *Lady of Lyons* (BULWER LYTTON) opgevoer. Hierin het BROOKE pragtig gespeel, "the audience were enchanted". Ook YOUNGE en mej. CATHCART was uitstekend. Mnr. HALL was meer op sy stukke as die vorige keer. Die ontvangs deur die gehoor was baie gul.

BROOKE gaan voort "to relieve the monotony of colonial life" en die Kaapse burgery toon "a due appreciation of the talented visitors"³⁾.

Op Maandag 8 Januarie het hy in allerlei rolle verskyn: Romeo, Hamlet, Shylock, ens. Dit was weinig meer as "character readings... Such drawingroom amusements... are ill adapted for the great genius of BROOKE". Sy talent gaan te loor. Dit eis ruimte en intriege. Die aand het dus nie tot sy reg gekom nie, hoewel die gehoor baie in sy skik was. Mnr. YOUNGE en mej. CATHCART het fluks hul rolle vervul.

Op Dinsdag 9 Januarie word *The Stranger* naar KOTZEBUE deur SHERIDAN "performed, and Mr. BROOKE appeared to far greater advantage. Miss CATHCART was admirable... and the amateurs did their best, — the piece went off capitally. *The Angel of the Attic* (J. M. MORTON) was the afterpiece, and the principal characters were well-sustained by Mr. YOUNGE, Miss CATHCART and Capt. HALL. The audience were enthusiastic throughout".

Op 10 Januarie het die *Pacific* vertrek. Die spelers het die beste wense van die publiek meegeneem. "Previous to their leaving, the bachelors of Cape Town gallantly presented to

¹⁾ *Mon.* 6 Jan. '55. ²⁾ *Mon.* 6 Jan. '55. ³⁾ *Mon.* 13 Jan. '55.

Miss CATHCART a gold watch and appendages of the value of £ 50".

Later verneem ons¹⁾ dat die eer van die inisiatief om die voorstelling van BROOKE c.s. te bewerkstellig sekere heer TAYLOR toekom, wat soiets meermale doen.

Ongetwyfeld het BROOKE 'n geweldige indruk gemaak. 'n Reisbeskrywer uit die tyd²⁾, wat dit oor "the physiognomy of dress" het, praat o.a. van BROOKE en "Brookomania, or the Visit of G. V. BROOKE, and its Effects". Kapenaars bewonder alles van die buiteland en volg dit na, sê hy. So ook het hul BROOKE tot in besonderhede nagevolg. Die dames het mej. CATHCART tot voorbeeld geneem.

Verder vertel hy dat BROOKE geweldig vol sale gehad het. Kaartjies is selfs teen 'n premie verkoop. Maar die publiek is soms baie onkundig. Iago heet 'n "gay deceiver".

Tenslotte is dit die laaste wat ons regstreeks van kapt. HALL hoor.

Wat onmiddellik op hierdie aktiwiteit gevolg het, vertel GROOM³⁾. "Mr. LYCETT⁴⁾ then got permission from the military authorities, with the assistance of some amateur non-commissioned officers, to give a series of performances of great merit, assisted of course by the splendid military band of the regiment". Hiertoe het mev. LOOSEMORE, "a delightful actress" wat eerst aan kapt. HALL se geselskap behoort het, deur „engagement" oorgekom⁴⁾.

Kort hierop sou SEFTON PARRY en sy vrou aan die Kaap gekom het⁵⁾. Eers as PARRY weg is, verneem ons weer van suiwer garnisoenstoneel. Dit gaan stellig uit van die so-ewe genoemde spelers — miskien weer onder kapt. HALL?

Onder patronasie van lt.-kol. PINCKNEY van die 73ste Regt. gee die amateurs van hierdie regiment "for the benefit of the Patriotic Fund",⁶⁾ op Vrydag 28 September,⁷⁾ 'n voorstelling van "the highly interesting melodrama *Grace Huntley, or The Follies of Youth* (HOLL)⁸⁾. The laughable Farce (in two acts) of *Comfortable Lodgings, or Paris in 1750* (PEAKE), which had such an immense run at the Adelphi, a

1) Sien bls. 431.

2) J. Robertson: *Six Years ens.* 1856. — Dieselfde navolging geniet Parry. Sien bls. 428 e. v.

3) Groom *C. I. M.* Nov. 1899 bls. 549.

4) Sien bls. 423; Groom: id. Sy was die vrou van een van die klerke op die *Monitor*, die resensent?

5) Groom, id.

6) In verband met Krimoorlog.

7) *Mon.* 15, 22 (Ook Edit.), 26 Sept. '55; *C. Adv.* 13, 15, 22 (Edit.) Sept. '55. Na uitstel van 22 Sept.

8) Vgl. Reg. Clarence, „*The Stage*," ens. bls. 179.

few seasons since, with an interlude of a new and attractive form in the shape of a Grand Ballet, in which no less than 15 *danseuses* will appear". Gesien die "Bill of Fare" en goeie doel van die voorstelling word 'n "regular bumper" verwag. Hierdie verwagting is nie teleurgestel nie. Die som van £ 254.14/7 word aan die Fonds oorhandig. Miskien speel die ge elskap nog in 1856. GROOM¹⁾ sê dat die "non-commissioned officers and men of the 73rd. Regt." dikwels teen diè tyd in die Garnisoenskouburg opgevoer het. Kapt. HALL noem hy egter nie.

Dit sal in elk geval 1859²⁾ word voor ons weer definitief verneem van offisiere wat deelneem aan toneel.

b. Geselskappe uit die Burgery.

1. All the World's a Stage.

Die eerste geselskap waarvan ons verneem is 'n herleefde "English Amateur Company... *All the World's a Stage*". Hulle speel in die "Amateur Theatre (Liefhebbery Tooneel) in Hope-street" in 1843. Hulle "will again perform, by particular desire and positively for the last time (as regards the first piece)", op Vrydag 18 Augustus³⁾, *Wenlock of Wenlock, or The Spirit of the Black Mantle*, en die "laughable farce" *Honest Thieves* (KNIGHT).

Uit die advertensie blyk duidelik dat die geselskap reeds meer gespeel het. In 1844 speel „the English Amateurs in Rose-street”⁴⁾, ook „in an ex-wine store. It was neat and clean, and the back seats were raised to enable those sitting behind to see over the heads of those in the front rows”⁵⁾.

Ongetwyfeld word hiermee *All the World* bedoel. 'n Ander geselskap staan in hierdie jare nie bekend nie. Miskien het hulle ook die bekende *Kaatje Kekkelbek* hierdie jaar aan die Kaapse publiek voorgestel⁶⁾.

In 1845 speel *All the World* in die Roelandstraat-Skouburg, 'n lokaal gewoonlik van die Hollandse geselskap.

Op Donderdag 17 Julie⁷⁾ vind plaas "the much admired

¹⁾ Groom doen die mededeling as hy vertel van die "sell" deur 'n s.g. plafondloper uitgehaal. Dit was in Jun. 1856 (Vgl. *Z. A.* 30 Jun. '56; *Mon.* 28 Jun. '56). Eienaardig is dat ons nêrens elders van die Garnisoensgeselskap se speel verneem nie. Groom praat by approksimasie. Kan hy miskien dink aan die geselskap se laaste(?) speel in 1855? Sedert 1857 sal Parry die toneel gemonopoliseer het. Groom id. bls. 549.

²⁾ *C. Merc. Adv.* 30 Mei '59.

³⁾ *C. Adv.* 12 Aug. '43.

⁴⁾ *S. S.* 21 Nov. '44.

⁵⁾ Laidler, *Annals* ens. bls. 49.

⁶⁾ *Sien* bls. 441 en Bylae X.

⁷⁾ *S. S.* 17 Jul. '45; *C. Adv.* 12, 16 Jul. '45.

melo-drama of *The Wandering Boys, or The Castle of Olival* (PIXÉRICOURT, vertaal deur KERR) (and) ... the laughable farce of *The Queer Subject* (COYNE)".

Sam Sly vermeld die voorstelling ook en gee ons 'n verslag daarvan ¹⁾. "*All the World* gave at their theatre in Roelandstreet (until a new one is built) *The Wandering Boys* and a farce; the latter assuming the queer title of *The Queer Subject* not 'Queer-street'²⁾. The house was well attended and the pieces went off admirably and were well received by an attentive and yet merry audience. The same delicacy appears to prevail in this house of entertainment as in others, so that on no account must names be mentioned — although they were all known on the stage — otherwise we should have been pleased to have acted the *Spectre Sammy*³⁾ over again in print and passed a few eulogisms on several clever amateurs." Op grappige wyse word die dramatis personae opgesom. Oor die dure verversinge het ontevredenheid ontstaan. „Half the rate... night produce three times the custom".

Op Vrydag 22 Augustus ⁴⁾ vind plaas die historiese drama *Charles XII* (PLANCHÉ) in 2 Bed., en *The Irish Tutor* (GLENGALL) "comic piece in 1 act." Die rolbesetting word aangegee, maar alleen met die voorletters van die betrokke dames (Mejj. M., M. en K.) en here (Mnr. I., G., H., C., W., P., M., L.).

Die verslag begin met 'n geliefde aanhaling van *Sam Sly* uit *Hamlet* met as opskrif, "The Play's the thing", en sê: "Last week we had the pleasure of... *a Bachelor's Ball*; this week we have equal satisfaction in... *a Bachelor's Play*. Both being got up with sole aim and end of pleasing the Ladies... all scrutiny is out of the question, and criticism is disarmed of its sting". Maar, selfs streng krities beskou, verdien die voorstelling lof. Wat betref die spelers, "We are requested by the modest and young amateurs to omit names". Tog sal die lof, onder die voorletters, begryp word.

In die voorstuk het hy alleen lof oor vir die spelers, hoewel iets meer vir die here- as damesspelers. By party van die karakters het die rolle alleen van die spelers geverg "to dress and act as military gentlemen", maar dit is "to the life" gedoen. *Charles XII* (Mnr. T) was wel die vernaamste speler. Die boer en die burgemeester het goeie kontraste-spel gelewer.

Die welbekende *Irish Tutor* is geestig en goed gespeel. Die gehoor het baie vermaak daarin gehad. *Charles* (Mnr. H.) het sekere lied goed gesing. *O'Rourke* (Mnr. L.) het natuurlik

¹⁾ S. S. 24 Jul. '45.

²⁾ 'n Grap wat S. S. vir die tweede keer herhaal! Sien bls. 455.

³⁾ Een van die karakters in die *Queer Subject*.

⁴⁾ S. S. 28 Aug. '45.

die leueaandeel van die stuk gehad. Die lof vir die dames is soos voorheen op 'n laer toon gestel as die vir die here. "A short Prologue, written by a gentlemen at the Cape and delivered by Mr L. . . . was well received. And the Orchestra was extremely good, and played the Polka and other fashionable airs in its best style". Die huis was nog nooit so vol "grace and beauty" nie. Tot selfs in die bak het sommige van die beste famielies aan die Kaap gesit. Die voorstelling sal waarskynlik herhaal word. Kommissarisse (stewards) was die here NORTON, A. v. BREDa en J. HEYNEMAN; toneelmeester (stage manager) mnr. J. F. LONG. Dis jammer vir die toekoms, dat "the modesty of the present age" geen name van spelers wil genoem sien nie. "But we must withhold them or give offence."

In 1846 word die ou skouburg in Hoopstraat hernuwe en verdoop tot die „Victoria Theatre" 1). Die openingsvoorstelling vind plaas op Donderdag 9 Julie 2) met: "Mr. PLANCHÉ's 3) Romantic Drama, *The Brigand* . . . Songs . . . (and) the laughable Farce *A Day after the Fair* (SOMERSET)" 4).

Die naam van die geselskap word nie genoem nie. Stellig was dit *All the World*. In 1848 speel hul nog altyd in die Hoopstraat-Skouburg.

Daar volg op Dinsdag 21 Julie 5): "The celebrated comedy of *Charles the Second, or The Merry Monarch* (PAYNE);" 'n lied in kostuum en 'n komiese lied; "The admired interlude of *Fortune's Frolic, or The Ploughman turned Lord* (ALLINGHAM); op versoek 'n besondere komiese lied; op besondere versoek, 'n herhaling van *A Day after the Fair* (SOMERSET)".

Donderdag 20 Augustus 6): *Who's Who? or The Double Imposture* (POOLE), Tsp.; twee liedere; "the interlude of *Fortune's Frolic* ens.; twee liedere; *The Village Lawyer* (Mrs. MACREADY), "laughable farce."

Vrydag 4 September 7): *The Brigand* (PLANCHÉ), twee liedere, een daarvan komies; *The Original* (J. M. MORTON), "admired interlude"; twee komiese liedere; *The Lottery Ticket, or the Lawyer's Clerk* (BEAZLEY).

Saterdag 12 September 8): *Who's Who?* ens. "admired Comedy"; twee liedere, een bekend komiese op versoek; *The Brigand* (PLANCHÉ) op besondere versoek.

Hierdie voorstelling vind plaas by geleentheid van "Race Week — Spring Meeting of the South African Turf Club".

1) Sien bls. 484.

2) *C. Adv.* 4 Jul. '46; *S. S.* 7 Jun. '46. Britse wapen gewoonlik op advertensies.

3) Nie Plaché nie, vgl. 2 Sept.

4) „*Rain*" sal 'n drukfout wees.

5) *C. Adv.* 18 Jul. '46.

6) *C. Adv.* 15, 19 Aug. '46.

7) *C. Adv.* 2 Sept. '46. Hier en verder word ook die name van die liedere aangegee.

8) *C. Adv.* 12 Sept. '46.

The Performance will terminate by "11 o'clock" word spesiaal bygevoeg.

In 1847 hoor ons niks van *All the World* nie. Ek glo hulle het gespeel, alleen nie hul voorstellinge geadverteer nie. Wat sou anders van die Hoopstraat-Skouburg geword het? Dit word by geen ander geselskap vermeld nie. Bowendien is *All the World* in 1848 nog daarin, en blyk dit, dat *All the World* ook die jaar reeds gespeel het sonder adverteer. Trouens dit was 'n tyd waarin alles „Privaat” was ¹⁾. Die uitbly van aankondiginge hoef dus geen verwondering te wek nie.

Onder "Amateur Theatricals" word in 1848 aangekondig ²⁾ dat in die Hoopstraat-Skouburg die "English Amateur Company *All the World's a Stage*, will repeat, by *express desire*", op Donderdag 21 September, die veelbewonderde stuk *The Country Squire, or Two Days at the Hill* (DANCE). "To be followed by the celebrated *Ethiopian Serenaders*" ³⁾, wat *Buffalo Gals, Old Joe* ens. sing; "after which a *Clog Hornpipe*, by a Gentleman lately arrived from London; *Comic songs*, and other entertainments." Tot slot "the truly laughable farce of *Advice Gratis* (DANCE)."

Daar volg "for the last time this Season" op Dinsdag 3 Oktober ⁴⁾: *William Thompson, or Which is He?* (BOADEN); 'n Turkse Ballet; die "Ethiopian Serenaders; Peruvian Dance and Comic Songs"; *The Original* (M. J. MORTON), "admired farce".

Dit is die laaste wat ons hoor van *All the World*. Maar van 1849 sal JAMES LYCETT se amateurgeselskap in Hoopstraat troon. Miskien het *All the World* se lede by hom aangesluit.

2. Private Amateur Company.

Intussen val 'n geselskap uit 1847 te vermeld. Hulle gee 'n reeks van drie voorstellinge en gaan onder die naam van *English Private Theatricals* ⁵⁾, *Private English Amateur Theatrical Company* ⁶⁾ of *Private Amateur Company* ⁷⁾ bekend. Hulle speel in die "Dutch Theatre" ⁸⁾ in Roelandstraat. Sekretaris van die geselskap is A. VAN BREDA. Hulle eerste advertensie maak waarskynlik — in hierdie geval die woorde "this season" — dat hulle tevore gespeel het.

Onder "Private Theatricals, Notice to Subscribers", word

¹⁾ Laidler, *Annals* ens., bls. 48.

²⁾ *C. Adv.* 20 Sept. '48.

³⁾ *Sien* bls. 441 (?). Vermoedelik 'n professionele geselskap.

⁴⁾ *C. T. Mail* 30 Sept. '48.

⁵⁾ *C. Adv.* 26 Jun.; 7 Aug. '47 e. v.

⁶⁾ *C. Adv.* 15 Sept. '47.

⁷⁾ *Sien* verder.

⁸⁾ *C. Adv.* 18 Sept. '47.

aangekondig ¹⁾ dat "The *First Performance* this Season, will take place On Tuesday . . . 29th Inst. By order of the Directors. A. VAN BREDA, Honorary Secretary."

Die tweede voorstelling vind plaas op Vrydag 13 Augustus ²⁾. Die derde en laaste sou op Woensdag 22 September ³⁾ plaasvind. Die derde was dit, maar nie die laaste nie.

Tenslotte verneem ons nog ⁴⁾: "Last Performance of the Season. On Tuesday 6th inst., The Gentlemen of the 'Private Amateur Company', *by particular desire*, will repeat the Drama of *The Castle Spectre* (LEWIS), after which a Hornpipe and Comic Songs (and) the Farce of *Comfortable Lodgings* (PEAKE)."

Sou die geselskap van Hollandse spelers wat Engelse stukke opvoer en deur GROOM ⁵⁾ voor hierdie tydstip genoem word, dieselfde as hierdie geselskap wees?

Kort na sy aankoms in 1843 sou GROOM 'n vry toegangskaartjie naar 'n Engelse voorstelling in Roelandstraat ontvang het. Hy beskrywe die skouburg en gehoor in gunstige beoording ⁶⁾. Die stukke was *The Miller and His Men* (POCOCK), en 'n klugspel. "The popular musicians, ALIE and JACOB, with assistants, constituted the orchestra and the house was quite full. At length the bell rang, the curtain rose, and some really clever amateurs amongst which such well known names as ROUBAIX, MYNEER (MAYNIER — F. B.), DE WAHL (WAHL of DE WAAL? — F. B.), COMBRINK, etc. appeared, the female parts being taken by youths with suitable voices, as such an occurrence as the appearance of a young Cape Lady on the mimic stage was not for a moment entertained at the period. How very different at the present day!"

Hy beskrywe die feestelikheid van die gebeurtenis ⁷⁾ en vervolg: "At last the mill was blown up in capital style and Grimgriffinhof and his thieving associates put an end to. A very lively farce concluded the evening's entertainment, and everybody departed for home, apparently highly gratified."

3. Parker se Geselskap.

Gedurende 1847 ⁸⁾ het, volgens GROOM ⁹⁾, 'n derde Engelse geselskap in die nuwe skouburg, "Drury Lane Theatre",

¹⁾ *C. Adv.* 26 Jan. '47. ²⁾ *C. Adv.* 7 Aug. '47. ³⁾ *C. Adv.* 15, 18, 22 Sept. '47.

⁴⁾ *C. Adv.* 13, 17, 20 Nov. '47. Ek glo dis dieselfde geselskap al is daar geen melding van v. Breda nie, en al is die kaartjiesverkoop verplaas. Dit kan kom deurdad die voorstelling openbaar is. Speelplek is dieselfde; naam ook eintlik. 'n Moontlike ander geselskap sou in die Hoopstraat-Skouburg speel. Sien bls. 416.

⁵⁾ *C. I. M.* Okt. 1899, bls. 518.

⁶⁾ Sien bls. 485.

⁷⁾ Sien bls. 485.

⁸⁾ Sien bls. 479. „Drury Lane Theatre” was vermoedelik eers laat in 1846 of begin 1847 klaar. Ook direk op hierdie ges. kom die Franse en die was aan die Kaap in 1848. Sien bls. 417 e. v. ⁹⁾ *C. I. M.* Okt. 1899. Bls. 519.

gespeel. Die skouburg "was got up in excellent style, and a season's lease was taken by a Mr. PARKER and a company of English amateurs, among which a Mr. RUSSELL¹⁾, a clerk at THOMSON WATSON'S, with the stage name of HUGHES, was conspicuous for his... comic characters and singing. A very prosperous season followed the opening of this pretty little theatre. A variety of light dramas and farces were produced, such as *Luke the Labourer* (BUCKSTONE), *Victorine* (BUCKSTONE), *The King's Command* (THOMPSON) etc. I have still a bill of the 6th performance... recalling many... delightful recollections."

By hierdie geleentheid — ek gee die inhoud van die handbiljet deur GROOM afgedruk weer — is opgevoer op Woensdag 20 Augustus "the admired historical Drama in 2 acts, entitled *The King's Command*", en "the truly laughable farce in 2 acts, *Damp Beds* (PARRY)." Van beide stukke word die rolbesetting aangegee. Die vernaamste spelers is die here MILLER, ETON, ROGERS, HUGHES, HERBERT, TILBURY, mevv. PARKER en HUGHES, die jonge heer C. HILL. Die eerste stuk word met 'n koor geopen. Die plek waar die stuk speel word aangegee; ook die woorde van die koorsang. Hierby vind 'n "Rustic Ballet Dance" met solo's plaas. Ook die tweede bedryf begin met 'n koorsang. Twee komiese liedere en 'n gewone lied volg hierop as intermezzo. W. F. H. PARKER teken homself „Manager”, en H. HUGHES „Stage Manager”.

Die naam en funksie van PARKER²⁾ laat weinig twyfel oor of die geselskap, gedeeltelik tenminste, professioneel was. Die geselskap sou in 1847 opgetree het, tenminste as GROOM se geheue volkome betroubaar is. Die onthou van die opening van 'n nuwe skouburg met die naam van die eerste geselskap daaraan verbonde, behoort egter maklik te wees, in besonder in diè dae van skaarste. Vas staan, dat PARKER in 1848³⁾ aan die Kaap was met sy bekende "Mechanical Theatre" en meganiese poppe, en daar bestaan 'n flou vermoede dat hy toe in Drury Lane kon gespeel het⁴⁾.

In Januarie 1849⁵⁾ is hy, of in elk geval die geselskap wat ons met hom assosiëer, in Drury-Lane⁶⁾, wat "redecorated and altered" is. Hulle heet die *New English Theatrical Company*, maar behaal nie baie sukses nie. Die geselskap bestaan uit dames- en herespelers. Sir H. SMITH, die Goewerneur, is beskermer daarvan, en "BUXTONE'S (BUCKSTONE)⁷⁾ much admired melo-drama *Luke the Labourer, or The Lost Son*"

1) Sien bls. 494.

3) *C. Adv.* 8 Nov. '48 e. v.

5) *Treble Violl. C. Times* 7 Okt. 1913.

7) Vgl. bls. 420, 429.

2) Sien bls. 231.

4) Sien bls. 424, vtn. 2.

6) Sien bls. 480.

word opgevoer. Die heer RUSSELL ¹⁾ is "acting and stage manager".

Die *Cape Town Mail* het die opvoering baie geprys, maar *Sam Sly* praat van die "exaggerated and false colouring" van hierdie lof. Die Goewerneur was aanwesig, en "Never was an audience more disposed to be amused, but seldom is it that circumstances so combined to prevent it. In the first place there was a disturbance because there was no boxkeeper, secondly the ventilation was abominable, thirdly the acting was not good. No mode of purfling and no embellishments to the house, however perfect and gergeous, will stand in the room of decent acting and proper respect to audience.... January is a season when men make merry with their friends. The premature imbibing had its effects upon the minds and the memory and the manners — and the rest may be easily imagined." Teen die end van die voorstelling, "the manager came forward and apologised." Dat die geselskap hierna verdwyn het, is meer as begryplik ²⁾. Afgesien hiervan hoor ons niks van amateurstoneel uit die burgery hierdie jaar nie. Hiertoe sal die Anti-Bandiete Agitasie sy aandeel bygedra het.

In 1850 hoor ons weer van PARKER, in volle gang met toneel. Op Dinsdag 10 Desember ³⁾ vind in die Hoopstraat-Skouburg, as vierde voorstelling van die seisoen deur die *English Company*, 'n herhaling plaas van "The much-admired melodrama, in three parts, *Victorine's Dream, or The Orphan of Paris* (BUCKSTONE³⁾). The Interlude will consist of several Favorite Songs". Tot slot volg die "amusing farce" *Woman's the Devil*, in 1 Bed., "Characters to be sustained by the Prima Donna of the Garrison Theatre and other favorite Amateurs ⁴⁾. Proprietor Mr. W. F. H. PARKER."

Op Dinsdag 17 Desember ⁵⁾ volg die *Romantic Drama, Matteo Falcone* (naar die FRANS VAN MERIMÉE, vertaal deur WILSON) (and)... some favorite songs, after which Mr. W. F. H. PARKER will introduce..... a variety of *Tricks of Legerdemain*" Tot slot volg 'n herhaling van *Woman's the Devil*.

Begin 1851 ⁶⁾ kondig PARKER aan die inwoners van Kaapstad "and its vicinity", dat hy die Drury Lane Skouburg geneem het, en dat die eerste voorstelling van die seisoen sal plaasvind op Woensdag 12 Maart. Opgevoer sal word

¹⁾ Sien bls. 418.

²⁾ Van mnr. Russell mag ek nog meld dat hy in 1851 in die ou Hoopstraat-Skouburg 'n „Evening of Comicalities" adverteer. Hij kondig ook vier „Evening Concerts" aan. (*Treble Violl. C. Times* 21 Okt. 1913).

³⁾ *Exc. Gaz.* 7 Des. '50.

⁴⁾ Sien bls. 401.

⁵⁾ *Exc. Gaz.* 14 Des. '50.

⁶⁾ *Exc. Gaz.* 8 Maart '51

“the admired Historical Drama, *The King's Command* (THOMPSON), in two acts. The Interlude will consist of *Comic and Sentimental Songs*”. Tot slot volg die “laughable farce” *The Middy Ashore* (BERNARD).

Wat van PARKER hierna geword het, is alles gissing. Ek meen egter die volgende voorstelling aan sy geselskap te kan toeskrywe — met of sonder hom.

Die *English Amateur Company* kondig aan dat hulle deur die kommandant, lt.-kol. COLE goedgunstiglik die gebruik van die Garnisoenskouburg toegestaan is, en dat hulle hul “first representation” ten behoeve van die „Sufferers by the Kaffir War” op Woensdag 3 Desember sal gee ¹⁾. Opgevoer sal word “for the first time here”, *Don Caesar de Bazan, or Love and Honour*, (By B. WEBSTER and DION BOUCICAULT ESQ.). A song by a Lady”. Tot slot volg *Thimble Rig* (BUCKSTONE), “laughable farce”.

Ongetwyfeld het PARKER se geselskap, of ’n gedeelte daarvan, meegehelp by die liefdadigheidsvoorstelling in die Garnisoenskouburg die volgende jaar ²⁾, soos daar trouens van hul kragte uit die garnisoenspelers oorspronklik afkomstig was ³⁾. Dit kan nie bloot toeval wees dat *Don Caesar de Bazan* in 1852 weer opgevoer word nie.

Tenslotte, as PARKER se rekord ⁴⁾ inderdaad is soos hier uiteengesit, val dit op hoe beperk sy repertoire is, hoe hy sekere stukke herhaal. Natuurlik kan dit ook kom deurdat die stukke besonder in die smaak geval het.

In die tweede helfte van 1853 word met voorstelling in die Garnisoenskouburg weer aangevang. Twee groepe neem hieraan deel: amateurs uit die burgery en offisiere van die garnisoen. Die offisiere se bedrywighede is reeds bespreek ⁵⁾. Hier is miskien die beste plek om die ander groep te behandel.

Ek glo ons kan in hierdie groep veral die voortsetting sien van die soewe besproke *English Amateur Company*. Hulle keuse van stukke, hul plek van speel bly dieselfde ⁶⁾. In hierdie geval sou die burgers hul losgemaak het van die offisiere na hul saamspeel in 1852, en elke groep sy eie gang gegaan het. Terselfdertyd is dit bes moontlik dat die geheel of ’n deel van LYCETT se geselskap hulle by hierdie groep gevoeg het ⁷⁾. Die verkoop van kaartjies berus o. a. by die

¹⁾ *Mon.* 29 Nov., 2 Des. '51.

²⁾ Sien bls. 401 e. v.

³⁾ Sien bls. 419.

⁴⁾ Sou Groom hom tog vergis in die datum van Parker se eerste optree? Sien bls. 417.

⁵⁾ Sien bls. 403.

⁶⁾ Wat keuse van stukke betref, vgl. in besonder volgende bls. Ook die verslag. — Hierdie redes is dit wat ewe sterk pleit teen in hierdie groep ’n voortsetting van Lycett se geselskap, in besonder, te sien sien bls. 425.

⁷⁾ Sien bls. 425.

London Hotel van LYCETT en by D. DIX, "Confectioner", voorheen 'n verkoper vir LYCETT. En sou LYCETT se geselskap somar spoorloos verdwyn het?

Die geselskap geniet die "immediate Patronage of Col. PINCKNEY, and the Officers of the 73rd Regt." en open die seisoen op Maandag 3 September.

Hulle voer op "for the first time in this Colony, a very interesting Domestic Drama, by BENJAMIN WEBSTER ESQ.... *The Golden Farmer, or The Last Crime*. After which an *Interlude*. To conclude with a very laughable farce written by the lamented TYRONE POWER... *How to Pay the Rent*. By the kind permission of Col. PINCKNEY, the band of the 73rd Regt. will be in attendance".

Die *Monitor* sê in verband hiermee: "This theatre that has been closed since the series of entertainments were given to aid the funds for relieving the sufferers from the ill-fated *Birkenhead*, will be opened on Monday... While Port-Elizabeth can *build* its theatre, it would be strange if the lovers of the drama could not support one little theatre in this, the City of Cape Town. Col. PINCKNEY has kindly granted the band, It is to be hoped that the *Golden Farmer* will reap a *Golden Harvest*".

'n Uitvoerige verslag volg van die voorstelling¹⁾. Die opening van "this little place of theatrical amusement was looked upon with more than usual interest", as eerste voorstelling sedert die end van die Kafferoorlog. "This occasion created no small sensation in Cape Town, giving an impetus and reaction to the dull monotony of every day life". Saterdag het die eerste aankondiging verskyn. By Maandag reeds was dit 'n ongehoorde feit dat alle kaartjies verkoop was, en dat honderde mense kaartjies gehad het sonder selfs die moontlikheid van sit- of staanplek. Kaartjies is selfs verkoop teen 'n premie van 20 s. Natuurlik was die skouburg propvol, en honderde mense moes by die deure omdraai.

Kol. PINCKNEY, in die "grand stand or omnibus box" en baie offisiere van die aanwesige troepe, ook Indiese besoekers was teenwoordig. Die blaasorkes het met baie "wind and power" hul taak volvoer.

Die *Golden Farmer* (WEBSTER) het baie byval en gelag geniet. Om die intriege weer te gee is onmoontlik. Die *Golden Farmer*, 'n aristokraat soos enige heer, Harry Hammer, 'n dronk afslaer, en Jemmy Twitcher, 'n sakkeroller, was die hoofaantreklikhede in die stuk. Tenslotte word die "Farmer" opgehang.

¹⁾ *Mon.* 10 Sept. '53.

Die interlude het uit 'n Skotse dans, deur twee jonge here RENNIE¹⁾ uitgevoer, bestaan. Hulle het baie toejuiging ontvang.

In die klugspel van POWER (verlore gegaan met die Amerikaanse stoomboot *President*) het dieselfde speler van die *Farmer*, eweneens in die hoofrol, veel meer tot sy reg gekom. Sy teenparty, wat tevore Harry Hammer gespeel het, is ook goed uitgebeel. Beide rolle "were very respectably played."

Die dames se rolle was baie onbeduidend. Wat hul moes doen, het hul egter goed gedoen. Die „Farmer” se vrou was mooi teer. "This lady also sang a ballad, *By the sad sea-waves*, but her voice was drowned by the clarionet with which she was accompanied. Mrs. Conscience.... in the afterpiece was well conceived and well executed."

Wat die stukke self betref, "we must in the most unequivocal manner express our entire disapprobation of such a trashy and dangerous drama as the *Golden Farmer* being enacted not only in this colony but in any part of her Majesty's Dominions — one of the worst specimens of a school known as the JACK SHEPPARD school... and which has happily been suppressed in England by a veto of the dramatic Censor." Ondeug, so aantreklik voorgestel, word in besonder gevaarlik vir die jeug. As sakkerollery moet aangeleer word, laat opleiding daarin gegee word, maar moenie die toneel daarvoor verkrag nie.

Die Engelse letterkunde is groot en ryk genoeg aan behoorlike stukke, stukke van b.v. LEIGH HUNT, JERROLD, SHERIDAN KNOWLES, TALFOURD, BULWER LYTTON e.a., "to hold the mirror up to nature, Showing virtue its own image, and vice its own form" ens.

Sulke stukke "would not only be an intellectual treat, but would materially assist in refining the taste, elevating the mind, and by chasing away the grosser elements of common every day life, train the youth of our colony to become devotees, at the shrine of dramatic and poetic excellence, and lovers of the ideal and beautiful." Die klugspel was vol "wit and Irish humour."

Die aand het gesluit met *God save the Queen*, deur die blaasorkes.

'n Stuk voor haar Majesteit gespeel sal waarskynlik volgende keer aan die beurt kom.

Op die veertiende, sê die skrywer, sal "the Officers of the Garrison" hulle voorstelling gee — 'n finale bewys dat ons met afsonderlike groepe in die Garnisoenskouburg te maak het.

¹⁾ Sien bls. 430.

Op Woensdag 19 Oktober¹⁾ vind plaas die "very interesting Domestic Melo-Drama, in 3 Acts, by J. BALDWIN BUCKSTONE, *Luke the Labourer, or the Lost Son*, after which an Interlude.... To conclude with the laughable farce *Grimshaw, Bagshaw and Bradshaw*" (J. M. MORTON).

Hiervan heet dit, dat²⁾ "the amateurs of Cape Town... drew a crowded audience together. The part of Luke was sustained by one who was evidently an old stager. All the rest of the parts were respectably filled", vooraan wel die van Philip, die matroos. Die intermezzo het bestaan uit viool à la PAGANINI en sang. Die klugspel was as geheel die beste. Oor die damesspelers sal nog geen aanmerking gemaak word nie, "as it appears to have been the débüt of most of them." Met oefening sal hul regkom. Die voorstelling as sulks was 'n sukses.

Inderdaad sodanig was die voorstelling 'n sukses dat dit op Maandag 24 Oktober³⁾ herhaal word met 'n musikale intermezzo; "in consequence of the marked approbation so liberally expressed by the applause of the crowded audience on Wednesday last", soos dit heet.

Wat verder van die geselskap geword het is my onbekend. Verband tussen hulle en die *City Amateur Theatrical Company* van die volgende jaar is uitgeslote⁴⁾.

4. Lycett se Geselskap.

Ons keer terug tot LYCETT en die Hoopstraat-Skouburg. GROOM⁵⁾ vertel van hom: "The arrival... of Mr. JAMES LYCETT and family, in 1848, caused a considerable stir in theatrical circles. A lodge was opened in a large house in Breestreet, which he and his family occupied. He was a very fluent speaker, and a most genial person, so was installed at once as the Noble Grand of the new lodge, which drew together a large number of the tradesmen and workmen of the town as members.'"

LAIDLER⁶⁾ vertel van hom verder: „Mr. LYCETT had been an amateur actor at Stratford-on-Avon, where he imbibed his great love of SHAKESPEARE, a volume of whose works he was never without... Shortly after his arrival he organised a company to perform in aid of the Lodge⁷⁾".

1) *Mon.* 15 Okt. '53. 2) *Mon.* 22 Okt. '53. 3) *Mon.* 22 Okt. '53.

4) *Sien* bls. 426. 5) *C. I. M.* Okt. 1899 bls. 520 e. v.

6) *Annals ens.* bls. 54. Groom sê Lycett het nooit van tevore gespeel nie. Met die oog op Lycett se latere prestasies lyk Laidler se uiteensetting my veel aanneemliker.

7) Steeds bly sy opvoeringe ten gunste van die losie. *Groom C. I. M.* Nov. 1889 bls. 548.

Waar hierdie voorstellinge plaasgevind het word nie vermeld nie. TREBLE VIOLL ¹⁾ vertel egter van *The Private Amateurs* wat in 1848 na die Franse geselskap in Drury-Lane opvoer. Dit lyk my baie of dit LYCETT se geselskap gewees het ²⁾. In diè geval sou LYCETT die skouburg in 1850 vir die tweede keer neem. Dan kan die indruk wat GROOM wek, dat dit die eerste keer was ³⁾, op 'n vergissing berus.

"The next year" sê LAIDLER ⁴⁾, "he (LYCETT) fitted up HAUPT's wine store, 21 Hope Street," en, om met GROOM voort te gaan, "SHAKESPEARE's *Richard the Third* was put into active rehearsal ⁵⁾. The novelty of a five-act tragedy... drew a large audience... and the public of Cape Town were treated to a performance in which the splendour of the dresses, scenery, and the excellence of the acting took them quite by surprise. Mr. LYCETT's Richard was praised on all sides, and the rest of the characters were taken by capable amateurs. In the Company were ADAMS, land surveyor, ... SHAW, watchmaker; BRANNIGAN, Inspector of Police; R. DIVINE; A. BARKER; BEVERN; KIRTON of Mowbray ⁶⁾, an excellent low comedian... The female characters were played by Miss BLAKEMORE, as Lady Anne; Elizabeth, Mrs. BURDETT; Margaret, by a lady friend; but the Duchess of York, in the absence of any more available ladies, by the late Mr. CHARLES SPOLANDER, butcher of Buitengrachtstreet, whose soft voice was just suited to that pathetic character".

Volgens LAIDLER ⁷⁾: "Here was produced *The Bottle* (TAYLOR), founded on Cruikshanks cartoon, in eight tableaux ⁸⁾, and a great many unadvertised plays".

Sy sukses, sê GROOM, het LYCETT moed gegee ⁹⁾ om 'n groter skouburg, die in Drury Lane, te neem. Nog 'n drang, dink LAIDLER, was die vraag naar meer vermaak deur verbygaande goudsoekers naar Australië. In 1850 kry ons 'n paar vaste berigte. "The Amateur Performers of *Richard the Third* (SHAKESPEARE), having completed the splendid New Scenery and finished the stage decorations and arrangements, so as to give the fullest effect to the piece, will positively

¹⁾ *C. Times* 27 Sept. '13.

²⁾ Anders moet dit Parker se geselskap wees. Maar die heet altyd o.a. „English”. Sien bls. 419. ³⁾ Sien bls. 424. ⁴⁾ Id. bls. 54.

⁵⁾ Miskien vergis Groom hom hier insover dat *Richard III* eers in 1850 in die Drury Lane Th. opgevoer is (vgl. Laidler bls. 54), tensy dit herhaal is.

⁶⁾ Sien bls. 493.

⁷⁾ *Annals ens.* bls. 54. Groom sê die stuk is in Drury Lane opgevoer (in 1849 — verkeerdelik) saam met ander stukke wat hy opnoem, en wat werklik in 1850 (sien bls. 425) plaasgevind het.

⁸⁾ „On the evils of drink” - Groom.

⁹⁾ Sien bls. 423—424.

enact the above celebrated Tragedy on Friday evening, July 26th., in Drury Lane Theatre" 1).

Dan word berig: 2) "*Patriotic Freedom!* Is so admirably demonstrated through... the *Swiss* struggle for Liberty in 1307, that the *Amateurs*, who lately performed *Richard the Third*", (hulle naam was goed!), 'n voorstelling sal gee op Vrydag, 6 September met KNOWLES se "celebrated play in Five Acts of *William Tell*, the humble yet illustrious *Swiss Peasant*... one of the most puissant of *Liberty's Champions*; A musical Interlude"; en tot slot, "the very amusing Farce, *The Party Wall*". Die blaasorkes van die 73ste Regiment sal speel uit die Opera van *William Tell* (ROSSINI).

Vervolgens verneem ons van 'n voorstelling op Saterdag, 24 November 3) met: *The Devil's Elixir, or The Shadowless Man* (FITZBALL), "interesting romantic drama, ... with entire new Scenery, Dresses, etc., got up expressly for the occasion and regardless of expense. To be followed by *Two Comic Songs* by an Amateur (his first appearance in Cape Town)." Tenslotte volg die "Laughable Farce *Twice Killed* (OXENFORD)."

Hiermee hou alle vaste berigte omtrent LYCETT tot 1855 op. Stellig kom daar kort. LYCETT het veel meer gedoen. Uit ander bronne verneem ons nog een en ander.

Volgens GROOM het hy in hierdie tyd ook *Pizarro, or The Conquest of Mexico* (bewerking van SHERIDAN?), e. a. stukke gespeel 4).

By die opvoering van genoemde stuk het 'n grappige voorval plaasgevind. Een van die figurante, in volle Indiaanse drag, het onder die spel, bietjie buite gaan loop om rede van die hitte. By sy terugkeer was hy haastig want hy moes direk op die toneel. Hy vergis hom met die deur en kom in die bak i. p. v. in die kleedkamers tereg! Dat die gebeurtenis 'n hele opskudding verwek het, spreek vanself. Die speler moes daarna altyd die bynaam van die "Peruvian in the Pit" verduur.

LAIDLER noem hierdie periode van LYCETT 'n besonder Shakespeareaanse 5). Die lof is oordrewe. Veel meer sou die garnisoen in 1847 dit verdien 6). Eweneens verdien FITZPATRICK kennelik veel meer lof as SHAKESPEARE liefhebber en uitbeelder dan LYCETT 7).

1) *C. Adv.*; *Exc. Gaz.* 24 Jul. '50 onder opskrif "The Drama", sien bls. 424. Reeds in 1849 ook gespeel?

2) *C. Adv.* 4 Sept. '50.

3) *Exc. Gaz.* 27 Nov. '50. Na uitstel van 20 Nov. deur die slegte weer.

4) *C. I. M.* Nov. '99, bls. 548. Hy noem *The Bottle* (Taylor) en *William Tell* (Sh. Knowles) in besonder.

5) Laidler, *Annals* ens., bls. '54.

6) Sien bls. 395 e. v.

7) Sien bls. 397.

Verder sê LAIDLER van LYCETT: "He keenly produced entire plays not single acts, scenes or burlesques, and many of them were conducted in private and without the aid of terminal farces, but those at which the attendance of the public was requested concluded, as of old, with a light piece, and at most regimental bands attended by the permission of the military authorities". Dit kan alles uitkom.

Tot 1855 verneem ons, waarskynlik in grote mate tereg, niks van LYCETT op toneelgebied nie ¹⁾). Trouens PARKER se geselskap is in Drury Lane in 1851 ²⁾). LYCETT was ongeveer 1852 'n hele tyd weg op koperprospekteerdery in Namakwaland ³⁾). Daar was bowendien die Kafferoorlog van 1850—1853 ⁴⁾). Miskien kan daar egter verband bestaan tussen sy geselskap en die *Amateurs of Cape Town* in 1853 ⁵⁾).

Begin 1855 hoor ons van hernude bedrywigheid van LYCETT. Hiervoor verwys ek elders ⁶⁾).

Op hom volg PARRY ⁷⁾).

Voor ek PARRY behandel, wil ek 'n nuwe geselskap, wat in 1854 sy verskyning maak, in beskouing neem.

5. City Amateur Theatrical Society.

"A new company", sê die *Monitor* ⁸⁾), "playing under the title of the *City Amateur Theatrical Society*, has announced their first performance on Wednesday, July 26th at the Dutch Company's Theatre in Bree-street ⁹⁾). The performances to consist of the 3rd act of *Hamlet*, the farce of *A Race for a Dinner* (RODWELL), the burletta of *The Secret* (MORRIS), and to conclude with the burlesque called *Ion*" (TALFOURD).

Dit is baie op sy kerfstok neem, gaan die *Monitor* voort, vir "a Company of amateurs on the first night and we believe their first appearance on the boards", waar selfs ou geselskappe twee stukke meer as genoeg vind. Of dit die gevolg van "an immense amount of courage or a want of professional knowledge" is, sal die toekoms uitwys.

Daar het entoesiasme genoeg bestaan vir die voorstelling. Om in die aanvraag vir loges te voorsien, word "*additional*

¹⁾ Laidler se bewering, dat tot Parry se koms in 1855 (nie 1857 nie, sien bls. 428) Lycett die groot figuur bly, word deur niks gestaaf nie — tensy mens Groom ongekontroleer, en dus verkeerd lees. Intendeel kapt. Hall se geselskap het die leueaandeel van toneel in 1854 (sien bls. 403 e. v.) saam met 'n nuwe Engelse amateursgeselskap (sien bls. 426).

²⁾ Sien bls. 419.

³⁾ Laidler, *Annals* ens., bls. 57.

⁴⁾ Sien bls. 401. ⁵⁾ Sien bls. 420. ⁶⁾ Sien bls. 512.

⁷⁾ Sien bls. 412.

⁸⁾ *Mon.* 15 Jul. '54.

⁹⁾ Vgl. *C. Adv.* 20 Jul. '54. — „Bree-Str. c/o. Dorp-Str”.

reserved seats" ingerig, sodat "only a very limited number of *Pit Seats can be obtained.*" 1).

Die verslag sê: 2) "The two first pieces were tolerably well played, considering the *infancy*, of some of the actors, and the smallness of the theatre, where every defect shows itself... With these disadvantages, therefore, it would be unfair to criticise the performance *on this occasion*. One thing is certain; most of the company require a vast deal of practice and good drilling before they will become good *actors*. On the conclusion of the first piece, *Hamlet* and the *Queen* were honored with a call before the curtain and were loudly applauded. The *Ghost* was called for but he had vanished. The house was well attended, every seat being taken"; maar die grote hitte het sommige gedwing om voor die end van die voorstelling weg te gaan. HOLT's band het Quadrilles e. a. musiek verskaf. Daar was o. a. aanwesig: "some of our foreign consuls, the officers of the 73rd Regt., the *corps dramatique* of the Garrison Theatre and many of the respectable inhabitants of Cape Town and environs". Ander maand vind die volgende voorstelling plaas.

So was dit. Op Maandag 21 Augustus vind dit plaas 3). Die heer J. BOXER teken homself "Director". Die voorstelling is tegelykertyd die laaste 4). Die stukke was die "drama of *The Mendicant* (G. à BECKETT), the comedietta *The First Floor* (COBB), and the farce of *The Secret!* (MORRIS)". Mnr. BOXER het die "'Mendicant' with much propriety" gespeel, hoewel hy nie heeltemal vir die rol gepas het nie. Hy moet 'n rol hê met meer "effective elocution... as he is evidently a good dramatic reader. Mrs. ARLINGTON 5) was efficient as 'Marie'. The other characters were tolerably well sustained. At the conclusion Mr. BOXER was called before the curtain.

In the *First Floor*... 'Tim Tartlett' was very happy and caused much laughter and Mr. ASHLEY was very good as 'Furnish' an upholsterer. The other characters were well sustained and the piece was much applauded. The evening's amusement concluded with *The Secret*, in which Moses and Mr. and Mrs. Dupais were as much applauded as in the first representation. The house was tolerably well attended." Meer verneem ons nie van die geselskap nie.

Sou hierdie geselskap nog 'n vrug wees van T. P. HILL se werk, wat omstreeks 1850 so baie moeite gedoen het om die voordragkuns en welsprekendheid te bevorder? 6)

1) *C. Adv.* 20 Jul. '54. 2) *Mon.* 29 Jul. '54. 3) *C. Adv.* 8, 15, 17, 19, 26 Aug. '54. Na uitstel van Woensdag 9 Aug. en Vrydag 18 Aug. weens siekte van een van die spelers. 4) *C. Adv.* 26 Aug. '54. 5) *Sien.* bls. 398. Gewoonlik van Garnisoensges.

6) Vgl. bls. 440 e.v. Boxer se *forte* is "elocution" en "dramatic reading".

6. Parry se Geselskap.

Ek keer tot PARRY terug. In Junie 1855 ¹⁾ word aangekondig dat "*Mr. Sefton Parry, Comedian, En route to England from Australia*", één dramatiese voorstelling op Woensdag, 13 Junie sal gee, "in the *Commercial Rooms*, which will be fitted up... as an *Elegant Drawing Room Theatre*... as at the *Reuben's Room at Windsor Castle*". Opgevoer word "DION BOUCICAULT'S Exquisite Comedy, (as performed before Her Majesty at Windsor) in Two Acts, *Used Up, or The Peer and the Ploughboy*"; 'n "Musical Interlude" volg, en tenslotte *Family Fars* (LUNN), "screaming farce in Two Acts." PARRY speel die hoofrolle. "Other characters by the Gentlemen Amateurs" — stellig LYCETT se garnisoensgeselskap ²⁾.

Die koerant vermeld dat PARRY met die *Pacific* aangekom het. In Australië moes hy "*golden opinions*" orals verwerf het, sowel as "some of the previous metal". Australiese koerante prys hom hemelhoog. Hy is "without a rival... original, great and excentric", ens. Sels presentasies het hom te beurt geval: 100 ghienies in Geelong; goue horlosie en ketting in Melbourne, ens. Stellig sal hy groot sukses in Kaapstad hê. 'n Geweldig uitgebreide verslag volg van PARRY se voorstelling in die *Monitor* ³⁾.

Mnr. PARRY is nie 'n man van "luck or genius" nie, maar van gelukkige genie! "Mr. PARRY can hold the mirror up to nature... he has the genius to make us laugh... and we do so love laughing."

Die gebrek aan 'n skouburg is reeds lang gevoel aan die Kaap. Met die Garnisoenskouburg was daar altyd moeilikhede. In 'n paar uur het PARRY die saak opgelos deur die "large room" van die Beurs in te rig, veel smaakliker as ooit die Garnisoenskouburg was. "The old receptacle for littery newspaper", is verander in "a complete and elegant little theatre... (with) 350 seats laid out... (and) large enough for all ordinary purposes".

Used Up is 'n verhaal van 'n baronet, volkome blasé, wat van alles vind dat daar "nothing in it" is. As hy besluit om die eerste die beste vrou tot huwelik te vra, kom daar verwikkelinge, veral met 'n smid en sy vrou. Hy reken selfs hy is skuldig aan moord op die smid en word "ploughboy" by 'n goeie ou vriendin. Tenslotte vind hy hierdeur sy ware liefde en geluk.

PARRY was uitstekend as die blasé, maar beskaafde baronet.

¹⁾ *Mon.* 2, 13 Jun. '55. — Ook *Edit.*; *C. Adv.* 12 Jun. '55. Groot advertensie!

²⁾ Sien bls. 412.

³⁾ 16 Jun. '55.

Hy was nie oordrewe nie. Ook die smid, 'n amateur, was baie goed. Die twee vrouens was dit eweneens; die ander spelers was minder. Maar hul word vergewe omdat hul amateurs is.

Family Fars was inderdaad 'n lagstuk. Die gehoor het "almost immoderately" geskater. Dis 'n geval van twee vaders, baas en kneg, en van hulle twee seuns. Beide pare is kop in een mus. Die vaders het huweliksplanne vir die seuns, maar — die seuns het reeds hul eie planne uitgevoer. Om die verskillende bedoelinge en voldonge feite in ooreenstemming te bring, word 'n hele toer. By die seun van die baas luk dit; by die ander seun, wat 'n slet getrou het, nie!

Dawerende applous het op die stuk gevolg. PARRY is voor die gordyn geroep ens. en het 'n "unmistakeable welcome" geniet.

Ook die *Commercial Advertiser*¹⁾ wy sy aandag aan PARRY, hoewel korter en nugterder as die *Monitor*. PARRY sou 'n paar jaar gelede "one of the leading attractions of Barnum's Museum, in New York" gewees het. Volgens Australiese koerante sou hy "the most successful star that has visited the Colonies" wees.

By die voorstelling was 'n groot gehoor aanwesig. Die stukke was niks besonders nie, maar bevat grappige situasies. PARRY se humor is meer "broad", die BUCKSTONE-rigting, as fyn, die Matthews-rigting. Hy was dus nie te tuis in sy rol as die baronet nie. Die krietikus sal die amateurs nie te hard val nie. Hulle tyd vir voorbereiding was kort. Tog was Ironbrace, die smid, so goed as maar kan.

Wat betref *Family Fars* (LUNN) se besondere grappigheid, sê die *Commercial Advertiser* dieselfde as die *Monitor*. Hierin was PARRY volkome in sy element en is voor die gordyn geroep, ens. Oponthoude sal nie weer voorkom nie; die tyd was baie kort om alles in die haak te kry. "The stage was neatly got-up.... The well-known Malay Band performed admirably". Die engelebak was nie altyd tevrede met die amateurs nie, "but the gods are selfish".

Die sukses van hierdie voorstelling laat PARRY besluit om nog twee voorstellinge in 'n reeks van drie te gee. Hy bly voortspeel in die "Drawing Room Theatre". Op Dinsdag 12 Junie²⁾ volg CHARLES MATTHEW(S)' amusing comedy of *Little Toddlekens*... A musical Interlude... To conclude with the very laughable farce of *Seeing Parry*".

Die karakters word aangegee. Alleen PARRY word genoem,

¹⁾ 12, 16 Junie 1855.

²⁾ Mon. 16 Jun.; C. Adv. 16, 18 Jun. '55.

wat betref rolbesetting. Hy speel die vernaamste rolle. Die karakter aanduiding is soms taamlik volledig. So, in die klugspel, "John Downey, A Policeman, addicted to Servant-Maids, Cold Meat and Sherry, and on a cold night, with a slight weakness for the Kitchen, . . . Mr. SEFTON PARRY".

Die ander persone word in volgorde aangegee, ieder met sy besondere "weakness".

In sy keuse van eerste stuk, MATTHEWS, het PARRY. — wyse man! — blykbaar die wenk van die *Commercial Advertiser* ter harte geneem! Die voorstelling het 'n vol huis gehad ¹⁾. Die Toddlekens het baie vermaak verskaf. Die amateurs het veel verbeter. Kritiek op die herespelers is miskien voorbarig; hulle speel nog so kort. Miskien verdien ou mnr. Babbicombe die meeste lof soos ook die gehoor laat blyk het; hoewel ook die ander byval geniet het. PARRY was bewonderenswaardig. Die gehoor was geesdriftig gedurende die hele voorstelling. Wat die volgende voorstelling betref: "The pieces chosen . . . are of a much higher character".

Die *Commercial Advertiser* ²⁾ sê dat die saal gevul, maar nie so vol soos die vorige keer was nie. Die spel word geprys; ook die amateurs is "wonderfully improved." Maar die stukke was te onbeduidend, ook vir die talent van PARRY. Dan was daar te veel van één soort vir een aand. "Young RENNIE ³⁾" het 'n "Highland Fling" gedans; mnr. HOLT se musiekkorps het mooi gespeel. PARRY se impersonasies was baie suksesvol. Die gehoor was hoogstevrede.

Die laaste voorstelling ⁴⁾ word aangekondig vir Maandag 2 Julie, "when Mr. PARRY will appear in three of his best characters". Die stukke is "the elegant Play of *Delicate Ground, in (or) Paris in 1770 (1793) (DANCE)*. . . The effecting Petite Drama of *Monsieur Jacques (BARNETT)*. . . The amusing farce of *Domestic Economy (LEMON)*". Tiespies vir die aard van hierdie stukke van "duologue character" sê GROOM ⁵⁾, is dat PARRY "Citizen Sangfroid; M. Jacques — (an old French Composer); John Grumley — (a labourer inclined to find fault" respektieflik speel.

Die *Monitor* beveel die voorstelling aan as volg ⁶⁾: "PARRY's humorous acting it irresistible, . . . the pieces chosen are unexceptionable, . . . an evening's real unrestrained enjoyment. *Monsieur Jacques* is one of the finest written pieces ever produced". Origens in *Monsieur Jacques*, 'n „treurige" stuk, het PARRY alweer die wenk van die *Commercial Advertiser* ter harte geneem.

Mnr. PARRY het 'n vol huis gehad, sê die *Monitor* ⁷⁾. Hy

¹⁾ *Mon.* 23 Jun. '55.

²⁾ 21 Jun. '55.

³⁾ Vgl. bls. 422.

⁴⁾ *Mon.* 23, 27, 30 Jun. '55.

⁵⁾ *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 549.

⁶⁾ *Mon.* 30 Jun. '53.

⁷⁾ *Mon.* 4 Jul. '55; vgl. *C. Adv.* 5 Jul. '55.

“improves on acquaintance”; het baie applous geniet; M. Jacques was an admirable piece of acting, . . . to the life. Mr. PARRY's own dressing and acting cannot be too highly praised”, hoewel die amateurs bietjie kort geskiet het. Maar “making the proper allowance for amateurs, they are entitled to general commendation and something more . . . On the whole it was well played.” Of was die „poor poet” bietjie te ryk aangetrek?

Na die tweede stuk het PARRY die gehoor bedank vir hulle ondersteuning. As sy boot naar Engeland, deur enige opont-houd, hom in die geleentheid stel, sal hy probeer om weer voor hul op te tree. Verder “in about seven or eight months ¹⁾ he should come again to the Cape, on his way to India, with a Company of first-rate performers, and would then solicit their kind patronage.” Die amateurs, sê die koerant, is reeds baie verbeter. Dit hoop, dat hul sorg sal dra dat die publiek geen gebrek aan vermaak in die toekoms ly nie.

PARRY se boot het hom inderdaad in staat gestel om nog 'n paar voorstellinge te gee.

Eerstens word 'n benefiese vir J. R. TAYLOR op Maandag 9 Julie ²⁾ aangekondig. Die “much admired” *Monsieur Jacques* (BARNETT) sal herhaal word, ook *Used up ens.* (BOUCICAULT) Tussenin vind “a characteristic Dance” plaas.

Uit 'n aanbeveling van die *Monitor* leer ons TAYLOR ken as PARRY se impresario aan die Kaap. Hy is die man “to whom the public are indebted for . . . witnessing Mr. PARRY's performances, and for (their) excellent arrangements.” Ook, “that great era in Cape Theatricals, the week with Mr. GUSTAVUS BROOKE ³⁾, originated with Mr. TAYLOR, who . . . mainly assisted in rendering it complete.” Hy verdien dus 'n “bumper benefit.” PARRY tree bowendien in twee gedenkwaardige rolle op. “We are glad to find that Mr. PARRY is not to leave quite so soon as he anticipated.”

Die voorstelling word egter uitgestel ⁴⁾ “in order that (that) announced for the benefit of the Patriotic Fund ⁵⁾ may take place previous to the departure of the Governor for the frontier. H. E. . . . ⁶⁾ patronizes . . . There is to be a crowded house.” Die stukke is uitstekend; die motief goed; die opvoering aantreklik. Mnr. TAYLOR se benefiese sal volg. Hierdie voorstelling vind plaas op Vrydag 13 Julie ⁷⁾. Opge-

¹⁾ Dit word 1857 voor hy terugkeer. *Groom, C. I. M.* Nov. 1899, bls. 550.

²⁾ *Mon.* 7 Jul. '55. Volgens *Groom C. I. M.* Nov. 1899, bls. 550, was Taylor ook 'n vooraanstaande amateur.

³⁾ Sien bls. 411.

⁴⁾ *Mon.* 11 Jul. '55. (Edit.); *C. Adv.* 10, 12 Jul. '55 (Edit.).

⁵⁾ Sien bls. 412, 461. ⁶⁾ Sir George Grey. — *Adv. Mon.* 11 Jul.

⁷⁾ *Mon.* 11 Jul.; *C. Adv.* 12 Jul. '55.

voer word: "The petite comedy of *A Capital Match* (J. M. MORTON)... *Monsieur Jacques* (BARNETT), (second and last time) ..; the Laughable Farce of the *Cockney in Corsica*"¹⁾. Die persone van die stuk word aangegee. PARRY, soos gewoonlik die enigste speler wat genoem word, speel die drie vernaamste rolle.

Die voorstelling het met geweldig "éclat" plaats gevind²⁾, temeer deur die aankoms van die *Fiery Cross*, wat goeie nuus van die Krim gebring het. Die stad het patriotieser as ooit gevoel en die huis was propvol. Dit was 'n waardige ondersteuning van PARRY se mooi aanbod tot ondersteuning van Engeland se dappere verdedigers in die Krim. Van hoog tot laag was aanwesig, hoewel die Goewerneur self nie kon kom nie. Maar "Government House" was goed verteenwoordig. Baie "red jackets" (soldate) was te sien en "the house looked as gay as could be wished.

A Capital Match went off smartly, Mr. PARRY was inimitable". Die gehoor het baie gelag. Capt. Tempest is baie goed gespeel deur 'n amateur wat blykbaar sy rol goed geleer het. Rosamond was heeltemal 'n gunsteling voor die stuk verby was. Haar lag was aansteeklik. Mrs. Singleton was ook uitstekend.

In *Monsieur Jacques* het PARRY 'n kans gehad "of evincing his ability for a much higher class of acting". Hy het die moeilike rol "with much truthfulness" uitgebeel. Sequence was baie natuurlik; Vivid, "as visionary as poets usually are", en in dieselfde mate simpatiek; Mina het gespeel en gesing, "much better than could have been anticipated"; Antonio het sy bietjie goed gedaan.

Mr. PARRY is voor die gordyn geroep en het baie toejuiging ontvang. Hy het sy gehoor bedank en gesê, dat hy reken om 'n goeie som aan die fonds te kan gee.

Inderdaad PARRY het £ .60 aan die fonds kon gee. Die *Monitor*³⁾ betuig hom alle dank daarvoor en spreek die hoop uit, dat PARRY nog 'n afskeidsvoorstelling sal gee. "It is so seldom that we get a theatrical performance at the Cape."

Hierdie afskeidsvoorstelling het plaasgevind op Donderdag 26 Julie⁴⁾. Van enige verband met die uitstaande benefiese vir Taylor verneem ons niks nie.

PARRY verskyn in "three new and favorite characters, being positively the last time." Die stukke is "the amusing comedy of *A Phenomenon in a Smock Frock* (Brough)... The laugh-

1) Miskien die *Cockneys in California*, Ks. deur French.

2) *Mon.* 14 Jul. '55.

3) 18 Jul. 1855.

4) Britse wapen op adv. *Mon.* 21, 23 Jul. '55; *C. Adv.* 24, 26 Jul. '55. Na uitstel van 25 Jul. weëns ongesteldheid van Parry.

able farce of *The Lottery Ticket* (Beazley).. To conclude with the screaming Burlesque in Two Acts, new Scenery, Dresses and Decorations, *Buried Alive, or The Visit to Japan* (M'PHERSON). PARRY vervul die hoofrolle; hy sing ook.

Die *Monitor* beveel die voorstelling sterk aan¹⁾. Die stukke is uitstekend gekies. PARRY sal ongetwyfeld mooi sing. Hy verdien 'n hartlike afskeid.

So was dit ook, getuig die verslag²⁾. Die aand was in alle opsigte bevredigend "to the utmost extent... The gods were... in a most extatic mood... and were present in greater numbers than on any previous occasion". Die bak van die huis was selfs voller as by geleentheid van die voorstelling van die "Patriotic Fund." Die eerste stuk het uitstekend afgeloop, maar die laaste twee het die gehoor meeste geniet... As Wormwood, (in *The Lottery Ticket*), 'n verwrongene naar gees en liggaam, het PARRY die huis deur sy „miserabelheid" aan die lag gehou. Die amateurs, dames en here, het hom goed bygestaan. Die tiepering was goed; die stuk lewendig voorgestel; ieder het loon naar verdienste ontvang. Onder baie toejuiging is PARRY voor die gordyn geroep, en sy verklaring dat hy sal terugkeer, is met nog meer toejuiging ontvang.

Die laaste stuk *The Illustrious Stranger* (KENNEY en MILLINGEN) (*Buried Alive* word bedoel³⁾), "was got up in a very superior manner." Almal was goed; sommige, veral die dames, het hul selfs oortref. "Mr. PARRY was inimitable."

Die stukke het vlot van stapel geloop; die gehoor het hul baie vermaak.

Die blad vertel tenslotte dat PARRY se bewonderaars hom 'n silwer inkstel aangebied het. Die Goewerneur het hom 'n passende bedanking vir sy bydrae tot die fonds laat toekom. "Mr. PARRY'S return will be hailed with gratification, let it occur when it may, and he will always find a welcome from the playgoers at the Cape."

Ook die *Commercial Advertiser*⁴⁾ sê, dat die huis byna "inconveniently crowded" was. PARRY het dwarsdeur die opvoering toejuiging ontvang. Wormwood was "a comical Uriah Heep". Die amateurs het baie verdienstelik gespeel.

Hiermee eindig PARRY se eerste periode aan die Kaap. Dis duidelik dat hy baie in die smaak geval, en 'n besonder

¹⁾ *Mon.* 21 Jul. '55.

²⁾ *Mon.* 28 Jul. '55.

³⁾ So noem die verslaggewer dit. Blykbaar verwar hy *Buried alive* ens., met *The Illustrious Stranger*, waarvan die sub-titel lui *Married and Buried*.

⁴⁾ 28 Jul. '55.

gunstige indruk gemaak het. Elders word dit tenvolle bevestig ¹⁾.

Hy kom terug, maar op 'n heeltemal ander voet. Hier is sy geselskap nog tydelik en semi-professioneel. In die volgende periode is dit gevestig en oorwegend beroepstoneel. Met PARRY begin, in sy tweede periode, die vaste tradisie van Engelse beroepstoneel aan die Kaap. Dan is dit definitief met die oorheersing van amateurstoneel gedaan. Die beroepstoneel word voortaan die belangrikste faktor beide wat betref die Engelse toneel in besonder en die Kaapse in die algemeen. Die Hollandse toneel bly liefhebbery, maar word, wat betref sy betekenis vir die grote publiek, deur die Engelse heeltemal oorvleuel. Intussen val daar enkel ander dinge om op toneelgebied te vermeld.

c. Beroepstoneel.

Gedurende 1840²⁾ en 1841³⁾ hoor ons, wat suiwer toneel betref, alleen van „ASTLEY'S Theatre” aan die Kaap. Dit was 'n beroepsonderneming, waarskynlik gemeng met sirkuselemente ⁴⁾, laasgenoemde op die voorgrond. Die Musiekgeselskap *Harmonie en Eendragt* verleen hul medewerking daaraan in 1840.

In November 1847⁵⁾ het sekere „Italiaansche Circus” van die here SEVERO en DALLE CASE, van wie DALLE CASE die vernaamste skyn te wees, hulle verskyning in Buitenkantstraat, Kaapstad, gemaak. Hulle geniet die patronasie van aansienlike mense, soos kol. CLOETE en die vrou van die Goewerneur. Die voorstellinge vind smiddags laat plaas; die pryse is aanvanklik nie gering nie ⁶⁾. Die militêre blaasorkes verleen hul medewerking. Dans, rykuns, ens. word beoefen. Van besonder belang vir ons is die pantomiems wat voorgestel word; meer nog die toneelgeselskap wat hom spoedig van die sirkus losmaak.

Wat pantomiems betref, noem ek die volgende: die „laughable Pantomimes” van *The Cooper of Venice, or The Interrupted Supper; Harlequin; Barbier de Seville; The Mock*

¹⁾ Groom. *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 599. Laidler, *Annals* ens. bls. 59 e. v. ²⁾ *C. Adv.* 4 Jan. '40.

³⁾ *C. Adv.* 6 Maart 1841. „At Mr. Andrew's Eating House”, van wie ook verversinge te bekome is.

⁴⁾ *C. T. Mail* 22 Jan. '48. „Astley's Theatre”, 'n beroemde sirkus in Engeland. Vgl. bls. 227.

⁵⁾ *C. Adv.* 3 Nov. '44 e. v.

⁶⁾ 8/-, 6/-, 4/-. Dit verminder spoedig, b.v. 6 Nov. 6/-, 4/-, 3/- en 5 Jan. '48, 4/-, 2/- en 1/-.

Statue, or The Old Man Deceived; Baking and Roasting without Fire, "burlesque Pantomime never before acted here."

Reeds in Februarie 1848 spat die bondgenote uitmekaar. Op 9 Februarie ¹⁾ vind die laaste voorstelling van die Italiaanse Sirkus plaas.

Signor SEVERO gaan met 'n "African Circus" voort tot Oktober ²⁾; Signor DALLE CASE begin klaarblyklik naas sy sirkus ³⁾ met 'n Franse toneelgeselskap.

Vir Maandag 14 Februarie 1848 ⁴⁾ word 'n „Grootte Dramatische Vertooning, onder de uitstekende ⁵⁾ Patronage van Lady SMITH, Gedirigeerd door Signor DALLE CASE, en de Fransche Dramatische Artisten, juist van Mauritius aangekomen,.. aan den Schouwborg, Hoopstraat, welke opzettelyk voor de gelegenheid toegeschikt is", aangekondig. Die name van die geselskap is: "Monsieur VICTOR, eerste Comediant van den Koninklyken Schouwborg Bruxel, Monsieur CROSSET, eerste vocale acteur in Tenor (CARITAN et MARTIN) van den Schouwborg, Mauritius. Madame VICTOR, pupil van de Koninklyke Akademie van Parys, Balletmeester en eerste Danzer, Madame CROSSET, van den Koninklyken Schouwborg, Bruxel, en Mademoiselle GABRIELLE, eerste zangeres van den Koninklyken Schouwborg, Bruxel".

Eerste op die program staan 'n „Grootze Muzykale Interludium". Dit bestaan uit arias deur M. CROSSET, danse deur Mme. MONTASUS en M. HUS, en uit „De Twee Savoyanen (Kluchtig toneel) door M. VICTOR en M. CROSSET."

Hierop volg „Grootte Kluchtig Ballet genaamd *De Gelukkige Man, of De Ontmoeting in het Donker*", 'n landelike stuk. Die volle rolbesetting word aangegee. Ook Mme. DALLE CASE en Mlle. EMILIA neem deel. Dis dans van begin tot end.

Die *Zuid-Afrikaan* beveel die geselskap aan. Hulle het pas aangekom. Signor DALLE CASE het homself van hulle dienste verseker, „tegen eenen ontzaggelyken prys". Verder haal die blad *Sam Sly* aan. Daarvolgens sou Signor DALLE CASE verseker het dat sulke vertoninge nog nooit in Kaapstad gesien is nie. Mnr. VICTOR bring getuigskrifte omtrent „zyne bekwaamheden en fatsoenlykheid" van S. K. H. Prins ALBERT self!

Die *Zuid-Afrikaan* hoop saam met *Sam Sly* dat 'n groot

¹⁾ *C. Adv.* Tenminste gesamentlik. Dit lyk of Dalle Case naas sy toneelbedryf (sien verder) nog voortgaan daarmee. *C. Adv.* 23 Febr.

²⁾ *C. Adv.* 8 Maart '48 e. v. o. a. "Candle light' performances." 18 Okt '48 laaste voorstelling "prior to his departure for Rio de Janeiro". Hy was ook op Stellenbosch. *C. Adv.* 6 Sept.

³⁾ sien bls. 435, Vtn. 1).

⁴⁾ *Z. A.* 14 Febr. '48.

⁵⁾ Die vertaling uit Engels is duidelik!

gehoor die geselskap sal ondersteun en help om hul onkoste te bestry.

'n Engelse verslag¹⁾ oor die voorstelling vind dit uiters betreurenswaardig dat DALLE CASE nie 'n geskikter ruimte daarvoor uitgesoek het nie. Die dans was werklik goed. Die corps de ballet was baie gevariëerd en sierlik. In die sang-gedeelte was die klein beperkte lokaaltjie pynlik onvoldoende vir die mooi manlike stemme van die here CROSSET en VICTOR, afgesien van die begeleiding "with instrumental discord of the most barbarous character". Mnr. DALLE CASE sou goed doen om beter in die toekoms te sorg vir die gerief van sy gehoor en die talente van sy spelers.

Geen bemoedigende begin nie!

By die volgende voorstelling²⁾ is die skouburg van die „Fransch Corps Dramatique" verdoop tot „Sans Souci Theatre". Sou dit optimisme of ironie wees?

Die voorstelling vind plaas op Donderdag 24 Februarie³⁾ met "A Vaudeville *The Resources of Jonatha(s), or the Two Masters and one Valet*" (SCRIBE). Die rolbesetting word aangegee. 'n "Musical Interlude and Dance" volg met allerlei sang- en dansnummers, o.a. met 'n Engelse matrosehorrelpyp deur mnr. HUS; komiese liedere word in kostuum gesing. 'n "Grand Pantomime of *Running Mad Through Love*," volg. Tot slot vind 'n „Pas de Deux" van mnr. HUS en mev. MONTASUS plaas. "The valuable services of Mr. SCHOLTZ as *Leader of the Amateurs Band*" is verkry.

Die klagtes oor die Hoopstraat-Skouburg het blykbaar hul uitwerking gehad. Die volgende drie voorstellinge vind plaas in die Garnisoenskouburg. Alleen die derde hiervan op Maandag 13 Maart, word vermeld⁴⁾. Van hierdie gebrek aan vermelding sal "hand bills" die skuld wees⁵⁾. Die voorstelling staan onder beskerming van goewerneur en lady SMITH. Daar word opgevoer "the much-admired vaudeville *The Art of Avoiding to do Military Duty*, in which Mons. VICTOR, the unrivalled Comic Actor, changes Parts and Dress, in Four Different Characters".

Die spelers van die ander rolle word opgenoem. Daarna kom 'n "Grand Interlude of Music and Dancing". Selfs die ou sirkuselemente kom voor die dag. Mev. DALLE CASE en mej. EMILIA dans koordanse! Op besondere versoek sing die heer RUSSEL¹⁾ mee. Die kleine HAMOY vermaak die publiek.

¹⁾ *C. T. Mail* 16 Febr. '48.

²⁾ *C. Adv.* 16 Febr. '48.

³⁾ *C. Adv.* 23 Febr. Na uitstel van 17 Febr.

⁴⁾ *C. Adv.*, 8 Maart '48. Na uitstel van 10 Maart „V.R." Met Britse wapen bo-op adv., ook in vervolg.

⁵⁾ *C. Adv.* 8 Maart '48.

⁶⁾ Sien bls. 494.

Daar word gegee "a splendid Representation of Figures of the Ancient Romans (according to academic sculpture)", in sewe tablo's b.v. *Romulus en Regulus (Remus? — F. B.) Apollon, Mercury*, en, tussen al die klassieke groothede in — *Solomon's Judgment!*

Tenslotte volg "the laughable Comic Ballet, *A Visit to the Military Prison... assisted by the Military*", en "*An English Dance!!!*"

Signor DALLE CASE bedank hierop¹⁾ baie hartelik die "Nobility, Gentry and generous Public" van Kaapstad, "especially the Military Authorities for their so kindly granting the use of the Garrison Theatre for three successive Performances and for their liberal encouragement". Op Maandag 20 Maart vind die volgende voorstelling plaas in die Hoopstraat-Skouburg, "which has been fitted up with due attention to the comfort of the Audeance (sic. — F. B.)" onder die gewone patronasie. Die program bestaan uit "the much-admired Vaudeville *The Lying Valet, or The Masters Deceived*" (GARRICK). Die spelers word aangegee. 'n "Groot Intermezzo van Muziek en Dans" volg, bestaande uit sang, komies en andersins, o.a. van 'n amateur; en afsonderlike danse o.a. 'n "Sailor's Hornpipe in Fetters", deur W. COLE. Tenslotte volg "the Comic Ballet *The Family of the Pierrotts*" en "A Comic Minuet".

DALLE CASE²⁾ se onderneming het geen sukses, tenminste finansiëel, gehad nie.

Onder 25 Maart³⁾ verskyn 'n berig, onder die hoof „Theatre de L'Union," en onderteken deur L. VICTOR, C. CROSSET en X. HUS: "We beg leave to announce... that in consequence of Mr. DALLE CASE not fulfilling his written engagements, we have formed ourselves into a (French) Theatrical Company under the motto *L'Union*". Hulle doen 'n beroep op die ondersteuning van die publiek van Kaapstad en omgewing. Hulle sal alles in hul vermoë doen om genoegdoening te verskaf. Enkele amateurs het medewerking beloof. Binne 'n paar dae sal 'n intekenlys vir tien voorstellinge geopen word, "the conditions of which will be clearly stated, and everything advertised will be performed". — Kommentaar op voorafgaande voorstellinge is oorbodig!

Onderwyl die "new Theatre" ingerig word, word 'n groot voorstelling onder patronasie en in aanwesigheid van die

1) *C. T. Mail*. 18 Maart '48.

2) Dalle Case moet hierna die binnelande ingetrek het. Eind 1850 is Signora Dalle Case met Noble se sirkus terug van die „Frontiers" aan die Kaap (*C. Adv.* 18 Des. '50). In 1852 is Signora Dalle Case in Natal terug van die binnelande met allerlei wilde diere ens. *Z. A.* 20 Mei '52.

3) *C. Adv.* '48.

Goewerneur en vrou in die Garnisoenskouburg gegee. Dit vind plaas op Vrydag 31 Maart¹⁾, en bestaan uit *Les Ressources de Jonathas*, Vaudeville in 1 Bed. deur SCRIBE, waarby die rolbesetting aangegee word; "Groot Intermezzo met Zang en Dans", waaraan amateurs o.a. sekere mnr. GALE deelneem; *The Last Night of André Chenier*, "tragic scene by VICTOR HUGO"; weer sang en dans; Finale, *Rule Britannia*, in Frans deur CROSSET en VICTOR.

Die amateurs volgens *Sam Sly* "only acted as a foil to the professionals. For such is the difference between practise and study"²⁾.

Vir Vrydag 26 April³⁾ word weer 'n voorstelling in die Garnisoenskouburg aangekondig onder patronasie en met aanwesigheid van Goewerneur ens. "Several Cape children will perform Dancing". Verder word verwys naar handbiljette, by DE LIMA verkrybaar.

Wat betref die kinders, vertel TREBLE VIOLL⁴⁾ dat "two wonderful children under 10 years of age danced a polka and were carried into the box to be introduced to Sir HARRY and Lady SMITH". — Hulle dans nog meermale.

Die plan vir tien voorstellinge is blykbaar intussen laat vaar. 'n Lys vir ses word geopen⁵⁾ en "being numerously signed already", word die eerste voorstelling binne veertien dae en onder patronasie van die Goewerneur aangekondig „in a newly built Theatre, just finished and fitted up and decorated with due regard to comfort. As each Performance will be varied, and the latest songs and modern European Dances introduced", sal die intekenaars weinig tot hul vermaak nagelaat vind.

Bo-op die berig sit die geselskap *Theatre de L'Union*, maar al gou heet dit weer Drury Lane Skouburg⁶⁾.

Die eerste voorstelling word aangekondig vir Woensdag 14 Junie, maar die skouburg wou maar nie klaar kom nie. Die voorstelling word verskuif tot 16 Junie, dan „positively” net tot 19 Junie, maar volgens TREBLE VIOLL het dit eers 22 Junie plaasgevind⁷⁾, ten koste van die aanwesigheid van die Goewerneur en vrou. Intekenaars mag hul eie plekke uitsoek.

¹⁾ *C. Adv.* 29 Maart '48.

²⁾ Treble Violl - *C. Times* 23 Sept. 1913.

³⁾ *C. Adv.* 26 Aug. '48.

⁴⁾ *C. Times* 21 Jul. 1913.

⁵⁾ *C. Adv.* 24, 27 Mei '48.

⁶⁾ *C. Adv.* 24 Mei, 14 Jun. '48, en sien bls. 479.

⁷⁾ *C. Adv.* 14 Jun., *Z. A.* 12 Jun., *C. T. Mail* 17 Jun. '48, Treble Violl, *C. Times* 27 Sept 1913.

Van hierdie voorstellinge sê GROOM¹⁾, dat "they drew very good houses. Though the light trifles produced were in French, the action of the actors and actresses was so good that the Cape audience could easily follow the plot of the pieces which were interspersed with lively songs. On the occasions mentioned our old friend SUASSO DE LIMA acted as 'Souffleur', or prompter, and a central box in continental style was erected in the centre of the stage for his use."

Ook TREBLE VIOLL²⁾ deel een en ander mee. Polkas en walse was baie populêr toe³⁾. Mnr. Hus was die groot dansmeester⁴⁾. Wat betref die Drury Lane Skouburg, waar voorheen "the goat nibbled on the bare surface and pedestrians had to walk over a mere plank, there was a stone bridge, an Aliwal Inn for the thirsty, quite a little colony of small shops and in the midst of these the theatre, which though small, in size, was fitted in a manner that aroused much admiration. There was however little novelty otherwise, as the French Company only repeated former successes. Still most of the actors had a graceful style, which was more and more appreciated, and so 'Young Drury', as it was called, made a most successful bid for favour. The six performances were apparently well supported during the winter months, and then sad to say, little more is heard of the French Company, except for (an) occasional... benefit concert. Poor M. CROSSET, after a serious illness, gave a concert in the Commercial Exchange Rooms, but with little success. And so the French Company slowly faded away."

So was dit. Op 15 Augustus⁵⁾ en 11 September⁶⁾ (in die laaste geval onder patronasie van Vrymesselaars) gee die Franse geselskap konserte. CROSSET se konsert, eers aangekondig vir 5 September⁷⁾, vind tenslotte op 25 September plaas, deurdat hy siek geword het.

Vir die grootste deel van 1850 is "NOBLE's Olympic Circus" aan die Kaap en hulle speel soms pantomiems⁸⁾.

Eweneens was daar van Oktober tot Desember 1850⁹⁾ 'n sirkus „Equestrian Gymnastics" van Franse aan die Kaap, wat allerlei pantomimiese voorstellinge gee. So vind daar

1) *C. I. M.* Oct. 1899 bls. 520.

2) *C. Times* 27 Sept. 1913.

3) Soos die advertensie trouens uitwys.

4) Inderdaad vgl. *C. Adv.* 15 Apr. '48. Ook skermmeester, 27 Mei e. v.

5) Na uitstel weëns slegte weer van 3 Aug. *C. Adv.* 29 Jul., 12 Aug. '48.

6) *C. Adv.* 2 Sept. '48.

7) *C. Adv.* 26 Aug., 2, 6, 16 Sept. '48.

8) *C. Adv.* 2 Jan. '50. Vgl. 10 Apr.

9) *C. Adv.* 19 Okt. '50 e. v. Miskien ook daarna, tensy hul intussen soms rondgereis het. Vgl. *C. T. Mail* 24 Jun., 6 Sept. '51.

plaas: *Admiral Lord Nelson, or The Life of a Sailor*, followed by the Procession of his statue" met volle beskrywing; *The Ballad of the Villagers*; *The Jolly Miller*, wat spoorloos verdwyn van die middel van die toneel, soos meer dan 200 maal in Parys voorgestel; *The Golden Dream*, "Harlequin Pantomime in one act of the Theatre des Funambules, of Paris" met volle vermelding van rolbesetting; "*Fra Diavolo, or The Banditti of the Abrouzes*, Music by GUERROLUCH, Grand Historical Pantomime in two Acts, with new Dresses, Scenery and Decorations as performed at the Circus Theatre of Paris (and) for the first time in this Colony, (with) Grand Military Evolutions by upwards of *Sixty* Actors on Foot and on Horseback." Die volle rolbesetting word aangegee. Dis byna nodeloos om te sê, dat hierdie romantiese spektakelstuk baie herhalinge beleef het. Nog 'n paar pantomiems heet: "*The Shipwrecked Sailor*, Mimic scene by M. Varin; *Par a par, a gar a nous, or Harlequin protected by the Magician*, a Pantomime in 1 Act; *The Miser, or Happiness found in Gold*, Comic Pantomime in 1 Act."

Kunsvoordraers van dramatiese fragmente maak hul verskyning aan de Kaap. So is daar T. P. HILL, wat in Oktober 1846¹⁾ begin met 'n reeks "Novel Literary Entertainments" in die Beurs; in 1848²⁾ Sekretaris is van die "Amicable Club", met musikale en literêre onderafdelinge, en veral in laasgenoemde afdeling veel leiding gee op gebied van voordragkuns en literêre studie (terselfdertyd is hy agent in "Refrigerators"³⁾, waarskynlik om 'n bestaan te maak); tenslotte in Junie 1849⁴⁾ weer gereeld "Literary Entertainments" gee in die Beurs.

Hy het dit veral te doen oor voordragkuns en welsprekendheid. Hy wil hierdie kunste weer 'n groter rol in die samelewing sien speel. By sy uiteensettinge gee hy baie voorbeelde as toeligting. Vir diè doel dra hy veel voor uit SHAKESPEARE (uitinge van Hamlet, Shylock, Mark Antony e.a.), DICKENS, SHERIDAN KNOWLES e.a. skrywers van vers- en prosakuns. Uit alles blyk dat hy inderdaad 'n man van kennis, smaak, insig en talent moet gewees het. Later gee hy ook klasse in voordragkuns en "Phonography" (Snelskrif)⁵⁾. In Augustus 1850 is HILL nog aan die Kaap en geniet die patronasie van die Goewerneur⁶⁾. Ongetwyfeld sal hy goeie werk gedoen het⁷⁾, maar die Kaap het nie aan sy verwagtinge voldoen nie.

1) *C. Adv.* 10 Okt. '46 e.v.; *C. T. Mail* 5 Des. '46. 2) *C. Adv.* 5, 19 Jul. '48.

3) *C. Adv.* 7 Jun. '48. 4) *C. Adv.* 27 Jun. '49, 13 Aug. '50 e. v.

5) *C. Adv.* 1 Jun. '50 e.v. 6) *C. Adv.* 21 Aug. '50. 7) Sien bls. 427 (Boxer).

In Maart 1851¹⁾ verneem ons dat hy in Mauritius is en baie sukses daar het; dat daar selfs sprake is van hom 'n professor in Engels te maak in die "Royal College" van Mauritius. Hy eindig ook as leraar in Engels in die heer BOURBON se „College" daar.

In 1851²⁾ gee mev. GREIG op haar deurreis naar Engeland drie "Dramatic and Musical Entertainments" in die Beurs. Sy dra o.a. voor uit *Romeo and Juliet*, *Macbeth*, *Lady of Lyons* (BULWER LYTTON) ens. Sy geniet hoë patronasie en oes baie sukses in. Die heer HALL, bekend vir sy "histrionic talents"³⁾, help haar in die "dramatic readings".

In 1853⁴⁾ keer sy terug naar Australië (of Indië)⁵⁾ van Engeland, waar sy aan "starring" gewees het. Weer gee sy aan die Kaap "singing and Shakespearean readings"; sy ontvang soos tevore baie lof, veral in haar dramatiese voordragte.

Sulke kunstenaars kon nie anders as 'n weldadige invloed uitoefen op die vele amateurstalent op tooneelgebied aan die Kaap nie.

§ 3. Hollandse Toneel.

In hierdie tydperk leef die Hollandse toneel weer op. 'n Luister soos voorheen bereik hy egter nie. Daar word naar verhouding minder gespeel; die gehore is meer beperk; die lokale kleiner en minder geskik vir grootse onderne- minge. Veral BONIFACE is van die Kaapse toneel verdwyn. In Natal laat hy hom egter nie onbetuig op toneelgebied nie⁶⁾. Die Metodistiese invloede leef nog na in die „privaat- heid" van die geselskappe, in die grotere nadruk op die goeie sedelike uitwerking van toneel gelê, en in enkele ander dinge⁶⁾.

Besonder tiepies van die Hollandse toneel is die manier waarop dit gedurende die Anti-Bandiete Agitasie die weer- spieëling word van maatskaplike toestande⁷⁾. Die leiding is veral in die hande van jonge, gebore Afrikaners, die voortsetters van die tradiesie geleer in die vorige periode.

Die herlewing begin met *Tot Nut en Vermaak* in 1842, sedert 1844 verenig met *Door Yver Vruchtbaar*, 'n nuwe ge- selskap, uit 1843. In 1847 sal hierdie beroemde ou geselskap *T. N. en V.* verdwyn, hoewel hy ongetwyfeld onder gewysigde naam nog 'n tydlang voortleef.

Maar sedert 1849 bestaan (weer)⁸⁾ *Door Yver bloeit de*

1) *C. T. Mail* 22 Maart, 22 Apr.

2) *C. T. Mail* 17 Mei '51 e. v.; *Mon.* 23 Mei; *Z. A.* 8 Mei '51 e. v.

3) *Sien* bls. 398. 4) *C. T. Mail* 7 Mei '53; *C. Adv.* 17 Sept. '53 e. v.;
Mon. 24 Sept. '53 e. v. 5) Vgl. *C. Adv.* 10 Sept. '53.

6) *Sien* bls. 495.

7) *Sien* bls. 455.

8) *Sien* bls. 452.

Kunst, wat met onderbrekinge tot 1910¹⁾ voortbestaan. Soos *T. N. en V.* in die eerste helfte van die 19de Eeu die groot bestendige geselskap was, so word *D. Y. bl. de K.* dit in die tweede helfte. Die groot figuur van die geselskap was J. C. COMBRINK²⁾. Sy eintlike tydperk van belang val egter buite ons bestek. Alleen van 1866—1886³⁾ sal *D. Y. bl. de K.* deur die Rederykerskamer *Aurora* (onder die leiding veral van MELT BRINK) oorvleuel word.

Ons sien in hierdie periode hoe die toenemende verengelsing van Kaapstad die Hollandse toneel in die gedrang bring. Dit, saam met die opkoms van vaste populêre Engelse beroepstoneel (SEFTON PARRY e. a.), sal die Hollandse toneel byna tien jaar lang oorweldig, tot in 'n volgende periode, die ontwaakte Hollands-Afrikaanse nasionale bewussyn die Hollandse toneel 'n nuwe periode van bloei laat tegemoetgaan.

a. Tot Nut en Vermaak.

Tot N. en V. begin in September 1842⁴⁾ met die volgende advertensie: „Privaat Hollandsch Liefhebbery⁵⁾ Schouwburg *Tot Nut en Vermaak*. De Intekenaren worden verwittigd, dat de vertooning op Woensdagavond den 14den dezer, zal plaats hebben, en worden verzocht hunne Toegang-kaartjes”⁴⁾ by die *Zuid-Afrikaan* te kom afhaal.

Vermelding van ander voorstelling vir hierdie jaar besit ons nie. Dit lê egter voor die hand dat hierdie voorstelling nie die enigste sou gewees het nie.

Die jaar 1843 word die mees produktiewe op gebied van Hollandse toneel in hierdie tydperk. *Tot Nut* is in wedywering met 'n ander geselskap, *Door Yver Vruchtbaar*. Vandaar ook dat dit so goed adverteer⁶⁾. Die geselskap begin reeds vroeg. Vir Vrydag 5 Mei⁶⁾ — hierdie dag bly die gewone tot 1844⁷⁾ — word aangekondig, die „eerste Vertooning van dit Saizoen... In de Roelandstraat, No. —”. 'n Intekenlys lê by die *Zuid-Afrikaan*.

Daar volg op
2 Junie⁸⁾: *De Trouwring* (LEMBERT) en *Het Zal Laat Worden* (MEYER).

¹⁾ *Ons Land* 17 Mei 1910 e. v. Die vorige voorstelling van *D. Y. b. d. K.* was in 1897 (*O. L.* 6 Jul. '97 e. v.), miskien in waarheid as die end van die geselskap te beskou. Vgl. bls. 463.

²⁾ *Z. A.* 24 Sept. '68 e. v.; *O. L.* 4 Jun. 1910.

³⁾ *Vbd.* 5 Okt. '67; *Z. A.* 12 Aug. '67 e. v.; *Die Huisgenoot* Jul. 1921 bls. 81.

⁴⁾ *Z. A.* 9, 13 Sept. '42.

⁵⁾ Gewoonlik is die „Hollandsch” weggelaat. Later heet dit „Privaat Liefhebbery Schouwburg; Het Privaat Hollandsch Tooneellievend Gezelschap” ens. (*Z. A.* 1 Sept. '43 e. v.) Een keer heet dit bloot „Tooneellievend Gezelschap” (*Z. A.* 28 Apr. '43).

⁶⁾ *Z. A.* 28 Apr., 25 Mei '43.

⁷⁾ Sien bls. 488—489.

⁸⁾ *Z. A.* 30 Mei, 2 Jun. '43.

Van hierdie voorstelling sou *Sam Sly* gesê het ¹⁾: “the apparatus and company (was) not sufficiently arranged or organised to pass judgment. Of course, it came not within the pale of criticism. It is sufficient to remark that the audience were pleased, and went away satisfied”. Dan verbeter sy mening wel later ²⁾!

14 Julie ³⁾: *De Verzoening, of De Broedertwist* (KOTZEBUE) en *Wie Weet waar voor het Goed is?* (KOTZEBUE, vertaal deur VAN ESVELDT HOLTROP).

By hierdie geleentheid sou 'n Engelsman wat aanwesig was, gesê het dat hy die stukke nie kon verstaan nie maar kon “perceive the passions and mark the exits” ⁴⁾.

8 Augustus ⁵⁾ (Dinsdag): *Het Verloren Kind* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP) en *De Verwarring* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP).

13 September ⁶⁾ (Woensdag): *Volsan, of De Menschenhater door Tegenspoed* (naar die Frans deur J. D. VILLENHOVEN), Tsp. in 3 Bed., met nuwe kleding en dekorasies, en *Het Misverstand, of Elk is een Dief in Zyne Neering* (vertaal deur v. D. VIJVER), Bs. met sang in 1 Bed. — In die sang kan ons duidelik die wedywering met *D. Y. V.* herken, wat daarmee begin het ⁷⁾.

27 Oktober ⁸⁾: *De Kluisenaar op het Eiland Formentera*, Tsp. in 5 Bed. van KOTZEBUE, en *Jocrisse in (eenen) Nieuwe Dienst* (DORVIGNY), „voor deszelfs (*T. N. en V.*) zesde en Laatste Representatie.” Beide stukke is oubekendes sedert lange tyd.

'n Vrugbare jaar word ook 1844, maar nou deur die verbonde kragte van die twee voorheen wedywerende geselskappe.

Dit sal dus goed wees om eers die lotgevalle van *Door Yver Vruchtbaar* na te gaan.

b. Door Yver Vruchtbaar.

In die vorige tydperk het twee geselskappe ⁹⁾, een in Kaapstad en een in Stellenbosch, onder hierdie naam bestaan. Hierdie geselskap sal egter 'n nuwe wees, miskien met enkele lede van die ou geselskappe of met die kindere van voorheen daarin, deur wie die ou naam weer in lewe kon geroep wees. Onder „Liefhebbery Tooneel” ¹⁰⁾ word in Julie aangekondig ¹¹⁾, dat „Het Privaat Hollandsch Liefhebbery Tooneel Gezelschap *Door Yver Vruchtbaar*... voor hunne eerste

¹⁾ Laidler, *Annals ens.* bls. 49.

²⁾ Sien verder.

⁴⁾ Laidler, *Annals ens.* bls. 48 e. v.

⁶⁾ *Z. A.* 1, 8 Sept. '43.

⁸⁾ *Z. A.* 24, 27, 31 Okt. '43.

¹⁰⁾ In Hoopstraat, sien bls. 486.

³⁾ *Z. A.* 7, 14 Jul. '43.

⁵⁾ *Z. A.* 1, 4, 8 Aug. '43.

⁷⁾ Sien bls. 444.

⁹⁾ Sien bls. 251 e. v.

¹¹⁾ *Z. A.* 7, 11, 14, 18 Jul. 1843.

Vertooning", vermoedelik op 21 Julie ¹⁾, sal opvoer *Clemence en Waldemar*, Tsp. in 3 Bed., deur PELLETIER VOLMÉRANGES, gevolg deur *Het Losse Schot* (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Kl. Bs. in 1 Bed.

Die voorstelling moes 'n sukses gewees het. Op 4 Augustus ²⁾ word dit „op byzonder en dringend verzoek” herhaal, met *De Gevaarlyke Buurman* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP) as ekstra toevoeging.

Vermoedelik op 1 September ³⁾ volg *Blanko, of De Onzichtbare Man*, Trs. met „Koorzang en Dans”, en *Vier Schildwachten op een Post* (VOGEL, vertaal deur SAUER). Hierdie sang-element was dit wat *T. N. en V.* tot soortgelike onderneminge geprikkel het ⁴⁾.

Op 6 Oktober ⁵⁾ word *Blanko* op besondere versoek herhaal, gevolg deur *De Horoskooptrekker, of De Speculant in Effecten* (HAANEGRAAFF).

As vyfde en laaste voorstelling volg op Dinsdag 21 (?) November ⁶⁾, *Robert Maxwell, of De Offerdood*, Tsp. in 3 Bed. van KOTZEBUE, en *De Wonderdocter, of Le Medecin malgré Lui*, van MOLIÈRE, Kl. Bs. in 3 Bed.

Van hierdie voorstelling het ons 'n verslag ⁷⁾ van „Een Oud Liefhebber van 't Tooneel”. *Robert Maxwell* heet 'n „wel gekozen stuk voor het Kaapsch Publiek... Als gewoonlyk deden de liefhebbers hun uiterste best en wedyverden om onder elkaar uit te munten. En, ofschoon men wezenlyk onregt doen zou door den een boven den ander te verheffen, kunnen wy echter niet afzien, om inzonderheid te gewagen van Robert en zyn zoon Henry, een knaapje van nog geen negen jaren.” Maxwell se ontboeseming oor „de groote waarheid... dat onder honderd gevallen, de verachte negenen-negentig maal beter is, dan de verachter” het baie indruk gemaak. Die skrywer hoop dat die les geleer is om niemand wat eerlike werk doen, ooit te verag nie; ook om aan ander mense te doen „wat gy wilt dat u de menschen doen.” Dan spreek hy die spelers toe: „Jongelieden, dat uw zedelyk schouwtooneel der 'menschelyke hartstogten en daden', tot nut en vermaak, lang moge bestaan en werkzaam zyn, is (myn) hartelyke wensch.”

Die stukke wat gespeel word, wek die indruk dat *D. Y. V.* die voortsetting tot op sekere hoogte van *V. en K.* uit die vorige tydperk, kan wees. Belangwekkend is ook, dat in hierdie verslag van die spelers as „jongelieden” gepraat word. Ongetwyfeld het hul sukses gehad.

¹⁾ Indien op Vrydag — die gewone speeldag. ²⁾ *Z. A.* 1, 4 Aug. '43.

³⁾ *Z. A.* 11, 25, 29 Aug., 1 Sept. '43. ⁴⁾ Sien bls. 443. ⁵⁾ *Z. A.* 3, 6 Okt. '43.

⁶⁾ *Z. A.* 10, 14, 17, 21 Nov. '43. — Na uitstel van 14 Nov. ⁷⁾ *Z. A.* 5 Des. '43.

c. Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar.

In 1844 smelt *D. Y. V.* en *T. N. en V.* saam, en bestaan verder as „Het Privaat Hollandsch Tooneellievend Gezelschap, spelende onder de Vereenigde Zinspreuken *T. N. en V. en D. Y. V.*” Tot 1847 bly hul vermoedelik¹⁾ alleen die baan beheers.

Op Woensdag 5 Junie²⁾ begin hulle met *Natuur en Pligt* ens. (PELLETIER VOLMÉRANGES), en *De Dronkaard* (KOTZEBUE), Ks. in 2 Bed. — beide stukke oubekendes.

SAM SLY gee ons 'n verslag hiervan in die *Cape Town Mail*³⁾ en knoop daar tegelykertyd 'n pleidooi aan vas vir die toneel teen die nog altyd voortbestaande Metodistiese tendense. „All the world is (still) out of Town”, sê hy, maar die winter is op hande. Hy volg met 'n goeie beskrywing daarvan. Die dae word korter, die lug koud, die reën begin, ou Boreas waai, die blare val. Junie is „the Knight of the Woful Figure or Sorrowful Countenance.” Die seekolevuur begin. „The muff comes out and the parasol goes in. There is a *'titivating up'* of houses; — white wash (ens.)... Amidst this desolation and gloom... how is Cape Town to be amused?... The Gunny Bags and the Punjums⁴⁾ may fill the pockets, but will they feed and satisfy the mind?” Hoe gaan die mense van so 'n klein gemeenskap, hul oë van rondloer en hul tonge van kwaadsprek weerhou? Op watter gemeenskaplike basis, watter „common ground of contentment and satisfaction, unanimity and affection” kan hoog en laag tesame

1) Laidler *Annals* ens. bls. 49, sprekende oor 1844 sê: „This year another Dutch Company 'De Privaat Lief Hebbery Toneel Gezelschap' had its headquarters in Hope Street. Their room was not so large as the Roeland Street theatre, but the company owned a large quantity of scenery and an extensive wardrobe. The drop curtain depicted a Roman city falling into decay; the orchestra boasted six violins, a bass, a trombone, a bass drum, a cornet, one or two horns, a flute, and a few supernumeraries, and there was a refreshment buffet, where Cape beer at 2/- and wine at 6d a taste could be obtained”. Daar bestaan alleen rede om die bestaan van 'n geselskap, afgesien van *T. N. en V.* ens. hierdie jaar, aan te neem as ons veronderstel dat *D. Y. V.* miskien nog voor die amalgamasie gespeel het, wat met die oog op die vroeë begin van *T. N. en V.* ens. volkome uitgeslote lyk, of dat 'n nuwe geselskap (ontevredenes met die samesmelting of ander?) ontstaan het. Behalwe by Laidler is daar verder geen vermelding van hierdie geselskap nie, terwyl die ander geselskappe tog gereeld vermeld word en advertteer. Daarenteen kom die beskrywing van die valskerm en orkes ens. baie ooreen met die wat ons later van *T. N. en V.* kry. (Sien bls. 446, 448, e. v., 486). Vergis Laidler hom in sover, dat hy eintlik 'n beskrywing van *T. N. en V.* ens. gee of van *D. Y. V.* in 1843?

2) *Z. A.* 24, 31 Mei '44. Na uitstel van 31 Mei. Boaan die advertensies staan gewoonlik „Liefhebbery Toneel”. Byna ewenveel egter „Privaat Liefh. Tnl.”, en soms „Priv. Liefh. Schouwburg”. Waar ander getuienis uitwys dat die geselskap in Roelandstraat speel, sal die betekenis hier algemeen, „Amateur Theatricals”, wees. 3) 8 Jun. '44. 4) Hiermee bedoel hy die handel.

kom? "The play, the play's the thing." Dit is die groot panacea teen alle ennui.

"Did you ever see a Dutch play, Mr. Editor, have you any particular qualms of conscience, any very great objections to these things? If not, I beg leave to observe, I took a stroll into Roeland-street, last evening, for the purpose of witnessing two companies 'rolled into one', and the bill of fare on hot pressed primrose tinted gilt edged paper, was politely put into my hands: I cannot read Dutch, so could not understand the play, but I found everybody was satisfied and everybody laughing. You have not even seen the house? Well, here it is. You enter Mr. DE Vos's wine store in Roeland-street, and first pass through a kind of lobby or refreshment room, where there is one form to sit upon, and a counter for the confectioner, cook, wine merchant, ale and porter man, ginger beer merchant and milkman. Two printed notices ornament the walls in Dutch and English, that *Smoking is not allowed* and a glass chandelier hangs above. You then mount steps at two side doors, and come at once to the very dress boxes and pit of the Theatre. The ladies of course have the best berth, and sit round, Dutch fashion, *stoep* fashion, separate and apart from others, in the boxes, which are ornamented from one end to the other with crimson festoons and gold over head, and two elegant chandeliers — one of cut glass, and the other of ormolu, — throw a cheerful light from the centre of the roof. There is a pretty dropscene, and many of the others are extremely well executed by native artists. The music is not bad, if it were a little more subdued; but *there* it would seem as if the loudest were the best man, — so each strives to blow his face to a point.

Great regard seems to be paid to the dressing amongst the audience. I have rarely seen so many jewels, — so many low frocks, — so many long cork screw curls, — and so much tittering amongst a Dutch community. Who says young ladies from Holland cannot laugh? I am sure *that* very pretty face to the right, in the white frock, next to the black one, can never be sad, if judgment is to be formed by the eh! ehs! and hah! hahs! that now escape it, whilst intent upon '*Matz Bartel, de Dronkaard*'.

It is a pity a larger house cannot be obtained, for a more rational and innocent amusement than these amateur performances can scarcely be desired for a dull season and a long night. Many are the scruples amongst rigid disciplinarians against these things; but as friend KEENE writes me, 'it would be as inconsistent to expect a dramatic representation at church as it would be to hear the truths of Revelation at the

Theatre; but the theatre is the school for the inculcation of the natural moralities of life; it never has been, excepting in ancient Greece, considered as having anything to do with religion.” En by hierdie volk was die gode verheerlikte mense, met eienskappe wat die Christen sou verafsku. And yet: “even amidst all this, though they themselves (die gode) were secretly given to all the crimes which are now urged against the frequenters of the theatre, yet was their stage distinguished for the high tone of its morality, pagan though it was... The theatre is one of our most innocent enjoyments; and one which, when rightly employed, is deserving of the patronage and support of all who wish to preserve the middle and lower classes from more soul destroying amusements; for one charge against the theatre has never been brought, that of encouraging intoxication, a sin which more or less infects almost every recreation of the lower classes.” Miskien, sê SAM SLY, dat hy later weer die onderwerp aanroer¹⁾.

Op 14 Junie²⁾ word *Natuur en Pligt* (PELLETIER VOLMÉRANGES), op besondere versoek, herhaal, gevolg deur *Het Zal Laet Worden* (MEYER), Bs. met sang in 2 Bed.

Hierdie sang word 'n kenmerk van die voorstelling hierdie jaar.

Daar volg op

2 Augustus³⁾: *Eleonora(e) van Rosalba* ens., Tsp. in 4 Bed., naar die Frans (uit PUJOS en DABAYTUA, vertaal) deur J. KISSELIUS, „met nieuwe Costumes en Decoratien”, en *De Kalkoen van Breda* (van RAY), Bs. met sang.

18 Sept.⁴⁾ (Woensdag): *Armoede en Grootheid* (KOTZEBUE), Tsp. in 3 Bed., en *Het Huishouden van Jan Steen* (WESTERMAN), Bs. met sang in 2 Bed.

16 Oktober⁵⁾ (Woensdag): *Carolina en Walmond, of De Geboe(t)te Misstap* (FALLEE), Tsp. in 4 Bed., en *De St. Nicolaas Avond, of Het Bezoek door den Schoorsteen* (H. KUP), Kl. Bs. in 1 Bed.

15 November⁶⁾: *De Trouwring* (LEMBERT), Tsp. in 3 Bed., en *De Engelsche Goederen* (KOTZEBUE), Kl. Bs. in 2 Bed.

Van *Sam Sly* het ons weer een en ander in verband met hierdie voorstelling⁷⁾.

Hy wil nie oordryf nie, sê hy, “to say therefore, that Cape Town possesses an elegant theatre and superior actors, is to say the thing that is not true; but to remark that the

¹⁾ Sien bls. 447.

²⁾ Z. A. 11, 14 Jun. '44.

³⁾ Z. A. 19, 23, 30 Jul. '44. — Na uitstel van 24 Jul.

⁴⁾ Z. A. 6, 10, 13, 17 Sept. '44; S. S. 12 Sept. '44. Uitgestel van 13 Sept. deur siekte van een van die amateurs.

⁵⁾ Z. A. 15 Okt. 44. ⁶⁾ Z. A. 12, 15 Nov. '44. ⁷⁾ S. S. 21 Nov. '44

House is convenient and neat, and that the performers are fully capable of pleasing their audience, is only adding that which is just and deserving.

If as some maintain Civilization and Intellectuality are governed by the state of the drama, but as others also as strenuously affirm is only indicative of a low and external condition, then Africa and the Cape, according to the one or other opinion, must be highly exalted or debased. But no speculations or reasonings will add a mite to either scale. We *have* a theatre, and we *have* amateur actors". Laat ons die beste daarvan maak, sê hy, vermake is skaars. "To begin let us once more¹⁾ draw an outline of the Dramatic soil, from a different aspect than before".

Hy beskrywe die skouburg²⁾, langer as breed, en gelyklopend van vloer, wat lastig is vir goed sien. Die aankleding ens. kom aan die beurt. Hy vervolg: "The orchestra, consisting of six fiddles, one clarionet, two bass viols, two trombones, and a flute, has much improved since we heard it before, being more subdued, and keeping the harmony within the compass of the house. The actors and actresses, also, have gained confidence and more ease by practice, and seem to make their 'exits' and 'entrances' with less embarrassment. But what is there to be alarmed at, when only uncles, aunts, and cousins are in front.

The business of the evening is carried out too long, and the dialogues chosen, are not sufficiently rapid and changeful. Some little interlude in the shape of dancing or a song, might whet the appetite for a three act piece, without which neither glasses of milk, nor glasses of water, seem to satisfy, or to banish dullness and weariness.

The method also — too prevalent at the Cape — of females herding together — which in this instance, perhaps is unavoidable, in order to give the ladies the best seats — may be another reason why perfect satisfaction is not manifested, for without the mingling of the sexes happiness can never be said to have attained its highest fruition.

But since the aim . . . of all exhibitions is to please, and . . . these Amateur efforts appear to be appreciated and to afford an innocent amusement, in a '*work - a - day*' world", mag hulle alle sukses hê. As laaste voorstelling van die seisoen, "Christmas! and the *hot!* weather coming", gee *Sam Sly* die "Bill of Fare" weer, "merely hinting that the *De 'Heers'* — are all veritable men of substance, and not of straw, but that some of the ladies are '*made up*', and though with assurance enough to face an audience, don't like to be 'put down in

¹⁾ Sien bls. 445 e. v.

²⁾ Sien bls. 485.

the bill', or 'shown up' in the Journals; but their names are familiar to every one, for who does not know Mynheer —, O—".

Sam Sly laat die rolverdeling volg. "Heren", "Jonge Heren", "Mejufvrouwen" en "Jongejufvrouwen" neem deel. Hul name word egter nie vermeld nie.

Van besondere belang is hierdie mededeling as bewys dat dames, getroude en ongetroude, deelneem aan die Hollandse voorstellinge.

Die jaar 1845 is 'n vermindering op 1844 — tenminste vir sover ons kan nagaan. Die seisoen begin met 'n liefdadigheidsvoorstelling vir "acht behoeftige weeskinderen", op Woensdag 28 Mei¹⁾.

Opgevoer word: *Het Kasteel van Tourville, of De Hollandsche Zeelieden in Frankryk* (RUYSCH), Tsp. (comedy) in 3 Bed., gevolg deur *Vier Schildwachten op eenen Post* (VOGEL, vertaal deur SAUER), Kl. Bs. in 1 Bed.

Sam Sly sê²⁾: "The Performance was well received, but the house (in Roeland-Street) was thinly attended, in consequence of the suspicious state of the weather".

Dit word September voor ons weer van 'n voorstelling hoor. Dan gebeur die vermelding terloops deur *Sam Sly*. Sou die geselskap intussen gespeel het sonder enige advertensies soos hier, sonder ook dat *Sam Sly* dit opgemerk het?

Sam Sly berig onder 11 September dat 'n voorstelling sou plaasvind, "weather permitting".

Dit vind plaas op Woensdag 17 September³⁾ in Roelandstraat met: *Montoni ens.* (DUVAL, vertaal deur BRUGGEMANS), in 5 Bed., met nuwe kostuums en dekorasies, gevolg deur *De St. Nicolaas Avond ens.* (H. KUP).

*Sam Sly*⁴⁾ sê dat die voorstelling "was deserving of high praise for the very brilliant and effective manner in which the pieces were represented, both by character, costume and scenery. It were invidious to single out names... where merit was so equal. And since the modesty of these amateurs petitions silence, we abstain from shocking their nerves, by throwing more into type than a general expression of approval at the very cheerful and gay appearance of the house, and the fashionable and rich costumes of the ladies that graced it by their presence". Hy sou alleen korter opvoeringe aan die hand wil gee deur korter stukke te speel. Daarby kan dan sang of dans as intermezzos dien, beide vir afwisseling en vir 'n kleine aanvulling.

Op Woensdag 3 Desember⁵⁾ volg tenslotte *Loon der Waarheid*

1) *Z. A.* 23, 27 Mei '45; *C. Adv.* 28 Mei '45; *S. S.* 29 Mei '45.

2) *S. S.* 29 Mei '45.

3) *S. S.* 18 Sept. '45. 4) *S. S.* 25 Sept. '45. 5) *Z. A.* 28 Nov., 2 Des. '45.

(KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Tsp., en *Uilenspiegel* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Ks. *Sam Sly* sê hiervan: 1)

"The young Dutch amateurs of the sock and buskin... T. N. en V. en D. Y. V. entertained their friends by the pleasing performances of *Loon der Waarheid*. If a true version be sent us (and it is wished), it shall appear in our next".

Hier het ons, soos tevore, 'n mededeling dat ons met jonge toneelspelers te doen het 2).

In 1846 het ons weer gereelde mededeling van opvoeringe.

Op 3 April 3) vind die eerste voorstelling plaas met *Roland de Monglave* 4) ens. (LOAISEL TRÉOGATE, vertaal deur ENGELMAN), met nuwe kostuums ens., gevolg deur *Het Misverstand, of Elk is een Dief in zyne Nering* (vertaal deur v. D. VIJVER), Bs. met sang.

Sam Sly sê 5) dat die voorstelling van die geselskap plaas gevind het "in their private theatre in Roelandstreet, to a respectable audience, but (it was) not so full as we have seen it." Daar volg 'n vermelding van die rolverdeling met die gewone naamlose „Heren, Mejufvrouwen en Jongejufvrouwen".

Hy trek weer te velde teen die tydgees. "Unwilling to turn critic on performances evidently intended to please, which require every encouragement to foster in a dull and phlegmatic age, where amusements are too rare, and business too monopolizing, or we could have wished, amidst the splendour of the dresses, more attention were paid to the attitude and the voice, and the one made suitable to the other, in unison with the advice of Hamlet to *his* players.

In the Afterpiece several songs were dovetailed with performances, which electrified the audience by their humour and novelty." Hy vertel van die vooruitgang van die Engelse "Drury Lane Theatre" 6).

Daar volg op

30 April 7) (Donderdag): *Volsan* ens. (VILLENHOVEN), Tsp. in 3 Bed., en *De Kalkoen van Breda* ens. (VAN RAY), Kl. Bs. met sang.

18 Augustus 8) (?) (Dinsdag): *Valvaise en Adelaide, of De Zegepraal der Vriendschap over de Liefde* (WISELIUS), Tsp. in 5 Bed., en *De Listige Weduwe, of De Temperamenten* (KOTZEBUE), Kl. Bs.

20 Oktober 9) (Dinsdag): *De Burgemeester* (VON BRÜHL),

1) S. S. 4 Des. '45.

2) Sien bls. 444.

3) Z. A. 30 Maart, 2 Apr. '46; S. S. 2 Apr. '46.

4) Vgl. bls. 249.

5) S. S. 9 Apr. '46.

6) Sien bls. 478.

7) Z. A. 27 Apr. '46.

8) Z. A. 10, 13, 17 Aug. '46. Na uitstel van 14 Aug. Dit heet „tweede Représentatie". Dit is foutief, of was die vorige 'n ekstra voorstelling?

9) Z. A. 8, 12, 19 Okt. '46. Na uitstel van 16 Okt.

Tsp. in 5 Bed., en *De Bloemenkrans, of De Minnaar in den Boom* (v. D. SPRONG), Bs. in 1 Bed.

In 1847 bereik die geselskap weer grote produktiwiteit. Tegelykertyd is dit die laaste wat ons iets verneem daarvan. Die rede sal spoedig nog nader blyk; gebrek aan ondersteuning van die Hollandse publiek.

Daar word opgevoer op

30 April ¹⁾: *De Ortenbergsche Familie* (VREEDENBERG), Tsp. in 3 Bed., en *De Eerste April* (WESTERMAN), Bs. met sang in 2 Bed.

8 Junie ²⁾ (Dinsdag): *Robert of De Struikroovers* (SCHILLER), Tsp. in 5 Bed., en *De Gevaarlyke Buurman* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 1 Bed. — 'n Ekstra eksemplaar van *Robert* word te leen gevra; 'n handelwyse wat herinner aan vroeër dae ³⁾.

27 Julie ⁴⁾ (Dinsdag): *De Lauwerkrans, of Het Gezag der Wetten* (ZIEGLER), Tsp. in 5 Bed., en *Een Uur Achter Slot, of De Brief van Aanbeveling* (HONIG), Bs.

7 September ⁵⁾ (Dinsdag): *Gustavus, of De Zweedsche Mynwerkers* (LAMARTÉLIÈRE), geskiedkundige Tsp., en *De Dubbelde Vader* (HAGEMANN, vertaal deur van DINSEN Jr.), Bs.

2 November ⁶⁾ (Dinsdag): *De Baron van Felsheim, of De Slag by Friedberg* (BERNOS), Tsp. in 3 Bed., *Uilenspiegel* (KOTZEBUE vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Bs. in 1 Bed.

Van hierdie voorstelling word getuig ⁷⁾: „De vertooningen van dit gezelschap... overtroffen vele verwachtingen. Het Ballet in het tweede bedryf ingevoerd, werd zeer smaakvol uitgevoerd zoo ook de andere dansen”. Onheilspellend gaan die verslag voort: „Hoewel de schouwburg by die gelegenheid tamelyk gevuld was bleef er evenwel plaats over voor verdere ondersteuning; en tenzy het by toekomstige gelegenheden blyke dat tooneel-vertooningen in de Nederduitsche taal waardig zyn behouden te worden, zal het Kompliment, door (het) gezelschap van Kaapsch Hollandsch publiek gedaan, van toepassing zyn, te weten: dat de eenigste oorzaak waarom het gezelschap voornemens is af te breken, is, het gebrek aan genoegzame ondersteuning van den kant van hetzelfde”.

Die geselskap verdwyn inderdaad van die toneel deur gebrek aan ondersteuning ⁸⁾. *Dit is dus die eerste geval van die einde van 'n Hollandse toneelonderneming, deur die toenemende verengelsing van die Kaap*. Die laaste sal dit, helaas, nie wees nie. Besonder kenmerkend origins vir die Engelse

¹⁾ Z. A. 26, 29 Apr. '47. ²⁾ Z. A. 3, 7 Jun. '47. ³⁾ Vgl. bls. 234 e. v.

⁴⁾ Z. A. 19, 22, 26 Jul. Na uitstel van 22 Jul.

⁵⁾ Z. A. 2, 6 Sept. '47. ⁶⁾ Z. A. 1 Nov. '47. ⁷⁾ Z. A. 4 (?) Nov. '47.

⁸⁾ sien bls. 486.

invloed, is die ontstaan in hierdie jaar van 'n Engelse geselskap, blykbaar bestaande uit Afrikaners en onder leiding van 'n Afrikaner, A. VAN BREDA¹⁾.

Nog 'n algemene mededeling oor *T. N. en V.* laat ek volg voor ek van die geselskap afskeid neem. GROOM²⁾ vermeld, sprekende teen 1857, die volgende: „During this and previous years³⁾ since 1843 the Amateur Dutch Company, whose motto was *Tot Nut en Vermaak*, gave occasional performances of Dutch pieces principally⁴⁾ at the Drury Lane Theatre; a drama and a farce, and sometimes a Ballet, in which a number of children, who were being instructed in ordinary dancing, appeared in very neat costumes, and then executed some complicated evolutions under the guidance of their teacher, to their great delight and to that of their elders, who, of course, came in crowds to witness their darlings' progress. Among the names of the amateurs of that period, I recall those of BOONZAIER, COMBRINK, C. SPOLANDER, DES WAGES (DESVAGES?—F.B.) WENTZEL, WANNENBERG (-BURG—F. B.) and KEYTEL. There was later a company with the motto: *Door Yver bloeit de Kunst*”.

Miskien was dit tenslotte alleen enkele van die spelers van *T. N. en V.* wat moet opgegee het. In 1848 maak 'n nuwe geselskap *Hoop en Trouw* — veelseggende naam! — sy verskyning, om van 1849—1851 as *Tot Oefening en Vermaak* sy bestaan voort te sit. Dat ons verband moet soek tussen hierdie nuwe geselskap en die ou *T. N. en V. en D. Y. V.* lyk my bo alle twyfel verheewe.

Onmiddellik ook op die naamswysiging van *H. en T.* tot *Tot Oef. en Verm.* kom 'n ander geselskap voor die dag: *Door Yver bloeit de Kunst*. Sou daar verband bestaan tussen hierdie twee gebeurtenisse? Dit lyk my waarskynlik. Dan kon die saak hom as volg toegedra het.

Aangenome dat *Hoop en Trouw* die grote kern van *T. N. en V. en D. Y. V.* was, het daar miskien geskil ontstaan tussen die twee samestellende dele. Die ou BONIFACE-groep, die D. Y. V.-ders, skei hul af van *Hoop en Trouw* en stig 'n nuwe geselskap *D. Y. b. d. Kunst*, 'n ou naam van die groep, nog uit 1833⁵⁾. Daarop rekonstitueer die oorblywende deel van *H. en T.*, die ou *T. N. en V.*-groep, hulself as *Tot Oef. en Vermaak*, eweneens 'n ou naam⁶⁾ van *Tot N. en V.*

¹⁾ Sien bls. 416.

²⁾ *C. I. M.* Des. 1899 bls. 582.

³⁾ Groom vergis hom; geen bestaan na 1847 nie. Sien voorafg.

⁴⁾ Weer 'n vergissing. Sien voorafg.

⁵⁾ Sien bls. 320.

⁶⁾ Sien bls. 249.

d. Hoop en Trouw (1848—'49),

later Tot Oefening en Vermaak (1849—'51).

Ons maak met *H. en T.* in November 1848 vir die eerste maal kennis. Dit blyk egter duidelik dat *H. en T.* se bestaan reeds ouer is.

Vir 24 November¹⁾ word aangekondig dat "Het Privaat Hollandsch Tooneellievend Gezelschap *Hoop en Trouw*" in die Hoopstraat-Skouburg op versoek van „vele Respectabele Ingezetenen andermaal²⁾ ten tooneele zal voeren": *Siegfried van Hohenwart* (WESTERMAN), Tsp. in 5 Bed., gevolg deur 'n „Divertisement (Interlude)", waarna tenslotte *Sans Quartier, of Het Vergenoegen overtreft den Rykdom*, Kl. Bs., met sang, in 1 Bed.

Die *Zuid-Afrikaan* beveel die voorstelling verder aan in die volgende bewoordinge: „Vermaken van dien aard zyn alhier thans by uitstek schaars, en het is daarom te hopen, dat zy, die hunne tyd en bekwaamheden aanwenden om in die behoefte te voorzien, ook gereede ondersteuning zullen ontmoeten. Hunne lofwaardige poging behoorde inderdaad boven alle critiek verheven te zyn".

In 1849 bly die Hoopstraat-Skouburg die speelplek van *H. en T.* (later *Tot Oef. en Verm.*), tensy anders vermeld.

Die seisoen open op Dinsdag 8 Mei³⁾ met *De Onechte Dochter* (MEYER), Tsp. in 5 Bed., en *Getrouw tot in den Dood* (WESTERMAN), in 2 Bed., „vermakelyk blyspel".

Die stukke word herhaal op 11 Mei⁴⁾, „deszelfs vertooning voor de Inteekenaren, afgedaan hebbende, ten einde het Publiek ook in de gelegenheid te stellen, het vermaak daarvan te genieten", 'n verklaring wat pleit vir die wesenlike betekenis van die woord "Privaat" in die benaming van die geselskap.

Die geselskap kondig homself by hierdie geleentheid aan as *H. en T.* voortaan spelende onder de zinspreuk *Tot Oefening en Vermaak* — 'n wyse van aankondiging wat die gewone bly in die toekoms.

Op 8 Junie⁵⁾ volg *Zoë, of De Zegepraal eener Standvastige Liefde* (naar MERCIER, deur LIJNSLAGER) in 3 Bed.; as divertissement dien 'n „Komieke Zang" (Engelse invloed. — F.B.)⁶⁾, *Oude Meisjes van drie en vyftig Jaren*, in karakter, gevolg deur *Die het Schoentje past, die trekt ze aan*; tenslotte *De Hoefsmid* (QUÉTANT, vertaal deur MENKEMA Jr.), Kl. Bs. in 2 Bed.

Op 23 Julie⁷⁾ (Maandag) word opgevoer: *Claudine* (v. D.

1) *Z. A.* 20 Nov. '48 (Vryd. 24 Nov.) 2) Kursivering van my.

3) *Z. A.* 3, 7 Mei '49. 4) *Z. A.* 10 Mei '49. 5) *Z. A.* 7 Jun. '49.

6) Sien bls. 407 e. v.; 415 e. v.; 495. 7) *Z. A.* 19, 23 Jul; *Vbd.* 20 Jul. '49.

WILLIGEN), Tsp. in 3 Bed.; divertissement is *De Spraaklooze* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP); tot slot volg op herhaalde versoek van verskillende toneelliewende vriende, die klugtige blyspel „welks uitvoering de goedkeuring van elk aanschouwer weggedragen heeft, *Getrouw tot in den Dood*” (WESTERMAN). Inderdaad hierdie blyspel moes in die smaak geval het, om binne korte tyd driemaal opgevoer te word.

Intussen beveel *Het Volksblad* die onderneming as volg aan:

„Dit Gezelschap is nog de eenigste¹⁾ die het kwynende bestaan van het Kaapsche Tooneel rekt, en wy hopen, dat de ondersteuning die het ontvangen moege, hetzelve meer kracht en leven geven zal. Een ding echter moet men vooral niet uit het oog verliezen, dat stukken gekozen worden, die, terwyl zij de aandacht boeien, te gelyker tyd een liefde tot het goede en een afkeer van het kwade in het gemoed werken. Ter bereiking van dat doel werd de Schouwburg ingesteld, en wanneer daaraan beantwoord wordt, is dezelve een der verhevenste inrichtingen waarop een maatschappy roem kan dragen.” — Die ou Metodisme werk nog altyd deur

Daar volg op 23 Augustus²⁾: *De Deserteur* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Tsp. in 5 Bed.; 'n komiese lied, *De Dood klopt aan de Deur* as divertissement, gevolg deur 'n dans; tenslotte *Dirk Menschenschrik* (HOLBERG), Kl. Bs. Die divertissement klink nogal luguber!

Op 4 September³⁾ (Dinsdag) word *De Deserteur* herhaal; ook die komiese lied, „waarin (De Dood) den zinger onverwachts een besoek in zyne waare gedaante geeft.” Verder word gesing 'n „sentimenteele zang: — *De Aanpryzyng tot Deugd*, op de Guitare en geaccompagneerd door de Fluit, expresselyk voor deze gelegenheid”; 'n „Komieke Dans” vind plaas. Tenslotte word op versoek *Sans Quartier* ens. (uit 1848) opgevoer. Die voorstelling is ten behoewe „van eene ongelukkige familie”. Pryse word spesiaal verlaag.

Die voorstelling van die res van die jaar word gekenmerk deur die Anti-Bandiete Agitasie. Interessant is hoe die toneel weer⁴⁾ tot maatskaplike strydperk verhef word.

Na 'n uitstel vanweë „de aankomst der Bandieten”, word op Woensdag 26 September⁵⁾ opgevoer: *De Molen by Auerstad* (ERNST, vertaal deur SAUER), Historiese Tsp. in 4 Bed.; *Dirk Menschenschrik* (HOLBERG), op besondere versoek. Tussenin vind plaas as divertissement 'n „sentimenteele zang *Vriendschap en Liefde*, geaccompagneerd door de Guitare en Fluit”, en 'n komiese lied *Het Wellustig Leven*.

¹⁾ Sal *D. Y. b. d. K.* na sy eerste voorstelling in Junie weer in vergetelheid teruggeval het? Sien bls. 456. ²⁾ *Z. A.* 20, 23 Aug. '49.

³⁾ *Z. A.* 30 Aug., 3 Sept. '49. ⁴⁾ Sien bls. 238 e.v.; 299. ⁵⁾ *Z. A.* 24 Sept. '49.

Op Dinsdag 30 Oktober¹⁾ vind plaas: *Zoë* ens. (MERCIER, deur LIJNSLAGER); as divertissement „'n sentimenteele zang, *Geene Bandieten*, Origineel, door een Zuid Afrikaan”, gevolg deur 'n komiese dans; tenslotte *De Logen om Best Wil* (GARRICK), „vermakelyk Bs. in 2 Bed.”

Op die laaste voorstelling van die jaar, op Maandag 3 Desember²⁾ in Drury Lane Skouburg, word *Geene Bandieten* as divertissement tussendeur herhaal. Ook word 'n „Zee-man's Hornpyp en de Dans der Hooglanders” uitgevoer. *De Neger(s)* (KOTZEBUE, vertral deur WITSEN GEYSBEEK), Tsp. in 3 Bed., en *Vier Schildwachten op eenen Post* (VOGEL, vertaal deur SAUER) word opgevoer. Waarskynlik vind die voorstelling in Drury Lane Skouburg plaas, omdat 'n groot gehoor verwag word met die oog op *Geene Bandieten*.

Gedurende 1850 verneem ons niks van Hollandse toneel nie. Dit was 'n besondere bloeijaar vir die Engelse toneel³⁾, en miskien⁴⁾ het dit die Hollandse totaal oorvleuel.

In 1851 vertoon *Tot Oef. en Verm.* homself verlaas in 'n paar liefdadigheidsvoorstellinge vir die noodlydendes deur die Kafferoorlog⁵⁾. Die geselskap speel⁶⁾ op Donderdag 23 Oktober in die Garnisoenskouburg, wat hulle „goedgunstiglyk verleend” is deur die kommandant, lt.-kol. COLE, en voer op „het prachtig Historisch Stuk in 4 Bed. genoemd *De Toveres Sidonia* (ZSCHOKKE, vertaal deur ENGELMAN). Door den Schryver van *Abellino*, met nieuwe Schermen, Kleeding Decoratien. Waarna het zeer koddige kluchtspel . . met zang,” *De Kalkoen van Breda* ens. (VAN RAV).

De Toveres Sidonia moet 'n sukses gewees het. Op Donderdag 13 November⁷⁾ word dit herhaal, vir dieselfde doel soos voorheen, en word gevolg deur 'n komiese lied en die vermaaklike klugspel *De Geveinsde Zotheid door Liefde*.

e. Door Yver bloeit de Kunst (1849—'55).

Oor die vermoedelike wyse van ontstaan van *D. Y. b. d. K.* is reeds een en ander gesê⁸⁾. Hierdie geselskap word, in die tweede helfte van die 19^{de} eeu, wat *T. N. en V.* was in die eerste.

Vir Dinsdag 19 Junie⁹⁾ word aangekondig dat „Het Privaat Hollandsch Tooneellievend Gezelschap spelende onder de zinspreuk *Door Yver bloeit de Kunst*” sal opvoer *Charlotte Blandford, of De Wedergevonden Vader* (vertaal deur ENGELMAN), Bs. in 2 Bed., gevolg deur *De Man van Veertig Jaren* (KOTZEBUE), Bs. in 1 Bed.

¹⁾ *Z. A.* 29 Okt. '49. ²⁾ *Z. A.* 3 Des. 49. ³⁾ Sien bls. 398. ⁴⁾ Sien bls. 456.
⁵⁾ Sien bls. 401. ⁶⁾ *Z. A.* 20 Okt. '51; *C. T. Mail* 14, 18, 21 Okt. '51.
⁷⁾ *C. T. Mail* 4, 8, 11 Nov. '51. ⁸⁾ Sien bls. 452. ⁹⁾ *Z. A.* 18 Jun. '49.

Waarskynlik het die geselskap hierna, tenminste in 1849, in vergetelheid teruggeval¹⁾. Dieselfde rede waarom *Tot Oef. en Verm.* nie opgetree het in 1850²⁾ nie, kan gegeld het vir *D. Y. b. d. K.*

Daarenteen kan die eerste aankondiging van die geselskap se hernude optrede in 1851 die indruk wek dat hul tog gespeel het in 1850.

Die geselskap kondig aan dat hulle „voor hunne eerste representatie van dit seizoen” (sou „dit seizoen” slaan op 1850 of 1849? — F. B.) op 26 Junie³⁾ in Drury Lane Skouburg sal opvoer: *De Kluizenaar op het Eiland Formentera*, (KOTZEBUE), Tsp. in 2 Bed., en *De Deserteur* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Kl. Bs. in 1 Bed. Die geselskap speel op Donderdag by hierdie geleentheid; ook gewoonlik vir die res van sy bestaan.

Nog tweekeer word hierdie jaar gespeel, beide kere in die Hoopstraat-Skouburg.

Op 28 Augustus⁴⁾ vind plaas *Frederik en Charlotte, of De edelmoedige Beloning der Deugd* ('T HOEN), Tsp. (Comedy) in 3 Bed., en *Ieder Veege zyn eigen Vloer* (vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Ks. in 1 Bed.; op 9 Oktober⁵⁾ *Nathan van Geneve*, (WARNSINCK), Tsp. (Play) in 3 Bed., en *De Listige Weduwe* ens. (KOTZEBUE), Bs. in 1 Bed. — 'n oubekende.

Eienaardig is dat waar ander geselskappe hierdie jaar soveel vir liefdadigheid⁶⁾ doen, hierdie geselskap niks van soiets laat blyk nie.

Ook in 1852 volg die voorstelling, die eerste in die Hoopstraat-Skouburg, die laaste twee in die nuwe Breesstraat-Skouburg⁷⁾.

Daar vind plaas op

10 Junie⁸⁾: *Storb en Werner, of De Gevolgen van een Tweegevecht*, (DE BOIRIE en BONEL, vertaal deur v. BEULINGEN), Tsp. (Drama) in 3 Bed., en *De Uniform Rok van Wellington*, Kl. Bs. in 1 Bed.

12 Augustus⁹⁾: *De Kluizenaar* ens. (KOTZEBUE), Tsp. in 2 Bed.; en *De Minnaar op de Proef, of Het Zonderlinge Tweegevecht* (naar die Hoogduits, vry vertaal deur DE BOER), Bs. (Farce) in 3 Bed., „in de Nieuwe¹⁰⁾ en tot dat einde welingerigte Schouwburg, met de nieuwe Decoratien, Costumen, enz”.

16 September: ¹¹⁾ *De Onechte Dochter* (MEYER), Tsp. in 5

1) Sien bls. 454.

2) Sien bls. 455.

3) *Z. A.* 26 Jun. '51.

4) *Z. A.* 25 Aug. '51.

5) *Z. A.* 6, 9 Okt. '51.

6) Sien bls. 455.

7) Sien volgende bls.

8) *Z. A.* 3, 7, 10 (14?) Jun. '52

9) *Z. A.* 9, 12 Aug. '52.

10) Vgl. ook 13 Sept. '52.

11) *Z. A.* 13, 16 Sept. '52.

Bed., en *Uilenspiegel* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Kl. Bs. in 1 Bed., in die nuwe skouburg ens., soos voorheen.

In 1853 bereik die geselskap sy hoogtepunt in die nuwe skouburg.

Op 28 April¹⁾ open hulle die seisoen met „WESTERMAN'S vermaarde Tsp. (Comedy) in 4 Bed. *Rozella en Guido, of Het Regt der Natuur*, met geheel nuwe Kleeding en Decoratien. Waarna het Bs. (FARCE) met zang, in 2 Bed., *De Lotery Prys, of No. 2, 5, 3, 8.*, door PRINCE HOARE Esq., en uit het Engels vertaald door een Amateur, alhier.

N.B. Beide stukken zullen voor de eerste maal op het Kaapsch Tooneel vertoond worden.

Die heer P. J. RICHTER, 67 Breestraat, blyk die sekretaris van die geselskap te wees.

Dit heet van hierdie voorstelling²⁾, dat die vertaling van *De Lotery Prys* „met veel smaak en juistheid” uitgevoer was. „De decoratien en kleeding beantwoordden volkomen aan de schoonheid der stukken zelve, en de uitvoering als een geheel genomen, liet niets te wenschen overig. Alleen willen wy opgemerkt hebben dat de rol van den abt meer bedaardheid en deftigheid van toon vordert. Guido zou ook wel doen geene noodeloze gestien te maken, en wanneer hy in het eerste tooneel zyn penseel nederlegt, om met zyne moeder te spreken, niet zoo dadelyk vuur te vatten.

Er waren eenigen onder de toebehoorders voor wie de schoonheid van het tooneel blykbaar eene vreemde zaak is, en het kan misschien niet ongepast zyn dezulken te herinneren, dat hun gedrag by die gelegenheid niet zeer te pryzen was.

Daar velen uit hoofde van het bestek van den Schouwburg geene plaatsen konden krygen, en anderen de wensch hebben uitgedrukt om de beide stukken nog eens te mogen zien, zullen dezelve op morgen avond voor de tweede maal worden vertoond”.

Inderdaad het die weeropvoering op Dinsdag 3 Mei, op „Byzonder Verzoek” gevolg.

Op 14 Julie³⁾ volg *Hariadan Barbarossa, of Het Beleg van Reggio*, pragtige Tsp. (Drama) in 3 Bed., naar die Frans deur FALLÉE, „met geheel nuwe kleeding” ens., waarna *De Bloemenkrans, of De Minnaar in den Boom* (v. D. SPRONG), aangenaam Bs. (Farce) in 1 Bed.

„Gelyk by eene vorige gelegenheid” sê die *Zuid-Afrikaan*⁴⁾, „zoo merken wy ook nu aan, dat wy een gezelschap jeugdige amateurs niet te streng mogen beoordeelen. Zy trachten

¹⁾ Z. A. 21, 25, 28 Apr. '53.

³⁾ Z. A. 7, 11, 14 Jul. '53.

²⁾ Z. A. 2 Mei '53.

⁴⁾ 21 Jul. '53.

toch den liefhebber van het tooneel voor een oogenblik te doen vergeten dat hy leeft in eene stad met 30.000 inwoners — en deze de hoofdstad van Zuid Afrika — voor wie de vermaken, de schoonheden van 't tooneel niets aanlokkelyks schynen te hebben, voor wie het eene verborgenheid schynt te wezen dat het tooneel oorspronkelyk het middel is geweest ter voorplanting van beschaving en kennis, de oefenschool waarin mannen van naam hunne loopbaan begonnen hebben”.

Na hierdie bittere aanmerkinge aan die adres van die Kaapse publiek, bespreek die koerant die voorstelling in besonderhede. „Barbarossa werd meesterlyk uitgevoerd en wy... wenschen het gezelschap geluk met zyne aanwinst.

Alle (rollen) gaven bewyzen van gemaakte vordering en van zorgvuldige oefening.

Het was ons aangenaam te bemerken dat *Ramire* op onze vorige aanmerking heeft acht gegeven; zoo hy in de toekomst eene meer krygshaftige houding aanneemt, zou hy met meer voordeel uitblinken. *Stephano* hoewel pas van een hevige ongesteldheid bekomen, heeft zyne rol vry wel ten einde gebragt; doch het was blykbaar dat een veinsaard geen juiste vertegenwoordiger in zyn persoon vindt. Doch waartoe meer?

Maar het nastukje? Wat hierin gebrekkig was werd ruimschoots vergoed door vriend *Taps*, den vrolyken *Frank* en het beminnelyk *Roosje*.

Blydschap, gramstorigheid, gevoeligheid, droevigheid, deze zyn alle gemoedsstemmingen welke niet maar zoo in een oogenblik verdwynen. Zy worden door gebaarden aangeduid maar eindigen niet met dezelve. Indien men ook hierop voortaan wil acht geven, zal het doel van dezen wenk bereikt zyn.”

Van besondere belang in hierdie mededeling is, dat ons met jonge liefhebbers te doen het, w. o. blykbaar dames.

Vir begin Augustus¹⁾ word aangekondig *Eleonora(e) van Rosalba ens.* (PUJOS en DABAYTUA, vertaal deur KISSELIUS), 'n ou gunsteling, en *De Nachtmerrrie, of De Vampyr*, vry gevolg naar die Hoogduitse *Das neue Sonntagskind* (PERINET), Kl. Bs. met sang, in 2 Bed.

„N. B. Het Nastuk is nooit te voren op het Kaapsche Tooneel vertoond”.

Dit word ewenwel 8 September²⁾ voor die voorstelling, die laaste van die seisoen, plaasvind.

Die verslag³⁾ hieroor sê, dat „beide stukken werden op eene zeer voortreffelyke wyze uitgevoerd. Jammer maar dat

¹⁾ Z. A. 25 Jul. '53.

²⁾ Z. A. 1, 5, 8 Sept. '53.

³⁾ Z. A. 12 Sept. '53.

men by zoo veel inspanning, en zulk eene blykbare begeerte om algemeene genoeg te verschaffen, zich bedienen moet van zulk een klein gebouw. Niets zou derhalve aangener zyn dan te vernemen dat men geslaagd is in het plan hetwelk men thans op het oog heeft, te weten, om voor het a. s. seizoen eene maatschappy te vormen tot het daarstellen van een geschikten Schouwburg door middel van aandeelen" 1).

In 1854 word die eerste voorstelling aangekondig vir 18 Mei²⁾ met die ou gunsteling *Roland de Monglave* ens. (LOAISEL TRÉOGATE, vertaal deur ENGELMAN), en *Het Bankroet van den Schoenlapper* (MARTAINVILLE, vertaal deur DE QUACK), Kl. Bs. in 1 Bed. met sang. Tussenin vind 'n divertissement plaas. Die plek is die Skouburg, Breestraat, hoek van Dorpsstraat, soos voorheen.

Op versoek beveel die *Zuid-Afrikaan* die voorstelling in besonder aan³⁾, en sê o. a.: „Wel uitgevoerd wordende (en hieraan twyfen we niet, oordeelende volgens onze kennis aan het voorledene) zal men zich niet beklagen van de gelegenheid gebruik gemaakt te hebben.... De meeste oplettenheid zal besteed worden om de dames te geryven.”

Tenslotte vind die voorstelling op Dinsdag 23 Mei plaas⁴⁾ „omreden van de ongesteldheid van den Tooneelmeester”.

Die voorstelling het plaasgevind „voor een zeer aanzienlyk gezelschap⁵⁾. De stukken.... werden beiden voortreffelyk uitgevoerd en zeer gunstig ontvang; laatstgenoemde vooral werd met daverend gejuich begroet. De amateur door wien het *Divertissement* werd uitgevoerd, werd met onbegrensde toejuicing overluden, en werd na het tooneel verlaten te hebben, andermaal voor de gordyn geroepen door de onophoudelyke *encores* van het gezelschap”.

Vir 12 Oktober⁶⁾ word die „laatste” voorstelling van die seizoen aangekondig met „het prachtig tooneelstuk *Adelaide van Beyeren*”, naar die Frans van LOAISEL TRÉOGATE, met byvoeging van 'n „Prachtig Ballet in 4 Bed.”, waarna het Ks. *De Dronkaard, of De Boer Edelman* (KOTZEBUE), in 2 Bed.

Die *Zuid-Afrikaan* verseker „de beminnaars van het tooneel” dat hul in die geleentheid gestel word om „een uurtje van aangename zoowel als leerzame uitspanning” te geniet. Die geselskap reken op *ruime* ondersteuning. „Het Ballet is zeer fraai, en de kinderen door wie hetzelve zal worden uitgevoerd zyn volkomen voor de taak toegerust”.

In die verslag⁷⁾ sê die *Zuid-Afrikaan* dat die voorstelling

1) Sien bls. 460, 481.

2) *Z. A.* 11 Mei '54.

3) *Z. A.* 15 Mei '54.

4) *Z. A.* 18, 22 Mei '54. – Ook Edit. 18 Mei.

5) *Z. A.* 25 Mei '54. 6) *Z. A.* 5, 9, 12 Okt. '54; *C. Adv.* 10 Okt. '54, – ook Edit.

7) *Z. A.* 16 Okt. '54.

die „gezelschap — alle jeugdige amateurs — tot eer strekt. De grootsche tooneelen in *Adelaide*... werden zeer juist uitgevoerd”, en veral in die laaste bedryf, waar Adelaide, dood gewaan, haar plotseling in die ontslote grafnaald aan die wanhopige Hertog Frederik openbaar, „was de indruk . . . zoo levendig dat eene aanhoudende en verdovende toejuicing het gevolg was. Het Ballet, waardoor het stuk besloten werd, was zeer smaakvol niet alleen, maar ook met juistheid door het achttal kinderen uitgevoerd”. Luide toejuiging was veelvuldig en dit was selfs nodig om te verduidelik dat ’n „encore” van die halfuurlange ballet onmoontlik was.

Weer moet die koerant sê hoe jammer dit is dat die geselskap hom met so’n „eng en beperkt gebou” moet vergenoeg. „Hetzelve vindt zich hierdoor zoo zeer gedrukt dat het eindelyk besloten heeft zyne vertooningen te staken, en na de aangekondigde vertooning van morgen avond den schouwburg te onttakelen.” Dat hierdie besluit baie leedwese sal veroorsaak spreek vanself. Maar hierdie voorneme blyk duidelik, sê die blad, uit ’n verklaring (deur die blad volledig weergegegee), wat by die voorstelling gedoen is.

In hierdie verklaring kondig die spreker o.a. ’n weeropvoering vir 12 Oktober aan, terwille van diegene wat geen plek by daardie geleentheid kon kry nie, en vervolg: „Deze zal dan onze laatste vertooning op deze plaats zyn; daar dit gebou voor onze einden geheel ongeschikt is en hetzelve zal gevolgelyk onttakeld worden om voor de eene of andere bezigheid plaats te maken. *Kunstmin spaart geen Vlyt*. Deze aloude zinspreuk zien wy wederom bewaarheid in de onvermoeide pogingen van hem (die heer LANGERMAN¹) volgens die Engelse lesing), die, ofschoon zyn plan om eene meer geschikte inrigting van eenen aard als de onze daartestellen, uit gebrek aan deelneming reeds eenmaal is mislukt²), zyn voornemen heeft geuit nog eene kans te wagen by het edelmoedig Kaapsch publiek. Indien dus ook deze geen byval vindt, dan neemt ons toneelbestaan een einde.” Maar hulle hoop vir die beste, dat hul ondersteuners diè gevoel vir die skone en goeie het, dat hulle genoop sal voel naar vore te tree. Reeds het een van die nuusblaaie³) op uitmuntende wyse uitgewy oor die gebrek aan plekke van openbare vermaak in Suid-Afrika, aan plekke veral, „die strekken kunnen ter oefening, verlichting en veredeling van den geest, dat edelste deel van den mensch.” Die geselskap sluit hom volkome by hierdie sienswyse aan, en hoop dat die volgende seisoen ’n einde aan hierdie gebrek sal sien.

1) Vgl., bls. 482.

2) Sien bls. 458—459.

3) Vermoedelik die *Z. A.* bedoel. Sien bls. 458.

Ook die koerant hoop dat die geselskap se wense vervul sal word. „Eene stad toch met 25,000 tal inwoners, en daarenboven een hoofdstad, zonder een geschikt Schouwburg, dit is zonder voorbeeld in de gansche beschaafde wereld!”

Op Dinsdag 17 Oktober het die weeropvoering tenslotte plaasgevind ¹⁾.

Die hoop van die geselskap om 'n groter geskikter lokaal te kry word egter nie verwesenlik nie.

In 1855 speel hul weer, maar onder prikkel van liefdadigheid, en met verlof van die bevelvoerende offisiere ²⁾, in die Garnisoenskouburg. Die „Patriotic Fund” vir die noodlydendes deur die Krimoorlog ³⁾, is die voorwerp van hul ywer.

Op 26 April ⁴⁾ word opgevoer *Hariadan Barbarossa* ens. (FALLEE) ⁵⁾ met „prachtig” Ballet in 3 Bed., en *De Deserteur* (KOTZEBUE, vertaal deur v. ESVELDT HOLTROP), Ks. in 1 Bed. Met verlof van kol. SMITH speel die „bende” van die 73^{ste} Regiment.

Die onderneming het 'n vol (crowded) huis gehad ⁶⁾. Die spelers het hul vroeëre roem nie alleen gehandhaaf nie, maar indien moontlik, selfs vermeerder. Die ballet is op meesterlike wyse uitgevoer; die herhaalde, welverdiende toejuiginge moes baie „strelend” vir die kleines gewees het. Die blaasorkes verdien dank vir hul verlewending van die geleentheid. Mag hul steeds ondersteuning verleen by verdere opvoeringe vir so'n edele doel.

Na afloop van die ballet het die heer HERHOLDT, 'n lid van die geselskap, 'n toespraak gehou, wat woordelik weergegee word.

Die heer HERHOLDT druk sy „onvermengde” vreugde uit oor die aanwesigheid van die gehoor. „Cabo's zonen” weet om meegevoel te toon met die ongehoorde lyde van diegene, wat, ver van huis en in 'n onherbergsame oord, „vechten voor de zaak der vryheid en de magt van den despoot trachten te fnuiken, die geheel Europa onder zyne heerschappy wil brengen” ⁷⁾.

Die seuns van die gryse Albion moet warm vir die doel van die fonds voel; die Kaapse publiek ken sy plig teenoor die lydende mensheid.

¹⁾ Z. A. 16 Okt '54.

²⁾ Die eerste keer met verlof van die Komdt. en lt.-kol. Smith; daarna met die van lt.-kol. Pinckney.

³⁾ Sien bls. 412, 431.

⁴⁾ Z. A. 19 Maart, 19, 23, 26 Apr. '55; C. Adv. 19, 21, 24, 26 Apr. '55. *Mon.* 25 Apr. '55; S. S. (Edit.) Bo-op die advertensie staan die Britse wapen, onderaan „Vivat Regina”. In vervolg ook by alle advertensies van die garnisoensspelers. Vgl. bls 396, vtn. 9), en 401; 403 e. v., 462.

⁵⁾ Sien bls. 457.

⁶⁾ Z. A. 30 Apr. '55.

⁷⁾ Dis of 'n mens 1914 hoor!

Die geselskap is bly dat sy poginge om iets by te dra „tot zulk eene verhevene en menschlievende zaak”, dusdanig die steun van die publiek geniet. „Wy willen dan hopen dat gy het gebrekkige van onze vertooningen welwillend vergeven zult, en door uwe gedurige bywooning van de stukken die wy alhier ten tooneele willen voeren, ons in staat stellen zult eene aanzienlyke som als gift te mogen aanbieden.”

Die Engelse blaaie is van dieselfde oordeel as hierdie verslag. So b.v. die *Cape Monitor*¹⁾, wat sê dat „The attendance... was very numerous, and the... amateurs were loudly applauded, their several parts being well sustained.” By die £ 70 word vir die Fonds verwag.

Ten slotte blyk dit £ 15 te wees, en 'n tweede voorstelling vir dieselfde doel word aangekondig²⁾.

Die voorstelling word aangekondig vir Dinsdag 12 Junie³⁾ met *Het Geheim*⁴⁾, pragtige Tsp. (Drama) in 5 Bed., deur die skrywer van *Rinaldini*; waarna, op besondere versoek, *Het Groot Ballet*, en tenslotte *De Helleveeg* (LOOSJES), Ks. (laughable farce) in 1 Bed. Met verlof van lt.-kol. PINCKNEY sal die militêre blaasorkes aanwesig wees.

Die *Zuid-Afrikaan*⁵⁾ in 'n ekstra klein aanbeveling, verwag, „oordeelende volgens den afloop der laatste vertooning... dat de tegenwoordige even talryk bygewoond, en even eervol ten uitvoer gebracht zal worden.”

Maar hy het dit mis⁶⁾. Die voorstelling is „naar wenschen uitvoer gebragt”, maar die „moeite en inspanning... en edele doel” het nie die gewenste ondersteuning geniet nie. Dit kan drie oorsake gehad het: “1. De bedrukte staat des handels, welke ook op private personen invloed heeft. 2. De aangekondigde Engelsche vertooning op den volgenden avond in de Beurs⁷⁾. 3. De verhooging van den prys der enkele billetten tot 5/-.

Zoo het gezelschap mocht besluiten het zoo prachtig als leerryk *Geheim* andermaal ten tooneele te voeren, is het te hopen dat het die ruime ondersteuning zal genieten, waarop het met zoo veel reden aanspraak maken kan.”

Dit gebeur, maar hierdie keer neem die geselskap goeie voorsorge om 'n tweede fiasko te voorkom.

¹⁾ 28 Apr., 2 Mei '55.

²⁾ *C. Adv.* 19 Mei '55 (Edit.); *Z. A.* 21 Mei '55.

³⁾ *Z. A.* 7, 11 Jun. '55; *C. Adv.* 5, 7, 9, 12 Jun. '55. „Leve de Koningin!” onderaan. (Vgl. vorige bls., Vtn. 4).

⁴⁾ Daar bestaan ook *Het Geheim* van F. B. Hoffman, vertaal deur Witsen Geysbeek uit die Frans.

⁵⁾ *Z. A.* 11 Jun. '55.

⁶⁾ *Z. A.* 14 Jun. '55; *C. Adv.* 16 Jun. '55.

⁷⁾ Sefton Parry. Sien bls. 428.

„Op byzonder verzoek zal het . . . Gezelschap . . . op 28 Junie ¹⁾ ten tooneele voeren, tegen zeer verminderde pryzen, *Het Geheim*. N.B. De Vertooning zal geen plaats hebben tenzy al de Loges genomen zyn.

Inteekenaren gelieven te bedenken dat de vertooningen niet gegeven worden uit eigen belang, maar *alléén* tot voordeel van Weduwen en Weezen — de lyders door den tegenwoordigen oorlog”.

Die blaasorkes verleen sy steun soos gewoonlik.

Die *Zuid-Afrikaan* ²⁾ wys o.a. daarop dat geen beswaar meer teen die pryse kan bestaan nie, en dat die „Inteekenaren gelieven” ens. besondere aandag verdien.

Nog een feit verdien vermelding in verband met hierdie voorstellinge.

In 'n kort stukkie ³⁾ oor J. C. COMBRINK in 1911 lees ons:

“It was rather by his activities out of working hours that J. C. has made himself memorable.” Allerlei dade wat van persoonlike moed getuig het hy verrig. “But before these exploits he had been busy play-producing. He got companies together, drilled them, and taught them and produced plays in English and in Dutch, presenting his plays in theatres now gone and forgotten . . . The BALACLAVA Benefit which was given in the old Barracks in Caledon Square realised £ 50”. Hy is nou 72 jaar oud.

Hieruit sou ons kan opmaak dat COMBRINK nie alleen deelgeneem het aan hierdie Krimvoorstellinge nie, maar selfs die hooffiguur daarin was. Hy sou dan egter 16 of 17 jaar gewees het! Die geselskap het wel uit jeugdige ⁴⁾ amateurs bestaan, maar sou selfs die leier *so* jeugdig gewees het? En wat van die here RICHTER, LANGERMAN en HERHOLDT ⁵⁾ as leiers? Ek glo COMBRINK sal meegespeel het, maar leier was hy nog nie. Dit word eers die geval in die volgende tydperk ⁶⁾.

Wat die £ 50 betref, sou dit 'n fout vir £ 15 ⁷⁾ wees? Of was dit die gesamentlike som van al die voorstellinge?

Hiermee sluit hierdie tydperk af. Dit word 1862 ⁸⁾ voor ons weer van Hollandse opvoeringe hoor, van sekere Rederykerskamer “Aurora” (blykbaar die voorloper van die meer bekende van 1866—1886) ⁹⁾, wat 'n liefdadigheidsvoorstelling gee vir die noodlydendes ten gevolge van die oorstroming

¹⁾ *Z. A.* 18, 21, 25 28 Jun. '55; *C. Adv.* 28 Jun. '55. ²⁾ 18 Jan. '55.

³⁾ *Argus Christmas Number.* ⁴⁾ Sien bls. 492. ⁵⁾ Sien bls. 492.

⁶⁾ Sien bls. 442.

⁷⁾ 18 Jun. '55.

⁸⁾ *Volksvriend* 30 Aug. '62.

⁹⁾ Sien bls. 442.

op Kuilsrivier; dit word 1865¹⁾ voor *D. Y. b. d. K.* weer tot kragtige nuwe lewe ontwaak. Die Basoetoeoorloë van die Oranje-Vrystaat, maak die meegevoel van hul „land- en geloofsgenoten” aan die Kaap wakker. Die liefdadigheid gryp soos vanouds naar die toneel om die lyers in die Oranje-Vrystaat te hulp te kom. ’n Nuwe bloeiperiode van Hollandse toneel begin aan die Kaap, gebore uit die opkomende nasionale bewussyn van die Afrikaner.

§ 4. Bestryding van Toneel.

Van aktiewe toneelbestryding soos in die vorige periode is in hierdie geen sprake nie. Daar het, om mee te begin, nie dieselfde drang toe bestaan nie. Na die oorweldiging van die toneel deur die Metodistiese magte in die vorige tydperk, word dit 1832 voor eersgenoemde weer ’n noemenswaardige en dan nog skoorvoetende begin maak. Ongeveer 1841 sê ’n besoeker²⁾ aan die Kaap: “There is neither opera nor theatre, nor park, nor concerts, nor court, nor news” — wat ’n bietje sterk gegeneraliseer is, maar baie waarheid bevat.

As die toneel tenslotte vaart gekry het, pas hy goed op dat hy die sedelikeitsvaandel hoog hou. Meer as dit, die sterk punt van sy verdediging word selfs dat mense juis die sedelikheid ondermyn deur die toneel nie te ondersteun nie. Immers — dit is die kern van SAM SLY se betoë — die toneel verdryf ledigheid, wat die duiwel se oorkussing is! Hierby voeg hy soms die waarde van die toneel as teengif vir die oorweldigende geldmaaksug van die Kaap³⁾.

SAM SLY is tiepies van die Engelse beskouing van die saak. Hulle verdedig die toneel veral as ’n onskuldige vermaak, wat origens nuttig en sedevormend is: “a rational (as well as moral) amusement”⁴⁾. Die hakkies tiepeer!

By die Hollandssprekendes daarenteen, is die aktuele lering en stigting wat van die toneel uitgaan, hoofsaak. Hulle verdedig die toneel as skool van goeie sedes. „Tot Nut en Vermaak” met „Tot Nut” op die voorgrond, is inderdaad die kortste en mees juiste samevatting van hul sienswyse⁵⁾.

Soos in die vorige, staan in hierdie tydperk die opvatting oor toneel nie op homself nie. Dit is ’n onderdeel, hoewel

¹⁾ *Z. A.* 24, 28, 31 Aug. 1865 e. v.

²⁾ A. W. Cole, *The Cape ens.* Lond. 1852.

³⁾ Sien bls. 465—466.

⁴⁾ Sien bls. 465 e. v.; in besonder bls. 476, 491—492.

⁵⁾ Sien bls. 444, 454, 457, 459, en vgl. ook bls. 392, vtn. 4).

die vernaamste, van die opvatting oor vermaak as geheel.

Besonder interessant is dit om te sien hoe die propaganda vir gesonde vermaak langsaam maar seker deurwerk, hoe die ou Metodistiese opvattinge verdwyn of opvlam, gewysig word of hulself bly handhaaf. Die propaganda gaan die meeste uit van Engelse kant: SAM SLY (W. L. SAMMONS). Van Hollandse kant is dit minder, soos dit minder nodig was. Die Hollandssprekendes het hul die beste gehandhaaf in die vorige periode teen die Metodistiese aanval, hulle is die eerste wat hulself die volste herstel in hierdie periode. Hulle standpunt, wat eintlik konsekwent dieselfde bly, met sy grote erkenning van die plaas van „sedelikheid” in toneel, was origens die mins aanvegbare van Metodistiese kant. Tog moes almal ly onder die verval wat ingetree het op gebied van vermaak. So vind ons dat van Hollandse kant ook stemme opgaan vir die aanwakking van gesonde vermaak¹⁾. In Junie 1843 begin SAM SLY met sy *African Journal*, 'n weekblad, wat die vooropgesette doel het om letterkunde en amusement te bevorder. Nie alien moes die inhoud op sigself vermaak verskaf nie: vermaak in die algemeen moes ook aangemoedig word.

Hierin het SAM SLY ongetwyfeld geslaag. Wat meer is, sy werk word erken en gewaardeer²⁾. Hy was persoonlik 'n oortuigde Christen; hy hou later selfs 'n winkel met Christelike lektuur aan; tegelykertyd was hy onbekrompe, en iemand wat die waarde van 'n hartlike lag, van gesonde vermaak goed begryp het.

Tiepies van hom is die betoog wat hy in Junie 1844 in die *Cape Town Mail*³⁾ hou, naar aanleiding van 'n voorstelling van *T. N. en V.* Hy verdedig toneel as 'n gesonde gesellige vermaak, 'n pragtige middel teen die kwaadpraat en kwaaddoen wat anders so ligtelik uit niksdoen voortvloei. Dis bowendien 'n volksvermaak wat die voorkeur bo alle ander verdien; 'n skool “for the natural moralities of life.”

Keer op keer hamer hy op hierdie aambeeld van gesonde vermaak en waar hy kan, gee hy die oordrewe godsdienstiges 'n steek. Vir sommige voorbeelde verwys ek elders⁴⁾. Ander haal ek hier nader aan.

In 1845 word 'n sterk beweging op tou geset om Kaapstad weer 'n skouburg te besorg⁵⁾. Die voorstel geniet natuurlik *Sam Sly* se volle ondersteuning en hy skryf onder hoof “Theatres and Fancy Balls” o.a.:⁶⁾

„The general complaint amongst Indians, and others who

1) Sien bls. 453, 454, 458, 460.

2) Sien bls. 480—481.

3) Sien bls. 445 e.v. 4) Sien bls. 448 e.v., 450, 467—468, 478 e.v.

5) Sien bls. 476.

6) 5 Jun. '45.

visit the Cape, as well as amongst the residents themselves, is, that we have no amusements — nothing to break into a dull monotony, and to vary one cuckoo strain of '*Sales and Stores*' and '*Stores and Sales*' again. The complaint is just — we are fixed to one Idea, so that if we are not careful, we shall sell ourselves ¹⁾ — to whom is not mentioned, for fear of the consequences.

If the projectors and committee act up to their proposals and intentions, and never lose sight of their credentials of *prudence, respectability* and *spirit* — without which any... Theatre in a limited community must fall —; if their '*amusements*' be strongly tinged with '*morality*' — and the promise is not stifled in the performance —; if the follies and targets at which they aim, be more *remote* than *near*, or if occasion warrants a more local observance, they '*do their spiritings gently*', and kindly; *then* will a *new theatre* be found a great acquisition, and afford a subject *where* now it is difficult to find one, unless it be '*small talk*' or '*tittle tattle*'. Should any such building arise, the Drama will fall under our special care and notice; and we shall not spare pains nor stationery, to do justice to... the new Theatricals, and to sketch their representations for the perusal of the Old Country. (Tiepies Engels! — F.B.) For after all the play '*The Play's the thing*', says Hamlet; and '*Is there no play to ease the anguish of a torturing hour*'? asks another."

Wat betref "Fancy Balls" het hy gehoor dat planne daarvoor aan die gang is. Die groot moeilikheid sal wees om te weet "where to draw the line": ten opsigte van die toelaatbare publiek met die oog op de verskille van stand en kleur aan die Kaap. Hy reken soiets moet heeltemal nie probeer word nie. Laat kom wie wil. "The true sensibility will act for itself".

In sy aanbeveling van 'n voorstelling kort hierna sê *Sam Sly* onder die hoof "Make your choice" o.a.: "It will be discovered by this day's journal, that four attractions and exciting doors will be opened shortly for the lovers of the *Polka*, the *Drama*, *Science* and *Wesley*; namely the New Wesleyan Chapel at Rondebosch, this morning...; the theatre in Roelandstreet; this evening..; the 'Steam and the Steam Engine', Lecture by Rev. J. C. BROWN, tomorrow...; and the 3rd Subscription Ball at the Exchange Rooms, on Tuesday. .!" ²⁾

Die vermake gaan vooruit. Inderdaad geen maand hierna

¹⁾ Sien bls. 460, 481. Dieselfde argument van vermaak as teengif vir die geldmaakgees.

²⁾ 17 Jul. '45; sien bls. 414..

nie kan *Sam Sly* skrywe: 1) "They say that Balls and Amusements are on the increase, and that the Cape is arousing out of a long slumber".

En 'n jaar van tevore het *Sam Sly* nog gekla, dat intekenbals "are the only remaining relic of amusement at the Cape on a grand and universal scale without which (there reigns)... more than cloisteral gloom and sadness". Trouens in Maart 1845 sê hy nog dat vakansies aan die Kaap is: "Dull beyond all dulness, Horrible, most Horrible" 2).

Teen 1845 kan ons sê, het die gety definitief gekeer ten gunste van behoorlike vermaak. 'n Nuwe (Engelse) skouburg is aan kom 3); sedert Julie 1845, veral sedert 1846, het ons veel meer vermelding van Engelse toneel 4). (Die Hollandse toneel gaan sy gewone gang). Bals: inteken-, masker-, wedrenne-, e.a. is meer as gewoonlik aan die orde van die dag 5). Daar word selfs die "Cape Assembly Rooms" ingerig as besondere feessaal vir dans en soepeegeleentheid. 'n "Amateur Musical Society" gee gereeld suksesvolle konserte 6). Die wedrenne gaan hul ou gang 7). Daar vind selfs weer 'n "Race-week" toneelvoorstelling plaas 8). 'n Tiepiese Wesleyaanse „vermaak” wat opkom is tallose „lectures” oor allerlei leersame onderwerpe 9). En, 'n paar jaar later, in 1849, kan *Sam Sly* die ondersteuning van die Kaapse publiek aan amateursopvoeringe nie genoeg prys nie 10).

Natuurlik laat die Metodisme hom nog geld. Maar dis lang nie in dieselfde mate soos voorheen nie. Dis meer in die algemeen teen vermaak, en wat toneel in besonder betref, meer in obstruksionistiese sin, as stilwerkende, verhinderende element, dan in militante sin. Die hele periode trouens is meer een van stryd vir toneel teen gevestigde Metodistiese opvattinge, as vir Metodistiese opvattinge teen toneel.

Ten eerste dan, bly die Metodistiese gees in obstruksionistiese sin voortbestaan, 'n voortbestaan wat meermale reaksie en bestryding uitlok.

Dit het ons reeds verskillende kere gesien 11). Dit sien ons in nog 'n paar gevalle.

By die opening van die nuwe skouburg in Hoopstraat sê SAM SLV 12) o.a. "If this be conducted with spirit and decorum

1) 7 Aug. '45.

2) 18 Jul. '44; 27 Maart '45.

3) Sien bls. 476.

4) Sien bls. 413 e. v.

5) Vgl. S.S. 17 Jul., 7, 14 Aug., '45; ook o.a. Tradesman's Ball, Bachelors' Ball; S.S. 24 Apr. '45 e. v.: Race-ball ens.

6) S.S. 20 Maart '45.

7) S.S. 17 Apr. '45 e. v.

8) Sien bls. 415.

9) S.S. 8 Mei '45 e. v.

10) Sien bls. 397.

11) Sien bls. 454, 457, 476, 481.

12) Mon. 10 Sept. '53.

(toegewing aan die Metodistiese gees! — F.B.), it may dispel a good many of those gloomy clouds that gather below as well as above the mountain's brow".

SAM SLY skryf 'n brief in 1853 aan die *Monitor*¹⁾, waarin hy besonder teen die *Commercial Advertiser*, die vernaamste mondstuk van die Metodisme, teen die growwe materialisme juis van die ultragelowiges, te velde trek. Bo-aan die brief staan:

"Mutton! Mutton!! Mutton!!!

Mutton and Morality, Pork Punjums and Piety served up together in the same dish, are all the rage just now in Cape Town; as advocated in our *Commercial Advertiser*, and flying gratuitous sheets, wherein small *news* is chopped up for hungry maws with weak and yet rapid digestions, and doled out fresh on Tuesdays, Wednesdays and Saturdays and served up cold or hashed on the intermediate days". Dit is alles, per slot van rekening, 'n poging om tegelyker-tyd die hemel te bereik en die aarde te behou, van "blending the mental with the physical." Maar wat word intussen van die muse en die lettere, deur hierdie vermenging van "fact and fiction, wool and wisdom?" Tog is daar miskien 'n kans oor vir poësie, mits dit nie te verhewe en te ver verwyder van alledaagse onderwerpe is nie. Hy gee dus "a few *mutton sonnets*, which although *served up*²⁾ before, we think, will *go down* as well as other dishes." Hy dien die sonnet op, met "mutton chop sauced up with it". 'n Mens kan sekerder "aim at the *head*, where the *stomach* is also interested." Die verse volg. Eers kom 'n proloog

"I sing of mutton . . .

.....
The sturdy Briton still is named John Bull
'Tis said bull-beef alone will fill John full.
And when his body will no more contain
He stows it in his head by way of brain."

SAM SLY spot met die oorwig wat eet bo dink by die meeste mense het; in die eet weer het „mutton" die oorwig.

"Oh, may that Inkle never find a Yarico,
Who no enjoyment finds in mutton haricot" —
En "neck or nothing be the fate of that one,
Not prone to *neck of mutton* when a fat one.
So *mutton*, in its vast variety
Be 't mine to sing despite satiety."

Daar volg 'n sonnet *Mutton Alive*. 'n Lam word aan-

¹⁾ *Mon.* 10 Sept. '53.

²⁾ Uit: „Frazier" sê S.S. Vermoedelik word *Frazier's Magazine* bedoel.

gespreek. Watter oogste is nie reeds van sy rug verkry nie!
En al spyt dit die digter: wat sou hy nie lekker smaak nie!

„Still less thou think'st whilst thou for food art bleating,
Thou art thyself such excellent good eating.”

Later in die jaar¹⁾ bespreek die *Monitor* 'n brief wat in die *Port Elizabeth Telegraph* verskyn het, een van 'n reeks wat jare tevore deur SHERIDAN KNOWLES geskryf is in verdediging van die Britse drama teen die dominees. “It is to be regretted that only one of the series should have appeared in this colony, where the drama seems so little understood”, temeer waar KNOWLES een van die grootste Britse dramatisie is, met by die dertig stukke, „all of the highest standard of art, and of the most taintless morality.” “The friends of the drama may rest assured, a defeat will not be known, while it has a champion like Mr. KNOWLES”.

Ten tweede kom militante uitinge van Metodistiese kant voor.

Om mee te begin, bestaan van 1845—'46 (?)²⁾ weer³⁾ 'n Metodistiese orgaan, die *Cape of Good Hope Christian Magazine*. Sam Sly⁴⁾ kenmerk dit tereg as “one long grave sermon with a few Hymns as Interludes and respites”. Hierdie tydskrif het lank nie vir ons die betekenis wat die *South African Christian Recorder* in die vorige tydperk gehad het nie. Dis slapper van toon en minder militant, en teen toneel afsonderlik voer dit nooit oorlog nie. Dit tiepeer die Metodisme goed in hierdie tydperk: 'n mag wat langsaam aan taan is, maar nog gedug van invloed, en wat af en toe opvlam in sy ou felle krag.

Teen die end van 1844 het 'n traktaatjie verskyn: *Realities, not Appearances; or, Is the World Christian? Addressed especially to the Upper Classes*⁵⁾.

Die blad bespreek dit natuurlik in goedkeurende sin. Dis die ou beweringe oor vermake wat alleen die vleeslike luste wek, alle hoëre strewe dood, die wet van Christus onteer. Godsdien in huisgesinne word eerder onderdruk as aangemoedig.

Die skrywer het in hierdie stuk veral bals op die oog. Dit was toe die mees algemene⁶⁾ vorm van vermaak. Dit bly dit verder en ondervind, soos te begrype val, die meeste regstreekse bestryding in hierdie tydperk.

1) 5 Nov. 1853.

2) In Britse Museum, 1845—'46. Vgl. S. S. 5 Des. '44; 2 Jan. '45. Dit verskyn by A. S. Robertson en J. H. Collard, 24 Heerengracht, Cape Town.

3) Sien bls. 352.

4) 2 Jan. '45.

5) J. H. Collard, Cape Town.

6) Die Hollandssprekendes het gereeld toneel gehad. Sien bls. 445 e.v.

Sam Sly het ewe tevore die traktaatjie veroordeel ¹⁾. Hy sê dis 'n aaneenryging van feite waarmee die oordeel al lang bekend is, maar wat die wil of gevoel moeilik vind om te volg. Die skrywer besien die lewe alleen van die donker kant. Hy maak uit dat om die salighede van die hiernamaals te geniet, moet ons alle genot van hierdie lewe laat vaar. Hierdie leerstelling is reeds inkonsekwent en teenstrydig met die "scheme of Providence and beauties of Nature", soos ons dit vind. Sonde het nog geen natuur lelik gemaak of ons ons vermoë om dit te geniet ontnem nie.

So is dit met ons gewone genoegens en vermake. In hulself besit hul geen kwaad nie. Mense met rein harte en deugsame beginsels kan van vermake in die ruimste sin gebruik maak. 'n Man met somber gesig is nie altyd die beste Christen nie; 'n opgeruimde man daarenteen dikwels wel.

Kort hierop, ongeveer die tyd wat die bals begin, is dans weer aan die pen in die blad ²⁾. Dit gebeur in die vorm van 'n samespraak tussen Flutterella, 'n danslustige, en Clara, 'n ernstige jong meisie. Die stuk heet *Are you not Going to the Ball to-night?* en is van "Dialogus". Die kern van die betoog is dat dans 'n ydele, dikwels skadelike vermaak is; 'n vermaak wat op homself nie verkeerd is nie, maar tot verkeerde dinge lei. Op dieselfde soort gronde word "gaming" (dobbelspel) by kaarte kort hierop veroordeel ³⁾.

Interessant in hierdie betoë is dat vermaak nie meer onvoorwaardelik veroordeel word nie. Die vermaak self sou nie verkeerd wees nie — maar die gevolge daarvan! Die strydters teen vermaak draai dus enigermate by. Maar die hoogtepunt in die *Christian Magazine* word eind 1845 deur „Luke” bereik ⁴⁾. „Luke” trek te velde teen „Oratorios —

¹⁾ *S.S.* 7 Nov. '44. Die oorsigtelikheid van die stof win m.i. deur dit in hierdie volgorde te behandel.

²⁾ *Chr. Mag.* 1845. Bls. 137. Clara vind dans sleg vir die gesondheid — hoofpyn, lusteloosheid ens. die volgende dag; dis 'n ydele vermaak waaruit geen werklike nut of goed gebore word nie; die manne by sulke geleenthede is meestal leeghoofde; dans is nie op homself verkeerd nie, maar dit verrig „moral injury”; 'n dansparty is alleen 'n plek vir skinderpraat en afguns. Clara verkies om haar lewe te vul deur onderhoud met haar vriende; met die „beauties of nature and art”; met filantropiese werk ens. — Dis 'n goeie voorbeeld van hoe gewoonlik geredeneer word oor sulke sake. Alleen één kant word gesien, die kwade, en die in sy uiterste vorm. Daarop volg dan die veroordeling.

³⁾ 1845, bls. 273. Speel vir geld is absoluut verkeerd. Speel vir vermaak hoef nie op homself verkeerd te wees nie. Maar terwille van die swakkere broer — Paulus se leer — moet ons dit laat staan. Dikwels ook begin 'n mens vir vermaak te speel en eindig met vir geld te speel — tot eie ondergang miskien.

⁴⁾ 1845, bls. 466.

Sacred Music". Hy raas en tier in blinde verontwaardiging, in felle fanatieke drif daarteen. Ook die toneel moet onder die roede van sy tong deurloop. Trouens, dit sou juis die toneel wees wat die hele boel die meeste verpes.

„Luke” skrywe naar aanleiding van 'n reeks “oratorios or sacred concerts” wat in Grahamstad ten behoeve van die kerkfondse plaasgevind het. Neem, sê hy, b.v. HÄNDEL se operas. Dit is verskriklik. Tekste uit die Bybel, die naam van God word oneerbiedig uitgeskree. Dis gewoon godslasteringe. Hy haal RICHARD WATSON aan wat sê, dat 'n “simple ball or concert” geen waarskuwing nodig het nie. Iedereen weet dis verkeerd. Maar “sacred music” of “charity” konserte is gewoon duiwelsliste om sulke dinge aanneemlik te maak. In hierdie geval stel die musiek die lyde van die Verlosser voor. “The performers (are) priests and priestesses of that temple of Satan, the theatre, from which more moral evil flows than perhaps from any other single source. *These are hired to sing such subjects; to imitate the sacrificial wailings of my blessed Lord, and to play upon cat-gut the sorrow which redeemed the world!*” Christus se lyde word vir vermaak gebruik. “The Oratorio performers are . . . a solemn mockery of God, being for the recreation of individuals who *avowedly* assemble for any but that of worship.”

Dat „Luke” se aanval groot indruk gemaak het, kan ek nêrens ontdek nie. Maar ons kry 'n idee van die eenaardige geestesgesteldheid wat hierdie soort mense dikwels besiel het.

In die volgende jaar¹⁾ (1846) word „moderne” jonge dominees onder hande geneem. “They are expert in hunting, sporting, playing cards, dancing at balls, clapping at theatres,” maar vir siekebesoek het hul nie veel sin nie.

Die ander stokperdjies van die Metodiste kom een vir een aan die beurt in die blad: dronkenskap²⁾, sabbatsontheiliging³⁾, wedrenne⁴⁾. By laasgenoemde is „Dialogus” weer aan die woord in 'n samespraak. Die toon is oor die algemeen veel gematigder as in die vorige tydperk.

Tenslotte kan ons van die *Christian Magazine* afskeid neem

1) *Chr. Mag.* 1846, bls. 165.

2) *Id.* bls. 189 — Kantiene sou in elk geval geheime dronkenskap verwyder. Dronkenskap is veral erg onder die arbeidende klasse.

3) *Id.* bls. 256.

4) *Id.* bls. 287. *Why were you not at the Races?* Samespraak tussen Phaeton en Eugenés. Baie gaan enkel wedrenne toe omdat hul nie die moed het teen die grote wêreld in te gaan nie. „Dialogus” bewonder die perd maar wil dit nie aanbid nie. Weddenskappe is natuurlik heeltetal verkeerd. Dit lei ook soms tot wreedheid aan die diere. Veral die morele reaksie is sleg, en nie bevorderlik vir die aankweek van 'n christelike lewenswyse nie. Wêreldsheid en ydelheid voer die botoon by wedrenne.

met die volgende aanhaling daaruit¹⁾. Onder die hoof *Negative Religion* kry ons, met weglating van die woordje „not”, ’n uitstekende katalogus van die sondes — vermake inklusief — waaraan die meeste sterweling hul skuldig maak.

“They do not profane the Sabbath.

They do not neglect the ordinances of God’s House.

They do not live without a form of prayer.

They do not take the holy name of God in vain.

They do not defraud their neighbour.

They do not neglect the poor and needy.

*They do not run a round of gaiety and folly*²⁾.

They are not seen on the race-ground.

They do not frequent the theatre.

They do not take their place at the card table.

They do not appear in scenes of riot and dissipation.

They are not drunkards.

They are not swearers.

They do not bring their children up without some regard to religion.

They do not cast off the fear of God.”

Maar hulle het God nie lief nie, gaan nie heeltemal in Hom op nie, stel Sy woord nie bo alles nie, het nog nie Sy vrede nie, en dus...

Die eerste vermaak wat vervolgens aan die beurt kom, is weer dans.

In Mei ’48³⁾ kondig die *Commercial Advertiser* aan, dat “*May I go to the Ball?* — A Tract for the Times”, gratis verkrygbaar is van „A. S. ROBERTSON, Heerengracht”.

Die stuk lok ’n lang en skerp brief uit van “Common Sense”, in die *Cape Town Mail* van 17 Junie ’48. Hy verdedig eintlik vermaak in die algemeen. Onder die opskrif *May I go to the Ball?* noem hy die stuk van hierdie naam ’n “sophistical little impertinence”. Dit betoon al die “narrow-mindedness and incapacity” van mense met oordrewe ywer en baie min kennis, „puritanical witlings” wat die saak van ware godsdiens dikwels meer skade doen as openlike ongelowiges.

Hierdie soort godsdienstige opvattinge wat ’n tydlang verdwyn het, het hulself „of late years” heropenbaar⁴⁾, en is helaas, weer ’n verspreiding „*upwards from the rash and ignorant, by pertinacity and conceit operating on timidity or love of popularity*. Unsoundness and delusion are at their base”.

Ten eerste trek hierdie soort puriteine die godsdienstige

¹⁾ 1846, bls. 474.

³⁾ 24 Mei.

²⁾ Kursivering van my.

⁴⁾ Dit slaan miskien op die *S. A. Chr. Mag.*

lyn te skerp. Daardeur sluit hul baie uit wat as gevolg daarvan volkome vervreemd raak van godsdiens. „Every difficulty we add to religion is a persuasive to irreligion.”

Ten tweede, as godsdiensstige persone van vermake, wat gewoonlik as onskuldig beskou word, volkome afsydig staan, sal die vermake nie ophou bestaan nie; maar wat wel gebeur is dat hul uitsluitlik in die hande van slegte mense verval, en daardeur gevaarlik word. Verbod van wat verkeerd geag word gaan nie noodwendig liefde vir die goeie kweek nie. “You will not make a child love Greek and Mathematics by taking away his tops and balls”. Maar soos hy van eersgenoemdes leer hou, sal hy vanself laasgenoemdes laat staan. Soos mense die ware godsdiens leer lief kry, sal hul die verkeerde en ligsinnige vanself laat vaar.

Hierdie soort yweraars stel “matters of opinion above matters of conduct; ordinances of worship (above) regulations of the heart and conduct”; in kort, vorm bo inhoud, misbruik bo gebruik.

Die maat van ware godsdiens kan nooit oorloop nie. Maar ware godsdiens is nog nie die besondere vorm (semblance) wat sommige daaraan wil gee nie, in oordrewe ywer om dit te verheerlik — altyd volgens eie, meestal verkeerd geleide, begrippe. Tog is hierdie vorm, die uiterlike voorkome, die skyn, hoofsaak by sulke mense; dit word aangesien as die oorsaak, i.p.v. die gevolg van godsdiensstige ywer.

Sulke mense “claim a greater zeal for religion in respect of their more frequent attention on religious ordinances — stricter observance of the Sabbath, *abstinence from many amusements*, greater activity in forming societies, *circulating tracts*, and the like”. Die s.g. laksheid egter van ander in sulke dinge ontspring nie uit minder godsdiensstige ywer nie, maar uit wangeloof aan die verpligting aan of doeltreffendheid van obserwasies en middels van so’n aard. ’n Katholiek is nie ’n godsdiensstiger man as ’n Protestant omdat hy meer vorme in ag neem nie! Trouens, dis bekend dat „nowhere is more zeal, or greater regard paid to devotional duties... than under the greatest corruption of doctrine”. Tenslotte sal gesonde verstand seëvier, glo die skrywer. Dit spyt hom alleen dat sy kennis nie uitgebreid genoeg is nie om “*accredited* theological casuists” aan te haal, om sy uitensettinge te staaf. Sulke aanhalinge skyn altyd baie invloed op die yweraars te hê en “might be expected to work wonders if they could be cited on the part of — *Common Sense*”.

Hierdie verweer staan op pote. Ons kan daar seker van wees dat dit doel getref het. Begryplik word, kort daarop 1)

1) Sien bls. 397.

die bekrompe, kleinsielige weiering van die *Ladies' Benevolent Society* om 'n benefiese te aanvaar van die Garnisoensgeselskap.

Vergeefliker daarenteen is die enigsin idealistiese standpunt wat betref die gepastheid van liefdadigheidsvoorstelling by geleentheid van 'n ramp soos die van die *Birkenhead*¹⁾.

Vir die volledigheid meld ek nog die skerpe wag wat gehou is op sterke taal of onsedelike uitdrukkinge. Die Garnisoensgeselskap moet dit in 1850 vir sy sterke taal ontgeld²⁾; BROOKE dra sorg dat hy in 1855 kiese ore vir ongewenste uitdrukkinge spaar³⁾.

§ 5. Die Opvoering⁴⁾.

a. Skouburge.

Na die verlies van die ou Skouburg op die Boereplein sal dit lange tyd duur voor daar weer 'n dergelike openbare gebou tot stand kom.

Die garnisoenspelers kom natuurlik die beste van die geval af. Hulle besit 'n eie bevredigende lokaal in die kaserne. Maar die spelers uit die burgery beleef 'n moeilike tydperk. Hulle word genoodsaak om hulle toevlug tot pakhuse e.d.g. te neem, wat hulle vir toneelspel inrig. Nie altyd was hierdie lokale bevredigend nie. Ongetwyfeld het hierdie gebrek aan 'n geskikte gebou toneelbedrywigheid teengehou, veral van Engelse kant. Die Hollandssprekendes was van oudsher gewoon om eie private lokale te gebruik; en is trouens die eerstes onder die burgery wat in hierdie periode voor die dag kom. So vind ons spoedig *Tot N. en V.* terug in 'n eie lokaal in Roelandstraat.

Maar die Engelssprekendes kon hul beswaarliker aan so'n toestand gewen. Hulle wou en sou 'n behoorlike nuwe skouburg hê. Met die totstandkoming daarvan het dit moeilik gegaan. Hulle eerste poging misluk. Tenslotte bring hulle dit sover — egter net vir 'n paar jaar. Die skouburg blyk nie bevredigend te wees nie, raak tot niet en die ou storie begin van vooraf aan.

Die geskiedenis van die Garnisoensskouburg is die gouste vertel. Dit bly in die eerste plek die lokaal van die Garnisoensgeselskap. Vir ander geselskappe was daar sekere beperkinge⁵⁾ aan verbonde, o.a. die spesiale verlof wat altyd nodig was van die militêre owerheid⁶⁾. Ook die plek waar

1) Sien bls. 402. 2) Sien bls. 398-399. 3) Sien bls. 410.

4) Vgl. hierby Tabelle K-M. 5) Sien bls. 428, 482.

6) Vide alle advv. in verband met vtnn. 3, 4, 5, op volgende bls.

dit geleë was, word as 'n beswaar gevoel ¹⁾. Die gebruik van die lokaal skyn gratis te gewees het ²⁾.

Ander geselskappe speel dus alleen onder besondere omstandighede daarin: by gebrek aan 'n ander lokaal ³⁾, in samewerking met garnisoensliefhebbers ⁴⁾, of by geleentheid van liefdadigheidsvoorstelling ⁵⁾.

GROOM ⁶⁾ sprekende teen 1857—'58 deel die volgende mee oor die Garnisoenskouburg: "This theatre was in an immense room on the second floor in that part of the barracks on the Ziekestreetside, and was most conveniently fitted up with boxes, pit, and gallery, stage scenery, orchestra, dressing rooms, etc.! It held a very large audience, and was frequently used at this period for dramatic performances by the non-commissioned officers and men of the 73rd Regt."

Dit was ongetwyfeld groter as die ander private lokale, hoewel dit nog altyd betreklik klein beteken. Origens word dit o.a. "this elegant little Theatre" genoem ⁷⁾. As sulks, was dit dus seker 'n heel geskikte lokaal.

Die geskiedenis van die ander lokale begin — vir sover bekend tenminste — in 1841.

Die verlies van die ou Skouburg op die Boereplein moes al gou gevoel geword het. Onder 6 November '41 verskyn die volgende advertensie in die *Cape Town Mail*:

"It is proposed to build a new and commodious Theatre, to be called the *Royal Victoria*, for the rational amusement of the public, both English and Dutch; in 500 shares, at £ 10 each. One pound to be deposited on each share, and the remainder to be paid by instalments."

Sodra die aandele geneem is, sal 'n vergadering van aandeelhouders, 'n Komitee van Bestuur vir die bou van die skouburg "on the most approved plan," kies.

"The business of the Theatre, when finished, to be managed either by a committee appointed for that purpose, or let, (as a party are willing to take the same, and give security for the amount, at a rate which would give the shareholders 8 per cent for their money) as the managing committee may think most advantageous to the shareholders."

Alie gelde sal in die Regeringsbank gedeponeer word, in

¹⁾ Sien bls. 482.

²⁾ Vir liefdadigheidsvoorstelling seker; vgl. bls. 401 e.v. Vir ander vgl. bls. 437.

³⁾ Sien bls. 436 e.v. (Dalle Case); 418 (*Amateurs of C. T.*).

⁴⁾ Sien bls. 409 (G. V. Brooke c.s.); 412 (Lycett c.s.).

⁵⁾ Sien bls. 420 (*Eng. Amat. Co.*); 455 (*Tot Oef. en Verm.*); 461 (*D. Y. b. d. K.*).

⁶⁾ *C. I. M.* Nov. 1899 bls. 551.

⁷⁾ Sien bls. 403. Vgl. Laidler, *Annals* ens. bls. 56.

naam van die aandeelhouders, vir gebruik deur die Boukomitee alleen naarmate die vooruitgang van die gebou dit vorder.

“That, when finished, there shall be a performance once in every week, in English, and a talented company be engaged from England, (assisted by a few amateurs) so as to merit the approbation of the public. And, that the public may enjoy a rational (as well as moral) amusement, as cheaply as possible, the prices of admission to be the same as in London.

That, occasionally, the performances be appropriated for charitable purposes.

Any lady or gentleman wishing to forward so laudable an undertaking, any donation will be thankfully received by Mr. DYASON, Keizersgracht, at the Commercial Exchange, the Public Library, the office of the *Zuid-Afrikaan*, or the Office of the *Ware Afrikaan* at which places, lists of shareholders will lie open, for the inspection of the public.”

Grappig is al die “douceurtjes” in die stuk: die skouburg is vir die Engelse en Hollandse publiek; 8 0/0 diwidend word in sig gestel; “moral” sowel as “rational” vermaak word beoog — en so goedkoop moontlik; die liefdadigheid word nie vergeet nie.

Hierdie eerste poging vir die bou van 'n skouburg misluk egter. In 1845 word die plan hervat met meer sukses. GROOM¹⁾ vertel in verband hiermee, sprekende oor 1843: “Not long after this, during business hours three young men (stellig van *All the World*. — F. B.²⁾) one of whom was young Mr. H. CARPENTER, a clerk at THOMSON, WATSON & CO., called on my employer with a prospectus and plans for building a small theatre at the corner of Drury Lane and Constitution street, the shares in which were, I think, £. 10 each, and a stipulation with the architect and builder that should the scheme not prove a success the building should be so constructed as to be readily turned into dwelling-houses³⁾. Sufficient shares were taken, and the building was rapidly⁴⁾ completed with separate entrances to the boxes, pit and gallery. Mr. CARPENTER a few years later fell off the top of the Devil's Head into a deep ravine and was killed on the spot... A very largely attended funeral followed”⁵⁾.

Van *Sam Sly* verneem ons die meeste ander dinge van belang in verband met hierdie skouburg. Onder 5 Junie 1845 skrywe hy onder hoof *Theatres and Fancy Balls*:

1) *C. I. M.*, Okt. 1897. Bls. 519.

2) Sien bls. 414 en 477—478. — J. F. Long.

3) Sien bls. 480.

4) Groom vergis hom. — Sien verder.

5) Groom vertel in besonderhede die soek naar die lyk ens., ook allerlei van Carpenter se famielie.

“By advertisement it will be seen that a project is afloat for the erecting of a new and commodious theatre, worthy the attention of a fashionable community, and to meet the necessary wants of the times.” Hy wei uit oor hierdie benodigdhede¹⁾ en wat vir morele e.a. gesigspunte die ondernemers in die oog moet hou, en vervolg:

“It appears to us, that if the shares had been £. 5, instead of £. 10, they would have been more convenient to many. Or if, instead of *shares* the sums were *gifts*, this might prevent a similar disaster, as on a former occasion, when the shares were all collected and sold, and the building was purchased for other purposes. Thus destroying the *original intention, not mentioning what benefit may have accrued from the change*”²⁾.

Daar volg op 3 Julie (maar 4 Junie onderteken) die prospektus van die nuwe skouburgonderneming.

Dis byna woordelik dieselfde as die advertensie van 1841³⁾, met die volgende wysiginge:

1. Wat betref die afbetaal van die aandele: Die Komitee van Bestuur vir die bou “be empowered to receive from the shareholders one pound sterling on each share, as a deposit, and the said Committee shall give four weeks notice any time they may require a further £. 1 per share, till the whole shares are paid up.”

2. Gelde sal gedeponeer word “in one of the banks, in Cape Town,” in naam van die aandeelhouders, “and no shareholder to be liable for any more than £. 10 each share.”

3. Onder die plekke genoem waar lyste ooplê vir die publiek kom die *Ware Afrikaan* nie meer voor nie. Die volgende kom egter by: “The Society Houses, the Cape of Good Hope, South African and Colonial Banks, the Offices of *Sam Sly*, and *Commercial Advertiser*.”

Aanvanklik gaan dit goed met hierdie onderneming. Eind Julie⁴⁾ gee *Sam Sly* reeds te verstaan dat die skouburg werklik aan kom is; begin Augustus⁵⁾ sê hy: “A new theatre is about to be opened shortly.”

Die Akte van Transport⁶⁾ is gedateer Januarie 1846. Hiervolgens verkoop sekere mnr. WILLIAM WHITE aan PETRUS CAUVIN en JOHN FRANCIS LONG⁷⁾ as “trustees” van die Drury Lane Skouburg, ’n stuk grond op Constitution Hill, met ’n

1) Sien bls. 465-466.

2) Hy bedoel natuurlik die Skouburg op die Boereplein. Vgl. bls. 356, 481 e. v.

3) Sien bls. 475 e. v.

4) Sien bls. 414.

5) 7 Aug. ’45.

6) Treble Violl. *C. Times*, 23 Sept. 1913.

7) Sien bls. 493.

front van 76 voet op 'n steeg (Drury Lane) en op die hoek van 'n publieke weg (Constitutionstraat).

In Februarie 1846 ¹⁾ vertel *Sam Sly* onder "Public Buildings: — die stuk verdien die volledigste weergawe ook om sy verdelersame inhoud —, "With the march of mind and Manillas two important buildings are now showing bold fronts, and lifting their lofty heads in Cape Town, the completion of which will have a singular effect upon men and manners. The one to lighten our darkness and streets-speaking unprofanedly ²⁾ — and the other to enlighten our minds and reform the age. The one to throw a blaze upon our mirrors and the other to hold the mirror up to nature and to reflect its virtues and vices. In short, the one to keep us from running against a post, or falling over a Hottentot Venus, and the other to exhibit *Deaf as a Post*, and the *Invisible Girl*; or, dropping the figurative, *The Gas Works* and *The New Theatre*. The former begins to show its character... Drury Lane and Constitution Hill, is also much advanced, and the scene of '*Exits and Entrances*,' side boxes, foot lights, pit, and dress boxes will soon be discoverable, and we shall soon hear of the printed orders, that '*horses' heads are to point so and so in setting down and in taking up*'. And in the *Journal* and on the walls will be placarded, — 'This evening Her Majesty's Servants will perform *Sandilla, the Kaffir Chief or the Weathercock*; ³⁾ after which the much admired farce of *Lucy Long, or Keep your time Miss Lucy*'! ⁴⁾ The whole to conclude with a Comedy in one act, by a professional Gentleman of the Cape, called *Received Payment, or Call again to-morrow can 't you?*" ⁵⁾ Tenslotte beskryf hy nog 'n gebou "to point us to the skies", die nuwe Engelse Kerk in Harringtonstraat.

In April ⁶⁾ sê *Sam Sly*: "We shall soon have the pleasure of reporting progress as to the new English Theatre, now erecting on Constitution Hill, which the wags call *Drury Lane*. But the sooner the remainder of the instalments are paid up, the sooner the building will be completed."

"Drury Lane Theatre" die spotnaam! Immers die offisiële naam was "Royal Victoria". Tog sal die spotnaam die naam word wat bly. Die Hoopstraat-Skouburg sal hom binnekort die naam "Victoria", toeien ⁷⁾.

Die aanvanklike goeie vooruitgang van Drury Lane Skouburg was nou verby. Dit sloer met die bou. In Junie ⁸⁾ sê

¹⁾ 26 Febr. '46. ²⁾ 'n Steek aan die dweepsug van teenstanders

³⁾ 'n Lastige Kafferopperhoof van die tyd.

⁴⁾ Miskien op J. F. Long. — Sien voorafgaande.

⁵⁾ 'n Steek aan Kaapse onwilligheid om rekening te betaal.

⁶⁾ Sien bls. 450. ⁷⁾ Sien bls. 483-484. ⁸⁾ 11 Jun. '46.

Sam Sly, na hy die vooruitgang van die Rooms-Katolieke Kerk op die Looyersplein en die van die Engelse Kerk in Harringtonstraat beskrywe het, "But a few yards from this (nl. die Engelse Kerk), and staring it as it were out of countenance, is *Drury Lane Theatre*, at present *dreary* lane, the late floods having washed down part of the walls thereof, and put a stop to all progress in the building. The real *Tragedy* of the Kaffir disturbances will postpone for a time, the artificial Comedy, to be produced under this roof — but being placed on *Constitution Hill*, if its constitution be good, it will survive the relapse."

As die ou Hoopstraat-Skouburg in Junie 1846 tot "Victoria Theatre" gerenouwer is¹⁾, sê *Sam Sly*²⁾, wat hierdie skouburg nie bevredigend vind nie, "For two hundred years has Cape Town been planted, and at present cannot boast a theatre — one in every respect worthy of its pride and consequence". Hy vergelyk Kaapstad met Sydney, wat reeds in 1840 'n skouburg teen 'n uitgawe van £ 8000 en met 'n jaarlikse huur van byna £ 1000, gebou het.

Op sy beste kan Drury Lane Skouburg dus eind 1846 klaargekom het. Dan kan dit in die seisoen van 1847 in eerste gebruik geneem gewees het. As GROOM gelyk het sou dit inderdaad die geval wees³⁾. Maar dan moet die Franse geselskap se reklame van "newly-built theatre" in 1848, alleen as relatief, in die algemeen waar beskou word; of as dit letterlik bedoel is, as onjuis⁴⁾. Vermoedelik is dit toe in sommige opsigte afgebou en in ander gerenouwer⁵⁾.

Die skouburg word geprys vir sy besonder goeie inrigting⁶⁾. Teen die end van 1848 verskyn 'n advertensie wat baie lig gooi op Drury Lane Skouburg as geldelike belegging⁷⁾.

Die heer W. WHITE (dit blyk dat hy nog altyd 'n groot aandeel in die eiendom besit⁸⁾) gee kennis dat hy op Maandag 6 November sy eiendom op Constitution Hill, soos reeds geadverteer, per publieke veiling sonder reserwe sal laat verkoop, en terselfdertyd "peremptorily to the highest bidder *Drury Lane Theatre!* with all the Scenery, Decorations, upwards of 200 well selected Play Books and other Properties belonging thereto in order that the *Advertiser*, who is about leaving the Colony, may realize his interest therein.

The Property being positively to be sold, offers an excellent

1) Sien bls. 484.

2) Treble Violl - *C. Times* 23 Sept. 1913.

3) Sien bls. 417—418

4) Sien bls. 438; Treble Violl, *C. Times*. 27 Sept. 1913, beskou dit as 'n onjuistheid, „a bait to catch the public.”

5) Sien bls. 439.

6) Sien bls. 417—418; 438 e. v.

7) *C. Adv.* 1 Nov. '48.

8) Sien bls. 477—478.

opportunity, for the investment of Capital, as the Theatre is fitted up — complete, at an expense of £ 700, and has been let, during last season to Theatrical Companies at a rental of £ 12 per month. The *Theatre* has been *expressly* built and adapted to the adjoining *Dwelling House* with a view to the consolidation of the *two* properties into *one*¹⁾, which the intended departure of the advertiser prevents and offers means of Communication; which will greatly add to the comforts of Visitors and the convenience of Actors.

N. B. Liberal Strykgeld and Bonusses will be given.”

L. P. CAUVIN het, volgens TREBLE VIOLL²⁾, die skouburg gekoop vir £ 235.

In Julie 1849³⁾ word die verkoop geadverteer van „A Theatrical Wardrobe, containing Velvet, Satin and other Costumes, beautifully trimmed with Gold Lace, etc. in great variety. Ladies' Dresses with and without Trains. Hats, Feathers, Stage Boots and Shoes, Gauntlets, Cloaks and Masks. Also, a quantity of Books and Miscellaneous Articles, the property of a Gentleman about quitting the Colony.”

Sou hierdie heer nog steeds mnr. WHITE gewees het?

Na die Franse beroepspeleers was die „Private Amateurs” in Drury Lane in 1848⁴⁾. Drury Lane blyk lang nie die publiek te voldoen nie⁵⁾. Die verlugting veral was sleg. Die publiek het behoefte gevoel aan 'n goeie skouburg en 'n goeie saal.

Hulle het moeg geword om vir opvoeringe, konserte edg. van die een lokaal naar die ander te swerf. In Oktober was die saak voor die publieke aandag, en dit word begryplik dat die bestuurder van Drury Lane homself moeite gee om sy skouburg te redekoreer en verander. Begin 1849 speel die “New English Theatrical Company” in Drury Lane⁶⁾. Teen die end van die jaar vind ons vermelding van 'n voorstelling van *Tot Oef. en Verm.* daarin⁷⁾.

In 1850 is LYCETT in Drury Lane⁸⁾. Hy gee homself besondere moeite om die skouburg van binne te verbeter en vermooi. Miskien gebeur dit deels onder drang van 'n hernude poging in Junie 1850 vir die bou van 'n nuwe skouburg. Immers so'n verlange kon alleen voortvloei uit ontevredenheid met die bestaande.

Iemand pleit in *Sam Sly*⁹⁾ vir 'n “Theatre Royal”, met 'n kapitaal van £ 5000 in aandele van £ 10. Hy wys op die groot sukses van die Garnisoensgeselskap en van ander, ver-

1) Sien bls. 476. 2) *C. Times* 27 Sept. 1913. 3) *C. Adv.* 11 Jul. '49.

4) Sien bls. 423—424. 5) *Treble Violl* — *C. Times* 27 Sept. 1913.

6) Sien bls. 418. 7) Sien bls. 455. 8) Sien bls. 424.

9) *Treble Violl.* — *C. Times* 7 Okt. 1913.

moedelik deur die eentonige lewe van die Kaap. Hy hoop hy sal die aandag van die Kaapse publiek kan wek vir die onderwerp. As eerste stap wend hy hom tot *Sam Sly* "seeing what you have ever evinced, to encourage and foster all that relates to the amusement and elevation of the masses, and to blend commerce with relaxation".

Die bestaande geriewe vir vermaaklikhede is onvoldoende. Die voorgestelde kapitaal is nodig vir die grotere behoeftes van 'n groeiende stad soos Kaapstad.

Veertig jaar gelede is 'n skouburg gebou¹⁾ deur publieke inskrywing. Die Kaap van sy dag, met 30.000 inwoners, met tal van vreemdelinge steeds in sy hawe, en daaglik groeiende, kan so'n skouburg bekostig, en goed laat betaal.

As gevolg van die "perversion" in gebruik van die "ou" skouburg²⁾, "the public of Cape Town have been almost wholly deprived of the means of enjoying the most intellectual and improving entertainment ever introduced among mankind"; hoewel hul daar steeds die grootste belangstelling, onder watter omstandighede ook, voor getoon het.

'n Beter skouburg, met 'n hoër peil van speel kan dus seker op ondersteuning reken. So'n gebou kan ook gebruik word vir "balls, concerts, lectures, etc.", waarvoor die grote Beurskamer nou moet dien, tot groot ongerief van die handelsgemeenskap.

Die skrywer gee saaklike besonderhede en teeken homself "Spectator". Ons hoor niks verder van die voorstel nie.

Begin 1851 is PARKER in Drury Lane³⁾. In Mei⁴⁾ heet die heer ALBERT FRENCH bestuurder van Drury Lane en gee konserte. Maar sy sukses is gering en hy verdwyn gou. In Junie hoor ons van 'n voorstelling van *D. Y. b. d. K.* in Drury Lane⁵⁾.

Maar dan is dit uit met Drury Lane, vermoedelik spoedig hierop. Waarom sou anders 'n geselskap soos *D. Y. b. d. K.* in 1852⁶⁾ 'n nuwe lokaal betrek; 'n nuwe Engelse geselskap in 1854⁷⁾ in die lokaal van *D. Y. b. d. K.* gaan, terwyl allerweë gekla word oor die kleinheid en ondoeltreffendheid daarvan; en tenslotte PARRY in 1855 'n nuwe lokaal inrig in die Beurs?⁸⁾

Waarom veral sou sedert eind 1853 weer 'n beweging aan die gang wees vir 'n nuwe skouburg? Drury Lane was te ongeskik en is afgedank. Direk sal ook blyk dat besware bestaan teen die Garnisoenskouburg.

1) Vgl. bls. 94, 477.

2) Sien vtn. 1). 3) Sien bls. 419.

4) Treble Violl. — *C. Times* 21 Okt. 1913.

6) Sien bls. 456.

7) Sien bls. 426.

5) Sien bls. 456.

8) Sien bls. 428.

Reeds in September verneem ons van 'n plan wat gaande is ¹⁾ vir 'n nuwe skouburg, deur 'n maatskappy met aandele. Dan hoor ons: ²⁾ "It is proposed to form a joint-stock company for the purpose of erecting a theatre in Cape Town to consist of 400 shares at £ 5 each, £ 2 per share to be paid up as soon as the 400 shares shall have been subscribed for, the second payment of £ 1 per share, to be paid two months after the first, and the third payment of £ 2 per share to be paid six weeks after notice shall have been given by the directors. No shareholder shall be allowed to possess more than ten shares in his own right and every shareholder holding not less than five shares, will be eligible as a director!"

Begin 1854 ³⁾ verneem ons: "*A New Theatre*. — The inconvenience of the Garrison Theatre having been felt, owing to certain restrictions and its peculiar locality a party of gentlemen have it in contemplation to erect a new one, and are in quest of a suitable site to commence operations." Teen die end van die jaar hoor ons van 'n gelykluidende plan, blykbaar dieselfde, van Hollandse kant ⁴⁾, daar hulle hul Breestraat-Skouburg te beperk vind.

Van al hierdie voornemens kom niks tereg nie. Dit sal 1857 word voor 'n skouburg deur die energie van PARRY ⁵⁾ tot stand kom. Maar intussen, na 1851, het Drury Lane Skouburg vergoed tot 'n end gekom.

Die Garnisoenskouburg en Drury Lane was by uitstek Engelse skouburge. Eweneens Engels was die Rosestraat-lokaal in 1844 ⁶⁾ en PARRY se "Drawing Room Theatre" in die Beurs in 1855 ⁷⁾, waarmee PARRY werklik iets buitengewoons tot stand gebring het ⁸⁾.

'n Lokaal wat eintlik Hollands was, maar 'n tydlang vrywel verengels en selfs 'n Engelse naam kry, is die Hoopstraat-Skouburg, in sy Engelse tyd as "Victoria Theatre" bekend.

Hierdie skouburg heet in die begin van hierdie tydperk nog dikwels „Liefhebbery Tooneel", en sal dieselfde gewees het as die „Liefhebbery Tooneel" van die vorige tydperk ⁹⁾.

In 1843 speel *D. Y. V.* in die „Liefhebbery Tooneel" ¹⁰⁾ sonder enige verdere aanduiding van plaas. *All the World* speel daar ook, en dui dit aan as "Amateur Theatre" (Liefhebbery Tooneel) in Hope-Street. ¹¹⁾ Dat die benaming „Liefhebbery Tooneel" 'n gewone is, sien ons uit die aankondiging van 'n konsert in 1844 in die „Liefhebbery

1) Sien bls. 458-459. 2) *Mon.* 5 Nov. '53. 3) *Mon.* 11 Maart '54.
4) Sien bls. 458-459. 5) *Vbd.* 4 Aug. '57. 6) Sien bls. 413.
7) Sien bls. 427-428 e. v. 8) Sien bls. 428.
9) Sien bls. 359. 10) Sien bls. 443 e. v. 11) Sien bls. 413.

Tooneel" ¹⁾, sonder enige verdere aanduiding. Origens verneem ons niks van die „Liefhebbery Tooneel" in 1844 nie ²⁾.

In 1845 ³⁾ word geadverteer: "To Amateurs. — To let, the well-known *Store* in Hopestreet, Cape Town, neatly fitted up as a Private Theatre. It may be had for a Season, single Evening, or on Lease. For further particulars, apply to Plein-street, Cape Town. P. J. HAUPT & Co".

Dat dit met die verhuur moeilik gegaan het, blyk uit die talryke herhaling van die advertensie. Miskien het dit selfs heeltemaal nie destyds geluk nie.

In 1849 verneem ons dat LYCETT sy intrek daarin neem ⁴⁾. Soos GROOM sê: "He had fitted up a theatre in the upper story of HAUPT'S large wine store in Hope-Street... The upper store mentioned was divided lengthwise by a wooden partition for about half the length of the store, which was crossed by a partition about midway in the length of the store, one side being devoted to the refreshment department and promenade, the other to the auditory, which was fitted up much after the Roeland-street plan, but with a gallery at the street end. Behind the middle partition was the stage and dressing-rooms, arranged respectively on each side."

In Julie 1850 ⁵⁾ advertteer P. J. HAUPT & Ko.: "To Let, *The Theatre* and Theatricals, in Hope-Street, Cape Town, with immediate posession".

Hierdie lokaal in Hoopstraat sal stellig 'n ander gewees het, as die ou „Liefhebbery Tooneel". As dit tevore 'n skouburg was, sou dit seker as sulks in 1845 geadverteer gewees het — veral 'n bekende as die ou „Liefhebbery Tooneel" (of na 1845 „Sans Souci" Skouburg [1848] of „Victoria Theatre [1849] soos dit by tussenpose heet). Die hele bewoording van die advertensie maak duidelik dat die heer HAUPT 'n wynpakhuis — hy lê nadruk op die *welbekende pakhuis* — as 'n skouburg ingerig het, met die doel om dit saaklik te verhuur. Ook GROOM se verwysing daarheen bevestig hierdie opvatting. Nêrens blyk dat dit die ou „Liefhebbery Tooneel" kon gewees het nie. Bowendien gebeur dit selde dat verskillende gereeld spelende geselskappe in dieselfde private lokaal speel. Was die „Liefhebbery Tooneel" en HAUPT se pakhuis een, dan moes LYCETT en *Hoop en Trouw* (*Tot Oefening en Vermaak*) ⁶⁾ in één skouburg in 1849 gespeel het. Dit lyk my volkome onwaarskynlik, en word selfs byna onmoontlik as ons bedink dat *H. en T.* reeds in

¹⁾ *Z. A.* 4 Jun. '44. ²⁾ Vgl. bls. 445. Vtn. 1).

³⁾ *C. Adv.* 15, 19 Febr., 1, 5, 15, 29 Maart, 2, 12, 16, 30 Apr., 10, 14, 24, 28 Mei e. v. ⁴⁾ Sien bls. 423—424. ⁵⁾ *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 547.

⁶⁾ *C. Adv.* 10 Jul. '50. ⁶⁾ Sien bls. 453.

1848 in die Hoopstraat-Skouburg speel, terwyl GROOM (1849) duidelik praat van 'n wynpakhuis in skouburg verander, en oor die algemeen die indruk wek dat LYCETT dit uitsluitlik gebruik het.

Kortom, ek reken ons het met twee lokale in Hoopstraat te doen: die ou „Liefhebbery Tooneel” en HAUPT se pakhuis¹⁾

Dat ons van die ou „Liefhebbery Tooneel” in 1845 niks hoor nie, kan aan die slegte toestand daarvan gelê het.

In Junie 1846²⁾ word berig:

“*Victoria Theatre*. Hope-street.

This Theatre having undergone a thorough repair, with the addition of new scenery, dresses, and decorations will be opened to the Public on Thursday Evening July 9th 1846. Further particulars in a future advertisement”. “A new Theatre in Hope-street” noem *Sam Sly* dit, vergelykenderwyse gesproke natuurlik. — Ongetwyfeld is die “*Victoria Theatre*” die ou „Liefhebbery Tooneel”³⁾.

Dit blyk *All the World* te wees wat die skouburg in 1846 open en daar nog speel in 1848⁴⁾. Begin 1848⁵⁾ was ook die Franse geselskap van DALLE CASE daarin wat dit verdoop tot *Sans Souci Theatre* — 'n naam wat met hul weer verdwyn. Hierna word net gepraat van die Hoopstraat-Skouburg, soos by *All the World* in 1842, en by *H. en T. (Tot Oefening en Vermaak)* 1848—'49⁶⁾. Verwarring met HAUPT se lokaal is sedert 1849 nie uitgeslote nie⁷⁾.

In 1850 speel PARKER, wat hom „eienaar” noem, in die Hoopstraat-Skouburg⁸⁾; in 1851 en 1852 speel *D. Y. b d. K.*⁹⁾ verskeie male daarin; in 1851 tree J. RUSSELL daarin op¹⁰⁾.

Hiermee eindig die geskiedenis van die Hoopstraat-Skouburg tensy ons Groom se noem daarvan in 1856 as juis moet aanvaar¹¹⁾.

Die by uitstek Hollandse skouburg¹²⁾ in hierdie periode is die Roelandstraat-Skouburg. Ons kan aanneem dat *T. N: en V.* daarin van 1842—1847 gespeel het, hoewel ons eerste vermelding nie voor 1843 is nie¹³⁾. Daar bestaan meer volledige beskrywinge van die inrigting, die aard van werk-saamheid ens. van hierdie skouburg, as van enige ander een.

1) Laidler, *Annals ens.* beweer anders. Bls. 54. 2) *S.S.* 25 Jun. '46.

3) Ook Treble Viol dink dit. *C. Times* 23 Sept. 1913.

4) Sien bls. 415 e. v. 5) Sien bls. 435 e. v. 6) Sien bls. 453 e. v.

7) Sien vtn. 8).

8) Sien bls. 419. Hiermee kan egter Haupt se Skouburg bedoel wees. Sien bls. 483.

9) Sien bls. 456 e. v.

10) Sien bls. 419, vtn. 2).

11) *C. I. M.* Nov. 1899 bls. 550. Miskien bedoel by Haupt se „skouburg”.

12) Vgl. bls. 448.

13) Sien bls. 442 e. v.

Om mee te begin is daar GROOM¹⁾. Die skouburg was die "large red-brick store in Roeland-street, nearly opposite the large gates leading to the gardens of the Normal School. . . I found the ground floor converted into a very pretty theatre with stage etc., and a row of single-lined boxes running down both sides of the very long room. They were tastefully decorated with drapery and contained the youth, and I may say the middle-aged beauty of Cape Town, dressed in their best, and such a lot of pretty smiling faces graced these comfortable stalls that I was not surprised that the occupants of the central portion of the room or pit, all of the masculine gender, were both old and young (*the jeunesse dorée of Cape Town*) on tip-toes of expectation for the performance." Hy beskrywe die musiek en die opvoering²⁾ en vervolg: "During the intervals refreshments were brought in, cakes, jellies, lemonade, milk etc., and handed round to the occupants of the stalls, and quite a lively conversazione took place, when the merits of the actors were duly criticised by the audience. It had quite the effect of a large family party. Everybody seemed to know everybody else, and nothing but pleasure and good-will seemed to be the order of the day. I believe these amateur theatricals were supported by contributions from the materfamilias and paterfamilias of the subscribers and when a performance took place a suitable number of tickets was sent round to the various families."

Sam Sly gee ons ook 'n paar beskrywinge. Vir die een verwys ek elders³⁾. In die ander⁴⁾. vertel hy eers een en ander⁵⁾ oor die verdienstes van die skouburg en sy spelers, oor die gehoor en oor die stand van toneel aan die Kaap, en vervolg: "There stands the theatre in Roeland-street — that belonging to the English Amateurs is in Rose-street — built for Mr. DE VOS as a wine store, consequently is not as 'broad as it's long', but much longer than it is broad, perhaps for Theatrical purposes inconveniently so, rendering it difficult at the farthest seats to catch a proper sight and hearing of the stage business, not more from the distance than from the evenness of the Pit, which prevents those behind from looking over the heads of those in front. But all is as neat and as clean as a new pin. The seats are covered with crimson cloth, as also are the backs of the dress gallery, in front of which all round hangs a festooned drapery of similar color, looped up, and trimmed with gold, ornamented also in the centre with the crown and cushion and with the two colors

1) *C. I. M.* Okt. 1899 bls. 518;

2) *Sien* bls. 417.

3) *Sien* bls. 446.

4) *S. S.* 21 Nov. 1844.

5) *Sien* bls. 447 e. v.

and arms meeting over. There are also two elegant chandeliers, burning sperm candles.

That drop scene is also well painted, representing an ancient city in ruins; but the base of one of the temples is disfigured by a *peep-hole* through which curiosity or timidity has been anxious to look."

Sam Sly bespreek ¹⁾ die orkes, die spelers, die werksaamhede van die aand, merk op die gewoonte van vrouens aan die Kaap om saam te hok ²⁾, wat skadelik is vir die geselligheid van die geleentheid, en gee tenslotte die program weer.

Iemand ³⁾ wat aan die Kaap was gedurende 1844—1845 getuig: "There is a Dutch Amateur Theatre it is true, but the society is limited — exclusive ⁴⁾ — and decidedly more expensive than it is worth."

Behalwe *T. N. en V.* vind ons in Roelandstraat die Afrikaanse spelers van die Engelse opvoering in 1843 ⁵⁾; *All the World* in 1845 ⁶⁾; en die *English Private Theatricals* ⁷⁾ in 1847.

Dan is die rol van die Roelandstraat-Skouburg uitgespeel. In November 1847 ⁸⁾ verskyn die volgende leerryke advertensie:

"Sale of the *Fittings* etc. of the *Dutch Theatre* in Roeland-Street. *By Tender*. The undersigned will receive *Tenders* till the 25th inst., for the above consisting of 22 Benches side and circle Boxes, the Stage (for which 150 Deals were used), Side Scenes, Drop Scenes, Clothing etc. etc. as per Inventory to be seen on Application to the Undersigned, where the terms can also be ascertained. As some English Companies are about to be established next year it offers a favourable opportunity to Capitalists, the rent received by the present Company from others having been £ 10 for each Performance, and the cause of the Company breaking up being solely the want of sufficient support from the Cape Dutch Public.

C. J. O. WERDMULLER.
Hon. Sec.

Cape Town, No. 77, Buitengracht."

Die verkoop by tender wou nie luk nie. Op 18 Desember ⁹⁾ gee WERDMULLER kennis dat Mr. C. W. ADAMS die hele inhoud van die skouburg sal verkoop "this morning (Saturday)

¹⁾ Sien bls. 448 e. v.

²⁾ Hier stellig 'n uitwerking van die Metodisme, bls. 392.

³⁾ *Notes ens.* by a Bengali bls. 61.

⁴⁾ Vgl. bls. 454.

⁵⁾ Sien bls. 417. ⁶⁾ Sien bls. 413.

⁷⁾ Sien bls. 416 e. v.

⁸⁾ *C. Adv.* 17, 20 Nov. '47.

⁹⁾ *C. Adv.* 18 Des. '47.

at his Commission Sale without the least reserve." So kom ook die Roelandstraat-Skouburg tot 'n end.

'n Paar jaar later is *D. Y. b. d. K.* in volle bloei en rig 'n eie lokaal in: die Breestraat-Skouburg (1852—'54¹), hoek van Bree- en Dorpstraat. Dit word die Hollandse skouburg²), en heet „welingericht". Die lokaal was egter baie klein; 'n gebrek wat later dermate gevoel word dat dit oorsaak word van die ontruiming van die gebou, en deur die mislukking van planne vir 'n groter skouburg, tot die einde van die geselskap.

Ook 'n geselskap van jonge Engelse amateurs, die *City Amateur Theatrical Society*, speel in die Breestraat-Skouburg in 1854³).

b. Inwendige Bestuur en Indeling; Pryse.

Uit een en ander het die inrigting van die skouburge reeds duidelik geword. Loges (Boxes), Parterre of Bak (Pit) en Gaandery (Gallery) bly die gewone indeling. Intekenlyste bestaan voort, met intekengelde blykbaar vooruit betaalbaar⁴). Die uitsonderinge op intekenlyste is in die eerste plek die Garnisoensgeselskap; verder, gewoonlik professioneel-gekleurde geselskappe.

Oor die algemeen behou die Hollandse geselskappe 'n meer geslote⁵), „private" karakter as die Engelse. *T. N. en V.*, *D. Y. V.* e. a. gee nooit hul pryse aan nie. Tog was toegangskaartjies (die woord „lootjes" duik nog maar 'n enkele keer op⁶), altyd verkrybaar. Die pryse ondergaan oor die algemeen 'n vermindering: die meesgewone is 4/-, 2/6, 1/6 of 3/-, 2/-, 1/6. Aanvanklik is die eerste reeks die gewone; later oorheers die goedkoper pryse. By buitengewone geleenthede heers natuurlik buitengewone pryse. So kos die plekke van die een liefdadigheidsvoorstelling van *D. Y. b. d. K.* in 1855⁷) 5/-; Dalle Case begin met 'n eenheidsprys van 7/6⁸); Parry se pryse begin by 5/-⁹). Famieliekaartjies (van vier gewoonlik) teen verminderde pryse kom in gebruik¹⁰). Eintlik is dit 'n gebruik wat van konserte oorgeneem word.

c. Dekors en Kostuums.

Op hierdie gebied het hierdie tydperk stellig minder geprester as die vorige — sirkusvoorstellinge⁹) natuurlik uitge-

¹) Sien bls. 456 e. v.

²) Sien bls. 426.

³) Sien bls. 426 e. v.

⁴) Sien bls. 490.

⁵) Sien bls. 486.

⁶) *Z. A.* 11 Mei '54 e. v.

⁷) *Z. A.* 7 Jun. '55. ⁸) *Z. A.* 14 Febr. '48 e. v. ⁹) *Mon.* 9 Jun. '55 e. v.

¹⁰) Vgl. *Z. A.* 8 Mei '51, 7 Jun. '55 (hier 5 teen £ 1; enkelprys is 5/-); e. a.

¹¹) Sien bls. 439—440 e. v. en 486.

sonder. Uit die aard van die saak het die kleiner lokale waarin die geselskappe moes opvoer hulle ondernemingsin gestrem. 'n BONIFACE of BOOTH was daar nie meer om gedurig iets nuuts te onderneem nie.

T. N. en V. presteer ongetwyfeld nog die meeste ¹⁾. *Sam Sly* prys hulle valskeerm (drop-scene) en ander dekors, baie waarvan uitstekend gedaan is deur plaaslike talent ²⁾. Meermale word die lof herhaal ³⁾. *T. N. en V.* se uitverkoop in 1847 wys op 'n ryke voorraad aan allerlei benodigdhede.

Die ander Hollandse geselskappe presteer minder, tenminste ons hoor van minder. Van *Tot Oef. en Vermaak* verneem ons alleen één keer van nuwe skerme ens. ⁴⁾; van *D. Y. V.* nooit ⁵⁾. *D. Y. b. d. K.* kondig verskeie kere nuwe kleding ens. aan ⁶⁾, en oes ook soms lof in daarvoor ⁷⁾.

Naas *T. N. en V.* kom die garnisoenspelers te staan, tenminste sedert 1850. Hulle kondig verskillende kere nuwe dekors ens. aan ⁸⁾. As hulle in 1851 'n keer hulle voorraad van die hand sit, heet dit 'n "beautiful collection" ⁹⁾. Lof bly nie uit nie ¹⁰⁾. Plaaslike skilderstalent vertoon homself ¹¹⁾.

Van die ander Engelse geselskappe verneem ons weinig. *All the World* open die gerenoweerde Hoopstraat-Skouburg ("Victoria Theatre") in 1846 met baie nuwe dekors ens. ¹²⁾.

Van almal oes Lycett egter die meeste roem in ¹³⁾. Parker se geselskap ontvang lof ¹⁴⁾ en natuurlik Parry ¹⁵⁾. Drury Lane Skouburg (of die heer W. WHITE), skyn 'n massa kosbare kostuums ens. te besit het ¹⁶⁾.

Die koste van kostuums ens. word gewoonlik uit die innames bestry, maar soms het die spelers nie alleen hulleself van kostuums voorsien nie, maar ook op tekorte inbetaal ¹⁷⁾.

d. Tyd.

Die verskeidenheid van geselskappe en vermake het ook verskeidenheid van speeldae in die lewe geroep. Vir die eerste paar jaar van hierdie tydperk bly Vrydag die gewone dag vir almal ¹⁸⁾.

Sedert ongeveer 1845 verander die toestand. Soms het

¹⁾ Sien bls. 443, 447, 449, 450.

²⁾ Sien bls. 446. Vgl. bls. 362.

³⁾ Sien bls. 449, 450.

⁴⁾ Sien bls. 455.

⁵⁾ Sien bls. 443 e.v.

⁶⁾ Sien bls. 456, 457, 459.

⁷⁾ Sien bls. 457, 460.

⁸⁾ Sien bls. 398, 399, 402.

⁹⁾ Sien bls. 401.

¹⁰⁾ Sien bls. 403, 407.

¹¹⁾ Sien bls. 403.

¹²⁾ Sien bls. 484.

¹³⁾ Sien bls. 424, 425.

¹⁴⁾ Sien bls. 418.

¹⁵⁾ Sien bls. 428 e.v.

¹⁶⁾ Sien bls. 480.

¹⁷⁾ Sien bls. 403.

¹⁸⁾ Sien Garn. bls. 393 e.v. *All the World* bls. 413 e.v.; *T. N. en V.* bls. 442 e.v.; *D. Y. V.* bls. 441 e.v.

die geselskappe vaste speeldae, soms nie. So speel *T. N. en V.* in 1845 gewoonlik op Woensdag¹⁾, van 1846—'47 gewoonlik op Dinsdag²⁾. *Tot Oef. en Vermaak* speel op geen vaste dag in 1849³⁾ nie, op Donderdag in 1851⁴⁾; *D. Y. b. d. K.* gewoonlik op Donderdag van 1851—'55⁵⁾. By die Engelse en ander geselskappe is 'n vaste speeldag die grote uitsondering. Tot die, wat 'n vaste dag het, kan PARKER⁶⁾ en LYCETT⁷⁾ se geselskappe in 1850 behoort; ook die Garnisoens-geselskap in 1850 en '52⁸⁾, en miskien in 1847⁹⁾. Miskien het in die algemeen Woensdag ook enigsins die voorrang gedurende die eerste jare na 1850¹⁰⁾.

Die ure van speel word oor die algemeen 'n halfuur later. Opening 6.30 n.m.; Aanvang 7.30 n.m.¹¹⁾.

Natuurlik is daar baie uitsonderinge op hierdie reël b.v. vroeër aanvang (7 uur)¹²⁾ — veral in die Garnisoenskouburg met opening, om 6.30 n.m.¹³⁾ —; sowel as later (8 uur)¹⁴⁾. Om 1855 is PARRY se ure: opening 7 uur; aanvang 7¹/₂ uur¹⁵⁾. Dit sal by diè tyd ongetwyfeld die meesgeskikte ure gewees het.

Op tyd begin¹⁷⁾, sowel as op tyd eindig¹⁷⁾, word op prys gestel deur die publiek. *T. N. en V.* waarsku eens¹⁸⁾: „N.B. De Deuren zullen stellig niet voor half 7 uren worden geopend” — teen mense wat te gretig was om die beste plekke te kry? Maar laatkomers bly ook aan die orde. Eenkeer¹⁹⁾ verneem ons by 'n Engelse liefdadigheidsvoorstelling dat plekke tot die end van die eerste bedryf bewaar sal word — 'n guns!

e. Publiek.

Die publiek behou sy kenmerke van vroeër, behalwe dat sy gedrag oneindig minder aanleiding gee tot maatreëls daarteen of klagtes daaroor. Hiervoor sal allerlei redes bestaan het. Nie alleen was die vermake minder nie; maar hulle het 'n veel meer geslote karakter gedra, d.w.s. daar is veel meer

1) Sien bls. 449 e. v. 2) Sien bls. 450 e. v.

3) Sien bls. 453—454 e. v. 4) Sien bls. 455. 5) Sien bls. 456.

6) Sien bls. 418 e. v. 7) Sien bls. 425 e. v.

8) Sien bls. 398 e. v. 9) Sien bls. 395 e. v.

10) Sien bls. 403 e. v., 418, 419 ens.

11) *C. Adv.* 18 Jul. '46 e. v. (*All the W.*); *Z. A.* 13 Sept., 12 Nov. '44 e. v. (*T. N. en V.*); *Z. A.* 26 Jun. '51 e. v. (*D. Y. b. d. K.*).

12) *S. S.* 17 Jul. 45 e. v. (*All the W.*)

13) *C. Adv.* 13 Okt. '47 e. v.; *Z. A.* 19 Maart '55 e. v.

14) *S. S.* 28 Aug. '45 e. v. (*All the W.*); *C. Adv.* 2 Jun. '47 e. v. (*Garn.*)

15) *Mon.* 9 Jun. '55 e. v.

16) Sien bls. 393—394, 403—404. Vgl. ook aanduiding van tyd met „precies” b. v. *Mon.* 9 Jun. '55.

17) Sien bls. 416, 429, 491.

18) *Z. A.* 13 Sept. '44.

19) Sien bls. 401.

keuring op die toegelate persone toegepas. Miskien ook het die Metodistiese agitatie tenminste hierdie goeie gevolg vir vermake gehad, dat dit inderdaad die openbare maatskaplike sedes verbeter het. En veral — BONIFACE was sedert 1844 nie meer aan die Kaap nie, BONIFACE met sy persoonlike toneel en persoonlike vyande, vrugbare bodem vir die aankweek van wangedrag, vir die veroorsaak van allerlei wanordelikhede.

Tog bly 'n enkele van die ou toestande voortbestaan. Dikwels word gewaarsku dat geen geld aan die deur aangeneem of kaartjes daar verskaf word nie; so by Engelse¹⁾ (behalwe dat ons dit nooit van die Garnisoensgeselskap verneem nie), as by Hollandse geselskappe²⁾ (behalwe dat ons dit nooit van *H. en T. (Tot Oef. en Vermaak)* verneem nie).

Stellig het dit egter dikwels plaasgevind. GROOM vertel dat by LYCETT se voorstellinge in 1850³⁾ „two well-known members (van die Vrymesselaarslosie - F. B.) and townsmen... Mr. James Templeman and 'Sandy' Mathieson... took the money at the doors.” Eenkeer maak *T. N. en V.* „de Inteekenaren indachtig dat de Inteekeningsgelden vooruit betaald moeten worden, en dat de Tresorier tot den ontvangst daarvan tegenwoordig zal zyn;”⁴⁾ 'n ander keer sê die geselskap dat die deure nie voor half sewe oopgaan nie⁵⁾.

Oor die algemeen val daar weinig op te merk oor die gedrag van die publiek in die skouburg. 'n Enkele maal lok dit onaangename aanmerkinge uit, veral ten opsigte van die engelebak⁶⁾. Nuut is die beskuldiging teen die Kaapse publiek eenkeer ingebring, dat hul 100 jaar agter op gebied van toneeletiket is, omdat hul mnr. G. V. BROOKE met geen welkomsapplous by sy eerste verskyning begroet het nie⁷⁾! Daarenteen word die goeie orde wel eens geprys⁸⁾; maar, ook nuut, die gedrag van die akteurs eenkeer sterk gelaak⁹⁾.

Nie alleen Kaapstad nie, maar ook omgewing bly die toneel ondersteun¹⁰⁾. Inderdaad professionele elemente begryp die waarde van hierdie ondersteuning so goed dat die Italiaanse Sirkus van 1847 vir spesiale omnibusse sorg om

1) *C. Adv.* 12 Aug. '43; *Mon.* 3 Sept., 15 Okt. '53; *C. Adv.* 20 Jul. '54.

2) *Z. A.* 13 Sept. '42, 30 Mei '43 (*T. N. en V.*); *Z. A.* 4 Aug. '43 (*D. Y. V.*); *Z. A.* 9 Apr. '55 (*D. Y. b. d. K.*); sien bls. 489.

3) sien bls. 425 en *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 548.

4) *Z. A.* 30 Maart '46. 5) Vgl. Tabel K.

6) sien bls. 429, 457 (*D. Y. b. d. K.*).

7) sien bls. 410. 8) sien bls. 399.

9) sien bls. 419.

10) sien bls. 406, 427, 437.

mense van Wynberg en omgewing te vervoer¹⁾, 'n voorbeeld wat navolging ondervind²⁾).

Dit spreek vanself dat mense wat op hul gemak gestel was of op enige afstand gewoon het, beswaarlik te voet naar die komedie sou kom. Die omnibusse is later 'n hulp, maar die meeste mense sal in eie of gehuurde voertuie gekom het³⁾. *Sam Sly* verwys reeds grappigerwyse in 1846 naar die „printed orders” vir „horses heads” wat in een of ander rigting moet staan, „in setting down and taking up” by sulke geleenthede. Parry, die handige saakman, sit in sy advertensies hoe laat „carriages may be ordered”⁴⁾. Selfs die orde van inry gee hy eenkeer aan⁵⁾: „Carriages and Cabs are requested to set down and take up with the Horses’ Heads towards the Library”. Die besorgdheid oor die tydige ophou⁶⁾ van voorstelling sal grotendeels aan die aanwesigheid van hierdie soort publiek toe te skrywe wees.

f. Kritiek.

Die koerante bly taamlik reëlmatig kritiek uitoefen, in besonder die *Cape Monitor*⁷⁾. Die kritieke van hierdie blad is van 'n besonder loflike gehalte. Dit getuig van uitgebreide kennis en veel insig en is van 'n besonder opbouende aard.

Te graag wil dit egter soms die goeie verheerlik. Dan kom die *Commercial Advertiser* dit met opvallend koele en nugtere kritiek temper⁸⁾. Naas die *Monitor* kom die *African Journal* van SAM SLY⁹⁾ te staan. Ook diè lewer waardevolle kritieke, maar is veral van belang vir sy onvermoeide stryd vir gesonde vermaak, in besonder toneel (“The Play, the Play’s the thing”), sedert 1843¹⁰⁾; 'n stryd wat hy tenslotte met besondere sukses bekroon sien.

Ook die Hollandse toneel kry sy meeste kritiek — uit Engelse bron! SAM SLY, in *Cape Town Mail*¹¹⁾, en veral *African Journal* moet hier genoem word.

Die kritiek erken die „sedelike” element in toneel¹²⁾ en wag nie om teen ongewenste stukke, uit diè oogpunt besien, op te tree nie¹³⁾. Soos gewoonlik vergewe dit baie op gronde van liefhebberij¹⁴⁾ en liefdadigheid. *Sam Sly* is in die opsig milder as die *Monitor*. Tog laat hulle hulle nie somar met

1) *C. Adv.* 8 Des. '47. Vgl. bls. 434.

2) Sien bls. 409.

3) Sien bls. 478. 4) *Mon.* 9 Jun. '55 e. v. 5) *Mon.* 11 Jul. '55.

6) Sien bls. 489.

7) *Mon.* 10 Sept. '53 e. v. (Sien bls. 403 e. v.; 421 e. v.).

8) Sien bls. 410—411, 429 e. v.

9) Sien bls. 414 e. v.; 445 e. v.; 464 e. v. 10) Sien bls. 464—465 e. v.

11) *C. T. Mail* 8 Jun. '44; *S. S.* 21 Nov. '44 e. v.

12) Sien bls. 464 e. v.

13) Sien bls. 422.

14) Sien o. a. bls. 423; 447 e. v.

enigiets tevrede stel nie. Die slae val waar dit nodig is en in die geval van professionele kragte soos BROOKE en PARRY word niks oor die hoof gesien nie. In opbouende sin word twee dinge die amateurs steeds voorgelou: "Hold the mirror up to nature" (*Monitor* en *Sam Sly*); werk hard (*Monitor*). Origens behou die kritiek die kenmerke van voorheen.

g. Spelers en Stukke.

Op gebied van Hollandse en Engelse toneel toon hierdie tydperk sy heel besondere kenmerke.

Op gebied van Hollandse toneel steek die feit uit van die kragtige insiatief deur „jongelieden” geneem. So by *D. Y. V.*¹⁾, so, (tenminste na die samesmelting met *D. Y. V.*) by *T. N. en V.*²⁾, so by *D. Y. b. d. K.*³⁾

'n Geselskap jeugdige Engelse amateurs maak eweneens hul verskyning in 1854⁴⁾.

Ten opsigte van name is ons die slegste af wat betref die Hollandse spelers. Baie min het tot ons gekom. Beskeidenheid (of vrees vir kritiek) het hulle (soos ook Engelse amateurs) verbied om hulle name in verslae toe te laat⁵⁾. Alleen van *T. N. en V.* se lede het ons enige volledige mededeling⁶⁾ deur GROOM. Hy vermeld die here BOONZAIER, COMBRINK⁷⁾, C. SPOLANDER⁸⁾, DESVAGES, WENTZEL, WANNENBURG en KEYTEL.

Die enigste ander name wat ons besit is van die here C. J. O. WERDMULLER⁹⁾ van *T. N. en V.*, P. J. RICHTER¹⁰⁾ van *D. Y. b. d. K.* (as ons aanneem dat sekretarisse van geselskappe ook meegespeel het), LANGERMAN¹¹⁾, HERHOLDT¹²⁾ en J. C. COMBRINK¹³⁾ van dieselfde geselskap. Maar ons kan stellig aanneem dat die Hollandse amateurs¹⁴⁾ wat GROOM noem in verband met die Engelse opvoering in Roelandstraat in 1843¹⁵⁾, by uitstek Hollandse spelers sou gewees het, t. w. die here ROUBAIX¹⁶⁾, MAYNIER, DE WAAL en COMBRINK — laasgenoemde egter 'n ander as J. C., wat toe plus minus vier jaar oud moes gewees het! Miskien kan A. VAN BREDa ook onder hierdie getal gereken word¹⁷⁾.

Oor die geheel ontvang hul baie lof.

1) Sien bls. 444.

2) Sien bls. 450. Uit *S. S.* bls. 448—449 sou ons kan opmaak dat ouere here en „opgemaakte dames” (d. w. s. here as dames? — F. B.) ook gespeel het.

3) Sien bls. 457, 459. 4) Sien bls. 426—427.

5) Sien bls. 405 e. v.; 414 e. v.; 448—449 e. v.

6) Sien bls. 452. 7) Sien bls. 492. 8) Sien bls. 424. 9) Sien bls. 486.

10) Sien bls. 457. 11) Sien bls. 460. 12) Sien bls. 461. 13) Sien bls. 463.

14) Holl. spelers wat ook Engelse stukke speel is reeds bekend uit die vorige tydperk. (Sien bls. 294 e. v. Uit latere tyd, is dit ook gewoon. Sien bls. 463).

15) Sien bls. 417.

16) Sien bls. 328.

17) Sien bls. 416 e. v.

Van die Engelse spelers het veel meer name tot ons gekom, hoewel ook by hulle in die algemeen die verbod gegeld het van name nie te noem nie. Maar nie altyd word die hand hier ewe streng aan gehou nie. Bekende spelers word dikwels sonder skroom genoem. By hele of halwe beroepspelers, waarvan in hierdie periode 'n hele aantal is, word natuurlik heeltemal geen terughouding betrag nie.

Die garnisoenspelers staan vooraan in orde van bekendheid. Uit die vroegste tyd (1842) is bekend die name van die here D. M' DONALD, WELLESLEY en PRIESTLY¹⁾. Die heer M. DONALD skyn die leier te gewees het²⁾.

Die geselskap wat soos 'n paal bo water uitstaan, nie alleen onder die garnisoensgeselskappe nie maar ook onder die ander Engelse geselskappe, is die van kapt. HALL van die 73^{ste} Regt., wat met korte onderbrekinge van 1850 — 1855 aan die Kaap gespeel het³⁾.

Aan HALL se geselskap verbonde was J. L. FITZPATRICK⁴⁾, wat reeds tevore, veral in Shakespeareaanse rolle, eweneens ongetwyfeld in garnisoenstoneel⁵⁾ naam gemaak het.

'n Ander vername speler van die geselskap was kapt. FISHER⁶⁾. Ander bekende spelers was die here PITT, SALTER⁷⁾, HENSLOWE⁸⁾, KIRTON⁹⁾ (hierdie twee in komiese rolle, eersgenoemde in besonder¹⁰⁾, en Korporaal BISHOP¹¹⁾. Minder bekend lyk die heer BELLEVILLE¹²⁾. Miskien was lt. JOHNSON ook 'n medespeler¹³⁾. Van die dames word mevv. OSWIN¹⁴⁾, ARLINGTON¹⁵⁾ en LOOSEMORE¹⁶⁾ genoem — die laaste twee in besonder.

Die spelers uit die burgery is oor die algemeen minder bekend. Van sommige geselskappe het ons volledige besonderhede, van ander weinig of niks.

Van *All the World* weet ons weinig, daar die name in verslae verswyg moet word. Alleen by een geleentheid word die name met voorletters aangedui¹⁷⁾, waaruit ons sou kan aflei dat kommissaris HEYNEMAN (H.) en toneelmeester LONG (L.)¹⁸⁾ — dus die leier van die geselskap, en soos elders blyk 'n kopstuk in die beweging vir 'n nuwe skouburg¹⁹⁾ —, onder die spelers was. Waarskynlik was die ander twee vermelde kommissarisse, die here NORTON en A. v. BREDÁ, dit ook²⁰⁾.

1) Sien bls. 394 e. v.

4) Sien bls. 400 e. v.

7) Sien bls. 406 e. v.

10) Sien bls. 409, 424.

13) Sien bls. 401.

16) Sien bls. 412.

19) Sien bls. 477—478.

2) Sien bls. 395.

5) Sien bls. 396 e. v.

8) Sien bls. 407 e. v.

11) Sien bls. 406 e. v.

14) Sien bls. 407.

17) Sien bls. 414.

20) Sien bls. 415 en 492.

3) Sien bls. 398 e. v.

6) Sien bls. 404 e. v.

9) Sien bls. 407 e. v.

12) Sien bls. 407.

15) Sien bls. 407 e. v., 494.

18) Sien bls. 415.

In 1847 is A. v. BREDA sekretaris van 'n geselskap ¹⁾, wat vermoedelik uit Afrikaners bestaan, en Engelse stukke speel, soos in 1843 ander voor hom ²⁾ gedoen het, naar GROOM ons meedeel.

Van PARKER se geselskap, in 1847 tenminste, het ons 'n opgawe ³⁾. Sy vernaamste speler was mnr. RUSSELL (alias HUGHES) — stellig dieselfde wat later die Franse help ⁴⁾ — in komiese rolle. PARKER is “manager”, en HUGHES “Stage Manager”. Vir die ander lede verwys ek elders ⁵⁾.

Van LYCETT se geselskap deel GROOM ons die vernaamste lede mee. Daarvoor verwys ek elders ⁶⁾. Alleen wys ek in besonder op KIRTON ⁷⁾ as een van die lede. Van die *City Amateur Theatrical Society* in 1854 ken ons alleen die name van die Direkteur, J. BOXER ⁸⁾, van J. ASHLEY ⁹⁾, en 'n speelster mev. ARLINGTON, — reeds elders genoem ¹⁰⁾.

Ongespesifeerd is J. R. TAYLOR ¹¹⁾.

Die spelers dusverre genoem was vir die grootste deel amateurs. Geen amateur nie was PARKER. RUSSELL was beslis 'n halwe beroepspeler. Miskien was KIRTON ¹²⁾ en die dames OSWIN, ARLINGTON en LOOSEMORE ¹²⁾ ook semi-professioneel by die Garnisoensgeselskap. Mev. LOOSEMORE was dit stellig by LYCETT se geselskap.

Volle beroepspelers was verder DALLE CASE c. s. in 1848 ¹⁴⁾, GUSTAVUS BROOKE c. s. in 1854—'55 ¹⁵⁾, PARRY in 1855 ¹⁶⁾.

Dramatiese kunstenaars soos T. P. HILL ¹⁷⁾ en mev. GREIG ¹⁸⁾ moet ook as beroepsliede beskou word.

In hoeverre neem dames deel aan die toneel? By Hollandse sowel as Engelse geselskappe, by liefhebbery- sowel as beroepsgeselskappe, is die deelname algemeen, uitgesonder alleen volgens die getuienis van GROOM ¹⁹⁾, reg aan die begin van die tydperk. Natuurlik (dink aan die garnisoen) kom nog talryke gevalle voor waar mans in vrouerolle optree ²⁰⁾. Maar oor die algemeen lyk die geselskappe goed voorsien van dames ²¹⁾.

¹⁾ Sien bls. 416, 492.

²⁾ Sien bls. 417, 492.

³⁾ Sien bls. 417—418.

⁴⁾ Sien bls. 436—437.

⁵⁾ Sien bls. 418 e. v.

⁶⁾ Sien bls. 424.

⁷⁾ Sien bls. 493.

⁸⁾ Sien bls. 427.

⁹⁾ Sien bls. 427.

¹⁰⁾ Sien 427 en 493.

¹¹⁾ Sien bls. 431. Tenminste ek konkludeer dit uit Groom. *C. I. M.* van 1899, bls. 550.

¹²⁾ Vgl. bls. 364. — benefiese vir hom.

¹³⁾ In 1857 deur Parry geëngageer. Groom *C. I. M.* Nov. 1899, bls. 549.

¹⁴⁾ Sien bls. 435 e. v.

¹⁵⁾ Sien bls. 409.

¹⁶⁾ Sien bls. 428 e. v.

¹⁷⁾ Sien bls. 440.

¹⁸⁾ Sien bls. 441.

¹⁹⁾ Sien bls. 417.

²⁰⁾ Sien bls. 394, 404, 406, 407, 424.

²¹⁾ Sien bls. 449 e. v. (*T. N. en V.*), 458 *D. Y. b. d. K.*; Eng. Gess. - sien voorafgaande.

Dikwels kom in die geselskappe goeie singkragte voor. By die Hollandse geselskappe word hulle veral benut vir blyspele met sang¹⁾, die ou traditiese. Komiese e.a. tussenliedere kom eers later by onder Engelse invloed²⁾. By die Engelse word sulke kragte veral vir komiese e.a. tussenliedere gebruik³⁾.

Afgesien van ballette, nog steeds 'n sterke voorliefde by die Hollandse geselskappe, neem kinders 'n enkele maal aan opvoeringe deel⁴⁾.

Ten opsigte van oorspronklike werk is hierdie periode buitengewoon armoedig. Van BONIFACE verskyn in 1843 'n Engelse stuk — die verengelsing maak vooruitgang! — *Kockincoz or the Pettifogging Lawyers' Plot, Pro Causo de Libello*. Translated from the Burlosutacrifanpatoistish-Language. By the Author of *Clasius*. Farce in one Act. Cape Town 1843⁵⁾.

Ek het die stuk te laat in hande gekry om daar enige studie van te maak, maar 'n vlugtige insae toon reeds dat dit 'n suiwere voortsetting in die lyn van *De Temperantisten* en *Clasius* is, die lyn van hekel en spot van toestande of persone wat BONIFACE onsimpatiek of vyandig gesind is. As hekeling van persoonlike vyande van BONIFACE staan die stuk nader aan *Clasius*; in toon en gehalte skyn dit nader by *De Temperantisten* te staan, — kleur, lewe, rake skildering, goeie karakterisering, geestigheid te besit. Die Engels is voortreflik. Ongetwyfeld het BONIFACE besondere talent vir tale besit.

Een en ander van hierdie hoedanighede sien ons reeds in die tittel en in die aangee van die dramatis personæ van die stuk met die weergawe waarvan ek sal moet volstaan in my melding van hierdie werk.

In *Kockincoz* kan ons stellig „De Kock en Co.” herken. „Burlosutacrifanpatoistish-language” staan vir “Burlo-south-african-patois-language” (Bespotlike Suidafrikaanse patois-taal). Dit sal 'n spotterny met „Kaaps-Hollands” (Afrikaans) en met die Hollandse uitspraak, in casu vermoedelik van de KOCK, van die Engelse woorde wees. Naar alle waarskynlikheid het BONIFACE rusie gekry met sy vroeëre konfrater J. J. DE KOCK, C' SEUN. Immers in 1846⁶⁾ heet laasgenoemde “general agent, and sworn translator”.

1) Sien bls. 443, 444 e. v.

2) Sien bls. 453 e. v. (1849 e. v.).

3) Sien bls. 395 e. v.; 415 e. v.

4) Sien bls. 418, 444.

5) In Openb. Bibl. Kps. Verder staan daarop: “Price Three Shillings... Printed for the Translator, By J. C. Eckley, 43 Plein St. and published at 41, St. John Street, and at the *Victoria Press*.”

6) *Alm.*

Die Dramatis Personae heet:
 "Lord Demur, — A Judge and his Court at the same time.
 Squire Ricordo, — Master of the Rolls.
 Harry Clamorous, — Usher of the Court.
 Mr. Crow, — A Pettifogging Lawyer of Babbling celebrity and matchless impudence.
 Mr. Crump, — Another ditto, but neither so noisy nor so bold.
 Mr. Crab, — Another ditto, who has a better opinion of himself than any body else.
 Mr. Clash, — Another ditto, frequently at war with the formers, and a most obstinate old fellow.
 Timothy Whisky, — An Innkeeper.
 Molly, — His female servant.
 Miss Loosee, — A very respectable English Girl of the Krom-elboog kidney.
 Margaret Slaaibek, — A Bastard Hottentot Young Lady.
 Hans Stompneus, — A Fish-boy of the same race.
 Abdol Trambambuli, — A Malay Gentleman.

Scene: — Caperstown.

In 1844 verdwyn BONIFACE van die Kaap. In Natal set hy sy werk voort en skrywe o.a. *The Natal Bluetts*, 'n soort musikale klugspel¹⁾. Maar met BONIFACE verdwyn vrywel alle drang tot skeppende arbeid aan die Kaap.

Ons kan ons voorstel wat sy pen sou gemaak het van die Anti-Bandiete Agitasie in 1849. Al wat ons kry is 'n „sentimenteele zang, *Geene Bandieten*, Origineel door een Zuid Afrikaner”²⁾. Origens bestaan die bekende tussenbedryf *Kaatje Kebbelbek* waarskynlik uit 1844³⁾.

Van *All the World* word 'n proloog vermeld deur 'n Kaapse heer in 1845⁴⁾.

In 1853 vertaal 'n Kaapse amateur *De Lotery Prys, of No. 2,5,3,8*, uit die Engels van P. HOARE⁵⁾.

Hiermee is die geskiedenis van oorspronklike werk ten einde. Wat betref die onoorspronklike werk, toon die Hollandse toneel agteruitgang, weer deur die verdwyning van BONIFACE. Buitengewone stukke word nie meer gespeel nie. Dit bly meestal herhalinge van ou bekende stukke van melodramatiese, sedekundige, of histories-romantiese aard: stukke van KOTZEBUE, IFFLAND en veral Franse soortgenote.

¹⁾ In Openb. Bibl. Ook te laat in hande gekry vir bespreking. Vgl. bls. 121.

²⁾ Sien bls. 455.

⁴⁾ Sien bls. 415.

³⁾ Sien bls. 441.

⁵⁾ Sien bls. 457.

Opvallend is egter die aantal oorspronklik Hollandse stukke wat gespeel word. *T. N. en V.* (of voortsettinge daarvan) tree onder die Hollandse geselskappe die meeste op die voorgrond, en bly sy aard getrou¹⁾ deur nie alleen in vergelyking met ander die grootste aantal Hollandse stukke op te voer nie (byna 'n derde van sy totaal teen ongeveer 'n vyfde by die ander); maar deur in vergelyking met homself in die voorafgaande tydperk sy aantal te vergroot.

Die stukke wat gespeel word is meestal van die bekendste uit die tyd. WESTERMAN bly verreweg die meesgespeelde outeur. As toneelspele van hom vind ons *Siegfried van Hohenwart*, 'n "haarsträubende draak", volgens WORP³⁾, en die „vermaarde” *Rozella en Guido*⁴⁾ 'n „comédie larmoyante”⁵⁾; as blyspele *Het Huishouden van Jan Steen*⁶⁾, *De Eerste April*⁷⁾, *Getrouw tot in den Dood*⁸⁾ (driemaal in dieselfde jaar opgevoer). Die laaste twee stukke is bekend uit die vorige tydperk⁹⁾. Eweneens bly in die smaak die „zeer koddige” *Kalkoen van Breda* van VAN RAY¹⁵⁾ (verskeie kere opgevoer). *Het Zal Laat Worden*¹¹⁾ van MEYER, *De St. Nicolaas Avond*¹²⁾ van KUP, *De Helleveeg*¹³⁾ van LOOSJES maak almal 'n weerverskyning. *De Bloemenkrans* van VAN DER SPRONG word 'n paar maal gespeel¹⁴⁾. Ander blyspele is van minder belang¹⁵⁾. Liedjies tussendeur bly algemeen.

Vermaarde toneelspele uit die tyd wat, behalwe die van WESTERMAN, gespeel word, sentimentele familiedramas of histories-romantiese stukke, is: *Carolina en Walmond*¹⁶⁾ van B. A. FALLÉE, *Het Kasteel van Tourville* van RUYSCH¹⁷⁾, *Valvaise en Adelaide*¹⁸⁾ (*Walwais en Adelheia*) — stuk van betekenis¹⁹⁾ van WISELIUS, *De Ortenbergsche Familie*²⁰⁾ uit 'n roman van KOTZEBUE deur VREEDENBERG, *De Onechte Dochter*²¹⁾ van MEYER (tweekeer gespeel), *Claudine* van VAN DER WILLIGEN²²⁾ (ontleen aan 'n Franse verhaal²³⁾, *Frederik en Charlotte* van 'T HOEN²⁴⁾ en *Nathan van Genève* van WARNSINCK²⁵⁾.

Van nuwe stukke word gewoonlik — tenminste deur *D. Y. b. d. K.* — spesiale vermelding gemaak²⁶⁾.

- | | | |
|---|---|------------------------------------|
| 1) Sien bls. 375. | 2) Sien bls. 453. | 3) <i>Drama ens.</i> II. bls. 351. |
| 4) Sien bls. 457. | 6) Worp, <i>id.</i> | 6) Sien bls. 447. |
| 7) Sien bls. 451. | 8) Sien bls. 453. | 9) Sien bls. 375. |
| 10) Sien bls. 447 e.v., 455. | 11) Sien bls. 442. | 12) Sien bls. 447. |
| 13) Sien bls. 462. | 14) Sien bls. 450, 457. | |
| 15) Vgl. bls. 444, 451. | 16) Sien bls. 447. | 17) Sien bls. 449. |
| 18) Sien bls. 450. | 19) Worp, <i>Drama ens.</i> II, bls. 354. | |
| 20) Sien bls. 451. | 21) Sien bls. 453, 456. | 22) Sien bls. 454. |
| 23) Worp, <i>Drama ens.</i> II, bls. 174. | | |
| 24) Sien bls. 456. | 25) Sien bls. 456. | |
| 26) Sien bls. 457 e.v. | | |

Die Engelse toneel toon ook weinig verandering. Behalwe vir 'n Shakespeareaanse oplewing deur die arbeid van FITZPATRICK ¹⁾ en LYCETT ²⁾ bly die stukke in die melodramatiese en humoristies-sedekundige skool van D. JERROLD, SHERIDAN KNOWLES en soortgenote. Romantiese en historiese stukke word taamlik veel opgevoer. Vermaak meer as nut, bly die oorwegende faktor in hulle keuse van stukke. Na 1850 veral word ligte vermaaklike stukke en variété hoe langer hoe meer die hoofsaak.

Die opera comique bly homself by tussenpose vertoon.

¹⁾ Sien bls. 400.

²⁾ Sien bls. 425.

TABELLE K TOT M.

TABEL K. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
Astley se Geselskap.	4 Jan. 1840	„Mr. Astley's Th.”	„Front seats 3s.” „Back seats 2s.” Kinders halfprys.	—
„Astley's Co.”	6 Maart 1841	„Andrew's Eating House”, Langstr. 24.	2/6.	—
Garnisoensges.	13 Mei 1842 9 Jun. 1842	Garnisoenskouburg. „Main Barracks”.	—	—
Tot Nut en Vermaak.	14 Sept. 1842	„Priv. Holl. Liefh. Schouwborg”.	—	Z. A. Kantoor. Op dag van vertoning en dag daarvoor van 9—4 uur.
All the World's a Stage.	18 Aug. 1843	„Amat. Theatre”, Hopestreet	—	„J. Kilcullen. Tobacconist, Shortmarketstr., en Messrs. Golding & Co., Market Square”.
Tot Nut en Vermaak.	5 Mei 1843	Roelandstr. Skoub.	—	Z. A. Kantoor, verder as gewoonlik. Soms van 10—3 uur.
Door Yver Vruchtbaar.	18 Jul. 1843	Liefhebbery Toneel.	—	Op dag van vertoning van 9—4 uur. Z. A. Kantoor.
Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar.	31 Mei 1844 uitgestel tot 5 Jun.	Roelandstr. Skoub.	—	Kaartjies op dag van vertoning aphaal van Z. A. Kantoor van 10—4 uur.
Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar.	28 Mei 1845	„	—	Kaartjies aphaal op dag van vertoning van 9—3 uur. Z. A. Kantoor. Later van 10—4, soms 10—3 uur.
All the World's a Stage.	17 Jul. 1845	„	4s., Kinders onder 14 jaar: halfprys.	J. Golding & Ko. en J. Kilcullen. Plan van die huis.
Eng. Ges. (Garnisoen?)	22 Aug. 1845	„	—	—
Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar.	3 Apr. 1846	Roelandstr. Skoub.	—	Kantoor S. S. Op dag van vertoning van 10—4 uur.
Eng. Ges.?	9 Jul. 1846	„Victoria Theatre”. Hoopstraat.	4s.	Mnr. Aschen, Pleinstr. 6. Ook plan van huis te sien.
„Mr. Hill's Literary Entertainment”.	12 Okt. 1846	„Commercial Exchange”.	2s.	Mnr. Robertson, Heregr., Reeler do, Collard, Langemarkstr. Frushard, do, Rose, „Com. Exchange”.
Eng. Garnisoensges.	30 Apr. 1847	Garnisoenskouburg.	„Boxes 3s., Pit 1/6, Gall. 1s.” Op 2 Jun.: „Boxes 4/-, Pit 2/-, Gall. 1/-” Op 9 Des.: „Boxes 5/-, Pit 2/6, Gall. 1/6”	„Box-office of Mr. Eckley, Examiner Office, Marketsq., Steward of the Club House en Mr. Stewart, Caledon-sq.”. Later ook „Public Library” waar plan van huis te sien is. Vir 9 Des. van Mnr. Rose, „Com. Exchange”. By die Sekretaris A. van Breda.
Engelse Ges. van A. v. Breda.	26 Jun. 1847	Roelandstr. Skoub.	—	Mnr. Rose, „Exchange”.
„	16 Nov. 1847	„	5s.	—
Tot Nut en Vermaak en Door Yver Vruchtbaar.	30 Apr. 1847	Liefhebbery Toneel, Roelandstr.	—	Z. A. Kantoor van 10—4, op die dag van vertoning.
Signor Dalle Case se Geselskap.	14 Febr. 1848	„Sans-Souci Theatre”, Hoopstr.	„Dress Circle 7/6 4. Pit 5/-”.	Mnr. Robertson, Heregr. en Mev. Sloman, St. Georgestr. en Mev. Parke, ook plan van loges te sien.
„	13 Maart 1848	„Garrison Theatre”, (3 vertonings daar, dan weer terug na Hoopstr.)	„Boxes 5/-, Pit 3/6, Gall. 2/”.	J. C. Eckley, Markplein, Mev. Sloman. Plan van loges te sien.
„	20 Maart 1848	Hoopstr. Skouburg.	„Boxes 5/-, Pit 4/-”.	„

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

1840—1848.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
—	7	8	—	<i>Com. Adv. Harmonie en Eendragt</i> orkes speel mee. Besondere voorwaardes van 1 5 vir „private families”.
—	—	8	„Audience Select”.	<i>Com. Adv. Verversinge</i> ens. verkrybaar by Mnr. Andrews.
—	—	—	Goeie opkom.	<i>C. T. Mail.</i> Geen advertensie nie, enkel 'n kritiek. 'n Herhaling verwag op 15 Mei.
—	—	—	Geen kaartjies aan die deur nie!	Z. A.
Intekenaars word versoek om vir hul kaartjies naar Golding & Ko. te stuur. Z. A. Kantoor.	—	—	Om teleurstelling te voorkom, geen kaartjies aan die deur nie.	<i>Com. Adv.</i> Op besondere versoek. Beslis laaste keer.
Z. A. Kantoor. (Ook plan van die huis).	—	—	Een lid sal op die kantoor wees, van 9—12 uur op die dag van vertoning om die plekke vir die dames te reël. Geen kaartjies aan die deur nie!	Z. A. 5 Mei, eerste opvoering hierdie seisoen. 6de en laaste voorstelling op 27 Okt. Z. A. 5de en laaste voorstelling op 17 Nov.
By intekening.	6½	7½	Intekenlyste een dag voor die voorst. gesluit. Dameskaartjies op die dag verkrybaar.	Z. A. 5 „Vertooningen” by intekening. S. S., C. T. Mail.
By intekening.	6½	—	—	<i>Com. Adv., S. S.</i> Benefiese voorst. 28 Mei = 1ste vertoning hierdie seisoen. Z. A. S. S.
—	6½	7	Spesiale „familieloges” verkrybaar.	S. S. Geen advertensie, enkel 'n verslag.
—	—	8	—	—
By intekening.	—	—	Intekengeld moet vooruit betaal word. Die tesourier sal daarvoor aanwesig wees op S. S. se Kantoor.	S. S., Z. A. 3 voorstelling hierdie seisoen.
—	6½ later 7 uur	7½	Gekla, dat die voorstelling te lang duur met die lang programma. Vir voorstelling van 12 Sept. geadverteer, dat die voorst. om 11 uur afgeloop sal wees.	<i>Com. Adv.</i>
—	7	7½	—	<i>Com. Adv.</i>
—	7	7½ later ook 8	—	<i>Com. Adv.</i> Die „buglers of the 90th Light Infantry” sal speel. Op 7 Jul. 'n benefiese voorstelling vir „Regt. School”. Op 17 Sept. 'n benefiese voorstelling vir die „Infant Schools”.
By intekening.	Op 19 Okt.: 6½ Op 9 Des.: 7½	7	—	<i>Com. Adv.</i> 1ste voorst. op 26 Junie. 3de en laaste voorst. op 22 Sept.
—	—	—	—	<i>Com. Adv.</i> Op besondere versoek, nog 'n ekstra voorstelling.
By intekening.	—	—	Intekenaars wat nog nie betaal het nie, moet dit nie later as op die dag van die laaste (vyfde) voorstelling op 2 Nov. doen nie.	Z. A.
—	7	8	—	<i>Com. Adv.</i> 2de Voorst. op 17 Febr. Z. A., C. T. Mail.
—	7	8	—	<i>Com. Adv.</i> 3de Voorst.
—	7	8	—	C. T. Mail.

TABEL L. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
„Theatre de l'Union”.	31 Maart 1848	Garnisoenskouburg. „Main Barracks”.	„Boxes 5/-, Pit 3/6, Gall. 2/-”.	Mev. Sloman en Mnr. Adney, St. Georgesstr., Mnr. Victor, Harringtonstr. en Mnr. de Lima, Burgstr.
	19 Jun. 1848	Drury Lane Skoub.	—	—
Italiaanse Sirkus. Garnisoensgeselskap.	18 Febr. 1848 4 Aug. 1848	— Garnisoenskouburg.	„Boxes 3/-, Pit 2/-, Gall. 1/-”. Boxes 5/-, Pit 3/-, Gall. 1/6”.	— „Com. Hall, Parke's, Masonic, Imperial en Caledonian Hotels”, ook by Mnr. Harrington & Mnr. Eckley.
„Eng. Amateur Co., All the World's a Stage”.	21 Sept. 1848	Hoopstr.-Skouburg.	„Boxes 4/-, Pit 2/6”.	„Burkes, Parke's, Imperial, Masonic en Caledonian Hotels, at Eckley's and Mr. Bell's”.
„Engl. Am. Co.” (sien bo)	3 Okt. 1848	Hoopstr.-Skouburg.	„Boxes 3/-, Pit 2/-”.	—
„Mechanical and Pictu- resque Theatre of Arts. Mr. Parker”.	6, 8, 10 Nov. 1848	—	3/- en 2/-. (Kinders 1/6 en 1/-).	Eckley, Merrit ens. en aan die Skouburg self.
Hoop en Trouw.	24 Nov. 1848	Hoopstr.-Skouburg.	Loges 4/-, „Pit” 3/-.	v. d. Sandt & Ko.
Hoop en Trouw, na 10 Mei speel die- selfde geselskap onder die sinspreuk: Tot Oefening en Ver- maak.	8 Mei 1849	Hoopstr.-Skouburg.	Loges 4/-, Parterre 3/-. Alleen: Op 4 Sept. Loges 3/-, Parterre 2/6. Daarna weer: 4/- en 3/-.	v. d. Sandt, Kasteelstr. 2.
Door Yver bloeit de Kunst	19 Jun. 1849	—	—	—
Garnisoensgeselskap (Eng.).	24 Apr. 1850	Garnisoenskouburg. „Main Barracks”.	„Boxes 5/-, Gall. 2/6”.	Mev. Findlay, Keisersgr., Plan van die huis te sien. Gal. kaartjies van die Sers. Majoor en van Mnr. Barth, Davis Markplein, en Mnr. Merritt, Fountain Hotel, Houtstr.
(Eng.) „Amateur Performers”.	26 Jul. 1850	Drury Lane Skoub.	„Boxes 4/-, Pit 2/6, Gall. 1/6”. Op 27 Nov.: „Boxes 5 -, Pit 2/6, Gall. 1/6”.	D. Dix, „Confectioner” en A. C. Mathieson, Langemarkstr. 20. Ook programme daar te kry. Ook kaartjies by Mnr. Lycett, London Hotel, Kortemarkstr.
„Engl. Co.” (Parker teken homself: eienaar van skouburg).	10 Des. 1850	Hoopstr.-Skouburg.	„Boxes 3/-, Pit 2 -”.	—
„Equestrian Gymnastics” (Sirkus).	19 Okt. 1850	Sirkus.	4/-, 2/6, 1/6.	—
„English Co.” (Parker).	12 Maart 1851	Drury Lane Skoub.	„Boxes 4/-, Pit 2/6, Gall. 1/6”. Kinders halfprys.	Parke's Hotel en by Mnr. Holloway Langemarkstr. 73.
Dramatiese en Musikale Opvoering. English Amateur Co.”.	15 Mei 1851 3 Des. 1851	Koopmansbeurs. Garnisoenskouburg.	Famielies van 4 betaal 15/-. Enkele kaartjies 5/-. „Boxes 4/-, Pit 2/6, Gall. 1/6”.	Robertson, Adderleystr. en Mnr. Hewitt en Mnr. Rose. v. d. Sandt de Villiers & Ko.
Door Yver bloeit de Kunst	26 Jun. 1851	Drury Lane Skoub. Op 28 Aug.: Hoopstr.-Skouburg.	„Boxes 3/-, Pit 2/6, Gall. 1/6”. Op 9 Okt.: Ook die „Pit” 3s.	Z. A. Kantoor en by die „Commercial Press”, op dag van vertoning.
Hoop en Trouw en Tot Oefening en Vermaak.	23 Okt. 1851	Garnisoenskouburg.	Loges 4s., Parterre 3s., Gall. 2s.	v. d. Sandt de Villiers en Tier, Kasteelstraat 62, by Ziedeman en by die Garnisoensers.
Garnisoensges.	24 Maart 1852 13 Apr. 1852	Garnisoenskouburg. —	Famieliebiljette vir 4 pers. vir 2 voorstellinge: £ 1.10. 1 Persoon beide voorstellinge: 10s.	—
	21 Apr. 1852	—	Vir die 2de voorstelling: „Boxes 5s., Gall. 2/6”. Nog een voorstelling: „Boxes 4/-, Gall. 2/-”.	„Box”plekke by S. A. Klubbuis en Mnr. Robinson. „Gall”. by Mnr. Everest „Hairdresser”, Mnr. Merritt en aan die deur van die Skoub.
Door Yver bloeit de Kunst	10 Jun. 1852 12 Aug. 1852 16 Sept. 1852	Hoopstr.-Skouburg. Breestr.-Skouburg. —	Loges 4/-, Part. 4/-. —	Z. A. Kantoor op dag van voorstelling. Plan van huis te sien.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

INTEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOORSTELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
— End Mei word 'n lys van 6 voorstellinge ge-adverteer. Lê by Slo-man, de Lima & Mnr. Victor.	—	8	'n Intekening vir 10 „Vertooningen” word voorgestel, maar gaan nie deur nie. Sien verder onder: Intekenlyste.	<i>Com. Adv., Z. A.</i>
By intekening, vgl. bo.	—	—	Intekenaars word versoek om hulle plekke uit te kies.	<i>C. T. Mail, Z. A., Com. Adv.</i>
—	—	4½ n.m.	—	<i>Com. Adv.</i>
—	6½	7½	—	<i>Com. Adv.</i>
—	7	Op 26 Sept.: 8	—	<i>Com. Adv.</i>
—	—	—	—	<i>C. T. Mail.</i> Laaste voorst. hierdie seisoen.
—	7½	8	—	<i>Com. Adv.</i> Ook besondere ver-toninge vir famielies. Te be-spreek persoonlik met Mnr. Parker.
—	—	—	—	<i>Z. A.</i>
—	—	—	—	<i>Z. A.</i> Op 11 Mei, herhaling van opvoering van 8 Mei en wel hierdie keer vir die „publiek” en nie vir intekenaars nie.
By intekening.	—	7½	—	Op 4 Sept. gee hulle 'n benefiese. Op 3 Des. 7de en laaste voorst. <i>Vbd.</i>
—	—	—	—	<i>Z. A.</i>
—	6½	Op 29 Mei: 7	'n „Soda-water fountain” word ge-adverteer vir 8 Mei.	<i>Com. Adv., Z. A., Exc. Gaz.</i>
—	7	Op 31 Jul. 7½	—	<i>C. T. Mail.</i>
—	6½	Op 27 Nov.: 7	„No second price”. Geen geld aan die deur nie.	Op 26 Sept. hul laaste opvoering.
—	7	Op 27 Nov.: 7½	—	<i>Com. Adv. Exc. Gaz.</i>
—	7½	8	—	<i>Exc. Gaz.</i> Op 7 Des. word al die 4de voorst. eadverteer vir 10 Des. Op 17 Des. = vyfde voorstelling.
—	7	8	—	<i>Com. Adv.</i> Die sirkus geheel met gas verlig.
—	6¼	7½	—	<i>Exc. Gaz.</i>
—	7	7½	—	<i>Z. A.</i>
—	—	—	—	<i>Mon.</i> Geen garnisoensgeselskap nie. Benef. vir slagoffers Kaffer-oorlog.
—	—	—	—	<i>Z. A.</i> 1ste Voorst. hierdie jaar. Derde en laaste voorst. op 9 Okt.
—	6½	7½	—	<i>Z. A.</i> Benefiese voorst. slagoffers Kafferoorlog. 'n Twede benef. voorst. op 13 Nov.
—	7	7½	Private loges verkrybaar.	<i>Z. A.</i> Benefiese voorst. slagoffers Kafferoorlog. 'n Twede benef. voorst. op 13 Nov.
„S. A. Club”. Ook plan van die huis te sien.	6½	7	Besproke plekke word tot die end van die eerste bedryf bewaar.	<i>Mon.</i> 2 Benefiese voorstellinge by intekening slagoffers <i>Birken-head.</i>
—	—	—	Galleryplekke aan die deur.	Op 21 April nog 'n derde en laaste voorstelling.
—	6½	7½	—	<i>Z. A.</i> Eerste voorst. op 10 Jun.
—	6	7	—	<i>Z. A.</i> 16 Sept. laaste (3de) voorst.
—	6½	7½	—	

TABEL M. 1)

NAAM VAN GESELSKAP.	DATUM VAN OPVOERING.	PLEK VAN OPVOERING.	INDELING EN PRYSE VAN PLEKKE.	KAARTJIES EN LOOTJIES VERKRYBAAR BY:
Door Yver bloeit de Kunst.	28 Apr. 1853	Breestr.-Skouburg.	Loges 4/-, Parterre 4/-.	P. J. Richter, Sekretaris van die Ges., Breestr. 67, op die dag van vertoning. Ook plan van die huis te sien.
Garnisoensges.	5 Sept. 1853	Garnisoenskouburg. „Main Barracks”.	„Boxes 3/-, Pit 2/-, Gall. 1/6”.	London Hotel, Mnr. Dix, „Confectioner”, Langemarkstr., Mnr. Brown, „Tailor and at the Main Barracks, from the Serg. Major”.
„	14 Sept. 1853	„	„Boxes 5/-, Gall. 2/6”.	Vir loges: Mev. Findlay; vir Gal.: London Hotel.
„	19 Okt. 1853	„	„Boxes 3/-, Pit 2/-, Gall. 1/6”.	Ook plan van die huis by Mev. Findlay.
„	31 Okt. 1853	„	„Boxes 5/-, Gall. 2/6”.	
Garnisoensges.	2 Mei 1854 30 Aug. 1854 uitgestel tot 4 Sept. 1854	Garnisoenskouburg. „	„Boxes” 3/-, geen gallery nie. „Boxes 4/-, Second do 2/6”.	„Hewitt & Son, St. Georgesst.”. Mev. Taylor, Adderleystr.
Door Yver bloeit de Kunst.	18 Mei 1854 uitgestel tot 23 Mei 1854	Breestr.-Skouburg.	Loges 4/-, Parterre 4/-.	Aan die deur van die Skouburg.
„City Amateur Theatrical Society”.	26 Jul. 1854	Breestr.-Skouburg.	—	—
„	21 Aug. 1854	„	Toegang: 4/-.	Hewitt & Seun en Mnr. Taylor, Adderleystr. Plan van huis te sien.
„Mr. G. Brooke & Amat.” (Lede v. d. Garnisoen).	1 Jan. 1855	Garnisoenskouburg.	—	—
Door Yver bloeit de Kunst.	26 Apr. 1855	Garnisoenskouburg.	Sitplekke 4/-.	Taylor, Adderlevstr. Ook plan van die huis.
„	12 Jun. 1855	„	Enkele kaartjies 5/-. Famielies van 5 = £ 1.-.	—
„	28 Jun. 1855	„	Voorste Plekke 3/-. Agterste Plekke 2/-.	Z. A. Kantoor. Plan van huis te sien.
„Mr. Sefton Parry and Amateurs”.	13 Jun. 1855	„Commercial Rooms. Drawingroom Theatre”.	Kaartjies 5/-. Alleen op 25 Julie: Kaartjies vir 5/- en Gal. vir 3/-.	Taylor. Plan van die huis.
Garnisoensges. (Eng.).	8 Maart 1855	Garnisoenskouburg.	—	—
„	24 Sept. 1855 uitgestel tot 28 Sept. 1855	„	„Front Seats 4/-, Back Seats 3/-”.	Mnr. Taylor. Ook plan van die huis.

1) Alle opvoeringe, gelyk aan die vorige, is weggelaat.

1853—1855.

ITNEKENLYSTE BY:	OPENING VAN DEURE:	AANVANG VAN VOOR- STELLING:	PUBLIEK:	BESONDERE AANMERKINGE EN BRONVERWYSINGE.
By intekening. — — — —	6½ Op 14 6 Op 8 6½ 7 6½ 7 6½	7½ Jul.: 7 7½ 7½ 7 7½ 7	— Geen geld aan die deur nie. " Vir kaartjies so vroeg moontlik aanvra. "	Z. A. Op 8 Sept. hulle laaste opvoering. <i>Mon.</i> <i>Mon.</i>
By intekening. — — —	— 6½ Op 17 7 7	7½ Okt.: 7½ 7½	Vir die opvoering van 5 Jun., sal die hele gallery as loges ingedeel word, weëns grote belangstelling. Die meeste plekke al verkoop. Geen geld aan die deur nie. Intekenaars word versoek om hulle „boxplaatsen ten eerste aanzoek te doen”. Byna alle plekke reeds verkoop op 22 Jul. Deel van die Parterre as Loges ingedeel.	<i>Mon.</i> Op 30 Aug. laaste voorstelling. <i>Com. Adv.</i> Op 18 Sept. Benef. voorst. vir Mnr. Kirton. Z. A. 1ste voorst. op 18 Mei. <i>Com. Adv., Mail.</i> <i>Mon., Com. Adv.</i> J. Boxer, „Director” of „Stage-Manager”.
By intekening. — — — —	— 6½ 6 6 7 7	— 7 7 7 7½ 7½	— Geen geld aan die deur nie. — Op versoek 'n derde voorst.; gaan enkel deur indien alle loges geneem word. Verminderde pryse. Rytuige om 11.15 n. m. By die 2e opvoering, einde al om 11 uur. By die 3e opvoering, weer om 11¼ uur. — Geen geld aan die deur nie.	<i>Mon., Com. Adv.</i> Z. A. Benefiese „Patriotic Fund”. <i>Mon., Com. Adv.</i> Z. A. 'n Tweede benefiese voorst. „Patr. Fund”. Z. A. Weer 'n benefiese, vir weduwees en wese. <i>Mon., Com. Adv.</i> Die derde voorst. is 'n benefiese vir S. Parry self. 'n Benefiese vir Taylor word geadverteer maar uitgestel. Op 13 Jul.: benef. „Patriotic Fund”. Op 25 Jul.: afskeidsvoorst. S. Parry. <i>Mon.</i> <i>Mon.</i> Benef. „Patriotic Fund”. <i>Com. Adv.</i>

HOOFSTUK IX

Toneel weg van die Kaap ¹⁾

Behalwe in Grahamstad vind ons in hierdie periode toneel in Port Elizabeth, Kingwilliamstown en Pietermaritzburg, Natal, terug.

§ 1. Grahamstad.

Wat hierdie plek betref gee ek soos voorheen LAIDLER²⁾ die woord. "During December 1841", sê hy, "it was decided at a public meeting at Grahamstown to build a theatre to be styled 'The Albany Amateur Theatre', at a cost not to exceed £ 1.000, which sum was to be raised by selling 1.000 shares of £ 1 each. The talent was already there, and also an evident desire to make headway, but during the two following years Eastern Province papers made no mention of drama. The project was evidently dropped, for on 30th July 1844 the Amateur Musical Society gave their first performance in the Commercial Exchange, Grahamstown. No further news is gleaned until January 1858³⁾, when a notice of the opening of the theatre appeared, and a conjurer from Cape Town gave a performance."

Grahamstad wil dus 'n openbare skouburg by openbare inskrywing bou, maar soos in Kaapstad in dieselfde tyd⁴⁾ misluk die plan.

Intussen is Laidler se gegewens nie volledig tot 1858 nie; een en ander kan ek aanvul.

CHASE vermeld (1843)⁵⁾ van Grahamstad dat "a theatre for amateur theatrical performances is about to be re-established."

Vermoedelik het *Kaatje Kekkelbek* in 1844 op die Grahamstadse toneel die eerste lig gesien⁶⁾. Dit is nie alleen 'n deels gesonge, deels gesproke oorspronklike tussenbedryf nie, maar ook een van ons oudste voortbrengsels, gedeeltelik tenminste, in Afrikaans. Die inhoud van die stuk is tiepies

¹⁾ Hier soos voorheen was my bronne baie beperk. ²⁾ *Annals ens.* bls. 50.

³⁾ Maar in *Annals ens.* bls. 57 maak Laidler self melding van die voorstelling in Okt. 1853 wat ek hierna noem!

⁴⁾ Sien bls. 475 e. v.

⁵⁾ *The Cape ens.*, bls. 209.

⁶⁾ Sien Bylae X; Vgl. bls. 389; 413.

van sy tyd. Dit steek veral die draak met die filantropiese dwaashede teenoor kleurlinge en Kaffers, met die filantropiese onregverdighede teenoor boere in besonder van die Regering en van Exeter Hall se sendelinge in die tyd. Kaatjie is die tiepe van Hottentot- of kleurlingmeid vir wie drink, steel en tronktoe gaan die gewone sake van haar daaglikse bestaan uitmaak. Dis die maklikste manier om aan die kos te kom. Van verkeerdheid is geen sprake nie. As mense soos die sendelinge en regering *wil* dwaas wees, moet jy sien om daar sooveel moontlik profyt van te trek. Kaatjie is dus bedorwe; in die grond van die saak is sy nie so sleg nie. Ons voel dat met verstandige leiding sou 'n mens iets van haar kan maak. Veral win sy ons simpatie deur haar eerlike ongeveinsde uitblaker van eie handelwyse en beskouinge; deur haar ewe eerlike, openhartige kritiek van alle persone en toestande, hoog en laag. *Kaatje Kekkelbek* is spreekwoordelik geword in Suid-Afrika as 'n tiepe van grappige diensmeid-babbelaarster, wat, sonder om 'n blad voor die mond te neem, hoog en laag onder die roede van haar tong laat deurloop.

In 1853¹⁾ word onder "Amateur Theatricals" vermeld: "The officers in garrison at Grahams Town had announced their intention of giving a variety of entertainments in the Theatre Royal of that town on Thursday last".

Ons het dus garnisoenstoneel in Grahamstad, daar bestaan 'n skouburg. Dit was die tyd van die Kafferoorlog²⁾; sou kapt. HALL van Kaapstad miskien onder hierdie spelers gewees het?³⁾

Ongeveer twee maande later het ons 'n verslag van 'n voorstelling van hierdie geselskap⁴⁾, waaruit blyk dat hul reeds meer gespeel het.

Op Dinsdag 11 Oktober het die geselskap in die Garnisoenskouburg, Grahamstad, *Love à la Mode* (MACKLIN), en *The Three Clerks* opgevoer, "the playing of the various actors winning golden opinions from all sorts of people. The band of the Cape Mounted Riflemen played in their usual excellent manner several new pieces of music and the house broke up amidst much laughter and applause. *The Journal*⁵⁾ announces that H. E. the Governor was present, and appeared in excellent health and spirit, and adds — 'We are very sorry to observe that this is announced as the last performance, and we think the thanks of our fellow-townsmen are due to the officers

1) *Mon.* 20 Aug. '53.

2) Sien bls. 401.

3) Sien bls. 403 e. v. (in besonder bls. 405).

4) *Mon.* 22 Okt. '53.

5) *Grahamstown Journal*.

who have contributed so much to the amusement of this otherwise dull capital.'”

Meer vind ek nie van Grahamstad gedurende hierdie tydperk vermeld nie.

§ 2. Port Elizabeth.

In 1820 gestig, hoor ons eerste van toneel in hierdie opkomende stad in 1853. Dan bestaan daar 'n pasgeboude skouburg, sodat ons veilig kan aanneem dat tevore (amateurs) toneel sal beoefen gewees het.

Onder “Port Elizabeth Theatre” word vermeld¹⁾ dat “The new Theatre which had been built by subscription opened on the 26th ult. GOLDSMITH’S Comedy *She Stoops to Conquer* and *Did you ever send your wife to Camberwell?* (COYNE) were the pieces enacted. A second performance was announced. The *Telegraph* speaking of the performance says: — Altogether the first appearance of the new Amateur Company was so creditable that it is with regret that we assume to write a *critique* on their performances. The Theatre, the dresses, the acting, all were extremely creditable, and an overflowing house rewarded the efforts of the Amateurs.”

Onder 22 Oktober²⁾ vind ons die derde voorstelling van die Port Elizabethse liefhebbergeselskap vermeld. “The entertainment consisted of selections from ‘SHAKESPEARE’S Historical Play of *Henry IV*’ expressly arranged for the occasion. FOX COOPER’S *petite* comedy *The Spare Bed*, and J. M. MORTON’S farce *An Unwarrantable Intrusion* were the after pieces. The *Telegraph* speaks highly of the acting of the company generally, but particularly of the Falstaff, King Henry and the Prince. The wardrobe and general appointments are said to have reflected great credit on the enterprising and spirited management. In this as in most other things, it appears the frontier people are leaving the ‘city of the mountain’ behind them”. Port Elizabeth sou dus die Kaap vooruit wees!

In 1854 gaan die geselskap op die ingeslae weg voort. Ons het 'n verslag van die voorstelling van Vrydag 7 Julie³⁾. “The Amateur Theatrical Society... performed HOLCROFT’S Comedy *The Road to Rutn* and J. M. MORTON’S farce entitled *The Thumping Legacy* to an overflowing house.” Die voorstuk het matige sukses gehad, waarskynlik deur onvoldoende studie van sommige spelers. Maar die nastuk “was performed with a spirit which would have done no discredit even to experienced professionals.” Sodat dit meer as vergoed het vir die eerste deel van die aand. “The Amateur Musical Society

¹⁾ *Mon.* 10 Sept. '53. Vgl. bls. 421. ²⁾ *Mon.* 1853. ³⁾ *Mon.* 15 Jul. '54.

were in attendance and played several beautiful pieces in a truly masterly style”.

In 1855¹⁾ word gerapporteer dat “The Theatrical Amateurs have been amusing the playgoers. *The Rivals* (SHERIDAN) and *The Fast Train* (skrywer anoniem) were the last pieces announced, and they are not at all inappropriate with the last part ‘Little Elizabeth’ has been forced into by some of her people. It is said that the Capt. Absolute on the stage did not exactly conceive his character. Most appropriate! It applies in two cases”.

Het ons hier met allerlei steke te doen op die vooruitstrewendheid en aanmatiging van Port Elizabeth?

Tenslotte ’n berig uit 1836²⁾: “The Port Elizabeth playgoers appear to enjoy themselves much every evening at the Lycean Theatre. The Amateur performers of Port Elizabeth appear to be getting quite proficient”.

Port Elizabeth was geen garnisoensplek soos Kaapstad of Grahamstad nie. Ons sal hier dus enkel met liefhebbers uit die burgery te doen hê.

§ 3. Kingwilliamstown.

Van opvoeringe hier verneem ons eerste in 1854. Die aanwesigheid van buitengewoon groot aantalle troepe was waarskynlik die aanleiding³⁾ hiertoe.

Op Woensdag 29 Maart word opgevoer *The Irishman in London* (W.M. MACREADY). Hulle word gevolg deur die *Ethiopian Serenaders*⁴⁾ “who elicited rounds of applause”. Die Goewerneur, Generaal en gevolg was aanwesig en “appeared to be highly amused with the excentricities of *Box and Cox* (J. M. MORTON), which went off remarkably well. It is understood that a fresh drama is in preparation with new scenery, dresses, etc”.

Meer vermelding vind ek nie van Kingwilliamstown in hierdie periode nie.

§ 4. Pietermaritzburg.

Na die besetting van Natal deur die Engelse hoor ons ook van toneel in Pietermaritzburg. *Sam Sly*⁵⁾ neem die volgende berig uit *De Natalier* oor:

1) *Mon.* 8 Aug. ’55.

2) *Mon.* 24 Sept. ’56.

3) Die afwikkeling van die Kafferoorlog. Vgl. bls. 401.

4) Sien bls. 416.

5) *S. S.* 31 Okt. ’44.

"*Amateur Theatre*. Mr. F. S. BERNING Ws, lately from Cape Town, begs respectfully to inform the Public of Natal, that having brought with him an excellent Collection of Plays, most of which have been performed with the greatest success in the South African Metropolis; he intends with the assistance of young Amateurs of both sexes, which he trusts he will soon be able to obtain in Pietermaritzburg, to form a Theatrical Company, in the midst of which the most respectable Inhabitants of this town may by subscription and at a very cheap rate procure to themselves and fly every now and then an instructive and harmless evening recreation.

For further particulars apply at the Office of the *Natalier*, where Lists are laying open for subscription".

Die taal van hierdie advertensie is nie onberispelik nie. Dit lyk baie of dit 'n vertaling uit die Hollands is. Ek sal my nie verwonder nie as BONIFACE daar agter sit. Hy het in 1844 naar Natal gegaan en was 'n medeoprigter van *De Natalier*¹⁾. Ook toneelwerk het hy daar gelewer²⁾. Dit heet: *Bluettes franco-nataliennes; ou recueil de contes, fables et autres petites pieces en vers et en prose, à l'usage des etudians et des amateurs de la langue française dans le pays de Natal*. No. 2. *Le Latanier*, conte. (La mort du Latanier et la metamorphose de ses feuilles en papillotes, vaudeville à grand spectacle. 2 pts). Hs. Pietermaritzburg, 1846. (Dit is kennelik 'n hekelstuk op *De Natalier*. — F. B.).

Van toneel op hierdie grondslag hoor ons nie meer nie. Blykbaar het daar niks van gekom nie. Ons volgende berigte is uit 1846 en dan is dit garnisoenstoneel. *Sam Sly*³⁾ sê: "We find that several balls and suppers, and dramatic performances have taken place, and united more hearts and hands, than the most perfect systems of jurisprudence or logic". Hy gee dan enkele verslae uit *De Natalier* van Januarie weer.

Dit blyk dat "the 45th Regt. at Fort Napier followed out the festivities of 'New Year's Day' by an Amateur Performance the following evening, in one of the large Rooms of their Barracks which was tastefully fitted up for the occasion". Die voorstuk was *Zorinski* (TH. MORTON) Tsp., die nastuk *Honest Thieves* (KNIGHT). "The characters were ably sustained". Tussenin "a Highland Fling was danced in character, and with *Highland energy*, — after which 'Jim Crow', just come from Kentucky, sang his adventures with excellent effect; music lent its charms to an evening, than which we have seldom spent one more delightful.

1) Sien bls. 123. 2) Vgl. bls. 123—124. 3) S. S. 12 Maart '46.

His Honor the Lt. Governor, the Commandant and Officers of the Garrison, with a number of the Gentry from Town, honored the performance throughout with their presence.

We have heard another performance is in contemplation, if so, we hope the treat will equal the last, and conclude with our best wishes for its success.

We would recommend the erection of a Theatre, the necessary funds to be raised by subscription, and will feel most happy to render all the assistance in our power for this object”.

’n Korrespondente in *De Natalier* gee nog ’n paar aanvullende besonderhede.

Die voorstelling was op Vrydag 2 Januarie. Die Lt.-Gouverneur was op ’n dinee ontvang deur die 45ste Regiment, en daarna (om half-nege) het almal die komedie bygewoon. Dit was die tweede voorstelling van die regiment sedert hulle aankoms in hoofkwartier, en het algemene voldoening gewek. “I at the same time trust, that ere long we shall see a permanent Theatre, which will greatly tend *to drive dull care away*; indeed, so dull are we getting at Pietermaritzburg, that had it not been for the presence of the military here, we should drudge along, and forget that life was worth living”.

Op 3 Januarie het die Regiment die dames en here van die stad op ’n “Dejeune” ontvang; ook van ander eetmale en bals van regimentsweë word melding gemaak. Tenslotte, in *De Natalier* van 23 Januarie, vermeld die korrespondent:

“The hints which your last week’s journal threw out on the subject of the erection of a Garrison Theatre, has been taken up, and met with the patronage of the Lt. Governor and Commandant. A play will come off on Monday week next, and I should propose with the view of forwarding the building which is now in progress, that all civilians attending should be charged a dollar or two shillings on admission”.

Hiermee eindig ons mededelings vir hierdie tydperk.

Tenslotte rekapituleer ek kortliks wat ek my in die deel wat op hierdie werk volg, voorstel om te doen. Na 1855 is dit met die oorheersing van liefhebberytoneel aan die Kaap gedaan. In die 2^{de} helfte van die 19^{de} eeu neem Engelse beroepstoneel die oorheersende plek in. Engelse liefhebberytoneel bestaan voort, maar neem ’n volkome ondergeskikte posisie in. Soortgelyke toestande vind ons terug in die res van Suid-Afrika.

Vir sover die Hollandse toneel voortbestaan, bly dit by uitstek aan die Kaap (eers laat in die 19de eeu b.v. in Pretoria) en bly dit suiwer liefhebberytoneel. Sedert 1868 beleef dit daar 'n grote opbloeï deur die ontwakende nasionale bewussyn van die Hollandssprekendes. J. C. COMBRINK en MELT BRINK word die vernaamste figure op hierdie gebied.

Tegelykertyd maak die Afrikaanse toneel sy verskyning, en sal met die begin van die 20ste eeu hoe langer hoe meer die enigste vorm van Dietse toneel word... tot 1927! Dan maak VERHEYEN e.a. weer hul verskyning met Hollandse toneel.

Al hierdie toneel hoop ek om te behandel. Ook hoop ek as die groot tydperk van Hollandse toneel in die 19de eeu afgeloop is, om, aan die hand van die stukke wat gespeel is, 'n uitgebreider studie van hul aard en literêre waarde te maak, en om na te gaan in hoeverre ons daarin 'n weerspieëling van Kaapse (Suidafrikaanse) maatskaplike toestande kan sien.

Wedrenne

(Vgl. bls. 40).

Reeds by die koms van lord MACARTNEY (Goewerneur van 5 Mei 1797—20 Nov. 1798), bestaan daar 'n „Afrikaansche Turf Club” (Lady ANNE BARN. P. 188 e.v. [1913]; sy dra selfs tot 'n „Ladies Purse” by), en die Hollandse bevolking neem druk deel, nie sonder om die spot van die Engelse uit te lok nie, as uitvloeisel van Engelse laatdunkendheid. Die wedrenne gaan hul gang ten spyte van enige teenstand van die Goewerneur, lord MACARTNEY ('n groot uitsondering in hierdie opsig), en wek baie belangstelling om te oordeel naar die mededeling van lady ANNE BARNARD en die advertensies in die *Kaapsche Courant*, reeds dadelik na sy verskyning. (K. C. 13 Sept.; 4 Okt. 1800 e.v.; vgl. ook *Gleanings in Africa* P. 20). Reeds toe was die byeenkomste tweemaal per jaar: 'n Herfs- of Najaarsbyeenkoms in April (K. C. 2 Mei 1801; Lady ANNE BARN. P. 188, wat skrywe onder datum 13 Aug. 1798; *Gleanings in Africa* P. 20), en 'n Lente- of Voorjaarsbyeenkoms in Oktober (later Sept.) By hierdie geleentheid word gepraat van „Race Week” en die wedrenne het in hierdie tyd ook letterlik 'n week geduur (vgl. K. C. 3 Okt. 1801); later 4 (soms 3) dae. Die wedrenne staan onder onmiddellike leiding van militêre „opzienders”: die gevolg van sy militêre herkoms natuurlik. Later word alles gereël deur Kommissarisse. Selfs impromptu-renne het soms plaasgevind (K. C. 4 Okt. 1800: Kol. Dickens ry in 1 uur 43 min. naar Simonstad) en die „wed” by die „renne”, 'n besondere voorliefde van die Engelse, het natuurlik nie uitgebly nie. (K. C. 4 Okt. 1800; 2 Mei 1801; Lady ANNE BARN. P. 189 [1913]). Die eerste plek van voorbereidende samekoms om reëlens te tref ens., wat vermeld word, is die „African Club Huis” (K. C. 24 Jan. '01.), met 'n middagmaal („ordinaries”) daarby. Tot die end van hierdie periode bly die Afrikaanse Sosiëteitshuis (of die voortsetting daarvan, hierdie benaming eerste in K. C. 28 Aug. 1802) die middelpunt daarvoor (K. C. 1801 e.v.) Van die „ordinaries” of „gemeene tafel” vóór die wedrenne is sedert 30 Okt. 1801 (K. C.) definitiewe vermelding; sowel as van die „Race Ball” wat gereeld op die wedrenne gevolg het. Alles vind plaas in die Afrikaansche Clubhuis”. 'n Uitsondering was die bal in die Skouburg by die najaarsbyeenkoms in 1802 (K. C. 6 Maart); dis ook die eerste keer dat 'n toneelopvoering wat op die „Races” volg, vermeld word.

Die renbaan was en het gebly by Groenpunt (Lady ANNE BARN. P. 60 [1924]); BURCHELL, *Reisen* ens. [Duitse uitgawe] P. 13; GRAHAM, *Journal* ens. P. 174 e.v.; TEENSTRA, *Vruchten* ens. II, P. 34; *Argus Annual* ens. 1888) waar vandag nog die „Common” is. Die byeenkoms was in besonder 'n spoggeleentheid, waar die „beau monde”, Hollands en Engels, van die Kaap hulself vertoon het. 'n Aristokratiese „Ascot” eerder as 'n populêre „Derby”, sou ons dit kan noem. (Lady ANNE BARN. P. 36, 60, '56 [1924]; *Gleanings in Africa* P. 20; TEENSTRA, Id. II P. 34).

Onder die Bataafse Republiek (1803—1806) loop die wedrenne dood. Hierdie soort perdekultus is by uitstek Engels. Met die vertrek van die Engelse garnisoen was die wedrenne voorlopig op 'n end; maar die rasperde wat toe verkoop is (K. C. 19 Maart 1803) sal ongetwyfeld meegehelp het tot die Hollandse deelname by die tweede Engelse besetting.

Hierdie terugkeer was in 1806 en dadelik begin die Engelse weer met hul liefhebberij. In die K. C. van 4 April 1807 reeds word die najaarswedlope, met die gebruikelike dinees en bals vermeld. Tot 31 Maart 1810 (K. C.) ontbreek daarna alle vermelding; miskien het die wedrenne gekwyn of selfs heeltalweg gesterf. Dan leef dit weer kragtig op. Die oprigting van 'n nuwe „Turf Club” word gemeld; die „Harmonie Sociëteit” (die tydelik verklede Afr. Sosiëteitshuis) is hoofkwartier; die Goewerneur word beskermheer (K. C. 5 Mei 1810). Kort en goed, die „Afrikaansche”, later (vgl. K. C. 2 Maart '12; gereorganiseer K. C. 8 Nov. '14) Zuid-Afrikaansche Turf-Club” het nou 'n openbare vereniging geword; dis nie meer

'n klub vrywel uitsluitlik van die garnisoen nie. Die klub sal ook nie meer wegsterwe nie, al beleef hy tye van agteruitgang. Die hoofdoel word nou perdeteelt; vermaak is bysaak.

Onder goewerneurs soos CRADOCK (1811—1814) en veral SOMERSET (1814—1826) geniet die wedrenne buitengewone aanmoediging, in besonder deur die invoer en aanteel van rasperde. Die perdeboerdery word inderdaad 'n vername tak van bedryf in Suid-Afrika. (*Argus Annual*, 1888 P. 375). Vir lange jare het die Kaap in die behoeftes van die Engelse leër in Voor-Indië voorsien.

Onder hierdie omstandighede is dit geen wonder dat wedrenne hul spoedig tot die platteland uitgebrei het nie. Reeds 28 April 1810 (*K. C.*) word wedrenne op Elsenburg aangekondig; in 1814 (16 Maart *K. C.*) op Wynberg; sedert 1815 (9 Des. *K. C.* aan die Pêrel; 1816 op Uitenhage (*K. C.* 9 Maart) en op Stellenbosch (*K. C.* 4 Mei), en later op allerlei ander plekke soos Uitenhage, Swellendam, Graaff-Reinet, Cradock, Grahamstad, Caledon, ens. (*Argus Annual*, 1890. P. 457). 'n Groot steun het die wedrenne in Kaapstad en Stellenbosch van vroeg ondervind in die „Indian Visitors”. Reeds uit 1814 dagteeken 'n „Oriental Purse” van hulle (vgl. *K. C.* 1 Okt. 1814; 21 Sept. 1816; 23 Sept. 1820; *State ens. by a C. S.*, P. 151 e.v.).

Sedert ongeveer 1814 (*K. C.* 26 Sept. 1814; *Argus Annual* 1888 P. 375) begin die Hollandssprekendes al meer en meer die leiding te neem op gebied van wedrenne Name van telers soos v. D. BYL, CLOETE, MYBURGH, THEUNISSEN e.a. word met weinig uitsonderinge die gewone in hierdie tydperk. (Vgl. *Notes ens. by a BENGALI* P. 61 e.v.; praat van sekere ROGERSON egter as „Father of the Turf” onder SOMERSET. Vgl. *K. C.* 8 Nov. 17, reorganisasie onder SOMERSET).

Die wedrenne ontgaan nie die Metodistiese bestryding tussen, in besonder, 1830 en 1840 nie, en voel dit ook. Elders het ek reeds 'n paar kante van die saak aangeraak. (vgl. bls. 351 e.v.; 471 e.v.). In 1830 hoor ons dat die wedrenne kwyn, deels deur die agitatie teen „gambling”. (*C. Adv.* 11 Aug. 1830). In 1834 word die wedrenne sleg (agteruit) genoem (*C. Adv.* 4 Okt. '34), en in Stellenbosch selfs van 'n „herleving van Paarden wedloopen” gepraat. (*C. Adv.* 29 Okt. '34. Vermoedelik in die sin van „nuwe lewe” te verstaan). In 1836 *C. Adv.* 31 Aug.) trek 'n korrespondent te velde teen wedrenne. Dis wreed vir die diere; dit bring ongewenste elemente tesame, wat daardeur slegte invloed uitoefen op ander mense; aan hartsogte word die vrye loop gelaat. Die gerugmakende selfmoord van die hon. BERKELEY CRAVEN deur verliese by wedrenne in Engeland teen hierdie tyd word tot voorbeeld opgehou.

Maar die wedrenne, soos die drankwessie, het 'n te sterke ekonomiese sy gehad, deur die perdeteelt en deur die uitvoer van perde naar Voor-Indië, dat die bestryding dit te veel kon tref. Tot die end van die periode (Vgl. CHASE, *The Cape* ens. 1843, P. 210; *Mon.* 25 Apr. 55 e.v.) bestaan hul voort, gepaard gewoonlik met die gebruiklike dinees en bals.

Soos ander vermake (vgl. Bylae III) moet wedrenne wyk as dit op enigerlei wyse op 'n ongewenste tydstop vir kerklike aangeleenthede geag word. (*B.v. C. Adv.* 23 Sept. '29. Uitstel deur Lydensweek.).

Sosieteite (Klubs)

(Vgl. bls. 42).

Volgens mej. FAIRBRIDGE (Lady ANNE BARN. P. 19 & 33 [1924]) was die Afrikaanse Sosieteitshuis die oudste sosieteit. Dit sou bestaan het uit die klubgebou op die Heregrag en uit „a sea-side house where the Queen's Hotel at Sea Point stands”, 'n huis in 1797, „out of repair and low”. Die sosieteit sou al uit die O.I.K. se tyd bestaan het. „The grave burghers of the eighteenth century allowed themselves few diversions: their social needs were met by the Society House and by the daily walk in the... Company's Gardens”. Berus hier nie êrens 'n vergissing nie? Voór 1801 vind ek nêrens elders vermelding van so'n sosieteit nie; ook nie by DE JONG nie, net vóór die koms van die Engelse, of by BARROW nie, net daarna. Inteendeel hul verklaringe sou juis die teenoorgestelde laat vermoed. (Vgl. DE JONG, *Reizen ens.* I. P. 147; BARROW, *Reizen ens.* I. P. 64). Van 'n lokaal by Seepunt word in 1834 gerep as „Oude Societeits Huis” by Groenpunt (G.G. 30 Mei. W.F. VENABLES). Persoonlik is ek geneig om die ontstaan van die sosieteit tot die Engelse tyd terug te bring, alternatief as verklaring daarvoor aan die hand te gee dat dit 'n herlewing uit die Franse tyd (1780) van 'n moontlike „Maison de la Société Africaine” is. Waarom sou meestal van „Club House” en „Societeitshuis” (ek kursiveer) gespreek word, en dan in samehang met al die ander vermaken soos wedrenne, bals ens.¹). In 1800 word dit nog nie in verband met die wedrenne gemeld nie; in die K. C. 24 Jan. 1801 kom dit eerste so voor en heet „African Club Huis” — die vertaling uit die Engels is duidelik. Onder 5 Sept. 1801 heet dit nog „Afrikaansche Club Huis”; eers op 28 Aug. 1802 „Afrikaansch(e) Societeits Huis”. Met die vertrek van die Engelse word die verkoop daarvan aangekondig. (K. C. 7 Aug. 1802). Die besit van die gebou was dus ook in die hande van die Engelse.

Onder die Bataafse bewind word die sosieteit die *Bataafsche Harmonie*. (BORCHERDS, *Bladen ens.* P. 195; K. C. 10 Nov. 1804). In 1810 word dit uitverkoop, en weer tot „African Club” of „Afrik. Soc. Huis” herdoop. (K. C. 17 Nov. 1810 e.v.) Onderlinge twis het blykbaar hierna ontstaan, sekere regulasies skyn hinderlik te wees, en enige here verlaat die sosieteit. (K. C. 30 Nov. 1811). Hieraan is vermoedelik die oprig van 'n „Nieuwe Clubhuis”, Keisersgrag 4, te danke. (K. C. 25 Jan. 1812). Ook die Turfklub maak die nuwe lokaal hul hoofkwartier (K. C. 15 Febr. 1812 e.v.). Ons kry dus 'n idee wie die ontevredenes was: die Engelse sportsmense wat vermoedelik naar meer vryheid verlang, en miskien ook 'n suiwerder Engelse sosieteit. Vermoedelik het hul uiteindelik hul sin gekry ten opsigte van die ou sosieteit. Die nuwe „Union Club House” (K. C. 21 Maart 1812) word alleen vir 1812 duidelik vermeld en verdwyn daarna spoorloos. Sedert 1813 is die Turfklub weer in die Afrik. Sosieteit (K. C. 23 Jan., 1 Mei 1813); so ook b.v. die bestuur van die Wynbergse Wedrenne (K. C. 14 Mei 1814) en die Jagklub (K. C. 30 Jul. 1814).

Intussen, ook in 1812, tier die Afrik. Sosieteit gewoon van sosiale gebeurtenisse: konserte, bals ens. (K. C. 26 Jun. e.v.). Dit is by uitstek die vergaderplaas van die Engelse offisiere, Indiese besoekers, en elite (*Sketches of India*, 1816 P. 218; *Notes on the Cape etc.* (1820), P. 97 e.v.; C. ROSE, *Four Years* (1829); „Races” Bylae I; Bals Bylae III; *Notes ens.* by a C. S., P. 141 e.v.); *Chron.* 3 Nov. '24. „Heeregracht Society” vir elite; MEURANT, *Sixty ens.* P. 25).

Ongetwyfeld het die verengelsing van die „Afrikaansche Societeit” die Hollandsprekendes daartoe gebring om 'n eie sosieteit op te rig: *De Vriendschap* (K. C. 19 Aug. 1815, eerste vermelding daarvan), wat enige jare voortbestaan. Hoe lang, weet ek egter nie. Later het die Vrymesselaarslosie *De Goede Hoop* se sosieteit sy plek klaarblyklik ingeneem. (Vgl. TEENSTRA I. P. 372).

¹) Kon Duits „Vereinshaus” — daar was baie Duitsers aan die Kaap (vgl. bls. 42 en 79) — meegehelp het?

Met die Afr. Sos. Huis gaan dit na 1835 hoe langer hoe slegter. TEENSTRA (*Vruchten ens.*, I, P. 372) praat in 1835 van „eene weinig bezocht wordende societeit, staande op de Heeregracht”. Veral die agteruitgang van die gewone winterbals (Bylae III; *Col.* 3 Apr. 1828), sal die Afr. Sos. Huis getref het. Misskien doen die opkomende Metodisme die sosieteit ook kwaad. (Vgl. bls. 349 e.v.). Sou tenslotte die ou inrigting ongeskik geword het?

In 1830 vind die laaste winterbals in die Afr. Sos. Huis plaas (Bylae III); in 1831 word die gebou op 'n publieke vandiesie aan 'n private firma verkoop, (*C. Adv.* 317 Des. 1831; *Alm.* 1832). Terselfdertyd sal vermoedelik die lokaal by Groenpunt van die hand gesit gewees het. (Sien begin en G.G. 30 Mei '34).

Die gebrek aan 'n dergelike geselligheidslokaal moes hom dadelik laat voel het. Tensy aan die ou inrigting doelbewus 'n einde gemaak is deur ongeskiktheid, deur teenstand teen bals ens. Immers, reeds begin 1832 (*C. Adv.* 8, 11 Febr., 7 Jul. '32) hoor ons van 'n nuwe „South African Club” in Kaapstad, wat vermoedelik aandeel uitgee. (*Lit. Gaz.* 2 Jan. 1832).

In 1833 (*Z.A.* 14 Jan. 33) is die Societeit op die Keisersgrag gevestig. Dit word aangegee (*Alm.* de L. 1836) as die „South African Society and Clubhouse, 4 Keizersgracht”. Behoudens die voorvoeging „South (Zuid)” en die meer gewone gebruik „Club” i.p.v. „Society” is die ou naam behou: (Vgl. *Z.A.* 14 Jan. '33; *C. Adv.* 1 Feb., 25 Nov. '37 e.v.). Voortaan is dit 'n gewone klub vir here. Winterbals is 'n saak van die verlede. Biljart, kaartspel ens. is die gewone vermaak. (POLSON, *A Subaltern's ens.*, (1835) P. 77 e.v.). In 1843 word dit nog 'n „capital club” genoem (NICHOLSON, *The Cape ens.* P. 13 e.v.).

Die S.A. Klub se nuwe lewe duur 'n aansienlike tyd. Vermoedelik het die eksplorasie deur verpagting plaasgevind. (G.G. 28 Aug. J. SOLOMON is van plan om die klub op te gee en 'n winkel te open).

In 1838 (G.G. 17 Aug.) vra die sosieteit 'n huis te huur vir gebruik as klub, vir 'n jaar of meer, by voorkeur op die Here- of Keisersgrag. F. HOPE teken homself Sekretaris. Vermoedelik is die sosieteit toe naar die Heregrag, h. v. Kasteelstr. (In 1840 is hul tenminste daar. *Alm.*) In 1839 adverteer die Klub sy tarief. Volle pensioen is verkrybaar. Die pryse is goed. Die Klub bly 'n sentrum vir sportbedrywigheid (*C. Adv.* 22 Jan. '44).

In 1846 is die Klub weer op die Keisersgrag. (No. 10. *Alm.* 1846). In 1849 kom dit tot 'n end. Blykbaar het die Anti-Bandiete Agitasie deur die wrywing tussen burgery aan die een kant, militêre en amptenare aan die ander, hom die nekslag gegee. Immers die moeilikheid is ternouernood verby of ons hoor van 'n nuwe klub met die Goewerneur as beskermheer ens. (*Exc. Gaz.* 26 Jul. 1850). W. H. HIDDINGH, Sekr.; ook *C.T. Mail.* 23 Sept. '51). Maar intussen op 30 Jun. 1849 word die ou S.A. Klub ontbonde „there being only five members who are desirous that he Club should be continued.” (*C. Adv.* 7 Jul. '49; *C.T. Mail* id.).

Bals

(Vgl. bls. 45).

BARROW (1797—1798) meld private danspartye as vernaamste vorm van dans, maar sê verder van die Kapenaars: „Zy hebben geene openbare vermaaklykheden als by sommige gelegenheden een bal.” (*Reizen ens.* I. P. 64 e.v.). Lady BARNARD (1797—1802) kan, insonderheid onder lord MACARTNEY (1797—1798), nie genoeg bals en partye gee nie (P. 31, 60, 155 [1921]; P. 83, 104, ens. [1913]), bowenal om die Hollandssprekendes te konsiliëer. Bals van owerheidsweë — die Goewerneur in die eerste plek — is trouens die reël gewees. (*K. C.* 24 Jan. 1801 e.v.; 29 Jul. 1807; *State of Cape of Good Hope by a C. S.*, P. 164; *United Service Jnl.* 1834. II. P. 62; WEBSTER, POLSON ens.). Van bals by geleentheid van die halfjaarlikse wedrenne hoor ons verseker eers 1801 (*K. C.* 3 Okt. e.v.). Hulle vind dan plaas in die „Afrikaansche Club Huis”. Op ’n ander plek behoort tot die groot uitsonderinge b.v. in die Skouburg (met verversinge: limonade en vrugte; *K. C.* 20 Maart 1802). Sedert 1807 (*K. C.* 4 April) vind hulle plaas „met soupé”. Offisiere bly natuurlik op die voorgrond by sulke geleenthede. Van die tydperk onder die Bataafse Republiek (1803—begin 1806) sê BORCHERDS (*Bladen ens.* P. 195): „Er waren in die dagen nauwelyks eenige danspartyen”; die hoofsaak was konserte en toneelvoorstelling. Hy vermeld alleen ’n bal in die Goewernementshuis (P. 189). Die volkome gebrek aan aankondiginge in die *K. C.* staaf hierdie bewering. Terselfdertyd egter beveel DE MIST vir die opvoeding van kinders aan o.a.: „Muziek, Danssen” ens. (*Die Kaap ens.* v. D. MERWE P. 175). Ternouernood is die Engelse terug of die publieke bals maak weer sterke opgang, in die eerste plek as intekeningsbals, daarnaas die bals by wedrenne. In die *K. C.* van 20 Aug. 1808 word al ’n 18de Intekeningsbal aangekondig in HUDSON’s Hotel onder beskerming van die Goewerneur. In 1809 is daar sewe, gew. Maandags (*K. C.* 6 Mei 1809 e.v.), en in 1810 ag Intekeningsbals (*K. C.* 5 Mei 1810) op die gebruikelike wyse; hierdie keer in die „Harmonie” en gew. Donderdags. In 1811 vind die bals — vyf word gemeld — in die Stadhuis plaas en lewer selfs ’n batige saldo op. (*K. C.* 22 Jun. e.v.; 9 Nov. 1811). In 1812 (*K. C.* 20 Jun. ’12 e.v.) keer hul terug tot die herleefde „Afrikaansche Societeits Huis” (gewese „Harmonie”, vgl. Bylae II). Hier bly hul (vgl. konserte Bylae IV) tot 1830 (*C. Adv.* 21 Aug. ’30) as die Afr. Sos. Huis verkoop word. (Sien Bylae II). Die getal is ses per jaar tot 1821 (afgesien van ekstras ’n enkele maal, b.v. *K. C.* 21 Okt. 1812, 12 Aug. ’20). Soepees vind daarby plaas (Vgl. *C. Adv.* 17, 29 Des. ’31, briewe van „Old Maid” en „Old Bachelor”), en die seisoen duur gewoonlik van Mei tot Sept. (of Okt.). Die bals is dus ongeveer maandeliks. Twee kommissarisse, één Hollandssprekend en één Engelssprekend, tref beurtelings die nodige reëlinge. Hollands- en Engelssprekendes neem daar gelykelyk deel aan. Groot ondersteuning het die bals altyd gehad van offisiere en Indiese besoekers. (Vgl. *United Service Journal*, ander reisbeskrywinge ens. o.a. *Lit. Gaz.* 1834, P. 102. Vgl. bls. 45, vtn. 5).

Van 1822—’30 word die gewone aantal winterbals vier. (*K. C.* 1 Jun. ’22 e.v.); *C. Adv.* 21 Aug. ’30). Die Goewerneur en (of) sy vrou verleen trou hul beskerming. Lady SOMERSET veral het deur haar persoonlike aanwesigheid en belangstelling baie gedoen om die bals te laat bloei. As sy vertrek (1826) tree agteruitgang in (*Col.* 3 Apr. ’28). Die verkoop van die Afr. Sos. Huis in 1831 (Bylae II), miskien deels deur agteruitgang van die bals, word die vernaamste oorsaak, in noodlottige kringloop, wat laasgenoemde vir ’n paar jaar tot stilstand bring. ’n Ander lokaal was nog nie ewe geskik nie. Klaarblyklik het die wassende Metodistiese gety hiertoe sy deel bygedra (vgl. bls. 349 e.v.). Miskien het die nodige ondersteuning van owerheidsweë ook kort gekom. (Vgl. bls. 192).

Die stilstand word gevoel en klagtes bly nie uit nie. 'n „Old Maid” kla eind 1831 (*C. Adv.* 17 Des. 1831) in 'n baie grappige brief oor die afwesigheid van bals en die verkoop van die „Club House (with) the dear delightful ball-room”, met al sy herinneringe. Sy betwyfel haar kans om nou ooit aan 'n man te kom! Iedereen praat net oor ernstige dinge in hierdie s.g. „Age of Intellect”, maar vergeet wat jong meisies toekom. Waar bly die manne van die stad? Hulle moet oppas anders neem sy nog haar toevlug naar „gekleurde” manne!

'n „Old Bachelor” antwoord op hierdie brief (*C. Adv.* 18 Jan. 1832) en stel 'n „mask” (maskerbal) voor, daar hy gewone bals „tedious, tiresome, dull, vapid, stupid concerns” vind, „an unvarying scene of walking, waltzing and quadrilling till supper and quadrilling, waltzing and walking till daylight”.

In Mei 1832 (*C. Adv.* 5 Mei 1832; sien bls. 220) verwag iemand maar min dans daardie jaar en dring op toneel aan. Direk op hom beveel iemand anders 'n dansklub aan op die lees van die Londense „Dancing Academies” geskoei, met dansmeester ens. (Vgl. bls. 221). Van gereelde bals kom egter niks tereg nie.

In 1833 en 1834 verneem ons alleen van sporadiese bals b.v. 'n intekenbal ter ere van lady COLE in die Beurs (*C. Adv.* 17 Apr. 33 e.v.), en een met dieselfde doel deur die offisiere in die kasteel (*C. Adv.* 15 Mei '33; waarby o.a. 'n hele onaangename geskiedenis hom afspeel tussen goewerneur COLE en regter WYLDE. *Z.A.* 13 Sept. '33); 'n „Race-Ball” (*C. Adv.* 13 Sept. '33); 'n „Fancy Ball” by die Goewerneur (*C. Adv.* 24 Mei 1834).

In 1834 (*C. Adv.* 18 Jun.) gee ook die Beurs kennis dat die akkomodasie vir publieke byeenkomste o.a. intekenbals, byna klaar is. In 1833 hoor ons van intekenbals soos voorheen. (*C. Adv.* 17 Jun. '35 e.v.). Lady D'URBAN is beskermvrou. Die bals is gewoonlik vier in getal en vind plaas in die Beurs. Van nou af aan gaan die intekenbals hul gereelde gang gedurende hierdie tydperk.

Afgesien van die intekenbals het ons gewoonlik die wedrennebals (vgl. behalwe die reeds genoemde, *K. C.* 22 Sept. '15, *G. G.* 12 Sept. '28 e.a.; Bylae I.), en Goewerneursbals. (B.v. *K. C.* 29 Jul. 1809; 10 Aug. '16; 19 Apr. 17 e.v.). Van „Bachelors' Balls” verneem ons eerste in 1822 (*K. C.* 27 Jul. '22; vgl. *Verz.* 20 Aug. '28). Lady SOMERSET in 1825 is die persoon wat eintlik „Fancy Dress Balls” aan die Kaap begin. (*K. C.* 9, 30 Sept. '25). Daarna word dit 'n gereelde ding, en neem selfs ergerlike vorme aan b.v. in die gemaskerde „Rainbow Dances” van kleurlinge en blankes. (Sien verder; Vgl. *Verz.* 24 Sept. '28). Dit is natuurlik alles meer of min openbare bals. Private danspartye spreek vanself.

Die Kapenaars was lief vir dans. LE VAILLANT (*Reizen* ens. I. P. 25—27) en DE JONG (*Reizen* ens. I. P. 130) het reeds hieroor in die 18de eeu aanmerking gemaak en dit gewoon 'n danspassie genoem. TEENSTRA in 1825 (*Vruchten* ens. I. P. 372) bevestig dit. Die Kapenaars sê hy, is „over het algemeen dolle liefhebbers van muzyk en dans, spelen en drinken.” 'n „Civil Servant” sê in 1822 (*State* ens. P. 164—166): „Dancing is the favourite amusement of the Cape ladies”; daar is private en publieke bals; die Kaap staan in weinig agter by die beste Londense danskuns. „Waltz and quadrille”, vervolg hy, is nou die goeie toon. Ook in hierdie opsig is daar „High Life below Stairs” (Sinspeling op die bekende klugspel). Slawe en gekleurdes het hul „Rainbow Dances”, w.o. blanke manne nie ontbreek nie, en wat nie bepaald bevorderlik vir die sedelikheid is nie. (Die naam, met die oog op die vermenging van kleure, is duidelik!) Negers (slawe en vry swartes—F. B.) het gewoonlik Sondags hul negerdanse op die rand van die stad. POLSON (1835) (*A Subaltern's* ens. P. 77 e.v.) vertel van die bals in die Beurs, van die Indiese besoekers, ens. Trouens byna iedere reisbeskrywer laat hom uit oor vermake, o.a. dans soos hier beskrywe, aan die Kaap. Ewe noem ek hier *United Service Journal* 1834, II. P. 62 e.v.; *Sketches of the Cape* P. 62; HOWISON, *European* ens. 1834, I. P. 327. WEBSTER *Voyage* ens. P. 242; A. W. COLE, *The Cape* ens. (1841), P. 160 e.v.; en ander reisbeskrywinge b.v. CHASE, HOWISON en 'n BENGALI verderop.

Ek het reeds gewys op die vermoedelike invloed van die Metodisme op die tot stilstand kom van dans in 1831. Vir daarna word die Metodistiese teenstand 'n vol-donge feit. In sy grote verband handel ek dit elders. (Vgl. bls. 349 e.v., 464 e.v.). Hier vul ek een en ander aan.

In 1835 as die intekenbals weer begin, hoor ons direk allerlei teen dans. Eers publiseer die *Commercial Advertiser* 'n brief waarin die aanwesigheid van predikante op bals onverklaarbaar gevind word. By die tweede intekenbal vind „Paul Pry” dit nodig om teen hierdie brief op te kom, en om in 'n verslag (*C. Adv.* 12 Aug. '35)

van hierdie „delightful popular meetings” te sê, dat die intekenbals hul sukses verdien teenoor „the bitterness of monkish cynicism or the vapid foolery of the noodles”. Dans is „one of the sweet and many-coloured flowers which an indulgent Providence has strewed upon (people’s) path in the course of life.” ’n Hele polemiekie volg tussen „Paul Pry” en ’n ander. (Vgl. *Lit. Gaz.* 1835. P. 144).

Die bals in 1835 lewer ’n oorskot op. (*C. Adv.* 23 Maart ’36). Dit word voorgestel om daardeur meer bals te hê. „Testis” („Getuige” van JESUS?) laat ’n brief oor „Balls” volg (*C. Adv.* 26 Maart ’36), waarin hy liever die oorskot aan die Kinderskool oorgedra sien. Hy smaal op „these innocent amusements.”

Die gevolg van die voortgesette bestryding is dat bals omstreeks 1840 bietjie kwyn; ook vanweë pokkies en masels (*C. T. Mail*, 12 Maart ’42). In 1840, 1841, en miskien 1843 word minder as gewoonlik vermeld. (*Z. A.* 10 Apr. 1840 e.v.; 9 Apr. ’41 e.v.; *C. T. Mail* 15 Apr. ’43 e.v. Vgl. bls. 464 e.v.). Maar daarna gaan hul op die ou voet voort tot die end van hierdie tydperk. (Vgl. bls. 466 e.v.; J. C. CHASE, *The Cape* ens. 1843, P. 209, e.v.; NICHOLSON, *The Cape* ens. 1843; *Notes* ens. by A. BENGALI (1844—’45), P. 61 e.v. Hy sê o.a. „There is literally no public amusement for the ‚Mob’ (wat hy daaronder mag verstaan! — *F. B.*), for the theatre has been converted into a Lutheran school, and the balls, concerts, lectures and other entertainments in the Exchange Rooms, together with the South African and Masonic Club parties, are only for the richer classes who can afford to pay for their amusements.” Die Hollandse famielies is veel geselliger as die Engelse. „Music, conversation and dancing” is die reël by hul).

Tenslotte bly intekenbals nie tot die Kaap beperk nie. By Stellenbosch hoor ons daarvan. (*K. C.* 11 Jun. ’25, twee winterbals). Origens is bals by wedrenne algemeen. (B.v. Stellenbosch, *K. C.* 12 Apr. ’23 e.v.; Uitenhage *K. C.* 9 Maart, 1816, *Z. A.* 21 Febr. 1834 ens.; vgl. Bylae I.).

Musiekkonserte.

(Vgl. bls. 46).

Die geskiedenis van publieke konserte begin — naas die van toneel — onder sir G. YONGE, wat eers 'n plan maak vir gereelde private konserte met soepee daarna (Lady ANNE BARN. 12 Maart 1800, P. 182 e.v. 1924). Die plan gaan egter nie in die vorm deur nie; publieke konserte by intekening is die eindresultaat. (Lady ANNE BARN. P. 208, 16 Mei 1800 [1924]). Dit word bevestig in die K. C. 20 Sept. 1800. Vir 'n intekenkonsert in die „Burgerwachthuis” word 'n hoofdelike omslag van 3 Rds. berig om in die tekort te voorsien.

In 1801 kom blykbaar die eerste georganiseerde musiekgeselskap deur intekening tot stand onder leiding van C. PABST, vermoedelik 'n musikleraar, wat nie minder as 21 konserte vir die winterseisoen gee nie. (K. C. 4 April, 23 Mei, 15 Aug.). Ongewenste gaste noodsaak hom selfs om kommissaris vir die ordebewaring aan te stel (vgl. bls. 104). Die konserte vind plaas in die huis van die heer R. DE WAAL, Strandstraat. Kenmerkend is hoe byna die hele musiekbeoefening aan die Kaap in die eerste kwart van die eeu in die hande van Duitsers is. So b.v. bestaan in 1802 (K. C. 17 Jul. e.v.) 'n Duitse Musiek- en Toneelgeselskap en name soos PABST, SCHRUMPF, LEMMING e.a. oorheers. Onder die Bataafse Republiek (1803—1806) bloei die konserte. BORCHERDS verhaal (*Bladen, ens.* P. 195): „Amateur concerten en toneeluitvoeringen maakten hoofdzakelijk de publieke vermakelijkheden uit. De meest respectabele leden van de gemeenschap gingen daarheen. Zelfs de voorzitter van het Justitiehof nam een actief deel aan de concerten door een bas te bespelen die zoo groot was, dat hij gedurende de uitvoering staan moest. Het plan was de bezoekers van die concerten te vereenigen in een club. Ieder lid was verplicht als hij daartoe geroepen werd, iets bij te dragen, zoodat bekwame personen niet onderworpen waren aan censuur of uitfluiting. Want wie ook het gezelschap stoorde was er zeker van een kaartje en een programma voor de volgende uitvoering thuis te ontvangen, op welk laatste zijn naam voorkwam als een der medewerkers. Zoo werden veel kwaadwilligheid en onaangename werkingen vermeden.

De voorwaarden waren zoo redelijk, dat ik zes zeer belangwekkende uitvoeringen bijwoonde, gedurende een winterseizoen, voor vijftien shillings en de prijs voor concerten alleen was nog lager. Het publiek Theatergebouw, nu de St. Stephens Kerk, . . . werd voor het doel gehuurd”.

Van 1803—1806 skyn J. C. SCHRUMPF die vernaamste te wees in verband met konserte. (K. C. 11 April 1803: Konserte alle Woensdae in die Skouburg; 4 Jan. 1806: Benef. Konsert; 18 Jan., 8 Febr. 1806). In 1805 maak F. C. LEMMING sy verskyning vir die eerste maal (K. C. 5 Okt.) en beheers tot 1817 (alleen gedurende 1809—1811 en 1813 word hy nie gemeld nie; maar K. C. 2 Sept. 1809 e.v., 15 Jan. 1810, sekere BOURCHERVILLE en 9 Nov. 1811 L. MEURANT), die konsertwêreld. Ook Lemming maak gebruik van die Skouburg (maar 1816 en 1817 ook van die *Goede Hoop* en „Britsche” Losies, K. C. 14 Sept. 1816 e.v.; 25 Jan. 1817 e.v.); en praat eenkeer van sy „Musicaal Liefhebberyegezelschap” (K. C. 27 Jul. 1816). Sedert 1812 (K. C. 11 Jul. 1812) geniet hy die beskerming van lady CRADOCK, die Goewerneur se vrou. Hy vind sekere „Harmonica” uit (K. C. 10 Okt. 1812), komponeer die musiek vir die ballet van BONIFACE (K. C. 21 Aug. 1813) en verlaat die Kolonie in 1817 (K. C. 8 Febr. 1817).

Hoofondersteuners van die konserte bly die Hollandssprekende bevolking (Vgl. BURCHELL, *Travels, ens.* I. P. 20, sien bls. 166; die plaasvind daarvan in die *Goede Hoop* Losie [1816] en *T. N. en V.* se Skouburg, Hollandse lokale beide. [1818]). Plekke word dikwels in Sossietete en dgl. inrigtinge bespreek.

Naas hierdie vokale en instrumentale intekenkonserte van musiekgeselskappe, begin in die jare om 1820 al meer en meer sporadiese konserte hul verskyning te maak van musiekleermeesters, wat hul aan die publiek wil voorstel of reklame

maak of ook iets in die sak kry; van konserte vir liefdadigheid of van deurreisende artieste wat 'n ekstra duitjie wil verdien.

Na 1818 word dit 1822 voor ons weer van gereelde intekenkonserte hoor. (*K. C.* 15 Jun. 22 e.v.). Hulle vind plaas in die Sossietetshuis (soos die bals vgl. *Bylae III*). Sedert 1826 (by die bals 1835) vind hulle in die saal van die „Koopmansbeurs” plaas. (Vgl. *WAGNER* e.a. verderop). Dames -en vreemdelinge kaartjies word beskikbaar gestel soos by toneelopvoeringe. (Vgl. bls. 161). Nagmaalsvieringe (vgl. bls. 142 [1811]) lei tot verskuiwing van datums.

Soms vind ons die musiekgeselskappe met toneelgeselskappe verbonde. (B.v. met *T. N. en V.*, sien bls. 235, 242, 244; *D. Y. V.*, Stellenbosch, sien bls. 254; *V. en K.*, sien bls. 322 e.v.; *Tot Oef. en Verm.*, sien bls. 249; *All the World* sien bls. 217, hier 'n „Amateur Band”). 'n Aantal bekende leiers (musiekmeesters gewoonlik) en geselskappe verdien om genoem te word. Die heer *WAGNER* word in 1826 geprys as die man wat die „first public *Amateur Concert*”, dus geen intekening en geslotenheid nie, in Suid-Afrika invoer. Ons hoor taamlik veelvuldig van hom, meestal met sy geselskap. (B.v. *C. Adv.* 2 Sept. '26 e.v.; *Chron.* 26 Sept., 3 Okt. '26 — wat o.a. melding maak van afguns teenoor lede van die geselskap —; *G.G.* 27 Jun. '28; *C. Adv.* 9 Sept. '29; *C. Adv.* 29 Jun. '31; *Z.A.* 8 Okt. '41).

Sedert Okt. 1824 bestaan die Musiekgeselskap *De Vriendschap* van die heer *BECK*. (*Verz.* 15 Okt. '28). In 1828 word dit geprys omdat dit, vir 'n plek soos die Kaapse „uithoek”, reeds so lank bestaan! Hierdie bestaan sal nog veel langer wees. In 1840 hoor ons nog daarvan (*DE LIMA, Ged.* 1840. P. 139. Vgl. voorheen *Z. A.* 29 Jul. 1831). Hierdie geselskap sal dieselfde gewees het as die „*Z. A. Liefhebberij Muzyk Geselschap*” (vgl. *T. N. en V.* sien bls. 242 e.v.), en speel 'n hele tyd (minstens sedert 1829) met *T. N. en V.* saam. (Sien bo).

Besonder bekend is die geselskap *Harmonie en Eendragt* van die heer *BEIL*. Dit word o.a. gereeld vermeld by die Fees van die Augsburgse Konfessie van die Lutherse Kerk. (*C. Adv.* 29 Jun. '31; *Z. A.* 15 Jun. '32; 31 Mei 28 Jun. '33; *C. Adv.* 22 Jun. '33 e.v.). Die geselskap verleen sy medewerking by die inwyding van die Nuwe Herv. Kerk in Kaapstad in 1833 en al die lede word opgenoem. (*DE LIMA, Ter Herinnering ens.* 1833). Met *Vlyt en Kunst* speel hul geruime tyd saam. (1834 e.v.; sien bls. 322 e.v.). In 1836 (*G.G.* 1 Jul.) help hulle by 'n konsert van die heer *DOUCHEZ*, 'n deurreisende harpkunstenaar wat egter agterbly! In 1840 hoor ons van *Harmonie en Eendragt* in Loopstraat 42. (*Z. A.* 25 Sept.). 'n Benefiese vir *BEIL*, wat sukkelende is met sy gesondheid, vind plaas in 1847 (*C. Adv.* 9 Jun.). Op 26 Jan. 1852 is hy oorlede. (*C. T. Mail*, 2 Jul. '52). In 1837 en '38 hoor ons van 'n geselskap *De Getrouwheid* (*Z. A.* 11 Aug. 1837), wat met *Tot Oefening en Vermaak* verbonde is. In 1838 (*Ned. Z.A. Ts.* P. 315) span die liefhebberigeselskappe van Kaapstad en Stellenbosch saam om prins *WILLEM FRED. HEND. VAN ORANJE* musikaal te verwelkom (vgl. bls. 339). *De Getrouwheid* bring hom op eie houtjie 'n serenade. (*Z. A.* Mei '38.) Die vermelding van Stellenbosch is nie iets nuuts nie. (B.v. *C. Adv.* 2 Mei, 26 Des. '29. Hier speel die geselskap by geleentheid van die skoolsluiting). Verder is dit met *D. Y. V.* verbonde. (Sien bo). Selfs op die Pêrel hoor ons van 'n musiekgeselskap (*Z.A.* 6 Aug. '30).

Die Engelse begin sedert 1830 meedoen aan musiekgeselskappe, maar bestaan veral as musiekkore en het soms kerklike assosiasies. So kry ons 'n „*English Church Choral Society*” (*C. Adv.* 16 Febr. 1831; *Alm.* 1824; *G.G.* 31 Okt. 44), 'n „*Amateur Musical Society*” (*C. T. Mail* 13 Jun. 1844 e.v. met ledetal, intekengeld ens. volledig vermeld; verder *G.G.* 18 Jul. '44; *C. Adv.* 22 Aug. '46). Hierdie geselskap veral het 'n paar jaar groot sukses. *H. CARPENTER* (sien bls. 340) as sekretaris speel die groot rol daarin. Vermoedelik is hy einde 1847 of begin 1848 dood. Sedert 1848 in elk geval hoor ons nie meer van die „*Amateur Musical Society*” nie. Maar 'n „*Choral Society*” (die oue?) met *J. M. THORPE* as Sekretaris laat van hom hoor. (*C. Adv.* 6 Sept. 48, 16 Maart 1850(?)) Vir die „*Amicable Club, Musical Section*” in 1848 verwys ek elders. (Sien bls. 440; *C. Adv.* 5 Juli '48 e.v.).

In 1854 (*C. Adv.* 30 Maart e.v.) maak die „*Singing Class*” van die „*Cape Town Mechanical Institution*” opgang met hul konserte. En in 1835 hoor ons van oratorios. (*C. Adv.* 3 Mei; *Mon.* 23 Jun. '55).

Leermeesters gee konserte om hulself bekend te stel of om reklame te maak, ook natuurlik om iets te verdien. (B.v. *J. BERTRAND, K. C.* 22 Nov. '17, 21 Sept. '22; *Mnr. WHITE, Col.* 13 Mei '28; *Mnr. LOGIER, Col.* 24 Jun. '28; *M. GAUTROTT, C. Adv.* 21 Febr. '35 e.v.; *M. DOUCHEZ, G.G.* 1 Jul. '36, 16 Jun. '37; *C. SCHULTZE, Z.A.* 7 Okt. '50, *C. Adv.* 18 Apr. '54; *Mnr. BIRKMANN(?)*, *C. Adv.* 18 Apr. '54, e.a.).

Konserte vir liefdadigheid vind meermale plaas. (B.v. *C. Adv.* 9 Sept. '29, vir mev. BARKER en sewe kinders; *C. Adv.* 21 Febr. '35 vir noodlydendes deur die Kaffer-oorlog; *C. T. Mail* 10 Jun. '43, vir die Kinderskool; *Z. A.* 2 Jul. '50, vir M. DEPRAT die geredde van 'n skipbreuk; *C. T. Mail* 2 Jul. 1852, vir weduwee BEIL ens.).

Konserte van artieste wat deurreis van (of naar) Europa, naar (of van) Voor-Indië, Mauritius en later Australië, word hoe langer hoe veelvuldiger. (B.v. *C. Adv.* 13 Jul. '33, Signor MASONI, leerling van PAGANINI (viool); *C. Adv.* 16 Okt. '33, mev. GOODALL ATKINSON (sang); *G. G.* 1 Jul. '36, M. DOUCHEZ (Harp), wat daarna 'n tydlang aan die Kaap bly; *Z. A.* 29 Jun. '38, Signora SCHIERONI; *Z. A.* 16 Nov. '41, C. BROOKTON (Harp en Pianoforte); *C. T. Mail*, 14 Okt. 43 mev. ORMONDE; *C. T. Mail* 23 Maart 1844, M. PETIT WELTER; *C. Adv.* 7 Apr. '47, mnr. R. BYRNE; *C. Adv.* 14 Jun. '48 e.v., Franse artieste (sien bls. 434 e.v.); *C. Adv.* 7 Apr. '49, mev. R. JOSEPH; *C. Adv.* 18 Apr. '54, mnr. BIRKMANN (sang) ens. Tensy anders genoem is die konserte gewoon vokaal en instrumentaal.)

Die Kapenaars het ongetwyfeld van musiek gehou. Hulle smaak hiervoor, soos vir dans, was bekend. (Vgl. *State ens.* by a C. S. P. 164—163; *Bylae III.*) Opvallend is dit hoe die Hollandse liefhebberymusiekgeselskappe wegsterf na 1840. Die Kaap verengels meer en meer; konserte van artieste d.w.s. beroepsmense neem baie toe. Die ontwikkeling is soortgelyk aan die van die toneel. (Sien bls. 393 e.v.)

Musiek is die een vorm van vermaak wat selfs die gemiddelde Metodis goedvind. (Vgl. bls. 350 e.v.; 464 e.v.). Van hulle kant kry ons natuurlik gewyde konserte. (B.v. *C. Adv.* 5 Okt. 1850). Alleen éénkeer (sien bls. 471 e.v.) moet iemand geweldig teen „oratorios” en „sacred concerts” te velde trek. Dis o.a. godslasterlike bespotting en goedkoopmakery van alles wat heilig is, beweer hy.

Koerante, Tydskrifte en Almanakke ¹⁾.

(Vgl. bls. 50).

Die *Kaapsche Courant* het vir die eerste maal op 18 Aug. 1800, onder die eerste Engelse bewind, verskyn en eintlik geheet: *Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter*; sedert 1803, *Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter*, met uitsondering vir 'n tydperk na 1806. In Engels heet dit: *Cape Town Gazette and African Advertiser*. Van 7 Jul. 1826 heet dit alleen — as vrug van SOMERSET se verengelsingpolitiek — *The Cape of Good Hope Government Gazette* en begin hoe langer hoe meer inderdaad die vorm van 'n staatsblad aanneem, mede deur die opkoms van ander koerante in die gewone sin van die woord. Die ou blad was blykbaar egter so ingeburger en gelief onder die volk, dat SUASSO DE LIMA dit as private koerant bly voortsit onder die naam van *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter of De Verzamelaar* (*The Cape Courant, African Advertiser or The Gleaner.*), in Hollands alleen, 1826—1830, (sien bls. 260). Hierdie koerant skyn onder die naam *De Verzamelaar* die meeste bekend te geraak het; van 1834—35(?) (sien bls. 260) en 1839—48 (sien bls. 265) herleef dit weer, en geniet selfs aansien. (Vgl. ook BONIFACE, *Kockincoz*. teen eind: die *Verisimilar*). *The Moderator* begin as onpartydige Engelse blad in 1837, maar word reeds op 4 Jul. tot *De Meditator* in Hollands en Engels. Dit bestaan 'n paar jaar.

Intussen verskyn die *South African Commercial Advertiser* van 7 Jan.—5 Mei 1824, raak in die „politiek” verseil en word verbied. Eers op 31 Aug. 1825 verskyn dit weer. JOHN FAIRBAIRN, sy redakteur, het intussen die pleit gewen vir 'n vrye pers aan die Kaap. Van 10 Maart 1837—3 Okt. 1838 is die uitgawe nogmaals opgeskort. Tot 1853 bly die blad so voortbestaan, smelt dan saam met die *Cape Town Mail and Mirror of Court and Council* (1841 opgerig) en heet verder *South African Commercial Advertiser and Cape Town Mail* tot veel later (1876 ? — O. T. III—147). Gedurende die eerste periode van opskorting het die *South African Chronicle and Mercantile Advertiser* (18 Aug. 1824—26 Des. 1826) bestaan. Op 9 April 1830 word *De Zuid-Afrikaan* opgerig, verenig hom veel later met *De Volksvriend* (1862 gestig) en weer later met *Ons Land* (1892) en bestaan vandag nog. Uit die bandietkwessie word gebore die *Volksblad* van B. J. VAN DE SANDT DE VILLIERS wat 1849 vir die eerste keer verskyn en meer pro-Engels en godsdienstig-liberaal as *De Zuid Afrikaan* (O. T. III P. 146 e.v.) was; en die *Cape Monitor* (1850—1856). 'n Teenhanger van die *Volksblad* veral op godsdienstige gebied, was die *Volksvriend* sedert ± 1860. *Sam Sly's African Journal* (W. L. SAMMONS, 1843—1853, *C. T. Mail* 7 Mei '53), was 'n poging om 'n soort *Punch* aan die Kaap te stig, en is besonder waardevol vir die kennis van kulturele toestande uit die tyd.

Die bevordering van „Godsdienst” — dit staan voorop — „benevens de letteren en wetenschappen” was die doel van die *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift* (1824—1843; herleef 1858—'93), deur Ds. A. FAURE opgerig (vgl. *Alm.* 1834. Kroniek), sedert 1832 eintlik die offisiële orgaan (*Ned. Z. A. T.* 1832 P. 234 en 465) van die „Maatschappy ter Uitbreiding van Beschaving en Letterkunde”, deur CHANGUION in die lewe geroep, wat ook 'n tydlang redakteur van die *Ned. Z. A. Ts.* was. Die tydskrif het inderdaad 'n gehalte gehandhaaf, wat respek afdwing; as 'n Engelse medeganger was bedoel die *South African Journal* (1824). Meer as twee nommers het dit nie beleef nie. 'n Suiwer wetenskaplike blad was die *South African Quarterly Journal* van 1829—1834. Die *Cape of Good Hope Literary Gazette* 1830—1835 (o.a. in Colonial Institute, Londen), het dieselfde bedoel as die *Ned. Zuid-Afrik. Tydschrift*, minus die godsdienst. Die kleur was ook minder Suidafrikaans.

¹⁾ Die vermelding is, wat koerante en tydskrifte betref, nie volledig nie. Alleen wat in die algemeen of vir my studie in besonder van belang was, noem ek hier.

Die *Cape of Good Hope Exchange Gazette* (1850—'51(?)) is waardevol vir sy advertensies. Godsdienstige (Metodistiese) tydskrifte was die *South African Christian Recorder* (1835—'37(?)) en die *Cape of Good Hope Christian Magazine* (1845—46(?)).

Die eerste almanak dateer al vermoedelik uit 1795 (Lady ANNE BARN. P. 304. — [1919]). BARROW vertel van jaarlikse almanakke (1796—1797). En tereg. (MENDELSSOHN: Introd. LXIV—LXV). Dan skyn dit weer 'n tydjie spaak te loop daarmee tot die Bataafse tyd. Van 1803—1806 verskyn „Naamlysten” (K. C. 14 Jan. 1804 e.v.); 1807—1814 *The African Court Calendar*; 1815—1826 *The African Court Calendar & Directory* (Afrik. Staatsalmanak); 1827—1835 (?) *South African Almanac & Directory* van G. GREIG; 1836—1850 (vgl. *Alm.* 1855. Voorwoord) *Cape of Good Hope Almanac* deur B. J. VAN DE SANDT; daarna deur B. J. v. D. SANDT DE VILLIERS. J. SUASSO DE LIMA het sedert 1827 ook min of meer gereeld almanakke uitgegee: Hollands van inhoud in besonder. Sy naamlys van die Kaap het veral bewondering gewek. (*Alm.* 1856). Sedert 1870 word SAUL SOLOMON die vernaamste uitgewer van Almanakke & „Directories”; na hom koerantemaatskappye soos die *Argus* en *Cape Times*. (Vgl. vir die hele kwessie MENDELSSOHN, *Bibl.* ens. Cape Colony, Newspapers ens.; Theal, *History of South Africa*, 1795—1872; *Ons Tydschrift* III P. 7, 61, 143 (B. J. v. D. SANDT DE VILLIERS); Almanakke self in Openb. Bibl. Kps., Brit. Mus. en Col. Inst. Londen. Almanakke word gereeld aangekondig in die koerante aan die end of begin van elke jaar).

Verengelsing van die Kaap.

(Vgl. bls. 54).

JOHN BARROW (*Reizen* ens. I. P. 67) vertel reeds hoe die teenwoordigheid van die Engelse (\pm 1796) die meisies tot „merkbaar vordering” in Engels bring. Trouens lady ANNE BARNARD wys gedurende die eerste Engelse besetting daarop, hoe veel gouer die vrouens die Engelse „rapprochement” skyn te aanvaar as die manne. Hierdie mededeling word verklaarbaarder as ’n mens bedink dat die toenadering groten-deels op dinees en bals en deur middel van jong offisiere moes plaasvind. (Vgl. Lady ANNE BARN. P. 56 e.v.; P. 83 e.v. [1913]). Hierdie invloede mag nog oppervlakkig en vry onbelangrik heet. Die mans hou hulle self afsydig, en dit is die hoofsaak. Ook CRAUFURD (*Narrative* ens. P. 50 e.v.) getuig dit en sê: „Dutch manners remain prevalent.” Wat lady ANNE verder getuig b.v. by geleentheid van die „Races” (P. 189 e.v. [1913]) laat ons die keersy van die penning sien: die byna onoorkoomlike kloof tussen Engelse aanmatiging en bewussyn van eie voortrefflikheid en die gevolglike beledigde gevoel van eiewaarde by die Hollandssprekendes. (*United Service Journal* 1834 II. P. 54 e.v.; *Sketches of the Cape*). Trouens ’n eie landgenoot wys al op die Engelsman se onhebbelikheid „to stigmatize with the name of error and consider as an aberration from propriety” alles wat verskil van sy eie opvattinge. (*Gleanings in Africa* P. 47; vgl. *Notes* ens. by a BENGALI. 1821; *State ens.* by a C.S., P. 151.e.v.). Tog beskuldig die Engelsman, hierdie „unbending creature” (*State id.* P. 151 e.v.) die Hollandssprekendes van „rust en reserve” omdat hulle weier „to conform to our modes” (*Sketches of India* 1816. P. 225 Vgl. *Notes* ens. P. 98 e.v.), omdat hulle hulle Hollandse samelewing bly handhaaf! So duur die toestand voort tot \pm 1825, behoudens ’n bietjie verengelsende invloed van wedrenne, bals, toneel ens. (*State id.* P. 164 e.v.).

In 1825 kan Teenstra nog getuig (*Vruchten* ens. I. P. 131 vgl. ook P. 360): „DeHollanders hebben hier toch boven de Engelschen in alles de voorrang; ook noemen zy Holland het Vaderland.... De Hollandsche taal en zeden blyven hier de hoofdrol spelen.... alhoewel enigszins verbasterd”. (Beter sou wees: „veranderd”. Ons moet natuurlik in hoofsaak dink aan Afrikaanse invloede. Op P. 370 noem TEENSTRA ’n Engelse gebruik — werklike verbastering dus — wat by maaltye al veelvuldig ingesluip het). Tegelykertyd hoor ons die voorbodes van die „Sturm und Drang” periode wat sal volg op SOMERSET se magsmatreëls tot verengelsing: „Vele familiën.... verstaan zelfs geen woord Engelsch.... dan de Engelschen beginnen er thans meer werk van te maken, om hunne taal hier meer algemeen te doen gebruiken, echter geloof ik, dat dezelve door de Kapenaars nog langen tyd als eene vreemde taal beskouwd zal worden.” COWPER ROSE (*Four Years* ens. 1829) uit dieselfde tyd bevestig die afgesonderdheid van Engels- en Hollandssprekendes; maar, sê hy, die verengelsing gaan langsaam voort, in elk geval wat „Cape Town Society” betref. „Indian Visitors” of („Hindoos” as gewone naam, vgl. POLSON, *A Subaltern's* ens., P. 77 e.v.) naas Engelse offisiere, bly hulle aantrekkingskrag uitoefen; menige Hollandse meisie vind op die manier ’n man.

Dis duidelik: die Kaap bly oorwegend ’n Hollandse gemeenskap, maar die Engelse neem geleidelik in aantal en invloed toe, veral op sosiale gebied.

